

DIE SUID-AFRIKAANSE

BANTOESTAATSREG

deur

FRANCOIS VENTER

B Jur et Comm LL B (PU vir CHO)

Proefskrif voorgelê ter vervulling van
'n gedeelte van die vereistes vir die graad

DOCTOR LEGUM

aan die Potchefstroomse Universiteit
vir Christelike Hoër Onderwys

Promotor: Prof JD van der Vyver B Comm, Honns BA,
LL B (PU vir CHO), LL D (UP)

Potchefstroom 25 Januarie 1978

Hiermee betuig ek my opregte dank aan my promotor, prof JD van der Vyver, vir die werk wat hy gedoen het en die wyse waarop hy my gehelp het om hierdie studie nou te kan afhandel. Ook is ek die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys dank verskuldig vir my hele universitêre opleiding, asook vir die toestaan van studieverlof aan my om hierdie studie te kan afhandel. Teenoor Ester, my vrou, is ek besonder dankbaar vir haar aanmoediging en hulp, veral teen die einde. Aan haar en die kinders, ook my dank vir wat hulle moes ontbeer om die werk moontlik te maak. Ook aan Susan Lourens, wat op kort kennisgewing bereid was om my met die tikwerk te help, my dank.

Januarie 1978

Patris in memoriam
Matrisque in gratiam
Sed Deo soli gloria

INHOUD

| | |
|---|----|
| <u>INLEIDING</u> | 1 |
| 1. Begripspresisering | 1 |
| 1.1. Staatsreg | 1 |
| 1.2. Die Bantoestaatsreg | 4 |
| 1.3. Bantoe | 7 |
| 1.4. Bantoetuislande | 11 |
| 1.5. Die Stadia van Konstitusionele Ontwikkeling in die Bantoestaatsreg | 12 |
| 1.5.1. Gebiedsowerheidstatus | 13 |
| 1.5.2. Verantwoordelike Regering | 13 |
| 1.5.3. Selfregering | 14 |
| 2. Navorsingsmetode en -Oorsig | 15 |
| 2.1. Navosingsmetode | 15 |
| 2.2. Oorsig van die Navorsing | 17 |
| | |
| <u>HOOFSTUK I. DIE HISTORIESE FONDAMENTE VAN DIE</u> <u>BANTOESTAATSREG TOT 1910</u> | 20 |
| 1. Die Tradisionele "Staatsreg" van die Bantoe .. | 20 |
| 2. Die Kaapse Oosgrens, die Ciskei en Noord- Kaap tot 1910 | 35 |
| 2.1. Die Kaapse Oosgrens | 35 |
| 2.2. Die Ciskei | 41 |

| | | |
|-------|--|-----|
| 2.3. | Die Glen Grey-stelsel | 60 |
| 2.4. | Brits-Betsjoeanaland | 66 |
| 2.5. | Opsommende Konklusie | 72 |
| 3. | Die Transkei tot 1910 | 73 |
| 3.1. | Die Eintlike Transkei (tussen die Kei- en Basheeriviere) | 74 |
| 3.2. | Griekwaland-Oos | 81 |
| 3.3. | Die Xesibe-gebied, Rhode-vallei en Port St John's | 85 |
| 3.4. | Tembuland | 88 |
| 3.5. | Pondoland | 92 |
| 3.6. | Die Regeringstelsel van die Transkei | 94 |
| 3.7. | Opsommende Konklusie | 101 |
| 4. | Natal en Zoeloeland tot 1910 | 103 |
| 4.1. | Vroeë Geskiedenis | 103 |
| 4.2. | Die Republiek Natalia | 107 |
| 4.3. | Die Vestiging van Britse Gesag | 113 |
| 4.4. | Die Natalse Stelsel van Bantoeregering ... | 116 |
| 4.5. | Die Britse Anneksasie van Zoeloeland | 128 |
| 4.6. | Wet 44 van 1887 en die Gewysigde Natalse Bantoeregkode, 1891 | 138 |
| 4.7. | Die Anneksasie vir Brittanje van die Pongo= lastreke en Tongaland by Zoeloeland | 146 |
| 4.8. | Zoeloeland en Natal 1887-1897 | 154 |
| 4.9. | Die Anneksasie van Zoeloeland by Natal | 159 |
| 4.10. | Natal 1902-1910 | 164 |
| 4.11. | Opsommende Konklusie | 168 |

| | | |
|----------|---|-----|
| 5. | Die Oranje-Vrystaat tot 1910 | 169 |
| 5.1. | Die Mfecane | 171 |
| 5.2. | Die Koms en Vestiging van Blanke Gesag ... | 177 |
| 5.3. | Die Verhouding tussen die Republiek en Moroka | 183 |
| 5.4. | Die Vestiging van Witzieshoek | 185 |
| 5.4.1. | Die Bakwena van Mopeli | 186 |
| 5.4.2. | Die Batlokwa van Mota | 191 |
| 5.4.3. | Die Administrasie van Witzieshoek 1867-1900 | 192 |
| 5.5. | Thaba 'Nchu | 196 |
| 5.6. | Die Koloniale Periode 1900-1910 | 200 |
| 5.7. | Gevolgtrekkings | 203 |
| 6. | Die Transvaal tot 1910 | 204 |
| 6.1. | Die Vestigingsgeskiedenis van die Transvaalse Bantoestamme | 205 |
| 6.1.1. | Die Batswana | 205 |
| 6.1.2. | Die Noord-Sotho | 207 |
| 6.1.3. | Die Swazi | 212 |
| 6.1.4. | Die Machangana | 213 |
| 6.1.5. | Die Bavenda | 215 |
| 6.1.6. | Samevattend | 216 |
| 6.2. | Metode van die Verdere Uiteensetting | 217 |
| 6.3. | Blanke Grond- en Gesagsvestiging in die Transvaal | 220 |
| 6.3.1. | Verowering van Grondgebied | 220 |
| 6.3.2. | Sessie van Grondgebied | 226 |
| 6.3.3. | Blanke Okkupasie en Grensafbakening ... | 232 |
| 6.3.3.1. | Blanke Okkupasie | 232 |
| 6.3.3.2. | Afbakening van Grense tussen Blank en Bantoe | 236 |

| | | |
|----------|--|-----|
| 6.3.4. | Beheersing, Administrasie en Staatsregtelike Status van die Transvaalse Bantoe | 250 |
| 6.3.4.1. | Verkryging deur die Blankes van Beheer oor die Bantoe | 250 |
| 6.3.4.2. | Die Staatsregtelike Status van die Transvaalse Bantoe voor 1910 | 252 |
| 6.3.4.3. | Die Administrasie van die Transvaalse Bantoe voor 1910 | 259 |
| 6.4. | Opsommende Gevolgtrekkings | 268 |

| | | |
|---|---|-----|
| <u>HOOFSTUK II. DIE ONTPLOOIING VAN DIE BANTOE=</u> | | |
| <u>STAATSREG 1910 TOT IN DIE SEWEN=</u> | | |
| | <u>TIGERJARE</u> | 271 |
| 1. | Inleidend | 271 |
| 2. | Die Administrasie van die Bantoe vanaf Uniewording | 276 |
| 2.1. | Algemeen | 276 |
| 2.2. | Die Eerste Reëlings | 277 |
| 2.3. | Die Naturellezaken Wet 1920 | 279 |
| 2.4. | Die Naturelle-administrasie Wet 1927 | 282 |
| 2.5. | Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1961 | 291 |
| 3. | Die Beskikking oor Grond vir die Bantoe | 292 |
| 3.1. | Artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 .. | 292 |
| 3.2. | Die Naturellen Grond Wet 1913 | 298 |
| 3.3. | Die Naturelle-administrasie Wet 1927 | 303 |

| | | | |
|----------|--|-------|-----|
| 3.4. | Die Naturelletrust en -grond Wet 1936 | | 305 |
| 4. | Bantoedeelname aan die Staatsprosesse | | 325 |
| 4.1. | Die Deelname van die Bantoe aan die Staatsprosesse van die Unie saam met die Blankes | | 325 |
| 4.1.1. | Die Stemreg van die Bantoe by Uniewording | | 325 |
| 4.1.2. | R v Ndobe 1930 A 484 | | 330 |
| 4.1.3. | Die Naturelle-verteenwoordigingswet 1936 | | 337 |
| 4.1.3.1. | Bantoeverteenwoordiging in die Senaat | | 341 |
| 4.1.3.2. | Bantoeverteenwoordiging in die Volksraad | | 343 |
| 4.1.3.3. | Bantoeverteenwoordiging in die Kaapse Provinsiale Raad | | 344 |
| 4.2. | Beperkte Plaaslike Selfbeskikking deur Bantoe | | 345 |
| 4.2.1. | Die Naturellezaken Wet 1920 en die Wet op Bantoesake 1959 | | 346 |
| 4.2.2. | Ander Plaaslike Owerheidsinstellings van die Bantoe | | 352 |
| 4.2.2.1. | Die Distriksraad van Glen Grey | | 352 |
| 4.2.2.2. | Die Transkeise Rade | | 353 |
| 4.2.2.3. | Bestuursrade van die Naturelleseservate van die Oranje-Vrystaat | | 358 |
| 4.2.3. | Die Stedelike Bantoe | | 360 |
| 4.2.3.1. | Die Stedelike Bantoe in die Bantoe staatsreg | | 361 |
| 4.2.3.2. | Plaaslike Bestuursinstellings van die Stedelike Bantoe | | 365 |

| | | | |
|------|--|-------|-----|
| 4.3. | Die Naturelle Verteenwoordigende Raad | | 378 |
| 5. | Die Bantoe-howestelsel | | 381 |
| 6. | Die Fondamente van Onafhanklikheid | | 386 |
| 6.1. | Die Wet op Bantoe-owerhede 1951 | | 387 |
| 6.2. | Die Transkeise Bantoe-owerheidstelsel | | 398 |
| 6.3. | Die Wet op die Bevordering van Bantoe- selfbestuur 1959 | | 408 |
| 6.4. | Die Transkeise Grondwet 1963 | | 412 |
| 6.5. | Ondersteunende Ontwikkelingswetgewing | | 433 |
| 7. | Opsommende Konklusie | | 435 |

| | | | |
|---|---|-------|-----|
| <u>HOOFSTUK III. DIE GELDENDE STAATSREG VAN DIE</u> | | | |
| <u>BANTOETUISLANDE WAT STEEDS DEEL</u> | | | |
| <u>VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-</u> | | | |
| <u>AFRIKA IS</u> | | | |
| | | | 438 |
| 1. | Inleidend | | 438 |
| 2. | Die Grondwet van die Bantoetuislande 1971 | ... | 439 |
| 2.1. | Hoofstuk 1 (Verantwoordelike Regering) | | 441 |
| 2.2. | Hoofstuk 2 (Selfregering) | | 455 |
| 2.3. | Opsommende Konklusie | | 460 |
| 3. | Die Grondwetproklamasies van die Ver= skillende Bantoetuislande ingevolge Wet 21 van 1971 | | 461 |

| | | |
|----------|---|-----|
| 3.1. | Die Ndebele Gebiedsowerheidsgebied | 462 |
| 3.2. | Verantwoordelik-regeerde KaNgwane | 473 |
| 3.3. | Die Selfregerende Bantoetuislande | 482 |
| 3.3.1. | Algemene Opset | 483 |
| 3.3.2. | Territorium, Naam en Datum van Verlening van Selfregering | 485 |
| 3.3.3. | Die Samestelling van die Wetgewende Vergaderings en Verwante Sake | 486 |
| 3.3.3.1. | Samestelling van die Ciskeise Wetge= wende Vergadering, Kiesafdelings en Regeringsetel | 487 |
| 3.3.3.2. | Samestelling van die Wetgewende Ver= gadering van Gazankulu, Kiesafdelings en Regeringsetel | 488 |
| 3.3.3.3. | Samestelling van die Wetgewende Ver= gadering van Lebowa, Kiesafdelings en Regeringsetel | 489 |
| 3.3.3.4. | Samestelling van die Wetgewende Ver= gadering van Qwaqwa, Kiesafdelings en Regeringsetel | 491 |
| 3.3.3.5. | Samestelling van die Wetgewende Ver= gadering van Venda, Kiesafdelings en Regeringsetel | 491 |
| 3.3.4. | Ander Bepalings aangaande die Wetgewende Vergaderings | 493 |
| 3.3.5. | Die Kabinette | 496 |
| 3.3.6. | Diverse Ander Sake | 503 |
| 3.3.7. | Die Grondwetproklamasie van KwaZulu | 504 |
| 3.3.8. | Opsommend | 510 |

| | | |
|--------|--|-----|
| 4. | Bantoeburgerskap en Tuislandburgerskap | 512 |
| 4.1. | Die Begrip "Burgerskap" | 512 |
| 4.2. | Die Geskiedenis van Suid-Afrikaanse Bantoeburgerskap | 525 |
| 4.3. | Tuislandburgerskap | 529 |
| 4.4. | Suid-Afrikaanse Burgerskap van die Bantoe | 542 |
| 5. | Die Staatspresident se Posisie in die Bantoestaatsreg | 549 |
| 5.1. | Die Opperhoofskap | 551 |
| 5.2. | Wetgewing deur Proklamasie | 557 |
| 5.3. | Artikel 111 van die Grondwet | 560 |
| 5.4. | Probleemstelling | 563 |
| 5.4.1. | Die Opperhoofskap en die Tuislandgrondwette | 571 |
| 5.4.2. | Die Opperhoof se Kompetensies en die Natalse Wetboek | 576 |
| 5.4.3. | Die Staatspresident se Prokla= masiekompetensie | 578 |
| 5.4.4. | Artikel 111 van Wet 32 van 1961 en Wet 21 van 1971 | 581 |
| 6. | Die Konkurrente Wetgewende Gesag van die Republiek se Wetgewers en die Wetgewen= de Vergaderings | 582 |

| | |
|--|-----|
| <u>HOOFSTUK IV. DIE STAATSREG VAN DIE ONAF=</u> | |
| <u>HANKLIKE TRANSKEI EN</u> | |
| <u>BOPHUTHATSWANA</u> | 596 |
| 1. Inleidend | 596 |
| 2. Die Grondwet van die Republiek van Transkei 15 van 1976 (Transkei) | 597 |
| 2.1. Statutêre Voorbereiding vir Onafhanklikheid | 597 |
| 2.2. Algemene Kenmerke van die Grondwet | 601 |
| 2.3. Die Voorrede | 604 |
| 2.4. Konstituerende Bepalings | 610 |
| 2.5. Die President | 633 |
| 2.6. Ander Staatsimbole | 643 |
| 2.7. Die Uitvoerende Gesag | 644 |
| 2.8. Die Wetgewende Gesag | 649 |
| 2.9. Die Regsprekende Gesag | 658 |
| 2.10. Burgerskap | 661 |
| 2.11. Algemene Bepalings | 672 |
| 2.12. Opsommende Konklusie | 676 |
| 3. Die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977 | 678 |
| 3.1. Statutêre Voorbereiding vir Onafhanklikheid | 678 |
| 3.2. Algemene Kenmerke van die Grondwet | 682 |
| 3.3. Die Voorrede | 684 |
| 3.4. Konstituerende Bepalings | 689 |
| 3.5. Die Verklaring van Fundamentele Regte | 695 |
| 3.6. Die President | 713 |

| | | |
|---------|--|------|
| 3.7. | Die Res van die Uitvoerende Gesag | 721 |
| 3.8. | Die Wetgewende Gesag | 722 |
| 3.9. | Die Regsprekende Gesag | 732 |
| 3.10. | Algemene, Diverse en Oorgangs= bepalings | 733 |
| 3.10.1. | Finansies | 733 |
| 3.10.2. | Algemene Bepalings | 734 |
| 3.10.3. | Wysiging en Herroeping van die Grondwet | 735 |
| 3.10.4. | Oorgangsbepalings | 736 |
| 3.11. | Burgerskap | 738 |
| 3.12. | Opsommende Konklusie | 749 |
| 4. | Finale Vergelykende Opmerkings | 750 |
| | <u>SLOT</u> | 752 |
| 1. | Enkele Insigte Verwerf | 752 |
| 1.1. | Die Historiese Sisteem | 752 |
| 1.2. | Die Konstitusionele Sisteme | 754 |
| 2. | Toekomsprojeksie | 759 |
| | <u>BRONNELYS</u> | i |
| 1. | Algemene Werke | i |
| 2. | Tydskrifartikels | x |
| 3. | Ongepubliseerde Proefskrifte en Verhandelings | xiii |
| 4. | Argiefjaarboek vir Suid- Afrikaanse Geskiedenis | xv |

| | | |
|----|-------------------------------------|-------|
| 5. | Gepubliseerde Argiefmateriaal | xvi |
| 6. | Staatspublikasies | xvii |
| 7. | Gewysdes | xviii |
| 8. | Wetbundels | xx |
| 9. | Wetgewing | xx |

INLEIDING

Alvorens die materie van hierdie studie in hoofstukke I tot IV uiteengesit word, is dit wenslik om te verduidelik hoe sekere begrippe wat dikwels daarin gebruik word, verstaan word, hoe die studie aangepak is en om 'n algemene oorsig daarvan te gee.

1. Begripspresisering

1.1. Staatsreg

Die staatsreg as dissipline is gewoonlik nie moeilik om te identifeseer nie, maar kan, afhangende van die hoek waaruit dit benader word, die slagoffer word van ruwe wanvertolking, wanbegrip en misbruik.

Binne die sfeer van die regswetenskap lewer dit geen probleem op om die staatsreg by die publiekreg tuis te bring nie en lewer die onderskeid tussen die staatsreg en ander publiekregtelike dissiplines, met die uitsondering van die administratiefreg, gewoonlik baie min probleme op. Waarskynlik weens die betreklike jeugdigheid van die administratiefreg as dissipline en die noue verbondenheid daarvan aan (en afhanklikheid daarvan van) die staatsreg, lewer die skeiding van dié twee dissiplines egter moeilike probleme op.

'n Poging word in my aantekening "Die Afbakening

van Staats- en Administratiefreg"¹⁾ aangewend om tussen die staats- en die administratiefreg te onderskei, en om tot 'n meer bevredigende²⁾ omskrywing van onderskeidelik die administratiefreg en die staatsreg te kom. Die omskrywing van onderskeidelik die administratiefreg en die staatsreg waartoe daarin gekom word,³⁾ word hierin ook as uitgangspunt gebruik en laasgenoemde lui: "Die staatsreg behels daardie regsreëls ingevolge waarvan die staat, die owerheidsgesag, die wetgewende organe en die uitvoerende organe wat belas is met die algemene staatsadministrasie tot stand kom, funksioneer en tot niet gaan, asook ingevolge waarvan die regsprekende organe geskep en ingerig word na samestelling en hiërargie, en wat primêr die verhouding tussen die betrokke owerheidsorgane en sekondêr die algemene verhouding tussen die staat en die onderdane reël."

Waarskynlik weens wanbegrip van die aard van die staatsreg, of weens die soms gerieflike ignorering van of onkunde oor die feit dat die staatsreg uiteindelik 'n regswetenskaplike dissipline is, word die

1. Venter (1977).

2. 'n Werklik bevredigende omskrywing of tipering van die staatsreg as dissipline in die Suid-Afrikaanse regswetenskap is m i nog nie gepubliseer nie - die toonaangewende Suid-Afrikaanse werk oor die staatsreg, VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) se omskrywing op 3 en 18 kom, soos in my gemelde aantekening op 237-8 genoem, neer op niks meer nie as 'n wye omskrywing van die publiekreg.

3. Op 241 en 242.

staatsreg maklik misbruik deur die aanbieding van politieke opinies of, meer gesofistikeerd, politiewetenskaplike (staatsleer-) standpunte onder die vaandel van die staatsreg. Dit is wel waar dat die nie-juridiese staatswetenskappe nie hanteer kan word sonder minstens basiese kundigheid van die staatsreg nie en ook dat basiese kundigheid van die nie-juridiese staatswetenskappe nuttig is by die bestudering van die staatsreg, veral in 'n Westminster-tipe stelsel, wat neig om heelwat staatsprosesse weens tipies-Engels-regtelike vae omlýning daarvan, te verpolitiseer. Soos uit paragraaf 2.1 hieronder blyk, moes daar dan ook heelwat, hoofsaaklik in die historiese gedeeltes van die studie, gebruik gemaak word van nie-regswetenskaplike materiaal. 'n Onnadenkende opheffing van die normaalweg maklik identifiseerbare grense tussen die staatsreg en die nie-regswetenskaplike dissiplines, lei myns insiens tot onwetenskaplike en bevooroordeelde resultate. Behalwe in die gevalle waar buite-juridiese faktore na my mening noodwendigerwys in die gedagte moet kom om begrip te bekom van die regsposisie, word die weergawe en oorweging van sulke faktore so ver moontlik in die studie vermy. Ook word gepoog om kommentaar so ver moontlik slegs aan die hand van juridiese oorwegings te lêer ten einde die verpolitisering van hierdie regstudie te vermy.⁴⁾

4. Hierdie benadering het glad nie betrekking op 'n sg "neutrale" wetenskapsingesteldheid nie: intendeel, die uitgangspunt is hier Christelik-wetenskaplik. Wat egter m i vasstaan, is dat inter-dissiplinêre bevrugting heilsaam is, maar dat die vermenging van die maatstawwe en beginsels van verskillende dissiplines, tot onsuier resultate lei.

'n Groot mate van aansluiting word dus gevind by JP VerLoren van Themaat⁵⁾ waar hy hom, in wat beskou kan word as sy baanbrekersartikel aangaande die Bantoestaatsreg, soos volg uitlaat: "Die staatsregswetenskap kan vraagstukke wat in hierdie verband ontstaan op 'n objektiewe wyse benader omdat die wenslikheid al dan nie van 'n bepaalde soort beleid buite die staatsreg val. Die staatsreg het slegs te doen met die ontleding en kritiese bespreking van die regsreëls, en hulle uitwerking. Die staatsreg bemoei hom nie met die wenslikheid al dan nie van verskillende beleide, al kan die staatsregswetenskap natuurlik wel aantoon dat bepaalde reëls tot bepaalde resultate sal lei en dat sekere reëls sal harmoniseer met 'n bepaalde beleid, en omgekeerd. In daardie mate kan die staatsregswetenskap dus wel die uitwerking van bepaalde reëls in die maatskappy nagaan. Oor die vraag in hoeverre 'n bepaalde beleid wenslik of prakties moontlik is, laat die staatsreg hom egter nie uit nie."

1.2. Die Bantoestaatsreg

In my artikel oor die Staatspresident se posisie in die Bantoestaatsreg⁶⁾ is die gebruik van die begrip Bantoestaatsreg geregverdig as synde onakkuraat maar gerieflik en nouliks verwarrend.

Weens die onakkuraatheid daarvan is dit noodsaak-

5. (1959/60) 154.

6. Venter (1972) 330-1.

lik om die betekenisraamwerk waarin die begrip in hierdie studie gebruik word, nader te presiseer, waarmee ook bygedra word tot die afgrensing van die huidige studieveld, aangesien die begrip in die titel van die studie voorkom.

In die eerste plek moet beklemtoon word dat hier gehandel word met die Suid-Afrikaanse staatsreg. Die Bantoestaatsreg is dus deel van die staatsreg van die Republiek van Suid-Afrika. Die onafhanklikheidsgrondwette van die Republiek van Transkei en Bophuthatswana, wat in hoofstuk IV infra behandel word, is dus nie Bantoestaatsreg nie, maar onderskeidelik Transkeise en Bophuthatswana-staatsreg, wat egter histories, en in vele opsigte materieel, op die Bantoestaatsreg gebou is. Die staatsreg van Transkei en Bophuthatswana word nogtans by hierdie studie betrek juis omdat dit die logiese uiteinde van die Suid-Afrikaanse Bantoestaatsreg vergestalt.

Tweedens moet beklemtoon word dat aan "Bantoestaatsreg" nie bloot die betekenis gegee word van die staatsreg rakende die Bantoe in Suid-Afrika nie, hoewel die Bantoestaatsreg, soos hier gebruik, sekerlik verreweg die grootste gedeelte van die totale volume van die Suid-Afrikaanse staatsreg spesifiek betreffende die Bantoe insluit. Aan die begrip "Bantoestaatsreg" word in hierdie studie die betekenis geheg van dié aspekte van die Suid-Afrikaanse staatsreg wat betrekking het op die sewe of agt Bantoetuislande binne die Republiek van Suid-Afrika en die burgers van

dié tuislande wat bestem is vir soewereine staatskap, asook dié aspekte daarvan wat betrekking gehad het op Bophuthatswana en die Transkei voor onafhanklikwording. Die owerheidstrukture en toepaslike staatsregsreëls aangaande die administrasie en hantering van die stedelike, of te wel nie-tuisland Bantoe, val dus grootliks buite die bestek van hierdie studie, hoewel kortliks in hoofstuk II aandag gegee word aan dié aspekte daarvan wat die naaste verband hou met dit wat onder Bantoestaatsreg bedoel word.

Derdens is dit nodig om daarop te wys dat, soos uit die studie blyk, nie met "Bantoestaatsreg" bedoel kan word dat die staatsreg betreffende al die Bantoe-tuislande in alle opsigte eenders is nie en dat daar dus geen ruimte binne die raamwerk van die begrip is vir erkenning van heelwat diversiteit in die staatsregsreëls van die verskillende Bantoetuislande nie. Inteendeel, "Bantoestaatsreg" word gebruik as versamelbegrip van al die ooreenstemmende en verskillende staatsregsreëls betreffende die Bantoetuislande.

Laastens word die uitdrukking "tradisionele 'Bantoestaatsreg'" ook by tye gebruik, welke begrip eintlik uit pas is met bostaande presisering van die begrip "Bantoestaatsreg." By gebrek egter aan enige geskikte alternatiewe uitdrukking, word "tradisionele 'Bantoestaatsreg'" gebruik om dié reëls aan te dui wat oorspronklik in Bantoestamme volgens gebruik en tradisie gegeld het, wat 'n soortgelyke aanwending en effek as wat tipies van staatsregsreëls is, gehad het.

Anders gestel, daarmee word, na analogie van die pri-
vaatregtelike "Bantoe-reg," of te wel "Bantoe-gewoon=
tereg," bedoel die tradisionele gewoontereg en ge=
bruike van Bantoe wat staatsregtelik van aard is.

Die Bantoe staatsreg is as studieveld gekies om=
dat dit beskou word as dié deel van die Suid-Afri=
kaanse staatsreg wat tans die omvattendste tasbare en
sigbare ontwikkeling ondergaan en dus 'n opwindende
regspanorama van ontwikkeling en ontplooiing daar stel.
Die Bantoe staatsreg staan ongetwyfeld in die kern van
die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse staatsreg en
van die effektiwiteit en sukses daarvan, hang tot 'n
groot mate die toekomstige vrede, volkereverhoudinge
en algemene opset in Suider-Afrika af. Ook kan gekon=
stateer word dat die Bantoe staatsreg sekerlik dié
aspek van die geldende Suid-Afrikaanse staatsreg is
wat as die mees inheemse deel daarvan beskou kan
word.

1.3. Bantoe

Oor die etnologiese betekenis en tekortkominge
van die begrip "Bantoe," kom dit my voor onwys te
wees om kommentaar te lewer, aangesien die etnoloë en
ander deskundiges self daarvoor twis.⁷⁾ Waar egter,
anders as die Suid-Afrikaanse wetgewer, met die taal-

7. Vgl bv Myburgh, Ziervogel en Van As (1966) 369-71 en veral
Hammond-Tooke (1974) 30-44.

en volkekundiges in hierdie studie saamgegaan word,⁸⁾ is dat "Bantoes" as meervoudsvorm nie aanvaarbaar is nie, sodat "Bantoe" hierin as enkelvoud- sowel as meervoudsvorm gebruik word en dat "Bantoes" alleen gebruik word in woordelike aanhalings, veral uit wetgewing.

Die "basiese" statutêre definisie⁹⁾ van "Bantoe" is "iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is."¹⁰⁾ Gebaseer hierop, is "Bantoe" in verskeie wetgewingstukke verder omskryf om vir die doeleindes van dié wetgewing bepaalde (bykomende) betekenis te kry. Aangesien dit 'n omvangryke onderwerp is wat nie hier ten volle tersaaklik is nie, word slegs verwys na dié verdere omskrywings van "Bantoe" waarvan noodwendigerwys kennis geneem moet word om duidelikheid te kan kry oor die vraag wie meer bepaald deur die Bantoe staatsreg geraak word.

Die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 se artikel 35 bepaal dat "Bantoe" enige persoon wat lid is van 'n inboorlingras of stam van Afrika, omvat, maar voeg daarby twee voorbehoudsbepalings, naamlik: "Met dien verstande dat enige persoon wat in dieselfde toestand as 'n Bantoe woon in 'n afgesonderde Bantoe-gebied of 'n oopgestelde gebied, soos bepaal of omskryf in of kragtens die Bantoe trust en -grond Wet

8. Vgl bv Myburgh, Ziervogel en Van As (1966) 369.

9. Vgl Milton en Fuller (1971) 1144-6 en Van der Vyver (1975) 89.

10. A 1 van die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950.

1936 ... , of op grond waarvan die Suid-Afrikaanse Bantoetrust die geregistreerde eienaar is, vir die doeleindes van hierdie Wet as 'n Bantoe beskou word: Met dien verstande voorts dat 'n regs persoon waarin geen ander persoon as 'n Bantoe 'n belang het nie, 'n liggaam van persone wat slegs uit Bantoes bestaan, en 'n verteenwoordiger van die boedel van 'n oorlede Bantoe vir die doeleindes van artikel 10 as 'n Bantoe beskou word."

Die Bantoetrust en -grond Wet 18 van 1936 bevat 'n omvattende omskrywing van "Bantoe" in artikel 49 daarvan. Eerstens word, vir die doeleindes van die bepaling rakende die toelating al dan nie van persone om buite (hoofsaaklik) die Bantoegebiede te woon, "Bantoe" aan die hand van die basiese definisie geïdentifiseer, maar daarby "word iemand wat volgens voorkoms klaarblyklik 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is, vir die doeleindes van bedoelde ... (bepalings) ... vermoed 'n Bantoe te wees, tensy bewys word dat hy inderdaad nie so 'n lid is nie en nie gewoonlik daarvoor deurgaang nie." Verder word van diegene wat voldoen aan die basiese definisie, "vir die doeleindes van die binnegaan van of verblyf op grond geleë in 'n afgesonderde Bantoegebied of in 'n oopgestelde gebied" uitgesluit "'n Bantoe wat nie in die Republiek of in die gebied Suidwes-Afrika gebore is nie." Origens geld die basiese definisie by die toepassing van die res van die Wet, maar ruimskootse voorsiening word gemaak vir die toepassing van die Wet op, of akkomodering as Bantoe vir die doeleindes

van die Wet, van persone wat die een of ander (gespesifiseerde) verbintenis deur afkoms het met Bantoe.

Die Naturelle-Verteenwoordigingswet 12 van 1936 het ook 'n omvattende omskrywing van "naturel" in artikel 1 bevat wat rondom die basiese definisie gesentreer het en wat wesenlik ooreengestem het met dié van die bogemelde Wet 18 van 1936.

Artikel 73 van die Transkeise Grondwet 48 van 1963 het "Bantoe persoon" omskryf as "'n persoon wat werklik 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of algemeen daarvoor deurgaans."

Artikel 1 van die Wet op Burgerskap van Bantoe-tuislande 26 van 1970 gee aan "Bantoe persoon" die betekenis van "Bantoe" ingevolge artikel 1 van die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950, naamlik "iemand wat 'n lid van 'n inboorlingras of -stam van Afrika is of gewoonlik daarvoor deurgaans."

Dit blyk dus dat, hoewel daar in bepaalde grensgevalle 'n swaar las van wetsuitleg geplaas word op die leser van sommige van die wetgewing indien vasgestel moet word wie almal as "Bantoe" deur die betrokke wetgewing getref word, die basiese definisie, wat lidmaatskap van 'n inboorlingras of -stam van Afrika vereis, deurgaans as primêre maatstaf gebruik word. Hierdie maatstaf kan egter ook heel problematies wees, soos blyk uit die uitsprake in Mabitle v Secretary for the Interior 1968 1 SA 29 (K) en Marks v Sekretaris

van Binnelandse Sake 1969 1 SA 138 (T) en die gewysdes waarna daarin verwys word.¹¹⁾ Die probleme en potensiele probleme wat deur hierdie definiëringskrisis geskep word, word egter nie in hierdie studie opgesoek nie.

1.4. Bantoetuislande

Hoewel die begrip "Bantoetuislande" in die kort titels van ten minste drie parlementswette wat direkte betrekking het op die Bantoestaatsreg voorkom, naamlik die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoetuislande 46 van 1968, die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande 26 van 1970 en die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971, is daar slegs in die eersgenoemde Wet 'n definisie van die begrip, naamlik in artikel 1 daarvan. Artikel 73 van die Transkeise Grondwet 48 van 1963, artikel 1 van die Wet op die Administrasie van Bantoesake 45 van 1971 en artikel 1 van die Wet op Bydraes ten opsigte van Bantoe-arbeid 29 van 1972 bevat egter ook omskrywings van die begrip en die "Aanhef" of te wel voorrede tot gemelde Wet 48 van 1963 maak melding van "die tradisionele Bantoetuislande."

Uit die gemelde omskrywings kan egter min geleer word van die staatsregtelike betekenis van "Bantoe-tuisland," aangesien daarin slegs verwys word na

11. Vgl ook Myburgh, Ziervogel en Van As (1966), Van der Vyver (1975) t a p en Milton en Fuller (1971) t a p.

grondgebied in die Republiek van Suid-Afrika wat spesifiek uitgehou word vir die bewoning, verkryging en voordeel van Bantoe. Indien daar dus van 'n algemene statutêre betekenis van die begrip "Bantoe-tuisland" gepraat kan word, sou streng gesproke nie gesê kan word dat dit meer beteken as al dié grond in die Republiek wat gekenmerk word deur die feit dat alleen Bantoe en owerheidsorgane op regte daarop aanspraak het nie.

Dit is egter juis hierdie grond, oorspronklik verdeel tussen tien, en tans agt staatsregtelike entiteite binne die Republiek, wat bestem is om soos Transkei en Bophuthatswana mettertyd die gebiede van soewereine state te word. Met die begrip "Bantoe-tuisland" word dus in hierdie studie een, en met "Bantoe-tuislande" twee of meer van die volgende gebiede in enige konstitusionele ontwikkelingstadium voor onafhanklikwording bedoel, naamlik Bophuthatswana, die Ciskei, Gazankulu, KaNgwane, KwaZulu, Lebowa, die Ndebele-gebiedsowerheidsgebied, Qwaqwa, die Transkei en Venda.

1.5. Die Stadia van Konstitusionele Ontwikkeling in die Bantoeestaatsreg

Soos in paragraaf 2.2. infra aangedui word, word die staatsregsopset van 'n "gebiedsowerheidsgebied," 'n "verantwoordelik-regeerde gebied" en van die "self-regerende Bantoe-tuislande" in hoofstuk III behandel. Hoewel die presiese betekenis van dié begrippe uit

hoofstuk III blyk, is dit nuttig om hier reeds kort=
liks 'n nadere begripsaanduiding daarvan te gee, so=
dat begryp kan word wat daarmee bedoel word waar die
begrippe voor hoofstuk III teengekom word.

1.5.1. Gebiedsowerheidstatus

Hierdie stadium van ontwikkeling kan beskryf
word as die eerste stap in die rigting van staatword=
ing van 'n staatsregtelike entiteit in die huidig geld=
ende Bantoestaatsreg. Met die verlening van gebieds=
owerheidstatus, word 'n geografiese gebied en 'n Ban=
toevolkseenheid (of deel daarvan) geormerk vir ont=
wikkeling as 'n Bantoetuisland tot onafhanklikheid.
Dit geskied alleen nadat 'n breë fondament van stam=
(en gemeenskaps-) en streeksowerhede in die betrokke
gebied gelê is. Die omvang van die owerheidsgesag
wat 'n gebiedsowerheid hanteer, is egter nog heel be=
perk en sentreer rondom plaaslike- en streeksbelange,
maar van groot belang myns insiens is die sleutelrol
wat 'n gebiedsowerheid (kan) speel in die verteenwoor=
diging van die betrokke volkseenheid in die beplanning
en implementering van die verdere stappe van staats=
regtelike ontwikkeling van die betrokke Bantoetuis=
land.

1.5.2. Verantwoordelike Regering

Hierdie begrip is gerieflikheidshalwe, by gebrek
aan 'n statutêre uitdrukking of 'n beter tipering, ge=

skep¹²⁾ om die stadium van konstitusionele ontwikkeling van 'n Bantoetuisland wat volg op gebiedsowerheidstatus aan te dui. Dit is naamlik die eerste stadium waarvoor die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971 voorsiening maak, en wel in hoofstuk 1 daarvan. Dit is dié stadium waarin 'n gebiedsowerheid omskep word in 'n wetgewende vergadering met aansienlike wetgewende kompetensies en 'n uitvoerende raad met noemenswaardige uitvoerende gesag ingestel word. Kortom, 'n verantwoordelik-regeerde Bantoetuisland se vlak van outonomie is vergelykbaar met dié van die vier provinsies van die Republiek. By verantwoordelike regering word egter nog nie 'n demokratiese verkiesingsproses aangetref nie, hoewel owerheidsprosedures reeds heelwat lyk op Westminster.

1.5.3. Selfregering

Hoofstuk 2 van die gemelde Wet 21 van 1971 maak voorsiening vir hierdie volgende konstitusionele ontwikkelingstadium. Dit is die finale voor-onafhanklikheidsfase en plaas die Bantoetuislandowerhede, dit wil sê die wetgewende vergadering, kabinet en (potensieel) die hoërhof in sekere opsigte in konkurrensie met die Republiek se sentrale owerheidsorgane en verleen in elk geval aan die Bantoetuisland 'n hoër konstitusionele status as die provinsies. Die meeste

12. Hierdie "skepping" word in vn 3 van par 2 van hfst III infra verantwoord.

Bantoetuislande het reeds hierdie stadium bereik en dit staan enigeen van hulle vry om onafhanklikheid op te eis.

2. Navorsingsmetode en -Oorsig

2.1. Navorsingsmetode

Soos reeds aangedui, en soos 'n blik oor die bibliografie sal bevestig, is dit hoofsaaklik ten opsigte van hoofstuk I noodsaaklik om gebruik te maak van bronne uit ander wetenskaplike dissiplines. Veral die algemene geskiedenis, die ontwikkelingsadministrasie en volkekunde se hulp word by hoofstuk I ingeroep, aangesien so min regghhistoriese navorsingsresultate oor die betrokke onderwerp beskikbaar is. Dit skep die probleem dat uit massas nie-regswetenskaplike materiaal dié elemente geselekteer moet word wat betrekking het op die regswetenskap en meer spesifiek op die staatsreg rakende die Bantoe. Aangesien hierdie werk egter 'n regswetenskaplike en nie 'n historiese, etnologiese of andersoortige studie is nie, word in hoofstuk I heelwat van sekondêre bronne gebruik gemaak sodat oorspronklike argivale materiaal nie hanteer word nie en ook geen veldwerk gedoen word nie. Ten einde al die gegewens wat as relevant vir die Bantoe=staatsreg beskou word in die perspektief te plaas wat begrip daarvan vereis, moet heelwat bysake egter beskryf en bespreek word. Vandaar die swaar algemeen-historiese beklemtoning in hoofstuk I.

Benewens die gemelde buite-juridiese dissiplines wat gebruik word, word enkele kursoriese verwysings ook gemaak na ander regs wetenskaplike dissiplines, soos die volkereg, en by geleentheid ook na aspekte van die privaatreg.

By die uiteensetting van die materiaal in veral hoofstukke II tot IV, word swaar gesteun op statutêre materiaal van 'n verskeidenheid geaardhede, omvang en trefwydte. Gevolglik word die reëls van wetsuitleg daarin ook dikwels betrek.

Die skryfwerk aan hoofstukke I tot IV was grootliks teen middel Desember 1977 afgehandel. Hoewel gepoog word om, veral in die lig van die feit dat die Bantoestaatsreg hedendaags in 'n voortdurende staat van snelle ontwikkeling is, al die tersaaklike gegewens in die hoofstukke tot middel Desember 1977 te vervat, is dit nie onwaarskynlik nie dat enkele tersaaklike gegewens, veral dié vervat in die amptelike en staatskoerante van die Bantoetuislande, 'n paar maande agterweë gebly het, aangesien sulke publikasies klaarblyklik nie die biblioteke wat tot my beskikking is, oorhaastig bereik nie.

Die studie word benader as 'n hoofsaaklik histories-tetiese sistematisering van die materiaal wat betrekking het op die Bantoestaatsreg. Waar dié materiaal daarvoor geskik is, word egter ook gepoog om 'n bydrae te lewer tot die kennis van besondere begrippe en verskynsels in en die oplossing van probleme

aangaande die staatsreg oor die algemeen.

2.2. Oorsig van die Navorsing

Hoofstuk I van die studie word gewy aan die ontbloting en sistematisering van die regs- en algemeen-historiese gebeure en feite wat aanleiding gegee het tot die staatsregtelike posisie van die Bantoe tydens die tot standkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Daarin word beskryf hoedat die Bantoe vanuit 'n tradisionele "staatsregtelike" situasie voor en tydens hul ontmoeting van die Blanke in die verskillende gebiede wat later die Unie uitgemaak het, gebring is tot volkome staatsregtelike ondergeskiktheid aan die Blanke staatsowerhede. Besondere aandag word ook gegee aan die territoria wat die verskillende Bantoevolks- of stamgroepe bewoon het of waarop die Bantoevolks- of stamgroepe aanspraak gemaak het tydens die eerste aanraking met die Blanke en die wyses waarop die verskillende gebiede se Blanke owerhede die Bantoe en hul grondgebied hanteer het. In hoofstuk I gaan dit dus oor die algemeen oor die besonderhede van die Bantoe se staatsregtelike onderwerping aan die Blanke staatsowerhede tot in 1910. Hierdie periode word beskou as die eerste of onderwerpingsfase van die Bantoe staatsregsgeskiedenis.

Hoofstuk II beskryf eerstens die konsolidering van die owerheidshantering van die Bantoe ná Uniewording, die wyse waarop die Unie oor "Bantoe grond" beskik het, die verskillende wyses waarop die Bantoe=

bevolking gedeel het in die hantering van owerheids=
gesag, dit meestal weer verloor het en dit vandag
weer op plaaslike owerheidsvlak begin doen, en die
Bantoe-howestelsel wat ontwikkel is. Dié bespreking
handel dus hoofsaaklik oor die konsolidasie, koördi=
nasie en institusionalisering van owerheidsbeheer
oor die Bantoe. 'n Laaste deel van die hoofstuk han=
del egter oor wat genoem word "die fundamente van on=
afhanklikheid," waarin die veranderde benadering tot
die Bantoebevolking van die Unie en Republiek wat teen
die vyftigerjare kenbaar geword het, beskryf word.
Hierdie laasgenoemde deel handel dus oor die voorbe=
reiding wat getref is, veral deur die aanpassing van
die positiewe (staats-)reg, om die Bantoetuislande tot
stand te bring en eindelik onafhanklik te laat word.
Hoofstuk II beskryf dus dié historiese fase van die
Bantoestaatsreg waarin die Blanke beheer en bevoog=
ding van die Bantoe eers gekonsolideer is en die
eerste stappe van uiteindelijke ontvoogding toe op die
fondament daarvan geneem is. 'n Interessante feit
wat in dié hoofstuk na vore kom, is dat die Unie die
Bantoebevolking vir veertig jaar lank staatsregtelik
as 'n rassegroep, min of meer as 'n eenheid benader
het, maar dat die benadering sedert die vyftigerjare
etnies was, wat die erkenning van stam- en groter
etniese identiteite ingehou het.

Hoofstuk III behandel die geldende Bantoestaats=
reg. Die "moederwet," naamlik die Grondwet van die
Bantoetuislande 21 van 1971 word as basiese konstitu=
sionele reëling van al die Bantoetuislande bespreek,

waarná die steeds geldende grondwetproklamasies wat uit hoofde daarvan uitgevaardig is, behandel word. Die staatsregsopset van 'n gebiedsowerheidsgebied (Ndebele), dié van 'n verantwoordelik-regeerde gebied (KaNgwane) en dié van die ses (oorblywende) selfregerende Bantoetuislande word uiteengesit. Daarbenewens word drie besondere probleemkomplekse van die Bantoestaatsreg, naamlik die burgerskapskwessie, die posisie van die Staatspresident en konkurrente wetgewende gesag onderskeidelik behandel en word, waar moontlik, oplossings aan die hand gedoen of verdere problematiese aspekte van dié aangeleenthede geïdentifiseer.

Hoewel dit, soos aangedui, nie meer Bantoestaatsreg is nie, word die staatsreg van die twee onafhanklik-geworde Bantoetuislande, Transkei en Bophuthatswana, in hoofstuk IV krities behandel. As die enigste twee huidige voorbeelde van die bereiking van die oorspronklike oogmerke met die Bantoestaatsreg en as (die eniste) state wat die Bantoestaatsreg tot fondament het, is die insluiting van 'n hoofstuk wat hul staatsreg behandel, onvermydelik.

In die Slot word samevattend voorraad opgeneem van enkele insigte waartoe gekom is weens die studie en word enkele spekulatiewe gedagtes oor die toekomstige verloop van die Bantoestaatsreg gelug.

HOOFSTUK I. DIE HISTORIESE FONDAMENTE VAN DIE BANTOE-STAATSREG TOT 1910

1. Die Tradisionele "Staatsreg" van die Bantoe

Dit sou onmoontlik wees om van 'n tradisionele, voor-koloniale "staatsreg" van die Bantoe in Suid-Afrika te praat sonder om aanhalingstekens te gebruik. Seer sekerlik is daar veel in die tradisionele leefwyse van die Bantoe wat na staatsreg lyk, maar dit sou heelwat intellektuele inspanning verg om byvoorbeeld staatskap, presies bepaalde grondgebiede, en so meer aan die Bantogroepe in Suider-Afrika van 'n paar eeue gelede toe te skryf. Dit sou nog moeiliker wees om sodanige staatsregtelike kenmerke aan dié moderne Bantoe wat steeds volgens tradisie lewe, toe te skryf.¹⁾ Dit is die doel om hier ex post sekere aspekte van die tradisionele regeringstruktuur staatsregtelik te beskou, juis omdat elemente daarvan terug te vind is in die moderne Bantostaatsreg. Dit word aan die begin van hierdie historiese oorsig behandel, omdat die tradisionele ook die oorspronklike en onveranderde opset vir die Bantoe voor Blanke nedersetting was. Daar is ook rede om te glo dat die tradisionele deur die eeue in wese min verander het, sodat dit vandag nog bestaan,²⁾

1. Vgl Whitfield (1929) 3: "... although Natives had nothing corresponding to European forms of representative government, their laws embodied the national will."

2. Ibid 2e par.

maar oorweldig word deur die moderne Bantoestaatsreg, wat in sekere opsigte 'n fusie daarstel tussen tradisionele (Bantoe) en moderne (Europese) instellings.³⁾

Ter inleiding kan seker geen beter formulering van die algemene agtergrond van die tradisionele "Bantoestaatsreg" gevind word as die volgende nie:⁴⁾ "Omrede die organiese aard en besondere struktuur van die Bantoesamelewing, staan die politieke organisasie en die regsweese nie geïsoleerd van die algemene sosiale patroon nie. Die struktuur van die samelewing bepaal en gee gestalte aan die politieke organisasie, wat op sy beurt weer ten nouste geïntegreer is met die regsweese. Die verwantstkapspatroon en erfregstatus, die clanbegrip, die statsgroepering en die wyksindeling is almal faktore wat in die breë politieke organisasie weerspieël word. Die aard van die politieke organisasie is sowel wetgewend as uitvoerend, en die heersersliggame is ook die liggame wat die regspraak beoefen. Die Bantoereg self," (wat myns insiens ook die tradisionele "Bantoestaatsreg" in behoort te sluit) "is natuurlik hoofsaaklik gewoontereg soos voorgeskryf deur eeu-oue tradisie."⁵⁾

3. Vgl die bespreking infra op verskeie plekke van die rol wat die hoofmanne, kapteins en Opperhoof in die huidige Bantoeregsbestel speel.

4. Bruwer (1963) 167.

5. Vgl ook Seymour (1970) 10 e v, asook die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 1 60.

Die Bantoereg, en by gevolg ook die tradisionele "Bantoestaatsreg," toon dwarsoor die Republiek 'n redelike mate van uniformiteit.⁶⁾ Redes wat al hiervoor aan-gegees is, is eerstens dat die lewenswyse en lewensomstandighede van al die Suid-Afrikaanse Bantoe tradisioneel grootliks eenders was, sodat dieselfde regsoplossings hulself voorgedoen het vir dieselfde vrae; en tweedens dat almal tot dieselfde Afrika-bevolkingsgroep behoort, naamlik die Bantoe, soos onderskei van veral die Hamiete en Negeres. Hierdie gemeenskaplike etniese (en geografiese) oorsprong van die Suid-Afrikaanse Bantoe suggereer, saam met die hoogs waarskynlik gemeenskaplike oorsprongstelsel van die Bantoe-reg en die traagheid daarvan en van die hele Bantoe-kultuur om te evolueer, die redes vir die gebrek aan diversiteit in die tradisionele Suid-Afrikaanse "Bantoestaatsreg."⁷⁾

Dit alles wil egter nie sê dat daar geen uitsonderings was nie: Whitfield⁸⁾ verwys byvoorbeeld na die "militêre outokrasieë" van die Zoeloes se Tshaka, die Matabele's (Rhodesiese Ndebele⁹⁾) se Mzilikazi

6. Vgl Brookes (1927) 251 noot 4, asook Sosio-Ekonomiese Ver-slag hfst 1 60.

7. Whitfield (1929) 3, Bruwer (1963) hfst I en vgl ook Seymour (1970) xxiii.

8. (1929) 2 en vgl ook Brookes (1927) 251, wat (in noot 4) daarbenewens ook die Bavenda se kapteins beskryf as "arbitrary despots."

9. Vgl Bruwer (1963) 17 en par 5 en 6 infra.

(Silkaats) en die Swazi's se Mswazi. Dit moet egter as uitsonderings beskou word.¹⁰⁾ sodat dit vir die huidige doeleindes voldoende is om voort te gaan met 'n beskrywing van die algemene kenmerke van die tradisionele "Bantoestaatsreg."¹¹⁾

Die tradisionele "Bantoestaatsreg" werk, soos die meeste (indien nie alle primitiewe stelsels,¹²⁾ met die stam as basiese eenheid. Synde semi-nomadies, het die Bantoe tradisioneel relatief onverskillig gestaan ten opsigte van eiendomsreg (teenoor besit) op 'n permanente, afgebakende grondgebied.¹³⁾ Die moderne staatsbegrip¹⁴⁾ kan derhalwe moeilik op die tradisionele "Bantoestaatsreg" toegepas word. 'n Bepaalde bevolking, 'n regeringstruktuur en onafhanklikheid (soewereiniteit) van 'n stam (soos verteenwoordig oftewel verpersoonlik deur 'n opperhoof), was egter wel teenwoordig. Bruwer omskryf die stam as "'n volksgroep wat

10. Vgl ook bv African National Congress (1928) 1.

11. Vir hierdie algemene uiteensetting word hoofsaaklik gesteun op Bruwer (1963) hfst XIII par I en Whitfield (1929) hfst I (slegs aanhalings uit gemelde werke en ander gesag word spesifiek hieronder aangedui). Vgl oor die algemeen ook Hammond-Tooke (1974) 262-7 en 288-300. Kyk ook die teks by vn 40 infra.

12. Vgl Coertze (1961) 109, 140-1 en 163-4, asook die Socio-Ekonomiese Verslag hfst 1 18 en 60 en African National Congress (1928) 3.

13. Vgl Macmillan (1928) 9-10 en 27.

14. Waarvan 'n bepaalde grondgebied kenmerkend is: vgl bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 4-6.

onder die heerskappy van 'n onafhanklike opperhoof georganiseer is." Heelwat stamlede is tot 'n mindere of meerdere mate genealogies aan mekaar verwant, en die opperhoof is gebruiklik die senior afstammeling van die oorspronklike stamstigter. Die opperhoof is "staatsregtelik" die samebindende faktor: "Lojaliteit aan dieselfde opperhoof vorm dan ook basis van die eenheidsband van die stam" volgens Bruwer.¹⁵⁾ Dit is interessant om hier 'n besondere ooreenkoms op te merk met die Germaanse gevolgsverhouding.¹⁶⁾ Ook Whitfield¹⁷⁾ dui op hierdie quasi-gevolgsverhouding as hy sê: "If a chief, who attempted a change of law or custom, did so without consulting his councillors, and without allowing the proposed change to be publicly and thoroughly canvassed before it was adopted, the possibility would be, if the law were at all objectionable, the disaffected portion of his tribe would withdraw its allegiance from him, and transfer it to some subordinate chief in the same clan."

Die tradisionele regeringstelsel van die Bantoe is, met die gemelde tipe tydelike militêre outokrasie as uitsondering, alles behalwe outoritêr, absoluut of outokraties.¹⁸⁾ Aan die ander kant is dit ook nie

15. (1963) 167 en vgl ook Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 1 18 en 65.

16. Vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 67-9.

17. (1929) 2 (my kursivering).

18. Vgl ook Macmillan (1929) 11 en Brookes (1927) 251.

demokraties of verteenwoordigend in die Europese betekenis van dié begrippe nie. Eerder berus dit, in Bruwer se woorde,¹⁹⁾ "op 'n stelsel van groeiende of wyer wordende jurisdiksie." Dit is dus piramidaal, met die stam as basis en die opperhoof aan die spits.

Die stante waarin die stam woon, vorm die kleinste eenhede in die tradisionele Bantoeregeringstelsel. Plaaslike aangeleenthede van elke stat val binne die jurisdiksie van 'n statshoof, bygestaan deur 'n raad wat saamgestel word uit die senior en/of gesiene manlike inwoners van die stat. 'n Aantal stante (of gedeeltes van 'n groot stat) stel die gesagsgebied van 'n wykshoof, bygestaan deur 'n soortgelyk-saamgestelde raad daar. Die volgende hoër jurisdiksievlak is 'n aantal saamgegroepeerde wyke, wat 'n distrik genoem kan word (of selfs 'n provinsie waar die stamgebied baie groot is) onder beheer van 'n verdere hoof en raad. Die spits van die piramide is dan die opperhoof en die stamraad. Die laer regeringsvlakke is aan die hoëres verantwoordig verskuldig, en die opperhoof, bygestaan deur sy stamraad, het dus aanspraak op verantwoordig deur alle laer hoofde en rade. Soos reeds gemeld, hou die owerheidsgesag (op alle vlakke) wetgewende, regsprekende en uitvoerende gesag (in die Europese sin) in en behels ooreenstemmende kompetensies wat in belangrikheid en omvang toeneem saam met die omvang van die jurisdiksiegebied.

19. (1963) 168.

Soos hierbo gemeld, is die opperhoof sy posisie verskuldig aan sy afstamming - die senior erfgename van die oorspronklike stamstigter volg hom suiwer op grond van geboorte op. Die opperhoof is dus gewoonlik die oudste seun van die vorige opperhoof by sy hoofvrou.²⁰⁾ Op die vraag presies wie die senior afstammeling van die stamstigter is, bestaan daar egter onder die verskillende etniese subgroepe 'n verskeidenheid van antwoorde,²¹⁾ maar vir die doeleindes van hierdie studie is dit onnodig om daarop in te gaan.

Die opperhoof geniet weens sy afstamming baie hoë aansien, welke aansien ook aangevul of ondermyn kan word deur sy persoonlikheid, regeringswyse, ensovoorts. In sommige gevalle word hy as sacrosanctus gehuldig,²²⁾ en alle opperhoofde beskik oor een of meer eretitels. Daarby word opperhoofde vereer met koninklike waardigheidstekens.

As stamhoof is die opperhoof simbool van eenheid en identiteit. "In hom is verenig die magte van regeerder, regter en beskermheer van die reg, opperbevelhebber van die leër, priester van die volk en hoofdokter van die stam."²³⁾ In sy hoedanigheid van hoogste

20. Vgl ook Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 1 18 en African National Congress (1928) 6-7.

21. Vgl Bruwer (1963) 168-9.

22. Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 1 64-5.

23. Bruwer (1963) 170 en vgl ook Junod (1938) 94.

regter kan die Bantoe-opperhoof se posisie wel deeglik met dié van die Britse vors as "fountain of justice" en "preserver of the peace"²⁴⁾ vergelyk word. Hy tree saam met sy regsprekende raad op as die hof van hoogste en finale appèl en ernstige misdade word deur hierdie "hof" bereg.

Enige Bantoe-opperhoof sou waarskynlik met meer reg as Lodewyk XIV kon beweer dat l'état c'est moi: eiendomsreg van alle stamgoedere berus byvoorbeeld by hom en hy word as die beliggaming van die stam beskou.²⁵⁾

Naas "hoofregter" is die opperhoof ook hoofwetgewer. Sy wetgewingsfunksie as persoonlike kompetensie is minder belangrik as die meeste ander waaroor hy beskik. Die rede hiervoor is deels te vinde in die heilige tradisionalisme en gebruiksgebondenheid van die Bantoe-reg en deels in die gemeenskaplike wetgewingsprosedure (vide infra) van die Bantoe. In die eerste plek is 'n opperhoof ten tye van sy ampsaanvaarding onderhewig aan die reg.²⁶⁾ Ten tweede is die Bantoe-gewoontereg so volledig (en waarskynlik plooibaar weens die feit dat dit afhanklik is van oorlewering) dat spesifieke wetgewing selde nodig was, en derdens

24. Vgl bv David en Brierley (1968) par 269 en 280.

25. Vgl Seymour (1970) 68 en 128, Bruwer (1963) 170 en Junod (1938) 94, asook die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 1 65.

26. Whitfield (1929) 1, Junod (1938) 94 en African National Congress (1928) 3, 4 en 8.

word nuwe wette slegs in deeglike oorleg met die stamraad én die hele stam uitgevaardig.²⁷⁾

Die opperhoof het dus nie absolute wetgewende gesag nie. Dit was slegs by hoë uitsondering dat pogings deur opperhoofde aangewend is om die tradisionele Bantoereg te wysig - en selde met sukses. Volgens Whitfield²⁸⁾ is die houding van die Bantoe dat die reg uit die gemeenskap afkomstig is en dat die opperhoof se taak bloot uitvoerend van aard is. Hy wys ook op die voorbeeld van drie "wysigings" wat Moshoeshoe aan die Basothoreg aangebring het, twee daarvan op sy eie inisiatief en 'n derde volgens die gebruikelike raadplegingsmetode. Slegs die laasgenoemde het stand gehou.

Die gebruikelike wetgewingsmetode was dat wanneer enigiets van belang besluit of bepaal moes word, die stamraad en selfs die hele gemeenskap uitvoerig vooraf deur die opperhoof geraadpleeg is. Indien die instemming van 'n groot meerderheid nie verkry kon word nie, moes die beoogde nuwe wetgewing waarskynlik laat vaar word. Veral onder die Sotho word vir belangrike aangeleenthede gebruik gemaak van besluitneming deur 'n volksvergadering bestaande uit al die geïnisiëerde mans van die stam.²⁹⁾

27. Vgl ook African National Congress (1928) 3-4.

28. (1929) 2.

29. Vgl ook African National Congress (1928) t a p.

Die stamraad bestaan uit die opperhoof, sy intieme raadgewers, onderhoofde en gesiene "burgers" vanuit die hele stamgebied. In sy intieme kring is daar 'n hoofraadgewer wat gewoonlik as tussenganger optree: hy dien as skakel tussen die opperhoof en die gemeenskap, deur byeenkomste te reël, as mondstuk op te tree, en so meer. Alle aangeleenthede vir die opperhoof se oorweging gaan dan ook eers na die hoofraadgewer.

Naas die hoofraadgewer is daar ook ander intieme raadgewers in die opperhoof se binnekring. Dit is skynbaar hierdie "binneraad" wat Whitfield³⁰⁾ beskryf as "assist(ing) (the Chief) in the executive, fulfilling many of the duties of ministers of state under more advanced forms of government." Hierdie intieme groepie hou die opperhoof op hoogte van die opinies en gebeure in die stam, en oefen met hulle kennis hiervan, hul advies en persoonlike status, heelwat invloed op die opperhoof uit. Die "binneraad" handel eers met alle sake wat voor die stamraad gelê word en is dus behulpsaam met die formulering van beleid.

Die stambeleid word egter finaal vasgelê deur die breëre stamraad. Die lede daarvan geniet die agting en steun van die hele stam en in dié sin kan dit as verteenwoordigend beskou word.³¹⁾ Bespreking van be=

30. T a p.

31. Vgl ook African National Congress (1928) 4.

leidsaangeleenthede word dan ook in hierdie breëre stamraad gevoer en beslissinge daarvan word deur die lede na hul eie plaaslike gebiede oorgedra, en dit is bindend op die hele stam.

Whitfield³²⁾ beskryf die lede van die stamraad as direkte verteenwoordigers van die gemeenskap se wil. By die raadsvergaderings geniet hulle heelwat vryheid van spraak en bring aldus die gemeenskapswil effektief oor na die opperhoof. Afgesien van die bloedverwante "onderhoofde" in die stamraad, het persone wat op diverse wyses agting afdwing daarin sit-tin verkry; deur byvoorbeeld populêre opinies oortuigend by stamvergaderings te lug, of deurdat hy as dapper beskou word of oorlogs- of ander prestasies behaal het, kon 'n persoon se gewildheid sodanig groei dat hy as verteenwoordiger van 'n groep in die stam na vore gestoot kon word tot in die stamraad.³³⁾

Soos hierbo reeds geblyk het, is die regeringstelsel van 'n Bantoestam deeglik gesentraliseer.

32. T a p.

33. Vgl ook Brookes (1927) 251 en African National Congress (1928) 8.

Die kleinste regeringsentiteit is die stat,³⁴⁾ bewoon deur 'n noue verwantskapsgroep, met die "vader" of te wel senior lid van die groep, aan die hoof daarvan. Statte wissel in grootte en organisasiepatroon van hoofgroep tot hoofgroep, maar deurgaans is die stat en die statshoof belangrike elemente in die regeringstelsel.

Die statshoof, bygestaan deur senior manlike inwoners van die stat as statsraad, is verantwoordelik vir sy stat se welsyn, eensgesindheid, orde en gedrag. Gebruiklik tree hy eerder vaderlik as dwingend op. Geskille en probleme wat hy nie kan oplos nie, of waarvoor hy nie jurisdiksie het nie, word na hoër gesag verwys. Sy gesag is dus van plaaslike aard, maar hy rig sy optrede volgens die stamtradisie en -reg.

Distrikte of wyke (en "provinsies" by groot stamme, bestaande uit 'n aantal saamgevoegde statte, word op dieselfde patroon as die stat regeer deur 'n hoof=

34. Dit wil voorkom of die begrippe "stat" en "kraal" dikwels as wisselvorme gebruik word. Seymour (1970) xix gebruik deurgaans "kraal" om 'n baie klein gesinseenheid aan te dui - dit het blykbaar in latere jare weens ekonomiese oorwegings die belangrikste wooneenhede van die landelike en tradisioneel-georiënteerde Bantoe geword - vgl bv Marwick (1940) 9-10. Die begrip "stat" (in Engels meermale "village") moet egter beskou word as 'n ietwat groter eenheid wat meer tradisioneel die kleinste wooneenheid in vroeër jare was en wat meerdere inwoners as slegs een gesin gehad het - vgl bv Marwick (1940) t a p, EJ en JD Krige (1943) 70, Krige (1963) 39 en Bruwer (1963) 57.

man en raad. Hierdie rade bestaan meermale hoofsaaklik uit die statshoofde van die distrik of wyk of provinsie. Die jurisdiksie en verantwoordelikheid van die distriks-/wyks-/provinsiale hoofman en raad is natuurlik groter en hy is belas met die algemene handhawing van vrede en orde binne sy hele gebied. Die gebiedshoofskap is dan ook dikwels gefundeer op afstamming.

Die regeringsgesag van 'n stam kulmineer dan ein delik in die opperhoof en stamraad, soos aangedui.³⁵⁾

Regsprekende gesag en die stelsel van howe in die Bantolestam loop parallel met die res van die hiërargiese regeringsgesag en gemeenskapstelsel. Die statshoof se regterlike rol kan as quasi-regsprekend beskou word, hoewel gedinge meestal voor hom, sy statsraad en die hele gemeenskap gel'nisier word.³⁶⁾ Junod noem hom 'n vrederegter ("Justice of the Peace").³⁷⁾ Belangriker misdade kon tradisioneel egter nie deur sy "hof" verhoor word nie. Die wyks-/distriks-/provinsiale hoof se "hof" het natuurlik wyer jurisdiksie gehad en kon dien as hof van eerste appèl. Die opperhoof se "hof" het algemene jurisdiksie gehad en het ook gedien as finale appèlhof.

35. Benewens die hoofbronne vermeld in vn 11 supra waarop hier grootliks gesteun word, gee die Sosio-Ekonomiese Verslag in hfst 1 61-7 ook 'n goeie uiteensetting van die tradisionele regeringstelsel van die Bantoe.

36. Vgl bv Seymour (1970) 17-8, Junod (1938) 94-5, ens.

37. Junod (1938) 94.

Op al die vlakke was die betrokke hoof die hoof regsprekende beampte, maar nooit die enigste een nie.³⁸⁾ Sy uitspraak was meestal in ooreenstemming met die opinies van die raad wat hom bygestaan het en selfs die gesindheid van ander teenwoordiges is meermale in ag geneem. Deelname aan gedinge en verhore was gewoonlik oop vir die hele stam en selfs vir vreemdelinge.

Indien die tradisionele Bantoestam as 'n staatsregtelike entiteit beskou kan word, kan ook gepraat word van "burgerskap" van so 'n stam. 'n Duidelike onderskeid is in die tradisionele "Bantoestaatsreg" getref tussen stamlede en vreemdelinge. Hierdie "burgerskap" is, soos in die Germaanse gevolgsverhoudingstelsel, bepaal deur 'n trouverbintenis van die stamlid aan die opperhoof. Geboorte binne die stamverband het natuurlikerwys hierby 'n belangrike rol gespeel, maar stamlidmaatskap kon ook verwerf word deur vrywillige vereenselwiging met die stam en onderdanigheid aan die opperhoof, of deur dwang by verowering. Volgens Bruwer³⁹⁾ is "die Bantogemeenskap ... nie geslote of net rondom die groep stamverwante georganiseer nie. Dit is 'n staatkundige instelling wat almal insluit wat in die gebied van 'n bepaalde gesagsliggaam verkeer.

38. African National Congress (1928) 7 beweer hierteenoor: "... the Chief (Paramount) never presides at Court, even if he happens to be present; het is supposed not to be there. All cases are tried by the Court," maar in strafsake sit hy wel voor - ibid 8.

39. (1963) 174.

Oor die algemeen bring "burgerskap" van 'n stam oftewel onderdaanskap aan 'n stamhoof regte mee soos die gebruik van stamgrond vir landerye, weiding, bewoning en alles wat die stamlid nog nodig mag hê vir sy lewensonderhoud, asook regsbeskerming van sy persoon en sy eiendom. Voorregte van stamlede verskil na gelang van hul status as gewone stamlede, raadsmanne, hoofmanne of opperhoof.

Aan die ander kant is stamlede ónderhewig aan die stamreg, die opperhoof en ander persone met hoër status as hyself, militêr dienspligtig en verplig om stamvergaderings, seremonies, ensovoorts by te woon of daaraan deel te neem.

Bostaande kursoriese uiteensetting van die tradisionele "Bantoestaatsreg" is veralgemenend en onvolledig. Byna op elke beskrewe omstandigheid bestaan daar uitsonderings, wat egter geïgnoreer is om 'n beknopte benaderde weergawe daar te probeer stel. Vir die doeleindes van hierdie studie behoort dit egter voldoende te wees, maar verdere detail word, waar toepaslik, in die verdere paragrawe en hoofstukke hieronder bygevoeg.⁴⁰⁾

40. In Bruwer (1963) se bibliografie op 213-5 is 'n goeie verskeidenheid van gespesialiseerde werke oor die individuele etniese subgroepe vervat waaruit die differensiasie in die fyner besonderhede van die regstelsels blyk. Hammond-Tooke (1974) hfst 8 deur Basil Sansom bevat 'n beknopte en verdienstelike analise van die differensiasie in die tradisionele "Bantoestaatsreg."

2. Die Kaapse Oosgrens, die Ciskei en Noord-Kaap tot 1910

2.1. Die Kaapse Oosgrens

Die kroniek van die moderne Bantoestaatsreg begin gedurende die sewentigerjare van die agtiende eeu, toe Blanke trekboere, wat vanaf die weste ooswaarts op soek na weiveld getrek het, en sekere Xhosasprekende stamme wat die voerpunt van die suidwaartse Ngunimigrasie verteenwoordig het, vir die eerste keer territoriaal, kultureel, militêr en ekonomies mekaar ontmoet en gekonfronteer het.¹⁾ Hierdie toestand het hom geleen tot konflik, wat die Kompanjiereregning van die Kaap daartoe gebring het om in 1780 die Visrivier finaal as die oosgrens van die Kolonie aan te dui.²⁾

Die gebiedskeiding was nie besonder effektief nie en het aanleiding gegee tot 'n lang reeks grensoorloë, waarvan die eerste in 1781 plaasgevind het, toe 'n kommando met die seën van die Kaapse regering 'n groot gedeelte van die Xhosas oor die Visrivier gedryf het.³⁾

1. Van Jaarsveld (1971) 93-5, Macmillan (1928) 23, Van der Walt, Wiid en Geyer (1951) 373-4 en Wilson en Thompson (1970) 233-7.

2. Dit is gedoen nadat die Gamtoosrivier op 'n stadium as die nie-amptelike grens beskou is, die bolope van die Visrivier en die Boesmansrivier as grense van die Stellenbosch- en Swellendamdistrikte onderskeidelik in 1775 verklaar is en in 1778 herbevestig is. (Vgl die werke in vn 1 supra aangedui).

3. Van der Walt, Wiid en Geyer (1951) 375.

Die tweede grensoorlog het in 1789 plaasgevind as gevolg van gedurige terugsydeling van Xhosas oor die Visrivier. Hulle is by hierdie geleentheid slegs tot by die rivier teruggedryf, waarna besluit is om aan hulle prekariese woon- en weiregte in die Suurveld (tussen die Boesmans- en Visriviere) toe te ken.⁴⁾ As gevolg van voortgesette veediefstalle het 'n klein kommando in 1793 op eie inisiatief opnuut gepoog om die Xhosas uit die Kolonie te verdryf, waarop die Xhosas hewig gereageer het en hulle daarna toegelaat is om te bly waar hulle was. Streng skeidingsreëlings is deur die Gouwerneur uitgevaardig, maar kon nie afgedwing word nie.⁵⁾

Net soos die Kompajieregering, was die Britse owerhede aan die Kaap ná 1795 onwillig en onmagtig om die vrede op die oosgrens te bewaar.⁶⁾ Hierdie houding van die owerhede het onder meer meegebring dat Graaff-Reinet en Swellendam kort voor die Britse besetting eensydig onafhanklikheid opgeëis het, en later, in 1799, het dit tot rebellie aanleiding gegee. Albei gebeurtenisse het egter niks blywends opgelewer nie.⁷⁾

4. Ibid 375-8.

5. Ibid 379-83.

6. Vgl Van Biljon (1947) 19-23.

7. Vgl bv Wilson en Thompson (1970) 185, 227 en 312, Van Jaarsveld (1971) 97.

Botsings tussen twee Xhosagroepe het meegebring dat een groep opnuut die Suurveld binnegedring het en die grensboere aangeval het. Dit het tussen 1799 en 1802 gelei tot voortdurende aanvalle en teenaanvalle. Die uitkoms daarvan was dat toe die Bataafse bewind aan die Kaap ingestel is, groot gebiede op die oosgrens deur die Xhosas beset was.⁸⁾ Die Bataafse bewind het die Visrivier as grens en die gebiedskeidingsreëlings herbevestig, maar sonder sukses.⁹⁾

Die tweede Britse besetting van die Kaap in 1806, het 'n nuwe wending aan die oosgrensbeleid gegee, hoewel in die eerste jare daarná min wesentliche verandering aangebring is. Ten minste is besef dat die oosgrenstoestand ernstige aandag van die kroonkolonieregering geverg het,¹⁰⁾ en hoewel hy militêr onmagtig was, het die eerste Britse goewerneur, Graaf Caledon, in 1809 ene koloniel Collins na die grens toe gestuur om ondersoek in te stel na die toestand aldaar.¹¹⁾ Collins het aanbeveel dat die koloniale grens verskuif moes word na die Koonaprivier ('n sytak van die Visrivier wat uit 'n noordwestelike rigting by die Vis aansluit), dat meer magistrats in die gebied aangestel moes word, dat die Blanke bevolking vergroot moes word,

8. Van Jaarsveld (1971) t a p.

9. Van Jaarsveld (1971) 97-8.

10. Macmillan (1928) 30-1.

11. Van Biljon (1947) 50-1.

dat die Xhosas uit die Suurveld verdryf moes word en dat forte oral langs die grens gebou moes word om die gebiedskeiding streng te handhaaf.¹²⁾ Dit was egter nie voor 1812 dat Goewerneur Cradock die meeste van hierdie aanbevelings in werking gestel het nie. In die vierde grensoorlog van 1811-12 is die Suurveld opge=ruim, forte opgerig, Blanke boere langs die grens ge=vestig, en die Visrivier vir die eerste keer effek=tief as grens gehandhaaf.¹³⁾

Hierdie effektiwiteit was egter relatief, en Lord Charles Somerset het hom ingemeng met huishoudelike Xhosasake deur vir Gaika as opperhoof te erken en deur laasgenoemde militêr by te staan in sy stryd teen Ndlambe.¹⁴⁾ As gevolg hiervan het Ndlambe in 1819 die grens oorgesteek, en die Kolonie plunderend binnegeval. 'n Felle aanslag is by Grahamstad afgeweer en die aan=vallers is geheel oor die Vis- en Keiskammariviere ver=dryf.¹⁵⁾ Somerset het van hierdie geleentheid gebruik gemaak om die grensreëlings, wat sedert 1780 onver=anderd was, te wysig deur die Keiskammarivier en sy noordwaartse vertakking, die Tyumie, as grens van die Xhosagebied te verklaar. Die gebied tussen die Vis- en Keiskammariviere moes dan 'n neutrale niemands=

12. Vgl Macmillan (1928) 31, Van Jaarsveld (1971) 99-100 en Van Biljon (1947) 51-4.

13. Vgl Van Biljon (1947) 58 en Van Jaarsveld (1971) 100.

14. Vgl Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 2 17.

15. Van Biljon (1947) 72-4, Van Jaarsveld (1971) 100.

gebied word om botsings te voorkom.¹⁶⁾ Hoewel Somerset hierdie gebied aanvanklik "neutral territory" genoem het, het dit al gou geblyk dat hy dit as verowerde gebied beskou het deur in 'n dépêche daarna te verwys as "ceded territory."¹⁷⁾

Hierdie bufferstrook het vir ongeveer veertien jaar meegehelp tot die instandhouding van 'n wankelrige vredestoestand aan die oosgrens. Die probleem was dat die "neutraliteit" van die gebied nie streng in ere gehou is nie: in 1820-1 reeds, wou waarnemende Goewerneur Donkin afgetrede offisiere in die gebied vestig met die instemming van Gaika, wat toegelaat is om die Tyumievallei te bewoon;¹⁸⁾ deur die loop van die twintigerjare het Somerset ook ander Xhosagroepes toegelaat om hulle in die gebied te hervestig.¹⁹⁾ In 1829 het Goewerneur Cole die amptelike koloniale grens weer gewysig om langs die heuwels wes van die Tyumie af tot by die Katrivier suid van Fort Beaufort te loop.²⁰⁾ Teen 1834 het die kroonkolonieregering egter

16. Van Biljon (1947) 75-9.

17. Somerset aan Bathurst 15 Okt 1819 - Theal (1897-1905) 337 en vgl Van Biljon (1947) 80-1.

18. Vgl Van Biljon (1947) 81-5 en Macmillan (1928) 62.

19. Vgl bv Van Biljon (1947) 108-11.

20. Walker (1922) 14.

skynbaar reeds die Keiskammarivier as die oosgrens van die Kolonie beskou.²¹⁾

Militêr gesproke (en dit was onder die omstandig= hede 'n baie belangrike faktor) was nòg die Vis-, nòg die Keiskammariviere bevredigende grense, onder meer omdat dié riviere nie standhoudend of moeilik oorbrug= baar was nie. As grenslyn was die loop van die Keiri= vier beter geskik.²²⁾

Daarenteen het die filantropiese element aan die oosgrens nie veel waarde geheg aan strategiese oorwe= gings nie. Andries Stockenström, 'n landdros van Graaff-Reinet, later kommissaris-generaal vir die oos= telike distrikte en nog later luitenant-goewerneur al= daar, het byvoorbeeld reeds in 1834 by die Britse rege= ring aanbeveel dat militêre magte onttrek moes word aan die oosgrens en dat die vrede bewaar moes word deur verdragsluiting met die stamhoofde.²³⁾ Heelwat het eg= ter plaasgevind alvorens sy aanbevelings in werking gestel is.

21. Vgl Galbraith (1963) 33-4, Macmillan (1928) 63 en i v m die "wankelrige vredestoestand" Galbraith (1963) 100-1.

22. Vgl Galbraith (1963) 50.

23. Vgl Galbraith (1963) 133. Ook was hy die eerste wat die gedagte geopper het dat groot stukke grond vir Bantoebewoning gereserveer moes word: ibid.

2.2. Die Ciskei

Die geleidelike hervestiging van enkele Xhosa-stamme in die "neutrale gebied," wat op hernude vee=diefstal, en gevolglike herwinningsekspedisies deur die Britse militêre mag uitgeloop het, gepaard met herverbanning van enkele stamme en oorbevolking oorkant die Kaapse grens, het eindelijk in die laaste week van 1834 gelei tot 'n grootskaalse Xhosa-inval van die Kaap.²⁴⁾ Kolonel Harry Smith, destydse militêre bevelvoerder in die Kaap, het hom na die oosgrens gehaas en die inval binne vyf maande oortuigend afgeslaan, hoewel die Xhosas nie verslaan was nie.²⁵⁾ Dit het egter aan Goewerneur D'Urban die geleentheid gebied om nuwe grensreëlins te tref.

Voordat die oorlog nog 'n maand oud was, het D'Urban al te kenne gegee dat hy van voorneme was om van die Keirivier die grens van die Kolonie te maak.²⁶⁾ In April 1835 het hy vir Hintza, wat hy veronderstel het die opperhoof van die Ama-Xhosa te wees, ontbied om aan hom die vredesvoorwaardes te dikteer. Op 10 Mei het hy die vrede op die walle van die Kei geproklameer en bepaal dat die kapteins wat aandadig was aan die inval uit die Kolonie oor die Keirivier verban word. Tege-lykertyd is die verowerde gebied tussen die Keiskam-

24. Vgl Galbraith (1963) 108-10.

25. Macmillan (1928) 110-11.

26. Vgl Galbraith (1963) 113 en Macmillan (1928) 110.

marivier, die Stormberg, Wit Kei- en Groot Keiriviere as Britse gebied en deel van die Kolonie onder die naam "Province of Queen Adelaide" geproklameer.²⁷⁾ 'n Paar goedgesinde groepe, waarvan die Fingo's (Mfengu) die belangrikste was, is deur D'Urban toegelaat om hulle in die nuwe Provinsie te vestig as Britse onderdane.²⁸⁾

Die verbanning van die vyandige kapteins was, weens die bebostheid en bergagtigheid van die gebied, gepaard met die ontoereikendheid van die Britse militêre magte in die Oos-Kaap, nie afdwingbaar nie.²⁹⁾ Gevolglik het D'Urban op 17 September 1835 'n nuwe ooreenkoms met die vyandige stamme aangegaan; hulle is nou toegelaat om hulle as Britse onderdane in "lokasies"³⁰⁾ binne die Provinsie te vestig, maar onder die toesig van Britse resindentagente en onderworpe aan die reg van die Kolonie, hoewel Bantoereg gedeeltelike erkenning sou ontvang. Goedgekeurde kapteins sou aangestel word as magistrats binne hul eie lokasies.³¹⁾ Die gebiede

27. Van Biljon (1947) 129.

28. Britse onderdaanskap is volgens Macmillan (1928) 113, reeds op 24 April 1835 aan die Fingo's toegeken. Vgl ook Van Biljon (1947) 131.

29. Vgl bv Macmillan (1928) 125-6, Galbraith (1963) 115-6.

30. Vgl Macmillan (1928) 128-9: hierdie was een van die vroegste aanwendinge van die begrip "lokasie."

31. Vgl Van Biljon (1947) 137-40 en Macmillan (1928) 127.

tussen die Tyumie- en Katriviere wat nie vir bewoning deur Fingo's deur 'n spesiale kommissie aangewys is nie, was beskikbaar vir vestiging deur Blankes.³²⁾

D'Urban se uitdruklike doel was om deur middel van die magistrate, die gesag van die stamhoofde subtiel af te breek, ontstamming in die hand te werk en so beskawing van die Xhosa te bewerkstellig.³³⁾

Vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is Bantoe dus onder direkte Blanke administrasie geplaas en is hulle, ongeag hul onderwerping aan die reg van die Kolonie, toegelaat om volgens hul eie reg en gewoontes te leef.³⁴⁾ Kolonel Harry Smith is in September 1835 deur D'Urban as administrateur van die Provinsie van Koningin Adelaide aangestel. Al gou het hy homself beskou as "Great Chief" van al die stamme binne die Provinsie, en wel as adjunk van die Goewerneur.³⁵⁾

Die anneksasie van die Provinsie van Koningin Adelaide sou meer onkoste vir die Britse regering meebring en die verbanning van die Xhosakapteins in Mei 1835 was vir die filantropie 'n onmenslike daad.³⁶⁾ D'Urban se optrede was dus ongewild by diegene wat ge-

32. Van Biljon (1947) 140-1, Galbraith (1963) 118.

33. Galbraith (1963) 118, en Van Biljon (1947) 141.

34. Galbraith (1963) 117, Brookes (1927) 17 en Du Toit (1954) 9.

35. Vgl Galbraith (1963) 120 en Macmillan (1928) 127.

36. Vgl bv Van der Walt, Wiid en Geyer (1951) 399-401.

sag en invloed oor die Kolonie gehad het. Die gevolg hiervan was dat 'n lywige *dépêche* onder die naam van Lord Glenelg, die Britse Minister van Kolonies, te midde van veelvuldige politieke gemanuvreerdery opgestel is,³⁷⁾ waarin D'Urban se optrede verdoem is en totaal ander maatreëls voorgeskryf is: D'Urban moes die geannekseerde gebied aan die Xhosas teruggee en verdrae sluit om die handhawing van vrede wedersyds te verseker. Andries Stockenström is in 1836 as plaasvervanger van Smith aangestel met die rang van Luitenant-goewerneur. Hy moes die Glenelg-beleid uitvoer.³⁸⁾

Na vele verdragings van die verampteliking van die teruggawe is Britse soewereiniteit oor die verowerde gebied eindelik in 'n proklamasie van 2 Februarie 1837 opgesê.³⁹⁾ Voor dié opsegging nog in Desember 1836, het Stockenström egter al afstand gedoen van die gebied oorkant die Keiskammarivier, die verdrae van D'Urban met die kapteins van September 1835 nietig verklaar en nuwe verdrae gesluit, ingevolge waarvan die voormalige "ceded territory" Britse gebied sou bly maar sekere stamme toegelaat sou word om hulle tussen die Kat- en Keiskammariviere (binne die voormalige "ceded territory") te vestig in aangewese "lokasies," wat die kapteins en hul mense uit hoofde van 'n ewigdurende lening ("loan in perpetuity") quamdiu se bene

37. Vgl Galbraith (1963) 123-38.

38. Vgl Macmillan (1928) 151.

39. Macmillan (1928) 147-58.

gesserint kon okkupeer. Britse agente is by die kapteins geplaas, die kapteins is verantwoordelik gemaak vir die handhawing van orde, alle Xhosas wes van die Tyumie- en Keiskammariviere sou Britse onderdane bly, die Britse militêre magte sou nie meer toegelaat word om die Visrivier oor te steek nie, en alle Bantoe wat die Kolonie binnegekom het, moes passe, uitgereik deur die agente, by hulle dra.⁴⁰⁾ Die oosgrens van die Kolonie was nou weer, soos in 1829, die Kat- en Visriviere.⁴¹⁾

Kort ná die vervanging van D'Urban se reëlings is ook hy vervang met Sir George Napier om geldbesparend die vrede te kom handhaaf deur middel van die verdragstelsel. Daar het geen oorlog gedurende sy termyn uitgebreek nie, maar sy beperkte militêre mag, sy onderhorige amptenare (soos Luitenant-goewerneur Hare) se beperkte vermoëns, en so meer,⁴²⁾ het daartoe bygedra dat 'n nuwe Xhosa-inval reeds gedreig het toe hy in 1844 sy gesag aan sy opvolger, Sir Peregrine Maitland oorgedra het.⁴³⁾ Geen noemenswaardige verwickelinge van belang vir hierdie studie het in die voorafgaande ses jaar plaasgevind nie.

40. Galbraith (1963) 140, Macmillan (1928) 158, Du Toit (1954) 11 en Van Biljon (1947) 173-4.

41. Walker (1922) 14 en Van Biljon (1947) 173-4.

42. Vgl Galbraith (1963) 151-64.

43. Macmillan (1928) 247-8.

Maitland het, in 'n poging om die onrus op die oosgrens te laat bedaar, Stockenström se verdrae ver= vang met nuwes wat die Blankes grootliks bevredig het. Dit het die Xhosas egter nog meer oproerig gemaak en meegehelp tot die opvlam van 'n nuwe oorlog.⁴⁴⁾

Die sogenaamde "Oorlog van die Byl" het in Maart 1846 uitgebreek. Kort daarna het daar 'n regeringswis= seling in Engeland plaasgevind waaruit 'n koloniale be= leidsverandering voortgevloei het⁴⁵⁾ wat grootliks 'n terugkeer na D'Urban se reëlings in 1835 ingehou het. Maitland is vervang deur Sir Henry Pottinger, wat dip= lomatieke ondervinding in Indië opgedoen het en op grond daarvan gekwalifiseerd geag is om stabiliteit in Suider-Afrika te kom bewerkstellig en om die nuwe be= leid in te lui.⁴⁶⁾ Vir hierdie doel is die amp van Hoëkommissaris van Suid-Afrika geskep, wat, naas die Kaapse goewerneurskap, aan hom opgedra is en wat skyn= baar aan hom die kompetensie gegee het om Britse gesag in Suider-Afrika uit te oefen waar dit ookal uitge= oefen sou kon word en om aldus die Britse kroon in buite-koloniale aangeleenthede te verteenwoordig.⁴⁷⁾ Pottinger het in Januarie 1847 aan die Kaap geland en is in Desember 1847 opgevolg deur Sir Harry Smith. In

44. Galbraith (1963) 168-70.

45. Vgl Galbraith (1963) 210-17.

46. Galbraith (1963) 214.

47. Vgl Eybers (1918) xli-ii.

hierdie paar maande het Pottinger nie veel meer bereik as om die weerstand van die Xhosas feitlik tot 'n einde te bring nie.⁴⁸⁾ Smith het hom ook as Hoëkommissaris opgevolg en was die eerste wat werklik die kompetensies van die amp kon uitoefen.⁴⁹⁾

Die nuwe Britse Minister van Kolonies, Graaf Grey, het 'n beleid laat ontwerp wat moes lei tot die langdurige handhawing van vrede en die aanvaarding deur die AmaXhosa van Britse orde en reg: onmiddellike stappe moes geneem word om Bantoe in die Britse leër op te neem, en uiteindelijke selfdissipline deur die Xhosas deur die vrywillige aanvaarding van Britse gesag, moes die mikpunt wees. Hierdie beleid het ook vereis dat die Britse invloedssfeer territoriaal aangepas moes word: die Keiskamma moes die besliste oosgrens van die Kolonie word en al die Bantoe binne die Kolonie moes alle sweem van onafhanklikheid inboet ter wille van volle Britse onderdaanskap. "Beyond the Keiskamma the tribes would be subject to British authority, but with a government and laws adapted to their characteristics, subjecting them to firm but benign control, pruning away those elements that were abominating to civilized man but retaining the essential fabric of tribal society."⁵⁰⁾ Hierdie gebied oorkant die Keiskamma, Brits Kaffraria, wat afsonderlik van die Kaap geadministreer

48. Vgl Van Biljon (1947) 219.

49. Vgl Walker (1963) 345.

50. Galbraith (1963) 215-6.

moes word, moes in wese as 'n naturellereservaat in stand gehou word en Blanke boere moes so ver moontlik daar uitgehou word, hoewel Blanke ambagsmanne en landboudeskundiges wel daar toegelaat moes word. Die Xhosas moes intussen beskaaf en verengels word en belasting moes van hulle gevorder word sodat die gebied selfonderhoudend of selfs winsgewend gemaak kon word.⁵¹⁾

Oor hierdie reëlings het Van Bilon in 1951 die volgende insiggewende opmerkings gemaak:⁵²⁾ "Die prysgewing van hul konstitusionele onafhanklikheid was iets wat diep in die Bantoe se volkskultuur ingegryp het. Dit het die organe van gesag, wat veral by 'n primitiewe volk so noodsaaklik is, misken deur die kapteins van alle seggenskap oor hul volgelinge te beroof. Deur die taal van die volk stelselmatig in sy onderwysstelsel te ondergraaf, is die siel van die volk verkrag en die sedelike opheffingsmotiewe wat aan die beleid ten grondslag mag gelê het, verontagsaam. Hiermee is die weg gebaan vir die vereenselwiging tussen die blanke en nie-blanke rasgroepe in Suid-Afrika.

"Die gebruikmaking van naturelle as soldate was in meer as een opsig 'n flater. Ook die bepaling dat blankes hulle tussen die gebiede van die Bantoe kon vestig, het teen alle begrip van aparte ontwikkeling van blankes en Bantoe ingedruis."

51. Van Biljon (1947) som die hele beleid op 212-4 op.

52. P van Biljon in Van der Walt, Wiid en Geyer (1951) 418.

Sir Harry Smith het onmiddellik na sy aankoms op die oosgrens in Desember 1847 op flambojante wyse proklamasies uitgevaardig waarin die Keiskamme-Tyumie as oosgrens van die Kolonie bevestig is deurdat die voormalige "neutrale gebied" tussen die Vis-Kat en Keiskamma-Tyumie by die Kaap geannekseer is, die Britse kroon se susereiniteit⁵³⁾ oor die gebied tussen die Keiskamma- en Keiriviere as Brits-Kaffraria uitgeroep is, die Xhosabewoners van laasgenoemde gebied aan Britse gesag onderwerp is, en die bestaande verdrae beëindig is.⁵⁴⁾ Onder dwang, met dreigemente en oorstelpling, het hy ook kapteins en stamhoofde gedwing om hom te erken as iNkosi enkulu (die Groot Kaptein),⁵⁵⁾ in welke hoedanigheid hy (as Hoëkommissaris) direk oor Brits-Kaffraria gesag sou voer.⁵⁶⁾ Die kapteins in Brits-Kaffraria sou steeds erken word as die leiers van hul stamme ingevolge tradisionele Bantoereg, maar drie assistent-naturellekommissarisse en een hoof-

53. By gebrek aan 'n beter term word die begrip, "susereiniteit" hier aangewend: volgens die aanhalings van Van Biljon (1947) 222 uit Smith se proklamasie van 23 Des 1847, sou die gebied "be vested in the Queen," en "be held by the Kafir chiefs and people from and under her Majesty by such services and under such rules and regulations as her Majesty's High Commissioner or other representative who shall be the great chief of the whole of the said territories shall deem best calculated to promote the civilization, conversion to Christianity and general enlightenment of the benighted human beings subject to her rule."

54. Van Biljon (1947) 220-1.

55. Van Biljon (1947) 222-3 en 226-8.

56. Vgl Brookes (1927) 32 en die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 2 22.

naturellekommissaris is as magistrate met appèljurisdiksie vanaf die kapteins, aangestel. King William's Town het die hoofstad van die nuwe afsonderlike Brits-afhanklike gebied geword, met die hoof-naturellekommissaris-cum-Kommandant en sy assistente as die plaaslike regering. Die ou "neutrale gebied" sou voortaan die distrik Victoria wees (waartoe 'n klein stukkie van die Tamboekiegebied in die noorde deur anneksasie gevoeg is) en Smith het, nog verder noordwaarts, die Stormberggebied tot by die Kraai- en Oranjeriviere by die Kolonie geannekseer en 'n nuwe distrik, by name Albert, aldaar geskep. Deur die loop van 1848 is die Fingo's in die grensdistrik, Victoria, en by Whittlesea, in statte gevestig. Hierdie statte is plaaslik regeer deur aangestelde hoofmanne onder die toesig van Blanke superintendente.⁵⁷⁾

Die naturelleservate wat deur Smith in die Ciskei geskep is, stem in 'n groot mate ooreen met die meeste van die latere Bantoegebiede waaruit die moderne Ciskei saamgestel is.⁵⁸⁾

Met hierdie stappe is die langdurige pogings om

57. Du Toit (1954) 28-30 en 34-5 en Galbraith (1963) 222-3 en 227. In die Whittlesea-gebied het daar ook Tamboekies gewoon, en in 1850 is 'n assistent naturellekommissaris vir die gebied aangestel - Du Toit (1954) 51. I v m die administrasie van die statte, vgl ook Brookes (1927) 88.

58. D w s voor die latere konsolidasie daarvan en die toevoegings wat in 1975 uit Ciskeise grond tot die Transkei gemaak is: vgl Board (1962) 106-7.

gebiedskeiding op die oosgrens te handhaaf, beëindig, en het die Britse poging om wit en swart as inwoners van dieselfde staatlike entiteit te regeer, 'n aanvang geneem.⁵⁹⁾ Hoewel Smith die eerste was om (in 1836 reeds) die erkenning van Bantoereg te bepleit,⁶⁰⁾ was dit nie presies duidelik welke regstelsel op die Xhosa in Brits-Kaffraria toegepas sou word nie: hoewel al die inwoners van Brits-Kaffraria Britse onderdane was, is gedeeltelike voorsiening gemaak in die instruksies aan die natuurlekommisaris om ook van die Bantoereg, naas die krygswet wat van toepassing was, gebruik te maak.⁶¹⁾

In Januarie 1847 is ook met twee Transkeise Gcaleka-hoofmanne, Kreli en Buku, ooreengekom dat hulle hul mense moes onttrek na die oostekant van die Indwe-Keiriviere. Dié gedeelte van hierdie gebied wat nou binne die koloniale grens geval het (wes van die Indwe-Keiriviere) en wat voormalig Gcalekagebied was, is vir Tamboekies oopgestel.⁶²⁾

In Julie 1850 het Smith verder 'n stuk grond oos

59. Vgl Brookes (1927) 34 en Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 2 22.

60. Vgl bv Brookes (1927) 87.

61. Du Toit (1954) 31. Pas voor die Agtste Grensoorlog het Smith egter besef dat die Bantoe nie goedsikks van hul gewoontereg ontnem kon word nie, en het dit aan die stamhoofde laat blyk dat die owerheid hul nie meer daarmee sou inmeng nie: Du Toit (1954) 57-8.

62. Vgl Du Toit (1954) 33.

van die Kraairivier in die Witteberg-omgewing by die Kolonie geannekseer en as reservaat uitgehou vir uitsluitlike okkupasie deur Bantoe. Dit was die eerste stap in die daarstelling van die Herschel-distrik, wat eers deel was van die Ciskei, maar tans deel is van die Republiek Transkei.⁶³⁾

Smith se reëlings het die vrede betreklik goed bewaar in die jare 1848 tot 1850. Probleme het egter ontstaan deurdat Trans-, sowel as Ciskeise Bantoe gedurig die pasreëlings oortree het en heen en weer oor die grense beweeg het sonder toestemming, en onder meer met wapens en ammunisie gesmokkel het. Ook het 'n ernstige droogte en die verpligte Gcaleka-hervestiging in 1849-50 die Bantoe ontevrede en selfs desperaat gemaak.⁶⁴⁾ Die stamhoofde was onthuts oor die feit dat die Britse owerhede besig was om hul greep oor hul eie mense te ondermyn, en hulle het gegryp na die geleentheid wat gebied is om hul gesag te herwin deur

63. Vgl Du Toit (1954) 45, Walker (1922) kaart 10, Macmillan (1930) 146 en Sir H Smith se anneksasieproklamasie van 31 Julie 1850 in die Cape of Good Hope Government Gazette van 1 Aug 1850. Die Herschel-distrik (of soos dit aanvanklik genoem is, die "Witteberg Native Reserve") het skynbaar 'n gebied geword wat allerlei los stamgroepe gehuisves het: in ongeveer 1852/3 het Sikonyela van die Batlokwa hom daar gevestig - hy het in 1856 daar gesterf, maar van sy stamlede het steeds daar aangebly - vgl Omer-Cooper (1975) 112 en Sanders (1975) 207; in 1854 het Mehloakulu van die amaHlubi daar asiel gekry, en sy volgelinge het eindelijk die talrykse van die distrik geword - Omer-Cooper (1975) 90; ook het splinters van die Bakwena, amaThembu en Mfengu hul tuiste daar gevind - Sanders (1975) 284, Omer-Cooper (1975) 105-6(?) en Malan en Hattingh (1975) 124.

64. Vgl Du Toit (1954) 47-50.

middel van die opswepende profesieë van Umlanjeni, 'n Xhosa-toordokter.⁶⁵⁾

In Oktober 1850 het Smith, te midde van gerugte van oorlog, die stamhoof van die Gaika's, Sandile, onttoon en 'n naturellekommissaris, Charles Brownlee, in sy plek aangestel. In Desember 1850 is 'n Britse mag op pad om Sandile te gaan arresteer, aangeval, en die Agtste Grensoorlog het uitbreek.⁶⁶⁾

Terwyl die oorlog nog in swang was, is Smith in Maart 1852 as Goewerneur vervang met Sir George Cathcart, wat die oorlog stelselmatig teen die einde van 1852 en die begin van 1853 beëindig het.⁶⁷⁾

Die mislukking van Smith se grensbeleid, soos deur die Agtste grensoorlog gedemonstreer, en veral die groot onkoste van dié oorlog, het dié Britse regering tot die slotsom laat kom dat daar weer beleidsaanpassing moes kom.⁶⁸⁾ Reeds voordat die oorlog tot 'n einde gekom het, het Cathcart al beplan en selfs stappe geneem om die nuwe beleid in te voer.

Vroeg in 1853 is die Blanke dorp, Queenstown, noord van die gebied wat in die oorlog van Tamboekies

65. Vgl Du Toit (1954) bv 55-6.

66. Du Toit (1954) 59 en Van Jaarsveld (1971) 105.

67. Du Toit (1954) 66-8.

68. Van Biljon (1947) 281.

opgeruim is, gestig in 'n gebied wat toe nog buite die koloniale grens geval het. Cathcart het ook Blanke boere in die Windvogelberggebied (toe nog deel van Brits-Kaffraria) laat vestig.⁶⁹⁾ Hierdie optrede het in praktyk neergekom op die anneksasie van die Queens- town- en Windvogelbergdistrikte by die Kolonie, waar- voor goedkeuring die Kaap in Augustus 1853 bereik het.⁷⁰⁾ Dit het die oosgrens van die Kolonie verder ooswaarts laat verskuif tot by die Wit Keirivier en die noordwes- telike hoek van Brits-Kaffraria ook binne die Kolonie laat val. Ook in 1853 is die Tamboekies, wat hul ge- bied binne die Kolonie tussen die Klipplaat- en Swart Keiriviere moes verbeur weens hul deelname aan die Agtste grensoorlog, hervestig in die gebied tussen die Bonkolo- en Stormbergreekse en die Indwerivier, wat later die Glen Grey-distrik geword het.⁷¹⁾ 'n Britse residentagent is oor hulle aangestel, aan wie hulle heeltemal onderdanig was.⁷²⁾ Reeds in Desember 1852 is hierdie gebied as die Tamboekielokasie geproklameer, en as naturelleservaat is dit beskou as koloniale grondgebied.⁷³⁾

Brits-Kaffraria het intern ook veranderinge onder

69. Du Toit (1954) 69-74.

70. Du Toit (1954) 77-8.

71. Vgl Walker (1922) 14 en kaart 10, asook Van Biljon (1947) 283-4.

72. Du Toit (1954) 74 en vgl Teal (1908) 107.

73. Vgl Lombaard (1952) 86.

Cathcart ondergaan: die Amatola-gebied is tot 'n Koninklike Reserwaat ("Royal Reserve") verklaar waar Fin-go's en Blankes hulle onder streng militêre beheer kon vestig, terwyl die gebied as Krooneiendom gekenmerk is; die res van Brits-Kaffraria is steeds as afsonderlike gebied geadministreer en vreedsame stamme is in die suidelike gedeelte daarvan as buffer gevestig en die noordwestelike gedeelte is aan die Gaika's toegestaan; 'n luitenant-goewernerskap en Uitvoerende Komitee is vir Brits-Kaffraria in die vooruitsig gestel, maar dit is nie ingestel voor 1860 nie en die gebied is steeds onder krygswet geadministreer. Alle Bantoe onder Britse beheer, met die uitsondering van die Fin-go's, moes volgens Cathcart deur hulle kapteins en stamhoofde geregeer word sonder om laasgenoemdes se gesag af te takel.⁷⁴⁾

Cathcart is in Desember 1854 deur Sir George Grey opgevolg. Die nuwe goewerneur se beleid was om Blanke invloed oor en gevolglike beskawing en "opheffing" van die Bantoe te bewerkstellig.⁷⁵⁾ Onder meer het hy 'n stelsel van regspraak in Brits-Kaffraria ingevoer waarvolgens Blanke magistrate saam met die kapteins sake sou verhoor om aldus Britse regsdenkbeelde en kultuur onder die Bantoe in te voer.⁷⁶⁾ Hy het ook 'n

74. Du Toit (1954) 78-82, Brookes (1927) 90 en aangaande die regeringstelsel van die gebied, kyk Du Toit (1954) 74, 79 en 122, contra Van Biljon (1947) 285.

75. Vgl Van Biljon (1947) 289.

76. Du Toit (1954) 90-99 en vgl ook Wilson en Thompson (1970) 264.

program aangepak waarvolgens die Ciskeise Bantoe in klein stamme, versprei oor die hele gebied, met Blanke boere oral tussenin, geplaas is. Hiermee het hy gehoop om kulturele, politieke en ekonomiese integrasie te bewerkstellig ten einde die stamstelsel en die kapteins se gesag te ondermyn, en te vervang met die gesag van Blanke magistrat.⁷⁷⁾ Die gevolg van hierdie beleid was dat die bewonings- en eiendomspatroun in die gebied tussen die Vis- en Keiriviere voortaan soos 'n lappieskombers met wit en swart kolle sou lyk. Dit is tot vandag toe die posisie.

Brits-Kaffraria het tot in 1860 'n feitlik amorfe Brits-afhanklike regeringstelsel gehad: Goewerneur Cathcart het in 1853 reeds voorgestel - en sy voorstel is deur die Britse regering aanvaar - dat 'n luitenant-goewerneurskap en Uitvoerende Raad (met ander woorde 'n kroonkolonieregering) vir die gebied geskep moes word.⁷⁸⁾ Vir hierdie doel is 'n Ope Brief ("letters Patent") in 1854 opgestel maar nooit gepromulgeer nie.⁷⁹⁾ Intussen het die Kaapse Goewerneur die gebied direk as Hoëkommissaris, in loco bygestaan deur 'n hoof-naturelle kommissaris en 'n "Kaffrariëse Raad," geadministreer, en wetgewing daarvoor uitgevaardig by wyse van proklamasie.⁸⁰⁾ Uiteindelik het Goewerneur Grey in Julie 1860

77. Du Toit (1954) 99-110 en Brookes (1927) 92-5.

78. Du Toit (1954) 79.

79. Du Toit (1954) 79-80.

80. Du Toit (1954) 122. Krygswet het skynbaar nog tot in 1860 in Brits-Kaffraria gegeld.

'n Ope Brief wat 'n handves vir Brits-Kaffraria bevat het, afgekondig: die gebied het nou 'n afsonderlike kroonkolonie geword met 'n Luitenant-goewerneur aan die hoof daarvan.⁸¹⁾

Soos reeds aangedui, was die administrasie en regspraak betreffende die Bantoe in Brits-Kaffraria op losse skroewe. Die Tamboekie in die Glen Grey-reservaat was Britse onderdane op wie die Kolonie se regstelsel van toepassing was, maar hulle is beheer deur hul kapteins en Bantoe-reg is gedeeltelik en onkundig op hulle toegepas: die Britse agent by die Tamboekies was die mening toegedaan dat die stam nie die Blanke reg sou kon aanvaar nie.⁸²⁾ Om hierdie situasie in Glen Grey op te los, is 'n gebied oorkant die Indwerivier vir die Tamboekies aangebied in ruil vir hul reservaat, wat dan bevolk moes word deur Blankes.⁸³⁾ As gevolg van tweespalt binne die Tamboekiestam en ander faktore, het net 'n gedeelte van dié groep verhuis na buite die koloniale grens en die res het in die Glen Grey-gebied gebly. Dit was skaakmat aangesien die agtergeblewenes nie gedwing kon word om te trek nie en hulle is meegedeel dat hulle kapteins se gesag voortaan nie erken sou word nie; dat alle Bantoe binne die grense van die Kolonie voortaan uitsluitlik aan die Blanke reg onderhewig sou wees; dat die Glen Grey-

81. Du Toit (1954) 147, 164 en Morrell (1969) 120.

82. Vgl Du Toit (1954) 148.

83. Du Toit (1954) 207.

distrik binne die jurisdiksie van die magistraat van Queenstown sou val, en dat daar geen verdere resident-agente vir die distrik aangewys sou word nie. Die Tamboekies het egter voortgegaan om hul eie gewoontes te handhaaf sonder om hul veel aan die magistraat te steur.⁸⁴⁾

Brits-Kaffraria het as kroonkolonie ná 1860 vir veral die Hoëkommissaris probleme opgelewer omdat dit afsonderlik geadministreer is: so het die Hoëkommissaris (asook die uitvoerende gesag van die nuwe kolonie) byvoorbeeld direkte beheer oor die regsprekende gesag van die gebied verloor, wat onder meer probleme opgelewer het met betrekking tot die erkenning en toepassing van Bantoereg, die beslegting van geskille tussen Blank en Bantoe, ensovoorts.⁸⁵⁾ Bowendien was Brits-Kaffraria te arm en te klein om 'n lewensvatbare kolonie te word, en kon dien as 'n buffergebied tussen die Kolonie en die Transkei. Gevolglik is die gebied ingevolge Wet 3 van 1865 (Kaap) in April 1866 ingelyf as deel van die Kaapkolonie, en is in twee magistraatsdistrikte en ooreenstemmende kiesafdelings verdeel.⁸⁶⁾

As deel van die Kaapkolonie was die Ciskei nou uitsluitlik aan die Blanke regstelsel onderhewig - dit wil sê al die inwoners, insluitende die Bantoe.

84. Du Toit (1954) 218-22 en 294.

85. Vir besonderhede, kyk Du Toit (1954) hfst XII.

86. Vgl Du Toit (1954) 196-207.

Die magistrate het die Bantoe reg egter steeds sonder enige amptelike magtiging toegepas in siviele sake tussen Bantoe.⁸⁷⁾

In 1872 het die Kaapkolonie verantwoordelike regering ontvang,⁸⁸⁾ wat onder meer meegebring het dat die Kolonie nou alleen verantwoordelik was vir die regering van die Bantoe binne sy grense,⁸⁹⁾ wat natuurlik hoofsaaklik die Ciskei bewoon het. Slegs in die Herschel- en Glen Grey-distrikte was die magistrante later nog "native affairs officers," terwyl dit nie die geval in die res van die Ciskei was nie; in die res van die Kolonie is Bantoe presies soos Blankes behandel en alle inwoners (Bantoe inklusief) van die Kolonie (Ciskei ingesluit) het stemreg gehad mits hulle aan bepaalde vereistes voldoen het.⁹⁰⁾

Wat die grense van die Bantoegebiede in die Ciskei betref, is daar in 1879 en in die paar jaar daarna voorsiening gemaak vir aanpassings en vasstellings van belastingafdelings, lokasies en reservate regdeur die hele Kolonie, wat so gebly het tot ná Uniewording in

87. Brookes (1927) 97.

88. Ingevolge The Constitution Ordinance Amendment Act 1 van 1872 (Kaap).

89. Artikel I van Wet 1 van 1872 het die amp van "Secretary of Native Affairs" ingestel.

90. Brookes (1927) 118, en aangaande stemreg en stemregvereistes, VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 319 en par 4.1.1 van hfst II infra.

1910 en kort dáárna bevestig is.⁹¹⁾

Met die aanvaarding deur die koloniale regering van regeringsverantwoordelikheid oor die Bantoe is die beginsels van die tradisionele "Bantoe staatsreg" aanvanklik geheel misken.⁹²⁾ In plaas daarvan is egter gepoog om op plaaslike bestuursvlak Blanke instellings vir plaaslike selfregering ook aan Bantoe beskikbaar te stel. Voorsiening is hiervoor gemaak in die Vilages Management Act 29 van 1881 (Kaap),⁹³⁾ wat miskien tegelyk beskou kan word as die eerste bewerige stap in die rigting van die moderne Bantoe staatsreg. Artikel 2 van hierdie Wet het die Goewerneur gemagtig om by proklamasie te bepaal op welke gemeenskappe die bepalinge van die Wet van toepassing sou wees. Niks het hom veroed om dorpsbestuursrade te laat instel in naturelle lokasies nie, en dit is dan ook gedoen,⁹⁴⁾ maar sonder sukses, omdat die Bantoe nog nie daarvoor gereed was nie.⁹⁵⁾

2.3. Die Glen Grey-stelsel

In 1884 het die Kaapse "Native Laws and Customs

91. Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 8 en vgl a 1 en 2 van Wet 40 van 1879 (Kaap) en a 5 en 7 van Wet 37 van 1884 (Kaap).

92. Brookes (1927) 252.

93. Vgl ook Brookes (1927) 253.

94. Soos bv blyk uit a 3 van Wet 7 van 1884 (Kaap).

95. Vgl Brookes (1927) 253-4.

Commission" die voorstel van Sir Theopolis Shepstone dat 'n algemene raad vir die Transkeise gebiede ingestel word, aanbeveel, maar dit is uitgestel tot in die negentigerjare, toe besluit is om eers met so 'n stelsel in die Ciskeise Glen Grey-gebied te eksperimenteer.⁹⁶⁾ Hierop het die Glen Grey Act 25 van 1894 (Kaap) gevolg, wat van hierdie gebied die enigste staatsregtelike uitsondering⁹⁷⁾ onder al die Ciskeise gebiede gemaak het, tot 'n aantal jare ná Uniewording.⁹⁸⁾

Die Glen Grey-wet was 'n unieke reëling en is 'n vroeë baken in die ontwikkeling van die hele moderne Bantoestaatsreg: Artikel 1 daarvan het bepaal dat die Wet, naas in die Glen Grey-gebied, van toepassing gemaak sou kon word "in whole or in part, with such modifications as may be necessary, to such other districts or portions of districts in which the inhabitants are mainly aboriginal natives, as may be brought under their operation by Proclamation." Hierdie prosedure is dan ook kort daarna gevolg met betrekking tot sekere Transkeise gebiede en met verloop van tyd met betrekking tot ander gebiede.⁹⁹⁾

96. Brookes (1927) 254.

97. Vide infra par 4.2 van hfst II.

98. Brookes (1927) 266.

99. Vide infra par 3.6 en hfst II par 4.2.2.2 en vgl Brookes (1927) 114.

Artikel 2 het aan die Goewerneur die uitsluitlike kompetensie gegee om op die wyse deur artikel 4 voorge= skryf, grond aan individue toe te ken binne die "lo= kasies" waarin die hele Glen Grey-gebied (met enkele gebiede, onderhewig aan besits- of eiendomsreg van bepaalde persone uitgesonder) ingevolge artikel 3 ver= deel sou word. Artikel 5, saamgelees met Bylae A en artikels 14 en 17 tot 25, het bepaal dat die grond in oordraagbare en vererfbare erfpag aan individuele Ban= toe toegeken sou word. Dit was die sogenaamde stel= sel van individuele grondbesit ("individual tenure").

Uit staatsregtelike oogpunt is dit in hierdie ver= band interessant om daarop te let dat artikel 26 be= paal het dat grond wat ingevolge dié Wet aan individue toegeken is, vir die doeleindes van artikel 17 van die Parliamentary Voters' Registration Act 14 van 1887 (Kaap) geag moet word grond in gemeenskaplike grondbesit ("communal tenure") te wees. Artikel 17 van Wet 14 van 1887 het bepaal dat persone wat (onder andere) gemeenskaplike grond geokkupeer het oor die algemeen nie alleen uit hoofde van sodanige okkupasie kon kwa= lifiseer vir stemreg vir die koloniale parlement nie. Aldus is met artikel 26 van die Glen Grey-wet verhoed dat die Kolonie se Bantoe-kieserstal skielik sou aan= groei by die toekenning van grond aan individue in die Glen Grey-gebied.¹⁰⁰⁾ Maar nog meer: dit lê voor die hand dat die Glen Grey-stelsel die Bantoe van die ge= bied se vaste eiendomsverkryging binne die gebied sou

100. Vgl ook die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 8 8-9.

laat fokus; dat die aantal Bantoe wat aan die stemreg- kwalifikasie van okkupasie van grond met die nodige waarde, buite die gebied gevolglik stadiger sou toeneem as wat die geval sou wees as die Wet nie in werking gestel is nie, en die algemene toename in die getal van Kaapse Bantoe kiesers dus verder deur die Wet gestrem is.¹⁰¹⁾

Belangriker maatreëls uit die oogpunt van die Bantoe staatsreg is egter in die Glen Grey-wet getref met die stelsel van gedeeltelike plaaslike selfregering. Hierdie stelsel het op twee vlakke gefungeer: die eerste was dié van lokasierade ("location boards") ingestel ingevolge artikel 7, bestaande uit drie erfpaar-eienaars van grond in 'n lokasie, aangestel deur die Goewerneur "after the consideration of the wishes and recommendations of the resident holders of land in the location, determined and expressed in such manner as may be prescribed by regulations to be framed by the Governor," welke raad dan in beheer sou wees van sodanige lokasie. Hierdie lokasierade was egter nie 'n suksesvolle instelling nie.¹⁰²⁾

Die tweede vlak waarop die stelsel gefungeer het, was dié van die Distriksraad ("District Council") van

101. Hierdie is 'n blote afleiding waarvoor nie statistiese bewys gevind kon word nie, maar dit wil voorkom asof Deel III van die Wet, handelende oor hersiening van kieserslyste, moontlik ook ter staving van die afleiding gemeld kan word.

102. Brookes (1927) 252.

Glen Grey, wat die Goewerneur ingevolge artikel 38 by proklamasie kon instel. Artikel 39 het bepaal dat die Distriksraad sou bestaan uit twaalf lede, ses waarvan deur die Goewerneur aangewys en aangestel moes word. Die ander ses lede (drie elk uit die twee veldkornet- distrikte van die gebied) sou uit eie geleedere ver- kies word op vergaderings van die lede van die loka- sierade onder voorsitterskap van die residentmagistraat, welke verkiesings as aanbevelings by die Goewerneur vir aanstelling sou geld.¹⁰³⁾ Die raadslede se ampstermyn sou drie jaar wees, waarna hulle heraan gestel sou kon word.¹⁰⁴⁾ Ingevolge artikel 42 sou die residentmagi- straat 'n addisionele lid van die Raad wees en, wanneer hy teenwoordig kon wees, as voorsitter van die verga- derings daarvan optree. Artikels 47 en 48 het die Raad gemagtig om belasting te hef op sekere soorte vas- te eiendom, erfpagboere en arbeidsgeskikte manlike meerderjariges. Die Raad kon ook administratiewe amp- tenare met die goedkeuring van 'n koloniale minister aanstel.¹⁰⁵⁾ Artikel 53 het die Raad gemagtig om die belasting wat daardeur gevorder is, met die goedkeur- ing van die Goewerneur binne die gebied aan te wend vir 'n aantal opgetekende aangeleenthede, waaronder

103. A 39(2), wat verder ook aan die Goewerneur die kompetensie verleen het om, as hy nie die verkose persone geskik geag het nie, die saak na die vergaderings terug te verwys vir ander aan- bevelings, by verstek waarvan hy persone na sy eie diskresie kon aanwys.

104. Artikel 40.

105. Artikel 52.

byvoorbeeld die bou en instandhouding van paaie en brue, bosbou, bestryding van plant- en dieresiektes, skutte, arbeidsburo's en so meer. Artikels 54, 55 en 56 het die Distriksraad in sekere opsigte gelyk gestel aan die Kaapse Afdelingsrade.

Die Distriksrade was 'n reuse sukses¹⁰⁶⁾ waarvan mettertyd in ander gebiede uitvoerige gebruik gemaak is.¹⁰⁷⁾

Volgens Brookes,¹⁰⁸⁾ "the (District) Councils were intended to provide a limited right of local self-government, to train the Natives in administration, to give them a sense of responsibility in raising and expending money for their own benefit and to teach them to remedy their grievances instead of deploring them."

Tot sover dan wat betref die geskiedenis van die moderne Bantoestaatsreg in die Ciskei tot in 1910. Soos gesien, is die geskiedenis tot in 1910 van die distrikte Herschel en Glen Grey, wat tans deel is van die Transkeise Republiek, hierbo steeds saam met die Ciskei bespreek: die rede hiervoor is dat dié gebiede tot kort voor die Transkeise onafhanklikheid van owerheidsweë as deel van die Ciskei behandel is. Die geskiedenis van die Ciskei tot in 1975 sluit dus die ge-

106. Brookes (1927) 254-6.

107. Vide supra vn 99.

108. (1927) 114.

skiedenis van dié twee gebiede in. Voorts moet kortliks aandag geskenk word aan die gebied tussen die Oranje- en Moloporiviere.

2.4. Brits-Betsjoeanaland

Die gebied tussen die Oranje- en Moloporiviere se geskiedenis is vir hierdie studie relevant insoverre as wat dit gedeeltelik die woongebied van die Batswana¹⁰⁹⁾ insluit. Voor die tagtigerjare van die negentiende eeu was daar geen duidelikheid oor die vraag of die gebied binne die Zuid-Afrikaansche Republiek se invloed sfeer of selfs haar grense geval het, of dit Britse invloed gebied was en of die Batswana daar in hul verskillende stamverbande soewerein was nie. Wat wel duidelik was, was dat dit 'n baie onstuimige gebied was waarin feitlik ononderbroke stamtwiste en ook periodieke botsings tussen Blank en Bantoe voorgekom het.¹¹⁰⁾

Voortvloeiend uit die ontdekking van diamante, is Griekwaland-Wes (rofweg die suidelike gedeelte van die gebied tussen die Molopo- en Oranjeriviere) op 27 Oktober 1871 tot Britse gebied, en die Griekwa's tot

109. Wie se vroeë geskiedenis hieronder saam met die Transvaalse Bantoestaatsregsgeskiedenis voor 1910 nadere aandag kry.

110. Vgl Maritz (1976) 335-43 en Wilson en Thompson (1971) 271-3.

Britse onderdane, verklaar.¹¹¹⁾ Die gebied wat aldus Brits geword het, het groot dele van die grond van die Bathlaping ingesluit.¹¹²⁾ In 1880 is die gebied by die Kaapkolonie geannekseer.¹¹³⁾ Die Bathlaping het in 1878 oproerig geraak in Griekwaland-Wes, en hierdie onrus het noordwaarts uitgebrei, wat 'n Britse taak= mag se teenwoordigheid in Kuruman vir drie jaar lank nodig gemaak het, totdat dit in die gees van die Britse onttrekkingsdrang in 1881 weer onttrek is.¹¹⁴⁾ Hier= op volg verdere onstuimigheid, waaronder die stigting van die republieke Stellaland en Goosen in 1882, wat in 1884 onder Transvaalse beskerming geneem word en die stuur van 'n Britse mag van 5000 man in 1885.¹¹⁵⁾ Dit alles lei tot die anneksasie van die res van die gebied suid van die Molopo en wes van die Transvaalse grens deur die Britse Hoëkommissaris (ook Kaapse goe= werneur), Sir Hercules Robinson, op 30 September 1885 onder die naam Brits-Betsjoeanaland.¹¹⁶⁾

111. Prokl 67 van 1871 van Sir Henry Barkly te vinde in The Statute Law of Griqualand West (1882) 1 en vgl Maritz (1976) 340.

112. Maritz t a p.

113. Die Griqualand West Annexation Act 39 van 1877 (Kaap) o m te vinde in Statutes of the Cape of Good Hope 1652-1895 Vol II (1895) 1524 e v, wat volgens Eybers (1918) 66 eers in Oktober 1880 in werking getree het.

114. Wilson en Thompson (1971) 272 en Maritz (1976) 341-2.

115. Wilson en Thompson (1971) 273-4, Maritz (1976) 341-3.

116. Prokl 1 BB 1885 gepubliseer in The Cape of Good Hope Government Gazette Extraordinary van 7 Okt 1885.

In dieselfde staatskoerant waarin die anneksasie geproklameer is, is Proklamasie 2 BB 1885 vervat, waardeur die Kaapse reg op die gebied van toepassing gemaak is en ook voorsiening gemaak is vir die instel van geregshowe, die daarstelling van 'n grondkommissie vir die afbakening van lokasies vir die Bantoe, huweliksbevestiging, 'n passtelsel vir Bantoe wat die gebied wou verlaat en die skepping van 'n polisiemag. Proklamasie 3 BB 1885 in dieselfde staatskoerant het drie magistrataatsdistrikte in die gebied geskep en twee goewermentskennisgewings¹¹⁷⁾ is ook daarin opgeneem wat onderskeidelik aangekondig het dat die Kaapse Goewerneur en Hoëkommissaris die Goewerneur van Brits-Betsjoeanaland sou wees, en dat hy (die nuwe Goewerneur) ene SGA Shippard aangestel het as "Administrator and Chief Magistrate of British Bechuanaland."¹¹⁸⁾ Die Grondkommissie was heel aktief en sy werk het meegebring dat daar teen 1895 nie minder nie as sewe en dertig reservate vir die Batswana in die gebied opgemeet was, waardeur die gebied gebalkaniseer is, met die "Blanke" grond bespikkel deur "Bantoegrond."¹¹⁹⁾

Wat die howestruktuur van Brits-Betsjoeanaland

117. Albei gedateer 1 Okt 1885.

118. Jeppe (1970) 45 beweer dat hierdie administrateur ook as "Supreme Chief" aangestel is. Hy gee die indruk dat dit ingevolge "'n proklamasie van 6 Oktober 1885" geskied het, maar geen aanduiding in bg proklamasies van sodanige opperhoofskap kon gevind word nie. Vgl ook Maritz (1976) 345.

119. Maritz (1976) 345-7.

betref, verdien enkele bepalinge van die reedsvermelde Proklamasie 2 BB 1885 nadere betragting: artikel 31 het onder meer bepaal: "Native Chiefs in British Bechuanaland shall have original and exclusive jurisdiction in all civil cases between natives of their own tribes respectively ... ," en artikel 32: "Native Chiefs in British Bechuanaland shall have jurisdiction according to native laws in all criminal cases arising exclusively between natives of their respective tribes ..." Sekere ernstige misdade en sekere swaar en wrede strawwe is egter van dié jurisdiksie uitgesluit. Alle ander sake waarin die partye nie albei Bantoe was, of nie aan dieselfde stamme behoort het nie, moes deur die residentmagistraatshof verhoor word. Vanaf so 'n stamhoofshof kon dan ingevolge artikel 33 geappelleer word na 'n hof bestaande uit die residentmagistraat en die betrokke stamhoof, en vandaar na die Hoofmagistraatshof. Dit wil voorkom of artikel 29 vatbaar is vir die vertolking dat daar nog verder geappelleer sou kon word vanaf laasgenoemde hof na die Koningin-in-Rade. Bogemelde artikels 31 en 32 het neergekom op die erkenning van die Bantoegewoontereg¹²⁰⁾ en artikels 42 en 44 het uitdruklik erkenning verleen aan Bantoe-gemeenregtelike huwelike: al wat bykomend nodig was, was die registrasie van sodanige huwelike by die residentmagistraat, welke registrasie sou meegebring het dat die gemeenregtelike huwelik dieselfde gevolge het as enige ander huwelik gesluit ingevolge die Kaapse huweliksreg;

120. Die interessante is dat a 32 uitdruklik (en uniek) erkenning verleen het aan Bantoe strafreg.

in geval van poligamiese Bantoehuwelike kon slegs die eerste geregistreer word!¹²¹⁾

Toe Brittanje teen 1895 begin aanstalties maak om Brits-Betsjoeanaland by die Kaapkolonie te voeg, het die Rolong-stamhoof Montshiwa, asook Mankurwana van die Bathlaping, petisies aan die Britse owerhede gerig, waarin sekere voorwaardes gestel is vir hulaanvaarding van sodanige anneksasie by die Kaapkolonie:¹²²⁾ daar- onder is vereis dat die Bantoeservate onvervreembaar moes wees, dat die gemelde siviele en kriminele juris- diksie van die stamhoofde ná anneksasie moes bly voort- bestaan en dat die Glen Grey-wet nie in die gebied van toepassing gemaak moes word nie. Hierdie bedes het nie op dowe ore geval nie en het klaarblyklik die in- houd van die Kaapse British Bechuanaland Annexation Act 42 van 1895¹²³⁾ beïnvloed.

Hierdie Wet het meegebring dat die Kaapse goewer- neur ten opsigte van die gebied in die skoene van die Administrateur en Goewerneur getree het (artikel 2); dat die Kaapse kiesstelsel, wat nie 'n rassekwalifika- sie gestel het nie, in die gebied begin geld het (arti- kel 7); dat die Hoofmagistraatshof vervang is met die

121. Vgl ook Maritz (1976) 384-9.

122. Maritz (1976) 350-2.

123. Weergegee in o m Statutes of the Cape of Good Hope 1652 -1895 Vol III 3571 e v.

Hoë Hof van Griekwaland¹²⁴⁾ wat nou konkurrente juris= diksie in die gebied gekry het met die Kaapse Hoogge= regshof (artikel 8); dat die reg, soos dit op die datum van anneksasie in die gebied bestaan het, bly voortbe= staan het, wat onder meer meegebring het dat die stam= hoofhove se jurisdiksie ingevolge die bogemelde arti= kels 31 en 32 van Proklamasie 2 BB 1885 bly voortbe= staan het (artikel 16), en dat, ingevolge artikel 17 "No lands at present reserved by any law for the use of natives in the said Territory shall be alienated or in any way diverted from the purposes for which they are at the date of the taking effect of this Act set apart, otherwise than in accordance with such law or with the authority of an Act of Parliament of this Colony, nor shall any lands or natives in the said Territory be brought under the operation of the 'Glen Grey Act, 1894,' without the like authority."

'n Laaste noemenswaardige implikasie van die annek= siasie by die Kaapkolonie was dat die Batswana in dié gebied nou binne die jurisdiksie van die Kaapse Depar= tement van Naturellesake in plaas van die direkte be= heer van die Britse regering, wie se benadering in sommige opsigte radikaal van die Kaapse regering ver= skil het, gekom het.¹²⁵⁾

124. Opperig ingevolge prokl 70 van 1871 van Sir Henry Barkly, te vinde in o m Statute Law of Griqualand West (1882) 7 e v.

125. Maritz (1976) 352-4.

2.5. Opsommende Konklusie

Uit bostaande uiteensetting blyk dit dat die Kaapkolonie se hantering van die Bantoe, hul grondgebied en instellings (die Transkeise gebiede uitgesluit) 'n inkonsekwente en hortende geskiedenis het. Met 'n Britse regeringswisseling, is telkens veranderinge, soms klein, soms heeltemal 'n volte face, in die Kaapse hantering van die Bantoe binne en buite sy grense waargeneem. Die een goewerneur (soos Sir Harry Smith in sy vroeë Suid-Afrikaanse loopbaan) wou onderwerp en annekseer, terwyl 'n volgende (soos Sir George Grey) wou "ophef," beskaaf en assimileer. Met die verloop van die tyd het die Ciskeise gebiede in die ooste en die Batswana-gebiede in die noorde kruipenderwys deel van die Britse Kaapkolonie geword. Die verskillende wyses waarop dié twee streke onderskeidelik gehanteer is, illustreer miskien die pragmatiese en kasuïstiese benadering wat gevolg is ten aansien van die Kaapse Bantoe. In die Oos-Kaap is die Glen Grey-stelsel ontwikkel en in die Noord-Kaap was die nie-toepassing daarvan 'n voorwaarde vir die samewerking van die Bantoe; in die Glen Grey-distrik is geëksperimenteer met 'n nuut ontwerpte stelsel en in die Noord-Kaap is die tradisionele instellinge in 'n mate verskans.

Opmerklik egter is die gemeenskaplike kenmerke van die Kaapse stelsels in die verskillende gebiede: die belangrikste hier is sekerlik die feit dat ras geen perke geplaas het op Kaapse stemreg nie en die feit, daarteenoor, dat in die ooste sowel as die noorde,

spesifiek afgebakende gebiede (lokasies, reservate) geskep is vir die uitsluitlike okkupasie deur Bantoe. Hierdie "Bantoegrond" was egter gefragmenteer in lappe tussen die grond wat beskikbaar was vir en mettertyd ook aangewend is vir vestiging deur Blankes. Dit lyk ten slotte nie ongeregverdig nie om te konkludeer dat die Kaap, selfs nadat dit verantwoordelike selfregering ontvang het, nie toegelaat is om 'n inheemse, gekoördineerde stelsel daar te stel om die tradisionele "Bantoe staatsreg" te vervang nie: die wens van Londen moes deurgaans eerste bevredig word en Londen het nie altyd die belang van die Kaap en sy eie inwoners, Blank of Bantoe, baie na aan die hart gedra nie.

3. Die Transkei tot 1910

Die gebied anderkant die Keirivier tot by die Natalse grens is tot aan die begin van die tweede helfte van die negentiende eeu as 'n invloedseer grootliks deur die Kaapse owerheid geïgnoreer.¹⁾ Na dié gebied is verwys as "kaffraria"²⁾ en dit is beskou as Bantoegebied waar geen noemenswaardige Britse

1. Daar was egter vir 'n paar maande 'n uitsondering hierop toe Kreli ná die Grensoorlog van 1834-5 aan Goewerneur D'Urban 'n tien myl breë strook grond aan weerskante van die grootpad vanaf die Kei, deur Butterworth tot by die Gonarivier en vandaar die reg van weg tot by die Basheerivier as oorlogskuld gegee het. Die oordrag het in Januarie 1836 plaasgevind maar in Augustus van dieselfde jaar is dit nietig verklaar weens die Glenelg-beleid - kyk Brownlee (1923) 3-4.

2. Vgl Walker (1922) kaarte 10, 11 en 14.

of koloniale verteenwoordiging of teenwoordigheid aangewese was nie.³⁾

Gedurende die Agtste Grensoorlog het Britse militêre magte in 1851-2 die Keirivier twee keer oorgesteek en daar vee gebuit en stante afgebrand.⁴⁾

In 1853 is daar een "Britse resident" as verteenwoordiger van die koloniale regering vir die hele gebied aangestel, maar hy het oor geen gesag of invloed beskik nie.⁵⁾

3.1. Die Eintlike Transkei (tussen die Kei- en Basheeriviere)

Ná die beroemde Xhosa vrywillige hongersnood van 1856-7, het Goewerneur Grey opdrag gegee dat die gebied tussen die Kei- en Basheeriviere ontruim moes word om te verhoed dat dit weer 'n afspringplek vir 'n aanval op die Kolonie word. Dit is in 1858 gedoen, met die gevolg dat dié gebied vir die daaropvolgende sewe jaar onbewoon was. 'n Klompie Tembu's en ander Bantoe is by Idutywa gevestig en die gebied is deur polisie gepatrolleer. Nadat Brits-Kaffraria 'n kroon-

3. Tussen 1937 en 1850 was daar 'n "diplomatic agent" by Kreligestasioneer, maar ook hy was, wat gesagsuitoefening betref, feitlik nuttelos - Brownlee (1923) 4.

4. Ibid.

5. Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 9 en Brownlee (1923) t a p.

kolonie geword het, is die nuutgestigte Idutywa-dis-
trik beskou as 'n afhanklike gebied van dié kolonie.
'n Amptenaar met jurisdiksie oor die gebied en met
die titel "Transkeian Special Magistrate" is deur die
regering van Brits-Kaffraria aangestel.⁶⁾

Ná 1862, toe Goewerneur Wodehouse in die Kaap
aangekom het, is beplan om die gebied tussen die Kei-
en Basheeriviere beskikbaar te stel vir Blanke okku-
pasie. Toe egter verneem is dat die Gcaleka's weer
besig was om hulle magte onder Kreli op te bou, het
die Britse regering in 1864 opdrag gegee dat die Kei-
rivier die finale grens van die Kolonie gemaak moes
word en dat Britse gesag uit die Transkei onttrek
moes word. Die ontruimde gebied is daarna onderver-
deel en aan Gcaleka's, Tembu's en Fingo's gegee.

"In thus disposing of this territory, we entirely
relinquish all rights of Sovereignty over it, and
these tribes will be governed by their own chiefs and
their own customs. But in accordance with their own
wishes, for their benefit as well as for our own, each
tribe will be guided and aided by a British Resident."
Aldus Wodehouse.⁷⁾ By elk van die drie stamme in die
gebied is 'n agent geplaas wat dan ondergeskik was aan

6. Vir hierdie en die volgende inligting oor die "Transkei
proper," en die gebied tussen die Kei- en Basheeriviere word
hoofsaaklik gesteun op Brownlee (1923) 5-15: slegs ander gesag
en aanhalings word hieronder spesifiek aangedui.

7. In 'n skrywe aan die Staatsekretaris vir die Kolonies, aan-
gehaal deur Brownlee (1923) 7.

'n Britse resident gestasioneer by Idutywa. Hierdie resident het met die Kaapse regering gekorrespondeer en het as 'n soort diplomatieke agent opgetree, hoewel sy enigste statutêre kompetensie⁸⁾ daarin bestaan het dat hy misdadigers tussen die Kei en Natal kon arresteer, mits hulle Britse onderdane was. In 1869 is die amp van Britse resident afgeskaf en is die drie agente direk in korrespondensie met die Kaapse regering geplaas. Hulle kon alleen persoonlike invloed op die Bantoe uitoefen, maar het regtens oor geen gesag beskik nie.

Die verkryging van verantwoordelike regering deur die Kaapkolonie in 1872, en die gevolglike aanvaarding deur die nuwe koloniale regering van uitsluitlike verantwoordelikheid oor die regering van die Bantoe binne die koloniale grense en die intoomhouding van dié in die aangrensende gebiede, het ook groter finansiële verantwoordelikhede meegebring. Die logiese oplossing van hierdie probleem was die anneksasie van die aangrensende Transkeise gebiede en die oplegging van belasting op die inwoners. Die Fingo's oorkant die Kei en die leierlose mengelmoes van stamme in die Idutywa-distrik (oor wie 'n Blanke "superintendent" aangestel is toe die Britse resident se amp afgeskaf is) het geen probleme in hierdie verband opgelewer nie, aangesien hulle beskerming van die Blanke regering teen die ander sterk stamme wou hê. In 1874 het die inwoners van dié twee gebiede immers vrywilliglik hutbelasting begin betaal.

8. Ontleen aan die Britse Wet 26 en 27 Victoria C35.

In 1875 het albei die Huise van die Kaapse parlement by besluit die wenslikheid van die anneksasie van die Idutywa-distrik, van Fingoland en van die gebied tussen die Umtata- en Umzimkuluriviere, toe bekend as "Niemandland,"⁹⁾ aangedui en in 1876 het die Koningin 'n Ope Brief uitgereik wat sodanige anneksasie gemagtig het sodra die Kaapse parlement 'n wet vir die doel aangeneem het.

Teen die einde van 1876 het die Gcaleka's, wat die kusstrook tussen die Kei- en Basheeriviere onder Kreli bewoon het, bykomende dryfkrag aan die anneksasiebeleid begin gee; hulle het naamlik opnuut begin bewapen en voorberei vir oorlog. Hulle grondgebied het oorbevolk geraak en hulle het in onmin met die aangrensende Fingo's geleef.

In 1877 is die Transkeian Annexation Act 38 van 1877 (Kaap) gepromulgeer. Tegelykertyd het die Negen=de (en laaste) Grensoorlog uitgebreek. Gedurende die oorlog, waartydens Kreli oor die Bashee gedryf is, het Goewerneur Sir Bartle Frere op 5 Oktober 1877 'n proklamasie uitgereik ingevolge waarvan Kreli "onttroon" is en hy die Gcalekagebied verbeur het. Die grond is in reserwe gehou vir latere beskikking daaroor deur die Regering. Intussen, terwyl opdrag van die Britse regering ingewag is, sou Gcalekaland regeer word deur amptenare aangestel deur die Kaapse regering.

9. Vide infra par 3.2 i v m Griekwaland-oos.

Ná hierdie reëling het die Gcaleka's weer aangeval en ander stamme, veral die Rarabe's, het ook in opstand gekom, totdat die oorlog tot by Fort Beaufort en Queenstown gewoed het. In Februarie 1878 het die beslissende slag van Kentani plaasgevind en die Gcaleka's het oor die Bashee gevlug. Aldus het die hele gebied tussen die Kei- en Basheeriviere onder die Kolonie se beheer gekom.

Artikel 1 van Wet 38 van 1877 het die anneksasie by proklamasie van die gebiede gemeld in die parlementêre besluit van 1875 gemagtig. Daarin is die Goewerneur ook gemagtig om by proklamasie te bepaal dat net sekere gedeeltes van die gebiede daarin vermeld, geannekseer word, wat die grense en name daarvan moes wees en dat die bestaande reg in die gebiede steeds sou geld ná anneksasie, maar dat dit deur die anneksasie-proklamasie gewysig sou kon word.

Artikel 2 van die Wet het soos volg gelui:¹⁰⁾

"2. From and after the annexation of the said respective Territories to this Colony as aforesaid, the laws which may be in force therein under and by virtue of the last preceding section" (artikel 1) "may, until it shall be otherwise provided by Act of Parliament, be repealed, altered, amended, and modified, and new laws applicable to the said Territories respec=

10. Dit word hier volledig aangehaal om ter wille van vergelyking van latere wetgewing (bv a 25 van Wet 38 van 1927) daarmee.

tively may be made, and may be repealed, altered, amended, and modified by the Governor with the advice of the Executive Council, by proclamation published in the Government Gazette; and no Act passed or to be passed by the Parliament of this Colony shall extend or be deemed to extend to the said Territories or any or either of them unless such Act shall be extended thereto in express words either contained therein or in some other Act of Parliament, or unless the operation thereof shall be extended to any or either of such Territories by the Governor with the advice of the Executive Council by such proclamation as aforesaid, and in such case any such proclamation may be amended or repealed from time to time by the like proclamation, and no proclamation published in the Government Gazette after any proclamation or proclamations as in the last preceding section" (artikel 1) "mentioned shall be deemed to extend or apply to the said Territories or any or either of them unless the same shall be declared in express words contained in such or some other proclamation as aforesaid to extend or apply thereto: Provided always that all such laws made under or by virtue of this Act shall be laid before both Houses of Parliament within fourteen days after the beginning of the Session of Parliament next after the proclamation thereof as aforesaid, and shall be effectual unless in so far as the same shall be repealed, altered, or varied by Act of Parliament."¹¹⁾

11. Die latere Transkeise anneksasiewette het almal soortgelyke bepalinge bevat.

Die anneksasie ingevolge die Wet is nie onmiddellik ná promulgering daarvan in werking gestel nie. Tog het die koloniale regering onmiddellik ná die oorlog opgetree as sou die anneksasie van Fingoland en Idutywa reeds veramptelik gewees het en Gcalekaland is in elk geval as ongeannekseerde verowerde gebied behandel: reeds in 1877 het die "Fingo Agent" Hoofmagistraat van Fingoland geword, assistent-magistrate is in Butterworth en Tsono geplaa en 'n magistraat in Idutywa en in September 1878 is die Idutywa-gebied, Fingoland en Gcalekaland onder een Hoofmagistraatskap vir die "Transkei" verenig. Gcalekaland is ook in twee magistraatsdistrikte onderverdeel, elk met 'n magistraat wat dieselfde beperkte regsgronde vir hul gesag gehad het as die Britse resident in 1864,¹²⁾ maar wat de facto dieselfde jurisdiksie as die ander assistent-magistrate uitgeoefen het. Groot dele van Gcalekaland is oopgestel vir Blanke nedersetting.

Met ingang Oktober 1897 is Fingoland en die Idutywa-distrik amptelik deur 'n proklamasie van die Goewerneur¹³⁾ ingevolge a 1 van Wet 38 van 1877 by die Kaapkolonie geannekseer. In dieselfde jaar is die Kaapse regstelsel in geheel op die geannekseerde gebiede van toepassing gemaak vir sover dit nie met die bepalinge van 'n stel regulasies van die Goewerneur-

12. Kyk vn 8 supra.

13. Prokl 110 van 1879 van 12 Aug 1879 gepubliseer in die Government Gazette van 15 Aug 1879.

in-rade, wat tegelyk geproklameer is, gebots het nie. Een van hierdie bepalings was dat erkende Bantoege=woontereg toegepas kon word in siviele gedinge tussen Bantoe. Die magistrate het onbeperkte siviele juris=diksie gehad en omvangryk kriminele jurisdiksie, maar partye of beskuldigdes kon op die normale wyse in hoër beroep gaan.

Vanaf 1882 is die Fingo's se vrywillige belas=ting geadministreer deur 'n komitee en subkomitee bestaande uit magistrate en hoofmanne. Die "Fingo=land District Fund," waarin die vrywillige belasting gestort is en wat aangevul is met 'n gelyke bedrag van die koloniale regering, is aangewend vir die bou van 'n hospitaal, asook vir pad- en ander openbare werke.¹⁴⁾

3.2. Griekwaland-oos

Die volgende Transkeise distrik wat (ter wille van die chronologie) die aandag vra, is Griekwaland-oos. Hierdie gebied, wat ongeveer die binnelandse helfte van die landstrook tussen die Umtata- en Um=zimkuluriviere, die Drakensberge en die see beslaan, was in 1884 die onderwerp van 'n verdrag tussen die Kaapse Goewerneur Maitland en die Pondo-opperhoof Faku: daarin is onder meer laasgenoemde se opperhoofskap

14. Brownlee (1923) 15 en vgl ook Muller (1924) 6, wat die Fonds as "the nucleus of the Council System" van die Glen Grey-wet beskryf.

oor die hele gebied erken in ruil vir sy bondgenootskap met die Kaapkolonie. Die erkenning van Faku as opperhoof was totaal onrealisties, aangesien die Pondo's slegs een (die sterkste) van die hele reeks stamme was wat die gebied bewoon het.¹⁵⁾

Goewerneur Sir George Grey het die gebied (wat toe bekend gestaan het as Niemandslan) beskou as gebied waaroor hy as hoogste gesag in Suider-Afrika kon beskik. 'n Plan om sekere Basothostamme daar te vestig, is deur Moshoeshe gefnuik, en daar is toe besluit om die Griekwa's onder Adam Kok aldaar te vestig. Ter voorbereiding hiervan het 'n gesant van die Goewerneur vir Faku in Maart 1861 besoek, wat, met die oog daarop om van sy vyande binne Niemandslan ontslae te raak, aangebied het om die gebied aan die Kolonie oor te dra. Die koloniale regering het vir Faku aan sy aanbod gebonde gehou, maar veel later eers daarop gehandel.¹⁶⁾

In 1862 is die Griekwa's in die Noordelike gedeelte van Niemandslan gevestig. Die gebied het sy latere naam Griekwalan-oos aan hulle ontleen.

As gevolg van voortdurende vetes en stamoerloë in Niemandslan was die gebied in 'n staat van uiters=

15. Brownlee (1923) 41-3, 71-2. Die teks van die verdrag word aangehaal op 92-5.

16. Vir hierdie en die verdere inligting oor Griekwalan-oos, word hoofsaaklik gesteun op Brownlee (1923) 44-60 en slegs ander gesag en aanhalings word spesifiek hieronder aangedui.

te verwarring. In 1872 is 'n kommissie aangestel om die redes vir die onrus vas te stel asook om grense tussen die stamme vas te lê. Die kommissie kon nie veel uitrig nie en het aanbeveel dat die gebied onder Britse gesag geplaas word en dat magistrate aldaar aangestel moes word. In Julie 1873 is ene Orpen as Britse resident en magistraat in Niemandslan geplaas.

Orpen het gou vrede in die gebied tot stand gebring en stelselmatig die inwoners op eie versoek tot Britse onderdane laat verklaar. Veral die Griekwa's in die noorde van die gebied het hulle geheel aan die Kolonie se gesag onderwerp en die geleedere van magistrate het geleidelik aangegroei. Waar kapteins ook al Britse onderdaanskap aanvaar het, het hulle ondermeer ingstem om die regsprekende sowel as appèljurisdiksie van die magistrate te erken en om hutbelasting te laat betaal. Die magistraat van elke streek in Niemandslan was tot op hierdie stadium (1878) direk aan die Kaapse Sekretaris van Naturellesake verantwoordelik. In Desember 1878 is die verskillende distrikte van die gebied gekonsolideer onder een hoofmagistraatskap en die naam Griekwalan-oos het toe vir die hele gebied geld.

Die Kaapse regering se anneksasieplanne ten opsigte van Niemandslan was nou reeds ver gevorderd. In 1861 reeds het die Kaapse Wetgewende Raad 'n besluit aanvaar (by wyse van die President van die Raad se beslissende stem) dat dit wenslik was dat Britse gesag uitgebrei word oor die hele gebied tussen die Kaapse en Natalse grense. Daarvan het toe egter niks

tereg gekom nie. In 1873 het Charles Brownlee in 'n verslag wat in die Parlement ter tafel gelê is, aanbeveel dat die Kolonie sy gesag oor die gebied wat in Maart 1861 deur Faku aangebied is (Niemandslan), moes uitbrei. In 1875 het albei Huise in 'n besluit verklaar dat dit wenslik was "that the country situated between the Umtata and Umzimkulu, commonly known as Nomansland, should be annexed to this Colony, and that the Government take such preliminary steps as may place it in a position to effect such annexation."¹⁷⁾ Koninklike goedkeuring vir so 'n stap is gou gegee en in Junie 1876 is 'n Ope Brief uitgereik waarin die Goewerneur gemagtig is om die gebied by proklamasie te annekseer sodra magtigende wetgewing daarvoor gepromulgeer is. Ingevolge Wet 38 van 1877 is Proklamasie 112 van 1879 uitgevaardig, wat die anneksasie laat geld het vanaf 1 Oktober 1879.¹⁸⁾

Dieselfde reëling in verband met die regstelsel as in Fingoland is in Griekwaland-oos getref: die Kolonie se reg sou van toepassing wees, behalwe waar dit by proklamasie gewysig is. Nuwe wetgewing van die Parlement sou nie daar geld nie, behalwe as uitdruklik so bepaal is.

In 1880 was daar 'n grootskaalse opstand onder die Bantoe in Griekwaland-oos teen die Blanke owerheid.

17. Brownlee (1923) 53.

18. Vgl ook Van Biljon (1947) 311.

Dit het egter misluk en het die owerheid in die geleentheid gestel om die grondverdeling te herorganiseer. In 1883 is 'n kommissie vir hierdie doel aangesel, wat lokasies aangewys het, grond aan sendingstasies toegewys het, die dorpe vir bewoning deur Blankes uitgehou het, en bepaalde gebiede beskikbaar gestel het vir die nedersetting van Blanke boere.

Magistrate in Griekwaland-oos het onbeperkte privaatregtelike en omvangryke strafregtelike jurisdisie verkry en gedingvoerders kon na keuse appèlleer na die hoofmagistraat, die Oostelike Distrikte Hof of die Kaapse Hooggeregshof.

3.3. Die Xesibe-gebied, Rhode-vallei en Port St John's

Die anneksasiegeskiedenis van die klein Xesibe-gebied en Rhode-vallei (later bekend as die distrik Mount Ayliff) tussen Griekwaland-oos en Pondoland, hang saam met dié van Griekwaland-oos. Die onmin wat tussen die Xesibe's en Pondo's bestaan het, het daartoe gelei dat die Xesibe's hulle dikwels op Britse beskerming beroep het. Die reedsgemelde Kaapse kommissie van 1872 het die Xesibe's ondergeskik gestel aan die Pondo-opperhoof, op voorwaarde dat laasgenoemde die Xesibe's in vrede laat. Versuim van die Pondo's om hierdie voorwaarde na te kom, het daartoe gelei dat die herhaalde versoeke van die Xesibe's om Britse onderdane te word, in 1878 toegestaan is. Die inwoners van die Rhode-vallei (Hlubi's en Amacwera) het ook van tyd tot tyd 'n vae wens om Britse onder-

dane te word, laat blyk, maar dit is nie goedgekeur nie. Met die konsolidasie van die hoofmagistraats=
skap van Griekwaland-oos in 1878, is hierdie gebied
as die (ongeannekseerde) magistraatsdistrik Mount
Ayliff daarby ingesluit. Die vete tussen die Xesibe's
en Pondo's het egter steeds Britse militêre besetting
wenslik gemaak. In 1883 is 'n kommissie aangewys om
'n grens met Pondoland af te baken, maar dit was nie
effektief nie. Intussen is hutbelasting daar gehef,
en slegs Bantoereg is toegepas.¹⁹⁾ Uiteindelik is die
Xesibe-gebied en die Rhode-vallei in 1886 van die
Pondo's vir onderskeidelik £1000 en £600 gekoop en ge=
annekseer ingevolge die Xesibe Country Annexation Act
37 van 1886 en die Rhode Valley Annexation Act 45 van
1886 onderskeidelik. Die gebiede is by Griekwaland=
oos ingevolge Proklamasies 174 van 1886 en 201 van
1887 onderskeidelik gevoeg.²⁰⁾

Die Port St John's-gebied was in 1844 ook 'n
indirekte onderwerp in die reedsvermelde verdrag tus=
sen Goewerneur Maitland en Faku van die Pondo's. Arti=
kel 8 van die verdrag het onder meer bepaal dat Faku
"... will not suffer the masters or mariners of any
ships or vessels to land merchandise, or to traffic
with his people in any part of his country, unless
such vessel shall be furnished with a licence from

19. Brownlee (1923) 61-4.

20. Brownlee (1923) 136, Van Biljon (1947) 311 en Sosio-Eko=
nomiese Verslag hfst 11 16.

the Colonial Government, authorising them to land goods there."²¹⁾

In 1896 het Goewerneur Wodehouse, wat die monding van die Umzimvuburivier vir die Kaapkolonie wou verkry, die oostelike Pondoheer, Ndamsi, om oordrag daarvan versoek. Ndamsi het egter beslis geweier. In 1878 egter, het Ndamsi se opvolger, Nquiliso, 'n ooreenkoms met die Kaapse regering aangegaan ingevolge waarvan hy alle soewereine regte oor die water en bevaarding van die Umzimvuburivier, asook oor 'n stukkie grond by die monding, aan die Regering oorge=dra het. Ook het hy padboueregte in sy gebied toege=staan om die monding met die deurpad na Natal te ver=bind. As teenprestasie het die Kaap sy onafhanklik=heid van die tradisionele Pondo-opperheer (in Pondo=land-wes) erken, onderneem om hom teen laasgenoemde te beskerm so lank as wat hy goedgesind teenoor die Kolonie sou bly en aan hom £1000 betaal vir die grond. Ten opsigte van die Pondo-opperheer (Umqikela, Faku se opvolger) se regte op die rivier en -monding, het die Hoëkommissaris tegelykertyd 'n proklamasie uitgevaar=dig waarin die hawe en vloedmonding vir Brittanje ge=annekseer is. Die Britse regering het hierdie reël=ings goedgekeur, en in 1881 is 'n Ope Brief vir die anneksasie van die gebied tot die Kolonie uitgereik. Nadat die Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act 35 van 1884 gepromulgeer is, het die Goewerneur op 15 September 1884 die anneksasieprokla=

21. Brownlee (1923) 76 en 93.

masie 215 van 1884 uitgevaardig, waarin die Kaapse regstelsel in geheel daarin van toepassing gemaak is. Aanvanklik is die geannekseerde gebied feitlik uit=sluitlik deur Blankes bewoon.²²⁾

3.4. Tembuland

Tembuland-wes was deel van die gebied tussen die Kei- en Basheeriviere wat ná die vrywillige hongers= nood van die Xhosas in 1858 deur die Britse magte ont= ruim was. In 1864 het die Goewerneur die westelike gedeelte van die gebied aan die Emigrante Tembustamme wat in die gebied wat later die Glen Grey-distrik ge= word het, aangebied. Slegs 'n gedeelte van hierdie stamme het getrek en hulle onder onafhanklike kapteins gevestig in wat bekend geword het as Emigrante Tembu= land. Die enigste invloed wat die koloniale regering op daardie stadium (1865-72) in dié gebied gehad het, was dat 'n aantal kapteins jaarlikse toelaes betaal is en dat 'n diplomatieke agent, slegs met adviseren= de gesag bekleed, vir die gebied aangestel is. In 1872 het die Kaapse regering egter so ver gegaan as om 'n kommissie na die gebied te stuur om oor grensgeskille tussen die kapteins van Emigrante Tembuland te arbi= treer en in 1874 het die regering die vrede daar pro= beer bewaar deur middel van dreigemente. Gedurende die Negende Grensoorlog was die gebied rustig, maar

22. Brownlee (1923) 77-80.

dit is nodig geag om twee kapteins aldaar te arres=
teer.²³⁾

Die sentrale gedeelte van die Tembugebied, of te wel die eintlike Tembuland, het teen 1863 binne die Kolonie se invloed begin kom toe 'n toelae as vriend=
skapsgebaar aan die nuwe stamhoof, Gangelizwe, aan=
gebied is. As gevolg van onmin met Kreli en die ge=
volglike vrees vir die Gcaleka's, het Gangelizwe die
plasing van 'n Britse amptenaar by hom versoek, wat
gelei het tot die aanstelling van 'n Resident in 1871.
Laasgenoemde het bloot 'n diplomatieke rol vervul.
Die Tembu-Gcaleka-vete het in 1872 gelei tot bloedver=
gieting en die verslaning van Gangelizwe deur Kreli
op die slagveld. Verskeie Britse en Kaapse amptenare
het as arbiters opgetree en vroeg in 1873 het die Kaap
se Sekretaris van Naturellesake 'n amptelike vredes=
verklaring bewerkstellig.

In 1875 was daar weer eens onrus in Tembuland
toe Gangelizwe 'n Fingostam, wat verklaar het dat
hulle neutraal sou bly in 'n nuwe vete tussen die
Tembu's en Gcaleka's, suidwaarts oor die Basheerivier
gedryf het. Om vrede te bewaar en om die Fingo's terug
te begelei na hul gebied, het 'n mag van die koloniale
polisie in dieselfde jaar Tembuland binnegegaan. In
reaksie hierop het die Tembuhoofde aangebied om hulle

23. Vir hierdie en verdere inligting oor Tembuland ("proper"),
Emigrante Tembuland en Bomvanaland, word hoofsaaklik gesteun op
Brownlee (1923) 20-39 en alleen aanhalings en ander gesag word
hieronder spesifiek aangedui.

gebied en onderdane aan die beheer van die regering te onderwerp. So 'n stap was aanneemlik vir die Kaap, en na onderhandelinge is onder meer ooreengekom dat Tembuland Britse gebied sou word, dat sekre kapteins, maar nie Gangelizwe nie, se gesag erken sou word en dat aan hulle ssslarisse betaal sou word, dat hutbelasting vanaf 1878 betaalbaar sou wees, dat die kapteins hul regsprekende gesag in die meeste sake sou behou, maar dat geappelleer sou kon word na die magistrate. Tembuland is in 1876 in vier magistrataatsdistrikte verdeel, en 'n hoofmagistraat en drie magistrataate is aangestel. Die ontheffing van Gangelizwe as opperhoof het egter geblyk té ingrypend te wees, en hy is teen die einde van dieselfde jaar in ere herstel.

Ná die Negende Grensoorlog, waartydens die grootste gedeelte van die Tembustam hulp verleen het aan die regeringsmagte, is Emigrante Tembuland en die eintlike Tembuland in 1878 onder een hoofmagistraat verenig, en 'n beleid van wyer magistrataatsjurisdiksie is gevolg. Vanaf 1879 is hutbelasting in hierdie hele gebied gehef.

Bomvanaland, 'n kusgebied noordoos van die Basheerivier, het eers in 1877 in die gesagsfeer van die Kolonie gekom toe 'n resident daar geplaas is. Die Bomvana's was bondgenote van die Gcaleka's, maar het gedurende die Negende Grensoorlog wyslik neutraal gebly. Om die Gcaleka's egter te verhoed om van Bomvanaland gebruik te maak gedurende die oorlog, is

die gebied militêr beset. Kort daarna (vroeg in 1878) het die Bomvana-stamhoof versoek om 'n Britse onderdaan te word en het hy sy stam en gebied aan die Kaapse regering ondergeskik gestel. Op die Bomvana's se versoek het die resident dus 'n magistraat geword. In Desember 1878 is Bomvanaland ook gevoeg tot die jurisdiksiegebied van die hoofmagistraat van Tembuland en in 1880 is hutbelasting ook daar gehef.

In 1880-1 was daar 'n algemene opstand in Tembuland teen die regering, wat tot niks gelei het nie behalwe dat 'n kommissie daarná aangewys is wat sekere gebiede uitgewys het vir Blanke bewoning, waaronder 'n meentgebied vir die groeiende Blanke dorpie, Umtata.

Reeds in 1876 het die Kaapse Laerhuis ("House of Assembly") by besluit laat blyk dat dit wenslik was om Tembuland vir die Kolonie te annekseer en in 1878 is 'n soortgelyke besluit ten opsigte van Bomvanaland goedgekeur. Die Britse regering het egter nie sy goedkeuring daaraan geheg nie. In 1880 het die Kaapse Parlement 'n anneksasie-wetsontwerp goedgekeur, maar die koninklike goedkeuring is nie binne die voorgeskrewe tydperk daaraan geheg nie. In 1884 het die Kaapse Parlement weer eens die wenslikheid van anneksasie van die gebied by besluit aangedui. In die volgende jaar is die Tembuland Annexation Act 3 van 1885 eindelijk goedgekeur en is al drie die gebiede van die Tembulandse hoofmagistraatskap ingevolge Prokla=

masie 140 van 1885 geannekseer.²⁴⁾ Gcalekaland is ingevolge dieselfde proklamasie geannekseer, maar is later, ingevolge Proklamasie 53 van 1891 tot die Transkeigebiede (dit wil sê Fingoland-Idutywa) ge=voeg.²⁵⁾

Voor die anneksasie, in 1882, terwyl die gebied ingevolge 'n spesiale opdrag direk deur die Kaapse Goewerneur bestuur is, is 'n proklamasie uitgereik wat regulasies in verband met die regstelsel en dies meer bevat het. Hierdie regulasies en die toestand van die regspraak was in wese dieselfde as in die ander Transkeise gebiede.

3.5. Pondoland

Pondoland (tussen die Umtata- en Umtamvunariviere) is die laaste Transkeise gebied wat deur die Kaap ge=annekseer is. Vroeg in 1841 het Faku, die Pondo-op=perhoof, hom uit vrees vir die Natalse Voortrekkers op die Kaapse Goewerneur vir beskerming beroep. 'n Militêre mag is na hom toe gestuur. Later in dieself=de jaar het die Natalse Volksraad besluit om vlugte=linge van die Zoeloe-veldtogte in die feitlik onbe=woonde gebied tussen die Umzimvubu- en Umtamvunari=viere te plaas, om hierdie nuwe inwoners van die ge=bied toe te laat om hulleself te administreer maar

24. Vgl ook Van Biljon (1947) 311.

25. Van Biljon t a p.

onder die algemene toesig van 'n Natalse amptenaar, en om hulle as onderdane van die Republiek Natalia te beskou. Die Kaapse Goewerneur het dié gebied egter beskou as deel van Faku se gebied, en dit het onder meer gelei tot die inval en anneksasie van Natal en die reedsvermelde verdrag in 1844 tussen die Goewerneur en Faku, waarin laasgenoemde erken is as die opperhoof oor die hele gebied tussen die Umtata- en Umzimkukuriviere in ruil vir vriendskap met die Kolonie. Tussen 1848 en 1850 was 'n Britse resident by Faku gestasioneer. In 1850 is ten opsigte van die gebied tussen die Umtamvuna- en Umzimkukuriviere met Faku ooreengekom dat dit tot Natal toegevoeg sou word, en in 1866 is dit as die distrik Alfred by Natal geannekseer.²⁶⁾ Teen 1885, nadat uitgevind is dat pogings deur Duitse handelaars aangewend is om hawens langs die noordooskus van Pondoland tot stand te bring, is 'n proklamasie uitgereik ingevolge waarvan die kus van die hele Pondoland tot Britse protektoraat verklaar is.²⁷⁾ Pondoland het verder onaangeraak, maar onstabiel gebly tot in 1894: toe is besluit om die gebied te annekseer om die potensieel-ontvlambare situasie van interne verdeling en stamoorlog onder beheer te bring. Die hoofmagistraat van Tembuland is eenvoudig na Pondoland gestuur om vreedsame anneksasie te bespreek met die opperhoofde van die Oos- en Wes-Pondo onderskeidelik. Albei het ingestem en Pondo=

26. Brownlee (1923) 70-4 en Van Biljon (1947) 309.

27. Noble (1893) 401 en Wilson en Thompson (1971) 280.

land is ingevolge die Pondoland Annexation Act 5 van 1894 deur Proklamasie 339 van 1894 by die Kaapkolonie geannekseer. Op die gewone wyse is magistrature daarná aangestel en belasting gehef.²⁸⁾

3.6. Die Regeringstelsel van die Transkei

Met die anneksasie van Pondoland is die uitbreiding van die Kaapkolonie oor die hele gebied wat mettertyd as die Transkei bekend sou staan, voltooi. Dit is nou nodig om die regeringswyse van die geannekseerde Transkeise gebiede van nader te beskou. Vir hierdie doel word dit wat hierbo reeds in die verbygaan genoem is aangaande die regeringswyse van die geannekseerde Transkeise gebiede deur middel van wat die "magistraatstelsel" genoem kan word, tot in die negentigerjare van die vorige eeu, as voldoende beskou. Opsommenderwys kan Brookes²⁹⁾ egter aangehaal word, waar hy dit het oor die regeringstelsel in die Transkei ná 1872: "Three cardinal points had already been adopted and applied with success - namely, the gradual replacing of the chiefs, as political officers, by magistrates; the definite encouragement of civilization among the Bantu, even where such encouragement meant the accelerating of the process of detribalisation; and the rendering of Native Territories financially autonomous and selfsupporting." En verder:

28. Wilson en Thompson (1971) 280-1.

29. (1927) 98.

"Up to 1879, Cape policy as a whole had been definitely one of identity. Reference to colour in legislation, recognition of Native Law as a separate system applying to Natives only, were exceptional. Up to Union this remained the formal principle of Cape policy; but from 1879 to 1910 the Transkeian Territories were developed on a system which, while it purported to be consistent with the Grey Policy of Identity, was really an improved variant of the Shepstone Policy of Differentiation."

Soos reeds aangetoon, was die wetgewingsreëlings in die nuutgeannekseerde Transkeise gebied grootliks eenders: "As the various Territories were annexed the Governor assumed the legislative functions of the various paramount Chiefs," ('n stelling wat, soos uit paragraaf 1 supra blyk, nie heeltemal korrek kan wees nie, omdat die opperhoofde nie alleenkompetensie tot wetgewing gehad het nie) "but the latter were granted substantial stipends by way of solatia. Their social status was recognised and they (were) regarded as representatives of their tribes and consulted on all matters of importance. Sub-Chiefs became paid Government headmen."³⁰⁾ Die Goewernewetgewing was by wyde van proklamasie, en tot in 1910 het geen wetgewing van die Kaapse Parlement in die Transkeise gebiede gegeld as dit nie uitdruklik so bepaal is nie, of as die Goewerneur dit nie by wyse van proklamasie

30. Kenyon (1932) 12.

aldus van toepassing gemaak het nie.³¹⁾

Nadat die anneksasie van die Transkeise gebiede voltooi was, het 'n belangrike staatsregtelike verandering ingetree, naamlik die geleidelike invoering van die Glen Grey-stelsel: ingevolge Proklamasie 352 van 4 Oktober 1894 is Distriksrade vroeg in 1895 in die distrikte Butterworth, Idutywa, Nqamakwe en Tsomo ingestel, en dié vier is tegelyk saamgevoeg in 'n gekombineerde verteenwoordigende liggaam, die "Transkei General Council."³²⁾ Die stelsel, soos dit in die Glen Grey-distrik toegepas is, is egter nie sonder aanpassing na die Transkei oorgeplant nie: "lokasie=rade" is nie geskep nie en die Algemene Raad was 'n nuwe instelling.³³⁾

Die besonderhede van die stelsel ingevolge die proklamasie was die volgende:³⁴⁾ 'n distriksraad sou uit ses lede bestaan, twee waarvan deur die Goewerneur genomineer en aangestel is. Die ander vier sou deur 'n vergadering van hoofmanne van die distrik onder voorsitterskap van die magistraat benoem word - hierdie genomineerdes moes dan ook deur die Goewerneur aangestel word, maar hy kon die nominasies terug=

31. Ibid.

32. Kenyon (1932) 31, Brookes (1927) 114 en Rogers (1949) 40.

33. Rogers (1949) t a p.

34. Rogers (1949) 40-4 is die hoofbron vir hierdie besonderhede, maar vgl ook Muller (1924) 15-7.

verwys, of weier om die aanstellings te doen. Die magistraat sou dan ook ex officio lid en voorsitter van die distriksraad wees. Vergaderings van 'n distriksraad moes ten minste een maal per kwartaal gehou word en spesiale vergaderings kon na die diskresie van die magistraat te eniger tyd belê word. Dit is duidelik dat die distriksrade hoofsaaklik bedoel is as adviserende en nie regerende liggame nie:³⁵⁾ die magistraat het die sakelys vir vergaderings opgestel; die standpunt oor sake is by wyse van stemming vasgestel, maar die magistraat het daarna besluit of gevolg gegee moet word aan die wense van die raad al dan nie - onder omstandighede kon dit nodig wees om aansoek te doen by die Algemene Raad vir magtiging om 'n voorstel uit te voer. Dieselfde dienstermyn en diskwalifikasies wat in die Glen Grey-wet vir raadslede voorgeskryf is, is vervat in die Proklamasie.

Die "Transkei General Council" sou ingevolge dieselfde proklamasie bestaan uit die hoofmagistraat van Tembuland en die Transkei, die magistrate van die vier distrikte waarvoor distriksrade ingestel is en van enige verdere distrikte wat onder die administrasie van dié Raad geplaas sou word, vier lede genomineer en aangestel deur die Goewerneur, en twee verteenwoordigers van elk van die distriksrade in die Transkei. Laasgenoemde verteenwoordigerers sou jaarliks deur elke distriksraad uit eie geledere genomineer word vir aanstelling deur die Goewerneur. Vergaderings van

35. Muller (1924) 16.

die Algemene Raad sou jaarliks onder voorsitterskap van die Hoofmagistraat, of in sy afwesigheid van die magistraat van Butterworth, te Butterworth gehou word, en spesiale vergaderings kon na die diskresie van die hoofmagistraat te eniger tyd belê word. Die voorsitter sou die sakelys opstel, standpunte sou by wyse van stemming vasgestel word, en die voorsitter sou dan, ná oorlegpleging met die ander teenwoordige magistrate, besluit oor die optrede en opdragte wat van die Raad sou uitgaan. Die Raad sou gefinansier word uit belasting wat die Goewerneur op die inwoners van die betrokke distrikte kon het. Die Algemene Raad was bevoeg om enige werk of dienste te onderneem, of dit aan 'n distriksraad op te dra, mits die Goewerneur dit goedgekeur het, en kon met regeringsgoedgeuring, gesalarieerde amptenare aanstel. Uit die doeleindes waarvoor inkomste van die Raad aangewend sou kon word, blyk dit dat as die gewone bedrywighede van die Raad, sake soos die bou en onderhou van paaie en brue, onkruidbeheer, onderwys van Bantoe, plaagbeheer, oprigting en onderhoud van skutte, bosbou, watervoorsiening, en so meer, beoog is. Hierbenevens het die Proklamasie ook 'n lys van aangeleenthede bevat in verband waarmee "spesiale magte" aan die distriks- en Algemene Rade verleen is: dit het plaaslike landbou, bosbou en gemeenskapsake behels.

Proklamasie 227 van 1898 het die stelsel van individuele grondbesit, soos toegepas in die Glen Grey-distrik, by die Butterworth-distrik ingevoer, en ook voorsiening gemaak vir die skepping van lokasie-

rade aldaar, welke rade voortaan, in plaas van die hoofmanne, die nominasies van distriksraadslede sou doen. Hierdie proklamasie is ingevolge Proklamasie 41 van 1902 ook in die distrik Nqamakwe, en ingevolge Proklamasie 22 van 1904 in die distrik Tsomo, van toepassing gemaak.

Intussen is die distriksraadstelsel in 1899³⁶⁾ ingevolge Proklamasie 319 van 1898, ook na die Kentani-distrik uitgebrei, welke proklamasie ook bepaal het dat die Goewerneur vyf (in plaas van vier) lede van die Algemene Raad moes nomineer en aanstel.

Die Raadstelsel het, volgens Brookes, geblyk 'n sukses te wees, wat opgemerk is deur die inwoners van die Transkei self: soveel so, dat versoeke vanuit Tembuland en Griekwaland-oos ontvang is vir die uitbreiding van die stelsel daarheen. Die regeringsbeleid was egter om nie rade op onryp gemeenskappe af te dwing nie.³⁷⁾

Proklamasie 352 van 1894 is vervang deur Proklamasie 152 van 1903, wat die raadstelse, benewens in die vyf distrikte waarop eersgenoemde proklamasie van toepassing was, ook ingestel het vir die distrikte Umtata, Mqanduli en Engcobo in Tembuland, en die distrikte Tsolo, Qumbu, Mount Frere, Mount Fletcher en

36. Kenyon (1932) 31, en Brookes (1927) 115.

37. Vgl ook Kenyon (1932) 32, en Muller (1924) 15.

Umzimkulu in Griekwaland-oos.³⁸⁾ Die Proklamasie het ook die "Transkeian Territories General Council" in die lewe geroep, wat sou bestaan uit die hoofmagi=straat van die Transkeise gebiede, die magistrante van die dertien distrikte waar nou distriksrade bestaan het, twee verteenwoordigers van elke distriksraad genomineer deur dié raad en aangestel deur die Goewer=neur en 'n verdere verteenwoordiger uit elke distrik, genomineer en aangestel deur die Goewerneur. Die nuwe Algemene Raad van die Transkeise gebiede sou jaarliks in Umtata sit.³⁹⁾ Die stelsel is verder on=veranderd gelaat.

Proklamasie 394 van 1903 het die distrik Willow=vale, en Proklamasie 114 van 1904 het die distrik Elliotdale, by die raadstelsel ingeskakel.

Proklamasie 322 van 1906 het lokasierade afge=skaaf in die distrikte waar dit nog gegeld het. Die beheer en bestuur van lokasies is in die hande van die betrokke distriksrade geplaas. Dit het meege=bring dat die wyse van nominasie van distriksraads=lede wat voorheen deur die lokasierade in sommige distrikte genomineer is, ook moes verander: die Prok=lamasie het bepaal dat die belastingbetalers van elke lokasie in sodanige distrikte, op 'n vergadering

38. Die inskakeling van die distrik Mount Frere is egter inge=volge prokl 166 van 1903 opgeskort, maar prokl 8 van 1910 het dit ook onder die raadstelsel geplaas: Rogers (1949) 43 en vgl ook Kenyon (1932) 31.

39. Vgl ook Kenyon (1932) 31.

onder voorsitterskap van die magistraat, drie verteenwoordigers uit die geledere van die geregistreerde okupeerders van grond in die lokasie moes aanwys, en verder dat al die aldus aangewese lokasieverteenwoordigers van die distrik op 'n verdere vergadering onder voorsitterskap van die magistraat, vier persone uit hul geledere moes nomineer vir aanstelling op die distriksraad deur die Goewerneur. Die Goewerneur het hier ook sy gebruikelike vetoreg gehad.

In die volgende jaar is die raadstelsel ingevolge Proklamasie 69 van 1907 ook na die distrik Mount Ayliff uitgebrei, en die distrik St Marks is ingevolge Proklamasie 83 van 1909 ingesluit.

Teen 1910 was die hele Pondoland en slegs enkele ander distrikte van die Transkeise gebiede dus nog nie onder die raadstelsel nie. Uniewording het egter nie die verdere uitbreiding en ontwikkeling van die stelsel versteur nie, maar chronologies hoort die bespreking daarvan tuis in paragraaf 4.2.2.2 van hoofstuk II infra.

3.7. Opsommende Konklusie

Dit blyk uit bostaande dat die Transkeise voor-uniale staatsregsgeskiedenis in vele opsigte los staan van dié van die res van die Kaapkolonie. In die eerste plek het die Kaapse owerhede hulle eers in die tweede helfte van die negentiende eeu aktief begin bemoei met dié streek. Tweedens is dit klaarblyklik

ook van meet af aan los van die res van die Kaap geadministreer. Ook is dit opmerklik dat daar ten opsigte van die Transkeise gebiede sedert ten minste 1861 'n uitdruklike bedoeling was om dié Bantoegebiede wat die Britse grond van die Kaap van die Britse grond van Natal geskei het, te annekseer. Interessant is die verskeidenheid metodes wat aangewend is in die proses van anneksasie: sommige streke is met militêre geweld verower, ander is ná vrywillige aanvaarding van Britse onderdaanskap deur die inwoners as outomatiese gevolg geannekseer en nog andere is van die betrokke stamhoofde gekoop. Ook is dit kenmerkend van die Kaapse hantering van die Transkei dat die Blanke amptenare in die posisie geplaas is om die tradisionele regeerders in wesenlike opsigte te vervang en dat die Glen Grey-stelsel daar uitgebou en ten volle ontplooi is. Die Transkei het dan ook met tertyd as gekonsolideerde geografiese blok waarop 'n verfynde stelsel van Bantoedeelname aan die regering van die gebied van toepassing was, dié voordeel bo al die ander Suider-Afrikaanse Bantoegebiede gehad dat die bevolking langdurige ondervinding kon opdoen met Europees-georiënteerde staats- en plaaslike administrasie en regering.⁴⁰⁾

40. Vanaf 1887 was dit wel ook moontlik vir die AmaXhosa van die Transkei om stemreg te verwerf in die verkiesings van die Kaapse parlement, maar die kwalifikasies was sodanig (bewoning van vaste eiendom ter waarde van £50 of jaarlikse inkomste van £25, welke bedrae in 1892 onderskeidelik verhoog is na £75 en £50, toe 'n bykomende skriftoets ook nog bygevoeg is) dat baie min Bantoe wel stemreg kon verwerf: kyk Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 8 8-9. Die reedsvermelde perke wat die Glen Grey-wet m b t stemreg opgelê het, is natuurlik ook op die Transkei toegepas.

4. Natal en Zoeloeland tot 1910

4.1. Vroeë Geskiedenis

Die eerste poging van Blanke owerheidsweë om 'n aandeel in die Natalse grondgebied te verkry, is reeds in 1689 op las van die Kaapse Goewerneur Simon van der Stel aangewend deur 'n skeepskaptein, ene Timmerman. Van der Stel het hom naamlik na Port Natal gestuur om die baai daar te koop. Timmerman het 'n stamhoof met die naam Inyangesa daar aangetref (dit is onbekend wat die naam van sy stam was), die baaigebied by hom geruil vir handelware ter waarde van 1 000 gulde, 'n akte opgestel waarvolgens die Hollandse Oos-Indiese Kompanie titel ontvang het, en hy het bakens rondom die baai opgerig om die gekoopte grond af te merk. Op pad terug het sy skip egter naby Algoabaai gestrand, en die akte is tot niet. Toe Kaptein Johannes Gerbrantzer eers sestien jaar later, in 1705, teruggestuur is om die vrugte van Timmerman se ooreenkoms te gaan pluk, sou hy ontdek dat Inyangesa se seun hom na sy dood opgevolg het, dat die Bantoe se begrip van skriftelike eiendomsordrag van grond vaag is en dat hulle nie verpligtinge voortvloeiend uit kontrakte as vererflik geag het nie! Hy het gevolglik onverrigter sake weer vertrek.¹⁾

Die Britse owerheid het meer as 'n eeu later in 1822 met opmetingsaktiwiteite en kartering aan die

1. Morris (1966) 69-70.

Suid-Afrikaanse ooskus begin. Die resultate van hierdie werk het vroeg 'n mate van belangstelling vir Natal in Kaapstad gewek en kort na die aanvang daarvan het die sogenaamde "Farewell Trading Company" aldaar tot stand gekom met die oog op die stigting van 'n nedersetting aan die Natalse kus. Hierdie private maatskappy het gedurende 1823 en 'n paar jaar daarna, die vestiging van 'n handjievul Britse avonturiers by Port Natal bewerkstellig. (Aanvanklik het 'n twintigtal Kaapse boere ook saamgegaan, maar binne 'n paar maande teruggekeer omdat Port Natal hulle nie geval het nie.) Die Kaapse goewerneur op daardie stadium, Lord Charles Somerset, se beleid was ten gunste van uitbreiding van die handel, maar skerp gekant teen gebiedsuitbreiding weens die uitgawes wat normaalweg daaruit voortvloei het. Ten tye van die landing van die voorgenome nedersetters was Natal tussen die Umzimkulu- en Tugelariviere grootliks ontvolk weens die militêre bedrywighede van Tshaka se Zoeloemagte. Die Zoeloes het hoofsaaklik die gebied tussen die Tugela- en Pongolariviere, die see en die Drakensberg bewoon, maar Tshaka het die hele (latere) Natal as persoonlike gesagsfeer gehad. Gevolglik het diegene onder die setlaars wat die inisiatief geneem het, met hóm onderhandel oor hul nedersetting. Tussen 1824 en 1828 het Tshaka, wat dit skynbaar geniet het maar as onsin beskou het, by verskillende geleenthede sy merk op dokumente geplaas waarvolgens hy groot gebiede rondom die baai (Port Natal) aan verskillende van die setlaars in eiendom oorgedra het. Tshaka se bedoeling was egter nie om van die grond afstand te doen nie,

maar bloot om prekariese okkupasieregte toe te staan. Die eerste van hierdie geleentehede het op 7 Augustus 1824 plaasgevind, en die setlaars het op 27 Augustus van dieselfde jaar die Britse vlag op dié grond gehys en beweer dat dit Britse gebied is. Hieraan het Lord Somerset hom egter geensins gesteur nie. Die setlaars van Port Natal het 'n interessante vriendskap met Tshaka opgebou: by verskeie geleentehede het hulle hom vergesel en gehelp in oorloë teen omliggende stamme, en twee van hulle was selfs teenwoordig (as temperende faktor) toe die Zoeloemagte in 1828 'n verwoestende veldtog in Tembuland en Pondoland gaan loods het; gedurende dieselfde tydperk het sommige van die ander setlaars deel uitgemaak van 'n onsuksesvolle diplomatieke sending van Tshaka na Kaapstad (waar hy skynbaar gemeen het die Britse soewerein se setel was).²⁾

Ná die sluipmoord op Tshaka in 1828 het Dingane hom opgevolg en al gou 'n soortgelyke regime van abolutisme daargestel. Sy verhouding met die Blankes van Port Natal was ietwat meer gespanne en in 1831 het hy selfs 'n aanval op 'n gedeelte van die nedersetting geloods, welke aanval geïnspireer was deur Dingane se ontevredenheid met een van die Blanke leiers se optrede. Hoofsaaklik weens misverstande wat uit dié aanval voortgevloei het, is ander aanvalle ook op die nedersetting gedoen. Dit het egter nie 'n blywende uitwerking op die groei van die Blanke teenwoordigheid gehad nie.

2. Morris (1966) 71-105 en vgl Hattersley (1950) 2-13.

Nadat slegs 'n handjievol pioniers vir ongeveer tien jaar lank die enigste blyke van Blanke teenwoordigheid in Natal was, het belangstelling in die gebied teen 1832 sodanig gegroei dat nuwe setlaars nou begin opdaag het en die nedersetting al vinniger begin groei het. Op daardie stadium het 'n Grensboer, ene Berg, per see ook besoek gebring aan Natal en die skoonheid en potensiaal van die gebied gaan meedeel aan die toekomstige Voortrekkers. In 1834 het Piet Uys se "kommissietrek" (een van 'n aantal klein trekke wat verkenning van die noordelike streke van die land ten doel gehad het) in Natal opgedaag. Dit was juis op hierdie stadium wat Dingane al sy magte en mense uit Natal teruggetrek het, skynbaar om onnodige wrywing met Blankes te vermy, en die hele gebied suid van die Tugelarivier en wes van sy sytak, die Buffelsrivier, feitlik ontvolk was. Die gevolg was dat Uys se verslag oor Natal aan die Grensboere uiters gunstig was.

In 1834 het ene AF Gardiner hom in Port Natal gaan vestig en onmiddellik heelwat inisiatief aan die dag gelê: hy het in 1835 'n vergadering van die setlaars belê om Durban as dorp se ordelike stigting aan die gang te kry, welke vergadering tegelyk ook 'n versoek tot die Britse regering gerig het om die gebied tussen die Umzimkulu- en Tugelariviere onder die naam "Victoria" as 'n Britse kolonie te erken, en om 'n Goewerneur en uitvoerende raad aan te stel om saam met 'n verteenwoordigende wetgewende liggaam oor die gebied te regeer! Hiervan het voorlopig niks tereg gekom nie. Gardiner het ook in 1835 'n verdrag (wat in

Zoeloe-oë min beteken het) met Dingane gesluit inge= volge waarvan eersgenoemde as gesagvoerder (of te wel soort stamhoof), ondergeskik aan Dingane, oor die hele Natal aangestel is in ruil vir die uitlewering van vlugtelinge uit Zoeloeland.³⁾ Sir Benjamin D'Urban het hierdie verdrag bekragtig, Gardiner is in 1836 Engeland toe om belangstelling by die regering te probeer opwek om die gebied te annekseer, maar die enigste gevolg van sy pogings was dat die Cape of Good Hope Punishment Act van 1836 so geformuleer is dat Natal binne die trefkrag daarvan geval het, en dat hy ingevolge artikel II van dié Wet as magistraat vir Natal aangewys is met jurisdiksie oor die Blankes al= daar, maar nie oor die Bantoe nie. Hierdie amp kon hy egter weens gebrek aan persoonlike aansien nie ef= fektief uitoefen nie. Intussen was die Groot Trek onderweg en die setlaars van Port Natal het verlangend uitgesien na die aankoms van die Trekkers, selfs met hoop op die tot standkoming van 'n onafhanklike staat in Natal.⁴⁾

4.2. Die Republiek Natalia

Piet Retief het Durban op 20 Oktober 1837 bereik. Uit die oogpunt van hierdie studie was die Voortrek= kers se rol in Natal van sodanige aard dat hulle hoof= saaklik, voordat hulle weer vertrek het, sou kon sê venimus, vidimus, vicimus.

3. Vgl Eybers (1918) 143.

4. Morris (1966) 109-23 en 131-7 en Hattersley (1950) 14-21.

In die eerste plek is dit interessant om te let op hulle verhouding met die Britse nedersetters van Port Natal ten opsigte van die aanspraak op Natal: aanvanklik het die Britte vir Retief hartlik verwelkom en hom van hul samewerking verseker. Hulle het hom van Gardiner (wat Natal die volgende jaar permanent verlaat het) se verkryging van Natal by Dingane meegedeel, maar hom ook vertel dat hulle dié magistraat se gesag verwerp het. In die militêre stryd teen die Zoeloes wat gevolg het, het die Britte die Voortrekkers bygestaan, en 'n hele aantal van hulle het gesneuwel, maar 'n groep (waaronder Gardiner) het ook vroeg in hierdie stryd uit Natal vertrek. Toe Karel Landman vir Retief as "Gouverneur" opgevolg het, het hy op Port Natal gaan beslag lê en twee Britse nedersetters onderskeidelik as veldkornet en landdros vir die hawegebied aangestel. Aan die einde van 1838 het die Britse troepe vir die eerste keer in Durban opgedaag om vrede tussen Zoeloes en Trekkers te probeer handhaaf, hoewel hulle nie die Slag van Bloedrivier kon verhoed nie. Terwyl dié troepe nog daar was het die Trekker/Setlaar-verhouding al begin versleg. Daar het selfs gerugte rondgegaan dat die nedersetters Dingane aangehits het tot die verraad teen Retief. Die Britse troepe het aan die einde van 1839 weer vertrek, maar in Mei 1842 is die Britse vlag weer by Port Natal gehys deur troepe wat gestuur is na aanleiding van die Britse vrees dat die Republikeinse segregasiemaatreëls weer golwe Xhosas oor die Kaapse oosgrens sou laat stroom. Nou het die Setlaars duidelik met die troepe saamgewerk teen die Republiek omdat

hulle (die Setlaars) Britse besetting van Natal voor=gestaan het: die duidelikste voorbeeld hiervan was die epiese rit van Dick King ('n nedersetter sedert 1828) deur die Transkei om Britse versterkings ná die slag by Congella te ontbied.⁵⁾

In die tweede plek is die Voortrekkers se ooreenkomste met en hul hanteringsbeleid ten opsigte van die Natalse Bantoe van belang: die eerste (mondelinge) ooreenkoms was dié tussen Retief en Dingane ingevolge waarvan Retief gesteelde vee van Dingane by Sikonyela moes gaan terugwin om te verseker dat Dingane grond aan die Trekkers sou toeken. Retief het sy onderneming nagekom, waarop die bekende oordrag van die gebied tussen die Tugela- en Umzimvuburiviere (Port Natal spesifiek ingesluit), die see en so ver na die binneland as wat vir die Trekkers bruikbaar mog wees, deur Dingane op 6 Februarie 1838 onderteken is.⁶⁾ Hierdie dokument is op 23 Desember 1838 ongeskonde by Retief se vermoorde lyk gevind, wat, saam met die feit dat Tshaka en Dingane soortgelyke skriftelike sessies van oorvleuelende of dieselfde stukke grond voorheen aan nie minder as vyf Britse nedersetters onderteken het, dui op die beperkte waarde wat die Zoeloes aan sulke plegtige dokumente geheg het. Ná die moord op Retief het die bekende botsings by die Boesmans- en Blaauwkransriviere, Moordspruit, Doornkop, Italeni,

5. Vgl Muller (1973) 139, 141 en 145-6, Hattersley (1950) 21 en 34-5 en Morris (1966) 137, 145-6, 150, 155 en 157.

6. Vir die teks van hierdie dokument, kyk Eybers (1918) 148.

Veglaer en Bloedrivier plaasgevind waarmee die Voor=trekkers die Zoeloemag geknak het. Hierna het Mande (Panda), Dingane se broer, met 'n groot aantal volge=linge uit Zoeloeland oor die Tugela gedefekteer en in Oktober 1839 'n ooreenkoms met die Volksraad gesluit wat ingehou het dat hy tydelik toestemming gehad het om in Natal te woon, hy erken is as hoof van sy volge=elinge en alle ander Bantoe binne Natal, steun teen Dingane aan hom beloop is in ruil daarvoor dat hy Dingane se verdragsverpligtinge op hom sou neem, dat hy die doodstraf vir towery sou afskaf en dat hy met sy mense ná die onderwerping van Dingane terug moes trek oor die Tugela waar hy dan as ondergeskikte van die Republiek die Zoeloes moes regeer en alleen met toestemming oorlog sou kon voer. Voortvloeiend hier=uit het 'n gekombineerde Zoeloe/Boeremag kort ná die onttrekking van die Britse magte uit Port Natal, Zoeloe=loeland in Januarie 1840 binnegeval en Dingane ver=slaan. Mpande is deur kommandant-generaal Pretorius as opperhoof (of te wel koning) van die Zoeloes uitge=roep. Tegelykertyd het die Trekkers die suidelike deel van Zoeloeland en St Luciabaai as deel van die Republiek ingelyf. Hierna het die Volksraad streng beheer oor Mpande uitgeoefen.⁷⁾

Derdens is dit van belang om aandag te skenk aan die Republiek se Bantoebeleid, wat terloops een van die belangrikste faktore was by die Britse besluit om

7. Hattersley (1950) 30-1, 33-4, 38-9 en 41-3, Morris (1966) 138-9, 141-9 en 151-2 en Muller (1973) 139-42.

Natal te annekseer. Brookes⁸⁾ beskou hierdie beleid as beter as dié van enige van die ander (latere) Boererepublieke. Die probleem waarmee die Volksraad gekonfronteer was, was dat die vreedsame en veilige toestand binne die Republiek wat gevolg het op die verdrywing van Dingane en die vreedsame onderwerping van Mpande, 'n toenemende stroom Bantoe oor die Republiek se grense gelok het, welke Bantoe hulle weer op die grond waarvandaan hulle vir Tshaka en Dingane gevlug het, wou vestig. Dit is interessant om hier weer daarop te let dat die Trekkers hulle oorspronklik in Natal gaan vestig het toe die gebied feitlik geen Bantoebevolking gehad het nie. Die eerste klompie terugkerende Bantoe kon geakkomodeer word, aangesien die burgers arbeiders op hul plase nodig gehad het: die inboekstelsel, waarvolgens Bantoe kinders vir 'n bepaalde tydperk by Blanke dienshere geplaas is, is in werking gestel. Die instroming het egter onbeheersd voortgegaan.

Brookes⁹⁾ som die beleid goed op: "Generally speaking the policy of the Republic was to mark off an area for predominantly white occupation, to retain sufficient Natives therein for agricultural labour purposes, to secure an equitable distribution of this labour supply, to segregate the remaining part of the Native population, and to rule such Natives as re="

8. Brookes (1927) 22.

9. Brookes (1927) 23.

mained in the white area paternally, justly and kindly, but retaining them in a position of entire subordination - social, religious, political and economic. There was to be no attempt to break down the tribal system except so far as the families living on farms were concerned. It was not intended to force Natives to stay within the white area and work - not intended, because it was not necessary. The Natives wanted to remain in the white area."

Volgens Brookes het die Volksraad in 1839 'n "Plakkerswet" uitgevaardig; op 5 Augustus 1840¹⁰⁾ is besluit om die Bantoe in Natal aan te sê om die beplanting van landerye te staak en dat hulle teen Desember van dieselfde jaar uit die gebied sou moes vertrek; in dieselfde dag se notule is 'n besluit aangeleen wat toestemming aan die Kommandant-Generaal verleen het om meer as vyf Bantoesinne op sy plaas aan te hou (alle ander burgers is beperk tot vyf gesinne vir arbeidsdoeleindes) om enige hulpbehoewende persone se ongerief te verlig. Volgens Brookes het hierdie wetgewing dit ten doel gehad om die Bantoebevolking in die Blanke gebied te beperk, om regverdige verdeling van arbeiders te bewerkstellig, en om die vestiging van Bantoeboerderye te verhoed. Op 2 Augustus 1841 is vir die eerste keer besluit¹¹⁾ dat dié Bantoe in Natal wat nie as plaasarbeiders geakkomodeer kon

10. Kyk Preller (1924) 58-9.

11. Preller (1924) 136-9.

word nie, met hulle samewerking of andersins met geweld verskuif moes word na die gebied tussen die Um-tamvuna- en Umzimkuluriviere, waar hulle steeds onder die Republiek se gesag sou staan en oor wie "een Opper Captein of resident bevelhebber" deur die Volksraad aangestel sou word. Ingevolge 'n Volksraadsbesluit van 3 Januarie 1842¹²⁾ is die Kommandant-Generaal gemaagtig om die betrokke surplus Bantoe na die bestemde plekke te verwyder en is ook 'n passtelsel vir die Bantoe-arbeiderbevolking van die Republiek ingestel, wat dan deur die plaaslike kommandante geadministreer moes word. Volgens Brookes is die besluit om die surplusbevolking te verskuif verskeie male herhaal, die laaste keer op 4 September 1843,¹³⁾ maar dit kon nooit ten uitvoer gebring word nie.¹⁴⁾

4.3. Die Vestiging van Britse Gesag

Amptelike Britse interesse en nadere betrokkenheid by Natal, wat van groot belang is vir die gehele Bantoestaatsregsgeskiedenis, soos hieronder sal blyk, is vir die eerste keer in 1838 gemanifesteer toe Britse troepe hulle opwagting in Durban gemaak het. Die opmerklike by die ontwaking van hierdie interesse is

12. Preller (1924) 162-5.

13. Preller (1924) 246-7.

14. Brookes (1927) 24. Vgl ook par 3 supra, by die bespreking van Pondoland se anneksasiegeskiedenis. T o v die hele bespreking van die Republiek se Bantoebeleid, vgl ook Muller (1973) 145, Hattersley (1950) 44-8 en 57 en Morris (1966) 154.

dat dit grootliks te make gehad het met Britse koloniale Bantoebeleid: die troepe is in 1838 na Port Natal gestuur gedeeltelik weens 'n wanopvatting van die Trekkers se bedoelinge met hulle swart bure en arbeiders¹⁵⁾ en sekerlik ook weens vrees vir nadelige gevolge van Voortrekkeroptrede op die Kaapkolonie se Bantoebeleid. Ook die tweede ontplooiing van Britse troepe in Natal in 1842 (wat gelei het tot die slag by Congella en uiteindelijke anneksasie) is nog meer as by die eerste geval geïnspireer deur standpunte oor en vrese met betrekking tot Bantoebeleid: opgeblase berigte oor 'n strafekspedisie deur 'n mag van die Republiek teen Nkapyi in Desember 1840 weens veediefstal en oor die reedsgemelde Volksraadsbesluit van 2 Augustus 1841 aangaande die hervestiging van die surplus Bantoebevolking was een te veel vir die filantropiese Britse regering en vir die Kaapkolonie se vrese vir reperkussies op sy oosgrens.¹⁶⁾

15. Kyk bv Napier se *dépêche* aan Lord Glenelg van 18 Mei 1838, soos vervat in Bird (1965) Vol I waarin hy (op 397) die militêre besetting van Port Natal aanbeveel "in order to protect the natives of that part of South Africa from extermination or slavery by the Boers who are already there and commencing a war with Dingaan, which, end as it may, must be the cause of great slaughter and bloodshed," en vgl ook Hattersley (1950) 36-7 en 39-40, en Muller (1973) 143.

16. Vgl bv Napier se proklamasie van 2 Des 1841 soos weergegee deur Chase (1843) op 189-91, waarin Napier o m sy voorneme om Natal militêr te beset, bekend maak, en veral sy lywige *dépêche* aan Lord Stanley van 25 Julie 1842 soos weergegee deur Bird (1965) Vol II 46-55 waarin hy sy optrede by die versending van troepe na Natal vroeër in dié jaar verduidelik en regverdig; kyk ook Hattersley (1950) 44-6 en 48 en Muller (1973) 145-6.

Op 12 Mei 1843 het Goewerneur Napier van die Kaap 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy die Britse voorneme om Natal as kolonie te aanvaar ("adopt"), bekend gemaak het. Nou het 'n oorgangsfase ingetree waarin die Volksraad aangehou het om te funksioneer terwyl die Goewerneur 'n Britse kommissaris (ene Henry Cloete, 'n Kaapse advokaat) aangestel het om met die Volksraad te onderhandel en om die probleem van grondtoekenning te ondersoek. Cloete het opdrag gehad om dit bekend te maak dat die Britse gesag geen onderskeid van ras voor die reg sou duld nie, dat agressie teen Bantoestamme in die omliggende gebiede verbied sou word en dat slawerny of enigiets soortgelyks ook in Natal volkome onwettig sou wees.¹⁷⁾

Cloete het op 5 Oktober 1843 'n vredesverdrag met Mpande gesluit ingevolge waarvan die grens tussen die nuwe kolonie en die Zoeloegebied vasgelê is en waarin Mpande ook onderneem het om krale van ondergeskikte kapteins wat binne Natalse gebied gestaan het, te laat verwyder. Die grenslyn sou die Tugela-Buffelsriviere tot by die Drakensberg wees.¹⁸⁾ Op dieselfde dag het Mpande ook St Luciabaai aan die Britse vorstin geseeder.¹⁹⁾

Gedurende die oorgangstydperk het Bantoe in steeds

17. Welsh (1971) 9-10.

18. Eybers (1918) 180-1.

19. Vgl Brookes (1927) 38.

toenemende getalle die nuwe kolonie binnegekom terwyl die Trekkers in groot getalle weer oor die Drakensberg uitgetrek het. Toe Natal eindelik in Desember 1845 onder effektiewe Britse administrasie gekom het,²⁰⁾ het die Bantoebevolking sedert 1838 reeds ongeveer vier-voudig toegeneem.²¹⁾ Op 27 Augustus 1845 is die Romeins-Hollandse reg deur die Kaapse wetgewer op Natal van toepassing gemaak, wat natuurlik onprakties was ten opsigte van die groot Bantoebevolking.²²⁾

4.4. Die Natalse Stelsel van Bantoe-regering

Op 31 Maart 1846 het luitenant-goewerneur West die sogenaamde "Locations Commission" aangestel om woongebiede vir die Bantoe op so 'n wyse af te baken dat belangebotsings tussen hulle en die Blanke boere

20. Luit-goew Martin West het eers toe in Durban voet aan wal gesit saam met 'n aantal amptenare, w o Theophilus Shepstone - kyk by Hattersley (1950) 65 en Brookes (1927) 26. Intussen is Natal ("the Territories occupied by Our Subjects throughout the District of Natal") by die Kaapkolonie geannekseer ingevolge 'n Ope Brief van 31 Mei 1844 (Eybers (1918) 182-3), waarvolgens "no law, custom or usage now in force within our said Settlement of the Cape of Good Hope, shall by force and virtue hereof extend to and become in force within the said District of Natal" (my kursivering) maar waarin die Kaapse Wetgewende Raad gemagtig is om vir Natal wette te maak. Ingevolge 'n Ope Brief van 30 April 1845 (Eybers (1918) 184-6) het Natal 'n afsonderlike kolonie geword wat onder die regering van 'n luit-goew sou staan.

21. Vgl by Brookes (1927) 22 en 25.

22. Ingevolge Ordonnansie 12 van 1845 van die Kaapse Wetgewende Raad, weergegee deur Eybers (1918) 227-9, en vgl Welsh (1971) 10-2.

vermy sou word. Die Kommissie het onder meer bevind dat 'n toestand van wetteloosheid onder die Bantoe geheers het omdat die Blanke reg weens 'n tekort aan amptenare nie afgedwing kon word nie, en omdat die stamhoofde nie gesag kon afdwing nie aangesien hul onderdane besef het dat hulle geen werklike owerheids=gesag gehad het nie. Voorts is aanbeveel dat tien "lokasies" (dit wil sê landelike woongebiede) geskep word,²³⁾ waar dan 'n Blanke superintendent of resident=agent met 'n paar amptenare aangestel moes word. Die lokasiesuperintendente moes beklee word met regsprekende gesag wat hulle moes uitoefen met die hulp van 'n soort "jurie" bestaande uit die belangrikste stamhoofde en raadsmanne van die lokasie, en "should conform" (in die regspraak) "as much to their own law as is compatible with the principles of ours." Daar sou dan vanaf hierdie "howe" geappelleer kon word na die "Diplomatic Agent", welke pos beklee is deur Shepstone. Die eerste van hierdie aanbevelings wat voorlopig ten uitvoer gebring kon word, was die (vreedsame) vestiging van ongeveer 80 000 Bantoe in die lokasies.²⁴⁾ Tradisionele stamhoofde en stamgebondenheid het in die chaotiese tye wat 1847 voorafgegaan

23. Latere kommissies van 1848 en 1852-3 het ook met die afbakening van die lokasies gehandel, en tussen 1862 en 1887 is grond aan sendingverenigings in trust vir bepaalde groepe Bantoe toegeken, welke gronde ingevolge die Natal Mission Reserves Act 49 van 1903 oorgedra is aan die Natal Native Trust - Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 25-6 en Brookes (1927) 57-8.

24. Welsh (1971) 12-4 en Brookes (1927) 29-30.

het, grootliks verdwyn. Gevolglik het Shepstone, wat verantwoordelik was vir die administrasie van die Bantoe, heelwat aanstellings gemaak wat net vaagweg of glad nie op verwantskap met vorige stamhoofde berus het nie. Shepstone het hierdeur onder meer gepoog om die stamstelsel in ere te herstel. Die lokasies wat afgebaken was, het ongeveer een tiende van die oppervlakte van Natal beslaan, wat op daardie stadium skynbaar 'n baie ruim toewysing was.²⁵⁾

'n Belangrike aanbeveling van die Kommissie, naamlik dat die Bantoegewoontereg erkenning moes ontvang, het eers in 1849 positiewe gevolge gehad. Na aanleiding van die Kommissie se verslag is Koninklike Instruksies ("Royal Instructions") in Maart 1848 uitgereik waarin die volgende²⁶⁾ belangrike beginselstellings vervat is en wat, ná heelwat dispuut tussen Cloete en Shepstone, aanleiding gegee het tot die promulgering van die bekende Natalse Ordonnansie 3 van 1849:²⁷⁾ "... in assuming the Sovereignty thereof," (van Natal) "We have not interfered with or abrogated any Law, Custom, of Usage prevailing among the Inhabitants previously to the assertion of Sovereignty over the said District, except so far as the same may be

25. Brookes (1927) 30-1 en Welsh (1971) 20 en 111.

26. Soos aangehaal in Eybers (1918) 236 waar hy Ordonnansie 3 van 1849 (N) weergee, wat die proklamering van die Koninklike Instruksies ook bevat het.

27. Welsh (1971) 14-7 en vgl Brookes (1927) 49-50.

repugnant to the general principles of humanity, recognized throughout the whole Civilized World, and that We have not interfered with, or abrogated the powers which the Laws, Customs, and Usages of the Inhabitants vested in the said Chiefs, or in any other persons in authority among them, but that in all transactions between themselves, and in all Crimes committed by any of them against the Persons, or Property of any of them, the said Natives are (subject to the Conditions already stated) to administer justice towards each other as they had been used to do in former times. Provided nevertheless, and We do hereby reserve to Ourselves full power and authority as we from time to time shall see occasion to amend the laws of the said Natives, and to provide for the better administration of Justice among the, as may be found practicable."

Dit is interessant om daarop te let dat in die Koninklike Instruksies nie rekening gehou is met die bewoording van Ordonnansie 12 van 1845 waarna reeds verwys is nie: ingevolge hierdie ordonnansie is die Romeins-Hollandse reg "established as the law, for the time being, of the District of Natal ... and of Her Majesty's Subjects, and all others residing and being within the said District." (My kursivering).²⁸⁾

By die uitvaardiging van Ordonnansie 3 van 1849 op 23 Junie is egter wel deeglik rekening gehou met

28. Eybers (1918) 228.

Ordonnansie 12 van 1845: artikel 1 het laasgenoemde ordonnansie herroep in soverre as wat dit in stryd was met bogemelde Koninklike Instruksies en met die onderhawige ordonnansie.

Artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1849 het weer=klank gevind tot op hede. Dit lui: "... the Lieutenant-Governor of this District shall hold and enjoy, over all the chiefs and natives in this District, all the power and authority which, according to the laws, customs, and usages of the natives, are held and enjoyed by any supreme or paramount native chief, with full power to appoint and remove the subordinate chiefs, or other authorities among them."²⁹⁾ Artikel 2 van die Ordonnansie handel oor die aanstelling deur die Luitenant-Goewerneur van 'n persoon met gesag om die regs=pleging volgens Bantoe-reg te "controul, revise and direct." Artikel 3 het appèljurisdiksie aan die Luitenant-Goewerneur, handelende op advies van die Uitvoer=ende Raad ("Executive Council")³⁰⁾ in alle sake tussen Bantoe toegeken en artikel 7 het "all crimes, which

29. Interessant van hierdie laaste sin is dat die tradisionele Bantoe-opperhoof, met die moontlike uitsonderings van die "ab=normale" opperhoofde soos Tshaka en Dingane, nie die gesag gehad het om ondergeskikte stamhoofde aan te stel nie - vgl par 1 van hierdie hoofstuk.

30. Presies waarom die begrip "Executive Council" gebruik is, is geensins duidelik nie, aangesien daar in 1849 in Natal slegs 'n "Legislative Council" ingestel deur 'n Ope Brief van 2 Maart 1847, was waaraan algemene uitvoerende kompetensies egter toegeken is - vgl Eybers (1918) 186-7 en xlix.

may be deemed repugnant to the general principles of humanity, recognized throughout the civilized world" (myns insiens 'n uiters vae bewoording), alleen in die koloniale howe vervolgbaar gestel.

Die staatsregtelike toestand wat dus deur veral Ordonnansie 3 van 1849 geskep is, is dat afsonderlike staatstelsels vir Blank en Bantoe ontstaan het, elk met sy eie owerheidsorgane. Sommige van hierdie owerheidsorgane was in albei stelsels dieselfde (byvoorbeeld die wetgewende gesag het nog ten opsigte van albei stelsels by die Wetgewende Raad berus) en sommige daarvan het dubbele funksies vervul (dieselfde persoon was byvoorbeeld luitenant-goewerneur in die Blanke stelsel en opperhoof in die Bantoe-stelsel). Van die ander organe was weer duideliker gedifferensieer, soos die siviele regsprekende gesag (veral op die laer en finale appèlvlak) en tot 'n groot mate die uitvoerende gesag, wat struktureel nou verweef was met die regsprekende gesag vir die Bantoe.³¹⁾ Uit die

31. Gedeeltelike bevestiging van hierdie ontleding is te vind in 'n memorandum van instruksies aan magistrate deur Shepstone van 29 Okt 1850, soos aangehaal deur Brookes (1927) 51: "Her Majesty's Government has most wisely ... (provided) a form of government for the Natives in this District, which, while adapted to their present position, is capable of being so modified as to advance their progress towards a higher and better civilization." (Kursivering bygevoeg). Vgl ook Sullivan (1928) 80. Ook die eerste paragraaf van die voorrede tot Wet 11 van 1865 (N) - Eybers (1918) 194-5 - is insiggewend: "Whereas the numerous Natives residing in this Colony are, by the 28th article of Her Majesty's Instructions, given ... on the 8th day of March 1848

b o

beleid wat gevolg is met betrekking tot die Bantoe=stelsel is dit duidelik dat hoofsaaklik die breë formele raamwerk van die tradisionele "Bantoe staatsreg" gebruik is, terwyl die materiële staatsreg van Blanke owerheidsweë afkomstig was.³²⁾

Hierdie stelsel het vir 'n geruime tyd onveranderd voortgeduur. In 1856 het Natal 'n afsonderlike kolonie geword, met 'n verteenwoordigende regering³³⁾ - dit op sigself het egter nie 'n wesenlike verandering aan die verloop van die Bantoe staatsregsgeskiedenis in Natal teweeg gebring nie. In 1858 het Shepstone begin met 'n truststelsel ten opsigte van grond deur Bantoe bewoon, wat ingehou het dat die Kroon elke lokasie gebied afsonderlik sou vervreem aan trusts, waarvan een trustee telkens die stamhoof van die betrokke gebied moes wees. Slegs een sodanige trust, die sogenaamde Umnini-trust, het egter tot stand gekom voordat die omvattender "Natal Native Trust" in 1864 by wyse van

... placed under special control, and made subject to their own laws, customs and usages, and are consequently only partially brought under the operation of the general laws of the Colony ..."

(my kursivering): immers, die hele doel van Wet 11 van 1865, nl om Bantoe wat op die punt was om weens grondtoekennings wat aan hulle gemaak sou word, aan die stemregkwalifikasies vereis in a 11 van die "Charter of Natal" te voldoen, van die kieserslys te weer, dui op 'n gesplete staatsregstelsel. T o v die mate van gedifferensieerdheid van die regsprekende en uitvoerende gesag, vgl Welsh (1971) 21-2 en ook Brookes (1927) 64.

32. Vgl Welsh (1971) 20-1.

33. Ingevolge die sg Charter of Natal vervat in 'n Ope Brief van 15 Julie 1856 - Eybers (1918) 188-94.

'n Ope Brief ³⁴⁾ in die lewe geroep is, ingevolge waarvan alle onvervreemde lokasiegrond in trust vir die hele Bantoebevolking gehou is deur die trustee, naamlik die Uitvoerende Raad van Natal, onder voorsitterskap van "the Officer for the time being administering the Government of Natal," en ingevolge waarvan voorts "the said Corporation" (die Trust) "may take and hold Lands within our said Colony of Natal, or any interest in such lands, and may grant, sell, lease, or otherwise dispose of the same Lands in such wise as they shall deem fit, for the support, advantage, or well being of the said Natives, or for purposes connected therewith."³⁵⁾ Die rede waarom nie voortgegaan is met Shepstone se oorspronklike trustplan nie, was dat die Kolonie se regering steeds in die posisie wou bly om grondtoewysings onder die verskillende stamme te hersien.³⁶⁾

'n Volgende gebeurtenis wat van (minder) belang is, is die promulgering van Wet 11 van 1864, wat onmiddellik die volgende jaar deur Wet 28 van 1865 vervang is. Hierdie wetgewing het voorsiening gemaak vir vrystelling op aansoek van Bantoe wat aan sekere

34. Gedateer 27 April 1864 en gepubliseer in die Natal Government Gazette van 28 Junie 1864 op 253.

35. Later in 1878 is egter nog 'n afsonderlike trust t o v die Putilelokasie geskep, welke trust in 1908 deur die Natal Native Trust oorgeneem is - Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 26.

36. Brookes (1927) 57-8 en Rogers (1949) 75.

kwalifikasies voldoen het, van die werking van die Bantoeereg en artikel 19 van die 1965-Wet het bepaal dat vrygestelde Bantoe "shall ... be deemed and reckoned as exempt from the provisions and operation of Native Law, and shall thereafter be deemed subject to the ordinary laws of the Colony." Die motiewe vir die aanneme van hierdie wet was bloot politieke en 'n baie beperkte aantal Bantoe het sodanige vrystelling ontvang.³⁷⁾ Vrystelling vir sewe jaar ingevolge hierdie wetgewing is onder meer ingevolge Wet 11 van 1865 as een van die kwalifikasies vir die verkryging van stemreg gestel.³⁸⁾

Soos reeds hierbo in paragraaf 3 vermeld, is 'n gedeelte van die Pondo gebied in 1866 met die instemming van Faku, die Pondo-opperhoof, vir Natal geannekseer as "Alfred County," wat dus die suidgrens van Natal verskuif het tot by die Umtamvunarivier.³⁹⁾

In 1875 is die Native Administration Law 26 van 1875 (Natal)⁴⁰⁾ deur die Wetgewende Raad goedgekeur

37. Vgl Brookes (1927) 58-9.

38. Vgl vn 31 supra.

39. Vgl vn 26 van par 3 supra en ook Brookes en Webb (1965) 121.

40. Eybers (1918) 247-51 gee die belangrikste dele van die teks weer. Die wetsontwerp soos vir die derde lesing daarvan (noi van 1875) is in die Natal Government Gazette van 14 Des 1875 op 804-5 gepubliseer.

"to make better provision for the Administration of Justice among the Native Population of Natal, and for the gradual assimilation of Native Law to the Laws of the Colony." Artikel 1 het die reeds vermelde Ordonnansie³ van 1849 herroep. Die differensiasie tussen die regsprekende gesag vir Blank en Bantoe is deur dié Wet verskerp: 'n "Native High Court" met 'n spesiale regter is deur artikel 7 in die lewe geroep, met jurisdiksie om alle siviele en sekere strafregtelike⁴¹⁾ appèlle van laer Bantoehowe te verhoor; artikels 2 en 3 het voorsiening gemaak vir die laer howe in die afsonderlike hiërargie van die Bantoe-regsprekende gesag, deur die aanstelling van Blanke persone vir bepaalde distrikte as "Administrators of Native Law" te magtig en ook deur aanstelling binne sodanige distrikte te magtig van "Native Chiefs" en "Other Native Officers" wat beklee is met regsprekende jurisdiksie. Artikel 9 het 'n Appèlhof in die lewe geroep "which shall be held to be, and shall be a branch of the Supreme Court of the Colony, and shall consist of the Chief Justice or one of the Puisne Judges of the said Supreme Court, the Secretary for Native Affairs for the time being, and the Judge of the Native High Court established under this Law" wat dan appèlle van af die Native High Court moes aanhoor. Al hierdie howe sou ingevolge artikel 5 alleen Bantoeereg toepas "so far as the same" (Bantoeereg en -gewoonte) "shall

41. Vgl a 6 van die Wet. Beperkte strafregtelike jurisdiksie is twee jaar later deur Wet 21 van 1878 (N) - Eybers (1918) 252 -3 - aan die Administrators of Native Law toevertrou.

not be of a nature to work some manifest injustice, or be repugnant to the settled principles and policy of natural equity; except that all civil cases arising out of transactions in trade, or out of the ownership of or succession to land, shall be adjudicated upon according to the principles laid down by the ordinary Colonial Law in such cases."⁴²⁾

Ander belangwekkende bepalings van Wet 26 van 1875 is artikel 10 wat die aanstelling van 'n Raad gemagtig het, welke Raad verskeie take sou hê, onder meer om "... within a period of two years ... reduce to writing the Native Law as at present administered in the Colony," en artikel 13 wat die bekleding van die Luitenant-Goewerneur met die Opperhoofskap oor al die Natalse Bantoe herbepaal het in soortgelyke woorde as artikel 4 van Ordonnansie 3 van 1849.

Dit is nie baie duidelik uit die bepalings van die Wet of die bedoeling met die ter skrifstelling van die Bantoreg was dat dat dit as bindende wetgewing moes dien nie⁴³⁾ en dit is ook onduidelik of die

42. Die enigste verdere skynbare uitsondering was "crimes and offences of a political character" wat ingevolge a 6(a) moontlik deur die prokureur-generaal verwys kon word na die "Native High Court."

43. A 11 van die Wet het bepaal dat die Kode, wanneer voltooi, eenvoudig deur die luit-goew geproklameer en gepubliseer moes word: dit is moontlik dat die gedagte hierby was dat die luit-goew aldus in sy hoedanigheid as opperhoof wetgewing sou uitvaardig. Daarenteen egter, het a 10 vir 'n ander prosedure by

Kode wel later in Natal as sodanig beskou is.⁴⁴⁾ Nie-temin bevat die 1878-Kode⁴⁵⁾ wat voortgevloei het uit artikel 10, 'n enkele tersaaklike bepaling: artikel 1 maak dit duidelik dat ook die wetgewende gesag in die Natalse Bantostaatsregstelsel skerp gedifferensieer is deur te bepaal: "The Queen's Representative at the head of the Natal Government has, as Supreme Chief of

die wysiging van die Kode voorsiening gemaak: die Raad sou nie ontbind word ná die aanvanklike afhandeling van hul taak nie, maar moes voortdurend verbeterings aan die Kode voorstel, welke wysigings dan deur die luit-goew aan die Wetgewende Raad vir goedkeuring voorgelê moes word, welke goedkeuring dan die vorm van besluite ("Resolutions") moes aanneem, wat weer bevestig moes word deur die luit-goew, geproklameer en gepubliseer moes word, welke wysigings dan "the same force and effect" (sou hê) "as if they had been inserted in this Law, subject always, however, to disallowance by Her Majesty." Om die situasie nog verder te kompliseer, is die Kode van 1878 (kyk vn 45 infra) nie geprokla-meer nie, maar bloot in 'n Goewermementskennisgewing gepubliseer " ... the Lieutenant Governor directs the publication for gene-ral information of the following Code of Native Law ..." (kursivering bygevoeg). Voorts word in die voorwoord ("Preface") van die Kode die volgende raaiselagtige stelling gemaak: "It will be borne in mind by the Administrators (of Native Law) that this reduction into writing of the Native Law is as far as it goes, an authoritative declaration of that Law, and may therefor be unhesitatingly acted on by them, though perhaps they themselves might in some instances have been disposed to adopt a different view of the Native Law thereon." (Kursivering bygevoeg).

44. Vgl Brookes (1927) 65 waar hy (sonder verwysing na gesag) beweer: "few Magistrates departed from the terms of the 1878 Code, even though it was not legally binding" (?) contra Welsh (1971) 166 waar hy (eweneens sonder duidelike gesagsverwysing) beweer: "Many points of customary law were so starkly and sketchily made" (in die Kode) "that the administrators of native law continued to enforce their own versions of customary law."

45. Gepubliseer as "Government Notice No 194, 1878" in die Natal Government Gazette van 25 Junie 1878.

the Natives, absolute legislative authority over them, save so far as such authority may have been expressly or impliedly transferred or abandoned to the General Legislature of the Colony, or to the Board established under the Native Administration Law, 1875."

4.5. Die Britse Anneksasie van Zoeloeland

Ter wille van die chronologie moet nou eers aandag geskenk word aan gebeure in Zoeloeland wat tot die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu deur die Britse owerhede beskou is as 'n onafhanklike koninkryk.⁴⁶⁾ Mpande is in 1872 oorlede en is in 1873 deur Cetshwayo opgevolg. Weens politieke omstandighede kon Shepstone hom dit aanmatige om Cetshwayo met groot omhaal in die naam van Koningin Victoria te "kroon" tot "koning" van

46. Dit skyn die enigste betroubare afleiding te wees wat van die amptelike optredes gemaak kan word. Vgl ook die kursoriese opmerking in hier voege in die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 2 27. Dat amptenare soos veral Shepstone voor hierdie tyd reeds invloed op die gebeure in Zoeloeland gehad het, lyk egter waarskynlik: volgens Binns (1963) 48-51 was Shepstone in 1861 op versoek van Mpande "chief witness to the formal act" by geleentheid van die amptelike "nominasie" van Cetshwayo as troonopvolger, waar Shepstone dan ook groot agting by die Zoeloes sou afdwing het weens sy kloekmoedige morele weerstand teen die impi's wat hom om die lewe wou bring. Morris (1966) 203 se weer-gawe van hierdie gebeure is basies dieselfde (hoewel heelwat minder simpatiek teenoor Shepstone) maar hy voeg by dat Shepstone "boldly picked up the long-dormant suzerainty of the Republic of Natal over Zululand, and made a patronizing speech in which he cautioned Cetshwayo to conduct himself properly in future."

die Zoeloevolk.⁴⁷⁾ Dit het egter weinig indruk op die Zoeloes gemaak, aangesien Cetshwayo reeds twee dae voor Shepstone se seremonie tot opperhoof uitgeroep is op die tradisionele wyse.⁴⁸⁾ Cetshwayo het al gou die Zoeloe-eenheid en militêre mag weer opgebou. Laasgenoemde feit, tesame met veral grens- en gebieds=geskille tussen Zoeloes en die Transvalers (waarby Britse gesag en ook Shepstone betrokke was weens die anneksasie van die Transvaal in 1877) het grootliks bygedra tot die uitbreek van die Anglo-Zoeloe-oorlog in 1879. Daarby het die gees van imperialisme wat in Britse regeringskringe vaardig was, wat ten opsigte van Suid-Afrika gemanifesteer is in 'n ideaal van konfederasie van Suid-Afrikaanse state, ook geen klein

47. Wat die ware houding van die Zoeloes teenoor Shepstone was, kan nie met sekerheid van die historici (wat dikwels oor sulke aangeleenthede met skerp vooroordeel skryf) vasgestel word nie. Dit staan skynbaar vas dat 'n deputasie van Zoeloe-onderdane Pietermaritzburg in 1873 besoek het en 'n verklaring aan die Natalse regering voorgelê het. Volgens amptelike dokumentasie (wat volgens Morris (1966) 206 nie betroubaar is nie omdat Shepstone daarvoor verantwoordelik was en wat deur Binnes (1963) 57 volledig weergegee word) het die verklaring 'n versoek bevat dat Shepstone die opvolgingsprobleme vir die Zoeloes moes gaan oplos, dat "the Zulu Nation wishes to be more one with the Government of Natal" en dat "the Government of Natal be extended so as to intervene between the Zulus and the territory of the Transvaal Republic." (Oor lg Zoeloe-Transvaal grondgeskille, vide infra par 6.) Indien die amptelike weergawe van hierdie verklaring wel die Zoeloes se houding van 1873 korrek weergee, het Cetshwayo se latere optrede 'n radikale verandering daarvan weerspieël - vgl Morris (1966) 280.

48. Vgl Morris (1966) 204-9 en Bryden (1904) 183 asook Binns (1963) 61-4 en hfst 6.

bydrae gemaak nie.⁴⁹⁾ Dit is insiggewend dat die oorlog begin het nadat die Hoëkommissaris van Suid-Afrika (welke amp steeds deur die Kaapse Goewerneur beklee is), Sir Bartle Frere, 'n ultimatum aan Cetshwayo gestel het (wat laasgenoemde onmoontlik kon of wou nakom) en die Britse mag Zoeloeland toe binnegeval het op 11 Januarie 1879.⁵⁰⁾ Die oorlog het ongeveer agt maande geduur en het die verwoesting van die Zoeloes se eenheid en hul militêre mag tot gevolg gehad.⁵¹⁾

Die onmiddellike gevolg van die oorlog was nie anneksasie van Zoeloeland nie, hoewel die Britse regering selfs gedurende die oorlog nog anneksasie in gedagte gehad het. Die beleid het egter skielik verander sodat die Britse regering nie bereid was om méér met die administrasie van Zoeloeland te doen te hê as wat nodig was om die vrede en veiligheid van die omliggende kolonies te verseker nie.⁵²⁾ Cetshwayo is gevange geneem, "onttroon" en verban, met die gevolg dat die Zoeloestaat in tradisionele Bantoestaatsregtelike sin opgehou het om te bestaan. Die gebied is verdeel in dertien onafhanklike gebiede elk met 'n

49. Kyk bv De Kiewiet (1937) 34-5, 183, 206-8 en 220, Morris (1966) 266-91 en Binnes (1963) hfstt 7-9.

50. Morris (1966) en Binnes (1963) t a p.

51. Morris (1966) 319-595 en Binns (1963) hfstt 11-14 behandel die verloop van die oorlog uitputtend.

52. De Kiewiet (1937) 246.

aangestelde stamhoof in beheer daarvan, met die gedagte daarby om stamverbande wat vóór die vereniging van die stamme deur Tshaka tot die Zoeloevolk, bestaan het, te laat herlewe. Hierdie aanstellings was uiteraard kunsmatig - een stamhoof was selfs 'n Blanke, ene John Dunn, wat darem in 1856 reeds deur Cetshwayo as stamhoof aangestel is. Dit lyk ooglopend dat die doel met hierdie reëlings was om te verdeel en te heers, of te wel om toekomstige probleme met die Zoeloes te verhoed. 'n Britse resident is in Zoeloeland geplaas as waarnemer sonder dat enige owerheidsgesag egter aan hom toegeken is.⁵³⁾

Die reëlings ten opsigte van Zoeloeland het al gou 'n mislukking geblyk te wees. In 1882 is die Gouwerneur van Natal aangestel as Special Commissioner for Zulu Affairs, "to take all such measures, and to do all such things in relation to the Native Tribes of Zululand as are lawful and appear to you to be advisable for maintaining our Colony of Natal in peace and safety, and for promoting the peace, order, and good government of the tribes aforesaid, and for preserving friendly relations with them."⁵⁴⁾ In dieselfde jaar is besluit om Cetshwayo as opperhoof te herstel oor 'n gedeelte van die oorspronklike Zoeloeland.

53. Vgl Brookes (1927) 67-8, De Kiewiet (1937) 246-7 en Morris (1966) 596-9.

54. Eybers (1918) lvii.

Die gebied tussen die Tugela- en Umhlatusiriviere, waarin Dunn se gebied onder meer geleë was, is omskep in die Zulu Native Reserve, en die noordooste is in 'n ander stamhoof, Usibebu, se hande gelaat.⁵⁵⁾ Be=paalde voorwaardes⁵⁶⁾ is egter vir Cetshwayo se herstel gestel, wat hom feitlik magteloos gelaat het. Die Reservaat het onder die beheer van 'n resident gekom en enigeen wat hom nie tuis gevoel het onder Cetshwayo nie, kon hom na dié resident wend. Ook hierdie reëlings het misluk.⁵⁷⁾ Cetshwayo is in 1884 oorlede, wat sake vir die Zoeloes selfs verder gekompliseer het.⁵⁸⁾ In 1884 het Brittanje sy vlag by St Luciabaai gehys uit vrees dat Duitsland se imperiale belange na die suid-ooskus van Afrika sou uitbrei. Hierdie selfde vrees het ook bygedra tot die latere anneksasie van Zoeloe-land.⁵⁹⁾

Nog 'n faktor wat aanleiding gegee het tot die anneksasie van Zoeloe-land, was die betrokkenheid van 'n aantal Transvalers by Zoeloe-aangeleenthede en die totstandkoming van die Nuwe Republiek.⁶⁰⁾ Om hierdie

55. Vgl Walker (1922) kaart 15.

56. Brookes (1927) 81-3 bevat 'n volledige weergawe van hierdie voorwaardes.

57. Brookes (1927) 68-9 en De Kiewiet (1937) 300.

58. Vgl bv Morris (1966) 607-8.

59. De Kiewiet (1937) 320-1 en Morris (1966) 608.

60. Morris (1966) 609 en De Kiewiet (1937) 319-20.

saak in perspektief te plaas, is dit nodig om 'n paar jaar terug te gaan in die geskiedenis. Uit hoofde van die reeds beskrewes geskiedenis van die oprigting van Mpande as Zoeloe-opperhoof in 1840 deur AWJ Pretorius van die Natalse Republiek, was die verhouding tussen Mpande en die Zuid-Afrikaansche Republiek van die begin af baie vriendskaplik, maar probleme het begin opduik toe Cetshwayo teen 1860 op die toneel begin verskyn het en toe Britse belangstelling in dié verhouding gewek is.⁶¹⁾ Die Republiek het voortdurend gepoog om, ten einde 'n pad na die see te bekom, grond deur onderhandeling van die Swazi's en die Zoeloes te bekom: met die versteuring van die verhouding tussen laasgenoemde volk en die Republiek, het hierdie pogings ontaard in grensgeskille, veral oor die strook grond tussen die Pongolarivier en Swaziland, asook oor die ligging van die Westelike grens van die Zoeloegebied.⁶²⁾ Hierdie grensgeskille was nog nie opgelos nie toe Theophilus Shepstone die Transvaal in 1877 geannekseer het, sodat dit deel van sy probleme geword het.⁶³⁾ In 'n poging om meer steun van die Transvalers te bekom, het Shepstone sy gewig aan hulle kant teen die Zoeloes ingegooi, wat laasgenoemde verras het aangesien hy hulle tot dusver konsekwent ondersteun het. Shepstone se optrede het gelei tot 'n grensar-

61. Kyk bv Huyser (1936) 92-107.

62. Huyser (1936) 103-10.

63. Vgl Walker (1922) 17.

bitrasie, die uitslag waarvan geheel in die guns van die Zoeloes was, welke feit bygedra het tot die onvermydelikheid van 'n Anglo-Zoeloe-oorlog.⁶⁴⁾

Ná Cetshwayo se dood in 1884 het Dinizulu, sy enigste oorlewende volwasse seun, hom opgevolg⁶⁵⁾ en soos verwag kan word, het daar onmiddellik 'n gesagstryd tussen hom en Usibebu ontstaan. Die toestand in Zoeloeland was oor die algemeen onstuimig en die Britse owerheid het versuim om die vrede te herstel. Met die oog op die herstel van die vrede, wat in belang van beide die Transvaal en Natal was, asook met die doel om grond te bekom, het 'n aantal Transvaalse, Natalse en Vrystaatse Boere hulle toe teen April 1884 na Zoeloeland begeef.⁶⁶⁾ Hierdie Boere het hulle aan die sy van Dinizulu geplaas en hom op 21 Mei 1884 gekroon en gesalf(!) tot Cetshwayo se opvolger. Op 23 Mei het hulle met Dinizulu 'n traktaat gesluit ingevolge waarvan hulle hom beloof het om hom by te staan in die herstel van vrede in Zoeloeland, in ruil waarvoor hy aan hulle voldoende grond sou toestaan om 'n onafhanklike en selfregerende staat op te rig.⁶⁷⁾ Op 5 Junie 1884 het 'n Boerekommando van nagenoeg 100 man

64. Kyk by Morris (1966) 269-75 en De Kiewiet (1937) 247.

65. Morris (1966) 607-8.

66. Kyk Van Zyl (1966) 119-22.

67. Van Zyl (1966) 123-4.

deel gehad aan die oorwinning van Dinizulu se Usutu-
impi oor Usibebu.⁶⁸⁾ Voortvloeiend hieruit en uit
die traktaat van 23 Mei 1884 het Dinizulu toe op 16
Augustus 1884 by proklamasie die gebied waarop die
Nuwe Republiek op dieselfde dag tot stand gebring is,
aan die Boere- "vrywilligers" toegeken. Tegelykertyd
het die Nuwe Republiek die koninkryk van Dinizulu tot
protektoraat daarvan geproklameer.⁶⁹⁾

Dit het nie lank geduur voordat die verhouding
tussen die Usutu en die Nuwe Republiek versleg het en
Dinizulu sy lot by die Natalse en Britse owerhede gaan
bekla het nie: dit, tesame met die feit dat die Nuwe
Republiek gepoog het om by die see uit te kom deur 'n
strook van vier plase breed langs die grens van die
Reservaat tot by die see uit te meet, het anneksasie
van Zoeloeland uit die Britse oogpunt wenslik gemaak.⁷⁰⁾
Op 22 Oktober 1886 is 'n ooreenkoms tussen die Nuwe
Republiek en Brittanje aangegaan ingevolge waarvan
Brittanje die Republiek sou erken het, die oosgrens
van die Republiek sodanig vasgestel is dat dit van
die see afgesny was en die Republiek sy protektoraat

68. Van Zyl (1966) 131-4.

69. Van Zyl (1966) 137 en vgl Morris (1966) 608, wat hierdie
hele geskiedenis op so 'n wyse weergee dat die Boere in 'n swak
lig getel word.

70. Van Zyl (1966) 150-6. Die Natalse regering het immers in
Julie 1884 reeds die uitbreiding van Britse gesag oor die hele
Zoeloeland bepleit: Van Zyl (1966) 136 en 132.

oor die Zoeloes prysgegee het.⁷¹⁾ Die betekenis van hierdie ooreenkoms lê grootliks daarin dat die suid-oostelike grens van die Suid-Afrikaansche Republiek daardeur vir vyftien jaar vasgestel is op so 'n wyse dat toegang tot die see daarlangs uitgesluit is: op 14 September 1887 het die Nuwe Republiek en die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n verenigingsooreenkoms aangegaan (waartoe eersgenoemde staat genoodsaak was weens sy swak finansiële posisie). Die inlywing was egter ingevolge artikel 4 van die Londense Konvensie onderhewig aan Britse goedkeuring, welke goedkeuring in Junie 1888 verleen is.⁷²⁾

Vroeg in Februarie 1887 is die oorblywende gedeelte van Zoeloeland (die Reservaat- en Nuwe Republiekgebiede uitgesluit) onder die "supreme authority and protection of Her Majesty" geplaas.⁷³⁾ Op 17 Mei is Proklamasie 33 van 1887 deur die Natalse Gouwerneur gepubliseer⁷⁴⁾ ingevolge waarvan Zoeloeland op 19 Mei 1887 as Britse besitting geannekseer is: die gebied wat geannekseer is, het die Zoeloereservaat ingesluit, maar nie die deel van die oorspronklike Zoeloeland wat aan die Nuwe Republiek toegeval het nie.

71. Van Zyl (1966) 169-72.

72. Van Zyl (1966) 172-3 en vgl Walker (1922) 17.

73. Vgl British Parliamentary Papers Vol 33 632(190) no 101.

74. Natal Government Gazette van 17 Mei 1887 564.

Die proklamasie het die gebied beskryf as: "bounded as follows:- On the South and South-west by the Colony of Natal; on the West and North-west by the New Republic; on the North by Amatongaland; and on the East by the Indian Ocean ...". In geografiese terme was die grense dus nagenoeg die gebied tussen die Tugela-Bufgels-Bloedriviere, die see, die Mkusirivier en die grens van die Nuwe Republiek wat moeilik hier presies beskryf kan word, maar wat die Uvunya-, Nundweni-, Umhlatusiriviere en vanaf laasgenoemde 'n lyn wat kronkelend in 'n noordoostelike rigting geloop het tot by die Umkusanarivier, wat by die Mkusi aansluit, ingesluit het.⁷⁵⁾ Die Goewerneur van Natal is feitlik onmiddellik na die afkondiging van die anneksasie ook as Goewerneur van Zoeloeland aangestel,⁷⁶⁾ met die magtiging "to make by proclamation such laws as may to you appear necessary for the peace, order and good government of Zululand aforesaid, and to appoint such officers and magistrates, and generally to take all such measures and to do all such matters and things as you may think expedient for the like peace, order and good government." Zoeloeland was nou 'n afsonderlike kroonkolonie.

75. Vgl die kaart in British Parliamentary Papers Vol 33 tussen 670(26) en 671(27).

76. British Parliamentary Papers Vol 33 686(42) "Enclosure in No 24A."

4.6. Wet 44 van 1887 en die Gewysigde Natalse Bantoeeregkode, 1891

Intussen het daar geen ingrypende veranderinge wat hier ter sake is, in Natal plaasgevind nie. Later in dieselfde jaar as wat Zoeloeland geannekseer is, is die Law to amend 'The Native Administration Law, 1875' 44 van 1887 (Natal) egter gepromulgeer,⁷⁷⁾ wat 'n hele paar belangwekkende bepalings bevat het. Artikel 1 van hierdie wet het artikel 10 (aangaande die kodifikasieraad), artikel 13 (aangaande die Goewerneur se opperhoofskap) en artikel 15 van Wet 26 van 1875 herroep. Artikel 10 van die laasgenoemde wet is herbepaal in artikels 4 en 5 van die nuwe wet: hierin is die samestelling van die Raad wat die Bantoeeregkode moes opstel en hersien ietwat gewysig, asook die prosedure vir die promulgering daarvan: voorstelle van die Raad moes aan die Goewerneur-in-rade voorgelê word, wat dit dan kon aanvaar of verwerp of terugverwys na die Raad; goedgekeurde voorstelle moes dan deur die Goewerneur aan die Wetgewende Raad voorgelê word, wat wysigings kon aanbeveel of dit of dele daarvan kon nietig verklaar deur beswaar daarteen aan te teken; indien die Wetgewende Raad nie aldus beswaar sou maak nie, kon die Goewerneur op aanbeveling van die Uitvoerende Raad die aanbevole wysigings aan die Bantoeeregkode by wyse van proklamasie goedkeur, welke goedkeuring die wysigings regs krag sou gee, met die voorbehoud dat die Koningin haar goedkeuring daarvan kon

77. Natal Government Gazette van 27 Sept 1887 1248-9.

weerhou, en, "provided further that nothing herein contained shall have the effect of repealing or annulling any of the provisions of the Code of Native Law reduced to writing by the Board appointed under Section 10 of the 'Native Administration Law, 1875' ..." ⁷⁸⁾ Artikel 13 van die 1875-wet is feitlik woordeliks in artikel 7 van die nuwe wet herbepaal. ⁷⁹⁾

Die bedoelde Raad is ingevolge Wet 44 van 1887 hersaamgestel en 'n nuwe Code of Natal Native Law is op 10 April 1890 voltooi. Op 3 Mei het die Goewerneur-in-Rade die Kode goedgekeur en op 5 Mei is dit aan die Wetgewende Raad voorgelê. Dusver is die prosedure van artikel 5 van die 1887-wet noulettend gevolg, maar in plaas daarvan dat die Wetgewende Raad dit bloot goedgekeur het vir proklamering deur die Goewerneur, het die Raad 'n stap verder gegaan en dit as 'n bylae in Wet 19 van 1891 vervat. ⁸⁰⁾ Die motief vir hierdie verdere stap blyk uit die lang titel van die Wet, "to legalise the Code of Native Law laid before the Legislative Council according to the provisions of Law No 44, 1887," asook uit die laaste para=

78. Hieruit wil dit voorkom asof die Natalse wetgewer die 1878-Kode in 1891 wel beskou het as bindende wetgewing. Vgl voetnote 43 en 44 supra.

79. Die enigste werklike woordwysiging synde die vervanging van die eerste woorde nl "The Lieutenant Governor may, so far as is not repugnant to the provisions of this Law" met bloot "The Governor shall ..."

80. Natal Government Gazette 11 Aug 1891.

graaf van die voorrede, naamlik "... it is expedient to declare and enact that the Code of Native Law which is contained in the Schedule to this Law constitutes and comprises Native Law as defined under the provisions of Law No 44 of 1887." Hierdeur is geen twyfel gelaat oor die bindende geaardheid van die bepaling van die Kode nie.

Artikel 2 van die Wet self het die prosedure, wat deur Wet 44 van 1887 vir die wysiging van die Kode voorgeskryf is, vervang met die bepaling dat dit voortaan alleen deur middel van gewone wetgewing van die Goewerneur op advies van die Wetgewende Raad teweeg gebring sou kon word (onthou moet word dat Natal nog nie verantwoordelike regering gehad het nie).

'n Hele aantal bepalinge van die Kode vereis nader betragting. Ingevolge artikel 5 "the words 'Supreme Chief' denote the Officer for the time being administering the Government of the Colony of Natal," dus normaalweg die goewerneur. Artikel 6 het 'n nuwe dimensie by die opperhoofskap ingevoer deur te bepaal: "the words 'Supreme Chief in Council' denote the Governor and Executive Council of the Colony of Natal" - die Uitvoerende Raad het dus nou ook 'n aandeel aan die opperhoofskap verwerf. Hoofstuk II (artikels 32-42) van die Wet handel meer bepaald oor die opperhoofskap. Artikel 32 het bepaal dat "The Supreme Chief ... exercises in and over all Natives in the Colony of Natal, all political power and authority, subject to

the provisions of Section 7 of Law 44 of 1887."⁸¹⁾
Met "political power and authority" is waarskynlik be=doel owerheidsgesag, en die voorbehoudsbepaling het myns insiens hierdie gesag beperk tot die owerheids=gesag van 'n opperhoof in die tradisionele "Bantoe=staatsreg," aangesien die betrokke artikel 7 die mag=te van die tradisionele opperhoof aan die Goewerneur toegeken het. Hoe dit ook al sy, dit bly 'n uiters vae gesagsomskrywing. Die res van die bepalings van Hoofstuk II klaar darem die vaagheid ietwat op deur spesifieke kompetensies, wat grootliks as manifesta=sies van staatsgesag beskryf sou kon word, aan die Opperhoof toe te ken. In wese kom hierdie kompeten=sies my voor in ooreenstemming te wees met sommige van dié van 'n tradisionele Bantoe-opperhoof, hoewel dit in 'n vir die tradisionele "Bantoeestaatsreg" vreemde (statutêre) vorm gegiet is.

Alvorens na die spesifieke kompetensies van die Natalse Opperhoof gekyk word, is dit nodig om aandag te skenk aan nog twee woordbepalings: artikel 8: "The word 'Tribe' signifies a number or collection or body of Natives forming a political organization or commu=nity, and composed or not less than 20 kraals, under the government, control or leadership of a Chief, and which organization or community has been recognised or established by the Supreme Chief. The communities ex=

81. A 7 van Wet 44 van 1887 het a 13 van Wet 26 van 1875 (vgl die teks volgende op vn 42 supra) in gelykluidende woorde her=bepaal.

isting now, or hereafter to be formed in connection with Mission Stations, may be regarded as Tribes." En artikel 9: "The word 'Chief' denotes any person who by virtue of the acknowledgement or appointment of the Supreme Chief is in charge of a Tribe, or section of a Tribe of Natives in this Colony, and entitled to have, use, and possess, the jurisdiction, powers and privileges conferred by this Code upon such persons. The term Chief shall also include the persons appointed by the Supreme Chief to have charge over Natives living upon or connected with Mission Stations." Uit hierdie bepalings blyk dit duidelik dat die gehele Bantoestaatsregstelsel teen 1891 volkome geabsorbeer is in 'n "moderne," aangepaste Bantoestaatsregstelsel wat gebou is rondom die tradisionele raamwerk en met heelwat verwysings na die tradisionele stelsel (vergelyk die voorbehoudsbepaling van artikel 32 supra), hoewel nie op 'n konsekwent-realistiese wyse nie.⁸²⁾ Wat ook nog hieruit en uit die res van die Kode opval is dat die "moderne" Bantoestaatsregstelsel steeds grootliks 'n afsonderlike (hoewel nie onafhanklike nie) bestaan van die Blanke stelsel sou hê.

Die spesifiek bepaalde kompetensies van die Op=perhoof was dan soos volg: die kompetensie om stam=hoofde aan te stel en (op advies van die Uitvoerende

82. Vgl die gemelde a 8 en a 9 se uitbreiding van die begrip "stam" na die groepe Bantoe wat hulle by sendingstasies gevoeg het, welke Bantoe sekerlik meestal uit verskillende werklike (of kunsmatige) stamme afkomstig was.

Raad) van hul amp te onthef en om stamme te verdeel of saam te voeg;⁸³⁾ die "absolute power" om gewapende (Bantoe-)manne op te roep vir die verdediging van die Kolonie of vir die onderdrukking van binnelandse op=roer;⁸⁴⁾ die kompetensie om Bantoe te beveel om hul arbeid aan te bied vir openbare werke of vir die alge=mene behoeftes van die Kolonie;⁸⁵⁾ die kompetensie om in samewerking met die Natal Native Trust stamme of gedeeltes daarvan binne die Kolonie te hervestig;⁸⁶⁾ die kompetensie om in die uitoefening van sy "politi=cal powers" strawwe op te lê vir nie-nakoming van sy opdragte of verontagsaming van sy gesag;⁸⁷⁾ die af=wesigheid van kontrole deur die howe⁸⁸⁾ en die kompe=tensie om die grootte van krale te bepaal.⁸⁹⁾ Arti=kel 38 het die moontlikheid van delegasie van die Op=perhoof of die Opperhoof-in-rade se opdragte geskep en artikel 41 het die oppervoogskap van alle wese en minderjariges onder die Bantoe aan hom opgedra.

83. A 33-4.

84. A 35.

85. A 36.

86. A 37.

87. A 39.

88. A 40, wat lui: "The Supreme Chief is not subject to the Supreme Court, or to any other Court of Law in the Colony of Natal, for, or by reason of, any order or proclamation, or of any other act or matter whatsoever, committed, ordered, permitted, or done either personally or in Council."

89. A 42.

Die Natalse opperhoofskap was inderdaad 'n magtige amp, wat die indruk skep dat dit gemodelleer is op die buitengewone outokrasieë van Tshaka, Dingane en Cetshwayo.

Hoofstuk III van die Kode het aan die Sekretaris van Naturellesake die amp van "principal executive officer or the Supreme Chief" toegeken en daaraan 'n inhoud gegee wat neerkom op 'n tweerigting geleë buis tussen die Opperhoof en die Bantoebevolking. Dit sou vergelykbaar wees met die posisie van die tradisionele hoofinduna (raadsman).⁹⁰⁾

Hoofstukke IV, V en VI van die Kode het onderskeidelik, in rangorde van belangrikheid, die laer vlakke van die uitvoerende en regsprekende hiërargie gereël, naamlik die ampte van stamhoofde ("chiefs"), distrikshoofmanne ("district headmen") en kraalhoofde ("kraalheads"). Die stamhoofde is aangestel deur en was verantwoordelik aan die Opperhoof, die distrikshoofmanne is aangestel en was verantwoordelik aan die stamhoofde. Die kraalhoofde het hul posisie te danke gehad aan hul eienaarskap van 'n kraal, saam met hul (tradisionele) hoofskap daarvan, of aan hul voogdyskap oor 'n minderjarige (tradisionele) hooperfgenaam van die hoofskap, en was verantwoording verskuldig aan hul stamhoof en die Opperhoof. Die stamhoofde is bekleed met siviele regsprekende gesag, die distrikshoofde met jurisdiksie om in kleiner geskille te ar=

90. Vgl par 1 supra.

bitreer, en al drie die ampte het uitvoerende pligte en kompetensies ontvang wat ooreengestem het met die belangrikheid van hul onderskeie posisies in die hiërargie. Ook hierdie laer vlakke van regering het strukturele aanknopingspunte by die tradisionele stelsel gehad.

In die stelsel wat aldus statutêr in die Kode geskep is, was dit dus slegs op wetgewende vlak waar die Bantoe geheel en al uitgesluit is en waarmee totaal met die tradisionele prosedures gebreek is.

Hoofstuk XVIII van die Kode het die Bantoehowestelsel, wat reeds grootliks uit hoofde van Wet 26 van 1875 bestaan het, herbevestig, naamlik die (Bantoe-) Appèlhof ("Court of Appeal"), die Native High Court, die houe van die Administrators of Native Law met jurisdiksie in hul betrokke afdelings ("divisions") en die houe van die stamhoofde met jurisdiksie oor die onderskeie stamme.⁹¹⁾ Die volgende bepalings aangaande die Administrators of Native Law is interessant: "Administrators of Native Law are, in their respective Divisions, deputies of the Supreme Chief ..."⁹²⁾ Verder was hulle nie alleen verantwoordelik vir regspraak nie, "but likewise as deputies of the Supreme Chief, in the exercise of that Officer's political power and State authority for the supervision and con=

91. A 243.

92. A 251.

trol of the Native population, and for their individual and general welfare. The office of Administrator of Native Law combines that of Judicial and Executive Officer with Protector."⁹³⁾ Hieruit leer ons nie net meer van die administrators se ampte nie, maar ook van die opperhoofsamp: veral in verband met die uitdrukking "political power and State authority" sou die vraag gestel kon word of die wetgewer daarmee twee verskillende sake bedoel het en of dit maar net toutologiese styl is (wat moontlik 'n a-juridiese dog realistiese oplossing is), of laastens, of dit beskou kan word as 'n manifestasie van abundans cautela. Laasgenoemde vertolking lyk die aanvaarbaarste, maar hoe dit ook al sy, hier is 'n duidelike bevestiging daarvan dat die bedoeling was om die Opperhoof te bekleed met staatsgesag ten opsigte van die Bantoe.

4.7. Die Anneksasie vir Brittanje van die Pongolastreke en Tongaland by Zoeloeland

Om nou terug te keer na Zoeloeland en die Bantoegebiede benoorde daarvan tot by die Portugese grens, moet die kroniek weer ietwat terug skuif in die tyd. Die Bantoebevolking van die gebiede noord van Zoeloeland het ná die Anglo-Zoeloe-oorlog van 1879 'n onafhanklike (maar nie verenigde nie) bestaan gevoer. Die grondgebied was in die breë verdeel in drie dele, naamlik die eintlike Tongaland in die noordooste, wat

93. A250, kursivering bygevoeg.

onder die heerskappy van een opperhoof (regentes) gestaan het, die Transpongolagebied wes van die Pongolarivier onder die beheer van drie onverbonde stamhoofde en die Cispongolagebied suid van Tongaland en oos van die Pongolarivier tot by die see onder beheer van vyf onverbonde stamhoofde.⁹⁴⁾ Die anneksasieproklamasie van Zoeloeland van 1887 se beskrywing van die noordgrens van die Zoeloegebied, het nie kennisname van die bogemelde verdeling van die gebied benoerde Zoeloeland weerspieël nie, aangesien dié noordgrens bloot beskryf met die verwysing (supra) na die grens van "Amatongaland," wat in die aangehaalde kaart (voetnoot 75 supra) (verkeerdelik) aangedui is as die Mkusirivier.⁹⁵⁾ In die jare wat op die anneksasie van Zoeloeland gevolg het, moes die werklikhede van die toestand egter in ag geneem word.

As gevolg van 'n begeerte van die Tongaregentes, Zambili, om die eenheid van die Tonga's te bewaar (die gebied deur hulle bewoon is deursny deur die suidgrens van die Portugese gebied), het sy in 1887 'n verdrag⁹⁶⁾ met die Britse regering gesluit. In die aanhef tot die verdrag word melding gemaak van die feit dat die Tonga's die begeerte uitgespreek het dat hulle "... may

94. Van Zyl (1963) 1-2.

95. Vgl ook Van Zyl (1963) 393-4.

96. Vervat in 'n proklamasie van die Britse Hoëkommissaris van Suid-Afrika, gedateer 3 Des 1887 en gepubliseer in The Cape of Good Hope Government Gazette no 6,924 van 6 Des 1887, 951-2.

be acknowledged as British Subjects, and that their ... country may be taken under the Dominion of Her Majesty the Queen ...," maar die verdrag self bevat geen sodanige bepalinge nie. Die verdrag was in die eerste plek 'n vredesverdrag, en in die tweede plek het dit vir Zambili gebind om nie sonder die Britse Hoëkommissaris se toestemming enige onderhandelinge aan te knoop met enige moondheid met die oog op die vervreemding van Tongagebied nie. Een van die groot motiewe uit die Britse oogpunt met die verdrag, was om die Transvaal se pad na die see te versper. Die Transvalers het nietemin steeds gepoog om toegang tot Kosibaai aan die Tongalandse kus te verkry, en hierdie pogings het, hoewel hulle onsuksesvol was, die Britse owerheid daartoe gebring om Tongaland in 1888 tot Britse protektoraat te probeer verklaar. Die Tonga's het nie dié toenadering aanvaar nie en Zambili het selfs in 1890 'n vrugtelose poging aangewend om die eenheid van die Tongagebied te bewaar deur die Portugese te probeer oorreed om haar hele gebied onder Portugese gesag te plaas. Zambili het sedert 1889 ontheffing van die 1887-verdrag nagestreef. Voortvloeiend uit hierdie poging het die Natalse Goewerneur 'n boodskap aan haar gestuur waaruit die Britse bedoeling om Tongaland in te palm duidelik geblyk het. Die volgende redes is naamlik verstrek waarom die Tonga's nie van die verdrag onthef kon word nie: "that the Tonga Sovereign and people were tributaries of Cetshwayo; that the Queen having conquered Cetshwayo now rules his country and people, and possesses all the rights he used to possess. It follows that the

Queen Regent Zambili and her people are in this way tributaries of the Great Queen," (dit wil sê die Britse vorstin) "and the treaty ... made no new arrangement; it merely stated in writing a condition that already existed."⁹⁷⁾

Wat die Cispongolagebied betref, is die Britse regering se aandag in 1888 daarop gevestig deur die bedrywighede van 'n Brit, wat ter wille van private handelsbelange 'n hawe aan die kuslyn van dié gebied probeer bekom het. 'n Britse oorlogskip het opdrag gekry om summier die Britse vlag by Sordwanapunt te gaan hys, maar voordat dit nog gedoen kon word, het die Natalse Goewerneur die kuslyn vir "forty-five miles, more or less, in a northerly direction along the coast from St Lucia Bay or Lake towards the southern limit of Tongaland," insluitende "the locality known as Sordwana Point, together with the land and waters adjacent thereto" en 'n verdere strook van ongeveer tien myl ten suidweste daarvan, in effek vir Brittanje by Zoeloeland geannekseer deur dié gebied tot deel van Zoeloeland te verklaar. Dit is in 1888 deur middel van 'n blote Goewermentskennisgewing gedoen,⁹⁸⁾ uit hoofde van die standpunt dat die bevolking van die betrokke gebiede voor die Anglo-Zoeloe-oor-

97. Vgl Van Zyl (1963) 372-9 i v m die hele bespreking van Tongaland tot dusver.

98. Goewermentskennisgewing Zoeloeland no 32 van 1888 van 9 Desember 1888 gepubliseer in die Natal Government Gazette van 11 Des 1888 op 1379.

log van 1879 Zoeloe-onderdane was en derhalwe Britse onderdane geword het weens die verowering van Zoeloe-land: dit is dus slegs nodig gevind om openbaar te maak dat die betrokke gebied deel van die geannekseerde Zoeloeland was! Of hierdie standpunt korrek was of nie, die geannekseerde Zoeloeland se noordoosgrens is daadwerklik uitgebrei na 'n onbevestigde lyn (die suidgrens van die eintlike Tongaland was nie vasgestel nie) en die nuwe gebied is onder bestaande Zoeloelandse magistraatsjurisdiksies geplaas.⁹⁹⁾

Bogemelde onsekerheid oor die noordoosgrens van Zoeloeland het gelei tot die aanstelling van 'n amptenaar om ter plaatse ondersoek in te stel na die historiese verbintenisse van die Bantoebevolking van die Cis- en Transpongolagebiede en om aldus die grenslyne vas te stel. Sy bevinding was dat nie een van die stamhoofde wie se stamme in die Cis- en Transpongola gewoon het ooit Tonga-onderdane was nie en dat slegs een van hulle Swazi-gesag erken het maar deur die Swazi-opperhoof beskou is as 'n Zoeloe. Voorts het hy dus "bevind" dat die hele Cispongola deel van Zoeloeland was en anneksasie van die Transpongola is ook deur hom bepleit. Gevolglik is die res van die Cispongola by wyse van 'n goewermentskennisgewing van 1890¹⁰⁰⁾ op dieselfde basis as die kusgebiede tot deel

99. Van Zyl (1963) 394-6.

100. Goewermentskennisgewing Zoeloeland no 8 van 1890 van 15 Febr 1890 gepubliseer in die Natal Government Gazette van 18 Febr 1890 op 151.

van Zoeloeland verklaar. Die noordgrens is steeds grootliks ongedefinieer gelaat. Later in dieselfde jaar is 'n nuwe Zoeloelandse magistrataatskap vir die Cispongola ingestel.¹⁰¹⁾

Die twee belangrikste stamhoofde in die Transpongola het in 1890 eers versoek om onder Britse gesag geplaas te word; ses maande later het dié een wat Swazigesag vroeër erken het, Umbigeza, na bewering die versekering gevra dat sy gebied (die noordwestelike deel van die Transpongola) deel van Swaziland was, wat op daardie stadium onder gesamentlike Brits-Transvaalse bestuur gestaan het.¹⁰²⁾ Hierdie saak het egter voorlopig oorgestaan, maar wat die suidelike gedeelte van die Transpongola ("Zambiansland") betref, was daar vir etlike jare (ongeveer 1890-5) 'n hewige toutrekkery tussen die Transvaal en Brittanje.¹⁰³⁾ Hierdie toutrekkery het hoofsaaklik gegaan oor die Transvaalse strewe om 'n pad na die see te bekom, welke strewe die Britse regering ten sterkste teengestaan het. Dit was dan ook die deurslaggewende faktor by die opdrag aan die Natalse goewerneur in Maart 1895 om die hele Transpongola as Britse gebied te annekseer.¹⁰⁴⁾

101. Van Zyl (1963) 398-401.

102. Van Zyl (1963) 404 en 406-7.

103. Van Zyl (1963) 408-14 en vide infra par 6.

104. Van Zyl (1963) 415-23 en 428-32.

Op 27 April 1895 is die Zoeloelandse goewerneur se anneksasieproklamasie gepubliseer,¹⁰⁵⁾ en by drie verskillende geleenthede gedurende Mei 1895 is die Britse vlag sonder teenstand by die drie betrokke stamhoofde gehys, en daarná, op 30 Mei 1895, is (die eintlike) Tongaland tot Britse protektoraat verklaar.¹⁰⁶⁾ Die goewerneur van Zoeloeland is aangestel as "spesiale kommissaris" vir Tongaland.¹⁰⁷⁾ 'n Residentmagistraat is volgens die gevestigde anneksasiepatroon vir die Transpogola, nou die distrik Ingwavuma, aangestel.¹⁰⁸⁾

105. Natal Government Gazette (Gazette Extraordinary) van 27 April 1895, Proklamasie Zoeloeland IX van 1895. Uit die bewoording van die Proklamasie blyk dit geensins dat die Transpogola deur die anneksasie deel van Zoeloeland moes vorm nie. Dit was egter die bedoeling, soos blyk uit die korrespondensie weergegee in British Parliamentary Papers Vol 35 396(50) - 399(53). Hierdie bedoeling kan ook afgelei word uit die feit dat die anneksasieproklamasie deur die goewerneur van Zoeloeland uitgevaardig is. Zoeloeland Proklamasie XII van 1895 van 15 Julie 1895 gepubliseer in die Natal Government Gazette van 16 Julie 1895 op 863, het die saak egter duidelik gemaak deur te bepaal dat die Transpogola deel was van Zoeloeland en dat die regstelsel van Zoeloeland daar van toepassing was.

106. Van Zyl (1963) 427, British Parliamentary Papers Vol 35 400(54) no 53 en Natal Government Gazette (Gazette Extraordinary) 12 Junie 1895 - Goewermentskennisgewing Zoeloeland no 16 van 1895 van 11 Junie 1895.

107. British Parliamentary Papers Vol 35 399(53) no 50, Van Zyl (1963) 439 vn 92 en Goewermentskennisgewing Zoeloeland no 17 van 1895 gepubliseer in Natal Government Gazette (Gazette Extraordinary) van 12 Junie 1895 en die Koninklike Kommissie van 18 Mei 1895 soos gepubliseer in die Natal Government Gazette van 18 Junie op 682.

108. Ingevolge Goewermentskennisgewing Zoeloeland no 20 van 1895 van 15 Julie 1895 gepubliseer in die Natal Government Gazette van 16 Julie 1895 op 864.

Die enigste rede waarom Tongaland nie in 1895 saam met die Transpogola geannekseer is nie, was die reedsvermelde feit dat die grens van die Portugese gebied deur Tongagrond geloop het en die stamgebied dus verdeel is: die vermoede het by die Britse owerheid bestaan dat die Tonga's anneksasie sou teenstaan en derhalwe is besluit om in 1895 voorlopig met 'n protektoraat te volstaan. Die betrokke grenslyn in 1891 ingevolge 'n Anglo-Portugese verdrag effens suidwaarts verskuif sonder dat die Tonga's daarin ge= ken is.¹⁰⁹⁾ As gevolg van hierdie toestand het die Tonga-opperhoof met die Portugese haaks geraak, wat, saam met die feit dat die Tonga's te kenne gegee het dat hulle eerder onder Britse gesag wou staan, Britse anneksasie toenemend wenslik laat voorkom het. Internasionale faktore, soos ongunstige kritiek op die Hameson-inval, het onmiddellike anneksasie egter ver= traag.¹¹⁰⁾ Ook was die presiese ligging van die grens tussen die Tonga-protektoraat en die Portugese gebied nie bekend nie. Hierdie grens is eers in 1897 finaal vasgestel.¹¹¹⁾ Gevolglik is Britse administrasie in 1896 as tussentydse maatreël oor Tongaland ingestel, wat die uitbreiding van die belasting- en regstelsel wat in Zoeloeland van toepassing was en die aanstel= ling van een of meer adjunk-kommissarisse vir Tonga=

109. Van Zyl (1963) 439.

110. Van Zyl (1963) 440-8.

111. Van Zyl (1963) 449-53.

land ingehou het.¹¹²⁾ Die onvermydelike voortvloei-
sel hiervan was dat Tongaland 'n jaar later, op 22
November, vir Brittanje geannekseer is en op 27 Novem-
ber 1897 by Zoeloeland ingelyf is.¹¹³⁾ In die tien
jaar na die anneksasie van die eintlike Zoeloeland is
die noordgrens daarvan dus noordwaarts uitgebrei langs
die Lebombobergreeks tot by die Usuturivier, vandaar
ooswaarts langs hierdie rivier tot by die samevloei
daarvan met die Pongolarivier, vandaar langs die
breedtegraad 26°51'12,96" tot by die see en weer suid=
waarts langs die kus tot by die oorspronklike grens=
lyn van Zoeloeland.

4.8. Zoeloeland en Natal 1887-1897

Hier moet die soeklig nou weer terug skuif na die
eintlike Zoeloeland ná die anneksasie daarvan as
Britse gebied en skuinswet ook na Natal in die tyd=
perk 1887-97. Die belangrikste vraag is hier watter
regstelsel in hierdie tydperk in Zoeloeland gegeld
het.¹¹⁴⁾

112. Proklamasie Amatongaland no 1 van 1896 van 17 Sept 1896
gepubliseer in Natal Government Gazette van 22 Sept 1896 op
1486-7 en Van Zyl (1963) 453-4.

113. Vir Brittanje geannekseer ingevolge Proklamasie Zoeloe=
land no 10 van 1897 van 22 November 1897 gepubliseer in die Na=
tal Government Gazette van 23 November 1897 op 1707 en by Zoe=
loeland ingelyf ingevolge Proklamasie Zoeloeland No XIV van
1897 van 24 Desember 1897.

114. Vgl Venter (1972) 334-5 vn 28. Dit word daarin vermeld
dat die skrywer nie by die skrywe van die artikel al die oor=
spronklike statutêre gesag beskikbaar gehad het nie. Dit was
nou wel beskikbaar, met die gevolg dat die beklemtoning hier
ietwat anders is.

Hierbo¹¹⁵⁾ is reeds gemeld dat die kompetensie aan die goewerneur van Natal ingevolge die Koninklike Kommissie van 19 Mei 1887 verleen is om by wyse van proklamasie wette vir Zoeloeland te maak. Ingevolge Zoeloeland Proklamasie II van 21 Junie 1887¹¹⁶⁾ het die Goewerneur bepaal dat "the laws now in force and to be observed within the ... Territory of Zululand, save as hereinafter in this Proclamation is specially otherwise provided." Voorts het die proklamasie dan spesifieke voorsiening gemaak vir sekere aangeleenthede onder die opskrif "Laws and Regulations for the Government of Zululand." Vir die huidige doeleindes is artikel 1 daarvan die belangrikste: "There shall be vested in the Governor of Zululand all and every the Powers and Prerogatives hitherto attaching to the position of Supreme Chief over Zululand and its Native Population." Verdere bepalings het 'n howestruktuur opgerig, bestaande uit 'n hoofmagistraatshof as appèlinstansie (wat vir die verhoor van halsmisdade sou bestaan uit die hoofmagistraat en twee residentmagistrate en andersins net uit die hoofmagistraat), residentmagistraatshowe in verskillende distrikte en howe van stamhoofde. Die gelding van tradisionele Bantoereg is erken met die gewone kwalifikasies, soos 'n verbod op toordery en heksejag ("smelling out").

115. Kyk teks by vn 76 supra.

116. Gepubliseer in die Natal Government Gazette van 21 Junie 1887 op 720 e v.

Artikel 38 het die aanstelling van 'n kommissie gemagtig vir die afbakening van "inalienable locations for native Chiefs and tribes."

Proklamasie II van 1887 het dus onder meer die uitwerking gehad dat die Bantoestaatsregstelsel wat op 21 Junie 1887 in Natal van toepassing was, met die gemelde uitsonderings in Zoeloeland gegeld het, sonder dat latere wysigings daarvan in Natal vir Zoeloeland geldig sou wees. Indien die 1878-Kode dus in 1887 in Natal as wet gegeld het, welke moontlikheid myns insiens aan sterk twyfel onderwerp behoort te word,¹¹⁷⁾ het dit ook in Zoeloeland na 21 Junie 1887 gegeld.¹¹⁸⁾ Hoe dit ook al sy, of die 1878-Kode in Zoeloeland gegeld het al dan nie, kon weinig verskil maak aan die staatsreg wat ná die Britse anneksasie in die gebied gegeld het, aangesien die enigste tersaaklike bepaling daarvan artikel 1 was. Artikel 1 het niks meer bepaal¹¹⁹⁾ as wat die Koninklike Kommis-

117. Vgl vnn 43 en 44 met die teks daarby supra.

118. Die Appêlhof van die Unie het dertig jaar ná die Britse anneksasie van Zoeloeland, m i sonder goeie rede, aanvaar dat die 1878-Kode vanaf 1887 in Zoeloeland gegeld het: vgl Mcunu v Mcunu 1918 A 323 328 en ook Ntuli v Ntuli 1921 A 276 281. In hierdie sake is nie ingegaan op die vraag of die 1878-Kode in 1887 in Natal as wet gegeld het nie en derhalwe ingevolge Proklamasie II van 1887 as sodanig in Zoeloeland gelding verkry het nie - dit is skynbaar aanvaar. Seymour (1970) 122 gaan selfs so ver as om te praat van die "Zululand Code" van 1878 - wat alleen regverdigbaar is in die lig van bg regspraak.

119. Vgl die teks wat volg op vn 45 supra.

sie van 19 Mei 1887 en artikel 1 van die Laws and Regulations for the Government of Zululand, vervat in bogemelde Proklamasie II van 1887, saam bepaal het nie, welke twee maatreëls sonder twyfel in Zoeloeland moes gegeld het. Wat ook nog soos 'n paal bo water staan, is dat die Natalse Kode van Bantoereg van 1891 eers 'n geruime tyd ná Uniewording in Zoeloeland toepassing verkry het, toe artikel 24(2) van die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927 dié Kode se uitbreiding na Zoeloeland gemagtig het.¹²⁰⁾

Opsommenderwys kan die staatsregtelike posisie in Zoeloeland tussen 1887 en 1897 dus in breë trekke soos volg beskryf word: Zoeloeland was 'n kroonkolonie¹²¹⁾ met oorwegend 'n Bantoebevolking.¹²²⁾ Die goewerneur van Zoeloeland was vanaf 1887, ingevolge artikel 13 van Wet 26 van 1875 (Natal), wat in Zoeloeland gegeld het kragtens Proklamasie II van 1887, op=perhoof oor al die Bantoe in Zoeloeland en aldus met onder meer dié tradisionele amp bekleed. As Goewerneur het ook die wetgewende en uitvoerende gesag by hom berus en die regsprekende gesag het by die hof berus, soos hierbo beskryf. 'n Residentkommisaris het die Goewerneur verteenwoordig en sommige van laas=

120. Vgl Proklamasie 168 van 1932.

121. Dus onder die direkte beheer van die Kroon soos verteenwoordig deur die Goewerneur.

genoemde se magte is aan hom gedelegeer. Die hoof- en residentmagistrate het ook 'n betekenisvolle deel gehad in die uitoefening van owerheidsgesag in alle vorme.¹²³⁾ Hierby moet nog gevoeg word dat 'n klein mate van deelname aan die landsadministrasie vroeg in 1894 aan die stamhoofde gegee is toe 'n beleidswending plaasgevind het: anders as die Shepstoniaanse beleid van divide et impera, is vanaf 1894 gepoog om die Zoeloes terug te lei na hul stamverwantskap (wat reeds heelwat verbrokkel het) deur aan uitgesoekte kapteins groter regsprekende gesag toe te ken en deur sommige van hulle as assessore op die regbanke van die residentmagistrate te gebruik.¹²⁴⁾

Wat Natal self betref, moet net verwys word na die feit dat verantwoordelike selfregering daar ingestel is ingevolge die Constitution Act 14 van 1893 (Natal).¹²⁵⁾ Die Koninklike Instruksies aan die Natalse goewerneur¹²⁶⁾ wat hieruit voortgevloei het, het in artikel VI bepaal: "Before exercising the powers of Supreme Chief, other than those by law vested in the Governor in Council, the Governor shall ac=

122. In 1894 was daar maar 994 Blankes in Zoeloeland - Van Zyl (1963) 361.

123. Vgl Van Zyl (1963) 320-1.

124. Van Zyl (1963) 358-9 en 361.

125. Vgl Eybers (1918) 204 e v.

126. Van 20 Julie 1893. Vgl Eybers (1918) 212 e v.

quaint his Ministers with the action which he proposes to take, and so far as may be possible shall arrange with them as to the course of action to be taken. The ultimate decision must, however, in every case rest with the Governor." Dit het met ander woorde geen wesenlike verandering in die opperhoofsamp teweeg gebring nie. Artikel VIII 8 van dieselfde Instruksies het beperkings gelê op die Goewerneur se kompetensie om namens die Kroon goedkeuring te verleen aan "any Bill whereby persons not of European birth or descent may be subjected or made liable." Hieruit blyk die Britse regering se wil om steeds beheer uit te oefen oor moontlike diskriminerende wetgewing. Die enigste verder noemenswaardige tersaaklike verandering wat verantwoordelike regering meegebring het, was dat die Sekretaris (Minister) van Naturellesake 'n politieke amp geword het, wat eerder deel was van die Blanke staatsregstelsel as die Natalse Bantoestaatsregstelsel.¹²⁷⁾

4.9. Die Anneksasie van Zoeloeland by Natal

Die volgende belangwekkende gebeurtenis was die anneksasie by Natal van Zoeloeland pas drie dae ná die inlywing van Tongaland by laasgenoemde gebied. Hierdie Natalse anneksasie van Zoeloeland het 'n lang aanloop gehad waarin 'n verskeidenheid faktore, wat nie hier

127. Vgl Brookes (1927) 76.

direk ter sake is nie, 'n rol gespeel het.¹²⁸⁾ Op 30 Desember 1897 het die Zululand Annexation Act 37 van 1897 (Natal) in werking getree, artikel 3 waarvan bepaal het dat hierdie kroonkolonie "shall become annexed to and shall thenceforth be a portion of the Colony of Natal, and shall be known as the Province of Zululand." Artikel 4 het die wetgewende gesag oor Zoeloland by die Natalse wetgewer laat berus, en die voorbehoudsbepaling het die geldende reg in Zoeloeland laat voortbestaan totdat nadere voorsiening gemaak sou kon word, en "save so far as is otherwise provided by this Act." Artikel 5 het Natalse stemregverleendes na Zoeloeland uitgebrei en artikel 6 het enkele (nie tersaaklike) Natalse wette ook daar laat geld. Artikel 14 het bestaande ooreenkomste tussen Bantoestamhoofde in Zoeloeland en die Kroon laat voortbestaan en die Natalse goewerneur vir die doeleindes daarvan in die plek van die Kroon gestel.

Artikel 18 was 'n voortvloeiende uit 'n ooreenkoms tussen die Natalse en Britse regerings dat Zoeloeland nie vir Blanke nedersetting oopgestel sou word alvorens 'n duidelike afbakening van Bantoelokasies gemaak is nie (uit vrees dat Blanke nedersetters te veel grond sou inpalm).¹²⁹⁾ Dit het gelui: "Until other provisions shall have been made in that behalf,

128. Vgl Van Zyl (1963) oor die algemeen en meer bepaald hfst X daarvan.

129. Vgl Van Zyl (1963) 490-4.

with the approval of Her Majesty, no grants or alienation of Crown Lands within the Province of Zululand shall be made, nor till then shall the Natives be disturbed in the use and occupation of any lands occupied or used by them at the time of the taking effect of this Act." Hierop het die voorbehoudsbepaling enkele uitsonderings gemaak, soos byvoorbeeld dorpsgronde, myngrond, ensovoorts, en artikel 21 het verkreë regte op grond in Zoeloeland, wat aangewend is vir sending-, godsdienstige en opvoedkundige doeleindes, beskerm.

Sewe maande later het die Consolidation of Laws (Zululand) Act 17 van 1898 (Natal) op die anneksasie-wet gevolg, met as lang titel "To apply certain of the laws of the Colony of Natal to the Province of Zululand, and to amend and declare the construction of the laws heretofore in force in the said Province." Artikel 3 van hierdie wet het die reg wat sedert 1887 by wyse van proklamasie in Zoeloeland van toepassing gemaak is en wat wesenlik identies aan geldende Natalse reg was, geamalgameer ("amalgamated") met die betrokke Natalse reg sodat sulke reg (sekerlik grootliks wette) saam as 'n eenheid gelees en uitgelê moes word; en selfs ook waar net gedeeltes van Natalse wette in Zoeloeland van toepassing gemaak is, moes sulke gedeeltes saam met die ooreenstemmende Natalse gedeelte uitgelê word.

Artikel 4 is egter belangriker: "From and after the taking effect of this Act the Laws and Acts of the Colony of Natal which have been passed since the

twenty-first day of June, 1887, and which are now in force, shall extend to and be of force within the Province of Zululand, but with the following limitations and exceptions that is to say:-" waarop gevolg het (a) dat dié wette in die eerste bylae in Zoeloland sou geld onderhewig aan die in die bylae gemelde beperkings, en (b) dat die wette vermeld in die tweede bylae glad nie in die "Provinsie" sou geld nie. In die eerste bylae is van belang dat artikel 7 van Wet 44 van 1887, wat artikel 13 van Wet 26 van 1875 in verband met die Goewerneur se opperhoofskap herbepaal het, in Zoeloeland van toepassing gemaak is, wat geen wesenlike verandering teweeg gebring het nie. In die tweede bylae word onder meer die gelding van Wet 19 van 1891 (wat die 1891-Bantoeregkode in sy bylae bevat het) en van die wysigingswette¹³⁰ op die Kode in Zoeloeland geheel uitgesluit.

Artikel 6 het bepaal dat alle toekomstige wette van die Natalse Parlement ook in Zoeloeland sou geld, behalwe as uitdruklik anders bepaal sou word, artikel 8 het die Natalse Franchise Law 2 van 1882 (Natal) se gelding na Zoeloeland uitgebrei en artikel 10 dié van Wet 28 van 1865 (Natal), wat die vrystelling van Bantoe van die Bantoereg beheers het.

'n Volgende wet, die Supreme Court (Zululand) Act 26 van 1898 (Natal) het dié jurisdiksie van die Natalse "Supreme Court" na Zoeloeland uitgebrei.

130. Wet 13 van 1894 (N), Wet 40 van 1896 (N) en Wet 8 van 1897 (N).

Uit bogemelde wetgewing by en ná die Natalse an=neksasie van Zoeloeland, blyk dit dat die Natalse stel=sel van Bantoestaatsreg vanaf 1897 grootliks na Zoe=loeland uitgebrei is, en dat die enkele verskille wat voortgesit is, van minder belang was.

Voorts is die assimilasie van Natalse en Zoeloe=landse reg nog verder gevoer met die Zululand Laws Act 37 van 1903 (Natal) wat gepromulgeer is in die lig van die feit dat "it is now expedient to assimilate the Laws in force in the said Province of Zululand as far as may be with the general Laws in force in this Colony."¹³¹⁾ Vir die huidige doeleindes is die volgende bepalings van dié wet tersaaklik: artikel 2 het al die goewerneysproklamasies wat vir Zoeloeland uitgereik is terwyl dit 'n kroonkolonie (1887-1897) was, asook die bogemelde artikel 4(a) en (b) van Wet 17 van 1898, saam met die twee bylaes van laasgenoemde wet herroep; die laaste paragraaf van artikel 2 het onder meer ook bepaal dat voortaan "the Ordinances, Laws, and Acts in force in the rest of Natal, together with such rules and orders made thereunder as purport to apply to the Colony in general shall, ... be of force in the Province of Zululand in the like manner as in the rest of Natal, except as may be otherwise provided in the 'Zululand Annexation Act, 1897,' or any subsequent Act;" artikel 5 het die anneksasieproklamasies van die noordelike gebiede van Zoeloeland (Amatonga=

131. Vyfde par van die voorrede van die Wet.

land, ensovoorts) uitgesonder van die herroeping in artikel 2, en artikel 6, saamgelees met die eerste bylae van die Wet, het onder meer sekere bepalings van Proklamasie II van 1887 (soos gewysig) aangaande die regsprekende gesag eweneens uitgesonder; artikel 8 het eerstens weer eens verseker dat die 1891-Kode van Bantoereg nie in Zoeloeland sou geld nie en het tweedens bepaal dat "The Native Law as administered by the Courts of the Province of Zululand prior to the date of the commencement of this Act, shall, save so far as it is amended by the Courts Act, 1898, and by ... Act No 1, 1901, remain in force in the said Province until other provision shall be made by Act of Parliament."¹³²⁾

4.10. Natal 1902-1910

Ná die Tweede Vryheidsoorlog het daar 'n finale aanpassing van die Natalse grense plaasgevind. Dié gedeelte van die oorspronklike Zoeloeland wat in 1884 die Nuwe Republiek geword het en wat in 1887 by die Zuid-Afrikaansche Republiek ingelyf is, is onder meer by wyse van oorlogsvergoeding aan Natal gegee. Die Natalse Laerhuis het reeds voor die Vrede van Vereeniging die anneksasie van dié gebied by wyse van goedkeuring van 'n wetsontwerp behandel, maar The Northern

132. Of hierdie bepaling beskou kan word as 'n wettiging van die 1878-Kode in Zoeloeland, is steeds te betwyfel, aangesien dit te betwyfel is of dié Kode na die letter in Zoeloeland in 1903 toegepas is. Vgl Welsh (1971) 166 soos aangehaal in vn 44 supra.

Districts Annexation Act 1 van 1902 (Natal), is eers in 1903 gepromulgeer.¹³³⁾ Die gebied het bestaan uit tussen 7 000 en 8 000 vierkante myl met 'n Blanke bevolking van 8 000-10 000 en 'n Zoeloebevolking van ongeveer 50 000 - dit het neergekom op 'n toevoeging van gebied wat ongeveer gelyk was aan 'n kwart van die oppervlakte wat Natal voor hierdie anneksasie beslaan het en van een sewende van die bevolking. Die geannekseerde gebied is verdeel in die distrikte Vryheid, Utrecht en Paulpietersburg, en parlementêre verteenwoordiging is vanaf 1904 aan die gebied verleen.¹³⁴⁾

Die Kommissie wat vir die afbakening van woongebiede in Zoeloeland aangestel is¹³⁵⁾ het in 1904 verslag gedoen. Voortvloeiend hieruit is ongeveer die helfte van Zoeloeland vir Blanke bewoning oopgestel.¹³⁶⁾

As gevolg van bygelowige gerugte onder die Bantoebevolking, die oplegging van bykomende belasting, swak administrasie van Bantoesake en agterdog wat as gevolg van die 1904-sensusopname onder die Bantoe teen

133. Brookes en Webb (1965) 212 skep die indruk dat die annekasiewet reeds in 1902 gepromulgeer is, maar dit is eers in 1903 deur Proklamasie no 7 van 1903 in die Natal Government Gazette van 27 Jan 1903 gepubliseer.

134. Brookes en Webb (1965) 211-2 en vgl die kaart op 304.

135. Vgl a 18 van Wet 37 van 1897 (N) supra en die teks rondom vn 129 supra.

136. Van Zyl (1963) 501, Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 27 en Bruwer (1963) 36 en vgl kaart in Marks (1970) 410-1.

die Natalse regering ontstaan het, het daar vroeg in 1906 sporadiese opstande in Noord-Natal en Zoeloeland plaasgevind. Dit het vinnig gegroei tot 'n redelik wydverspreide Zoeloerebellie teen die Blanke regering, wat deur laasgenoemde party binne vyf maande deur middel van streng optrede onderdruk is. Ná die rebellie is Dinizulu, die regeringserkende hoof van die Zoeloes en seun van Cetshwayo, aangekla, verhoor en grootliks van blaam vir die rebellie onthef. Verder is 'n kommissie aangestel om ondersoek in te stel na die oorsake daarvan en oor die algemeen ná die Natalse stelsel van Bantoe-administrasie. Die verslag is in 1907 gelewer, en dit het aanleiding gegee tot die aanname van die Native Administration Act, 1908 1 van 1909 (Natal).¹³⁷⁾

Hierdie wet het sekere veranderinge in die Natalse Bantoe staatsregstelsel teweeg gebring. Hoofstuk II van Wet 1 van 1909 het voorsiening gemaak vir die aanstelling van vier District Native Commissioners, elk beklee met sekere "administrative powers and duties," die belangrikste waarvan skakeling tussen die regering en die Bantoebevolking was en wat onder meer ingehou het raadpleging en advisering in albei rigtings. Nog 'n belangrike bepaling in Hoofstuk II was artikel 18, wat die amp van Sekretaris van Naturelle sake weer opgedra het aan 'n permanente staatsamptenaar

137. Brookes en Webb (1965) hfst XXII en vgl Marks (1970) in geheel vir besonderhede.

en wat aldus dié sleutelposisie uit die politieke sfeer wou haal. Hierdie hele Hoofstuk II is egter drie jaar later deur 'n wet van die Unieparlement¹³⁸⁾ herroep, en kon dus nie deur die tyd getoets word nie. Hoofstuk III van die wet het ook 'n enkele belangwekkende bepaling bevat: artikel 21 het alle amptenare binne die raamwerk van Bantoe-administrasie, verteenwoordigers van die gesag van die Opperhoof gemaak en hulle dus beklee met immunititeit ingevolge artikel 40 van die 1891-Bantoeeregkode.¹³⁹⁾ Hoofstuk IV van die wet het in artikel 28 voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Council of Native Affairs bestaande uit die Sekretaris van Naturellesake, die vier distrikskommissarisse en vier aangestelde nie-amptenaarlede wat wel parlamentslede kon wees. Artikel 31 het bepaal dat hierdie Raad "shall be a deliberative, consultative and advisory body" wat dan primêr (ingevolge artikel 32) besig moes wees met die oorweging van die wenslikheid van hersiening van bestaande en toekomstige wetgewing aangaande Bantoesake, vir die doeleindes waarvan petisies van Bantoe oorweeg kon word of opinies aangevra kon word.

Wet 1 van 1909 was minder as 'n jaar in werking toe die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het, en het, soos uit bostaande blyk, die afsonderlike Ban-

138. Die Natal Native Trust and Native Administration Amendment Act 1 van 1912.

139. Vgl vn 88 supra.

toestaatsregstelsel van Natal aangepas, maar afsonderlik laat bly voortbestaan: daar kan selfs gesê word dat die mate van integrasie van die Blanke- en Bantoestaatsregstelsels wat teweeg gebring is met die toekenning van verantwoordelike regering aan Natal deurdat die Sekretaris van Naturellesake toe 'n politieke amp geword het,¹⁴⁰⁾ nou in 1909 weer afgebreek is, en 'n skeiding van die stelsels weer deur bogenoemde artikel 18 bewerkstellig is.

4.11. Opsommende Konklusie

Van die Natalse stelsel kan gesê word dat dit oorspronklik, gekoördineerd en deeglik gestruktureer was. Kenmerkend daarvan was die erkenning en kodifisering van die Bantoereg, die nabootsing, oornamende en gedeeltelike vervanging van die tradisionele owerheidsinstellings van die Bantoe en die daarstelling van 'n owerheidstruktuur vir Bantoeregering min of meer parallel met dié vir die Blankes. Wat verder in die oorsprong is die mate van skyn waarmee die stelsel gepaard gegaan het: die stelselmatige anneksasie van die betrokke gebiede is meestal gedoen met voorgegeve motiewe van beskerming, opheffing of herstel van orde, terwyl dit in werklikheid grootliks gemotiveer is uit naakte pragmatiese politieke (en soms selfs imperialistiese) oorwegings; die hantering van die Bantoe van die gebied het na wat voorgegee is geskied

140. Vgl vn 127 supra en die teks daarby.

met motiewe van opheffing, beskawing en uiteindelijke gelykstelling met die Blanke, terwyl die struikel= blokke wat in die weg van byvoorbeeld die verkryging van stemreg geplaas is, formidabel was; ook is die skyn geskep dat uitgegaan word van die vir die Bantoe bekende instellings en gewoontes, terwyl die werklike instellings en reëls meermale hol karikature van die oorspronklike was. Globaal bekyk, tref die Natalse stelsel my as vernuftig, maar nie heeltemal eerlik nie.

Soos elders vind ons voor Uniewording in Natal 'n verskeidenheid afgebakende gebiede wat bestem was vir die eksklusiewe bewoning deur Bantoe, welke grond in trust gehou is, en 'n kaart van Natal wat op verwarrende wyse besprenkel is met "swart kolle" deurdat lokasies buite Zoeloeland geskep is en Blanke vestiging in Zoeloeland toegelaat is. 'n Bepaalde staatsdepartement het vir die regering van die Bantoe gefunksioneer en finale en feitlik absolute oppergesag oor die Bantoe het by die Goewerneur (soms in rade) as opperhoof berus.

5. Die Oranje-Vrystaat tot 1910

Vir die Bantoe- of te wel Ontwikkelingsadministrasie as wetenskaplike dissipline, is die ontwikkelinge in die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere skynbaar oor die algemeen van minder belang. Dit kan toegeskryf word aan faktore soos dat dié gebied, tydens die besetting daarvan deur Blankes, grootliks ontvolk was (en tot vandag slegs twee fragmente "Bantoe=

grond" daar aangetref word, naamlik Thaba 'Nchu, deel van Bophuthatswana en Witziesshoek, of te wel Qwaqwa), asook die feit dat die grootste probleme aangaande volkereverhoudinge wat histories daar voorgekom het, wesenlik maar grensgeskille met die Basotho was.¹⁾

Vir die doeleindes van historiese perspektief op die moderne Bantoestaatsreg kan die Oranje-Vrystaat egter nie geïgnoreer word nie, aangesien die gebeure aldaar voor 1910 wel deeglik verband hou met die huidige stand van die Bantoestaatsreg. Tot 'n sekeremate is die vroeë Bantoestaatsregsgeskiedenis van die Vrystaat en Transvaal in mekaar geweef en moet dus nou eers gedeeltelik afgewyk word van gebiedsgebondenheid in die kroniek. Die Voortrekkers het reeds voor die stigting van die Boererepublieke in die Vrystaat en Transvaal kontak gemaak met al die Bantoevolkere wat ingevolge die Bantoestaatsreg bestem is vir onafhanklike staatsvorming, asook andere, en het bepaalde beleide gevolg en optredes bewerkstellig wat tot op hede gevolg gehad het.²⁾

Volgens Van Biljon³⁾ het die Voortrekkers kontak gemaak met die mense wat vroeër suidweswaarts vanaf die groot mere van Afrika gemigreer het en aan die begin van die negentiende eeu noord van die nege-en-twin-

1. Vgl bv Agar-Hamilton (1928) x-xi, Brookes (1974) 97 en Maritz (1976) 328.

2. Vgl bv Malan (1957) 6-7.

3. Van Biljon (1947) 317-8 en vgl Agar-Hamilton (1928) 1-4.

tigste breedtegraad gewoon het. Die verskillende stamme het maar gedurig gebots, welke relletjies hul geografiese distribusie in die hand gewerk het en ook van die groter stamme laat verbrokkel het en kwesbaar gelaat het vir potentate soos Mzilikatze en Tshaka. Onder hierdie stamme was die Bathlaping, Batlaro, Bakgatla, Barolong, Bahurutshe, Bakwena, Batawana, Bavenda, Bapedi en die Basotho.⁴⁾

5.1. Die Mfecane

Dit is hier van belang om kortliks kennis te neem van die sogenaamde Mfecane (ook genoem Lifagane of Difagane),⁵⁾ wat, met Zoeloeland as episentrum, tussen ongeveer 1815 en 1830 skokgolwe van volksmoord, volksverskuiwing en volksplanting oor Suider-Afrika gestuur het, en as migrasie- en historiese gebeurtenis die meeste ander van Afrika, moontlik die Groot Trek in-kluis, oorskadu in dramatiese effek.⁶⁾ Die Mfecane het die uitwerking gehad dat dit die vestiging van die Blanke bevolking in Natal, die Vrystaat en Transvaal ná die Groot Trek vergemaklik het, deurdat dit die

4. Dit is interessant om hierdie stamname te vergelyk met die gegewens op kaart 5 van die Sosio-Ekonomiese Verslag. Vgl ook Agar-Hamilton (1928) se kaart en ook dié van Hammond-Tooke (1974) xx.

5. Vgl bv Omer-Cooper (1975) 5, Hammond-Tooke (1974) 379 en Bruwer (1963) 19-20. "Mfecane" is die Nguni-woord, terwyl "lifagane" en "difagane" die Sotho-ekwivalent is van eg.

6. Vgl Omer-Cooper (1975) 4.

nie-bergagtige dele van die binneland grootliks ont= volk gelaat het. Daarbenewens was die Mfecane ook 'n onontbeerlike faktor in die geboorte van ten min= ste die Swazi- en Basotho-volkere. Aldus kan hier= die Bantoe-diaspora beskou word as uiters belangrik vir die moderne etniese en geografiese verspreiding van die Suid-Afrikaanse bevolking.⁷⁾

Volgens Omer-Cooper⁸⁾ was die oostelike gedeelte van Suider-Afrika teen die einde van die agtiende eeu reeds deur Bantoestamme "gekoloniseer," maar weens die voortgaande bevolkingsgroei het daar in Zoeloeland 'n plaaslike hoogdruksentrum ontstaan: klein stammetjies is in blokke geamalgameer, welke blokke met mekaar be= gin meeding het om die opname van die oorblywende stamme. Dit het institusionele veranderinge in die hand gewerk, soos staande militêre magte, die opkoms van magtige individuele opperhoofde en die daarstelling van wat Bantoestate genoem kan word met 'n erflike monarg aan die hoof daarvan, gevestig op 'n naastenby gedefinieerde geografiese gebied en met ander omringen= de gebiede as invloedssfeer.⁹⁾

Oor die regime van Tshaka in Natal is vir die onderhawige doeleindes in die vorige afdeling genoeg

7. Vgl Omer-Cooper (1975) in geheel, en spesifiek hfstt 1-3, 6, 7, en 9-12 en Agar-Hamilton (1928) t a p.

8. Omer-Cooper (1975) 2-3.

9. Vgl Hammond-Tooke (1974) op bv 246-9 en 279-83.

gesê. Benewens hul kontak met die Republiek Natalia en die Nuwe Republiek, het die Zoeloes weinig direkte invloed gehad op die beleide van die Voortrekkers en hul opvolgers in die Vrystaat en Transvaal. Soos reeds aangedui, het hulle wel die indirekte rol vervul van inspireerders van die Mfecane, wat voor die aankoms van die Voortrekkers die hele bevolking tussen die Oranje- en Zambeziriviere betrek het.¹⁰⁾ Tshaka se wreedheid en absolutisme het onder meer daartoe gelei dat verskeie groepe afgesplinter het en so die skokgolf begin het: een groep (die Angoni) het noordwaards uitgewyk en hul uiteindelik in die huidige Malawi gevestig; die Amachangana het weer nader aan die kus hul tuiste in die huidige Mosambiek gemaak; die Amahlubi het suidwaarts uitgewyk en ná heelwat omswerwinge in die huidige Transkei beland en Mzilikatze, een van Tshaka se "generaals" het in 1822 met 'n aantal krygers en heelwat persoonlike ambisie weswaarts in die rigting van die huidige Transvaal en Vrystaat uitgewyk, waar hy mettertyd 'n maalstroom van mense en stamme veroorsaam het,¹¹⁾ Die presiese besonderhede van Mzilikatze en sy Matabele se skoonvee van die Transvaal word nie deur alle skrywers¹²⁾ ooreenstemmend weergegee nie, maar dit blyk dat hy vanaf Zoeloe-land met verskeie spronge oor ongeveer tien jaar deur

10. Kyk bv Hole (1932) 10.

11. Hole (1932) 13 en 36 en vgl Maritz (1976) 292-9.

12. Vgl bv Agar-Hamilton (1928) 3-4, Hole (1932) 32-43 en Omer-Cooper (1975) 131-44. Lg en Maritz (1976) 293-9 se weergawes kom voor die gesaghebbendste te wees onder dié wat hier vermeld is.

Oos- en Sentraal-Transvaal getrek en in die proses die Pedi- en Tswanastamme beroof, versplinter en onderwerp het en teen 1832 sy hoofstamme in die verre Wes-Transvaal in die omgewing van die huidige Marico opgerig het, vanwaar hy voortgegaan het om die hele gebied van die huidige Transvaal te domineer. Teen 1835 kon 'n waarnemer steeds van die gebied waardeur die Matabele getrek het sê: "The population here at one time must have been very great; now not a single inhabitant (is) to be seen. The whole of the tract over which we have travelled since leaving the kraal where Masalacatzie was residing might be thickly colonized."¹³⁾

Meer bepaald in die gebied tussen die Oranje- en Vaalriviere, die berggebied van die huidige Lesotho inklusief, was die verwarring, botsing en ossilasie net so hewig indien nie nog groter nie.¹⁴⁾ Daarby was hoofsaaklik vier stamgroepe betrokke, naamlik die Amahlubi onder Mpangazita, die Ngwane onder Matiwane, 'n faksie van die Tlokwa onder MmaNtatisi en Sikonyela (genoem Mantatese of Makatese) en die Basotho onder Mo-shoeshoe (Mosjesh). In die proses van opbou van die Zoeloemag in die omgewing van die twintigerjare van die negentiende eeu, het die Amahlubi en Ngwane (albei Nguni, toe nog in die huidige Natal woonagtig) in 'n

13. Dr Andrew Smith, soos aangehaal deur Omer-Cooper (1975) 134.

14. Omer-Cooper (1975) 86-93 verhaal dié gebeure op 'n wyse wat seker so samehangend en presies moontlik is.

vete met mekaar betrokke geraak. Die Amahlubi het toe oor die Drakensberge gewyk met die Ngwane, verjaag deur Tshaka, kort op hul hake. Hierdie Nguni's het nou 'n aantal Sothostamme ontsetel, wat elk weer die voorbeeld nagevolg het en self begin rondpunder het. Uit hierdie harwar het die Makatese (Tlokwa) onder die Sothostamme sterk na vore getree en feitlik die hele Transoranje met 'n reputasie waardig aan die duiwel self geterroriseer totdat hulle hulself in 1852 finaal te pletter geloop het teen Moshoeshe. Intussen is die Amahlubi as effektiewe mag in 1825 deur die Ngwane geëlimineer. Dit het van Matiwane, aan wie selfs Moshoeshe trou verskuldig was, die tydelike heerser van Transoranje gemaak, maar die vlaktegebied was deur die voorafgaande plundery uitgeput, sodat 'n botsing tussen die Ngwane en Basotho onvermydelik geword het. Moshoeshe het Matiwane teen Tshaka aangespeel, sodat laasgenoemde 'n ekspedisie teen die Ngwane gestuur het. Ook het Matiwane met Mzilikatze gebots en dit het hom laat besluit om uit te wyk na Tembuland, waar 'n Britse mag, denkende dat hulle Zoeloes was, sy stam in 1828 gelikwedeer het. Die oorblyfsels van hierdie Ngwane is grootliks opgeneem in Mfengu-geledere.¹⁵⁾

Uit die bostaande uiteensetting blyk dit dat Moshoeshe en sy Basotho in hierdie tyd as katalisator opgetree het in dié gebied. Ook het hy in hierdie

15. Vgl ook bv Hammond-Tooke (1974) hfst 3.

tyd die fondament gelê vir die Basotho volkswording. 16) Kortliks het dié geskiedenis soos volg verloop: Moshoe=shoe, hoofman van 'n klein Kwena-stam, het begin gebruik maak van die taktiese voordele van die Lesotho-berge, deur homself en sy volgelinge eers op Butha-Buthe en daarna by Thaba Bosiu te verskans. Tydens die Mfecane het hy sy gesag en gevolg stelselmatig uitgebrei deur vlugtelinggroepe onder sy beskerming te neem en hulle te begin administreer. Aldus het hy in die vermoë gekom om die aanslae van Makatese, Mata=bele, Ngwane en later ook Britse en Vrystaatse magte effektief teen te staan en het hy die erkende opper=hoof van die meeste Suid-Sotho-stamme geword. Oën=skynlike uitsonderings is die huidige inwoners van die Herschelgebied (tans deel van die Republiek Trans=kei) en van die Witzieshoekgebied (die Qwaqwa-tuis=land). 17)

Om die skets van die verspreiding van die Bantoe=bevolking in die gebied tussen die Oranje- en Vaal=riviere te voltooi, moet nog verwys word na die Tswana=element, die Rolong-stam van Moroka wat te Thaba 'Nchu gevestig was. Dit was 'n stamgroep bekend as die Ba=rolong boo Seleka wat in 1833 onder aansporing van sendelinge Archbell en Edwards na dié gebied verhuis

16. Dit **op** sigself is 'n interessante geskiedenis, maar nie juis hier ter sake nie. Omer-Cooper (1975) hfst 7 gee 'n insig=gewende oorsig en verwys na die belangrikste bronne.

17. Vgl bv Hammond-Tooke (1974) 74 en 379, Omer-Cooper (1975) t a p en Macmillan (1928) 33.

het om weg te kom van die voortdurende stamoorloë wat toe in die Wes-Transvaal geheers het en om aansluiting by Moshoeshoe te kry. Moshoeshoe was onder die indruk dat Moroka sy stam by die Basotho kom aansluit het en het dus geredelik ingestem tot die toekenning van grond by Thaba 'Nchu. Moroka se Wesleyaanse sendelinge was egter nie geneë om by Moshoeshoe in te skakel nie, aangesien die Basotho Franse sendelinge by hulle gehad het, wat die oorvleueling van sendingvelde in die hand sou werk. Gevolglik het Archbell en Edwards toegesien dat Moshoeshoe skriftelik aan die Barolong eienomsreg in die Thaba 'Nchu-gebied toegeken het. Die teenprestasie was agt beeste, vier en dertig skape en vyf bokke - Moshoeshoe het die lewering van hierdie vee skynbaar beskou as 'n geskenk ter erkenning van sy soewereiniteit.¹⁸⁾

5.2. Die Koms en Vestiging van Blanke Gesag

Die vestiging van die Blanke gesag oor die huidige Oranje-Vrystaat dateer terug na ten minste 1822 toe 'n Britse residentagent, ene Melville, by die Griekwa's geplaas is, welke stap egter nie veel betekenis het nie.¹⁹⁾ Blanke teenwoordigheid noord van die Oranje was egter al sedert ongeveer 1813 kenbaar, toe trekboere begin het om periodiek gebruik te maak van die weiding tussen die Oranje- en Caledonriviere.

18. Omer-Cooper (1975) 105 en Maritz (1976) 218.

19. Vgl bv Malan (1957) 32.

Teen 1815 het hulle reëlmatig heen en weer oor die Oranje getrek.²⁰⁾ In 1830 het ene J Coetzee die hoek tussen die twee riviere van Boesmans vir kleinvee gekoop. Later het Moshoeshoe daarop aanspraak gemaak, maar nogtans van dié grond aan Blanke boere toegeken, welke "toekenning" later weens Moshoeshoe se betwisting daarvan ietwat onseker was. Desnieteenstaande het permanente Blanke vestiging noord van die Oranje vanaf ten minste 1838 plaasgevind.²¹⁾

Toe die Groot Trek in 1836 'n aanvang geneem het, het die Blanke bevolking natuurlik snel toegeneem. Die plato van die Vrystaat was deur die Mfecane grootliks ontvolk gelaat, sodat dit spoedig deur die Voortrekkers in besit geneem kon word. Verder het die Voortrekkers, waar hulle wel op Griekwa- of Bantoe-stamgrond gekom het, koop- of huurkontrakte aangegaan.²²⁾

Kontak is aanvanklik deur die Voortrekkers gemaak met net twee Bantoe-stamme van noemenswaardige grootte

20. Grobbelaar (1939) xv-xvi. Omer-Cooper (1975) stel dit egter op 1818.

21. Grobbelaar (1939) xvi-xvii. Malan (1929) hfst I meen egter dat Blanke boere hul vanaf 1820 reeds in die Suid-Vrystaat, wat ontvolk was, begin vestig het. Van Aswegen (1968) 53 beaam Malan se stelling en voeg by dat daar teen 1832 reeds ongeveer 1 500 trekboere noord van die Oranje was.

22. Vgl bv Van Aswegen (1968) 1 57. Macmillan (1928) se insigting kom op dieselfde neer, hoewel hy dit gepaard laat gaan met belade kommentaar.

binne die huidige Vrystaat.²³⁾ In 'n brief van 'n Voortrekkerleier aan die Kaapse goewerneur²⁴⁾ word gesê: "Ten eersten hebben wy aangetroffen de Kapetyn Danser en met hem een vrede besluit en ten tweede de konieng Maroka en ook met een vrede besluit, ten derde de bestaards Kaptyn Pieter Davieds ook met een vrede besluit, ten vierde de konieng Sikoniala ook met een vrede besluit ... Wy hebben voor ons een streek lants gekogt van de Kaptyn Makwana die ook gerenneweerd is door Musielikaats omrede dat wy niemand wil benadelen van de naatsies die hier zyn." Die kontak met die Griekwa's en met Sikonyela wat hier vermeld word, was nie van blywende staatsregtelike betekenis nie.

Die "Maroka" waarvan daar melding gemaak word, is natuurlik Moroka, die stamhoof van die Barolong boo Seleka wat hulle 'n paar jaar vroeër saam met die Wes-leyane²⁵⁾ by Thaba 'Nchu gevestig het. Moroka en Archbell het die Voortrekkers baie goed behandel, waarskynlik om beskerming teen Mzilikatze van hulle te bekom. Hulle is onder meer toegelaat om daar te vertoef, om daarheen terug te trek ná aanraking met Mzilikatze en

23. Vgl bv Jones (1964) 9.

24. Gedateer 3 Desember 1838, aangehaal deur Van Biljon (1947) 321-2, wat skynbaar min twyfel het dat AH Potgieter die outeur was.

25. Potgieter skryf dan ook van "de heer van Artspil," bedoelende die sendeling Archbell wat by Moroka was - Van Biljon (1947) 321 vn 7.

om daar hul eerste staatsreëlings buite die Kaapkolonie te tref.²⁶⁾

Die "Makwana" waarvan daar in die aangehaalde brief ter sprake is, was volgens Jones²⁷⁾ die stamhoof van 'n Bataungstam wat aan die Vetrivier gewoon het. Van hom is die gebied tussen die Vet- en Vaalriviere, waar Winburg gestig is, deur Potgieter gekoop. Makwana het dit uitdruklik as verkoopsvoorwaarde gestel dat die Voortrekkers hom moes beskerm teen Mzilikatze. Hy het vir homself net 'n klein stukkie grond by Koolspruit uitgehou, waar hy in 1853 deur Basothostamme aangeval en vernietig is.²⁸⁾

'n Ander stam waarmee die Voortrekkers teen 1838 sydelings kennis gemaak het en wat 'n rol vervul het in die ontplooiing van die moderne etniese verspreiding, is die Kgolokwe, 'n Basothostam²⁹⁾ wat van iewers in die huidige Suidoos-Transvaal deur Mzilikatze verdryf is. 'n Splinter onder Oetsi (Witsie) het gaan beskerming soek by Dingane, waar hulle in 1838 tydens die moord op Piet Retief nog was. Nadat Dingane deur die Voortrekkers verslaan is, het Oetsi gevlug na die

26. Vgl bv Van Aswegen (1968) 65-6, Jones (1964) t a p en Agar-Hamilton (1928) 16-7.

27. T a p.

28. Jones (1964) t a p en Leyds (1906) 50-1 en 78.

29. Vgl Hammond-Tooke (1974) 73-4 en Jones (1964) 9-10.

gebied wat later Witzieshoek (vandag (Qwaqwa) geword het. Daar het hy hom vir 'n ruk betreklik stil gedra, totdat hy in 1856 deur die Vrystaatse Republiek weens sy voortdurende veediefstalle aangeval en verdryf is na Moshoeshoe.³⁰⁾

Die rol wat Moshoeshoe en sy Basotho in die algemene geskiedenis van die Oranje-Vrystaat gespeel het, kan nie onderskat word nie. Aangesien Lesotho egter vandag 'n onafhanklike staat is wat op geen stadium deel van die Unie of Republiek van Suid-Afrika gevorm het nie, val die besonderhede van die kontak tussen die Voortrekkers en later die Vrystaatse Republiek en Moshoeshoe buite die huidige bestek. Dit is voldoende om net te verwys na die feit dat daar tussen 1839 en 1868 heelwat wrywing was oor die vasstelling van grense, waarby Moroka se gebied by Thaba 'Nchu by geleentheid (1843) 'n twispunt was.³¹⁾ Moshoeshoe het in elk geval, weens die vele probleme wat hy vir Brittanje opgelewer het, onopsetlik veel bygedra tot die tydelike "onttrekking" van Brittanje uit die Vrystaat en Transvaal met die Sandrivier- en Bloemfonteinkonvensies van 1852 en 1854 onderskeidelik.³²⁾

30. Van Aswegen (1968) 67 en 145-53 en Jones (1964) t a p. Rogers (1949) 102 se inligting hieroor is klaarblyklik nie baie akkuraat nie.

31. Kyk bv Venter (1960), Sanders (1975), Van Aswegen (1968) hfst VII, Grobbelaar (1939) ens.

32. Vgl bv Leyds (1906) 79-120.

Britse betrokkenheid in die Vrystaat was voor 1854 grootliks gemik op die bewaar van vrede aan die noordgrens van die Kaapkolonie.³³⁾ In 1845 is ene Kaptein Sutton te Phillippolis as Britse Resident geplaas. Hy is spoedig deur Kaptein (later Majoor) Warden opgevolg. Op 3 Februarie 1848 is die Oranjerivier Soewereiniteit geproklameer en Warden is te Bloemfontein geplaas, waar sy enigste bydrae wat hier relevant is, was dat hy Moroka se grond te Thaba 'Nchu tot 'n "reservaat" verklaar het. Die verhoudings tussen die Blanke bevolking en die ander inwoners van die Vrystaat was egter betreklik troebel toe die Bloemfonteinkonvensie op 23 Februarie 1854 onderteken is.³⁴⁾ Die Konvensie het twee bepalinge bevat wat betrekking gehad het op die Bantoebevolking, naamlik artikel 2, waarin Brittanje enige bondgenootskappe met "Natuurle Opperhoofden of stamme" noord van die Oranje afswaar en artikel 7, waarin die Vrystaters hulle bind om geen slawerny of slawehandel toe te laat nie.³⁵⁾

Op 10 April 1854 is die Constitutie van den Oranjevrijstaat aangeneem. Hierdie konstitusie is in 1864, 1865, 1866 en in 1892 gewysig.³⁶⁾ Belangwekkende

33. Vgl die ooreenkoms tussen Moshoeshoe en Sir Harry Smith van 27 Jan 1848 en lg se proklamasies van 3 Febr 1848, 8 Mrt 1848 en 14 Mrt 1849, vervat in Eybers (1918) 296-81.

34. Kyk bv Malan (1929) 31-4.

35. Wetboek van den Oranjevrijstaat (1891/92) 3-6 en Eybers (1918) 282-5.

36. Eybers (1918) 285.

de bepalinge van dié konstitusie is dat burgerskap beperk is tot Blankes,³⁷⁾ dat alleen burgers stemreg kon verwerf en tot die Volksraad verkies kon word,³⁸⁾ artikel 58, wat gelui het "De wet is voor allen gelijk, met dien verstande, dat die Rechter alle wetten met onpartijdigheid zal uitoefenen zonder aanzien van persone" en artikel 59 wat gelui het "Elk inwoner³⁹⁾ is gehoorzaamheid aan de wet en de overheid verschuldigd."

5.3. Die Verhouding tussen die Republiek en Moroka

Die verhouding wat bestaan het tussen die Vrystaatse Republiek en die Barolong van Moroka by Thaba 'Nchu tussen 1854 en 1884 is hoogs interessant. Vir dertig jaar lank was dit 'n internasionale verhouding tussen onafhanklike, wedersyds respekterende state.⁴⁰⁾ Van

37. A 1 van die Konstitusie. Die stand van die Konstitusie in 1866 word gevind in Eybers (1918) 286-96 en die finale (1892) stand daarvan in die Wetboek van die OVS (1891/92) 11-7. A 1(E) het ook in 1892 bepaal dat "Civiele en Rechterlijke Ambtenaren, die vóór het aanvaarden hunner betrekking den eed van trouw aan den Staat en deszelfs wetten hebben afgelegd" ook burgerskap kon verkry. Dat anderskleuriges ooit sodanige siviele of regterlike ampte in die OVS beklee het, is te betwyfel.

38. A 3, 4 en 7 van die Constitutie.

39. Kursivering bygevoeg. "Inwoner" in teenstelling met "burger" het natuurlik die Bantoebevolking ingesluit. Van Aswegen (1968) 336 beweer in elk geval dat a 58 in teorie en praktyk vir Blank en nie-blank gegeld het.

40. Vgl bv Jones (1964) 9, Rogers (1949) 102, Maritz (1976) 329-31 en veral Van Aswegen (1968) hfst VI.

die Barolong se gebied, ook genoem die Morokawyk of "het district Moroka,"⁴¹⁾ kan inderdaad (soos Van Aswegen beweer⁴²⁾) gesê word dat dit 'n imperium in imperio was. Insiggewend is die behandeling deur Van Aswegen van die verloop van die diplomatieke omgang tussen dié twee state, wat onder meer die "Tractaat van Alliantie en Bondgenootskap tussen het Gouvernement van den Oranje Vrystaat en Moroka opperhoofd der Barolongs" van 27 Maart 1865 ingesluit het: dit het oorlogsbondgenootskap behels, 'n uitlewerings-ooreenkoms en samewerking in die bekamping van vee-diefstal.⁴³⁾ 'n Verdere traktaat is op 8 Augustus 1883 onderteken, naamlik die "Tractaat van Vriendschap en Bondgenootskap tussen den President van den Oranje Vrijstaat en het Barolong Opperhoofd, Sepinare Moroka" (laasgenoemde was Moroka, oorlede in 1880, se opvolger): hierdie verdrag was 'n vriendskapsverdrag, 'n oorlogsbondgenootskap, 'n handelsverdrag, 'n verdrag aangaande die beweging van persone deur die onderskeie gebiede en weer eens 'n ooreenkoms aangaande die bekamping van veediefstal.⁴⁴⁾ Ook interessant in hierdie verhouding is die betekenis wat wedersyds geheg is aan die gemeenskaplike grenslyne: die presiese ligging van hierdie grenslyne het in 1858, 1861-3, 1869 en 1877 gemeenskaplike aandag geniet en albei "state" het ge-

41. Bv in die OVS Wetboek hfst XXXIV, Afdeling II.

42. Van Aswegen (1968) 233.

43. Van Aswegen (1968) 240-1.

44. Van Aswegen (1968) 242-4.

staan op die respektering daarvan.⁴⁵⁾ Hierdie verhouding tussen Blanke Republiek en Bantoestam was inderdaad, soos Van Aswegen ook konkludeer, uniek:⁴⁶⁾ "Die goeie verhouding het, veral in die regeringstyd van die streng maar minsame president Brand, byna die vorm van voogdyskap aangeneem. Nie juridies nie, maar veel eerder 'n persoonlike vorm van voogdyskap. Moroka het Brand as sy helper en raadgewer beskou, sonder om hom te onderwerp of sy posisie prys te gee. Daarvoor was hy te veel van 'n diplomaat en aristokraat. Brand weer het geduldig sy bes gedoen om die Barolongvolk te help waar hy kon. Dit was 'n ideale rasseverhouding waarby beskaafde en minder beskaafde betrek was." Hierdie verhouding van 'n eeu gelede kan beskou word as die ideale prototipe van dit wat (deur middel van onder meer die moderne Bantoestaatsreg) vandag gepoog word om tot stand te bring.

5.4. Die Vestiging van Witzieshoek

Intussen was die Witzieshoekgebied steeds sedert 1856 vakant: die Volksraad het naamlik op 3 Februarie 1857 besluit "De open grond zal niet op request uitgegeven maar geïnspecteerd en als Gouvernementsgrond bewaard worden, totdat die Raad het wenschelijk acht denzelve te verkoopen."⁴⁷⁾ Onder die kommando wat in 1856

45. Ibid.

46. Van Aswegen (1968) 252.

47. SA Argiefstukke OVS Vol 2 79 en vgl Malan (1929) 296.

vir Oetzi verdryf het, was ene kaptein Mota, 'n Tlokwa, met 'n dertigtal volgelinge.⁴⁸⁾ Mota was 'n broer van Sikonyela (die "Makatees") wat in 1853 ná Moshoeshoe se suksesvolle aanval op die Tlokwa, anders as Sikonyela, met die grootste gedeelte van die Tlokwa, Moshoeshoe se opperhoofskap aanvaar het en hom kort daarna in die omgewing van Harrismith gevestig het.⁴⁹⁾ Hierdie Tlokwa-splinter is onmiddellik oorweeg as setlaars in Witzieshoek, maar daar is voorlopig daarteen besluit. Hulle is in elk geval geogmerk as 'n mag wat ná die opruimingsveldtog deurlopend beskikbaar gehou moes word om Witzieshoek mee skoon te hou.⁵⁰⁾

5.4.1. Die Bakwena van Mopeli

Hoewel Mota seker die sterkste aanspraak daarop gehad het om Witzieshoek van die Vrystaat te ontvang, was dit 'n jonger broer⁵¹⁾ van Moshoeshoe, die Kwena Paulus Mopeli (ook genoem Moperi), wat eerste daar 'n grondtoekenning gekry het. Mopeli met sy stam het homself tewens vanaf ten minste 1860 heel lastig gemaak vir die Vrystaatse Republiek, veral in verband met grensskendings. Hy figureer ook van tyd tot tyd

48. Vgl Malan (1929) 278 en SA Argiefstukke OVS Vol 2 380 en 522-3.

49. Omer-Cooper (1975) 111-2 en Sanders (1975) 207 en 284.

50. SA Argiefstukke OVS Vol 2 44-5, 78-9 en 522-3.

51. Sanders (1975) 115.

in die kontak tussen Moshoeshoe en die Republiek en was in verskeie militêre botsings met die Vrystaatse magte betrokke.⁵²⁾ Mopeli het aan die einde van die Vrystaat-Basotho-oorlog van 1865-6 namens Moshoeshoe met President Brand oor die vrede onderhandel en ook die vredesverdrag vir Moshoeshoe aangegaan.⁵³⁾

By hierdie Vrede van Thaba Bosigo het die Republiek die grond tussen die Oranje- en Caledonriviere en die Langeberge van Moshoeshoe bekom. Dié grond is toe bestem vir Blanke okkupasie, maar dit was nie voor Januarie 1867 wat die inbesitname van die plase kon geskied nie. Intussen het van die oorwonne Basotho, waaronder Mopeli se stam, maar weer daar gesaai en gaan woon. Die Vrystaters het al gou weer dié Basotho uit die gebied opgeruim. Ten einde hul graan te red, het onder meer Mopeli toe met die Vrystaat onderhandel om as onderdaan aanvaar te word, en wel in die hoop dat grond aan hom toegeken sou word.⁵⁴⁾ In Mei 1867 het die Volksraad onderhandelinge met onder meer

52. Spies (1941) 180, 249, 259-60, 262-3, 285 en 301. Ook is hy by geleentheid deur Moshoeshoe as ambassadeur gebruik, ibid 299-300. Vgl ook Sanders (1975) 230-1, 245-6, 251, hfst XX en XXII.

53. Sanders (1975) 295.

54. Spies (1941) 292-302, Malan (1957) 36-8, Van Aswegen (1968) 307-13 en 422-5 en Sanders (1975) 296-8. Lg twee bronne veral beklemtoon die gebeure op verskillende wyses. Mopeli se aanvaarding as onderdaan in 1867 was die gevolg van ten minste twee vorige aansoeke, een vroeg en een laat in 1866 - vgl Sanders (1975) 297 vn 6 en vn 10.

Mopeli gemagtig en 'n driemankommissie is daarvoor aangewys. Op 1 Junie 1867 is Mopeli en sy stam by wyse van Volksraadsbesluit en proklamasie as onderdane van die Republiek ontvang en is besluit om die "goewermentsgrond" by Witzieshoek aan hom toe te ken. In Augustus het hy met sy stam daarheen vertrek. Daar het die Kwena van Mopeli hul rustig gevestig en nie verdere noemenswaardige probleme vir die Vrystaat opgelewer nie,⁵⁵⁾ hoewel hy in 1868, in die tyd van die Britse anneksasie van Lesotho, 'n poging aangewend het om weer, met Witzieshoek en al, deel te word van Mo=shoeshoe se "ryk" en dus 'n Britse onderdaan òf as deel van die Kaapkolonie òf van Natal. Die poging het egter misluk, onder meer weens die natuurlike afgeslotenheid van die gebied van Lesotho, en hy het hom klaarblyklik daarmee versoen.⁵⁶⁾

Die Bakwena van Mopeli se aanvaarding as onderdane van die Vrystaat is gereël deur 'n wet van die Volksraad Over het Volk van Paulus Mopeli van 1867.⁵⁷⁾ Artikel 1 daarvan verklaar "Mopeli met zijn volk" tot onderdane van die Oranje-Vrystaat. Wat uiters interessant hiervan is, is dat 'n besondere regstoestand daardeur geskep is. Die Vrystaatse staatsreg het,

55. Sanders (1975) 298, Rogers (1949) 102, Malan (1957) 38 en Spies (1941) 302-3.

56. Sanders (1975) 305 en 307, Spies (1941) 315 en Van Aswegen (1968) 429-30.

57. Hfst XXXVI OVS Wetboek 270-2.

anders as die Engelse staatsreg, die begrip "burger=
skap" geken.⁵⁸⁾ Die toestand van "onderdaanskap" wat
die Volksraad egter in 1867 geskep het, is klaarblyk=
lik te onderskei van Vrystaatse burgerskap (waarvoor
'n gekleurde vel 'n diskwalifikasie was, vide supra),
en dit herinner veel meer aan die Engelse gevolgsreg=
telike toestand van 'n subject van die Kroon.⁵⁹⁾ Arti=
kels 7 en 11 versterk tot 'n mate laasgenoemde indruk
en bevestig die feit dat Mopeli afgesny is van die
moontlikheid om trou verskuldig te wees aan 'n ander
staat, opperhoof of kroon: artikel 7 het bepaal: "Mope=
li, noch een zijner onderhoorige kapiteins ... zal het

58. A 1 van die OVS-Konstitusie.

59. Vgl bv Venter (1975) 239-53. Moontlik is hier 'n negen=
tiende eeuse voorbeeld van wat Verdross noem "blossen Untertanen"
of van nasionaliteit sonder burgerskap as substraat: ibid. Die
volgende opinie van die Vrystaatse Staatsprokureur, aangehaal
deur Van Aswegen (1968) 328-9 uit 'n argivale bron is ook insig=
gewend: "Hieruit blijkt dus duidelik dat Paulus Mopeli en zijn
volk onderdanen zijn van den Oranje Vrijstaat en daaruit vloeit
dat hy onderworpen is aan alle wetten binnen dezen Staat. De
Vrijstaat is soewerein binnen zijn grond gebied en daar hij in
geen opzicht door de overeenkomst van den 1sten Junie 1867 be=
lemmert wordt, doch in tegendeel in Art IV het recht behoudt
andere voorzieningen te maken volgt het nu dat de Volksraad het
regt heeft eenige dispositie te maken met betrekking tot het
volk van Paulus Mopeli. Gevoelt Paulus Mopeli of eenig lid van
zijn volk zich gekrenkt door eenig wet van den Volksraad kan
hij, niettegenstaande de overeenkomst boven vermeld even als
eenig ander privaat onderdaan van dezen Staat, zich onttrekken
buiten de jurisdiktie daarvan, en zodoende bevrijd worden van
zijne onderdanigheid die hij nu verschuldigd is. Paulus Mopeli
en zyn volk staan op presies denzelfden voet als eenig ander
kleurling onderdaan van dezen Staat wat betreft de macht van
den Volksraad over hen. Hij en zijn volk maken geen 'imperium
in imperio' uit."

geoorloofd zijn eenigen raad of vergadering van andere naburige stammen te mogen bijwonen, of toelaten dat, bij eenige raadsvergadering van hen vreemde kapiteins of anderen daarbij zullen mogen tegenwoordig zijn, zonder schriftelijk verlof van den commandant of den Staatspresident ..." Artikel 11 het Mopeli verbied om vreemdelinge, Blank of nie-blank, sonder toestemming van of kennisgewing aan die Vrystaat in sy gebied toe te laat of te herberg.

Artikel 2 het bepaal dat 'n amptenaar, genoem "kommandant," in die gebied geplaas sou word en onder meer bekleed sou word met die kompetensies van 'n land=dros. Artikel 3 het die Vrystaatse strafreg in Wit=zienshoek van toepassing gemaak en artikel 4 het aan Mopeli "en zijn raad" siviele jurisdiksie verleen (waar=deur die gewoontereg dus erken is), maar ontevrede partye kon hul geskil opnuut voor die kommandant bring, wat dan as "hof van billikheid" (equity?) daaroor sou beslis. Artikel 5 het Mopeli en sy stam oproepbaar vir kommandodiens gestel, artikel 6 het 'n passtelsel vir hulle ingevoer, artikel 8 het hutbelasting gehef, artikel 10 het Blanke nedersetting en drankhandel in die gebied verbied en artikel 17 het sendingwerk deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die gebied ge=magtig.

Opsommenderwys kan dus gesê word dat hierdie Wet Mopeli ondergeskik gestel het aan die Republiek, aan hom uitsluitlike okkupasierereg in die gebied gegee het, voorsiening gemaak het vir gedeeltelike administra=

tiewe en regsprekende beheer van die gebied deur die Republiek, maar origens daarvoor ruimte gelaat het dat die Kwena in beginsel hul tradisionele lewenstyl kon voortsit.

5.4.2. Die Batlokwa van Mota

Vir voltooiing van die kroniek van die moderne vestiging van die Witzieshoekgebied, moet verder gekyk word na die Batlokwa van Mota se lotgevalle. Ná die veldtog teen Oetzi het Mota hom op die dorpsgronde van Harrismith gevestig, waar verskeie groepe, waaronder 'n seun van Oetzi, hulle by hom aangesluit het. Hierteen het die inwoners van Harrismith spoedig by wyse van memorie aan die Volksraad beswaar gemaak, en die Volksraad het die saak van hierdie Tlokwa se hervestiging in Februarie 1857, weer in Februarie 1858 en talle kere daarna tot in 1875 te midde van heelwat rondslomp ter tafel gehad.⁶⁰⁾ In 1861 is Mota met sy volgelingen verplaas na drie plase, skynbaar in die Binghamberggebied in die Harrismith-distrik,⁶¹⁾ genaamd Mooiplaas, Rietvleij en Keerom, eiendom van ene CJ de Villiers. Laasgenoemde plaaseienaar sou toesig oor hulle hou, maar die grond, wat hy aan die regering verhuur het, sou sy eiendom bly.⁶²⁾ In 1873 het Mota⁶³⁾

60. SA Argiefstukke OVS Vol 2 78-9 en Vol 3 op 51 en 123 en Van Aswegen (1968) 370-99.

61. Vgl UG 26 - '51 2.

62. Van Aswegen (1968) 375-6.

die wens uitgespreek om toegelaat te word om hom in Witzieshoek te vestig. Mopeli is geraadpleeg, het hom ten gunste daarvan uitgespreek en die Volksraad het toestemming daartoe gegee. Dit was egter eers in 1875 dat Mota hom met sy volgelinge in die gebied gaan vestig het.⁶⁴⁾

5.4.3. Die Administrasie van Witzieshoek 1867-1900

Mota se Tlokwa en Mopeli se Kwena het voortaan redelik rustig naas mekaar in Witzieshoek onder die gesag van 'n kommandant gewoon. 'n Grensreëling sou in 1878 tussen die twee stamme getref word met die hulp van die regering: op 26 Junie 1878 het die Volksraad die volgende voorstel aangeneem: "De Raad draagt aan ZHED den Staatspresident op eene of meer personen te benoemen ten einde te trachten eene vriendschappelijke overeenkomst te treffen tusschen Paulus Mopeli en Cobus Mota, met betrekking tot de gronden door hen repectievelijk te worden bewoond."⁶⁵⁾ 'n Presiese afgrensing tussen die twee stamme se gebiede het egter eers heelwat later gekom: in 1897 is 'n vasstelling gemaak, weer in 1926 en nogeens in 1953. Geskille het egter daarvoor bly voortbestaan.⁶⁶⁾

63. Skynbaar was dit Koos of Kobus Mota wat in dié jaar sy vader opgevolg het - vgl Kok (1965) 5.

64. Van Aswegen (1968) 397-9 en vgl UG 26 - '51 op 2 en 3. Rogers (1949) 102 se inligting hieroor is klaarblyklik foutief.

65. Volksraadsnotule (OVS) 1878 314.

66. Van Aswegen (1968) 399 en Kok (1965) 6.

Die beheer oor Witzieshoek deur die Vrystaat is vir ongeveer dertig jaar bepaal deur die aangehaalde wetgewing van 1867,⁶⁷⁾ sonder dat noemenswaardige ontwikkeling plaasgevind het. 'n Klein verbetering is wel in 1885 deur kommandant Montgomery met sy "Regulasie voor goede orde in Witsieshoek" ingevoer: die gebied is in ses wyke verdeel met 'n hoofman oor elke wyk wat aangestel is deur die kommandant òf nadat hy verkies is deur die inwoners van die wyk òf op die kommandant se eie inisiatief benoem. Hierdie hoofmanne moes volgens Van Aswegen in ooreenstemming met die 1867-wetgewing reg spreek en appèlle na die kommandant toelaat, en het ook administratiewe take gekry met betrekking tot tuine, weiding en rapportering van nuwe aankomelinge, misdadigers en diefstalle.⁶⁸⁾

Vroeg in 1897 het dit duidelik geword dat Mopeli nie meer lank sou lewe nie en kommer het ontstaan oor die kwessie van opvolging: die probleem was onder meer dat die bestaande ooreenkoms en wetgewing niks bepaal

67. Hierdie wet Over het Volk van Paulus Mopeli was gebaseer op Ordonnansie no 3 van 1866, wat betrekking gehad het op Mollapo, die eerste Basothoof wat Vrystaatse onderdaanskap aanvaar het, maar vier jaar later saam met Moshoeshoe Britse onderdaanskap aanvaar het. Ord 3 van 1866 het egter die toets van dié vier jaar deurstaan en het suksesvol geblyk te wees, soos dit dan ook later in Witzieshoek weer eens bewys is: Eybers (1918) 325 en Van Aswegen (1968) 406-18.

68. Van Aswegen (1968) 433-4, wat hierdie uiteensetting baseer op 'n ongepubliseerde argivale bron, nl korrespondensie in die argief van die Vrystaatse Goewermentsekretaris G.S.1163.

het oor Mopeli se opvolger nie. 'n Kommissie waarvan President MT Steyn ook 'n lid was, het Mopeli besoek: met laasgenoemde se goedkeuring is toe besluit dat die kapteinskop ná sy dood afgeskaf sou word, 'n hoofman in sy plek aangestel sou word, maar met meer beperkte gesag, en dat Mopeli se kleinseun, 'Ntsani, hierdie pos sou kry. Kort ná Mopeli se dood is hierdie besluit dan ook geïmplementeer deur die publikasie van 'n proklamasie⁶⁹⁾ van die Staatspresident - die aanstelling van die hoofman was herroepbaar en dus onder direkte regeringsbeheer. Nuwe wetgewing vir die nuwe omstandighede het ook noodsaaklik geword en is spoedig daargestel.⁷⁰⁾

Die wet Over het Volk te Witzieshoek van 1898⁷¹⁾ het die kernbepalings van die vroeër gemelde Hoofstuk XXXVI van die Vrystaatse Wetboek vervang.⁷²⁾ Die voorrede van dié Wet maak dit duidelik dat Paulus Mopeli se dood 'n nuwe bedeling vereis het: "De Volksraad overwegende dat door den dood, van Paulus Mopeli het wenschelijk is Hoofdstuk XXXVI van het Wetboek te wijzigen en verdere regelingen te maken omtrent het volk te Witzieshoek, bepaalt:" interessant hier is dat nou nie

69. Gouvernements Courant dd 3 Des 1897.

70. Van Aswegen (1968) 436-9.

71. Wet 9 van 1898 (OVS).

72. A 14 van Wet 9 van 1898 (OVS) het hfst XXXVI herroep met uitsondering van a 12-4 en 16-8.

meer sprake is van net Mopeli en sy volk nie, maar van die "volk te Witzieshoek." Hierdie wetgewing skyn die eerste te wees wat rekening hou (steeds egter sonder om hulle by name te noem) met die teenwoordigheid van die Batlokwa in die gebied naas die Bakwena: oor die algemeen was die verhouding tussen die regering en die Batlokwa tot op daardie stadium skynbaar glad nie uitdruklik gereguleer nie.⁷³⁾

Artikel 1 van die Wet maak van die aangestelde hoofman en sy opvolgers asook van "het volk te Witzieshoek" Vrystaatse onderdane. Artikel 2 maak steeds voorsiening vir 'n kommandant, in die gebied met die gesag van 'n landdros bekleed, en wat verplig is om in die gebied te woon. Artikel 3 bepaal dat die hoofman hoegenaamd geen kriminele jurisdiksie het nie en stel alle inwoners van die gebied onderworpe aan die Vrystaatse strafreg. Artikel 4 verleen aan die hoofman beperkte siviele jurisdiksie en behou die stelsel van herverhoor de novo deur die kommandant in sake waar die partye nie tevrede is met die hoofman se uitspraak nie. Die res van Wet 9 van 1898 het maar die verpligtinge wat Mopeli en sy volgelinge ingevolge Hoofstuk XXXVI van die Wetboek gehad het, met min wysiging op die nuwe hoofman en die inwoners van die gebied geplaas.

73. Kok (1965) 6 beweer dat geen traktaat gesluit is nie en dat daar maar 'n "verstandhouding" was dat die betrokke wetgewing ook op die Batlokwa van toepassing was. Dit lyk 'n aanvaarbare standpunt, veral gesien die feit dat die Batlokwa m b t die Bakwena ver in die minderheid was: vgl Kok (1965) 39 en Van Aswegen (1968) 399 en 428.

5.5. Thaba 'Nchu 1880-1900

Om nou die beskrywing van die ontwikkelingspatroon van die Bantoestaatsreg in die Vrystaatse Republiek af te handel, moet nog gehandel word met die Barolong van Thaba 'Nchu in die laaste twintig jaar van die negentiende eeu. Pas na die dood van Moroka in 1880 het sy aangenome seun en opvolger Sepinare Moroka, gewikkel geraak in 'n stryd om die stamhoofskap met ene Samuel, Moroka se oudste seun. Die Republiek het aanvanklik neutraal probeer bly, maar met tertyd het President Brand die saak gearbitreer en ten gunste van Sepinare beslis. Samuel het hom nie daarby berus nie en het deurgaans tog maar pogings aangewend om die stamhoofskap te bekom. Teen 1883 het van die burgers van die Ladybranddistrik, by wyse van memorie by die Volksraad gekla oor veediefstalle vanuit die Rolonggebied en oor die feit dat groot getalle Basotho daar toegelaat is. Te midde van hierdie en ander probleme is die vroeër gemelde traktaat tussen die President en Sepinare op 8 Augustus onderteken en in Februarie 1884 het die Volksraad dit goedgekeur. In Julie egter, het Samuel met die hulp van enkele Blankes vir Sepinare vermoor en het daar sporadiese gevegte onder die Barolong uitgebreek. Die Republiek se reaksie daarop was dat President Brand met 'n kommando na Thaba 'Nchu gegaan en op 12 Julie 'n proklamasie uitgevaardig het ingevolge waarvan die gebied deur die Vrystaat geannekseer is ten einde rus en orde daar te kan bewaar: hierdie proklamasie is op 14

Julie 1884 gepubliseer.⁷⁴⁾ Voortaan sou die Vrystaat=se reg en owerheidsgesag op die gebied van toepassing wees en 'n kommissaris, bekleed met die gesag van 'n landdroos, is onmiddellik deur die Staatspresident aangestel. Twee maande later het die Volksraad Ordonnansie 40 van 1884 aangeneem om die anneksasiehandelinge te konsolideer en om die gevolge daarvan te reël.⁷⁵⁾

Artikel 1 van die Ordonnansie spreek vanself en bevat ook heelwat inligting: "Het Barolong Grondgebied voor dezen behoord hebbende en geregeerd zijnde door het Opperhoofd Moroka, en diens opvolger, Sepinare Moroka, en geannexeerd bij proclamaties van ZHED den Staatspresident van 12 en 29 Juli 1884, bekrachtigd bij besluit van den Volksraad, dd 11 September 1884 wordt mits dezen tot een afzonderlijk district verklaard onder den naam van 'Moroka'." Artikel 2 het die grense wat sedert 1869 vasgestel was, laat bly voortbestaan. Artikel 3 het voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n landdroos en 'n landdroosklerk in die distrik asook vir verdere amptenare wat na die Staatspresident se diskresie aangestel kon word, met die oog daarop om die reg en gesag van die Republiek

74. In die Buitengewone Gouvernements Courant no 1433 van 14 Jul 1884. Dit is opgevolg met 'n verdere proklamasie van 29 Jul 1884 gepubliseer in die Gouvernements Courant no 1436 van 30 Jul 1884: vgl die voorrede tot Ord 40 van 1884, om te vinde as bylae tot die Volksraadsnotule van 1884.

75. Van Aswegen (1968) 235-66 en vgl ook die reeds aangehaalde voorrede tot Ord 40 van 1884 en Maritz (1976) 331-3.

in die distrik uit te oefen en te handhaaf, en artikel 4 het Thaba 'Nchu die setel van die landdros gemaak. Artikels 5 en 7 het die distrik binne die jurisdiksie van die Bloemfonteinse "Hoog Gerechtshof" en die "Rondgaand Gerechtshof" geplaas. Artikel 8 het die handelinge van die "Commissaris bekleed met de macht van Landdrost," wat pas na anneksasie deur die Staatspresident aangestel is, tot op datum bekragtig. Die ander bepalings was formele of oorgangsbepalings.

Die beskikking oor die grondgebied van die geannekseerde Barolongstaat deur die Vrystaat het 'n gekompliseerde verloop gehad waarvan al die besonderhede nie hier ter sake is nie.⁷⁶⁾ Dit is voldoende om te meld dat verskeie Volksraadskommissies en ook 'n regterlike kommissie die aangeleentheid ondersoek het, uit die aanbevelings waarvan 'n dubbelloopstelsel voortgevloei het, wat te onderskei is van enige ander stelsel in die Vrystaat of elders: in die eerste plek is, anders as vir enige ander nie-blanke groep in die Vrystaat, voorsiening gemaak vir volle eiendomsreg op sekere plase in die gebied. Hierdie plase was egter vervreembaar, sodat uit die vyf en negentig plase wat aanvanklik toegeken is, teen 1905 slegs een en vyftig nog in Barolong se hande was. Die tweede

76. Van Aswegen (1968) 355-67 en 443-51 beskryf hierdie besonderhede volledig en met gesag. Die enkele feite wat daaroor in die teks vermeld word, is dan ook grootliks uit dié bron verkry. Vgl ook Schüler (1965) 90-2 (wat swaar steun op Rogers (1949) 102-3) en Maritz (1976) 332-3.

been van die stelsel was dat twee reservate vir die Barolong geskep is, naamlik Seliba en Thaba 'Nchu en teen 1887 deur hulle betrek is. Geen besondere regeringstelsel, soos die kommandant- en hoofmanstelsel van Witzieshoek is, eenaardig genoeg, vir die Barolong geskep nie - klaarblyklik was beheer en administrasie van die Morokadistrik volledig in die hande van die landdros van Ordonnansie 40 van 1884 se hande geplaas. Die rustige verloop van sake het ook daarop gedui dat meer nie nodig was nie.

Benewens die feit dat die Barolong deur die annexasie onderhewig aan die Vrystaatse reg geword het, is geen pertinente aanduiding gegee van hul status as onderdane en hul verhouding tot die owerheid nie. Daar kan moontlik afgelei word⁷⁷⁾ dat die bedoeling was dat hulle soos Mopeli se Bakwena in 1867, "onderdane" van die Republiek geword het, hoewel geen pertinente juridiese aanduiding daarvan gevind kan word nie. Dat hulle nie burgers was nie, is duidelik uit wat reeds hierbo gesê is. Selfs diegene onder hulle wat grondeienaars was, is uitdruklik deur algemene wetgewing van burgerskap uitgesluit: artikel 10 van Ordonnansie 5 van 1876⁷⁸⁾ het bepaal: "Kleurlingen,⁷⁹⁾ die volgens deze bepalingen rechten van eigendom verkrygen op onroerende goederen, of alreeds bezitten,

77. Soos Van Aswegen (1968) op 262 en 451 skynbaar doen, maar sonder dat hy daarvoor gesag het.

78. Later a 10 van Hfst XXXIV van die OVS Wetboek (op 267). Vgl Van Aswegen (1968) 322-3.

79. Die Vrystaatse wetgewer het met dié begrip almal wat nie b o

zullen nimmer als burgers worden beschouwd, maar zullen even als de burgers dienstplichtig zijn, of goederen tot commandodienst moeten verschaffen ..."⁸⁰⁾
Derhalve was die Barolong waarskynlik ook sedert 1884 onderdane in die sin van "blote onderdane" sonder burgerskap van die Vrystaat.

5.6. Die Koloniale Periode 1900-1910

Daarmee is die historiese wortels van die moderne Bantoestaatsreg in die republikeinse tydperk van die Oranje-Vrystaat beskryf. Die Britse anneksasieproklamasie van die Vrystaat van 24 Mei 1900⁸¹⁾ het geen woord gery oor die posisie van die Bantoe in die gebied nie, en artikel 8 van die Vredesverdrag van Vereeniging van 31 Mei 1902⁸²⁾ het bloot bepaal: "The question of granting the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self-government." Inderdaad, soos wel bekend, het dit eers by die Nasionale Konvensie ter sprake gekom, en dáár is vir die Vrystaat verlening van stemreg aan die Bantoe, soos tot op daardie stadium, permanent uitgesluit.⁸³⁾

Blankes is nie, bedoel: vgl bv Rogers (1949) 62.

80. A 28 van Hfst XL van die OVS-Wetboek (op 279) het "alle ingezetenen tusschen zestien en zestig jaren oud" dienspligtig gemaak - dus ook Bantoe.

81. Eybers (1918) 344-5.

82. Eybers (1918) 345-7.

83. Vgl bv VerLoren van Themaat (1959/60) 156-8.

Die Oranjerivier Kolonie het deelgeneem aan die ietwat futiele "South African Native Affairs Commission,"⁸⁴⁾ maar daarbenewens was daar slegs enkele noemenswaardige verwickelinge voor 1910 wat hier ter sake is. Die reeds vermelde Wet 9 van 1898 se gelding is ná 1900 feitlik onveranderd voortgesit.⁸⁵⁾ tot in 1907. Thaba 'Nchu het egter in 1902 reeds 'n aangestelde (klaarblyklik Blanke) "Board of Management" gekry met dieselfde funksies as 'n plaaslike owerheid.⁸⁶⁾ Hier= die Raad het jurisdiksie oor gesondheidsaangeleenthede gehad en kon belasting vir laasgenoemde doel in die "Thaba 'Nchu Location Lands" asook in die gebied van die Wesleyaanse Sendinggenootskap vorder.⁸⁷⁾ In 1907 het daar egter kort voor en met die instelling van verantwoordelike selfregering verdere roering gekom.

Ordonnansie 6 van 1907⁸⁸⁾ se lang titel het ge=

84. Vgl bv Brookes (1974) 103 e v.

85. Vgl die vertaalde weergawe daarvan en die voetnotas daarby in Lefebvre en Jackson (1907) 252-4, waarvan dié afleiding gemaak kan word.

86. Prokl 8 van 1902, o m te vinde in Proclamations issued in the Orange River Colony from the date of the Annexation to the Promulgation of the Constitution (1902) 77-8.

87. Prokl 13 van 1902, te vinde in o m Lefebvre en Jackson (1907) 317-8.

88. Government Gazette of the Orange River Colony no 481 van 8 Apr 1907 op 437 e v.

lui: "To provide for the management of Native Reserves." Artikel 4 het voorsiening gemaak vir die aanstelling deur die (Luitenant-) Goewerneur van tussen sewe en nege Bantoe onder voorsitterskap en ondervoorsitterskap van Blankes om vir termyne van drie jaar so 'n bestuursraad vir elke geproklameerde "Native Reserve" uit te maak. Artikel 9 het die funksies van hierdie rade omskryf, naamlik onder meer die instandhouding van paaië, heinings, brue, watervore, gesondheidsdienste en skole vir die Bantoe, en hulle is gemagtig om belasting te hef vir die finansiering van dié funksies. Artikel 10 het aan die rade wetgewende gesag gegee deur hulle te magtig om oor sekere plaaslike aangeleenthede regulasies uit te vaardig, maar ook vir "the general good order and government of the community and the protection of the rights of its inhabitants."⁸⁹⁾ Die (Luitenant-) Goewerneur kon ingevolge artikel 12 sodanige regulasies goedkeur, wysig of afkeur en artikel 13 het publikasie daarvan in die Gazette vereis om daaraan die uitwerking van wetgewing te verleen. Artikel 16 het aan die Rade die taak gegee om hul eie regulasies toe te pas en af te dwing en artikels 17 en 18 het die effek gehad dat die Rade vir alle praktiese doeleindes bekleed is met regs persoonlikheid. Hierdie ordonnansie het daartoe gelei dat bestuursrade ingestel is in onder meer die Witzieshoek, Thaba 'Nchu en Seliba Reservate,⁹⁰⁾ en

89. A 10(14).

90. Rogers (1949) 61.

het onveranderd gegeld tot in 1940.⁹¹⁾

Die finale ontwikkeling voor Uniewording wat die staatsregtelike posisie van die Bantoe in die Vrystaat beïnvloed het, was artikel LII(1) van die Letters Patent van 1907, ingevolge waarvan verantwoordelike selfregering vir die Oranjerivier Kolonie ingestel is:⁹²⁾

"The Governor shall exercise over all Chiefs and natives in the Colony all power and authority now or at any time hereafter vested in him as Paramount Chief."

Subartikel (2) het aan die Goewerneur verder die kompetensie verleen om 'n vergadering van "Native Chiefs" en andere byeen te roep om sake rakende hul administrasie te bespreek en subartikel (3) het die vervreemding van grond wat vir okkupasie deur Bantoe gereserveer is, belet, behalwe as dit sou geskied ingevolge wetgewing van die Wetgewer ("Legislature").

5.7. Gevolgtrekkings

Opsommenderwys kan dit dus gestel word dat die Vrystaat se vroeë Bantoe staatsregsgeskiedenis gekenmerk is deur gebieds- en staatkundige skeiding; met tertyd het die Republiek dit nodig gevind om meer direkte beheer oor die Bantoebevolking uit te oefen in hul (laasgenoemde se) aangewese grondgebiede, sonder

91. Rogers (1949) 62.

92. Gepubliseer in die Government Gazette of the Orange River Colony no 492 van 10 Junie 1907. A LII(1) is op 747.

egter om die tradisionele stelsel geheel opsy te skuif of om dit geheel te vervang; vir die twee Bantoegebiede het die Republiek onderskeie administratiewe en regeringstelsels ontwikkel en die hele Bantoebevolking was waarskynlik in die juridiese toestand van "onderdaanskap;" wat nie burgerskap ingesluit het nie maar aanspraak op gelyke behandeling voor, asook ondergeskiktheid aan, die reg ingevolge die Konstitusie gegee het.

Die koms van Britse gesag het aanvanklik min verandering gebring, maar mettertyd is van die Bantoegebiede "reservate" gemaak, 'n stelsel van beperkte, Blank-beheerde plaaslike selfregering is vir dié reservate ingevoer en die opperhoofskap van die Bantoe van die Vrystaat is aan die Blanke "staatsheof;" die Britse Goewerneur, toegeken.

6. Die Transvaal tot 1910

Die huidige Transvaal is onder die Provinsies die rykste aan Bantoe-tuislande, met oorspronklik vyf, later ses en nou weer vyf¹⁾ sulke gebiede binne sy grense, naamlik Lebowa, Venda, Gazankulu, Swazi en die Suid-Ndebele-gebied. Die grootste deel van Bophuthatswana was ook voor onafhanklikwording in Transvaal. Hierdie tuislande huisves 'n wye verskeidenheid volks- en taal=

1. Sedert die Suid-Ndebele in 1977 gebiedsowerheidstatus los van Lebowa en Bophuthatswana verkry het - vide infra hfst III - was daar ses, maar deur die onafhanklikwording van Bophuthatswana is daar nou weer net vyf.

groepe en nog 'n groter verskeidenheid stamme. Oor die antieke herkoms van al hierdie stamme het die etnoloë self nie veel inligting nie.²⁾ Wat egter aanvanklik hier ter sake is, is die vestigingspatroon van die belangrikste stamme tydens en na die Blanke besetting van die Transvaal. Om dit te beskryf, lyk dit sinvol (rof=weg ook uit 'n chronologiese oogpunt) om vanaf Wes-na Oos-Transvaal te beweeg.

6.1. Die Vestigingsgeskiedenis van die Transvaalse Bantoesamme

6.1.1. Die Batswana

Die westelike helfte van die Transvaal se Bantoebevolking bestaan vir verskeie eeue³⁾ reeds oorweldigend uit wat genoem word die Batswana.⁴⁾ Die "hoofstamme," dit wil sê die moederstamme waaruit verskeie

2. Vgl bv Hammond-Tooke (1974) 56-9, Schapera (1971) 14, Coertze (1971) 21, ens.

3. Massie (1905) stel die aanvang van die migrasie uit die noorde op 1400 en meen dat dit ná vier geslagte (d w s ± 1600) die Molo=porivier bereik het. Shapera (1971) 15 se inligting klop naastenby hiermee en dit lyk of daar vir Short History (1905) 8 die selfde bron as Massie (1905) gebruik is. Coertze (1971) 23 (na=gevolg deur Martiz (1976) 209 en 235) beweer daarenteen dat die Bakwêna-Bahurutshe (ook Batswana) hulle teen ± 1350 reeds in die omgewing van die huidige Brits gevestig het.

4. Soos deur bv Maritz(1976) 202. Soos by Maritz, is hier natuurlik ook net van die Batswana van die RSA en Bophuthatswana sprake.

ander Batswanastamme afgesplinter het, is die Barolong en die Bakwēna-Bahurutshe.⁵⁾ Uit die Barolong het onder meer ontstaan die Batlaping en uit die Bakwēna-Bahuruthse het onder meer ontstaan die Batlaro, Bakgatla en die Bafokeng,⁶⁾ almal stamme binne die regsgebied van die moderne Bophuthatswana. "Teen die begin van die negentiende eeu was die Batswanastamme reeds versprei in die gebied noord van die Vaalrivier, wes van die huidige Groblersdal-omgewing en oos van Kuruman-Taung."⁷⁾ Skynbaar het die Batswana hul hoogste bloei teen die middel van die agtiende eeu bereik en het daarna verbrokkel onder die aanslag van onderlinge vetes en aanslae van buite.⁸⁾ Drie golwe van aanvallers het gedurende die Mfecane oor die Batswana gespoel, naamlik die Batlokwa (Makatese) van MmaNtatisi in 1822-4, die Kololo van Sebetwane in 1823-8 en eindelijk die Matabele van Mzilikatze in 1825-37.⁹⁾ "Verstrooiing" is waarskynlik die beste woord waarmee die uitwerking

5. Vgl Maritz (1976) 208-9, Massie (1905) 15-6, Short History (1905) 7, Schapera (1971) 14-5 en Coertze (1971) 21.

6. Vgl bv Maritz (1976) 223-70 en Schapera (1971) 15. Al hierdie stamme se gebiede word op kaart 5 van die Sosio-Ekonomiese Verslag aangedui soos dit in 1956 was. Verder word ook die Hwaduba-gebied by Hammanskraal daarop aangedui: dit is 'n Ndebele-stam wat mettertyd ver-Tswana het - Hammond-Tooke (1974) 67 en 75, Maritz (1976) 270-1 en Massie (1905) 34.

7. Maritz (1976) 292.

8. Short History (1905) 8.

9. Schapera (1971) 15, Massie (1905) 8-9 en vgl Malan en Hattingh (1975) 108 en Omer-Cooper (1975) 115-8.

van hierdie rampe op die Batswana beskryf kan word.¹⁰⁾ Mzilikatze het dan blykbaar ook uitdruklik 'n beleid van verstrooiing gevolg deurdat hy Batswanastamme uit hul oorspronklike woongebiede verskuif het.¹¹⁾ Schapera¹²⁾ sê hieroor: "During this time some of the Tswana tribes were forced to flee from their homes, to which they did not return until the danger was past; others, less fortunate, were irretrievably broken up into scattered groups that managed to survive only by attaching themselves permanently to other tribes." Dit was in hierdie verstrooide toestand wat die Voortrekkers die Batswana by hul aankoms in die Transvaal aangetref het,¹³⁾ en hulle is volgens betroubare getuienis deur die Transvaalse Bantoe werklik as redders uit die hand van Mzilikatze ontvang.¹⁴⁾

6.1.2. Die Noord-Sotho

Die Bantoevestigingsgeskiedenis van die sentraal-

10. Soos bv Maritz (1976) 292, 294 en 307. Malan en Hattingh (1975) 108 praat van chaos en van die verdrywing, verbrokkeling en opname in ander stamme, van die Batswana.

11. Maritz (1976) 303.

12. Schapera (1971) 15.

13. Vgl bv Lekhela (1955) 37-40, Massie (1905) 10-11 en Maritz (1976) 307.

14. Agar-Hamilton (1928) 132, wat vir Livingstone in dié verband aanhaal. Dié getuienis se betroubaarheid spruit uit die feit dat Livingstone oor die algemeen anti-Boer was: Maritz (1976) 306 en Lekhela (1955) 38.

noordelike gedeelte van Transvaal, waar die moderne Lebowa en Suid-Ndebele-gebied is, word voldoende beskryf aan die hand van die geskiedenis van die Pedi-, Koni-, Pulana-, Pai-, Kutswe-, Hananwa- en Transvaalse Ndebele-stamme,¹⁵⁾ wat veralgemenend die Noord-Sotho genoem kan word.¹⁶⁾ Die historiese kerngroep van die Noord-Sotho, is die Bapedi, of te wel Moroteng van Sekukuniland, of te wel Bopedi.¹⁷⁾

Die Bapedi het as Sothostam 'n gemeenskaplike oorsprong met die Batswana en wel deurdat hulle van die Bahurutshe en Bakgatla weggesplinter het en teen die middel van die sewentiende eeu ooswaarts na hul huidige gebied migreer het, waar hulle 'n aantal stamme aangetref het wat reeds vroeër opgedaag het, naamlik die Kwena (of te wel Mongatane), die Roka, die Koni en die Tau.¹⁸⁾ Mettertyd het die Pedi al hierdie stamme aan hulle onderwerp en dié stam het met periodieke terugslae eindelik 'n magtige en welvarende ryk opgebou, wat sy bloeitydperk tydens die regime van die opperhoof Thu=

15. Vgl weer eens kaart 5 van die Sosio-Ekonomiese Verslag asook Malan en Hattingh (1975) 161-5.

16. Vgl Hammond-Tooke (1974) 76-8.

17. Hammond-Tooke (1974) t a p en Mönning (1967) 1. Volgens lg is Bopedi naastenby die gebied tussen die Olifants- en Steelpoort-riviere.

18. Vgl Mönning (1967) 12-9, Short History (1905) 7 en 31, Massie (1905) 15-6 en 74-5, Van Rooyen (1951) 89-91.

lare (± 1780-1824) beleef het, waartydens hulle die Suid-, Oos- en Wes-Transvaal gedomineer het.¹⁹⁾ Kort ná Thulare se dood in 1824, terwyl daar nog onsekerheid was oor wie hom sou opvolg, het Mzilikatze se Matabele in 1825/6 opgedaag, en daarmee die Pedi-ryk pas ná 1826 tot 'n val gebring.²⁰⁾ Mzilikatze het die Bapedi by Olifantspoort verpletterend verslaan en al Thulare se seuns, behalwe Sekwati, gedood. Die Bapedi is daarna onderwerp, verstrooi en deur die Matabele as arbeiders aangewend.²¹⁾ Sekwati het hom met 'n klompie volgelingen as vlugtelingen na die Soutpansberg teruggetrek, waar hy in 1827 weer lastig geval is deur die Matabele sodat hy hom daar in die mees onherbergsame ruigtes moes skuilhou.²²⁾ Ná ongeveer vier jaar, skynbaar nadat Mzilikatze hom in die verre Wes-Transvaal gaan vestig het, het Sekwati weer met sy volgelingen na Bopedi teruggekeer waar hy tot ten minste 1835 deur die Matabele in die uiters verarmde toestand waarin Louis Trichardt se vroeë trek hom aangetref het, gehou is.²³⁾ Stelselma=

19. Mönning (1967) 19-22, Hammond-Tooke (1974) 76-7, Massie (1905) 74-5, Short History (1905) 31 en Van Rooyen (1951) 92-5.

20. Mönning (1967) 22-3, Van Rooyen (1951) 95 en Hammond-Tooke (1974) 77.

21. Omer-Cooper (1975) 134, Massie (1905) 75, Short History (1905) t a p en Mönning (1967) t a p.

22. Huyser (1936) 25, Short History (1905) t a p en Omer-Cooper (1975) t a p.

23. Huyser (1936) 25-6, Short History (1905) t a p en Mönning (1967) t a p.

tig het Sekwati hom egter weer, hoofsaaklik met geweld, meester gemaak van die verstrooide Bapedi wat nog te vinde was in die gebied: hy het sy hoofstat by Phiring gevestig, handel gedryf met die Blankes by die kus, van wie hy vuurwapens bekom het, en aldus die Pedi-op=perhoofskap in ere herstel. Die Bapedi was weer eens magtig en kon in die veertigerjare by Phiring aanslae van die Swazi, Zoeloes en Boere afslaan.²⁴⁾ Toe die eerste kontakte tussen die Bapedi en die Voortrekkers en Transvalers vanaf 1837 gemaak is, was die Bapedi skynbaar reeds deur Sekwati gereorganiseer, maar nog nie in onbetwiste besit van Bopedi nie.²⁵⁾

Soos aangedui, is die Bapedi vandag die kern van die Noord-Sotho van Lebowa. Die geskiedenis van die vestiging van die ander stamgroepe van dié tuisland is vir die onderhawige doeleindes dus nie van dieselfde belang nie. Kortliks net die volgende: die Bakoni, wat skynbaar van vroeë Nguni-oorsprong is en reeds in Bopedi was toe die Bapedi daar opgedaag het, se verdere vestigingsgeskiedenis is nou genoeg met dié van die Bapedi verweef om dit met bostaande as afgehandel te beskou;²⁶⁾ die Pulana-, Pai- en Khutswastamme, ook

24. Van Rooyen (1951) 96-7, Mönning (1967) 23-4, Massie (1905) 75-6 en Short History (1905) 31-2.

25. Van Rooyen (1951) 97 en Massie (1905) 76. Dit blyk dat Sekwati die grond te Ohrigstad aan Potgieter in 1845 "geskenk" het, maar kort daarna het die Boere dieselfde grond plus Sekwati se grond van die Swazi "gekoop" - vide infra.

26. Mönning (1967) 11, 17, 19-20 en 23, Hammond-Tooke (1974) 77 en Short History (1905) 48 en veral Massie (1905) 78-9.

gemeenskaplik genoem die Oos-Sotho, was grootliks vlug=
 telinge (uit wat later Swaziland geword het) van die
 opkoms van die Swazivolk - hulle het hulle toe noord
 van Swaziland in die Oos-Transvaal gaan vestig;²⁷⁾
 die Hananwa is 'n stam wat van die Hurutshe weggesplint=
 er het en waarskynlik sedert die agtiende eeu in die
 Blouberggebied woon, waar die Voortrekkers hulle ook
 skynbaar pas na hulle (laasgenoemde se) aankoms aange=
 tref het en betrokke geraak het by 'n stamtuis;²⁸⁾ die
 Transvaalse Ndebele (wat onderskei moet word van Mzili=
 katze se Ndebele of Matabele), 'n Ngunistam wat verskeie
 eeue gelede moontlik uit Natal gemigreer en hulle in
 Sentraal-Transvaal gevestig het, val uiteen in die
 Noord- en Suid-Ndebele - laasgenoemde is die getal=
 rykste groep en van die twee die minste ver-Sotho.
 Mzilikatze het die Ndebele ook nie in sy verwoestings=
 tog verbygegaan nie en hulle het gedurende sy regime
 volgens die beskikbare inligting waarskynlik ook na
 die berge uitgewyk. 'n Stamhoof van die Transvaalse

27. Ziervogel (1954) 10-12, 108 en 110-1 en Hammond-Tooke (1974) 65-6 en 78. Oor die presiese doen en late tydens die Blanke ves-
 tiging van die Transvaal van hierdie stamgroepe, wat uit die aan=
 gehaalde werke voorkom versplinterings te wees wat ten minste
 gedeeltelik deur die Swazi's onderwerp en geabsorbeer is (en
 moontlik nog steeds geabsorbeer word - Hammond-Tooke (1974) 78),
 kon geen pertinente inligting bekom word nie. Uit die algemene
 Bantoeskiedenis van die Transvaal kan egter afgelei word dat die
Mfecane hulle nie verbygegaan het nie, aangesien hulle naastenby
 op Mzilikatze se pad rondom 1824 en binne sy latere invloedseer
 gewoon het - vgl bv Omer-Cooper (1975) 131-3 en Huyser (1936) 24
 -7.

28. Massie (1905) 53-4 en Short History (1905) 37.

Ndebele, waarmee die Transvaalse Republiek later in die stryd getree het, is ene Mabhogo (Mapog).²⁹⁾

6.1.3. Die Swazi

Vervolgens 'n oorsig oor die vestigingsgeskiedenis van die Oos-Transvaalse Bantoe van suid na noord. Oor die Swazi van die onafhanklike Swaziland en die Swazituisland in die aangrensende Transvaal hoef hier nie veel gesê te word nie. Hulle het hul bestaan te danke aan die opkoms van die Ngwane-opperhoof, Sobhuza ('n Nguni), rondom die 1820's en sy opvolger Mswazi se verowerings tot in 1875 van veral die Sotho-stamme wat in die huidige Swazigebied en verder noord gewoon het. Die Swazi het nooit in 'n oorlog met Blanke magte betrokke geraak nie en is dus nooit deur Blankes verower nie, hoewel hulle in langdurige botsings betrokke was met die Zoeloes, teen wie hulle tot in 1860 in die Lebomboberge geskuil het. Die Transvalers se verhouding met die Swazi's was van die eerste formele kontakte af (\pm 1845) betreklik goed en hulle was, as onafhanklike staatlike entiteite, wedersyds respekterend.³⁰⁾ Die Swazi's se invloed op die vestigingspatroon van die

29. Hammond-Tooke (1974) 59 en 67, Short History (1905) 55, Massie (1905) 34 en 86-7.

30. Hammond-Tooke (1974) 65, Garson (1957) 271-3. en Van Rooyen (1951) 97 en veral 73-4. Volgens lg het Sobhuza reeds in 1839 'n mondelinge vriendskapsverdrag met die Republiek Natalia gesluit ná die onderwerping van Dingane deur die Voortrekkers en die moord op hom deur die Swazi's.

ander Oos-Transvaalse Bantoe is egter van betreklike groot belang: hierbo is reeds aangedui dat die Bapedi tydens die Blanke vestiging van die Transvaal moontlik in ondergeskiktheid aan die Swazi's gelewe het en dat die Oos-Sotho-stamme onder Swazi-druk na hul kontemporêre woonplekke gemigreer het. Klaarblyklik is dit ook ten minste gedeeltelik aan die Swazi-veldtogte te danke dat die Oos-Transvaal in 1845, by die vestiging van Potgieter by Andries-Ohrigstad, grootliks ontvolk was.³¹⁾ Ook was die Swazi-magte by tye in botsing met die Bavenda en Machangana.³²⁾ Die Swazi-bevolking van die hedendaagse KaNgwane is skynbaar grootliks afstammeling van groepe wat by die dood van Mswazi in 1868 van die opvolgingstryd gevlug het en beskerming by die Transvaal gaan soek het, of groepe wat doelbewus as buiteposte buite Swaziland gelaat is tydens die opbou van die Swazi-ryk. Sommige van hierdie stamme het belangrike verbintenisse met die koningshuis in Swaziland self.³³⁾

6.1.4. Die Machangana

Die bevolking van die moderne Gazankulu het 'n besondere vae en deurmekaar geskiedenis. Die belangrikste element is die Machangana met 'n subelement van

31. Agar-Hamilton (1928) 54-5.

32. Massie (1905) 61 en Omer-Cooper (1975) 53.

33. Vgl Short History (1905) 61, Hammond-Tooke (1974) 66-7 66-7 en Van Rooyen (1951) 73-83.

Amatsonga.³⁴⁾ Hulle het laat (vanaf 1835 - 95) in die Transvaal aangekom as vlugtelinge uit die huidige Mosambiek.³⁵⁾ Skynbaar kan vandag nie juis meer onderskei word tussen die Machangana en Amatsonga van Gazankulu nie, hoewel hulle oorspronge verskil: "The tribes known as Shangaans, Ba-Tsonga or Ama-Thonga, Ma-Gwamba, Ama-hlangana or Knobneuzen, are said to belong to one race."³⁶⁾ Die Amatsonga se geskiedenis voor die negentiende eeu is in duisternis gehul, behalwe dat gesê kan word dat hulle verskeie eeue reeds die gebied van die moderne Mosambiek bewoon.³⁷⁾ Vanaf ongeveer 1820 is hulle egter deur ene Soshangane wat van Tshaka af weggevlug het, oorweldig en hulle, saam met hul gebied, het die fondament van die Machangana se Kwa-Gasaryk geword tot in 1895. Die jong Amatsonga wat in Soshangane se leërs opgeneem is, is "Bachangane" genoem, in teenstelling met die elite Nguni-kerngroep wat "Bangoni" genoem is. Die instroming van die Machangana na Mosambiek het natuurlik verskuiwings van groepe, wat òf nie die knie wou buig voor Soshangane nie òf deur die Machangana verdryf is, tot gevolg gehad: diesulkes het dan meestal weswaarts oor die Lebomboberge na die Transvaalse Laeveld gevlug. Hierdie verskuiwings het rondom 1835 begin en het hoogtepunte bereik in 1856-62 met

34. Vgl bv Malan en Hattinck (1975) 133.

35. Hammond-Tooke (1974) 68-70.

36. Short History (1905) 59 en vgl Massie (1905) 64.

37. Hammond-Tooke (1974) 69.

Soshangana se dood en weer teen die einde van die negentiende eeu, toe die Portugese handelaar/avonturier, João Albasini, na 1861 bygedra tot die Oos-Transvaalse Shangaan-Tsonga bevolking deur hom in die Louis Trichardt-distrik te vestig en Tsonga-vlugtelinge by Spelonk en onder sy beskerming te neem en aldus van homself 'n stamhoof te maak waarmee rekening gehou moes word.³⁸⁾ Heelwat Tsonga-vlugtelinge het nooit juis hul vlugtelingstatus bemeester nie en het ondergeskikte posisies as splintergroepe onder verskeie Transvaalse stamme bekom.³⁹⁾ Oënskynlik is dit aanvaarbaar om vandag na die bevolking van Gazankulu te verwys bloot as "Shang-aans."⁴⁰⁾

6.1.5. Die Bavenda

Ten slotte moet die ietwat verwarrende vestigingsgeskiedenis van die Bavenda kortliks beskryf word. Dit wil voorkom of die Bavenda vanuit die Kongo-bekken suidwaarts migreer het en teen ± 1700 die Limpopo oorgesteek het.⁴¹⁾ Hulle het hulle in die Soutpansberg gevestig vanwaar hulle verskeie omliggende stamme onder-

38. Hammond-Tooke (1974) 68-70, Massie (1905) 64-5 en 88, Omer-Cooper (1975) 33 en 57-60 en De Vaal (1953) 2-3, en Short History (1905) 59-60.

39. Hammond-Tooke (1974) 70-1.

40. Malan en Hattingh (1975) 133 en Hammond-Tooke (1974) 68.

41. Short History (1905) 62, Massie (1905) 59-60 en De Vaal (1953) 3.

werp het en 'n betreklike sterk ryk opgebou het.⁴²⁾

Die gebied van die Bavenda is egter deur veral twee faktore verklein: die Bapedi van Thulare en Sekwati het hulle aangeval en uitbreiding na die weste dus onmoontlik gemaak, en die (vreedsame) instroming van Machangana-Tsonga sowel as aanvalle van die Swazi's het suidwaartse groei uitgesluit.⁴³⁾ Die Bavenda het die Mfecane klaarblyklik in hul bergvestings in die Soutpansberg uitgesweet, waarna hulle in onderlinge twis oor die op-perhoofskap verval het.⁴⁴⁾ Louis Trichardt het die Bavenda glo in 'n verswakte toestand aangetref en hulle het hom vreedsaam en vriendelik ontvang.⁴⁵⁾ Hy het toe deel gehad aan gemelde vete onder die Bavenda, wat daartoe gelei het dat ene Ramabulana as oorwinnaar uit die stryd getree het. Daarna het hulle stelselmatig weer 'n noemenswaardige mag opgebou wat hom laat geld het tot aan die einde van die negentiende eeu.⁴⁶⁾

6.1.6. Samevattend

Met hierdie patroon van Bantoebevolkingsversprei-

42. Massie (1905) 60 en Short History (1905) t a p.

43. Van Rooyen (1951) 92, Short History (1905) t a p, Hammond-Tooke (1974) 79, De Vaal (1953) 3, Massie (1905) 60-1 en Huyser (1936) 26.

44. Massie (1905) 61 en Short History (1905) t a p.

45. Huyser (1936) 26-7.

46. De Vaal (1953) 3, Massie (1905) t a p en Hammond-Tooke (1974) 80.

ding het die Voortrekkers en uiteindelik die Blanke Transvalers te doen gekry. Opsommenderwys kan die posisie dus teen die tweede helfte van die dertiger=jare van die negentiende eeu, toe die Blankes begin opdaag het, soos volg beskryf word: Mzilikatze het die hele Transvaal vanuit die weste gedomineer en die oorspronklike Bantoebevolking in vrees vir die Matabele laat vlug of skuil. Die verlatenheid van die vlaktes was groot, maar in 'n halfmaan rondom die hartland van die Transvaal, wat Mzilikatze opgeëis het, was ten minste die kiem van die verskillende Transvaalse Bantoevolkere se voortbestaan in die berge in die ooste of noorde of in die droë dele in die weste in afwagting van die vertrek of verbreking van Mzilikatze se mag.⁴⁷⁾ Nieteenstaande die verstrooiing egter, blyk dit uit bostaande dat die belangrikste Transvaalse Bantoevolkere (die Swazi en Machangana kan as uitsonderings beskou word) se geografiese heimatte reeds in breë trekke kenbaar was voor die koms van die Mfecane en van die Blankes.⁴⁸⁾

6.2. Metode van die Verdere Uiteensetting

Die verdere verloop van die geskiedenis van die Transvaal wat betrekking het op die Bantoeostaatsreg kan

47. Vgl bv Omer-Cooper (1975) 134, Hammond-Tooke (1974) 385, Huyser (1936) 22-8, Stals (1970) 1, Potgieter (1958) 15-7.

48. Vgl bv Walker (1922) se kaart 14 asook Agar-Hamilton (1928) se kaart.

moeilik op samehangende wyse beskryf word as by 'n bloot chronologiese beskrywing gebly word. Die redes hiervoor lê onder meer daarin opgesluit dat die staatkundige geskiedenis van die Transvaal vanaf 1836 tot 1910 so kleurvol en onewewigtig was, asook in die feit dat die volkeresamestelling (Blank en Bantoe) van meet af aan so divers was: vanaf 1836 tot laat in die vyftigerjare is die ordelike daarstelling en funksionering van die Zuid-Afrikaansche Republiek gekortwiek deur broedertwis onder die aangekome Voortrekkers;⁴⁹⁾ vanaf die republiekwording van die Transvaal tot met die opname daarvan in die Unie, was dit twee maal (1877-81 en 1900 - 1910) onder Britse gesag; pre-Mzilikatze Transvaal was reeds, soos uit die voorafgaande blyk, 'n multinasionale (Bantoe-) gebied en die koms van die Voortrekkers, die Britse inmenging, die ontdekking van goud in 1884 en in 1886, en die verbintenisse met Mosambiek, het ooglopend die volkeresamestelling nog meer gekompliseer. 'n Metode van beskrywing van die tersaaklike geskiedenis wat dus nou gebruik moet word, is chronologiese behandeling van bepaalde onderwerpe wat vir die Bantostaatsreg van belang is, die een na die ander. Die onderwerpe wat dan in behandeling geneem word, is:

a. Die verowering van grondgebied deur die Blankes, of te wel debellatio;⁵⁰⁾

49. Vgl bv Du Plessis (1955) veral hfstt III en IV.

50. Wat dié begrip betref, vgl bv O'Connell (1970) 441-2.

- b. sessie van grondgebied deur Bantoe aan Blankes;⁵¹⁾
c. die okkupasie van grond deur Blankes⁵²⁾ en grensafbakening tussen Blanke- en Bantoegrond binne die Transvaal;
d. verkryging deur die Blankes van beheer oor, die administrasie van, en staatsregtelike posisie van die Bantoebevolking.

Hoewel daar in die eerste drie van hierdie onderwerpe gebruik gemaak word van volkeregtelike begrippe, is die bedoeling hier hoegenaamd nie om 'n volkeregtelike saak uit te maak vir Blanke of Bantoe-aansprake op grondgebied of op soewereiniteit nie - dit sou buite die raamwerk van hierdie studie val. Die enigste gepaste opmerking wat hier oor dié aspek van die saak gemaak kan word, is dat dit op sigself 'n hoogs interessante en gekompliseerde, dog ietwat steriele studie sou uitmaak: eerstens sou die stand van die volkereg van dié tyd opgediep moes word en tweedens sou aangetoon moes word of, en indien wel, hoe dit op die betrokke situasie van toepassing gemaak sou kon word waar die partye

51. Vgl O'Connell (1970) 436-40. Hierby word ingesluit die sessie van grond d m v skenking, verkoping of verruiling - ibid 436-7. Sessie van grondgebied deur inboorlinghoofde is egter al weens die vreemdheid van die primitiewe staat aan die volkereg, tuisgebring onder die hoof van okkupasie - 440.

52. Vir die begrip "okkupasie" in die Volkereg, vgl bv O'Connell (1970) 405-21. Vir die onderhawige doeleindes word "okkupasie" gebruik in die sin van besetting van terra nullius waarop die tegniese-volkeregtelike begrip van die koloniale eeue, "ontdekking" (discovery) moontlik van toepassing sou wees, nieteenstaande die misleidendheid daarvan m b t die Transvaal - ibid 408-9.

aanvanklik aan die een kant 'n groep immigrante was wat in 'n losse indien enige staatsverband met mekaar verkeer het (en dus nie 'n koloniale moondheid was nie), en aan die ander kant groepe (meestal in dié tyd boonop gedisorganiseerde) primitiewe inboorlinge onder die vir die volkereg vreemsoortige beheer van stamhoofde was.⁵³⁾ Die volkeregtelike begrippe word in die onderwerpshoofde gebruik bloot omdat dit toevallig nuttige indelingskriteria vir die metodiek van beskrywing van die tersaaklike gebeure bied.⁵⁴⁾

6.3. Blanke Grond- en Gesagsvestiging in die Transvaal

6.3.1. Verowering van Grondgebied

Ongetwyfeld die belangrikste veroweringshandeling van die Voortrekkers was hulle verdrywing van Mzilikatze uit die Transvaal. Die verloop van hierdie geskiedenis is wel bekend en slegs die hoofpunte daarvan word genoem.⁵⁵⁾ Toe die voorste groepe van die Potgieter-trek die invloedseer van Mzilikatze in September 1836 bereik het, het die Matabele daarop gereageer

53. Vgl bv Hofmeyr (1933) hfst 4.

54. Die polities-historiese geskiedskrywing van Huyser geskied, skynbaar eweneens deur die historiese verloop van sake daartoe gedwing, langs soortgelyke kanale: vgl bv Huyser (1936) 31 asook die hele opset van sy studie.

55. Vgl bv Hole (1932) 52-5, Omer-Cooper (1975) 144-6, Huyser (1936) 11-12, Agar-Hamilton (1928) 16-8 en 51, Potgieter en Theunissen (1938) hfst VI-IX, Theal (1893) 99-115 en Massie (1905) 100-1.

deur hulle aan te val en te verdelg. Die Trekkers het daarop by Vegkop laer getrek en die daaropvolgende aanvalle afgeslaan, maar al hul vee is deur die impi's ge= buit. Met die hulp van die Barolong is toe teruggetrek na Thaba 'Nchu, vanwaar 'n kommando, gesteun deur 'n aantal Griekwa's en enkele Barolong en Batlokwa, gestuur is om 'n teenaanval te loods. Die Matabele is by Mosega in 'n eerstelig aanval verras en 'n gevoelige slag toe= gedien. Die kommando het ook die gesteelde vee terug= gebuit. Dingane van die Zoeloes, wat steeds vyandig ge= sind was teen Mzilikatze, het van dié geleentheid gebruik gemaak om die Matabele in Junie 1837 aan te val en ver= der te verswak. In Oktober 1837 het 'n sterk kommando van 300 man onder bevel van Potgieter en Uys weer opge= ruk na Mzilikatze se vestings in die Marico-gebied: waar die eerste veldtog teen Mzilikatze 'n strafekspe= disie was, wil dit voorkom of die tweede 'n berekende veroweringstog was.⁵⁶⁾ Die krygsverrigtinge het nege dae geduur en het Mzilikatze sodanig die skrik op die lyf gejaag dat hy met sy hele Matabelevolk, huis en haard noordwaarts op die vlug geslaan het, oor die Limpopo na die suidwestelike helfte van die moderne Rhodesië, waar hy opnuut sy volk en ryk gevestig het.

56. Skynbaar het Potgieter op hierdie veroweringstog besluit nadat hy met Maritz en Retief verskil het oor die rigting waar= heen die Trek moes gaan. Hy wou na die Transvaal en wou dus eers die gebied gaan beveilig teen die Matabele - Omer-Cooper (1975) 146 en Potgieter en Theunissen (1938) 79-84.

Ná hierdie slag het Hendrik Potgieter 'n formele anneksasiehandeling verrig: hy het naamlik in middel-November 1837 'n "proklamasie" uitgereik⁵⁷⁾ ingevolge waarvan hy die gebied waaroor Mzilikatze gesag gevoer het, in besit geneem het vir die Voortrekkers. Om verstaanbare redes is die presiese grense van dié gebied nie duidelik nie, maar die konsensus van die skrywers skyn te wees dat dit ongeveer die westelike helfte van die moderne Transvaal tot teenaan die Kalahari ingesluit het. Die oostelike gedeelte van die Transvaal, vanaf die Venda-gebied in die noorde tot by die Swazi's in die suide, was egter nie deel van die verowerde gebied nie.⁵⁸⁾ Dat Potgieter op die westelike deel van die Transvaal aanspraak gemaak het op grond van verowering kan nie betwyfel word nie, soos onder meer blyk uit latere amptelike dokumente en korrespondensie.⁵⁹⁾

57. Of dit bloot mondeling of wel skriftelik was, kon nie uit die beskikbare bronne bo twyfel vasgestel word nie, hoewel dit voorkom mondeling te gewees het. Waarskynlik is die proklamasie later op skrif gestel en ter inligting aan die Kaapse owerhede gestuur, maar die presiese teks daarvan kon nie bekom word nie. Preller (1922) 7 beweer dat Potgieter verklaar het dat hy "al die land in besitneem uit naam van die Voortrek, so vér as die lem van Silkaats geregeer het." Vgl *ibid* 28-9 en Potgieter en Theunissen (1938) 92-3 sê voorts dat Potgieter die inhoud van sy proklamasie ook aan Matabele-krygsgevangenes bekend gemaak het en hulle daarna vrygelaat het om dit aan Mzilikatze mee te deel.

58. Walker (1922) kaart 14 en p16, Potgieter en Theunissen (1938) t a p, Theal (1893) 115, Leyds (1906) 51, Massie (1905) 100-1 en Malan (1913) 138.

59. Vgl Pretorius en Krüger (1937) 97 (R49/39), 238 (R126/47), 289 (R130/47) en 316-8 (R141/48) asook Agar-Hamilton (1928) 52.

Wat die res van die Transvaal betref, wil dit voor-
 kom of verowering 'n sekondêre, indien enige, rol ver-
 vul het in die bepaling van die uiteindelijke grense:
 uit die onderstaande uiteensetting sal dit blyk dat ok-
 kupasie en sessie van grondgebied veral vanaf 1837 vir
 die Blanke Transvalers die belangrikste metodes van
 gebiedsverkryging was. Dit wil egter nie sê dat dit
 die einde van gewapende stryd was nie. Die geskiede-
 nis van die Transvaal tot aan die einde van die negen-
 tiende eeu is ryklik besprenkel met oorloë, veldslae,
 skermutselings en relletjies tussen swart en wit,
 maar dit lyk uit staatsregtelike oogpunt meer of hier-
 die diverse botsings te doen gehad het met die verky-
 ging van staatkundige beheer deur die Blankes oor die
 swart mense, in teenstelling met grond.⁶⁰⁾ Die reeds
 beskrewe grootskaalse ontvolking van die Transvaal tot=
 dat Mzilikatze verdryf is, gekoppel met die verstaanbare
 aansien of vreesaanjaendheid wat die Voortrekkers vir

60. Hierdie standpunt berus op die feit dat daar onmiddellik ná die vertrek van die Matabele's 'n vredesvakuum, 'n groot stilte na die storm in die Transvaal ontstaan het, wat mettertyd 'n kon-
 stante terugvloei van uitgeweke, en toevloei van nuwe Bantoe daar-
 heen, en dus spoedig 'n geweldige Bantoebevolkingsgroei tot ge-
 volg gehad het, wat die heropbou van Bantoeestammagte moontlik
 gemaak het. In hierdie tyd van herstel was die Blankes die onbe-
 twiste heersers van die gebied, soos o m blyk uit die feit dat
 hulle aan die Bantoe grondtoekennings gemaak het, van hulle be-
 lasting gein het en dikwels die stamme of individue onder hul
 beskerming geneem het, maar ná die periode van heropbou in die
 verskillende dele van die Transvaal, moes die Blankes, dikwels
 met wapengeweld, hul aanspraak op heerskappy herbevestig. Vgl
 bv Agar-Hamilton (1928) 54, Massie (1905) 11-2 en hfst IX, Huy-
 ser (1936) hfst 3 en 4, Potgieter (1958 17-20, Hammond-Tooke
 (1974) 385, Stals (1970) 1-3 en 10-12 en Van Oordt (1898) 124.

hulle in die oë van die Bantoevolkere met die verdrywing van Mzilikatze verwerf het, het aan die Blankes skynbaar verskeie jare gegee om hulle in die hele gebied in te grawe alvorens van die Bantoe Stamme hulle self weer sterk genoeg geag het om grond- en ander aansprake te maak.⁶¹⁾ Weens die onbepaaldheid van grense, die staatkundige primitiwiteit aan die een kant en onordelikheid aan die ander kant in die vroeë Transvaalse jare asook die nie-juridiese inklinasie van die kontemporêre owerheidspersone en van die meeste latere geskiedskrywers,⁶²⁾ lyk dit futiel om te poog om kliniese

61. Van Oordt (1898) t a p is sprekend van hierdie patroon. Volgens Huyser (1936) 35 (kyk veral ook sy vn 2) was die eerste Bantoe Stam wat noemenswaardige teenstand teen die Blankes se heerskappy gebied het, die Bapedi van Sekwati en dit twintig jaar ná die verdrywing van Mzilikatze. Agar-Hamilton (1928) 53-4 erken ook dat daar so 'n periode van konsolidasie van grondaansprake was, maar stel die duur daarvan op "only a few years." Die historici wat minder simpatie het met die Voortrekkers (of Afrikaners of Blankes), stel dit op so 'n wyse dat dit lyk of die Blankes in die tyd van vrede vir hulself plase uitgemeet en opgeëis het en Bantoe onder dwang daarop laat werk het, sonder om enigins die Bantoebevolking se behoeftes te oorweeg: vgl bv Hammond-Tooke (1974) 385 (deur JA Benyon), Schapera (1971) 16 en Brookes (1974) 98. I v m die aansien van die Blankes in die oë van die Bantoe, kyk bv Massie (1905) 116 en Huyser (1936) vnl.

62. Die volgende weergawes, wat, indien dit as gesag sou moes dien, oor die kwessie van debellatio vs sessie van die Noord-Transvaal, teenstrydig is, kan as voorbeeld dien: Munnik 4-5 skeep die indruk dat die eerste Blanke setlaars van die Zoutpansberg onder Potgieter versigtig was om nie Bantoe grond te betree nie en "Jan Botha en 'n paar ander trekkers, van die voorste kerele, het Ramapoelana (d i die Venda-opperhoof) en sij indunas ontmoet, en na 'n reeks van indabas is 'n verdrag in weersydse wantrouwe gesluit." Dit dui nie op debellatio nie. Daarteenoor sê Potgieter en Theunissen (1938) 180, in die loop van die vertelling van Potgieter se deurreis deur Zoutpansberg in Aug 1847 no

onderskeide te maak en om onbewysbare kategorieese stellings te maak oor die vraag of Noord- en Oos-Transvaal deur die Blankes verower is en of dit aan hulle gese-
 deer of deur hulle geokkupeer is.⁶³⁾ Daar moet dus oor hierdie tegniese punt, wat eintlik nie hier van fundamentele belang is nie,⁶⁴⁾ met waarskynlikhede gewerk word: derhalwe word hieronder (by oorwig van waarskynlikheid) aangeneem dat okkupasie en sessie die toepaslike wyses van gebiedsverkryging in die oostelike helfte van die Transvaal was en word die periodieke oorloë tussen Blank en Bantoe wat ná die Blanke vestiging voorgekom het, behandel as opstande van Bantoe-bevolkingsdele van die Blanke Transvaalse staat, deur die onderdrukking waarvan die Blanke owerhede beheer verkry of herbevestig het oor die betrokke Bantoe-stamme.⁶⁵⁾

vóór sy en die ander setlaars se verhuising daarheen, die volgende: "Daar was in die omgewing 'n aantal opstandige kafferstamme - Mapela veral het 'n dreigende houding aangeneem en sy kaffers het van die burgers aangeval. Potgieter het Mapela gou bygedam en hom op vlug laat slaan. Die voorgestelde vestiging moes veilig word." (Kursivering bygevoeg). Dit dui weer op verowering.

63. Die wysheid van versigtigheid blyk o m uit die dispuut wat rondom die Bapedi se staatsregtelike status bestaan het pas voor en tydens die Eerste Anneksasie van die ZAR deur Shepstone in 1877. Hierdie dispuut word uitstekend en volledig beskryf deur Van Rooyen (1951) 279-92.

64. Vgl die teks by vn 53 supra.

65. 'n Goeie voorbeeld van oorloë waarvan die verloop gebruik sou kon word as deel van 'n argument òf om op debellatio òf op rebellie te dui, is dié teen die Bavenda in 1865 en 1898 soos beskryf deur o m Massie (1905) 105 en 115. In die lig van
 b o

6.3.2. Sessie van Grondgebied

Hierdie wyse van gebiedsverkryging, waarby die oordrag van grond deur skenking, ruil of koop bedoel word, het slegs in die suidoostelike kwart van die Transvaal in die proses van die gesagsvestiging van die Blanke aldaar op noemenswaardige skaal voorgekom. Uit die verloop van die geskiedenis van hierdie saak blyk dit dat dit 'n verkrygingsmetode was wat, hoewel dit uiteindelik die deurslag gegee het, onder die omstandighede op die beste juridies riskant was.⁶⁶⁾ Die eerste sodanige geleentheid was met die stigting in 1845 van Andries-Ohrigstad in die Oos-Transvaal deur die Voortrekkers. (Hierdie uitbreiding na die Oos-Transvaal was nie bedoel as die stigting van 'n nuwe staat nie, maar as die uitbreiding van die bestaande (op die "verowerde grond") in die rigting van Delagoabaai se hawe⁶⁷⁾).

Op pad na hul nuwe nedersetting, het die Oos-Transvaalse pioniers onder Potgieter in 1845 vir Sekwati met sy hele Bapedi strydmag vriendskaplik ontmoet.⁶⁸⁾

ander faktore soos die internasionale vasstelling van die grense van die ZAR, meerendeels sonder Bantoesamewerking, is dit meer realisties om sulke "oorloë" as opstande of rebellies te behandel. Vgl ook Agar-Hamilton (1928) se opmerking op 57 die 3e par.

66. Die reeds aangehaalde (vn 63 supra) verdienstelike behandeling van dié geskiedenis deur Van Rooyen (1951) 279-92 dui onmiskenbaar op die waarheid van dié stelling.

67. Vgl Du Plessis (1955) 55, Breytenbach (No 1 XXIV en Wichmann (1941) 45-6.

68. Van Rooyen (1951) 97 en Mönnig (1967) 24.

By hul aankoms in die gebied waar Andries-Ohrigstad opgerig is, het hulle die omgewing feitlik geheel ont= volk aangetref.⁶⁹⁾ Algemeen word aanvaar dat Sekwati gedurende 1845 (waarskynlik op 5 Julie 1845) dié grond (oos van die Steelpoort) aan Potgieter geskenk het.⁷⁰⁾ Hierdie aanname berus nie op dokumentêre bewyse nie, maar op betreklik betroubare sekondêre getuïenis,⁷¹⁾ asook op 'n paragraaf in die Volksraadsnotule van 20 Augustus 1845,⁷²⁾ wat lui:

"4. Door den Ed. heer Potgieter de vredens tractaat overhandigd aan den Raad om by de Raads papieren te blyven berusten, dat getroffen is op den 5 July l.l. met den opperhoofd Sekwatie en eeniege zyner capi= tains."

Weens partyskap wat ontstaan het tussen Potgieter en 'n groep volgelinge aan die een kant en die meer "demokratiese" Volksraadsparty aan die ander kant, het laasgenoemde groep gesoek na 'n meer bevredigende be=

69. Van Rooyen (1951) t a p en Agar-Hamilton (1928) 55.

70. Vgl bv Agar-Hamilton (1928) 57-8, Van Rooyen (1951) 3-4 en Smith (1967) 2.

71. Volksraadsnotule van 15 Mei 1846 a 1 (in SA Argiefstukke - Transvaal No 1 50-1) en 'n paragraaf in 'n memorie aan die Volks= raad dd 1 Mei 1846 (ibid 207): "3 is ons gevoelens om met den Capateyn Zekwatie niet anders te onderhandelen als op voorgaande ackoorten, den zelve wat meer te bekragtigen en hun als dan voor zyn vryen afstand een klyn getal beesten te geven, maar geen wet= tige koop of ruil aan te gaan en den eersten te verwerpen ..." -kursivering bygevoeg).

72. SA Argiefstukke - Transvaal No 1 19.

vestiging van die Blankes se titel op dié grond.⁷³⁾ Die Volksraad het hom toe tot die Swazi-opperhoof gewend in die veronderstelling (en hoop?) dat die grond eintlik deur verowering binne sy invloedssfeer geval het.⁷⁴⁾ Oor die vraag of Mswazi wel 'n vervreembare reg, privaat- of publiekregtelik, op die betrokke gebied gehad het, kan moeilik uitsluiting gegee word: moeilik bepaalbare faktore wat in berekening gebring sal moet word, is of die Bapedi Swazi-aansprake op die grond (sou) erken het, of die betrokke Bantoestamme se konsepie van territoriale soewereiniteit juridies sinvol was, of die Swazi-verteenwoordigers die nodige locus standi gehad het en of die betrokke partye 'n heldere voorstelling gehad het van die omvang en grense van die grond waarom dit gegaan het. Oor al hierdie faktore hang daar vraagtekens en bestaan daar waarskynlik sedert die afhandeling van die transaksie al meningsverskil.⁷⁵⁾ Myns insiens is dit egter nie so belangrik (en in elk geval onmoontlik) om hieroor uitsluiting te kry nie, want deur konsekwent op die geldig-

73. Vgl bv Van Rooyen (1951) 4-5 en Agar-Hamilton (1928) 57-60.

74. Hierdie veronderstelling of aanname blyk uit die bewoording van die kooporeenkoms van 25 Julie 1846 soos weergegee in Pretorius en Krüger (1937) 233, wat klaarblyklik deur die Blankes opgestel is (vgl Agar-Hamilton (1928) 61): "... het land zynde myn wettig eiegoodommen dat door my vader Supoessa overwonnen zyn ..."

75. Vgl Agar-Hamilton (1928) 60-2, Van Rooyen (1951) 5 en 103, Smith t a p en Huyser (1936) 30-31.

heid van dié transaksie aan te dring,⁷⁶⁾ deur onafge= broke met die grond te handel as sou dit binne die staat se territorium val en deur eindelike insluiting daarvan by die internasionaal-erkende grense van die Zuid-Afrikaansche Republiek,⁷⁷⁾ kon laasgenoemde met reg beweer dat òf die Swazi òf die Bapedi die betrok= ke grond aan haar gesedeer het.⁷⁸⁾

Die ooreenkoms tussen die Volksraad en Mswazi, by= gestaan deur die regent "Samkoelea" (Somcuba),⁷⁹⁾ het daarop neergekom dat die min of meer langwerpige stuk grond tussen die Lebomboberge in die ooste, die Oli= fantsrivier in die noorde, die Elandsrivier in die weste en die Krokodilrivier in die suide deur die Volksraad gekoop is teen betaling van 100 beeste, betaalbaar in twee gelyke paaielemente. Die regsgeldigheid van hier= die sessie word tot 'n mate bevestig deur verdere ses= sies van grond deur Mswazi aan die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1855 en 1866,⁸⁰⁾ en deur terugwerkende

76. Vgl Van Rooyen (1951) 282-3 en 286 vn 73.

77. Vgl Walker (1922) 19-20 en kaart 18.

78. Indien dit nie voldoende sou wees nie, sou selfs op verkry= gende verjaring staatgemaak kon word - vgl O'Connell (1970) 422 e v. Agar-Hamilton (1928) 62, wat heel skepties oor die hele aangeleentheid staan, sien dit in elk geval s6 dat Ohrigstad be= skik het oor "a pair of alternative 'title deeds'."

79. Pretorius en Krüger (1937) t a p.

80. Vir die inligting oor hierdie sessies word veral staatgemaak op Huyser (1936) 84-91 en Van Rooyen (1951) 73-83, wat albei (ooreenstemmende) argivale bronne aanhaal en wie se inligting klaarblyklik betroubaar is.

herbevestiging daarvan deur Mswazi se opvolger Umbandene in 1875.⁸¹⁾ Wat die 1855-sessie betref, is daar nie duidelikheid oor die presiese teks van die sessie of van die grense van die gesedeerde gebied nie,⁸²⁾ maar ten minste die strook aan die suide van die Swazigegebied, noord van die Pongolarivier is by dié geleentheid gesedeer.⁸³⁾ Formele afbakening van die nuwe grens het gesloer tot in 1866 toe 'n nuwe ooreenkoms met die Swazi's aangegaan is en nog bykomende grond deur laasgenoemde aan die Republiek gesedeer is.⁸⁴⁾ In 'n ietwat idealistiese proklamering van die grense van die Republiek in 1868 het President MW Pretorius die Swazi-grens nie gespesifiseer nie, maar klaarblyklik staat gemaak op gemelde formele afbakening en slegs verwys na die "ooreenkomst getroffen tusschen de Republiek en de Kafferking Umzwaas, dato 25 Julij 1846 en 21 Julij 1855" en na "de lijn van nu wijlen Umzwaas."⁸⁵⁾

Nieteenstaande die moontlikheid dat hierdie sessies aanvanklik juridies aanvegbaar was, is die vrug=

81. Vgl "Ooreenkomst of nadere verstandhouding" tussen die ZAR en Umbandene van 1 Julie 1875, artikel 4, opgeneem as Bylae R van Leyds (1914) 319.

82. Vgl Leyds (1914) 315-7 asook die vaagheid hieroor van Van Rooyen (1951) 75, Kruger (1938) 138 en Garson (1957) 272.

83. Ibid.

84. Huyser (1936) en Van Rooyen (1951) t a p.

85. Proklamasie van 29 April 1868, vervat in Locale Wetten (1887) 308-9.

te daarvan uiteindelik gepluk by die internasionale vasstelling van die Transvaal se grense. By die Sandrivierkonvensie in 1852 was die enigste grens wat ter sprake was, die Vaalrivier: Brittanje het naamlik die "reg" van "... the emigrant farmers beyond the Vaal River ... to manage their own affairs and to govern themselves according to their own laws" erken.⁸⁶⁾ Tot met die anneksasie in 1877 het die Republiek gevolglik sy grense benoorde die Vaalrivier sonder direkte inmenging van Brittanje bepaal, en het dus 'n betreklike vrye hand gehad, soos blyk uit die bo vermelde omgang met die Swazi's, asook die reeds aangehaalde idealistiese grensproklamasie van 1868.⁸⁷⁾ Met die Pretoria Konvensie van 1881 en die Londen Konvensie van 1884 het sake egter verander: die uitgebreide gebiedsaansprake van die 1868-proklamasie na die weste, noorde en langs die Pongola- en Maputariviere na die see het in die slag gebly, maar die grens tussen die Transvaal en Swaziland, soos deur die beskrewe sessies vasgestel, is deur hierdie Konvensies bevestig, en het die toets van die tyd tot vandag toe deurstaan.⁸⁸⁾

86. Eybers (1922) 358.

87. Vgl Walker (1922) kaart 18b.

88. Vgl die "Omschrijving van bakens en lijnen" ens as aanhangsel tot die 1875 "Overeenkomst of nadere verstandhouding" tussen die ZAR en Umandene, aangehaal deur Leyds (1914) 321-2 met artikel 1 van die Pretoria Konvensie van 1881 weergegee in British Parliamentary Papers Vol 36 555-6 en die kaart teenoor 555, asook met artikel 1 van die Londen Konvensie van 1884, weergegee in British Parliamentary Papers Vol 38 62-6 en die kaart teenoor 59. Vgl ook Dannhauser (1974) 129 en 207-8.

6.3.3. Blanke Okkupasie en Grensafbakening

6.3.3.1. Blanke Okkupasie

Dié gedeeltes van die Transvaal wat nie deur die Blankes deur verowering of sessie verkry is nie, kan vir die huidige doeleindes⁸⁹⁾ beskou word as verkry deur okkupasie. Die Blanke okkupasie van die suidoos=telike Transvaal⁹⁰⁾ het relatief vinnig, vlot en son=der teenstand geskied.⁹¹⁾ In die Noord-Transvaal is egter hewige probleme ondervind. Sprekend hiervan is die omstandighede wat by Soutpansberg geheers het toe die onvermoeide pionier, AH Potgieter, hom teen 1848 met sy volgelinge uit Ohrigstad daar gevestig het. Munnik⁹²⁾ beskryf dit soos volg: "Die bergreeks het gewemel van die kaffers en met die voorsigtigheid wat naderhand bij die Voortrekkers 'n tweede natuur geword het, werd 'n bevoegde plek vir 'n dorp uitgesoek en dadelik met 'n skans versterk, terwyl die waens in 'n laer getrek werd als beskutting teen kaffers en leeuws." Eers na 'n ruk " ... het die baanbrekers

89. Die mate van debatteerbaarheid wat hieroor bestaan weens die probleme wat deur die Blankes met die Bantoe in die okkupasie=proses ondervind is deurdat gewapende stryd dikwels voorgekom het, is reeds aan die einde van par 6.3.1 supra bespreek.

90. Hierby word ook dié dele van Suidoos-Transvaal ingesluit wat deur sessie verkry is.

91. Vgl Potgieter (1958) 65-8 en sy insiggewende kaart teenoor 199.

92. Op cit 4-5. en vgl bv Potgieter (1958) 45 en 196, Potgieter en Theunissen (1938) 203 en 210-11.

uitgetrek en in die omliggende land plase aangelê, al-
tijd met die grootste voorsigtigheid om grond, wat reeds
deur kaffers in besit geneem was, te vermij."

Die teenwoordigheid van Bantoe in oorweldigende
getalle in die Noord-Transvaal het vir die res van die
negentiende eeu 'n struikelblok gebly, soos blyk uit
die veelvuldige gewapende botsings wat in die gebied
voorgekom het,⁹³⁾ die groot gebiede wat aanvanklik
ongeokkupeer gelaat is en vandag nog van Blankes yl be-
volk is,⁹⁴⁾ asook die feit dat drastiese Blanke bevolk-
ingsvermingderings ná die eerste pogings tot okkupasie
daar voorgekom het.⁹⁵⁾ Dit wil egter nie sê dat die
Noord-Transvaalse Bantoe nie van vroeg af aan die Blank-
es ondergeskik was of ten minste hulle okkupasie van
die grond erken het nie.⁹⁶⁾ Dit was egter nie slegs

93. Vide infra par 6.4.

94. Vgl Potgieter (1958) se kaart teenoor 199 wat die okkupa-
sieresultate tot 1886 toon, die kaart in British Parliamentary
Papers Vol 36 teenoor 583 wat die gesamentlike Blanke bevolking
van die distrikte Zoutpansberg en Waterberg in 1881 aangee as
3 140 teenoor 'n Bantoebevolking van 538 000 (Potgieter (1958) 25
se inligting dui op 100 000 minder Bantoe, maar dit doen nie af
aan die feit dat die Blankes by verre in die minderheid was nie)
en wat moderne demografiese gegewens betref, kyk bv Talbot (1960)
kaarte 32 en 62 vir die posisie in 1936 en kaarte 33 en 63 vir
1951 asook Scheepers (1967) 45-7.

95. Potgieter (1958) 74-77, 195-8 en die kaart teenoor 199.

96. Vgl British Parliamentary Papers Vol 16 106 (contra 21) as-
ook bv De Vaal (1953) 64 e v waaruit dit blyk dat van die Bantoe
verwag is om "opgaaf" (belasting) aan die Blankes te betaal. En
vide infra par 6.3.4.

die teenwoordigheid van die Bantoe wat die Blanke okkupasie van die Noord-Transvaal beperk het nie: die gebied was onderhewig aan epidemiese siektes soos malaria, geelkoors, besmet deur tsetse-vlieë en dieresiektes, wat die gebied minder aantreklik vir nedersetting gemaak het.⁹⁷⁾

Onder druk van Bantoemagte is Schoemansdal (die eerste dorp wat in die noorde aangelê is) in 1865 ont-ruiem.⁹⁸⁾ Dat dit egter nie die Blanke okkupasie van Noord-Transvaal geloënstraf het nie, blyk uit die volgende getuienis van ene HJ Grobler, wat dié tye self beleef het:⁹⁹⁾ "Soutpansberg werd na die mislukte kommande onder Pres. Kruger egter nooit heelmaal aan die vijand opgegeen nie. Inteendeel, 'n aansienlike aantal inwoners het altoos daar gebly, en die kaffers voortdurend die gebied betwis, totdat hul uiteindelik versterk werd, en hulself weer kon handhaaf ... Die toestand het egter gedurende tal van jare erg onseker gebly, tot na die eerste Vrijheidsoorlog, toen die grond publiek vir okkupasie oopgeset werd, en daar baie mense ingetrek't."¹⁰⁰⁾

97. Potgieter (1958) 46, 69 (veral vn 75), 75-6 en 197, Dannhauser (1974) 119 en Commissioner for Native Affairs (1904) 5 par (e).

98. Vgl bv Massie (1905) 105, De Vaal (1953) hfstt XI en XII en Munnik 35-8.

99. Grobler (1919) 217 e v op 222 en vgl Potgieter (1958) 74-7.

100. Vgl Potgieter (1958) 111-2. Interessant is ook die feit dat die Volksraad in 1868 by besluit plase uitgegee het in die Spelonke-gebied: Potgieter (1958) 198.

Nieteenstaande die terugslae wat Blanke okkupasie in die Noord-Transvaal (en elders) getref het, was daar op geen stadium wesenlike twyfel daaroor dat die Republiek aanspraak gehad het op die gebied tot ten minste by die Limpoporivier nie. Weens die natuurlike struikelblokke van die Laeveld, soos die hitte en die ongesonde klimaat, het die Limpoporivier in elk geval 'n natuurlike okkupasiegrens gevorm.¹⁰¹⁾ Geïnspireer deur die ontdekking van goud en diamante, asook ander geo-politieke faktore,¹⁰²⁾ het die Staatspresident ingevolge die reeds vermelde proklamasie van 29 April 1868 egter aanspraak gemaak op grond noord en wes van wat vandag beskou kan word as die natuurlike grense van die Transvaal. Hierdie onrealistiese noordgrens is egter weer by die Pretoria Konvensie van 1881 teruggebring na die Limpopo en in 1884 deur die Londenese Konvensie herbevestig.¹⁰³⁾ Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat internasionale erkenning van Blanke aansprake op die hele gebied van die moderne Transvaal ten minste vanaf 1881 en waarskynlik vroeër bestaan het, nieteenstaande die feit dat die fisiese okkupasie=

101. Dannhauser (1974) 119.

102. Dannhauser (1974) 123-4 en Walker (1922) 20 en kaart 18b.

103. Dannhauser (1974) 129 en 136 en die reeds aangehaalde artikels 1 van die onderskeie Konvensies - vn 88 supra. Aan die Britse kant was daar in 1881 vóór die Pretoria Konvensie wel twyfel oor die vraag of dit wat as Bavenda-, Machangana-, Swazi-asook Pedi-gebied beskou kan word, (oos van die 30ste lengtegraad) deel van die Transvaal moes bly - vgl British Parliamentary Papers Vol 36 502-3, maar daar is bewustelik en gemotiveerd daarteen besluit - ibid 533-8.

proses van verowerde, gesedeerde en ander grond nog nie voltooi was nie. Hierin is nie aan enige teenstrydige Bantoe-aansprake wat mag bestaan het erkenning verleen nie.¹⁰⁴⁾

6.3.3.2. Afbakening van Grense tussen Blank en Bantoe

'n Saak wat vir verdere begrip van die moderne situasie van belang is, is die geskiedenis van die tot standkoming van interne grense tussen Blank en Bantoe.¹⁰⁵ Hierbo is reeds aangetoon dat die Transvaal se Bantoebevolking by die aankoms van die Voortrekkers baie uitgedun was, maar dat die verdrywing van die Matabele en die daaropvolgende vredestoestand in die gebied daartoe gelei het dat die Bantoebevolking met rasse skrede weer aangegroei het.¹⁰⁶⁾ Aan hierdie terugkerende massas, sowel as aan die bestaande yl bevolking, moes Lebensraum verskaf word. Die wyses waarop dit geskied het, het eindelijk die bepaling van die huidige grense van die Transvaalse Bantoe-tuislande sterk beïnvloed.¹⁰⁷⁾

104. Die betekenis hiervan vir internasionale erkenning van Blanke aansprake word verhoog deur die feit dat die Britse regering, ten minste wat die Zoutpansberggebied betref, van mening was dat die Bantoebevolking "had virtually regained their independence." British Parliamentary Papers Vol 36 502.

105. Die bedoeling hier is nie om 'n volledige weergawe te gee van al die besonderhede van grensbepaling nie, maar om die prosesse waarvolgens Transvaalse grond in die besit van die Bantoe gekom het, te beskryf.

106. Vgl weer Potgieter (1958) hfst 11 en Agar-Hamilton (1928) 51.

107. Vgl bv Jones (1964) 11.

Dit wil voorkom asof die interne grensafbakening hoofsaaklik geskied het aan die hand van toekenning van grond aan stamme of groepe. Aanvanklik het dit betreklik ongekoördineerd geskied en later as die produk van 'n gesentraliseerde beleid uitgekristalliseer. Grensafbakening het egter ook deur ooreenkomste tussen Blank en Bantoe, veral in die vroeë jare en op plekke waar dit lank geduur het voordat die eersgenoemde groep die laasgenoemdes onder beheer gekry het, geskied. 'n Minder ingrypende prosedure van grensbepaling was die aankoop van grond deur of namens Bantoe, welke prosedure mettertyd grootliks opgegaan het in die latere prosedure van gekoördineerde grondtoekenning.¹⁰⁸⁾

Pas na die verdrywing van Mzilikatze, waarin die Voortrekkers bygestaan is deur 'n paar Batswana-kapteins, het die Blankes aan verskeie van hierdie (Rolong en Huruthshe) stamme woonplekke as beloning binne die verowerde gebied van die Wes-Transvaal toegeken.¹⁰⁹⁾ Ander terugkerende stamme en groepe het onder beskerming van en met onderwerping aan die gesag van die

108. Vgl Stals (1970) 217-9 asook Rogers (1949) 114.

109. Kyk bv Stals (1970) 10 en sy gesag in vn 25, Van Biljon (1947) 323 en Commissioner for Native Affairs (1904) 15-6. Enkele ander "belonende" grondtoekennings is later gemaak, nl aan die Buyse van Noord-Transvaal en aan ene Stuurman Omkatie in Suidoos-Transvaal - Stals (1970) 15-8 en Commissioner for Native Affairs (1904) 18-9 - maar dié toekennings was nie aan stamme nie en in elk geval relatief klein.

Blankes ook grondtoekennings in die eerste jare van die Blanke besetting in die Wes-Transvaal ontvang.¹¹⁰⁾ Reeds in 1844 is die Blanke benadering van bevolkings- en gebiedskeiding tussen Blank en Bantoe¹¹¹⁾ in wetgewing vervat: artikels 28 en 29 van die eerste Transvaalse dokument wat elemente van formele konstitusionele ordening bevat, die sogenaamde Drie en Dertig Artikelen,¹¹²⁾ het bepaal: "28. Geen persoon of persone zullen het regt hebben nabij eenige Naturellen hunne verblijfplaatsen te gaan om kinderen op eene onwettige wijze te ontnemen ...

"29. Dat geene der naturellen zal toegelaten worden nabij eenige dorpsgronden, tot benadeeling der dorpe-lingen, hunne woningen te nemen, dan met toestemming van de volle Raad" (dit wil sê van die Burgerraad). Omdat die Bantoewoongebiede 'n bron van arbeid was, was die Blankes dikwels geneig om hul plase so ná as moontlik daaraan uit te lê.¹¹³⁾ Onder druk van 'n groeiende Bantoebevolking weens die terugkeer van steeds meer van die pre-Mzilikatze inwoners, moes reëlings

110. Maritz (1976) 311-2, Stals (1970) 10-1 en Huyser (1936) 54-5.

111. Potgieter (1958) 195 sê hieroor: "... die Trekkers het die inboorling in Transvaal nie beskou as 'n bevolkingsgroep wat geassimileer kan word deur die Blanke nie. Die nie-blanke was vir die Blanke iets buite hom - iets wat hy saam met die omgewing aanvaar het, soos die berge en die grasvlaktes en die koors," en vgl Van Biljon (1949) 325.

112. Locale Wetten (1887) 5.

113. Potgieter (1958) 196 en Van Biljon (1947) 385.

vir grondtoekenning op 'n vaster grondslag geplaas word.¹¹⁴⁾ Op 8 Desember 1851 het 'n Krygsraad onder voorsitterskap van Andries Pretorius te Rustenburg besluit:¹¹⁵⁾ "6de De Krygsraad tot besluit gekomen zynde, het recht aan den Veldcornets te laten, zodanige schikkingen in hunnen wyken met hunne ingezetene te maken tot toekennen van grond en water bestaanbaar voor kafferskappeteyn, zo lang zy hun zal rustig gedragen; en waar eenigzins nog opene gronde liggen zal worden geinspecteerd, om dat de noodzakelykheid zulks ten hoogsten vereischt, nadat de kafferskappityn magt zal hebben; nogthans de Veldcornets het recht zal hebben yder kafferkappityn met voldoende grond te voorzien." Op 1 Desember 1853 het die Volksraad te Potchefstroom besluit:¹¹⁶⁾ "Art 124. Aangaande 10 voorstel om grond en aan kaffer stammen te geven ter bewoning, zoo word en de Komt. Genl. & Kommandanten gelast waar zulks nodig is aan (te) voldoen. Zoo heeft de Ed. R(aad) besloten onder de voorwaarden zulk een plaats door hun en hunne nakomelingen bewoond kan worden, zoo lang zy zich volgens wet en gehoorzaam gedragen. By ongehoorzaamheid zoude dit kunnen vervallen, en het zoude altyd zoo doende slechts eene leeningsplaats blyven kunnen, en de voorwaarde of huurprys zoude kunnen bestaan (in): Goed oppassen of gehoorzaamheid."

114. Stals (1970) 11.

115. Krynauw en Pretorius (1949) 149.

116. SA Argiefstukke - Transvaal No 2 190, saamgelees met 488 waar die memorie wat in die aangehaalde Volksraadsbesluit gemeld word, weergegee word. Vgl ook a 9 van die Notule van 'n Kommissievergadering dd 9 Aug 1853, ibid 137.

Klaarblyklik was hierdie vroeë, betreklik ongekoördineerde grondtoekennings grootliks beperk tot die Wes-Transvaal. Met die Blanke vestiging in die Oos-Transvaal en die kontak aldaar met die Bapedi en Swazi buite die "verowerde gebied" is, soos blyk uit wat vroeër gesê is, meer gebruik gemaak van verdragsluiting in die grensbepalingsproses. Oor die algemeen kan gesê word dat die Blankes daar en in Noord-Transvaal te doen gekry het met stamme wat reeds sterk was of besig was om hul kragte te herwin en hulle gesag territoriaal kon handhaaf. Vir verskeie jare na die sessie van die grond oos van die Steelpoortrivier deur Sekwati aan Potgieter, het die Bapedi hulle tussen dié rivier en die Olifantsriviere gehou. Met verloop van tyd het hulle sterk genoeg geword om dié grense te wil oorskrei en het verdragsluiting en ook oorlog noodsaaklik geword. Daar kan egter aanvaar word dat die kerngebied van Bopedi van die eerste kontakte af deur verstandhouding en verdragsluiting as Pedi-gebied erken is sonder dat dit nodig was dat die Blankes dit aan hulle moes toeken.¹¹⁷⁾ Die hele kwessie van grensbepaling deur verdragsluiting met die Swazi's is reeds hierbo behandel en daar bestaan ook getuienis, hoewel skamel, dat die eerste Blanke nedersetters in die Noord-Transvaal met

117. Vgl Van Rooyen (1951) 97-107. Of die Bapedi te alle tye sedert kontak persoonlik aan die Blanke owerheids-gesag ondergeskik was, val moeiliker te beantwoord, soos blyk uit die reeds aangehaalde Van Rooyen (1951) 279-92. Vgl ook bv Smith (1967) 2-4.

die Bavenda oor gebiedsbesetting onderhandel het.¹¹⁸⁾

Die vestiging van 'n meer stabiele sentrale owerheid in die Transvaal¹¹⁹⁾ het skynbaar aanvanklik nie veel meegewerk tot die duidelike afgrensing van Bantoegebiede nie.¹²⁰⁾ Tog is 'n mate van vordering gemaak.¹²¹⁾ In 1858 het die veldkornette opdrag ontvang om vir die Bantoe in hul distrikte geskikte woongebied aan te wys en daaroor terug te rapporteer aan die betrokke landdroste.¹²²⁾ Teen 1869 het die Uitvoerende Raad reeds van tyd tot tyd afbakeningskommissies aangewys met die opdrag: "Zoodanige Commissie word opgedragen met last om binne de geproclameerde lyn der Republiek,

118. Vgl vn 62 supra, die reeds aangehaalde British Parliamentary Papers Vol 16 22 par 3 in fine en Commissioner for Native Affairs (1904) 70.

119. Waarmee bedoel word die pynlike geboorte van die verenigde ZAR tussen 1852-60.

120. Vgl Jones (1964) 10 en die Sosio-Ekonomies Verslag hfst 11 30-1.

121. Hierdie stelling word met versigtigheid hoofsaaklik gebaseer op Van Biljon (1947) 334-46 (wat oor die algemeen sterk geneig is tot vooroordeel), veral in soverre as wat korroborasie vir sy stellings oor die belangrikste sake in ander bronne gevind kan word: vgl Brookes (1927) 121.

122. Van Biljon (1947) 334 vn 36, waarin skynbaar verwys word na artikel 50 van die Instructie voor de Veldcornetten - Locale Wetten (1887) 97. Op 335 vn 37 beweer Van Biljon ook dat "bakenkommissies" aangewys is om die Bantoewoongebiede af te grens en aan die Volksraad moes rapporteer en vgl a 13 van Wet 9 van 1870 Locale Wetten (1887) 380-1.

zoodanige gronden aan de Naturellestammen ter bewoon-
ing aan te wyzen als zy nodig zullen hebben om op te
bestaan," en ook is 'n kompensasiiebeleid vir gevalle
waar Blanke boere ter wille van Bantoe-vestiging moes
verhuis, neergelê.¹²³⁾ Artikel 14 van Wet 9 van 1870
het bepaal dat Bantoe nie toegelaat sou word om sonder
toestemming van die betrokke veldkornette van woonplek
te verander nie.¹²⁴⁾ In 1871 is 'n kommissie deur die
Volksraad aangestel om ondersoek te doen na verskeie
aspekte van die Republiek se hantering van Bantoesake,
welke kommissie spoedig gerapporteer het en die volgen=
de belangwekkende beleidsake ten opsigte van grondtoe=
kenning neergelê het:¹²⁵⁾ staatsgrond moes gereserveer
word vir die stigting van Bantoelekasies, welke loka=
sies oor verskillende distrikte versprei moes word en
grond moes waar nodig hiervoor deur die staat aange=
koop word of vir aankoop deur Bantoe beskikbaar gestel
word met die voorbehoud dat Bantoelekasies alleen oor die
grond op wyses wat die owerheid goedgekeur het, sou
kon beskik.¹²⁶⁾

123. Van Biljon (1947) 336-7 vn 40 en 41.

124. Locale Wetten (1887) 381. Dit het meer stabiliteit in die
bevolkingsverspreiding van die Bantoe in die hand gewerk - vgl
Potgieter (1958) 21.

125. Van Biljon (1947) 338-42.

126. Gedeeltelike statutêre vergestaltung hiervan word gevind in
Wet 3 van 1876 (Locale Wetten (1887) 662 e v) wat op 'n latere
kommissieverslag berus het en waarvan a 1 bepaal het: "De localis=
teiten der grootere kafferstammen zullen door de Regering, zoals
voor het bestaanbaar zal zijn, worden aangewezen en bepaald, en
welke niet door bijeentrekken van verscheidene stammen mag worden
vergroot." Voor anneksasie kon hierdie Wet egter nie geïmpemen=
teer word nie: vgl Brookes (1927) 122 asook Stals (1970) 56-61.

Insiggewend is verder die houding van die Republiek ten opsigte van Bantoe-eiendomsreg op grond. Uit wat hierbo reeds aangehaal is,¹²⁷⁾ blyk dit dat die Blanke Transvalers sedert die vroeë vyftigerjare reeds die standpunt gehuldig het dat Bantoe aan wie grond "toegeken" is, dit alleen prekaries kon besit vir so lank as wat hul gedrag dit regverdig het. Hierdie uitgangspunt is verder statutêr bevestig in die Instructie voor de Veldcornetten,¹²⁸⁾ waarvan artikels 47 en 48 vir hulleself spreek: "47. Alle aan de kapiteins aangewezen gronden zijn hen ten voortdurenden gebruike, doch niet in eigendom afgestaan.

"48. De Republiek verzekert den kapiteins daarvan het ongestoord besit, voorts dat zij van de zijde der blanke inwoners daarin geene verhindering of beperking zullen ondervinden ..."¹²⁹⁾ Interessant hiervan is dat hierdie en ander bepalinge geen spesifieke verbod bevat het op Bantoe-eiendomsreg oor die algemeen nie, aangesien dit alleen maar gegaan het oor "toegekende" grond.¹³⁰⁾ Tot in 1868 het hierdie probleem nie juis opgeduik nie, hoewel enkele geïsoleerde gevalle van grondaankope deur Bantoe wel voor dié datum voorgekom het.¹³¹⁾ Vanaf

127. Vn 115 en 116 supra.

128. Locale Wetten (1887) 90 e v.

129. Kursivering bygevoeg. Vgl ook Stals (1970) 14-5.

130. Vgl Stals (1970) t a p.

131. Vgl Stals (1970) 17 en 19 asook Commissioner for Native Affairs (1904) 21.

1868 tot met die eerste anneksasie van die Transvaal deur Brittanje in 1877, het die probleem egter verskeie kere opgeduik dat Bantoe(-stamme) of Kleurlinge grond wou koop. Dié probleem was in die tyd die onderwerp van heelwat diskussie, Uitvoerende- en Volksraadsoorweging, konsepwetgewing, kommissie-ondersoeke en navrae van amptenare. Ernstige oorweging is geskenk aan 'n stelsel waarvolgens Bantoe toegelaat sou word om grond te "koop," maar dat dit dan nie in eiendom op hulle sou oorgaan nie maar deur die staat vir hulle in trust gehou sou word. Uiteindelik egter, blyk dit dat voordat 'n werklike oplossing of vaste beleidsrigting gevind of geïmplementeer is, die Republiek geannekseer is en 'n nuwe bedeling dus ingelui is.¹³²⁾ Intussen is egter sedert 1869 van omweë gebruik gemaak: Bantoestamme het naamlik in verskeie gevalle betaal vir grond wat dan geregistreer is in die naam van sendelinge wat geag kan word die grond in trust te gehou het vir die stam en in ander gevalle is koopkontrakte vermom as langtermyn (99 jaar) huurooreenkomste. Die vorm en inhoud van hierdie omwegtransaksies was egter vaag en onseker, wat later aanleiding gegee het tot interpretasieprobleme.¹³³⁾

Met die anneksasie van die Transvaal op 12 April 1877 het Sir Theophilus Shepstone se anneksasieprokla-

132. Kyk Stals (1970) 19-62 en vgl Commissioner for Native Affairs (1904) 21-2.

133. Commissioner for Native Affairs (1904) 22-3 en 66-9 en Stals (1970) 62-4.

masie onder meer bepaal dat "The laws now in force in the state will be retained until altered by competent legislative authority."¹³⁴⁾ Dit het meegebring dat ook die ongeïmplementeerde Republikeinse wetgewing soos Wet 3 van 1876,¹³⁵⁾ wat betrekking gehad het op die daarstelling van interne grense tussen Blank en Bantoe, bly voortbestaan het om toegepas te kon word of om as basis vir verdere statutêre reëlings te kon dien. Gedurende die Britse okkupasie self is egter min werklik gedoen, maar dit het wel die geleentheid gebied vir die inenting van Shepstoniaanse idees op die Republikeinse beleid.¹³⁶⁾

Die enigste noemenswaardige praktiese verwickeling in hierdie tyd was dat Bantoe toegelaat is om grond te "koop," hoewel hulle nie so eiendomsreg verkry het nie, aangesien die grond dan aan die Sekretaris van Naturellesake oorgedra is, wat dit in trust gehou het. Hiermee is vir die Transvaal 'n truststelsel vir Bantoe=grond in die lewe geroep wat twee oorloë en Unieword=ing oorleef het.¹³⁷⁾ Dit het verskil van die voor=anneksasie reëling, wat in teenstelling met "eiendoms=reg in trust," prekariese besit van toegekende grond

134. Kyk Eybers (1918) 453.

135. Vgl vn 126 supra.

136. Vgl Brookes (1927) 123 en Van Biljon (1949) 360-1.

137. Vgl bv Stals (1970) 94-6 en hfst 4, Commissioner for Native Affairs (1904) 23-4 en Brookes (1927) 127.

ingehou het.¹³⁸⁾ Voortbestaan van hierdie truststelsel is verseker deur die Konvensies van sowel Pretoria as van Londen. Artikel 13 van die Pretoria Konvensie het naamlik gelui:¹³⁹⁾ "Natives will be allowed to acquire land, but the grant or transfer of such land will in every case be made to and registered in the name of the Native Location Commission herein-after mentioned, in trust for such Natives." Die dag voor die ondertekening van dié Konvensie, het die Britse Hoëkommissaris Sir Hercules Robinson 'n vergadering van Bantoeopperhoofde en kaptains ('n sogenaamde pitso) in Pretoria toegesprek en onder meer gesê: "... you will be allowed to buy, or otherwise acquire land, but the transfer will be registered in trust for you in the names of three gentlemen who will constitute a Native Location Commission."¹⁴⁰⁾ Artikel 19 van die Londen Konvensie het na aanleiding hiervan onder meer bepaal:¹⁴¹⁾ "De Regeering van de Zuid-Afrikaansche Republiek verbind zich de verzekeringen gegeven, overeenkomstig de wetten van die Zuid-Afrikaansche Republiek, aan de inboorlingen op de Pitso te Pretoria door de Koninklijke Commissie in de tegenwoordigheid van het Driemanschap en met zijn volkomen goedkeuring, getrouw uit te voeren:-

138. Vgl Stals (1970) 206 en vn 127-32 supra.

139. British Parliamentary Papers Vol 36 559.

140. Kyk bv Brookes (1927) 127-8 en Stals (1979) 176.

141. British Parliamentary Papers Vol 38 72 en vgl Stals (1970) 204-7.

"(1.) wat betref die vryheid der inboorlingen om onder zekere voorwaardes land te koop of op ander wyse te verkryg."

Gedurende die okkupasie was die trustee, soos aangetoon, die Sekretaris van Naturellesake. Die reëlings van die Pitso en die Konvensies van 1881 en 1884 was dat die Naturelle Lokasiekommissie trustee sou word. In 1886 het die Superintendent van Naturellesake die trusteeskap oorgeneem, in 1900, met die tweede anneksasie, het die Kommissaris vir Naturellesake en in 1907, met die Transvaalse verkryging van verantwoordelike selfregering, die Minister van Naturellesake die trusteeskap oorgeneem.¹⁴²⁾ Artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 het onder meer bepaal "... any lands vested in the Governor or Governor and Executive Council of any colony for the purpose of reserves for native locations shall vest in the Governor-General in Council ..." en artikel 111 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961 het die Goewerneur-generaal vir hierdie doeleindes vervang met die Staatspresident.

Artikel 21 van die Pretoria Konvensie van 1881 het vereis dat die Naturelle Lokasiekommissie ingestel word, bestaande uit die Staatspresident of vise-president, die Britse Resident en 'n derde lid. Hierdie Kommissie moes ingevolge artikel 22 van die Konvensie

142. Vgl Brookes (1927) 127, Stals (1970) 206 en Commissioner for Native Affairs (1904) 35.

"reserve to the Natvie tribes of the State such locations as they may be fairly and equitably entitled to, due regard being had to the actual occupation of such tribes." Die lokasies moes ook finaal afgebaken word en voorsiening is gemaak vir kompensasie in gevalle van onteiening vir die doeleindes van die skepping van lokasies.¹⁴³⁾ Die Kommissie se werk het stadig gevorder, onder meer omdat eers 'n opname van die bestaande situasie gemaak moes word.¹⁴⁴⁾ In 1884 het die Republiek hom in die reeds gedeeltelik aangehaalde artikel XIX van die Londen Konvensie verder verbind om hom by die Pitso-onderneming te hou "(2.) wat betref die aanstelling van een kommissie om locaties van inboorlingen af te bakenen." In 1885 het die oorspronklike Kommissie sy eerste verslag gelewer, wat gelei het tot die daarstelling van lokasies in die distrikte Rustenburg, Pretoria, Lydenburg, Waterberg en Zoutpansberg.¹⁴⁵⁾ Volgens Van Biljon¹⁴⁶⁾ is die samestelling van die Lokasiekommissie in 1885 verander om te bestaan uit die Superintendent van Naturellesake, 'n spesifiek aangewese Kommissaris of Onder-kommissaris van Naturelle en die Kommandant van die gebied waar die lokasie aangewys moes word. Die Kommissie het stadig maar seker voortgegaan met die afbakening, sodat daar teen 1896

143. British Parliamentary Papers Vol 36 560.

144. Van Biljon (1947) 377-9.

145. Van Biljon (1947) 379-82.

146. Van Biljon (1947) 383.

twee en twintig lokasies in bogemelde distrikte, asook in Lichtenburg, Middelburg, en Marico afgebaken en in trust geregistreer was.¹⁴⁷⁾ Die Lokasiekommissie het egter nie die werk afgehandel voordat die Tweede Vryheidsoorlog uitgebreek het nie.¹⁴⁸⁾ Ná die Oorlog, wat uit die aard van die saak heelwat ontwrigting teweeg gebring het, het die Transvaalse Kroonkolonieregering in 1905 'n Lokasiekommissie aangestel met die opdrag om onafgebakende lokasies af te baken, ondersoek in te stel na verdere aansprake op lokasiegrond deur stamme aan wie lokasies deur die Republiek belowe is, asook die wat ingevolge die 1881 en 1884 Konvensies nog aanspraak op grond kon maak.¹⁴⁹⁾ Hierdie Kommissie het in 1907 gerapporteer en sy verslag is aanvaar. Hierdie verslag het saam met die Republiek se Kommissieverslae meegebring dat die lokasiegronde in die Transvaal vir jare daarna tot onlangs met min veranderinge bly voortbestaan het.¹⁵⁰⁾ Volgens Hailey¹⁵¹⁾ was ongeveer twee miljoen acres aldus teen 1907 afgebaken as Bantoegrond.

147. Van Biljon (1947) 383-5 en Commissioner for Native Affairs (1904) 36-65.

148. Vgl bv Van Biljon (1947) 391 en Hailey (1956) 691.

149. Jones (1964) 11 en Rogers (1949) 103-4.

150. Ibid.

151. Hailey (1956) t a p.

6.3.4. Beheersing, Administrasie en Staatsregtelike Status van die Transvaalse Bantoe

Hierdie drie verbandhoudende aangeleenthede kan ten beste opeenvolgend behandel word. Uit wat reeds in vorige paragrawe gesê is, kan oor die onderhawige aspekte van die Bantostaatsregsgeskiedenis reeds heelwat afgelei word, en oor sulke sake is dit die bedoeling om dit wat reeds uiteengesit is, hier sonder verdere staving as gegewe te aanvaar. Elk van die drie aspekte word dus nou agtereenvolgend chronologies behandel.

6.3.4.1. Verkryging deur die Blankes van Beheer oor Bantoe

Soos reeds hierbo aangetoon, het die Mfecane en Mzilikatze die oorspronklike Transvaalse Bantoebevolking oor die algemeen in 'n verwarde en verswakte toestand gelaat, sodat hulle òf die koms van die Voortrekkers verwelkom het, òf nie anders kon nie as om hulle ten minste voorlopig te berus by die feit dat die Blankes nou die botoon gevoer het. Die vroeë Blanke besettingsperiode van die Transvaal is dus oor die algemeen gekenmerk deur 'n vrywillige onderwerping deur die Bantoe aan Blanke gesag.¹⁵²⁾ Nog in hierdie vroeë periode het die Blanke bykomend internasionale erkenning

152. Vgl bv Huyser (1936) 55, Mönning (1967) 24, Pretorius en Krüger (1937) 318, Coertze (1917) 50-1, Potgieter en Theunissen (1938) 211, De Vaal (1953) 64, British Parliamentary Papers Vol 16 106 par 1-4 en Massie (1905) 116.

van sy gesag oor die Transvaal ontvang.¹⁵³⁾ In die vredesvakuum wat die koms van die Voortrekkers gebring het, het 'n spoedige heropbou van Bantoemagte voorgekom, wat, saam met die verspreiding (en dus mindere weerbaarheid) van die Blanke bevolking, onvermydelik tot grondaansprake, gesagsverwerping en veelvuldige kleiner krygsbotsings en enkele groter oorloë gelei het.¹⁵⁴⁾ Soos hierbo¹⁵⁵⁾ reeds besluit is, word hierdie krygsverrigtinge beskou as die onderdrukking van opstande of rebellies van Bantoebevolkingsdele deur die Blanke staatsowerheid, waardeur laasgenoemde met tertyd onbetwisbare beheer oor die gehele Transvaalse Bantoebevolking verkry het. Volledige beskrywing hier van hierdie reeks wapenbotsings is onnodig, en daar word met enkele opmerkings volstaan.¹⁵⁶⁾ Blanke oogmerke met die "oorloë" was hoofsaaklik om orde onder

153. Vgl weer die Sandrivierkonvensie van 1852 en die Britse afswering van verbintenisse met die "coloured nations" noord van die Vaalrivier.

154. Vgl bv Maritz (1976) 313-6 en Agar-Hamilton (1928) 54.

155. Par 6.3.1.vn 65.

156. 'n Baie bruikbare oorsig van hierdie "Native wars" word gegee deur Massie (1905) hfst IX. Ook is dit interessant om te kyk na 'n lys van sommige van hierdie botsings waarby Kommandant-Generaal PJ Joubert in sy loopbaan betrokke was (die lys is saamgestel uit Mouton (1957) en die syfers in hakies dui op bladsy=nommer uit dié werk): 1852 - ekspedisie teen Sechele van die Bakwena (19); 1876 - oorlog teen Sekhukhune van die Bapedi (30-1); 1882-3 - ekspedisie teen Nyabela (ook bekend as Mapog) en Mamphuru (68-75); 1885 - ekspedisie teen Dawid Massouw van die Korannas (143-7); 1890-4 - ekspedisies teen Modjadji van die Lobhedu (148-53) en 1898 - die oorlog teen Mphhephu van die Bavenda (154-6).

die betrokke Bantoe self te herstel,¹⁵⁷⁾ om die betrokke stamme te dwing om hulle aan die administratiewe beheer van die Republiek te onderwerp en om stamme vir oortredings te straf,¹⁵⁸⁾ en om aspirasies tot onafhanklikheid die nek in te slaan.¹⁵⁹⁾ Die oorloë het oor 'n periode van ongeveer vyftig jaar gedurende die hele bestaansperiode van die Republiek voorgekom en dit het meegebring dat die twintigste eeu en Uniewording binnegegaan kon word met die Transvaalse Bantoebevolking geheel onder Blanke beheer.¹⁶⁰⁾

6.3.4.2. Die Staatsregtelike Status van die Transvaalse Bantoe voor 1910

Voorts is dit van belang om die staatsregtelike status van die Bantoe in die Blank-regeerde Transvaal in oënskou te neem. Vir dié doel kan veel afgelei

157. Bv die ekspedisie teen Nyabela van die Ndebele van 1882-3 - Massie (1905) 109-10 en Mouton (1957) hfst VIII.

158. Bv die veldtog teen Malaboch van die Bahananwa en die voortvloeiende strafekspedisies teen stamme wat hom ondersteun het - Massie (1905) 112-4 en Short History (1905) 37 asook die vroeë ekspedisie teen Sekwati van die Bapedi in 1847 - vgl bv Van Rooyen (1951) 97-8 en Massie (1905) 101.

159. Bv die wel bekende oorlog teen Sekhukhune van die Bapedi van 1875-79 waaraan 'n Britse mag ook deelgeneem het in 1878-9 - vgl bv Massie (1905) 107-9, Mönnig (1967) 26-31, Van Rooyen (1951) hfstt IX en XI, Leyds (1906) hfst XIII en Smith (1967), asook die laaste "Bantoe-oorlog" van die Republiek, nl teen Mphhephu van die Bavenda van 1898 - vgl Massie (1905) 115-6 en Munnik hfst XVII.

160. Vgl bv Wilson en Thompson (1971) 281-4.

word van Republikeinse wetgewing. Artikel 9 van die Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek 1858¹⁶¹⁾ was sekerlik in hierdie verband die sleutelbepaling en het gelui: "Het volk wil geene gelijkstelling van gekleurden met blanke ingezetenen toestaan, noch in Kerk noch in Staat."¹⁶²⁾ Hiermee is die fundamentele konstitusionele bedoeling van die Republiek geformuleer dat die staat uitsluitlik Blank-beheer moes wees met alle anderskleuriges in 'n ondergeskikte en in alle opsigte minder bevoorregte posisie. Artikel 6 van die reeds aangehaalde Drie en Dertig Artikelen van 1844 het onder meer bepaal dat "Geene Bastaarden" (om dus nie eers van Bantoe te praat nie) "zullen in onze vergaderingen als lid of regter mogen zitten tot het tiende gelid." Weerklank hiervan word gevind in artikel 31 van die Grondwet van 1858: "Geen gekleurden,¹⁶³⁾ noch bastaarden zullen toegelaten worden in onze vergader="

161. Locale Wetten (1887) 35 e v. Let op die verwysing na a 9 wat voorkom in van die ander bepalings hieronder aangehaal.

162. Die frase "noch in Kerk noch in Staat" is in die Grondwet van 1889 weggelaat - Locale Wetten (1893) 173 e v.

163. By "gekleurden" is klaarblyklik (primêr) ingesluit Bantoe: vgl Locale Wetten (1887) op 89 en 119 van die "Bladwijzer," waar "kleurlingen," "naturellen" en "kaffers" as sinonieme aangewend word. Die enigste pertinente definisie van die begrip "kleurlingen" wat opgespoor kon word is in a 6 van Wet 2 van 1883 (Locale Wetten (1887) 1166) wat die begrip alleen definieer "onder en met opzigt tot de Krijgswet," maar wat duidelik ook 'n verdere aanduiding bied: "... als kleurling worden beschouwd eenigerlei persoon wiens vader of moeder behoort tot een der inboorlingras=sen van Afrika of Azië, tot en met het vierde geslagt ..."

ingen."¹⁶⁴⁾ Ingevolge artikel 159 van die Volksraads=
notule van 18 Junie 1855¹⁶⁵⁾ het die Volksraad besluit
dat "kleurlingen" "nimmer het burgerregt gegeven of
toegekend mag worden (volgens de Grondwet)." Wat stem=
reg betref, het artikel 2 van Wet 7 van 1882¹⁶⁶⁾ bepaal:
"Niemand, die niet tot de blanke bevolking van de Zuid=
Afrikaansche Republiek word gerekend, zal als stemge=
regtigd burger aangereekend worden, volgens art. 9 der
Grondwet."

Nieteenstaande die afwesigheid van hierdie kompe=
tensies, het die Transvaalse Bantoe bepaalde juridiese
verbintnisse met die staat gehad. Artikel 96 van die
1858-Grondwet het bepaal: "De krijgsmagt bestaat uit
al de weerbare mannen van deze Republiek, en zoo nodig
uit al die der kleurlingen binnen 's lands, wier Opper=
hoofden aan haar onderworpen zijn."¹⁶⁷⁾ Of die gekursi=
veerde gedeelte in 1858 as kwalifikasie met die strek=
king dat daar wel opperhoofde in die Transvaal was wat
nie ondergeskik was aan die Republiek nie, bedoel was,
en of dit bedoel was as stelling van die feit dat alle
opperhoofde wel sodanig ondergeskik was, is nie duide=

164. Vgl a' 28 van die 1889-Grondwet t a p.

165. Locale Wetten (1887) 31.

166. Locale Wetten (1887) 1132. Wet 7 van 1882 het Wet 1 van 1876
gewysig en herbepaal.

167. Kursivering bygevoeg. Tautologies het a 1 van die Instructie
voor Commandanten van 1858 (Locale Wetten (1887) 100) hierdie
bepaling woordeliks herhaal.

lik nie. Die ooreenstemmende bepaling in die 1889-Grondwet¹⁶⁸⁾ het nie weggedoen met dié gekursiveerde frase nie, maar artikel 6 van Wet 2 van 1883¹⁶⁹⁾ het onder meer bloot bepaal "De kleurlingen die in staat zijn om in den krijg van dienst te zijn, kunnen opgeroepen worden," dit wil sê (ook) alle Bantoe-inwoners.¹⁷⁰⁾

'n Verdere juridiese verbintenis van die Transvaalse Bantoe met die Republiek lyk op nasionaliteit.¹⁷¹⁾ Artikels 16 en 17) van Wet 3 van 1876,¹⁷²⁾ (wat egter herroep is gedurende die Britse okkupasie deur Wet 6 van 1880) het naamlik voorsiening gemaak vir die uitreiking van paspoorte aan "ieder kleurling die wenscht buiten de Republiek te gaan" welke uitreiking gratis sou geskied "indien hij gaat op last der Regering of van zijn dienstheer." Verlating van die Republiek deur "kleurlinge" sonder sodanige paspoort, was 'n strafbare misdryf. Verder van belang in verband met die volkeregtelike status van die Bantoesamme is artikel 49 van die reeds aangehaalde Instructie voor de Veldcornetten van 1858, wat gelui het: "de kapiteins en

168. A 93 t a p.

169. Locale Wetten (1887) 1166.

170. Dat dikwels gebruik gemaak is van hierdie diensverpligting van die Bantoe, veral in die oorloë teen Bantoesamme, blyk uit bv Wilson en Thompson (1971) 282 en Coertze (1961) 50-1.

171. In die sin van die omskrywing daarvan in Venter (1975(a)) 241.

172. Locale Wetten (1887) 666.

onderhoorigen mogen geen bondgenootschap met andere volken aangaan en zijn onderworpen aan de wetten van dit land." Hierdie bepaling is interessant deurdat die bedoeling daarin gevind kan word om die Bantoe= stamme enige volkeregtelike status te ontnem.

Om die staatsregtelike status van die Bantoe in die Transvaal kortliks akkuraat te omskryf, skyn nie moontlik te wees nie en het in elk geval van een perio= de tot 'n volgende en moontlik ook van stam tot stam verskil.¹⁷³⁾ Dat daar egter ten minste in die vroeë jare sprake was van stamme wat hulle onder Blanke be= skerming geplaas het, staan vas.¹⁷⁴⁾ Verder is dit ook seker dat daar van vroeg af sprake was van onderworpen=heid of te wel "onderdaanskap" ('n begrip wat waarskyn=lik nie die betekenis gehad het van die Engelsregteli=ke "subject" nie, maar waarskynlik wel taalkundig daar=aan ontleen is) van die Bantoe aan die staat.¹⁷⁵⁾

173. 'n Interessante stelling van Maritz (1976) 317 in hierdie verband lui: "Die Bantoebeleid van die Afrikaner kan, ook sover dit beleidsontwikkeling tot 1910 betref, gedefinieer word as dif=ferensiële inkorporasie binne dieselfde staat."

174. Vgl Pretorius en Krüger (1937) 318, British Parliamentary Papers Vol 16 106 par 2 en a 48 van die reeds aangehaalde Veld=kornetsinstruksies van 1858 waarin die Republiek die kapteins aan wie grond toegeken is, verseker het "dat zij daar ter plaats tegen allen aanval van anderen door haar beschermd zullen worden."

175. Vgl British Parliamentary Papers Vol 16 t a p par 4, Commis= sioner for Native Affairs (1904) 70, die onderdaanskapkwestie van die Bapedi teen 1877 soos beskryf deur Van Rooyen (1951) 279-87, die hierbo aangehaalde a 49 van die Veldkornetsinstruksies van 1858 waarin die kapteins en onderhoriges onderworpe aan die wette van die land verklaar is.

Voorts is dit duidelik dat die Blankes gebruiklik kort ná die eerste kontakte met Bantoesamme van hulle "op=gaaf" of belasting gevorder het,¹⁷⁶⁾ deur die betaling waarvan, soos vroeër aangedui is, die Bantoe volgens eie gewoonte onderhorigheid aangedui het.¹⁷⁷⁾ Hierdie gegewens dui oor die algemeen op 'n ondergeskikte staatsregtelike status van die Transvaalse Bantoe.

In een opsig het die twee Britse gesagsoornames in die Transvaal die reeds ondergeskikte staatsregtelike status van die Bantoe verder ingeperk, naamlik deur die tipies Shepstoniaanse opeising van die tradisionele opperhoofskap vir die Blanke owerheid. Wet 11 van 1881 van die "Transvaalse Wetgewende Vergadering," wat nie self werklik toegepas is nie maar wat in wesenlike opsigte nagevolg is in Wet 4 van 1885 van die Volksraad, het naamlik van die Britse Administrateur van die Transvaal Opperhoof van die Transvaalse Bantoe gemaak.¹⁷⁸⁾ Artikel 13 van Wet 4 van 1885¹⁷⁹⁾ het die Staatspresident in hierdie posisie geplaas. Artikel 13 het die senuweesentrum van die tradisionele Bantoe=staatsregstelsel, naamlik die opperhoofskap, dus aan die Blanke staatshoof toegeken, wat beskou kan word as

176. Vgl De Vaal (1953) 64, Grimsehl (1955) 204 en Malan (1957) 59-62 en 88-90.

177. Vgl Hammond-Tooke (1974) 148, 259-60, 276, 289 en 290.

178. Kyk bv Brookes (1974) 99, Maritz (1976) 322 en Locale Wetten (1887) 995.

179. Locale Wetten (1887) 1355.

die seël op die ondergeskikte staatsregtelike status van die Bantoe. Weens die ingrypendheid en vanselfsprekendheid van die bepaling, is dit die moeite werd om dit in geheel aan te haal: "Die Staatspresident als opperste opperhoofd zal over al de hoofden en inboorlingen der Republiek alle magt en gezag uitoefenen die naar inboorlingenwetten, gebruiken en gewoonten, toegekend worden aan eenig opperste Opperhoofd. Hij wordt hierbij gemagtigd om, met advies en goedkeuring van den Uitv. Raad, een hoofd dat schuldig bevonden wordt aan een handeling waardoor de vrede in de Republiek zal bedreigd worden, te ontzetten van zijn hoofdmanschap, te verwijderen van de plaats waar hij gewoond heeft, onder zoodanig opzigt en in zoodanige verzerde bewaring te plaatsen als doelmatig zal voorkomen, en een ander geschikt persoon in zijn plaats aan te stellen. Eene beslissing van dezen aard zal niet in herziening kunnen komen voor eenig Hof in deze Republiek."

In ander opsigte was die Britte versigtig om nie die konstitusionele status quo ten opsigte van die Bantoe te versteur nie: sprekend hiervan is die volgende paragrawe uit Shepstone se anneksasie proklamasie van 1877:¹⁸⁰⁾ "Equal justice is guaranteed to the persons and property of both white and coloured; but the adoption of this principle does not and should not involve the granting of equal civil rights, such as the

180. Eybers (1918) 453. Vgl ook a XIV en XV van die London Konvensie t a p.

exercise of the right of voting by savages, or their becoming members of a Legislative Body, or their being entitled to other civil privileges which are incompatible with their uncivilised condition.

"The native tribes living within the jurisdiction and under the protection of the Government must be taught due obedience to the paramount authority, and be made to contribute their fair share towards the support of the state that protects them."

Verder het artikel 8 van die Vredesverdrag van Vereeniging van 1902¹⁸¹⁾ bepaal: "The question of granting the franchise to natives will not be decided until after the introduction of self-government."

6.3.4.3. Die Administrasie van die Transvaalse Bantoe voor 1910

Ten slotte enkele opmerkings oor die administrasie van die Transvaalse Bantoe deur die Blanke owerhede voor 1910. Kenmerkend van die hantering van Bantoesake deur die Republiek se owerhede tot met die eerste Britse anneksasie, is dat die Blankes tevrede was om die stamme afsonderlik te laat voortbestaan sonder om hulle in te meng met die tradisionele interne "administratiewe" strukture.¹⁸²⁾ Die mate van "administrasie" van die Bantoe-inwoners wat deur die Blankes gedoen is,

181. Ibid 346.

182. Kyk Huyser (1936) 118-26 en Van Biljon (1947) 327.

was dus in dié periode hoofsaaklik van buite die stam-
struktuur en het meer gegaan om die handhawing van
vrede en orde as om direkte daaglikse beheer.¹⁸³⁾ Weens
die wens aan die een kant van gebieds- en sosiale skei-
ding en die behoefte aan die ander kant aan Bantoe-arbeid
moes daar volgens Maritz¹⁸⁴⁾ "noodwendig 'n beheerstel=
sel ontstaan wat sosiale en territoriale skeiding voort=
sit maar ook ekonomiese verstrengeling toelaat."

Tot in 1873 was die Republiek se Kommandant-Generaal benewens, maar dikwels juis weens, sy militêre taak, ook belas met die hoogste gesag oor die administrasie van die Bantoe.¹⁸⁵⁾ Ander "gewone landsamptenere" wat in die onderhawige priode administratiewe take in verband met die Bantoe gehad het, was die landdroste,¹⁸⁶⁾

183. Vgl Malan (1957) 46 en 186 eerste par asook Gunning (1966) 1.

184. Maritz (1976) 317-8. Kyk verder bv die reeds aangehaalde Veldkornetsinstruksies van 1858 a 39, 40, 42, 43 en 45 asook Malan (1957) 78-84.

185. Kyk bv Malan (1957) 46-52, Maritz (1976) 318-9 en Brookes (1974) 98.

186. Wat volgens Malan (1957) 55 in hierdie verband veral te doen gehad het met "(a) die handhawing van vrede en vriendskap met die Bantoe, (b) die aanwys van afsonderlike woongebiede, (c) die inboek van Bantoe kinders by boere, (d) passe, (e) belasting en (f) allerlei losstaande aangeleenthede wat nou verband hou met die landdroos se posisie as plaaslike verteenwoordiger van die Uitvoerende gesag."

die Kommandante¹⁸⁷⁾ en die Veldkornette.¹⁸⁸⁾ Laasge= noemde was klaarblyklik die belangrikste praktiese ad= ministrateurs van Bantoesake en het 'n verskeidenheid voorgeskrewe en onomskrewe take op die plaaslike vlak van hul "wyke" verrig waaroor hulle aan hul kommandante of landdroste en soms direk aan die Staatsekretaris, Uitvoerende Raad, Staatspresident of Volksraad gerap= porteer het.¹⁸⁹⁾ Benewens hierdie amptenare is van tyd tot tyd gebruik gemaak van toevallig beskikbare en geskikte persone, soos die Buys-basters van Noord-Transvaal en João Albasini, die merkwaardige Portugees, en is, waar nodig, (meestal tydelike) ampte vir bepaal= de doeleindes, soos "diplomatieke agente," geskep en is daar ook oor die algemeen tot 'n mate met administratie= we stelsels en ampte geëksperimenteer.¹⁹⁰⁾

Met die aanname van die vroeër vermelde Wet 3 van 1876 sou 'n geheel nuwe en meer gekoördineerde stelsel in werking getree het. Voorsiening is spesifiek in

187. Kyk Malan (1957) 69-72. Skynbaar was die Kommandante, wat streng gesproke vir administratiewe sake teenoor die landdros= te aanspreeklik was, primêr militêr betrokke, maar het wel toe= vallige administrasie t o v die Bantoe gedoen.

188. Malan (1957) 73-95.

189. Ibid. Onder die funksies deur die veldkornette verrig was die hou van plaaslike vredesamesprekings, arbeidsreëlings, die toepassing van die passtelsel, grondtoekenning, belastingheffing, ens.

190. Malan (1957) hfstt IV en V.

dié Wet gemaak vir Blanke inmenging in die tradisionele Bantoe-staatstruktuur.¹⁹¹⁾ Die instelling van die strukture ingevolge die Wet het egter skaars begin toe die eerste Britse anneksasie plaasgevind het.¹⁹²⁾ Verskeie aspekte van die Wet het egter die Britse okkupasie oorleef en is terug gevind in Wet 4 van 1885.¹⁹³⁾

Shepstone se koms na die Transvaal het skynbaar meer die uitwerking van opinievorming oor sy denke oor Bantoe-administrasie gehad as van praktiese implementering daarvan.¹⁹⁴⁾ Wat wel prakties gedoen is, was die aanstelling van 'n Sekretaris van Naturellesake aan die hoof van 'n departement van Naturellesake,¹⁹⁵⁾ die wysiging van enkele Republikeinse wette en die aanname van Wet 11 van 1881 wat later weerklank gevind het in die Republikeinse Wet 4 van 1885.¹⁹⁶⁾

'n Voorbehoudsbepaling van artikel 3 van die Pretoria Konvensie het gelui: "... no future enactment specially affecting the interests of Natives shall have any

191. A 2, 5(2) (a), 24, 27, 29 en 30 van Wet 3 van 1876 en Maritz (1976) 320-1 en Huyser (1936) 126-9.

192. Vgl Malan (1957) hfst VI.

193. Vgl bv Maritz (1976) 322.

194. Kyk Brookes (1974) 98-101 en Gunning (1966) 2.

195. Welke staatsdepartement reeds voor die anneksasie deur die Republiek beoog is - Maritz (1976) 321-2 en Huyser (1936) 132.

196. Brookes (1974) t a p en Vorster (1951) 18-9 en 84-5.

force or effect in the said State without the consent of Her Majesty, her Heirs and Successors, first had and obtained and signified to the Government of the said State through the British Resident ..."¹⁹⁷⁾ Hierdie bepaling het klaarblyklik die Volksraad daarvan weerhou om enige wetgewing oor Bantoesake aan te neem, tot dat dit weggelaat is uit die Londen Konvensie, waarna Wet 4 van 1885 spoedig aangeneem is.¹⁹⁸⁾ 'n Enkele verdere verwikkeling voor laasgenoemde Wet is dat die Kommandant-Generaal in 1881 ook benoem is as Sekretaris van Naturellesake en wel tot in 1884 toe die ampte geskei is en die Superintendent van Naturellesake daarna tot in 1897 ex officio-lid van die Uitvoerende Raad was.¹⁹⁹⁾

Wet 4 van 1885 Om voorsiening te maken voor het beter bestuur en betere Regtspleging onder de Naturellen bevolking dezer Republiek²⁰⁰⁾ het heeltemal 'n nuwe owerheidstruktuur vir die administrasie van die Bantoe daargestel en ook die nuwe rigting van erkenning van Bantoreg en afsonderlike regspleging vir die Bantoe ingevoer. Wat die owerheidstruktuur betref, het artikel 13, soos reeds aangedui, van die Staatspresident

197. British Parliamentary Papers Vol 36 557.

198. Brookes (1974) 101 en Van Biljon (1947) 382.

199. Maritz (1976) 322 en Malan (1957) 52.

200. Locale Wetten (1887) 1352 e v en vgl Brookes (1974) 101-3, Maritz (1976) 322-3 en Gunning (1966) 2.

die "opperste opperhoofd" van al die Transvaalse Bantoe gemaak. Die Superintendent van Naturellesake was dan die hoof uitvoerende amptenaar vir Bantoesake en ook ex officio-lid van die Uitvoerende Raad.²⁰¹⁾ Artikel 3 het voorsiening gemaak vir die aanstelling deur die Staatspresident van "Commissarissen vir Naturellen" in distrikte waar dit na die oordeel van die Volksraad nodig was. In die ander distrikte was die landdroste ex officio-kommissaris en die veldkornette was onder-kommissaris. Saam met artikel 13 blyk dit hieruit dat die Transvaalse stelsel voortaan direkte heer of regering van die Bantoebevolking ingehou het: ingevolge artikel 3 is die kommissaris "over de naturellen" aangestel.

Wat die nuwe benadering ten opsigte van die Bantoe gewoontereg en die regspleging betref, het artikel 2 van die Wet die tipiese Shepstoniaanse bepaling bevat tot die effek dat die Bantoe gewoontereg "zullen voortdurend in deze Republiek van kracht blijven" in soverre as wat dit nie met die erkende beginsels van beskawing gebots het nie. Artikel 5 het bepaal dat siviele sake tussen Bantoe beslis moes word aan die hand van geldende "Inboorlingwetten" in soverre as wat dit nie aanleiding sou gee tot klaarblyklike onreg nie of in stryd sou wees met die beginsels van "natuurlike billijkheid" nie. Ingevolge artikel 4 het kommissaris,

201. Vgl Locale Wetten (1887) 1025 vn 2 en a 981 van die Volksraadsbesluite van 22 Okt 1884, ibid 1275.

onder-kommissarisse, asook 'n "inboorlinghoofd door de Regering aangesteld" jurisdiksie in sodanige siviele sake tussen Bantoe asook "in siviele zaken door blanke personen bij hem ingediend tegen eenig Naturel behoorende tot een grooten of wilden stam binnen zijn district of afdeeling," maar in laasgenoemde tipe saak moes die "beskaafde bevolking" se reg so ver moontlik toegepas word. Appèl vanaf die hof van 'n "opperhoofd of Onder-commissaris" na die distrik se "Natuurellen-Commissaris" was moontlik, en van daar af kon verder geappelleer word na die Superintendent van Naturellesake. Al hierdie "howe" se uitsprake moes deur die regering (Uitvoerende Raad?) bekragtig word. Artikel 7 het in verband met en bykomend tot laasgenoemde saak bepaal dat die Staatspresident met advies van die Uitvoerende Raad 'n hersieningsjurisdiksie in alle siviele en strafsake gehad het wat ingevolge die Wet beslis is. Artikel 11 het alleen in ernstiger strafsaken ten opsigte van die Bantoe aan die gewone geregshowe jurisdiksie toegeken.

Gebaseer op Wet 4 van 1885 het die Republiek se Bantoe-administrasie betreklik vlot en regverdig verloop tot met die Tweede Britse anneksasie in 1900, toe die Britse militêre Goewerneur op 6 Augustus van dié jaar in naam 'n afdeling vir dié doel in die lewe groep het, wat aanvanklik weens die oorlog slegs nominaal bestaan het. Op 15 September 1901 is Sir Godfrey Lagden as Kommissaris van Naturellesake aangestel, en hy het in alle opsigte in die plek van die Superintendent van Naturellesake getree. Voorlopig is voortge-

gaan op die grondslag van die Republikeinse administrasiesistelsel.²⁰²⁾ Uitgaande van hierdie stelsel is veral aandag gegee aan die opbou en organisasie van die Departement van Naturellesake.²⁰³⁾ Die verdere besonderhede van die Bantoe-administrasie in die Transvaal tot 1910 hoort tot 'n groot mate ook tuis by die Uniale geskiedenis, aangesien die eerste tien jaar van die twintigste eeu beskou kan word as 'n beplanningsperiode vir wat na Uniewording gevolg het.²⁰⁴⁾

Soos reeds gesuggereer, het Wet 4 van 1885 ná die anneksasie bly voortbestaan.²⁰⁵⁾ Vroeë na-anneksasiewetgewing het die Britse amptenare in die plek laat tree van die vroeëre Republikeinse amptenare²⁰⁶⁾ en daar kan aanvaar word dat die Goewerneur van Transvaal ingevolge artikel 13 van Wet 4 van 1885 ten minste vanaf 1902

202. Gunning (1966) 3-5 en 192 en vgl ook Transvaal Native Affairs Department Annual Report vir die jaar eindigend op 30 Junie 1906 A.3.

203. Ibid 25-7 en 192.

204. Vgl Brookes (1974) 103-7 en Gunning (1966) 193-4.

205. Dit was klaarblyklik die geval deur die werking van die Engelse common law t a v verowering soos neergelê in Calvin's Case 1608 en Campbell v Hall 1774 - vgl bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 49-51 en 358-60. Wet 4 van 1885 is ook nie herroep deur die Britse Administrateur se Proklamasie 34 van 1901 "Declaring certain Laws, Volksraad Resolutions, &c, to be no longer of any force or effect." nie.

206. Vgl bv a 2 van Ord 3 van 1902.

"opperste opperhoofd" van al die Bantoe in die plek van die Staatspresident geword het.²⁰⁷⁾ Hierdie vertolking strook ook met die bewoording van die Transvaal Constitution Letters Patent 1906²⁰⁸⁾ se artikel LI(1): "The Governor shall continue to exercise over all Chiefs and natives in the Colony all power and authority now vested in him as Paramount Chief." Uit hoofde van artikel XLVII(1) van dieselfde Letters Patent²⁰⁹⁾ is die amp van Kommissaris van Naturellesake tot kabinetsvlak verhef, sodat die taak voortaan deur die Minister van Naturellesake behartig is.²¹⁰⁾

'n Laaste verwikkeling voor Uniewording wat hier ter sake is, is die gelykstelling in jurisdiksie van die howe van naturellekommissarisse in straf- en siviele sake van Bantoe met dié van die magistratuur deur Wet 29 van 1907:²¹¹⁾ voorsiening is ook gemaak vir appel vanaf dié howe na die Transvaalse Hooggeregshof,

207. Proklamasie 15 van 1902 "To interpret and Shorten the Language of Proclamations, Laws etc, in force in the Transvaal" se artikel 17 het meegebring dat "Staatspresident" in a 13 van Wet 4 van 1885 voortaan gelees moes word as "Goewerneur."

208. Te vinde in bv Jeppe en Gey van Pittius (1911 Vol III) 1731 en ingevolge waarvan verantwoordelike selfregering vir die Transvaal ingestel is.

209. Ibid 1729.

210. Die "Minister of Lands and Minister for Native Affairs" was saamgevoeg in een portefeulje: Government Notice 280 van 1907 dd 4 Mrt 1907 in The Transvaal Government Gazette dd 8 Mrt 1907.

211. Jeppe en Gey van Pittius (1911 Vol III) 1897.

in plaas van na die Kommissaris van Naturellesake soos wat die reëling van Wet 4 van 1885 was.²¹²⁾

6.4. Opsommende Gevolgtrekkings

Die Transvaalse Bantoestaatsregsgeskiedenis voor 1910 is te onderskei van die ander provinsies s'n deurdat die Blankes daar te doen gekry het met 'n verskeidenheid Bantoevolkere. Hoewel die gebied gedurende die vroeë Blanke vestiging grootliks ontvolk was (soos die Vrystaat en Natal ook maar), was die Bantoevolksgebiede wat deur die Blanke verdrywing van Mzilikatze weer bewoonbaar gemaak is, in die breë en met enkele uitsonderings geïdentifiseer en identifiseerbaar.

Die grootste enkele gebeurtenis wat die ontstaan van die moderne Transvaalse Bantoestaatsreg moontlik gemaak het, was die verdrywing van Mzilikatze uit die Transvaal. Dit was 'n doelbewuste veroweringsdaad van die Voortrekkers, maar ook die enigste, aangesien alle latere wapenbotsings tussen Blank en Bantoe in die Transvaal beskou kan word as gebeure waardeur Blanke gesag oor die swart mense bevestig of herbevestig is. Verdere grondverkryging deur die Blankes in die Transvaal het geskied deur sessie en okupasie.

212. Wat betref die oornam van hierdie appèljurisdiksie deur die Kommissaris van die Republikeinse Superintendent, kyk prokl 32 van 1901 van die Britse Administrateur in Jeppe en Gey van Pittius (1911 Vol II) 463.

Dit is duidelik dat die staatsregtelike status van die Bantoe, individueel en as stamme, in die Transvaal deurgaans gekenmerk is deur 'n sterk element van ondergeskiktheid aan die Blanke regering. Daar kan gesê word dat die konsekwensies van hierdie ondergeskikte status voor 1877 versag is deur die feit dat die owerhede hul min ingemeng het met die interne administrasie van die stamme. Die laaste kwart van die negentiende eeu het egter die Brits-koloniale konsepsies van Blanke opperhoofskap en regspraak gebring, wat die algehele aanskyn van 'n ondergeskikte staatsregtelike status sigbaarder vir stam en individu moes maak. In elk geval is die Bantoe op geen stadium toegelaat om deel te hê aan die staatsregtelike prosesse en owerheidsgesag van die Republiek self nie.

Die bepaling van gebiedsgrense tussen Blankes en Bantoe het aanvanklik geskied op 'n streeksbasis en wel soos wat die betrokke omstandighede dit genoodsaak het. Die Republikeinse hantering van hierdie saak is tot in 1877 klaarblyklik gemotiveer deur 'n wens om vrede te bewaar deur fisiese skeiding, met net soveel inmenging in die administrasie van Bantoestamme as wat nodig was vir hoofsaaklik dié doel; met ander woorde, die minimum. Met die koms van Shepstone het sake blywend verander: die "opperste" opperhoofskap oor die Bantoe is deur die regerings opgeëis, afgrensing van grond tussen Blank en Bantoe is gekoördineer, die regspraak oor en administrasie van die Bantoe is op 'n vaster grondslag geplaas, wat meer intensiewe ingryping in die daaglikse lewe van die Bantoe teweeg gebring

het, en die Bantoegewoontereg is formeel erken. Interessant is die feit dat die eerste Britse anneksasie van die Transvaal meegebring het dat die belangrikste Natalse idees van Shepstone na die Transvaal uitgevoer is, maar dat die praktiese implementering daarvan gedoen is deur die Republiek self, welke feit 'n fusie van Transvaalse en Natalse konsepsies in die hand gewerk het. Ná die tweede Britse anneksasie kon gemaklik voortgebou word op dié stelsel en finale afronding daarvan gedoen word om ingepas te kan word in die opset van 'n Britse dominium, naamlik die Unie van Suid-Afrika.

HOOFSTUK II. DIE ONTPLOOIING VAN DIE BANTOESTAATSREG VANAF 1910 TOT IN DIE SEWENTIGERJARE

1. Inleidend

Die benadering in hierdie hoofstuk verskil in verskeie opsigte van dié in die eerste hoofstuk. Soos dit uit die opskrif blyk, gaan dit hier steeds om die geskiedenis van die moderne Bantostaatsreg. Dieselfde mate van fragmentering van die geskiedenis aan die hand van die verskillende streke en gebiede is egter nie hier sinvol nie, aangesien die koms van die Unie 'n groot mate van koördinasie en sentralisering in die bepaling van die besonderhede van die Bantostaatsreg gebring het. Die geografiese skaal waarvolgens die kroniekskets hier geskied, is groter en derhalwe moet kleiner besonderhede van die verwickelinge in al die verskillende "Bantoegebiede" agterweë gelaat word. Die unifikasie van die vier kolonies wat uiteindelik in 1961 die Republiek van Suid-Afrika uitgemaak het, maak noodwendigerwys 'n breër benadering aangewese, aangesien die verloop van die tersaaklike geskiedenis nou binne een staat, deur een owerheid, in plaas van vier (of meer), bepaal is en daar dus minder onderskeidende besonderhede aangetref word in die verskillende provinsies.

'n Verdere benaderingsverskil wat in hierdie hoofstuk aangewese is, word deur die feit dat die verloop van die Bantostaatsregsgeskiedenis grootliks bepaal is deur parlementêre wetgewing, teweeg gebring: waar

faktore soos internasionale verdragsluiting, oorlog, okkupasie, anneksasie, binne- en buitelandse politiek en eerste eksperimentele ondervinding met "Bantoe-administrasie" prominent en van primêre betekenis was in die Bantoe staatsregsgeskiedenis tot 1910, word in die daaropvolgende sestig jaar te doen gekry met minder ge-diversifiseerde beleidsrigtings, 'n meer gevestigde en sterker staatsowerheid wat groter vryheid van effektiewe buitelandse inmenging in sy hantering van die Bantoe geniet en wat dus 'n sentrale wetgewingstam daar kon stel waarvan die besonderhede van die verskillende gebiede se Bantoe staatsreg afhanklik gemaak kon word. Gevolglik is die bestudering van hierdie gedeelte van die Bantoe staatsregsgeskiedenis minder afhanklik van buite-juridiese dissiplines, soos die algemene geskiedenis, die ontwikkelingsadministrasie, die volkekunde, en so meer, en kan die kroniek hier sentreer rondom die bogemelde sentrale statutêre stam.

Uit hoofstuk I hierbo blyk dit dat daar teen 1910 'n verskeidenheid stelsels in die verskillende kolonies - in sommige gevalle binne 'n bepaalde kolonie - bestaan het waarvolgens die Bantoe gemeenskappe staatsregtelik georden is. In die Kaapkolonie is die Ciskeise gebiede geadministreer met die minimum amptelike toegewing aan Xhosa-gewoonte en -behoefte; die Transkei is as losstaande entiteit deur middel van die sogenaamde "magistraatstelsel" gehanteer en ook met wat destyds 'n avant-garde-stelsel was, naamlik dié van die Glen Grey-wet; die Batswana van die Noord-Kaap (Brits-Betsjoe-analand) is weer volgens 'n ander stelsel, duidelik

onderskeibaar van dié van die Cis- en Transkei, gere= geer, waarin voorsiening gemaak is vir spesifieke res= terende kompetensies van die stamhoofde, maar ook vir pertinente beheerkompetensies in die hande van die Kaap= se owerheid; gemeenskaplik aan alle Kaapse Bantoe was die potensiaal van stemgeregtigheid, wat egter moeilik bereikbaar was weens hoë kwalifikasievereistes; in Natal het 'n besondere stelsel van Bantoe-regering ge= heers waarin die Blanke owerhede feitlik volledig die tradisionele Bantoe-instellings oorgeneem en omvorm het en die Bantoe-gemenereg pertinent erken is; in die Vrystaat het die Britte 'n vorm van plaaslike selfre= gering in die enkele Bantoegebiede daar ingestel; en in die Transvaal, kom dit my voor, het die mees gede= tailleerde stelsel gefunksioneer in dié gebied met die grootste volkerediversiteit in Suider-Afrika: geen ruimte het vir die Bantoe bestaan vir geografiese of politieke integrasie nie, 'n uitgebreide amptenary het die Bantoebevolking gehanteer en reg oor hulle gespreek en die Bantoe-gemenereg het, in so verre as wat dit ter sake was, amptelike erkenning in die "Bantoe-howe" ge= niet. In al vier die Kolonies was daar grond afgeba= ken wat vir die uitsluitlike okkupasie van Bantoe be= stem was, en die Goewerneurs (-in-rade) (die Kaap s'n uitgesluit) was ex officio-opperhoofde van die betrok= ke gebiede se Bantoe.

Gloobaal beskou, is daar geen twyfel nie dat al die Bantoe in die gebiede wat in die Unie opgeneem is, teen 1910 vblledig onder Blanke beheer was: die weg was voorberei vir die Unie-owerhede om die staatsregtelike

toekomsbestemming van die talrykste ras van Suid-Afrika te beplan en te bepaal. Hierdie saak se verloop was langsaam en, soos dit uit onderstaande behoort te blyk, was dit nie voor die vyftigerjare dat 'n werklik doelgerigte "alles of niks-" benadering begin vorm aanneem het nie. Dit was ook eers in hierdie stadium in die middel van die eeu dat die Bantoebevolking van Suid-Afrika juridies weer begin benader is as volkere in teenstelling met 'n ras.

By die Nasionale Konvensie wat Uniewording voorafgegaan het, het dit primêr gegaan om die staatsregtelike ordening van 'n tot stand te kome eenheidstaat wat volkome deur die Blankes oorheers sou word. Derhalwe het die klem in die bespreking van Bantoesake deur die Konvensie, gelê op dié aspekte daarvan wat die konstitusionele inrigting van die Unie sou beïnvloed. Onbetwisbaar die belangrikste hiervan was die stemregkwessie en sekondêr was (feitlik die enigste ander saak in hierdie verband) die wenslikheid van die daarstelling van 'n gesentraliseerde en uniforme stelsel vir die hantering van Bantoesake in die nuwe staat.¹⁾ Wat die kwessie van stemreg betref, is die welbekende kompromie tussen die Kaap- en ander kolonies getref en in die Zuid-Afrika Wet 1909 opgeneem.²⁾ Oor die sentralisering en koördinering van owerheidsgesagsuitoefening

1. Kyk by Van Tonder (1976) 134-6 en 162-4 en Walton (1912) hfst V en XII.

2. Vide infra par 4.1.

oor die Bantoe, was daar veelal eenstemmigheid en is ook daarvoor voorsiening gemaak in die Unie se grondwet.³⁾

Die periode van ongeveer 130 jaar voor Uniewording wat in die vorige hoofstuk in oënskou geneem is, word beskou as die onderwerpings- of bevoogdingsfase wat hand aan hand gegaan het met Blanke staatskepping in Suid-Afrika. Die ongeveer sestig jaar van Bantoe=staatsregsgeskiedenis wat in hierdie hoofstuk ter sprake is, word benader as die geskiedenis van die konsolidasie en sentralisering van globale Blanke oorheersing of voogdyskap oor die Bantoe en die voorbereiding en beplanning vanuit hierdie magsbasis van onder meer die staatsregtelike ontvoogding van die Bantoe. Hierdie periode is dus in die eerste fase van die ontvoogdings=proses wat in hoofstuk III infra ter sprake kom, terwyl die staatsreg van die Bantoeestate ten opsigte waarvan die ontvoogdingsproses afgeloop is, in hoofstuk IV onder die loepe geneem word.

Die geskiedenis van wat dus hier behandel word as die tweede historiese fase van die Bantoeestaatsreg, kom kompleks voor as dit sonder verdere ordening bloot chronologies beskou word. Dus word hieronder vyf hooftemas van hierdie geskiedenis geïsoleer en elk afsonderlik chronologies beskryf, veral aan die hand van die wetgewing wat in elke geval ter sake is. Hierdie

3. Vide infra par 2, weer Walton (1912) hfst XII, Van Tonder (1976) 164-71 en Nathan (1919) 179-80.

temas is onderskeidelik die administrasie van die Bantoe, die beskikking oor "Bantoegrond," Bantoe-deelname aan staatsprosesse, Bantoe-howe en die fundamente van onafhanklikheid wat gelê is in hierdie periode.

Ter verduideliking moet nog gemeld word dat voortaan in die teks (aanhalings uitgesonderd) gerieflikheids- en konsekwentheidshalwe gebruik gemaak sal word van die huidige statutêr-voorgeskrewe⁴⁾ benaming van die swart inwoners van die Republiek, naamlik "Bantoe," nieteenstaande die feit dat ouer modename soos "kaffer"⁵⁾ en "naturel"⁶⁾ in die wetgewing van die tydsvak onder bespreking nog voorgekom het.

2. Die Administrasie van die Bantoe vanaf Uniewording

2.1. Algemeen

In 1935 het Kennedy en Schlosberg⁷⁾ die volgende

4. A 16 van die Wysigingswet op Naturelleswetgewing 46 van 1962 en veral a 100 van die Wysigingswet op Bantoeswetgewing 42 van 1964.

5. Hierdie benaming is in wetgewing van die onderhawige periode raar, maar is tog gebruik in 'n afleiding of te wel koppelling soos "kafferbier" in bv die Naturelle (Stadsgebiede Konsolidasiewet 25 van 1945.

6. Hierdie benaming was klaarblyklik die gangbare statutêre mode tot in die vyftigerjare toe "Bantoe" geleidelik ingevoer is: vgl bv die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927 teenoor die Wet op Bantoe-owerhede 68 van 1951.

7. Kennedy en Schlosberg (1935) 459.

oor die Unie se administrasie van Bantoesake te sê ge= had: "Nowhere in the world, we venture to suggest, does there exist a system of executive despotism similar to the executive administration of native affairs in South Africa." Hierdie stelling, hoewel vatbaar vir foutiewe vertolking indien dit buite die korrekte konteks gelees sou word, was waarskynlik grootliks waar. Dit is interessant om te sien hoedat daar teen die vyf= tigerjare 'n aanpassing in hierdie situasie gekom het en hoedat daar mettertyd in sekere gebiede heeltemaal daarvan weg beweeg is. Onderstaande subparagrafe gee nie voor om 'n volledige beeld te bevat van die Suid-Afrikaanse Bantoe-administrasiestelsel nie, maar daar= in word slegs dié aspekte daarvan wat vir hierdie stu= die ter sake is, uitgelig.⁸⁾

2.2. Die Eerste Reëlings

Artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909⁹⁾ het gelui: "The control and administration of native affairs shall vest in the Governor-General-in-Council, who shall exercise all special powers in re=

8. Aangesien die regsposisie van die stedelike Bantoe slegs op die periferie van hierdie studie lê, word nie in hierdie par aan wetgewing soos die reeds gemelde Wet 25 van 1945, die Wet op Beter Administrasie van Aangewese Gebiede 51 van 1963 of die Wet op die Administrasie van Bantoesake 45 van 1971 aandag geskenk nie.

9. 9 Edward VII. Die Engelse teks van hierdie Wet word deurgaans aangehaal, onder meer omdat dit die enigste teks is wat deur die Britse Parlement aangeneem is en ook omdat die Hollandse teks in sommige opsigte 'n swak vertaling is.

gard to native administration hitherto vested in the Governors of the Colonies or exercised by them as supreme chiefs, and any lands vested in the Governor or Governor and Executive Council of any Colony for the purpose of reserves for native locations shall vest in the Governor-General-in-Council, who shall exercise all special powers in relation to such reserves as may hitherto have been exercisable by any such Governor or Governor and Executive Council, and no lands set aside for the occupation of natives which cannot at the establishment of the Union be alienated except by an Act of the Colonial Legislature shall be alienated or in any way diverted from the purposes for which they are set apart except under the authority of an Act of Parliament." Daarmee is die basiese statutêre voorsiening gemaak vir die wenslikheid om die Bantoe in Suid-Afrika sentraal en gekoördineerd te laat administreer.

Ter wille van kontinuïteit het artikel 135 van die Wet bepaal dat alle wette wat voor Uniewording in die verskillende kolonies gegeld het, daarná moes bly voortbestaan totdat dit gewysig sou word. Hierdie bepaling het natuurlik die uitwerking gehad dat die diversiteit van administrasiestelsels ten opsigte van die Bantoe voorlopig ook gekontinueer is. Artikel 141 (1) het voorsiening gemaak vir die aanstelling van 'n staatsdienskommissie met opdrag om aanbevelings te doen oor die herorganisasie van die staatsdepartemente en artikel 14(1) het die Goewerneur-generaal-in-Rade gemagtig om die nodige staatsdepartemente tot stand te bring. Saam met die totstandkoming van die Unie op

31 Mei 1910 is dertien sodanige staatsdepartemente geskep, waaronder 'n Departement van Naturellesake, wat voortaan dié sake wat voorheen by die vier Kolonies se Naturellesake-departemente berus het, sou administreer.¹⁰⁾ Aan die hoof van die Departement was die Minister van Naturellesake, 'n politikus, terwyl die hoofamptenaar die Sekretaris van Naturellesake was. Die Departement se hoofkantoor was in Pretoria, waar verskeie takke van die Departement geleidelik tot stand gebring is. Klaarblyklik het die Departement aanvanklik vir 'n hele aantal jare eenvoudig die administratiewe stelsels wat in die vier voormalige kolonies gebruik is vir die daaglikse, praktiese regering en beheer van die Bantoe, oorgeneem en dit in die diversiteit daarvan voortgesit.¹¹⁾

2.3. Die Naturellezaken Wet 23 1920

Hierdie Wet, aangeneem tien jaar na Uniewording, kan beskou word as die eerste statutêre tree van die Unieregering in die rigting van die skepping van 'n

10. Rogers (1949) 3 en vgl Goeverments Kennisgevingen No 1 en No 8 (a 11) van 31 Mei 1910, waarvan die Hollandse tekste gepubliseer is in die Union of South Africa Government Gazette Extraordinary No 3 van 7 Junie 1910 78-9.

11. Hierdie feit blyk daaruit dat die Departement se jaarverslae aan die Parlement vir die jare 1912 (UG 33 - '13) en 1913 (UG - 10 - '13) eenvoudig streeksgewyse saamgestel is uit die verslae van die onderskeie streke se hoofamptenare. Uit die verslag vir die jare 1913-18 (UG - '19) 1-3 blyk dit nog duideliker, veral op 1 waar gesê word: "The system of District administration differs in the various Provinces" en die verskillende stelsels daarna kortliks verduidelik word.

sentrale nasionale administratiewe stelsel vir al die Bantoe.¹²⁾ Artikel 1 het voorsiening gemaak vir die skepping deur die Goewerneur-generaal van 'n Kommissie van Naturellesake, bestaande uit drie tot vyf lede¹³⁾ onder voorsitterskap van die Minister van Naturellesake. Die funksie van hierdie Kommissie was, ingevolge artikel 2, om die Minister te adviseer aangaande die algemene voering van die administrasie van Bantoesake, administratiewe roetine en wetgewing. Die Kommissie kon, ingevolge artikel 3(1), in gevalle waar die Minister nie die gegewe advies wou navolg nie, sy opinies by wyse van memorandum aan die Uitvoerende Raad¹⁴⁾ voorlê, en indien laasgenoemde die advies ook nie wou aanvaar nie, aan albei Huise van die Parlement laat voorlê.¹⁵⁾

Artikels 5 tot 15 van die Wet was 'n interessante eerste stap in die rigting van plaaslike selfbeskikking, naamlik die instel van sogenaamde plaaslike en algemene rade, waaroor gehandel word in paragraaf 4.2. infra.

Artikel 16 het die Goewerneur-generaal gemagtig om, op aanbeveling van die Kommissie, konferensies van

12. Vgl Hailey (1956) 431-2.

13. Wat ook lede van die Volksraad of senatore kon wees.

14. A 3(1) praat van die Goewerneur-generaal, wat ingevolge die destyds geldende Interpretasie Wet 5 van 1910 se a 3 beteken het "de ambtenaar die het regeringsbeleid van die Unie voert handelende op en met advies van die Uitvoerende Raad."

15. Kyk verder Rogers (1949) hfst IV.

stamhoofde, lede van Bantoe-ade, invloedryke Bantoe en uitgenooide verteenwoordigers van Bantoe politieke en ekonomiese organisasies, onder voorsitterskap van 'n persoon deur die Minister aangestel, te belê ten einde Bantoe-opinie te toets aangaande die een of die ander maatreël wat hulle sou raak. Vir enkele jare is konferensies van hierdie aard gehou, maar teen 1935 het dit doodgeloop.¹⁶⁾ Artikel 16 is egter eers in 1959 herroep.¹⁷⁾

Hoewel hierdie Wet 'n eerste stap was, was dit klaarblyklik 'n goeie stap wat die toets van die tyd deurstaan het: die hele Wet is deur die Wet op Natu- rellesake 55 van 1959 herroep, maar wesenlike bepalings van die 1920-Wet is daarin herbepaal en die 1959-Wet geld vandag nog.¹⁸⁾

16. Volgens May (1955) 460 is "volle" (waarby seker bedoel is nasionale) konferensies vanaf 1922-27 jaarliks gehou en daarna weer in 1930, en in 1935 is weer 'n aantal streekskonferensies gehou. Vgl ook Hailey (1956) 432.

17. Deur a 17 van Wet 55 van 1959.

18. Die enigste aanpassing wat die 1959-Wet op die 1920-Wet te- weeg gebring het wat hier nog noemenswaardig is, is a 3(3) wat aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling mag- tiging verleen het om enige van sy eie bevoegdhede, pligte of funksies aan 'n lid van die Kommissie te delegeer. In 'n soort- gelyke verband as hierdie praat Hailey (1956) 432 van "sub- ministerial responsibilities." A 2(2) van die 1959-Wet is deur a 5 van Wet 63 van 1966 en a 4 van Wet 49 van 1970 gewysig om daarvoor voorsiening te maak dat die Kommissie uit drie tot ses lede bestaan, waarvan een deur die Staatspresident as voorsit- ter aangewys word.

2.4. Die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927

Sewentien jaar ná Uniewording is hierdie Wet, wat tot vandag nog dien as fondament van die Bantoe-administrasie (en in enkele opsigte van die Bantoe staatsreg in geheel), aangeneem. Hierdie Wet kan met reg beskou word as een van die belangrikste instrumente waarmee dit wat wel bereik is met die koördinasie van die administratiewe stelsels van die vier provinsies, bewerkstellig is.¹⁹⁾

Die welbekende artikel 1 van die Wet het uitdruklik aan die Goewerneur-generaal die opperhoofskap van die Bantoe in die Transvaal, die Vrystaat en Natal toegeken, en het ter wille van die standaardisering en kodifisering van die juridiese inhoud van dié amp verder bepaal dat hy "... in elk deel van die gemelde Provinsies al sodanige bevoegdheid en gesag ten opsigte van alle Naturelle (het) as wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet by hom berus ten opsigte van die Naturelle in die Provinsie Natal." Die opperhoofskap van die Goewerneur-generaal was nie nuut nie, aangesien die hierbo aangehaalde artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 reeds die koloniale goewerneurs se opperhoofskappe aan hom opgedra het. Soos dit blyk uit die gegewens in hoofstuk I supra, was die inhoud van dié amp in die Transvaal en die Vrystaat grootliks ongekodifiseer en

19. Vgl May (1955) 453.

dus hoegenaamd nie seker nie.²⁰⁾ In Natal, egter, was die opperhoofskompetensies omlin in die Natal Code of Native Law.²¹⁾ Artikel 1 van Wet 38 van 1927 het dus duidelik ten doel gehad om die Goewerneur-generaal se opperhoofskap indirek 'n stabiele en kenbare juridiese inhoud te gee.²²⁾

Verbandhoudend met die kwessie van die opperhoofskap, is die bepalings van hoofstuk VI van die Wet. Artikel 24 het aan die Goewerneur-generaal die kompetensie verleen om die Natalse Bantoeregkode (waardeur die inhoud van sy opperhoofsamp ingevolge die bogemelde artikel 1 bepaal is) by proklamasie te wysig²³⁾ en om die gelding daarvan geheel of gedeeltelik ook uit te brei na Zoeloeland.²⁴⁾ Hierdeur is dit vir die Uit=

20. Vgl bv Hailey (1956) 431-2, Rogers (1949) 18, asook die vroeër aangehaalde a LII(1) van die Vrystaatse Letters Patent van 1907, a 13 van Wet 4 van 1885 (Transvaal) en a LI(1) van die Transvaalse Constitution Letters Patent, 1906.

21. Op daardie stadium nog vervat in die Bylae tot Wet 19 van 1891 (Natal).

22. Oor die nasionale opperhoofskap word meer gesê in par 5 van hfst III infra.

23. A 36 van die Wet het a 2 van Wet 19 van 1891 (Natal), ingevolge waarvan die Kode alleen deur parlementêre wetgewing gelyk kon word, vide supra par 4 van hfst I, herroep.

24. A 36 van die Wet het die 1878-Kode, vir sover dit op Zoeloeland van toepassing was, vide supra par 4 van hfst I, herroep. Dus was geen Bantoeregkode toe in Zoeloeland van toepassing nie, totdat dit in 1932 aldus van toepassing gemaak is ingevolge a 24 van die Wet: vide supra hfst I, en a 2 van prokl 168 van 1932 in Staatskoerant 2063 van 23 Sept 1932.

voerende Raad van die Unie (op wie se advies alleen die Goewerneur-generaal kon handel en vir wie die opperhoofskap van die Goewerneur-generaal dus 'n instrument van uitvoerende en gedelegeerde wetgewende gesag was) moontlik gemaak om onder meer die inhoud van die opperhoofsamp na willekeur te plooi: die enigste kontrole hieroor was dié wat voorsien is deur artikel 26 van die Wet. Artikel 26(1) het dit dwingend gemaak dat alle proklamasies van die Goewerneur-generaal wat ingevolge die Wet uitgevaardig is, binne veertien dae ná afkondiging daarvan²⁵⁾ in albei die Parlements huise ter tafel gelê word. Indien albei die Huise dan sou verskil van die uitvoerende gesag oor die inhoud van die proklamasie (iets wat in die Unie se (Brits-geöriënteerde) parlementêre stelsel van verantwoordelike regering onwaarskynlik was, wat die effektiwiteit van die parlementêre kontrole natuurlik beperk het) moes die gewraakte proklamasie deur 'n verdere proklamasie herroep of gewysig word. Artikel 26(2) was oënskynlik 'n poging om die effektiwiteit van die kontrole te versterk deur te bepaal dat enige afkeurende aanbevelings van die Kommissie van Naturellesake²⁶⁾ oor so 'n proklamasie, met die redes daarvoor, by die ter tafellegging by wyse van aantekening ook aan die Parlement voorgelê moes word. Ook hierdie faktor kan klaarblyklik nie beskou word as 'n groot struikelblok in die weg van

25. Of as die Parlement nie in sitting was nie, binne veertien dae na die aanvang van die eersvolgende gewone sitting.

26. Ingestel deur Wet 23 van 1920.

die uitvoerende gesag van die Unie om wetgewing na eie oordeel vir die Bantoebevolking daar te stel nie.

In die lig hiervan is die eweneens welbekende artikel 25 van die Wet des te ingrypender. Artikel 25(1) lui: "Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet mag die Goewerneur-generaal enige wet wat dan van krag is of daarna van krag word in die naturellestreke²⁷⁾ by proklamasie in die Staatskoerant herroep of wysig en nuwe wette, met regs krag in bedoelde streke, uitvaardig, wysig en herroep." Artikel 25(3) het verder uitdruklik daarvoor voorsiening gemaak dat onder meer die proklamasiekompetensies wat die Transkeise anneksasiewette aan die Kaapse Goewerneur verleen het en wat dus ingevolge artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 aan die Goewerneur-generaal oorgedra is, bly voortbestaan het.²⁸⁾ Hierdie bepalings waarin omvattende wetgewende gesag oor die Bantoebevolking aan die

27. Die bepaling omskryf "naturellestreke" (in die huidige terminologie "Bantoe streke") nader deur te verwys na dié streke "opgenoem in die Bylae tot die Bantoe Grond Wet, 1913 ... of 'n wysiging daarvan of in sodanige streke as wat by besluit van beide Parlements huise vir die doeleindes van hierdie artikel as Bantoe streke aangewys mog word" en artikel 21(1) van die Bantoe trust en -Grond Wet 18 van 1936 bring mee dat die volgende, om vir die doeleindes van a 25(1) van Wet 38 van 1927 geag word Bantoegebiede te wees: "Alle grond waarvan die (SA Bantoe) Trust die geregistreerde eienaar is, en alle grond in 'n oopgestelde gebied waarvan 'n Bantoe die geregistreerde eienaar is of wat op naam van die Minister of enige ander persoon in trust vir 'n Bantoe, 'n Bantoe stam of 'n Bantoe gemeenskap geregistreer staan, of wat op naam van 'n Bantoe wat oorlede is, geregistreer staan."

28. Kyk a 2 van Wet 38 van 1877 (Kaap), a 2 van Wet 35 van 1884 (Kaap), a 2 van Wet 3 van 1885 (Kaap) en a 1 van Wet 29 van 1897 (Kaap).

uitvoerende gesag opgedra is, het alle ontwikkelinge van die Bantoestaatsreg behalwe die toekenning van onafhanklikheid aan Transkei en Bophuthatswana oorleef en bestaan steeds voort in die ander Bantoetuislande.²⁹⁾ Nieteenstaande die omvattendheid van hierdie wetgewende kompetensie, blyk dit onder meer uit die volume parlementêre wetgewing wat in die "Bantolestreke" geld en wat in hierdie hoofstuk bespreek moet word, dat nie in die reël daarvan gebruik gemaak is of word om groot statutêre stappe te neem nie, maar om kleinere en roetine wysigings teweeg te bring.³⁰⁾

Benewens die bogemelde sleutelbepalings, verdien enkele verdere bepalinge van die Naturelle-administrasie Wet 1927 hier, onder die opskrif van algemene Bantoe-administrasie, vermelding. Artikel 2 van die Wet was 'n belangrike stap in die rigting van die standaardisering van die daaglikse, praktiese Bantoe-administrasie in die Unie. Hierdie stelsel herinner heelwat aan dié van die Transvaal se Wet 4 van 1885 (vide supra hoofstuk I). In artikel 2 is voorsiening gemaak vir 'n hiërargie van amptenare om landswyd die administrasie wat tot dusver by 'n verskeidenheid koloniaal-geskepte ampte berus het, te behartig, naamlik hoof-naturellekommissaris, naturellekommissaris en assistent-naturellekommissaris (van wie 'n mate van regs-kennis vereis is en wat in die Transvaal ingevolge Wet

29. Vide infra hfst III.

30. Wette soos Wet 68 van 1951, Wet 46 van 1959, Wet 48 van 1963 ens sou wel by proklamasie i p v deur parlementêre wetgewing aangeneem kon word.

3 van 1897 (Transvaal) burgerlike huwelike kon bevestig), superintendente van lokasies³¹⁾ en erkende of aangestelde kapteins en hoofmanne met gesag oor 'n stam of 'n lokasie. Die presiese omlining van hul kompetensies, pligte en funksies, is oorgelaat aan die Minister van Naturellesake, wat mettertyd die nodige regulasies uitgevaardig het. Teen 1948³²⁾ was die administratiewe struktuur waarvoor artikel 2 voorsiening gemaak het, soos volg ontplooi: ses hoof-naturellekommissarisse was onderskeidelik aangestel vir ses streke, wat aan die hand van geografiese ligging of die streeks gelding van voor-uniale administratiewe beleid aangewys is. Aan hulle is 'n algemene toesighoudende en verteenwoordigende taak opgelê. Landswyd is ook naturellekommissarisse aangestel, of in gebiede met 'n gemengde bevolking is die magistrate ook as naturellekommissarisse aangestel met 'n assistent-naturellekommissaris om hom by te staan. Hierdie beamptes was die plaaslike praktiese administrateurs van Bantoesake en het 'n geweldig uitgebreide verskeidenheid van take en funksies gehad, wat regsprekende gesag, staatsverteenvoording, advisering van die Bantoe, belastingheffing en die algemene uitvoering van tersaaklike wetgewing ingesluit het. Die lokasiesuperintendente was aan die betrokke naturellekommissaris ondergeskik en belas met die daaglikse uitvoering van roetine adminis-

31. In die sin van reservate en nie van Bantoe dorpe nie - vgl a 35 van die Wet en Rogers (1949) 10.

32. Toe Rogers (1949) 7-13, waarop hier gesteun word, gepubliseer is.

trasie en toesig. Wat die aanstelling en erkenning van kapteins betref, is volgens Rogers in die reël gebly by wat die Bantoe-gewoonte en -afstamming voorgeskryf het.³³⁾ 'n Aangestelde kaptein is aangestel om oor sy stam of in die stamgebied beheer uit te oefen en bepaalde pligte en funksies te vervul. Daarteenoor is 'n hoofman aangestel om 'n klein stam of lokasie onder 'n naturel=lekommissaris se toesig te beheer. 'n Kaptein wat deur die Goewerneur-generaal erken is, het wel die status en voorregte van 'n stamhoof geniet, maar het geen amp=telike staatsgesag hanteer nie. Die aangestelde kapteins was in hul stamgebied onder meer kompetent om grondtoekenning te doen en as oppervoog op te tree en moes onrus rapporteer en algemene administratiewe take ten opsigte van sy stam uitoefen.

Artikel 5(1)(a) van die Wet het aan die Goewerneur-generaal die kompetensie verleen om die grense van 'n stamgebied of lokasie te bepaal en om met die oog op "noodsaaklikheid of goeie bestuur" na eie diskresie stamsamestellings (dit wil sê stigting, samevoeging en verdeling) te bepaal. Of hy in sy hoedanigheid van

33. Nakoming van die voorskrifte van die gewoontereg was egter nie verpligtend nie en daar was uitsonderings op Rogers se reël. Die Regering het in elk geval daarin feitlik 'n vrye diskresie gehad: kyk Buthelezi v Minister of Bantu Administration and Development and Another 1961 4 SA 853 (A). Met die invoering van 'n nuwe benadering tot die Bantoebevolking in die vyftigerjare, het die situasie egter sodanig verander dat erkennings, aanstellings en afsettings alleen in oorleg met die betrokke streeksowerhede kon geskied: kyk a 2(8) bis van die Wet en ook Moepi v Minister for Bantu Administration and Development 1965 1 SA 533 (T).

opperhoof oor hierdie kompetensie beskik het, blyk nie uit die bepaling self nie,³⁴⁾ maar moontlik was dit die bedoeling.³⁵⁾

Artikel 5(1)(b) het verder aan die Goewerneur-generaal die kompetensie verleen om, wanneer dit na sy diskresie³⁶⁾ in die algemene openbare belang was, te beveel dat enige Bantoe of -stam van 'n bepaalde plek na enige ander plek in die Unie verwyder word.³⁷⁾

Dat die Naturelle-administrasie Wet 1927 'n konsoliderende en koördinerende maatreël was, blyk ten slotte uit die Bylae tot die Wet waarin die wetgewing vermeld is wat deur artikel 36 herroep is. Hierin kom wetgewing voor wat, soos uit hoofstuk I supra blyk, belangrike hoekstene was in die onderskeie Kolonies se

34. Rogers (1949) 19 het skynbaar gemeen daar moet onderskei word tussen die Goewerneur-generaals- en opperhoofsampste, ook in gevalle soos hierdie waar dit eintlik gaan oor kompetensies wat historiese wortels in die Blanke opperhoofsamp het. Hy sê nl: "Section five confers upon the Governor-General, and not in his capacity as Supreme Chief ... special powers ..." Of sodanige onderskeid juridies sinvol is, word betwyfel.

35. So 'n afleiding sou gemaak kon word van die feit dat die Natalse Goewerneur as opperhoof met soortgelyke kompetensies bekleed was: kyk a 33 en a 37 van die Natalse Bantoregkode van 1891 (d w s die bylae tot Wet 19 van 1891 (Natal)).

36. Welke diskresie volgens R v Mabi and Others 1935 TPA 408 op 410 feitlik onbeperk was: "... we are dealing here with an almost unlimited discretion vested in the Governor-General."

37. Die voorbehoudsbepaling van hierdie subartikel het dit nodig gemaak dat albei parlamentshuise hul goedkeuring moes heg aan so 'n verwyderingsbevel indien die betrokke stam daarteen beswaar sou maak.

voor-uniale Bantoe-administrasiesistelsels. Voorbeelde is die Kaapse Native Locations Act 37 van 1884, die Natalse Native Administration Law 26 van 1875 en Native Administration Act I van 1909, die Transvaalse Wet 4 van 1885 en die Native Administration Amendment Act 29 van 1907 en die Vrystaatse Wette Over het Volk van Paulus Mopeli 1867 en Over het Volk te Witzieshoek 9 van 1898.

Ten slotte moet kennis geneem word van die wysigings wat bogemelde bepalings sedert 1927 ondergaan het. Artikel 1 is in 1929 effens gewysig en in 1956 ver=vang³⁸⁾, sodat dit tans daarvoor voorsiening maak dat die Staatspresident opperhoof is van alle Bantoe in die Republiek, dus ook dié wat in die Kaapprovinsie woon, en dat hy dieselfde kompetensies ten opsigte van hulle het as wat hy ten opsigte van die Natalse Bantoe het.³⁹⁾ Artikel 2 is verskeie kere gewysig en aangevul, maar nie sodanig dat dit wesenlike veranderings aan dié aspekte wat hier ter sake is, teweeg gebring het nie, behalwe wat deur veral Wet 46 van 1959 aangebring is in die proses van die lê van die fundamente van ontvoogding.⁴⁰⁾ Eweneens is artikel 5 uitvoerig gewysig, sonder egter om die hier tersaaklike aspekte te verander: wat wel ooglopend is, is dat die kompetensie om Bantoe te laat verwyder uitgebou en administratief verfyn is,

38. A 2 van Wet 42 van 1956.

39. Hieroor meer in hfst III infra.

40. Vide infra par 6.

sodat daar tans weinig kontrole oor of verweer teen 'n administratiewe verskuiwingsbevel is.⁴¹⁾ Artikels 24-26 is in effek ook onveranderd gelaat, hoewel artikel 24 se bewoording in 1976 aangepas is om die Natalse Wetboek van Bantoreg in stand te hou nieteenstaande die herroeping van die Natalse Wet 19 van 1891.⁴²⁾

2.5. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961

Met Republiekwording in 1961 het die Staatspresident, onder meer ten opsigte van kompetensies rakende Bantoe-administrasie, presies in die skoene van die Goewerneur-generaal getree: artikel 107 het alle wetgewing wat nie deur die Grondwet self vervang is nie, dus op enkele uitsonderings na, ook alle wetgewing wat op die Bantoe betrekking gehad het, laat voortbestaan. Artikel 111 van die Wet het artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 mutatis mutandis herbepaal, sodat die "beheer en administrasie van Bantoesake" volledig in die hande van die Staatspresident, handelende op die advies van die Uitvoerende Raad,⁴³⁾ berus.⁴⁴⁾

41. Vgl bv Van der Vyver (1975) 152 en Mathews (1971) 247-9.

42. Vgl Wet 4 van 1976.

43. A 16(2) van die Wet.

44. Interessant van a 111 van Wet 32 van 1961 contra a 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909, is dat die beperkings op die vervreemding van "Bantoegrond" wat in 1910 op die Goewerneur-generaal gelei was, in 1961 identies so op die Staatspresident geplaas is - vide infra par 3.

Republiekwording as sodanig het dus aan die wese van die destyds bestaande Bantoe-administrasiestelsel geen verandering teweeg gebring nie.

Dit blyk dus dat wat die administratiewe stelsel ten opsigte van die Bantoe betref, ná 1910 voorlopig voortgegaan is op dieselfde trant as wat voor Uniewording in die verskillende kolonies aan die gang was, dat daar in 1920 'n eerste stap tot vernuwing geneem is, dat daar in 1927 'n omvattende konsolidasie van die verskillende stelsels onderneem is en dat daar tot op hede steeds op die 1920- en 1927-fondamente voortgegaan word. Hierdie feit moet egter gesien word teen die agtergrond van die staatsregtelike verwickelinge wat veral sedert die vyftigerjare ten opsigte van die Bantoegebiede plaasgevind het (wat vanaf paragraaf 6 infra aandag kry). Hierdie verwickelinge laat, uit die aard van die saak al hoe minder mense en sake wat buite die stedelike gebiede, maar binne die sentrale regering se uitsluitlike jurisdiksie, "geadministreer" (in die sin van Blanke beheer en toesig oor die Bantoebevolking) moet word, soos dit sedert die eerste helfte van die vorige eeu verstaan is.

3. Die Beskikking oor Grond vir die Bantoe

3.1. Artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909

Die reedsaangehaalde artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 het 'n drieledige uitwerking gehad op die beskikking oor "Bantoegrond:" eerstens het dié

bepaling meegebring dat alle reservaatgrond wat vroeër by die Goewerneurs (-in-Rade) berus het, na die Goewerneur-generaal-in-Rade oorgegaan het; tweedens het die Goewerneur-generaal-in-Rade daardeur alle "special powers" ten opsigte van sodanige grond bekom wat vroeër by die Goewerneurs (-in-Rade) berus het; en derdens is die herbestemmings- en vervreemdingsbeperking wat op sekere "Bantoegrond" op die Kolonies geplaas is, naamlik dat dit alleen kon geskied ingevolge parlementêre wetgewing tot dié effek, ook op die Unie geplaas. Aangesien artikel 111 van Wet 32 van 1961 artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 mutatis mutandis herbepaal het en daar dus tans moontlik steeds ingrypende regsgevolge daaraan kan kleef, veral in die lig van die waarskynlikheid van gronduitruiling en -herbestemming in die proses van tuislandkonsolidasie, moet die presiese betekenis van hierdie bepaling nader bepaal word.

Dit is egter 'n moeilike taak, aangesien artikel 147 in 1909 (en ook artikel 111 in 1961) 'n omnibus-bepaling was wat klaarblyklik op die oog gehad het om alle moontlike en verskeie kompetensies en beperkings by die sentrale regering saam te trek; verder word die posisie gekompliseer deur die onbepaaldheid of onomskrewenheid van die voor-Uniale regsposisie in hierdie opsig: onder die opskrif "Ownership of Native Areas" het die Tomlinson-kommissie gerapporteer:⁴⁵⁾

"124. Except in Natal where the land reserved for the Bantu people was transferred under deeds of grant to

45. Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 32.

the various Trusts, the Bantu Reserves were regarded as Crown land.

"125. As regards the land reserved for Native Reserves and Locations the ownership of which remained in the Crown (i e the major portion of such areas outside Natal), the position of such land was such that although it was reserved as Native Reserves or Locations its legal status had not been laid down and it could be dealt with at the pleasure of the several Governments of the pre-existing Colonies. In other words although it was used as Native reserve land it was nevertheless looked upon as Crown land and there was no legal security (except for certain exceptions⁴⁶⁾) that it would remain as Native Land."⁴⁷⁾

Wat dus die eerste lid van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 se beskikking oor "Bantoegrond" betref, kom dit voor dat daar met "... any lands vested in the Governor or Governor and Executive Council ..." bedoel is alle reservaatgrond in die Kaap, Vrystaat en Transvaal waaroor die koloniale regerings

46. Die Kommissie het geen aanduiding gegee van welke uitsonderings hulle in gedagte gehad het nie, maar na alle waarskynlikheid is dié gevalle waar individuele grondtitel toegelaat is en bestaan het, soos dié in die Kaapkolonie (Ciskei) en Transkei ingevolge die Glen Grey- en aanverwante wette en dié in die Morokawyk, bedoel: vgl by UG 10 - '13 11-2 en 23-5, UG 33 - '13 9-10 en 37-9 en UG 7 - '19 12-3. Ook in die Transvaal is die moontlikheid van registrasie van individuele titel vir Bantoe in 1905 geopen deur die beslissing Tsewu v Registrar of Deeds 1905 TS 130.

47. Vgl ook Hahlo en Kahn (1960) 803 en Jones (1964) 11.

klaarblyklik kon beskik as "Kroongrond," asook dié grond in Natal en Zoeloeland wat aan die Natalse Trusts behoort het, aangesien die trustees die Natalse Goewerneur en Uitvoerende Raad was.⁴⁸⁾ Hieruit wil dit voorkom dat alle grond in die Unie wat bestem was vir Bantoe okkupasie, behalwe dié waarop Bantoe individuele eiendomsreg verkry het, vanaf 31 Mei 1910 by die Goewerneur-generaal-in-Rade berus het. Aangesien dié posisie voor 1961 aangepas is en die Republiek se Staatspresident deur artikel 111 van Wet 32 van 1961 in die skoene van die Goewerneur-generaal-in-Rade en nie in dié van die voor-Uniale koloniale regerings nie, getree het, is die presiese effek van dié gedeelte van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 wat hier ter sake is, nie van soveel belang as die laaste gedeelte nie. Dieselfde kan gesê word van die sogeneemde "special powers" wat, ingevolge die tweede lid van die deel van artikel 147 wat hier bespreek word, op die skouers van die Unie se regering beland het: waarskynlik is met dié vae begrip kompetensies bedoel soos dié wat voortgevloei het uit die trusteeskap van die regering in Natal,⁴⁹⁾ uit die Glen Grey-wet van 1894 in die Kaapkolonie⁵⁰⁾, uit die

48. Wat die Transvaal betref, vgl verder Gunning (1966) 124-5 en wat die Natalse trusts betref, vide supra hfst I en Rogers (1949) 75 en 80.

49. Soos die kompetensie van die Trustees om "Bantoegrond" na eie diskresie te vervreem en te herbestem: vide supra hfst I.

50. Bv a 2 ingevolge waarvan grondtoekenning alleen met goedkeuring van die Goewerneur kon plaasvind.

Vrystaatse Ordonnansie 6 van 1907,⁵¹⁾ uit die Transvaalse Wet 3 van 1898,⁵²⁾ en so meer. Deur wetgewing wat sedert 1910 aangeneem is, is hierdie kompetensies noodwendigerwys ook verander en gereël of vernietig en is ander geskep wat ingevolge artikel 111 van Wet 32 van 1961 op die Staatspresident oorgegaan het.

Artikel 111 verwys egter, wat die beperking op die vervreemding van grond wat vir Bantoe-okkupasie uitgehou is (die derde lid), steeds na die voor-Uniale posisie, sodat laasgenoemde van kontemporêre belang bly. Soos reeds aangedui, was daar in Natal geen sodanige beperking nie. In die Transvaal het artikel LI(3) van The Transvaal Constitution Letters Patent 1906 alle sodanige grond alleen deur die werking van wetgewing vervreembaar gemaak; in die Vrystaat artikel LII(3) van The Orange River Colony Constitution Letters Patent 1907; in die Kaap het artikel 17 van die British Bechuanaland Annexation Act 42 van 1895 slegs die Noord-Kaapse "Bantoegrond" so beskerm.⁵³⁾ Interessant is die

51. Vide supra hfst I. Bv a 2, ingevolge waarvan die Goewerneur die grense van die Naturelle-reservate waarin die Ordonnansie van toepassing sou wees, kon proklameer.

52. A 3 van Wet 3 van 1898 het bepaal dat geen verbintenis waarby 'n Bantoe-stamhoof 'n party was en waardeur sy lokasiegrond beswaar mag word, geldig sou wees sonder die toestemming van die Uitvoerende Raad nie - vgl ook Rogers (1949) 114-5.

53. Geen ander Kaapse wetgewing kon opgespoor word wat so 'n beperking op vervreemding van bv Cis- of Transkeise grond geplaas het nie. In hierdie gebiede was die tendens skynbaar om die beskikking oor Bantoegrond volledig in die hande van die Goewerneur (handelende op advies van die kabinet) te laat: vgl die reeds vermelde a 2 van die Glen Grey-wet 1894, a 9 van die Mission Stations and Communal Reserves Act 29 van 1909 (Kaap) en Rogers (1949) 104-7.

(identiese) bewoording van albei die aangehaalde sub-artikels van die Transvaalse en Vrystaatse Letters Patent: "No lands which have been, or may hereafter be, set aside for the occupation of natives"⁵⁴⁾

Die vraag wat hieruit ontstaan, is of die gekursiveerde woorde meegebring het dat dieselfde vervreemdingsbeperking vandag nog op Transvaalse en Vrystaatse "Bantoegrond" wat sedert 1907 vir Bantoe-okkupasie aangewys is, van toepassing is. Sonder om hier volledig daarop in te gaan, kan gestel word dat, indien Uniale wetgewing dié beperking op nuut-afgesonderde grond opgehef het, artikel 111 van Wet 32 van 1961 dit, met sy verwysing na die voor-Uniale posisie, moontlik weer laat herleef het. Of die herlewing van die beperking in geheel, asook dié op nuut-afgesonderde grond egter stand gehou het, moet getoets word aan die bepalinge van die na-Republikeinse Bantoe staatsregtelike wetgewing wat hierna behandel word. Ten slotte is dit ook interessant om daarop te let dat die Unieparlement in 1912 die grond wat vir die Bantoe in Natal in trust gehou is, ook op dieselfde wyse as die Transvaalse, Vrystaatse en Noord-Kaapse "Bantoe grond" teen vervreemding beskerm het.⁵⁵⁾ Hierdie reëling kom egter nie binne die trefwydte van òf artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 òf artikel 111 van Wet 32 van 1961 nie.

54. Kursivering bygevoeg.

55. A 2 van die Natalse Naturellen Trust en Naturellen Beheer Wijzigingswet 1 van 1912. Dié Wet is deur artikel 50 van Wet 18 van 1936 herroep.

3.2. Die Naturellen Grond Wet 27 van 1913

Hierdie Wet, wat vandag nog in gewysigde vorm geld en wat die eerste stap van die Uniepartlement was in die rigting van 'n gekonsolideerde en permanente gesegregeerde grondreëling vir die Bantoe, was die belangrikse vrug op die arbeid van die South African Native Affairs Commission van 1903 - 5.⁵⁶⁾

Die hele Wet sentreer rondom sy "Bijlage van Naturellestreken," waarin 'n lys van die destyds bestaande Bantoe-reservate en -lokasies in die Unie, asook party van die grond wat behoort het aan Bantoestamme, -gemeenskappe en -individue, met in sommige gevalle 'n beskrywing daarvan, voorkom.⁵⁷⁾ Ingevolge artikel 1(2) van die Wet is die verkryging van enige reg op dié grond, behalwe in gevalle waar die Goewerneur-generaal 'n uitsondering toelaat, beperk tot Bantoe. Artikel 1(1) het ten opsigte van alle ander grond in die Unie die verkryging van regte deur Bantoe van nie-Bantoe verbied om van Bantoe enige reg op grond buite die geskeduleerde "Naturellestreken" te verkry, behalwe as

56. Vgl Lekhela (1955) 76, Rogers (1949) 144, Hailey (1956) 692, Van Biljon (1947) 434-9 en Evans (1934) 25-6.

57. Vgl Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 34, Evans (1934) 26, wat aandui dat die grond waarop Bantoe eiendomsreg gehad het en wat in die Bylae opgeneem is, die grond was wat vir hulle in die Transvaal in trust gehou was, Rogers (1949) 144, Lekhela (1955) 93 en Van Biljon (1947) 441.

die Goewerneur-generaal daartoe sou instem.⁵⁸⁾ Artikel 1(3) het die goedkeuring van uitsonderings deur die Goewerneur-generaal blootgestel aan parlementêre tafellekking en artikel 1(4) het enige regshandeling in stryd met subartikels (1) en (2) met nietigheid ab initio getref. Artikel 1(1) het duidelik die bedoeling laat blyk dat die Wet 'n tydelike bevriesingsmaatreël was, deur die gemelde verbodinge op te lê "totdat het Parlement, gevolg gevende aan het verslag van de Commissie aangesteld uit krachte van deze Wet ander voorziening gemaakt heeft."

Die Wet is dus in die eerste plek bedoel as 'n konsoliderende maatreël in die sin van die statutêre vergestaltung van 'n posisie wat voor die aanname van die Wet in vele opsigte juridies vaag en onseker was, maar waardeur die status quo ten opsigte van die feitelike stand van die verdeling van grond tussen Blank en Bantoe gehandhaaf is, en tweedens is die Wet bedoel as die daarstelling van 'n fondament waarop 'n finale en permanente grondverdeling gebaseer kon word.⁵⁹⁾

58. Nadat die praktiese opvolging van die Wet lank begin sloer het, is deeglik gebruik gemaak van die Goewerneur-generaal se kompetensie om uitsonderings toe te laat, veral in gebiede wat op daardie stadium voorgekom het waarskynlik in elk geval Bantoegebied sou word: kyk Evans (1934) 29 en Van Biljon (1947) 449-50.

59. Vgl bv UG 7 - '19 11, May (1955) en Lekhela(1955) 88. Dat bedoel is om die status quo so ver moontlik te handhaaf, blyk ook baie duidelik uit a 6-8.

Interessant is artikel 8(2), wat die toepassing van die Wet se beperkings op eiendomsverkryging in die Kaapprovinsie opgeskort het vir sover as wat dit die voldoening deur 'n persoon aan die kieserskwalifikasies sou ondermyn. Die Appèlafdeling het hierdie bepaling in 1917 s6 uitgelê dat dit prakties die toepassing van die hele Wet in die Kaapprovinsie onmoontlik gemaak het. Hoofregter Innes het gesê:⁶⁰⁾ "Reading the clause as a whole, it means in my opinion that the restrictive provisions of the Act are to have no operation in the Cape 'so long as' the occupation qualification continues in that Province. They are to be altogether excluded unless and until Parliament enacts a new franchise law which will allow of their application. In spite of the obscurity of the language I have no doubt that the intention was to place the Cape Province outside the restrictive ambit of the statute." Die effek hiervan, totdat artikel 8(2) in 1936 herroep is,⁶¹⁾ was dat daar n6g op Bantoe n6g op nie-Bantoe enige beperking op die verkryging van regte op grond binne of buite die geskeduleerde gebiede in die Kaap gegeld het.

Artikel 5 van die Wet het die nodige spierkrag verleen aan die beperkende bepalings. Subartikel (1) het dit 'n strafbare misdryf gemaak om party te wees tot enige gepoogde regshandeling ten opsigte van grond

60. Thompson v Kama, Stilwell v Kama 1917 A 209 op 218.

61. Ingevolge a 50(1) van Wet 18 van 1936.

in stryd met die bepalings van die Wet en subartikel (2) het elke direkteur, sekretaris of bestuurder van 'n maatskappy en elke vennoot van 'n vennootskap wat sou poog om sodanige regshandeling te verrig, persoonlik strafbaar gemaak.

Verder het die Wet voorsiening gemaak vir die skeping van masjinerie om 'n finale grondverdeling te maak: artikel 2 het voorsiening gemaak vir die aanstelling deur die Goewerneur-generaal van 'n kommissie wat ondersoek moes instel en binne twee jaar, of later indien die Parlement dié tydperk by besluit sou verleng, 'n verslag met grensbeskrywings en kaarte moes uitbring van welke streke uitsluitlik vir Bantoe, en welke streke uitsluitlik vir nie-Bantoe uitgehou moes word en waar dié onderskeie groepe uitsluitlik regte op die grond moes kon verwerf. Artikel 3 het bepaal dat die Kommissie uit nie minder nie as vyf lede moes bestaan, en het ook ander maatreëls met betrekking tot die funksionering daarvan bevat.

Die inwerkingtrede van die Wet het 'n proses van kommissie- en ander werk en politiekery wat nie hier ter sake is nie, aan die gang gesit, wat uiteindelik gelei het tot die aanname van Wet 18 van 1936.⁶²⁾

Wet 27 van 1913 het onmiskenbaar die bevolking van Suid-Afrika gehanteer as rassegroepe, soos onder=

62. Vgl bv Lekhela (1955) hfst VI en VII, UG 7 - '19 11-2, Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 35, Evans (1934) 28-9, Van Biljon (1947) 442-58 en Rogers (1948) 145-7.

skei van etniese groepe. Tog het die feit dat die Wet die destydse status quo met betrekking tot grondverdeling gehandhaaf het, tesame met die feit dat die toekenning van reservaatgrond voor Uniewording onvermydelik oor die algemeen rekening gehou het met die etniese onderskeide binne die Bantoebevolking,⁶³⁾ meegebring dat die geografiese ligging van die geskeduleerde Bantoegebiede ten minste skematies, en in sommige gevalle tot 'n groot mate, ooreengestem het met die tradisionele gebiede van die verskillende Bantoeestamme.

Sedert die aanname van die Wet is die Bylae vyf keer deur parlementêre wetgewing gewysig deur die skraping, wysiging en byvoeging van gebiede in die Bylae.⁶⁴⁾

Ten slotte moet kortliks verwys word na die posisie in die Vrystaat. Artikel 7 van die Wet het hoofstuk XXXIV van die OVS Wetboek se voortgesette gelding bepaal. Dié hoofstuk het die koop of verkoop van grond deur of aan Bantoe in die Vrystaat verbied, hoewel aan sekere Bantoe-grondeienaars in die distrik Moroka "wiens grondrecht gewaarborgd werd bij de proclamatie der annexatie van het voormalig Barolong grondgebied" die beperkte kompetensie verleen is om grond aan bloedverwante Barolong te verkoop.⁶⁵⁾ Die Moroka Wijk Grond Ver=

63. Vgl hfst I supra oor die algemeen.

64. Kyk Wet 28 van 1925, Wet 34 van 1927, Wet 36 van 1931, Wet 27 van 1935 en a 18 van Wet 54 van 1952.

65. A 12 en 13 van hfst XXXIV van die Wetboek.

lichtings Wet 28 van 1924 het dié bepalings van Hoofstuk XXXIV van die OVS Wetboek wat betrekking gehad het op die Moroka-distrik herroep, en bepaal dat enige Banto-eienaar van grond in die Moroka wyk, sy grond, met die goedkeuring van die Goewerneur-generaal, aan enige bona fide-lid van die Barolongstam kon verkoop of enige ander reg daarop aan hom laat toekom. Die koper of regsverkrygende moet in die Vrystaat gedomisilieerd wees en deur die Minister van Bantoesake, ná oorlegpleging met die Rolong-stam, goedgekeur word. Hierdie Wet het ongewysig bly voortbestaan tot met die onafhanklikwording van Bophuthatswana.

3.3. Die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927

Hierdie Wet het ook enkele bepalings bevat wat die kwessie van "Bantoegrond" verder gevoer het. Artikel 4 het gedingvoering deur individuele stamlede met betrekking tot die eiendomsreg, besit of verkryging van grond deur die stam, teen die betrokke stam en/of kaptein van die stam (stamhoof?) verbied, behalwe as die Goewerneur-generaal die instelling van sodanige geding gemagtig het. Hierdie bepaling bestaan steeds onveranderd voort. Die presiese oogmerk daarmee is nie baie duidelik nie, maar bloot uit die bewoording kom dit voor dat dit die vestiging van regte op grond deur stamme, in teenstelling met individuele eiendomsreg, bevoordeel en wel deur stamhoofde se optrede in hierdie verband namens die stam, te verskans. Tegelykertyd moet egter ook daarop gelet word dat die Appèlafdeling in 1954 beslis het dat artikel 4 nie gedingvoering deur

'n stamlid teen sy stamhoof beperk as dit gaan oor die individu se regte op grond nie, maar alleen in gevalle waar die geding handel oor die stam as geheel se eiendomsreg, besit of verkryging van grond.⁶⁶⁾

Hoofstuk III van die Wet (artikels 6 tot 8) het onder die opskrif "Registrasie en Besit van Grond" daarvoor voorsiening gemaak dat die registrasiestelsel van "Bantoegrond" geskei word van die res en dat die onduidelikhede en onsekerhede ten opsigte van die titel en eiendomsreg van Bantoe in sommige gebiede uitgesorteer kon word. Artikel 6 het naamlik basies van die hoof-naturellekommissaris, die registrateurs van aktes gemaak ten opsigte van die geskeduleerde Bantoegebiede van Wet 27 van 1913⁶⁷⁾ onder hulle jurisdiksie.

Artikel 7 het die moontlikheid geskep dat die Goewerneur-generaal grondtoekennings aan individue in erfpag kon herroep en laat vervang met ander titelaktes ten gunste van diegene wat op sodanige grondregte aanspraak sou hê. Artikel 8 het die aanstelling deur die Goewerneur-generaal van 'n kommissaris gemagtig, wat dan die aansprake van Bantoe op grond in lokasies⁶⁸⁾

66. Mosii v Motseoakhumo 1954 3 SA 919 (A) 929.

67. Die moontlikheid dat verdere grond by hierdie reëling ingesluit kan word deur 'n proklamasie van die Goewerneur-generaal, is deur a 20 van Wet 56 van 1949 geskep.

68. Ingevolge a 35 van die Wet het "lokasie" Bantoegrond ingesluit wat gemeenskaplik en individueel besit is, maar het munisipale lokasies uitgesluit.

moes ondersoek en sertifiseer, klaarblyklik ten einde duidelikheid te bring oor welke grond deur Bantoe wat werklik daarop geregtig was, beset is, en welke nie. Hierdie bepalings, saamgelees met die Zuid-Afrika Wet 1909 en die Kaapse kieserswetgewing, het in 1930 tot interessante en belangrike regspraak gelei.⁶⁹⁾

Artikel 31(1) van die Wet het dit moontlik gemaak dat die Goewerneur-generaal aan 'n Bantoe 'n vrystellingsbrief verleen "wat die ontvanger onthef van sodanige wette wat spesiaal Naturelle betref . . .," maar daaraan is die voorbehoudsbepaling geheg dat sodanige vrystelling nie verleen kon word ten opsigte van ondermeer "enige regsbepling wat die eiendom of besit van grond reël" nie. Dit is voor-die-hand-liggend dat vrystelling sonder hierdie voorbehoud, die hele oogmerk met die gebiedsverdeling van Wet 27 van 1913 sou ondermyn.⁷⁰⁾

3.4. Die Naturelletrust en -grond Wet 18 van 1936

"Hierdie Wet en die 'Naturellen Grond Wet,' 1913 (Wet No 27 van 1913), hierna die Hoofwet genoem, soos

69. Vide infra par 4.1.2.

70. Artikel 31(1) se voorbehoudsbepalings is deur a 17 van Wet 67 van 1952 herroep, maar die waarborg van die gebiedskeiding is gehandhaaf deurdat die subartikel ook so gewysig is dat vrystelling sedert 1952 alleen van "Bantoereg en -gewoonte" verleen kon word, wat natuurlik in die huidige bedeling niks te doen het met die eiendomsreg op of verdeling van grond tussen Bantoe en nie-Bantoe nie.

dit deur hierdie Wet gewysig word, word uitgelê asof hulle een wet uitmaak." Aldus artikel 1, waaruit dit duidelik moet wees dat dié Wet die eindelike produk was van die proses van grondverdeling wat deur die 1913-Wet aan die gang gesit is.⁷¹⁾

Artikel 2, saamgelees met artikel 10 en die Eerste Bylae tot die Wet, het voorsiening gemaak vir die byvoeging van soveel grond by dié wat reeds deur die 1913-Wet vir Bantoe "geskeduleer"⁷²⁾ was, as wat op daardie stadium voldoende geag is. Sodanige byvoegings word deur artikel 2(1) "oopgestelde gebiede" genoem en word terminologies onderskei van "afgesonderde naturellegebied" (in Engels "scheduled native area") wat in artikel 49 omskryf word as "'n gebied wat in die Bylae van die Hoofwet, soos van tyd tot tyd gewysig, beskryf is." Die Sosio-Ekonomiese Verslag verduidelik die begrip "oopgestelde gebied" uitnemend:⁷³⁾ "The term 'Released Area' means an area which was released from the restrictive provisions of the Natives Land Act 1913 which inter alia prohibited the acquisition of any land or in-

71. Vgl die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 11 35 par 138.

72. Hier word verkieslik gebruik gemaak van die begrip "geskeduleer," aangesien die 1913-Wet se eie Afrikaanse begrip "afgesonder" ook in 'n ander betekenis gebruik word: so gaan dit in a 6(1)(a) van die 1936-Wet oor grond wat "uitgehou of afgesonder is," waarvan die Engelse weergawe is "land which has been reserved or set aside:" "afgesonder" het dus in a 6(1)(a) nie gedui op grond wat opgenoem is in die 1913-Wet se Bylae nie (a 6(1)(b)), daarenteen praat wel van "afgesonderde naturellegebiede," wat klaarblyklik verwys na die 1913-Wet se "scheduled native areas.")

73. Hfst 11 35-6 par 139 van die Verslag.

terest in land by a Native from a non-Native outside the Scheduled Native Areas; in other words, these additional areas contained in the Schedule to the Native Trust and Land Act, 1936, were 'released' for acquisition and occupation (subject to reservations) by Natives and the SA Native Trust"⁷⁴⁾

Artikel 2 het oorspronklik voorsiening gemaak vir twee wyses (en later deur wysiging daarvan, vir vier wyses) waarop grond "oopgestelde gebied" kon word: in die eerste plek is al die grond wat in die Eerste Bylae omskryf is oopgestel, maar artikel 2(2) het voorsiening gemaak vir die verandering van dié gebiede. Die Goewerneur-generaal is naamlik gemagtig om by proklamasie grond uit oopgestelde gebied weg te neem mits hy tegelykertyd grond "van minstens 'n gelyke veeteelt- of landbouwaarde, wat grens aan grond waarvan die Trust⁷⁵⁾ of 'n naturel die geregistreerde eienaar is" toevoeg tot ander oopgestelde grond in dieselfde provinsie.⁷⁶⁾ Artikel 2(2) het ook nog bepaal dat grond wat op hierdie wyse oopgestelde grond sou word, nie aldus geproklameer kon word sonder die geregistreerde eienaar se toestemming nie en dat aldus toegevoegde

74. Kyk verder die bespreking infra van a 11 van die Wet.

75. D w s die Suid-Afrikaanse Natureltrust (Bantoe trust), waaroor meer hieronder.

76. Aanvanklik, totdat dié bepaling deur a 1 van Wet 17 van 1939 vervang is, kon grond wat deur Bantoe besit is, nie aldus verklaar word nie meer oopgestelde gebied te wees nie.

grond deur toekenningsakte aan die Trust oorgedra moes word.⁷⁷⁾ In 1956,⁷⁸⁾ 1964⁷⁹⁾ en 1974⁸⁰⁾ is drie verdere subartikels by artikel 2 gevoeg: subartikel (3) maak daarvoor voorsiening dat die Staatspresident ook nog "alle Staatsgronde wat uitgehou of afgesonder is vir bewoning deur Bantoes"⁸¹⁾ tot oopgestelde gebied kan proklameer, asook grond wat aan geskeduleerde of oopgestelde grond grens en waarop 'n Bantoe eiendomsreg het (of indien oorlede, eiendomsreg gehad het) of wat vir 'n Bantoe, 'n stam of Bantoe-gemeenskap in trust gehou word. Kortom, subartikel (3) maak tans voorsiening vir 'n tweede wyse waarop grond oopgestelde gebied kan word, naamlik deur alle Bantoe-reservaatgrond wat ook Staatsgrond (vroeër "Kroongrond") is, asook die meeste grond waarin Bantoe regte het, en wat nog nie geskeduleer of oopgestel is nie, aldus te proklameer. Die derde wyse waarop grond ingevolge artikel 2 oopgestelde gebied kan word (en waarvoor ook oorspronklik voorsiening gemaak is), is deurdat die Trust grond be-

77. Soos blyk uit die vorige voetnota, is a 2(2) in 1939 gewysig, maar hierdie wysigings het hoofsaaklik die uitwerking gehad dat die bepaling vaartbelyn is.

78. Wet 73 van 1956, wat ook a 2(1) gewysig het om die nuwe subartikel (3) te akkomodeer.

79. Wet 42 van 1964, wat subartikel (4) bygevoeg het, wat weer deur Wet 7 van 1973 vervang is.

80. Wet 70 van 1974, wat subartikel (3A) ingevoeg het.

81. A 6(1)(a): hiermee word skynbaar alle reservaatgrond wat nie deur individue of nie-staatlike instansies besit word nie, bedoel.

kom⁸²⁾ wat grens aan geskeduleerde of oopgestelde gebied, welke laasgenoemde grond ook aan die Trust of 'n Bantoe behoort, asook grond wat die Trust bekom wat aan laasgenoemde soort grond grens.

Subartikel (3A) van artikel 2, wat soos reeds aangedui in 1974 ingevoeg is, het Bantoeservate wat op Staatsgrond geleë is en dus⁸³⁾ aan die Trust behoort, blootgestel aan onttrekking deur proklamasie van reserwing en oopstelling, en vervanging met gelykwaardige grond, wat dan aan die Trust oorgedra moet word.

Subartikel (4) van artikel 2, wat soos aangedui sedert 1964 bestaan, skeep die vierde wyse waarop grond oopgestelde gebied kan word, naamlik bloot deur 'n proklamasie van die Staatspresident wat grond in 'n gebied wat vir dié doel deur 'n besluit van albei Huise van die Parlement geïdentifiseer is, tot oopgestelde gebied verklaar en dit by die Eerste Bylae voeg.

Artikel 3 van die Wet, wat handel oor die wysiging van die Bylae tot die 1913-Wet, dit wil sê van die omvang van die geskeduleerde gebiede, is in 1939 verang⁸⁴⁾ en het tans die volgende effek: die Staatspresident kan grond wat oopgestelde gebied word ingevolge die 1936-Wet, sonder dat dit in laasgenoemde se Eers-

82. Ingevolge a 10(2)(c) en (d).

83. Ingevolge a 6(1)(a).

84. Deur a 2 van Wet 17 van 1939.

te Bylae opgeneem word, by proklamasie tot geskeduleerde gebied verklaar en kan ook geskeduleerde gebied, met die goedkeuring van beide parlamentshuise by besluit verleen, deproklameer, mits ander gelykwaardige grond in die plek daarvan by wyse van proklamasie tot geskeduleerde grond verklaar word.

Artikel 11(1) van die Wet het betekenis gegee aan die begrip "oopgestelde gebied" deur in effek te bepaal dat Bantoe voortaan, benewens op grond in die geskeduleerde gebiede, ook op grond in die oopgestelde gebiede regte kon verkry: artikel 11(1) bepaal naamlik dat die beperkings wat aan Bantoe deur artikel 1(1)(a) van die 1913-Wet opgelê is, opgehef word ten opsigte van die oopgestelde gebiede. Artikels 11(2) en (3) het egter die aankoop van grond deur groepe Bantoe of regspersone wat uit hoofsaaklik Bantoe saamgestel is, effektief verhoed, behalwe as sodanige Bantoe 'n deur die Staatspresident verklaarde of saamgestelde stam of gedeelte van 'n stam is. Saam met artikel 11 moet artikel 12⁸⁵⁾ gelees word, wat die aankoop van grond in 'n oopgestelde gebied deur nie-Bantoe verbied, behalwe as die Trust dit koop; wat alleen die Trust en Bantoe toelaat om verbandhouders oor grond in oopgestelde gebiede waarvan ('n) Bantoe die eienaar is, te word; en wat die verkryging deur 'n Bantoe van grond buite die geskeduleerde gebied (dus ook binne die oopgestelde gebiede) wat deur grond wat aan nie-Bantoe behoort, omring word, verbied. Uitsonderings op hierdie be-

85. Soos gewysig deur Wet 17 van 1939 en Wet 73 van 1956.

perkings kan egter deur die Staatspresident goedgekeur word.

Artikel 14 het die omgekeerde isolasie-situasie as die laasgenoemde beperkingsbepaling van artikel 12 in gedagte: dié artikel verplig die Trust om grond van 'n nie-Bantoe eienaar van grond in 'n geskeduleerde of oopgestelde gebied te koop indien hy kan aantoon dat sy grond vir meer as die helfte van die omtrek daarvan grens aan grond wat aan Bantoe behoort of deur hulle geokkupeer word en indien die verkoopswaarde van sy grond na die oordeel van die Minister aldus verlaag is.

Artikel 24 verbied basies 'n nie-Bantoe om op geskeduleerde of oopgestelde grond waarvan die Trust of 'n Bantoe die eienaar is of 'n kerklike instansie die besitter is, te woon of om hom daar te bevind of 'n professie, saak, ambag of beroep daar te beoefen, behalwe as hy aan bepaalde uitsonderingsvereistes voldoen of spesifieke toestemming daartoe verkry het.

Hoofstuk IV van die Wet handel oor die algemeen oor die Bantoe in die "Blanke" gebiede. Artikel 25⁸⁶⁾ bepaal naamlik dat dié hoofstuk nie van toepassing is op geskeduleerde gebied, die eiendom van die Bantotruster,

86. Soos gewysig deur Wet 46 van 1937 en Wet 18 van 1954 en vervang deur a 18 van Wet 42 van 1964.

"voorgeskrewe" gebied⁸⁷⁾ of ander grond wat deur die Minister uitgesluit mag word nie. Die fundamentele be= doeling met die Wet (saam met die 1913-Wet), naamlik territoriale segregasie, kom teen die agtergrond van bostaande weer pertinent na vore in artikel 26.⁸⁸⁾ Die basiese reëling van artikel 26 word goed deur die kant= skrif daarvan opgesom: "Grond waarop hierdie Hoofstuk van toepassing is," (dus "Blanke" grond) "mag nie deur Bantoes bewoon word nie behalwe onder sekere omstandig= hede." Die uitsonderings op hierdie basiese reël van artikel 26 en die besonderhede daarvan is legio en nie hier ter sake nie: dit is voldoende om te meld dat dit grootliks handel oor arbeidsreëlings en die administra= sie van Bantoe buite die "Bantoegebiede" en dat dit saamgeleës moet word met verskeie ander wetgewingstuk= ke soos die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 1945 en die Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinerings van Dokumente) Wet 1952.

Tot dusver dan die bepalings van die Wet wat direk betrekking het op gebiedskeiding, welke gebiedskeiding terloops vir voor-die-hand-liggende redes onontbeerlik was vir die ontplooiing van die moderne Bantoe staatsreg.

87. D w s gebied wat ingevolge a 9 bis van die Bantoes (Stads= gebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945 (soos gewysig) deur die Minister tot voorgeskrewe gebied verklaar is. So danige gebiede moet buite geskeduleerde of oopgestelde gebiede geleë wees en word "voorgeskryf," o m ten einde verblyfs-, arbeids- en admini= stratiewe sake van Bantoe in "Blanke" gebied te orden.

88. Soos gewysig deur Wet 18 van 1954 en Wet 41 van 1958 en ver= vang deur Wet 42 van 1964 en weer gewysig deur Wet 19 van 1970.

Voorts moet aandag geskenk word aan die bepalings wat betrekking het op die skepping en inrigting van die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust, die reëlings in verband met die verkryging van en beskikking oor grond deur die Trust, asook enkele losstaande bepalings.

Artikel 4 skep 'n regs persoon met name die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust, waarvan die Staatspresident Trustee is en wat geadministreer moet word "vir die nedersetting, onderhoud, voordeel en materiële sowel as morele welvaart van die Bantoes van die Republiek." Artikel 4(3) het oorspronklik die Goewerneur-generaal gemagtig om "enige van sy bevoegdhede en funksies as Trustee aan die Minister (van Naturellesake) oor te dra," welke Minister dan in oorleg met die Naturellesake-kommissie moes handel. In 1970 is dié bepaling vervang,⁸⁹⁾ met die gevolg dat die Staatspresident nou steeds sy trustbevoegdhede en funksies aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling⁹⁰⁾ kan delegeer⁹¹⁾ sonder egter dat laasgenoemde die Bantoesake-kommissie moet raadpleeg. Subartikel (4)⁹²⁾ maak ook

89. Deur a 1 van Wet 49 van 1970.

90. Of "'n ander Staatsminister wat namens hom optree" (a49), wat 'n adjunk-minister moet insluit, indien die bepalings van a 21(1)(a) en (c) van Wet 32 van 1961 in ag geneem word.

91. Hoewel die Afrikaanse teks steeds praat van "oor te dra," blyk dit uit die gebruik in die Engelse teks van die woord "delegate" dat tegnies bedoel is om die kompetensie van delegasie hier te skep.

92. Wat bygevoeg is deur Wet 79 van 1957 en vervang is deur a 1 van Wet 49 van 1970.

verdere voorsiening vir delegasie van administratiewe roetinesake deur die Minster aan amptenare van sy departement.

Ingevolge artikel 5 is al die voorheen bestaande trusts wat grond vir Bantoe in trust gehou het,⁹³⁾ saamgesmelt in die Suid-Afrikaanse Bantoe-trust en alle bates en laste van dié trusts is deur die nuwe Trust oorgeneem.

Artikel 7 magtig die Trustee om vir verskillende gebiede rade, bestaande uit drie persone, waarvan die voorsitter 'n amptenaar van die Departement moet wees en een lid 'n Bantoe kan wees, om hom te adviseer aangaande "die verkryging, beskikking en ontginning van of oor grond in daardie gebied," asook om ander take te vervul wat die Staatspresident aan hulle mag opdra.

Artikel 8 het dit aan die Trustee opgedra om die Suid-Afrikaanse Bantoe-trustfonds in te stel en te beheer, waarin alle gelde wat aan die Trust toekom, waarvan daar 'n lys in dié artikel opgeneem is, gestort moet word. Artikel 9 bevat 'n lys van doeleindes waar-

93. Dit was die Natalse Bantoe-trust, die Zoeloelandse Bantoe-trust, die Putilitrust (al drie van Natal), die Oranje-Vrystaatse Ryk-subsidie en die Bantoe-ontwikkelingsrekening, wat geskep is deur a 12 en verder gereël is deur a 13 van die Naturele Belasting en Ontwikkeling Wet 41 van 1925. Lg twee liggame het eintlik nie te doen gehad met regte van Bantoe op grond nie. Vgl vir verdere besonderhede Rogers (1949) 73-88, waaruit om blyk dat verdere trusts mettertyd ook opgeneem is deur die SA Bantoe-trust, soos die "British Bechuanaland Fund" en die Umnini Trust.

voor die trustfonds aangewend moet word, die belangrikste waarvan myns insiens is om grond vir trustdoeleindes te verkry, om sodanige grond te ontgin en om Bantoebelange op sodanige grond op landboukundige, handels- en nywerheids- asook algemene welsynsgebied te bevorder. Artikel 19 stel die Trust vry van die betaling van belasting.

Afgesien van die bates van die trusts wat saamgesmelt is in die Bantoe-trust, is grond wat bestem is om "Bantoe-grond" te word natuurlik die belangrikste bate van dié Trust. Artikel 6(1) bepaal naamlik:

"Op die Trust gaan oor -

(a) alle Staatsgronde⁹⁴) wat uitgehou of afgesonder is vir bewoning deur Bantoes;

(b) alle Staatsgronde in die afgesonderde" (geskeduleerde) "Bantoegebiede en alle Staatsgronde in die opgestelde gebiede."

Die grond vermeld in artikel 6(1)(a) sluit klaarblyklik al die grond in wat voor 1913 buite Natal aangewys is as naturelleservate en -lokasies, behalwe dié waarop Bantoe individuele eiendomsreg gehad het⁹⁵) en ar-

94. Vroeër "Kroongronde."

95. Vgl par 3.1 supra, waarin i v m a 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 aangedui is dat sodanige grond beskou is as "Kroon-grond." Let ook daarop dat a 6(2) sekere soorte grond, soos bosbou- en nedersettingsgrond (vgl Wet 12 van 1912) uitsluit. Wat egter ietwat raaiselagtig is, is dat indien die bronne aangehaal in vn 46 en 56 supra korrek is, dan is a 6(1)(a) tautologies, aangesien al die "Staatsgronde wat uitgehou of afgesonder is vir bewoning deur Bantoes," d w s die Bantoe-reservate en lokasies, opgeneem is in die Bylae tot Wet 27 van 1913 en is dus die sg "afgesonderde Bantoegebiede" waarvan melding gemaak word in a 6(1)(b).

tikel 6(1)(b) het betrekking op grond binne die geskeduleerde en oopgestelde gebiede waarop nie individuele eiendomsreg bestaan nie. Benewens hierdie staatsgrond, het die Wet dit in die vooruitsig gestel dat die Trust verdere grond kon bekom vir aanwending as "Bantoegebied." Artikel 10(1) het naamlik die Trust gemagtig om van tyd tot tyd grond te verkry "vir Bantoenedersetting en oor die algemeen vir die uitvoering van die bepalinge van hierdie Wet," maar artikel 10(2) beperk die Trust in sy verkryging van grond tot: (a) afgesonderde (geskeduleerde) Bantoegebied, waarbinne die enigste denkbare grond wat nie deur artikel 6(1) in elk geval aan die Trust oorgedra is nie, grond is waarop individuele eiendomsreg nog gevestig het;⁹⁶⁾ (b) oopgestelde gebied, waarbinne daar in 1936 (en moontlik tans nog) sekerlik heelwat grond aangetref kon word wat aan Blankes behoort het, asook moontlik aan Bantoe; (c) grond "wat grens aan grond waarvan die Trust of 'n Bantoe die geregistreerde eienaar is, en wat geleë is in 'n afgesonderde Bantoegebied of in 'n oopgestelde gebied," met ander woorde grond wat buite geskeduleerde of oopgestelde gebied geleë is, maar wel daaraan grens, mits dié aangrensende grond in geskeduleerde of oopgestelde gebied reeds die eiendom van die Trust of 'n Bantoe is, en (d) grond "wat grens aan grond wat deur die Trust kragtens paragraaf (c) verkry is en aan die Trust oorgedra is." Uit hoofde van hierdie laasgenoemde bepaling is die moontlikheid dus geskep dat die Trust

96. Dat daar sodanige grond in die geskeduleerde gebiede was, blyk uit die gesag aangehaal in vn 56 supra.

mettertyd "Blanke" gebied wat aan geskeduleerde of oopgestelde gebied grens, kan bekom vir die doeleindes van Bantoenedersetting.

Artikel 10(1) bevat egter 'n voorbehoudsbepaling wat in verband met die konsolidasie van die Bantoetuislande, soos algemeen bekend, veelbesproke geword het, aangesien die perk wat daardeur in 1936 ten aansien van grondverkryging op die Trust gelê is, deur die owerheid steeds gehandhaaf word as maatstaf vir grondtoekening aan Bantoetuislande.⁹⁷⁾ Die voorbehoudsbepaling beperk naamlik die Trust in sy grondverkryging tot 'n maksimum van sewe en 'n kwart miljoen morg, waarby ingesluit word alle Staatsgrond in oopgestelde gebied wat ingevolge artikel 6(1)(b) oorgegaan het op die Trust. Anders gestel, die Trust kon, benewens die geskeduleerde gebiede, nog sewe en 'n kwart miljoen morg (minus die reedsverkreë Staatsgronde in die oopgestelde gebiede) in die oopgestelde gebiede en elders vir Bantoenedersetting verkry.⁹⁸⁾ Die voorbehoudsbepaling verdeel dan ook voorts dié sewe en 'n kwart miljoen morg tussen die vier provinsies.

In die Wet is daar twee bepalings wat, hoewel dit sekerlik nie die oorspronklike bedoeling was nie, ruim=

97. Synde 'n politieke en demografiese aangeleentheid, nie een waarvan hier ter sake is nie, word nie hier op die meriete van dié owerheidstandpunt ingegaan nie.

98. Vir faktore wat die berekening van die grootte van die grond wat die Trust besit (waarmee waarskynlik eiendomsreg bedoel word), kyk a 10(3).

te laat vir die verkryging van grond deur die Trust, en dus vir Bantoebesetting, tot oorskreiding van artikel 10(1) se kwota. Artikel 2(3A)(d)⁹⁹⁾ en artikel 3(b)(iii)¹⁰⁰⁾ het die effek dat, waar die Staatspresident by proklamasie enige grond wat ingevolge artikels 6 of 10 aan die Trust oorgedra was, onttrek het en ander grond "van minstens 'n gelyke veeteelt- of landbouwaarde" in die plek daarvan aan die Trust toegeken het, sodanige nuut toegekende grond nie in berekening gebring word vir die doeleindes van artikel 10(1) nie. Waarskynlik was die bedoeling daarmee dat voorkom moet word dat grond wat op 'n bepaalde stadium die eiendom van die Trust was, maar daarna aan nie-Bantoe vervreem word, saam met die grond wat in die plek daarvan bekom word, gereken word om die sewe en 'n kwart miljoen morge op te maak: dít sou eindelijk daartoe aanleiding gee dat daar minder as die beplande hoeveelheid grond beskikbaar sou kom vir Bantoenedersetting.¹⁰¹⁾ Die gaping om meer grond vir Bantoenedersetting as die beplande hoeveelheid beskikbaar te kry, lê egter daarin dat die Wet slegs vereis dat die vervangende grond (wat nie in berekening gebring word nie) minstens gelyke waarde moet hê: daar is dus geen perk geplaas op die maksimum waarde of oppervlakte van sodanige vervangende grond nie. Aldus kan daar myns insiens binne die

99. Soos ingevoeg deur a 5 van Wet 70 van 1974.

100. Soos ingevoeg deur a 2 van Wet 17 van 1939.

101. Dit moet in gedagte gehou word dat a 10(1) se voorbehoudsbepaling o m handel oor grond "wat deur die Trust te eniger tyd besit word" (kursivering bygevoeg).

raamwerk van die Wet ruimskoots voorsiening gemaak word vir grondaanvulling van die Bantoe-tuislande in die proses van konsolidasie.

'n Verdere (beperkte) wyse waarop die kwota vergroot kan word, is deur die tweede voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1),¹⁰²⁾ saamgelees met artikels 13(2) en 17(2)(b), voorsien: daarvolgens vergroot die kwota in ooreenstemming met die grootte van grond, geleë buite geskeduleerde of oopgestelde gebied, wat aan Bantoe behoort en wat onteien of geruil word sonder dat dit die eiendom van die Trust of van 'n ander Bantoe word.

Artikel 13 van die Wet maak voorsiening vir die onteiening van enige grond met die doel om dit vir die Trust te verkry, en artikel 17 reël die uitruil van grond tussen die Trust en Bantoe-eienaars.

Ingevolge artikel 18 word alle grond "wat oorgegaan het op of verkry is deur die Trust, besit vir die uitsluitlike gebruik en voordeel van Bantoes," en kan die Trustee na goedgekke sodanige grond aan Bantoe "toeken, verkoop of verhuur of op ander wyse ten gunste van hul daarvoor beskik." Heelwat verdere besonderhede aangaande die beskikking oor die Trust se grond word in die artikel gereël, maar die gemelde reëlings is myns insiens die basiese, waaruit die eintlike bedoeling met die oprigting van die Trust blyk.

102. Soos ingevoeg deur a 5(a) van Wet 17 van 1939 en gewysig deur a 3(1)(a) van Wet 7 van 1973.

Artikel 48 magtig die Staatspresident om regulasies uit te vaardig oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe rakende die implementering van die Wet.

Net soos in die geval van Wet 27 van 1913 kan hier gekonkludeer word dat die Wetgewer in 1936 met hierdie Wet geen etniese onderskeid ten opsigte van die Uniese Bantoebevolking in gedagte gehad het nie, maar hulle steeds in 'n massa wou hanteer as synde lede van een ras, welke ras territoriaal so volledig moontlik van dié deel van die Uniese bevolking wat behoort tot die Blanke ras, geskei moes word. Insiggewend is egter die feit dat die gebiede wat in 1936 oopgestel is, saam met die geskeduleerde gebiede van 1913, 'n patroon op die kaart gevorm het wat, te oordeel aan die materiaal versamel in hoofstuk I supra, betreklik na ooreengestem het met die patroon van stamverspreiding tydens en voor Blanke vestiging in die verskillende gebiede.¹⁰³⁾

Ten slotte moet beoordeel word wat die effek van Wet 18 van 1936 was op artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909, asook wat die regsgevolge is van die wesenslike herbepaling van laasgenoemde in artikel 111 van Wet 32 van 1961.¹⁰⁴⁾

Eerstens is dit duidelik dat artikel 6(1)(a) van Wet 18 van 1936 alle Staatsgrond wat weens artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 berus het by die Goewer-

103. Vgl bv weer Rogers (1949) se kaart.

104. Kyk par 3.1 supra.

neur-generaal-in-Rade, oorgedra het aan die Bantoetrust. Ná die inwerkingstrede van dié 1936-Wet, het die Goewerneur-generaal-in-Rade dus nie meer oor enige "lands vested in the Governor or Governor and Executive Council of any Colony for the purpose of reserves for native locations" beskik nie. In die lig van die oogmerke van Wet 18 van 1936, is dit ook nie denkbaar dat enige grond "vir die doeleindes van reserwate vir Bantoe-lokasies" sedert 1936 aan die Goewerneur-generaal-in-Rade in plaas van die Bantoetrust oorgedra sou word nie.¹⁰⁵⁾ Dit blyk hieruit dat dié gedeelte van artikel 111 van Wet 32 van 1961 wat heet Bantoe-reservaatgrond wat by die Goewerneur-generaal-in-Rade berus het, oor te dra aan die Staatspresident, 'n klakkelose naskrywing van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 was, nie sin maak nie en dus as pro non scripto geag moet word: nog 'n voorbeeld dus van die juridiese onnadenkendheid waarmee dié belangrike Wet opgestel is.

Tweedens moet daar uit bostaande uiteensetting twyfel voortvloei oor die vraag of dié deel van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909, wat met verwysing na

105. Hoewel die Goewerneur-generaal ingevolge a 4(3) in 1936 die Trustee van die SA Bantoetrust geword het en waarskynlik in hierdie verband op die advies van die Unie se kabinet sou moes handel, kan die vestiging van grond in die Trust onmoontlik beskou word as 'n vestiging daarvan in die Goewerneur-generaal-in-Rade. Die Wet self onderskei konsekwent tussen Goewerneur-generaal en Trustee: vgl bv a 18(1), wat die Goewerneur-generaal magtig om grond wat oorgegaan het op die Trust vir openbare doeleindes met die toestemming van die Parlement terug te neem, terwyl a 18(2) die Trustee magtig om o m Trustgrond aan Bantoe te vervreem.

die Goewerneur-generaal-in-Rade en die reservaatgrond bepaal, "... who shall exercise all special powers in relation to such reserves as may hitherto have been exercisable by any such Governor and Executive Council ...," deur Wet 18 van 1936 onaangetas gelaat is, aangesien die betrokke grond in verband waarmee sodanige "special powers" uitgeoefen kon word, nie meer by die instansie wat met dié kompetensie beklee was, berus het nie. Sou daar egter desnieteenstaande geargumenteer kon word dat die kompetensie van die Goewerneur-generaal-in-Rade om sodanige magte in dié gebiede uit te oefen, nie van sy eiendomsreg op die grond afhanklik was nie, lyk dit onwaarskynlik dat Uniale wetgewing enige van die tipe kompetensies wat met die uitdrukking "special powers" bedoel is,¹⁰⁶⁾ in die hande van die Goewerneur-generaal-in-Rade as sodanig sou gelaat het. Gevolglik is die oorskrywing van dié gedeelte van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 in artikel 111 van Wet 32 van 1961 eweneens sinneloos en dus pro non scripto.

Die derde (weselik identiese) geledinge van die tersaaklike gedeeltes van onderskeidelik artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 en artikel 111 van Wet 32 van 1961, saamgelees met (veral artikel 18) van Wet 18 van 1936, lewer 'n gekompliseerde probleem van wetsuitleg op. Gebaseer op die reël lex posterior derogat

106. Vgl vn 48-51 supra.

priori¹⁰⁷⁾ wil dit voorkom dat artikel 18 van Wet 18 van 1936 dié gedeelte van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 herroep het: artikel 18(3) het oorspronklik bepaal "Met die goedkeuring van die Parlement by besluite van beide Huise, kan die Trustee ... grond, die eiendom van die Trust, aan ander persone as natuurlike toeken, verkoop" en so meer. Die grond wat in hierdie derde geleding van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet, 1909 ter sprake is, is, soos vroeër aangedui, die reservaatgrond van die Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaap wat onder andere in 1913 "geskeduleer" is¹⁰⁸⁾ en ingevolge artikel 6 van Wet 18 van 1936 aan die Trust oorgedra is. Artikel 18 van laasgenoemde Wet het dié grond vervreembaar gemaak sonder dat die Parlement 'n wet te dien effekte aangeneem het, maar bloot sodanige besluit geneem het, welke reëling klaarblyklik met die tersaaklike gedeelte van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 bots en dit dus, synde 'n latere wet, herroep. Met die aanneme van Wet 32 van 1961 het die Unieparlement weer klakkeloos na aanleiding van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 gaan bepaal dat "geen grond wat vir okkupering deur die Bantoe uitgehou is en by die tot standkoming van die Unie van Suid-Afrika nie vervreem kon word nie behalwe deur 'n Wet van die Wetgewende Gesag van 'n Kolonie wat ingevolge die Zuid-Afrika Wet 1909, by die Unie van Suid-Afrika ingelyf is, mag vervreem word of op enige wyse vir ander doel=

107. Kyk Steyn (1974) hfst 5.

108. Vide supra par 3.1 en 3.2.

eindes as dié waarvoor hulle uitgehou is, gebruik word nie, behalwe op gesag van 'n Parlements-wet." Synde in ooglopende konflik met artikel 18 van Wet 18 van 1936 en 'n latere wet, moet die gevolgtrekking wees dat be=doelde artikel 18 daardeur by implikasie gewysig is, sodat magtiging by wyse van Parlementêre wetgewing ná 31 Mei 1961 noodsaaklik was vir die vervreemding van grond wat in 1910 in die Transvaal, Vrystaat en Noord-Kaap vir Bantoe-okkupasie gereserveer was. Na wat vas=gestel kan word, het geen Republikeinse wetgewing dié situasie beïnvloed nie, voordat artikel 18(3) deur ar=tikel 4(1) van Wet 7 van 1973 vervang is nie. Hierdie vervanging kan vir die doeleindes van wetsuitleg nie anders beskou word as 'n latere wetsbepaling nie. Die huidige geldende (vervangde) artikel 18(3) bepaal "Die Trustee kan grond, die eiendom van die Trust aan ander persone as Bantoes, met goedkeuring van die Parlement by besluite van beide Huise verkoop" en so meer. Deur die werking van dieselfde reël van wetsuitleg wat hierbo ter sprake was, is artikel 111 van Wet 32 van 1961 dus in 1973 sodanig gewysig dat ook die derde lid daarvan vir alle praktiese doeleindes by implikasie geskrap is: 'n Terloopse vraag wat in hier=die verband gevra kan word, is of enige grond wat in 1910 Bantoeservaatgrond in die Transvaal, Vrystaat of Noord-Kaap was, in die proses van tuislandkonsoli=dasie en "swartkolopruiming" tussen 1961 en 1973 ver=koop of herbestem is sonder dat magtiging by parlements=wet daartoe verleen is: indien wel, was sodanige trans=aksies myns insiens ongeldig.¹⁰⁹⁾

109. Vgl Malan en Hattingh (1975) hfst 4 i v m die konsolida=sieproses en -statistiek.

4. Bantoedeelname aan die Staatsprosesse

Die Unie van Suid-Afrika het van die koloniale tydperk 'n staatsregtelike opset geërf waarin daar e=nersyds in die Kaap en Natal beperkte voorsiening ge=maak is vir die deelname van Bantoe aan die Blankes se staatsprosesse en andersyds vir 'n verskeidenheid in=stellings, hoofsaaklik plaaslik van aard, waardeur Bantoe afsonderlik in die Kaap en die Vrystaat deel ge=had het aan die hantering van owerheidsgesag op 'n lae vlak. Bantoedeelname saam met die Blankes aan die staatsprosesse het voor Republiekwording tot 'n einde gekom, maar beperkte plaaslike selfbeskikking deur die Bantoe het met die verloop van tyd uitgebrei, totdat die vyftigerjare die belofte van eindelijke Bantoe-volks=onafhanklikheid gebring het. In hierdie paragraaf word eers die Bantoedeelname aan die staatsprosesse saam met die Blankes in die Unie tot 1960 bespreek en daarna die beperkte selfbeskikking van die Bantoe in die Unie tot ongeveer 1950. Ook word aandag gegee aan die (huidige) posisie van die stedelike Bantoe en aan die Naturelle Verteenwoordigende Raad.

4.1. Die Deelname van die Bantoe aan die Staatsproses=se van die Unie saam met die Blankes

4.1.1. Die Stemreg van die Bantoe by Uniewording

Die feit dat daar sedert 1853 nie in die Kaapko=lonie op grond van ras onderskeid gemaak is in die toe=kenning van stemreg nie, is die belangrikste faktor wat

hier oorweeg moet word. Artikel 8 van die sogenaamde Cape of Good Hope Constitution Ordinance van 1852/3¹¹⁰⁾ het gelui: "And be it enacted, that every male person, not subject to any of the legal incapacities herein-after mentioned, who shall have occupied within any electoral division for the space of twelve months next before the day on which any such registration of voters as is hiererein-after mentioned shall commence, any house, warehouse, shop, or other building, being either separately or jointly, with any land within such electoral division, occupied therewith, of the value of twenty-five pounds sterling; or who shall have been, for the space of twelve months aforesaid, really and bona fide in the receipt of salary or wages at and after the rate of not less than fifty pounds by the year; or who having been in the receipt for the space aforesaid, of salary or wages at and after the rate of not less than twenty-five pounds by the year, shall, in addition to such salary or wages, have been supplied with board and lodging, shall be entitled to be registered as a voter, and vote at elections of members of the said Council, and of members of the said House of Assembly." Artikel 4 van die Franchise and Ballot Act, 9 van 1892 (Kaap) het die kwalifikasie verander na die okkupasie van 'n huis of gebou ter waarde van minstens £75 of 'n jaarlikse salaris van £50 en het die ander alternatiewe vermoënskwalifikasie afgeskaf. Ten opsigte van Griekwaland-Wes het artikel 5 van Wet 9 van 1892 voorts,

110. Eybers (1918) 45 e v. Die ordonnansie is gedateer 3 Apr 1852 en het op 1 Jul 1853 in werking getree.

sonder verwysing na ras, bepaal dat "every person not otherwise disqualified by law who shall in any Electoral Division formerly comprised in the said Province for the space of six months immediately preceding the day when any registration of voters shall commence, have been the duly registered holder of a licence to dig and search for diamonds in any claim or portion of a claim shall be entitled to be registered as a parliamentary voter." Artikel 6 het 'n (nuwe) opvoedkundige toets as kwalifikasie vereis, naamlik dat die kieser sy adres en beroep moes kon neerskryf en sy naam moes kon teken. Vir Bantoe was hierdie kwalifikasies destyds hoog en was daar dus betreklik min van hulle as kiesers geregistreer.¹¹¹⁾

In Natal het die Charter of Natal van 1856 oorspronklik 'n kieserskwalifikasiestelsel soortgelyk aan dié van die Kaap ingestel, maar deur die werking van Wet 8 van 1906 (Natal) To amend the Law relating to the Franchise, is Bantoe geheel en al van die stemreg uitgesluit, behalwe in gevalle waar die Goewerneur-in-Rade Bantoe van die werking van dié Wet vrygestel het. Die Bantoe wat op daardie stadium as kiesers geregistreer was, sou voortgaan om as sodanig geregistreer te bly. Dus het enkele Natalse Bantoe by Uniewording nog stemreg gehad, maar Bantostemreg as sodanig was in Natal deur Wet 8 van 1896 gedoem om mettertyd te verdwyn.¹¹²⁾

111. Vgl ook VerLoren van Themaat (1959/60) 155-6.

112. Vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 156.

Geen Bantoe het teen 1910 in die Transvaal of die Vrystaat aanspraak gehad op registrasie as kieser nie.¹¹³

Soos vroeër aangedui, was (veral die Kaapse) stemregkwessie 'n betreklike groot vlieg in die salf van die Nasionale Konvensie, met die gevolg dat spesiale maatreëls in die Zuid-Afrika Wet 1909 ten opsigte daarvan getref is. Enkele van die tersaaklike bepalinge van dié Wet is die volgende: artikels 26(d) en 44(c) wat as kwalifikasie vir lidmaatskap van onderskeidelik die Senaat en die Volksraad vereis het dat 'n persoon "a British subject of European descent" moes wees; artikel 70(2)¹¹⁴ wat die effek gehad het dat Bantoe in die Kaap en Natal wat stemgeregtig was, gekwalifiseer het om verkies te word as lid van die provinsiale rade van dié twee provinsies; artikels 36 en 37 wat die effek gehad het dat die kieserskwalifikasies in elke provinsie dieselfde sou wees as wat dit was voor Uniewording, en artikel 35.

Artikel 35(1) het die Unieparlement gemagtig om die kwalifikasies van die kiesers van lede van die Volksraad by wyse van wetgewing voor te skryf. Op hierdie magtiging het die welbekende voorbehoudsbepaling gevolg waarin die diskwalifikasie, slegs op grond van ras of kleur in sodanige wetgewing, van enige persoon

113. Ibid 156-7 en vide supra hfst I. Oor die stemregposisie van Bantoe tot 1910 oor die algemeen, vgl ook Van Tonder (1976) 20-32, Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 8 2-19, Hailey (1956) 159-60 en Brookes (1927) 277-85.

114. Saamgelees met artikel 71(1) en 35(1).

in die Kaapprovinsie wat by Uniewording, ingevolge die toe geldende Kaapse wetgewing, gekwalifiseer het of later sou kon kwalifiseer om as kieser te registreer, verbied is. Die res van die artikel het die eweneens welbekende verskansing van die voorbehoudsbepaling bevat,¹¹⁵⁾ wat ook vertolk sou kon word as 'n uitsondering op die verbod vervat in die voorbehoudsbepaling, naamlik dat 'n wet ingevolge waarvan persone op grond van ras of kleur in die Kaap gediskwalifiseer word van stemreg, as wetsontwerp deur albei die Huise van die Parlement in 'n gesamentlike sitting met 'n twee-derde meerderheid van al die lede van die twee Huise saam in die derde lesing daarvan goedgekeur kon word, welke aanname geag sou word as geldige aanname deur albei die Huise.

Artikel 35(2) het klaarblyklik primêr die beskerming van die stemreg van die enkele Bantoe- (en ander nie-Blanke" kiesers van Natal in gedagte gehad.¹¹⁶⁾ Dit het bepaal dat geen persoon wat, tydens die aanname van 'n wet van die Parlement waarin die kwalifikasies van kiesers voorgeskryf word, in enige provinsie as kieser geregistreer is, van die kieserslys verwyder mag word weens 'n diskwalifikasie gebaseer slegs op ras of kleur nie.

115. Daar moet op gelet word dat die verskansing vervat in artikel 35 slegs 'n verskansing was van die voorbehoudsbepaling van artikel 35(1) en nie van die hele artikel nie.

116. A 35(2) het eintlik die effek van a 3 van bg Wet 8 van 1896 (Natal) voortgesit.

Artikel 152 van die Wet het artikel 35 in sy geheel teen lukraakte herroeping of wysiging verskans deur die twee-derde meerderheidsprosedure op sodanige wysigingswetgewing van toepassing te maak.

Dit is dus duidelik dat die Zuid-Afrika Wet 1909 grootliks die status quo ten opsigte van Bantoe-deelname aan die staatsprosesse wou handhaaf; wat die stemreg betref is dit volkome gedoen, maar wat die verkiesbaarheid van Bantoe betref, is aanpassings gemaak. Soos aangedui, het artikel 70(2) Bantoe verkiesbaar gestel vir die Kaapse (en Natalse) provinsiale raad, maar artikels 26(d) en 44(c) het Bantoe uitgesluit van die Parlement: dit was die statutêre neerslag van die kompromie tussen die Kaap en die ander kolonies.¹¹⁷⁾

4.1.2. R v Ndobe 1930 AA 484

Soos vroeër¹¹⁸⁾ vermeld, het artikels 7 en 8 van die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927, saamgelees met artikel 35 van die Zuid-Afrika Wet 1909, tot belangrike regspraak gelei. R v Ndobe was 'n toetssaak par excellence en enkele aangeleenthede van fundamen-

117. Vgl Brand (1909) hfst X, veral 107-8 en Walton (1912) hfst V, veral 150-7. Let daarop dat Bantoe verkiesbaar was tot die Kaapse koloniale parlement, maar dat geen Bantoe ooit aldus verkies is nie.

118. Par 3.3 supra.

tele staatsregtelike belang is in die uitspraak aange=
raak.¹¹⁹⁾

Die appellant Ndobe was 'n Bantoe wat gewoon het op twee erfpageerwe in die Kingwilliamstown-distrik, wat volgens hom sy eiendom was uit hoofde van 'n sogenaamde "Sir George Grey-titel." Oor die eiendomsreg op grond in dié distrik het daar op daardie stadium reeds lank verwarring bestaan, soos blyk uit die Departement van Naturellesake se jaarverslag vir die jaar 1911, waar=
uit hier met vruḡ uitvoerig aangehaal kan word, aange=
sien dit lig werp nie alleen op die feite van die Ndobe-
gewysde nie, maar ook op die motivering agter artikels
7 en 8 van Wet 38 van 1927:¹²⁰⁾ "Successive Govern=
ments of the Cape of Good Hope have favoured the form
of Native individual tenure which owed its inception
to the policy of settling tribes of loyal Natives to
act as buffers between the European communities and
other hostile tribes.

"The form of tunure was, until the promulgation
of the Glen Grey Act, 1894, on purely European lines,
and experience has shown that such tenure was too pre=
mature, as the Native with generations of cummunal life
behind him failed entirely to grasp the fundamental
idea of a title deed, for land registration and admi=
nistration.

119. Op 488 begin hr De Villiers dan ook sy uitspraak met "This
appeal raises a question of the first importance as to the legis=
lative powers of Parliament with reference to the qualifications
of voters in the Cape Province."

120. UG 10 - '13 11-2.

"The hopeless muddle which ensued in the Stockenstrom District led to the passing of a special Act to settle matters. But, there are other districts, such as King William's Town, in which practically a similar state of affairs exist, and land matters may, without exaggeration, be described as chaotic in that district.

"The hands of administrative and executive officers are tied by the lack of machinery to bring affairs into some order, and legislation would be needed to right matters."

En verder: "King William's Town with its varied forms of land tenure varying from an outright freehold grant, through a modified Glen Grey tenure, to communal tenure would be an ideal district for a Commission consisting of officials from the Lands and Native Affairs Department to investigate and furnish the Government with information to serve as a basis for legislation applicable to all Native land tenure throughout the Union."

Uit hoofde van die Kaapse wetgewing rakende stemreg het eiendomsreg op grond soos dié van Ndobe gedien as kwalifikasie om te registreer as kieser indien die grond met die verbeterings daarop ten minste £75 werd was.¹²¹⁾ In 1929 is die addisionele naturellekommisaris van Kingwilliamstown ingevolge artikel 8(1) van

121. Die betrokke grond was nie binne die trefkrag van artikel 26 van die Glen Grey-wet van 1894 nie, wat erfpaggrond uitgesluit het van eiendom wat in berekening gebring kon word vir die doeleindes van stemregkwalifikasies.

Wet 38 van 1927 aangestel met die opdrag om onder meer die eiendomsreg en besit van grond deur Bantoe in die lokasie waarin Ndobe se grond geleë was, te ondersoek as deel van die proses van die standaardisering van eiendomstitels wat beoog is met die aanname van die betrokke bepalings. Ingevolge artikel 8(3) van die Wet het die kommissaris vir Ndobe gedagvaar om op 'n bepaalde datum voor hom te verskyn om aan hom (die kommissaris) alles wat hy (Ndobe) van die eiendomsreg op die twee betrokke erwe weet, mee te deel en om die titelaktes voor te lê. Ndobe het toe op die bepaalde dag voor die kommissaris verskyn maar geweier om enige getuienis te lewer of om sy titelaktes voor te lê, op grond daarvan dat die Naturelle-administrasie Wet 1927 volgens hom ongeldig was, synde ultra vires die Parlement, en die aanstelling van die kommissaris dus eweneens ongeldig was. Daarop is Ndobe aangekla weens sy verontagsaming om volledig te reageer op die subpoena, skuldig bevind en net twee sjielings en ses pennies beboet. Hierteen het hy geappelleer na die Oostelike Distrikte plaaslike afdeling, wat sy appèl van die hand gewys het, waarop hy na die Appèlafdeling geappelleer het.

Ndobe se argument was dat artikels 5(1)(b) (in verband met die Goewerneur-generaal se kompetensie om Bantoe vanaf die grond wat hulle bewoon, te laat verwyder), 7 (in verband met die vervanging van erfpagtitels van Bantoe met ander titelaktes), 23(2) (in verband met die reëling van die vererwing deur Bantoe van erfpagtitels) en 25(1) (in verband met die Goerwerner-

generaal se proklamasiekompetensies in die Bantoe-streke), se aanname geskied het in stryd met artikel 35 van die Zuid-Afrika Wet 1909, aangesien dié bepaling die beskermde regte van die Kaap se Bantoe-kiesers aantast. Indien korrek, sou dié argument dus meebring dat Wet 38 van 1927 ongeldig was omdat dit nie by 'n gesamentlike sitting van die twee Huise van die Parlement met 'n twee-derde meerderheid aangeneem is nie.

Die bepaling wat vir die uitspraak die grootste belang gehad het, was artikel 7. Die hof bevind dat artikel 7 op sigself geen regte van Bantoe wat betrekking het op kieserskwalifikasies aantast nie, aangesien die vervanging van titelaktes wat ander, by proklamasie voorgeskrewe voorwaardes as die bestaande bevat, nie op sigself die betrokke Bantoe van hul kwalifikasies om as kiesers te registreer, sal ontnem nie. Sou die Goewerneur-generaal se proklamasie egter vir die nuwe titelaktes voorwaardes neerlê wat die betrokkenes se eiendomskwalifikasies sou aantast, sou dié proklamasie ultra vires wees: sodanige proklamasie was egter nie uitgereik nie. Hierdie regsinding was myns insiens 'n briljante en suiwere ontleding van die posisie, gebaseer op die reël dat die Parlement nie meer kompetensies kan deleger as wat hy self het nie en op die feit dat artikel 7 van Wet 38 van 1927 geheel binne die gewone wetgewingskompetensie van die Parlement gelê het, aangesien dit juis weens artikel 35 nie aanleiding kon gee tot die ontneming van Bantoe van hul bestaande eiendomskwalifikasies nie.

Dieselfde beredenering is deur die hof op artikel 25(1) van toepassing gemaak:¹²²⁾ "... as Parliament is bound to observe the provisions of the South Africa Act, the section is not to be taken to confer unrestricted powers of legislation upon the Governor-general. Any Proclamation issued under it would have to respect the limits imposed upon the power of being declared ultra vires."

Wat artikel 23(2) betref, bevind die Hof ook dat die appellant se argument moet faal, aangesien dit daarop neerkom dat 'n verandering van die erfpag 'n verandering van kieserskwalifikasies meebring, wat ooglopend nie die geval kan wees nie. Die hof het 'n beslissing oor die geldigheid van artikel 5(1)(b) oopgelaat, aangesien dit nie in die betrokke saak ter sake was nie.

Wat artikel 35(2) betref, het die hof myns insiens 'n wanvertolking daarop na gehou. Op 492 sê hr De Villiers: "Sub-sec (2) safeguards the rights of persons who at the passing of the new law are registered as voters in any province. The names of such persons cannot be removed from the roll even by a two-thirds majority. Under sec 59 of the South Africa Act, Parliament has full power to make laws for the peace, order and good government of the Union but that section cannot be invoked to enlarge its powers under sec 35."

122. Op 496 van die verslag.

Met hierdie standpunt van die Appèlafdeling het VerLoren van Themaat selfs teen 1960 nog saamgestem.¹²³⁾ In die lig van wat hierbo¹²⁴⁾ gesê is aangaande die verskansingseffek van artikel 152 op artikel 35 in sy geheel, is dié standpunt klaarblyklik foutief: dit was ook die beredeneerde gevolgtrekking van hr Centlivres in Harris and Others v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A) op 460 - 1.¹²⁵⁾

Laastens moet hier melding gemaak word van die uitspraak van die Appèlafdeling in die Ndobe-saak aangaande die toetsingskompetensie van die Hof, welke aanleentheid hieronder in hoofstuk IV weer ter sprake kom. Die besondere dictum op 497, wat reeds 'n locus classicus geword het, verdien ook volledige aanhaling: "Under sec 58 of the South Africa Act, each House of Parliament is free to prescribe its own rules with respect to the order and conduct of its business and proceedings. Into the due observance of such rules this Court is not competent to enquire. But whether an Act has been validly passed by Parliament is another matter. The Court naturally assumes, until the contrary appears, that any Act of Parliament has been validly passed." Hiermee het die hof drie sleutelbeginsels neergelê: eerstens dat onderskei moet word tussen die intern-

123. (1959/60) 155.

124. Par 4.1.1. supra.

125. Vgl ook die dictum van die Kaapse regter-president Van Zyl in Ndlwana v Hofmeyr NO and Others gerapporteer in 1937 A 233-4.

neergelegde parlementêre prosedurereëls en dié wat by wetgewing voorgeskryf is; tweedens dat geen hof oor die nakoming al dan nie van interne prosedurereëls uit-spraak mag lewer nie, maar dat die hof wel sodanige toetsingskompetensie het ten aansien van die nakoming deur die Parlement van statutêr-voorgeskrewe prosedurereëls; en derdens dat 'n dokument wat voorgee 'n wet van die Parlement te wees, vermoed word 'n geldige wet te wees totdat die teendeel bewys word.

Uit bostaande uiteensetting van die Ndobe-uitspraak is dit met betrekking tot die deelname van die Bantoe aan die staatsprosesse van die Unie saam met die Blanke duidelik dat artikel 35 van die Zuid-Afrika Wet 1909 effektief die doel waarvoor dit geformuleer is, naamlik die beskerming van nie-Blanke stemreg in die Kaap, gedien het. Die bepaling was klaarblyklik egter nie 'n verlamming van die wetgewer oor stemregaangeleenthede nie, soos uit die latere geskiedenis blyk: artikel 35 het die Kaapse Bantoestemregsentimente effektief beskerm so lank as wat Blanke meerderheidsmening dit geduld het, sonder egter om 'n noemenswaardige struikelblok te plaas in die weg van wetgewing oor meer algemene Bantoesake soos Wet 38 van 1927.

4.1.3. Die Naturelle-verteenwoordigingswet 12 van 1936

Hierdie Wet, wat aangeneem is in ooreenstemming met die verskansingsprosedure van artikels 35(1) en 152 van die Zuid-Afrika Wet 1909, het 'n nuwe fase in die deelname van Bantoe aan die Unie se staatsprosesse

ingelui deur nuwe reëlings te tref met betrekking tot die verteenwoordiging van die Bantoe in die Senaat en die verteenwoordiging van die Kaapse Bantoe kiesers in die Volksraad en in die Kaapse Provinsiale Raad. Die vierde hoofaspek van die Wet, naamlik die skepping van die Naturelle Verteenwoordigende Raad word in paragraaf 4.3. hieronder bespreek.

Artikel 7 van die Wet kan beskou word as die kernbepaling. Daarin (subartikel (1)) is voorsiening gemaak vir die opstel van die sogenaamde Kaapse Naturelle kieserslys. Die name van al die Bantoe wat by die inwerkingtrede van die Wet geregistreerde kiesers in die Kaapprovinsie was, moes in dié lys opgeneem word. Subartikel (4) het bepaal dat alle Bantoe wie se name opgeneem word in die Kaapse Naturelle kieserslys, geskrap moes word van enige ander kieserslys vir die verkiesing van Volksraads- en provinsiale raadslede. Die geldigheid van hierdie twee bepalings is aangeval in die welbekende saak van Ndlwana v Hofmeyr NO and Others 1937 AA 229. Die aanval het berus op die bewering dat dié bepalings nie binne die trefwydte van artikel 35(1) van die Zuid-Afrika Wet 1909 geval het nie, daarom nie volgens die verskansingsprosedure aangeneem moes gewees het nie en dus ongeldig was. Volgens die argument vir Ndlwana was die verplasing van Bantoe kiesers vanaf die gemeenskaplike na 'n afsonderlike kieserslys nie 'n diskwalifikasie van dié kiesers bloot op grond van ras of kleur nie. Regter-president Van Zyl van die Kaapse Provinsiale Afdeling het dié argument verwerp¹²⁶⁾ op

126. Op 231-2.

grond daarvan dat artikel 35(1) van die Zuid-Afrika Wet 1909 na sy oordeel die posisie van die Kaapse Bantoe-kieser verskans het soos dit was by Uniewording, dus ook die feit dat hulle op die gemeenskaplike lys was. Die Appèlafdeling het nie eers dié argument oorweeg nie, maar die appèl verwerp bloot op grond van die oordrewe siening van die hof van die Unie se parlementêre wetgewende soewereiniteit wat dan verkry sou gewees het deur die Statuut van Westminster van 1931 en wat alle moontlikhede van 'n toetsingskompetensie sou uitsluit. Hierdie hoofargument van die hof was in wese foutief, soos ook blyk uit die sogenaamde eerste Harris-gewysde,¹²⁷⁾ maar myns insiens was die provinsiale afdeling wel korrek om te bevind dat onder meer artikel 7 van Wet 12 van 1936 binne die sfeer van artikel 35(1) van die Zuid-Afrika Wet 1909 geval het en is die eindelelike afwysing van die appèl wel aanvaarbaar.

Artikel 7(2) het bepaal dat Bantoe wat ná 1936 geregtig sou wees om ingevolge die kieswetgewing van die Kaapprovinsie as kiesers te registreer as dit nie vir die aanneme van die Wet was nie, steeds op aansoek geregtig sou word vir registrasie op die Kaapse Naturelekieserslys, en subartikel (3) het op soortgelyke wysy die Kaapse kieswetgewing ten opsigte van diskwalifikasie in stand gehou.

127. Harris and Others v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A) op 461-72.

Artikel 42 het ingehou dat die Bantoe wie se name op die Kaapse Naturellekieserslyk opgeneem is, steeds al die regte, voorregte en "vrydomme" ("exceptions") sou geniet wat enige wetgewing aan Kaapse parlementêre kiesers verleen het, behalwe om soos voorheen deel te neem aan die verkiesing van Volksraads- en provinsiale raadslede.

Artikel 44 se aanname het ongetwyfeld die nakoming van die verskansingsprosedure noodsaaklik gemaak, aangesien artikel 35 van die Zuid-Afrika Wet 1909 uitdruklik daardeur gewysig is. Die effek van hierdie wysiging was eerstens dat die nakoming van die verskansingsprosedure onnodig geword het by die aanname van 'n wet ingevolge waarvan Bantoe bloot op grond van ras of kleur gediskwalifiseer word om in die Kaap as kiesers te registreer. Tweedens het die wysiging egter die effek gehad dat die aansprake van Bantoe om ingevolge Wet 12 van 1936 as kiesers op die Kaapse Naturellekieserslyk geregistreer te word, asook die aantal Bantoverteenwoordigers in die Volksraad, verskans is met die reeds bestaande wysigingsprosedure. Derdens het die wysiging meegebring dat die verskansing wat artikel 152 van die Zuid-Afrika Wet 1909 verleen het aan artikel 35(2), ten opsigte van Bantoe verwyder is, sodat die verskansingsprosedure nie meer nodig was by die aanname van wetgewing ingevolge waarvan Bantoe in ander provinsies as kiesers gediskwalifiseer is op grond van ras of kleur nie. Artikel 3 van die Wet tot Wysiging van die Suid-Afrika Wet 1909 9 van 1956 het artikel 35 sodanig gewysig dat alle sweem van verskansing daar=

van of voorbehoudsbepalings daartoe, geskrap is.

4.1.3.1. Bantoeverteenwoordiging in die Senaat

Artikel 2 van die Wet het voorsiening gemaak vir die instelling van vier "kiesgebiede", naamlik Natal, die Transvaal en Vrystaat saam, die Transkeigebied en die res van die Kaapprovinsie, welke kiesgebiede se Bantoe elk deur een senator verteenwoordig sou word.¹²⁸⁾ Ingevolge artikels 3 en 8 moes daar vir elke kiesgebied een senator verkies word deur die "kieskollege" van die betrokke kiesgebied, welke kieskollege saamgestel is uit 'n aantal "stemeenhe." Die Transkeise stemeenheid is ingevolge artikel 4 saamgestel uit die lede van die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebiede¹²⁹⁾ sonder die magistrate; die ander drie stemeenhe het elk die volgende elemente bevat: (i) die kapteins van dié stamme in die kiesgebied wat nie onder die gesag van 'n plaaslike raad¹²⁹⁾ val nie; (ii) die plaaslike rade; (iii) die natuurlike adviserende komitees,¹³⁰⁾ en (iv) die kieskomitees;¹³¹⁾ vir die Transvaal/Vrystaat-kiesgebied het hierby nog die natuurlikereserwe-bestuursrade gekom en vir die Kaapprovin-

128. Subartikel (2) het voorsiening gemaak vir 'n uitbreiding van die aantal kiesgebiede na 'n maksimum van ses, maar dit is nooit gedoen nie: vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 160. Subartikels (2)(c) en (3) het verseker dat die Transkeise gebiede vir hierdie doeleindes as 'n eenheid hanteer sou word.

129. Vide infra par 4.2.

130. Ingestel kragtens a 10 van die Naturellen (Stadsgebieden) Wet 21 van 1923 - kyk a 1 van die Wet.

131. Kieskomitees moes ingevolge a 5 deur die Minister ingestel word om Bantoe te verteenwoordig wat nie binne ander stemeenhe se gebiede val nie.

sie (Transkei uitgesonder) die hoofmanne van lokasies wat nie binne die jurisdiksie van 'n plaaslike raad of onder die gesag van 'n kaptein geval het nie. Hieruit blyk dit dat die stemreg van Bantoe nie vir die doeleindes van die verkiesing van senatore uitgebrei is na Natal, die Transvaal en die Vrystaat nie, maar dat reeds bestaande instansies van die Bantoe wat beperkte selfbeskikking op plaaslike vlak hanteer het, ingespan is vir dié doel, sodat gesê kan word dat dié senatore op hoogs indirekte wyse deur die Unie se Bantoebevolking aangewys is.

Ingevolge artikel 9 is die vier senatore wat die Bantoe verteenwoordig het, bo en behalwe die aantal senatore wat verkies en benoem is ingevolge die Zuid-Afrika Wet 1909, verkies. Artikel 10 het die ampstermyn van dié vier senatore op vyf jaar gestel.¹³²⁾ Wat die kwalifikasies, diskwalifikasies, regte en pligte van dié vier senatore betref, is al die tersaaklike bepalinge van die Zuid-Afrika Wet 1909 wat vir ander verkose senatore gegeld het, deur artikel 11 van toepassing gemaak, behalwe dat ook nog vereis is dat hulle twee jaar voor hul verkiesing in die provinsie waarin die kiesgebied wat hulle verteenwoordig het, geleë was, moes gewoon het. Hierdie bepaling het natuurlik meegebring dat alleen Blankes as senaatsverteenwoordigers van die Bantoe verkiesbaar was.

132. Hierdie termyn is nie beïnvloed of verkort deur die ontbinding van die Senaat nie en Wet 45 van 1947 het die termyn verleng na die 30ste Junie wat sou volg op die verstryking van die termyn van vyf jaar ná die datum van die verkiesing.

4.1.3.2. Bantoeverteenwoordiging in die Volksraad

Artikel 6 van die Wet het dit aan die Goewerneur-generaal opgedra om ná raadpleging van die Naturelle-appèlhof wat jurisdiksie in die Kaapprovinsie gehad het, dié provinsie by proklamasie in drie "kieskringe" te verdeel vir die verkiesing ingevolge artikel 12, van drie volksraadslede deur die Bantoe op die Kaapse Naturellekieserslys. Laasgenoemde moes ingevolge artikel 7(6), in ooreenstemming met die afbakening van die drie kieskringe, in drie verdeel word.

Die drie volksraadslede wat aldus verkies sou word deur die Kaapse Bantoe kiesers, was ingevolge artikel 13 bykomend by die aantal volksraadslede wat ingevolge die Zuid-Afrika Wet 1909 verkies moes word, sou nie in berekening kom by die vermeerdering van die totale aantal volksraadsetels of herafbakening van kiesafdelings nie en is uitgesluit van die kieskollege van volksraadslede en provinsiale raadslede wat vir die Kaapprovinsie senatore gekies het.

Artikel 14 het die ampstermyn van hierdie volksraadslede ook op vyf jaar gestel, niesteenstaande die ontbinding van die Volksraad.¹³³⁾ Soos artikel 11 in verband met die senatore, het artikel 15 die kwalifikasies, diskwalifikasies, regte en pligte van volksraadslede oor die algemeen ook op die vier Bantoeverkose volksraadslede van toepassing gemaak, behalwe dat

133. Wet 45 van 1947 het, net soos in die geval van die senatore, hierdie ampstermyne op die 30ste Junie eersvolgende op die vyf jaar laat verstryk.

verder nog vereis is dat hulle voor hul verkiesing vir twee jaar in die Kaapprovinsie moes gewoon het. Artikel 15 het dus ook meegebring dat alleen Blankes deur die Kaapse Bantoe kiesers tot die Volksraad verkies kon word.

4.1.3.3. Bantoe-verteenvoording in die Kaapse Provinsiale Raad

Net soos in die geval van die afbakening van kieskringe vir die Volksraadsverkiesing, het artikel 6 voorsiening gemaak vir die afbakening in die Kaapprovinsie van twee "kiesafdelings" vir die verkiesing ingevolge artikel 16 deur die Bantoe op die Kaapse Naturelle kieserslys (wat ingevolge artikel 7(7) in ooreenstemming met die afbakening van die twee kiesafdelings in twee gedeeltes is), van twee lede van die Kaapse Provinsiale Raad. Net soos die Bantoe-verkose volksraadslede was hierdie lede van die Provinsiale Raad weens artikel 17 bykomend tot die aantal wat ingevolge die Zuid-Afrika Wet 1909 verkies is en het ook nie deel gehad aan die Kaapse kieskollege vir die verkiesing van senatore nie. Artikel 18 het die dienstermyne van hierdie persone ook op vyf jaar gestel, ongeag ontbinding van die Raad.¹³⁴⁾

Artikel 19 het die diskwalifikasies, regte en pligte van die twee Bantoe-verkose lede van die Kaapse Provinsiale Raad basies gelyk gestel aan dié van die an-

134. En Wet 45 van 1947 het ook hier dieselfde aanpassing gemaak as vir die Bantoe-verkose senatore en volksraadslede, nl 'n verlenging van termyn tot die eersvolgende 30ste Junie.

der lede van die Raad, maar as kwalifikasies is dieselfde vereis as wat deur artikel 44 van die Zuid-Afrika Wet 1909 vir volksraadslede voorgeskryf is (behalwe dat twee jaar se verblyf in die Kaapprovinsie ook nog vereis is): dit het natuurlik dié verandering op die voorheen bestaande, reeds gemelde situasie teweeg gebring dat Bantoe nie meer verkiesbaar was tot die Kaapse Provinsiale Raad nie, maar slegs Blankes.

Hieronder in paragraaf 6 word die skepping en ontplooiing van 'n stelsel van Bantoe-deelname aan staatsprosesse náás dié van die Blankes, bespreek wat vanaf die vyftigerjare opgebou is. Bantoe-deelname aan die Unie se staatsprosesse saam met die Blankes het ten gunste van die nuwe stelsel in 1959/60 heeltemaal ten einde gekom: artikel 15 van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur 46 van 1959 het naamlik Wet 12 van 1936 in sy geheel herroep en verhoed dat die kiesstelsel van die Kaapprovinsie van vóór 1936 herleef. Die senatore, volksraadslede en provinsiale raadslede wat egter ingevolge Wet 12 van 1936 deur Bantoe verkies is, het hul ampte behou totdat hul ampstermyne op 30 Junie 1960 verstryk het.¹³⁵⁾ Daardeur is Bantoe-vertewoordiging in dié liggame en die Kaapse Bantoe-stemreg dus geheel en al tot niet gemaak.

4.2. Beperkte Plaaslike Selfbeskikking deur Bantoe

In hierdie subparagraaf gaan dit om daardie instel-

135. Vgl 1959 Annual Survey of South African Law 1.

lings wat sedert 1910 bestaan het vir die Bantoe waar-
deur hulle afsonderlik op 'n beperkte skaal deel kon hê
aan die staatsprosesse. Daardie maatreëls wat sedert
1951 getref is en wat beskou word as die basis van die
huidig geldende Bantoe staatsreg, word egter gelaat vir
ontleding in paragraaf 6 hieronder.

4.2.1. Die Naturellezaken Wet 23 van 1920 en die Wet
op Bantoesake 55 van 1959

Artikel 5¹³⁶⁾ van die 1920-Wet het die Goewerneur-
generaal gemagtig om op aanbeveling van die Naturelle-
sakekommissie vir naturelle streke¹³⁷⁾ of dele daarvan
en vir aangrensende gebiede, sogenaamde plaaslike rade
in te stel, bestaande uit 'n maksimum van nege Bantoe-
lede onder voorsitterskap van 'n Blanke staatsamptenaar
aangewys deur die Minister van Bantoe-administrasie en
-ontwikkeling en met beheerkompetensies oor 'n gebied
wat by proklamasie van die Goewerneur-generaal neerge-
lê is. Artikel 5 van Wet 55 van 1959 is 'n herbepaling
hiervan, behalwe dat geen maksimum neergelê word vir
die aantal lede van die rade nie.

Artikel 6, wat herbepaal is in die 1959-Wet, het
aan plaaslike rade gesag gegee oor 'n aantal plaaslike
belange soos die instandhouding van paaie en damme,

136. Soos gewysig deur a 1 van Wet 15 van 1927.

137. Waaronder ingevolge a 21(1) van Wet 18 van 1936 verstaan
moes word "alle grond waarvan die Trust die geregistreerde
eienaar is, of wat deur die Trust aan 'n naturel oorgedra is ..."

betryding van veesiektes, die oprigting van hospitale, verbetering van die landbou en onderwys, en so meer en artikel 7 (eweneens herbepaal in 1959) het aan die rade die plig opgelê om die Naturellesakekommissie oor die algemene belange van die Bantoe wat deur die betrokke raad verteenwoordig word, asook oor enige saak wat dié Kommissie of Minister daarheen verwys, te adviseer.

Artikel 8 van die Wet het aan plaaslike rade wetgewende gesag oor die aangeleenthede vermeld in artikel 6 verleen. Sulke verordeninge moes deur die Goewerneur-generaal goedgekeur word en in die Staatskoerant gepubliseer word om in werking te kon tree. Die Goewerneur-generaal kon 'n verordening wat vir goedkeuring aan hom voorgelê is wysig, aanvul en bestaande verordeninge herroep. Artikel 8 van die 1959-Wet bevat wesenlik dieselfde bepalings met enkele uitbreidings: waar artikel 8(1) in 1920 plaaslike rade slegs gemagtig het om gelde voor te skryf vir die lewering van dienste, kan hulle nou ook belasting hef op diegene aan wie die dienste gelewer word. Die huidige artikels 8(3) en (4) maak voorsiening vir die uitvaardiging van verordeninge vir 'n plaaslike raad deur die Minister nadat 'n openbare ondersoek deur 'n staatsamptenaar wat daarvoor aangewys is, bevind het dat die raad versuim om die nodige verordeninge uit te vaardig.

Artikel 9 (in albei Wette) magtig die plaaslike rade verder om van Bantoe wat gewoonlik binne die raad se jurisdiksiegebied woon, 'n belasting van hoogstens

twee rand te vorder welke belasting afgetrek word van direkte belasting wat die Staat hef op sodanige Bantoe.

Artikel 10 (van albei Wette) bepaal dat die inkomste van plaaslike rade uit die belasting en gelde deur homself gehef en boetes wat opgelê is weens oortreding van sy verordeninge geput word en dat dit aangevul word uit staatsgelde. Die bedoeling is dus klaarblyklik dat die plaaslike rade soveel moontlik uit plaaslike fondse gefinansier moet word.

Artikel 12 (artikel 11 van die 1959-Wet) gee aan plaaslike rade, nomine officii verteenwoordig deur die betrokke voorsitter, verskyningsbevoegdheid in regsge-dinge en artikel 11 (artikel 15 van die 1959-Wet) magtig die Goewerneur-generaal om regulasies aangaande die funksionering van die plaaslike raadstelsel uit te vaardig.

Vir die gevalle waar die Bantoesakekommissie meen dat die inwoners van 'n gebied waarvoor die instelling van 'n plaaslike raad beoog word, nie voldoende ontwikkel is nie, maak artikels 12 en 13 van die 1959-Wet¹³⁸⁾ daarvoor voorsiening dat die gesagsuitoefening en belastingheffing van sodanige rade deur die Staatspresident onderhewig gemaak kan word aan die goedkeuring telkens van die Minister en vir die opheffing van sodanige beperkings, weer eens op aanbeveling van die Bantoesakekommissie.

138. Wat herbepalings is van a 2 en a 3 van die Naturellesake Wet 1920 Wysigingswet 27 van 1926.

Artikel 14 van die 1959-Wet lees wesenlik net soos artikel 14 van die 1920-Wet en maak voorsiening vir die instelling van algemene rade deur die Staatspresident "wanneer dit blyk dat 'n bevoegdheid wat deur hierdie Wet aan plaaslike rade verleen is, in twee of meer gebiede waarvoor plaaslike rade ingestel is, voordeliger uitgeoefen kan word deur 'n liggaam met regsbevoegdheid in al daardie gebiede." 'n Algemene raad moes saamgestel word uit verteenwoordigers van elk van die samestellende plaaslike rade, soos deur die Staatspresident op advies van die Bantoesakekommissie bepaal. 'n Staatsamptenaar kon as voorsitter aangestel word en van die voorsitters van die samestellende plaaslike rade kon verwag word om die algemene raadsvergaderings in adviserende hoedanigheid by te woon. Die kompetensies, verpligtinge en funksies van algemene rade kon deur die Staatspresident (weer eens op advies van die Bantoesakekommissie) aan hulle vir hul hele gesagsgebied toegeken word uit dié wat die Wet aan plaaslike rade opgedra het, en waar sodanige kompetensies, verpligtinge en funksies aan 'n algemene raad toegeken is, is dit van die betrokke plaaslike rade onttrek. Dit is insiggewend dat die distriksraad wat ingevolge die Glen Grey Wet van 1894 ingestel is vir die doeleindes van artikel 14 geag is 'n plaaslike raad te wees.

Uit bostaande is dit duidelik dat dié gedeelte van Wet 23 van 1920 bedoel is as 'n voortbouing op en uitbreiding van die stelsel wat geskep is deur die

Kaapse Glen Grey Wet van 1894.¹³⁹⁾ Die Wet het nie laasgenoemde wet vervang in die gebiede waar dit gegeld het nie, maar het die patroon van die Glen Grey-stelsel na Transvaal, Natal, en die Noord-Kaap probeer uitvoer.

Tot in 1927 is geen plaaslike rade ingevolge die Wet ingestel nie,¹⁴⁰⁾ maar daarna, tot in 1950, is sewe en twintig ingestel:¹⁴¹⁾ van hierdie aantal was net ses tydelik ingevolge artikel 12 van die Wet in hul gesag beperk, welke beperkings teen 1947 almal reeds opgehef was.¹⁴²⁾ Elke proklamasie waardeur 'n plaaslike raad geskep is, het die jurisdiksiegebied daarvan neergelê, asook die aantal lede waaruit die raad saamgestel moes word en hoeveel van hulle verkies en hoeveel benoem moes word.¹⁴³⁾ In 1930 het die Goewerneur-generaal regulasies uitgevaardig wat hy daarna van tyd tot tyd gewysig het, waarin die besonderhede van die funksionering van die hele raadstelsel bepaal is.¹⁴⁴⁾ Wat ooglopend van die stelsel is, is dat geen erkenning daarin verleen is aan die tradisionele Bantoestaatsreg=

139. Vgl bv Hailey (1956) 426, Brookes (1927) 114 en 226 en die pasvermelde feit dat die Glen Grey-distriksraad in Wet 23 van 1920 se stelsel geabsorbeer is.

140. Evans (1934) 59.

141. 8 in die Ciskei, 3 in die Noord-Kaap, 3 in Natal en 13 in Transvaal: kyk Offisiële Jaarboek 1950 501.

142. Ibid en Rogers (1949) 67.

143. Rogers (1949) 67-8.

144. Rogers (1949) 64-5.

telike owerheidspersone en -instellings nie en dat on-
derverdeling en samestelling van die rade eerder op
geografiese as etniese grondslag geskied het, welke
feite moontlik daartoe bygedra het dat die stelsel be-
treklik stadig ontplooi en min ontwikkel het.¹⁴⁵⁾

Slegs een algemene raad, naamlik die Ciskeise Al-
gemene Raad, is ingevolge Wet 23 van 1920 ingestel en
wel in 1934¹⁴⁶⁾ toe die Glen Grey distriksraad en die
agt ander plaaslike rade aldus op federale basis saam-
gesnoer is. Die Raad is saamgestel uit die voorsitters
en twee lede van elke plaaslike raad, onder voorsitter-
skap van die betrokke hoof-naturellekommissaris, wat
ook as hoof-uitvoerende amptenaar van die Raad gefunk-
sioneer het. Die plaaslike rade se voorsitters was die
plaaslike naturellekommissarisse en het die Algemene
Raad slegs in adviserende hoedanigheid bygewoon. Ken-
merkend van die Raad was die federale grondslag waarop
dit gefunksioneer het (in teenstelling met die uniale
samestelling van die Transkeise "Bunga"¹⁴⁷⁾) wat 'n
groot mate van outonomie in die plaaslike rade se han-
de gelaat het.¹⁴⁸⁾

145. Vgl Maritz (1976) 489.

146. Offisiële Jaarboek 1952-53 493-4, waaruit die res van die
inligting oor die Ciskeise Algemene Raad ook grootliks bekom is.
Vgl ook Rogers (1949) 70-2.

147. Vide infra par 4.2.2.2.

148. 'n Volledige uiteensetting van onderskeidelik die algemene
en plaaslike rade in die Ciskei is te vind in die laasaangehaal-
de bronne.

Waarom dit nodig gevind is om die Wet op Bantoe=
sake 55 van 1959 as konsoliderende maatreël¹⁴⁹⁾ aan te
neem, is uit die oogpunt van die raadstelsel ietwat van
'n raaisel: ingevolge artikel 12 van die Wet op Ban=
toe-owerhede 68 van 1951 moes plaaslike en algemene
rade ophou om te bestaan sodra streeks- en gebiedsower=
hede vir die betrokke gebiede ingestel is en die enig=
ste algemene raad wat ooit ingevolge dié Wet bestaan
het, naamlik dié van die Ciskei, is in 1961 deur 'n ge=
biedsowerheid vervang.¹⁵⁰⁾

4.2.2. Ander Plaaslike Owerheidsinstellings van die Bantoe

4.2.2.1. Die Distriksraad van Glen Grey

Hierdie oudste plaaslike raad van die radestelsel,
het met slegs enkele aanpassings¹⁵¹⁾ op die basis van
die Kaapse Glen Grey Wet van 1894¹⁵²⁾ oor 'n periode

149. 1959 Annual Survey of South African Law 32.

150. Vgl bv Malan en Hattingh (1975) 124 i v m die instelling van die Ciskeise gebiedsowerheid. Oor die voortbestaan van die radestelsel, vergelyk die volgende opmerking in Offisiële Jaarboek 1956-57 357: "Dié Rade word nou deur die meerderheid van die Bantoebevolking as verouderd beskou en die meeste daarvan is deur die meer vooruitstrewende en dinamiese stelsel van Bantoe-owerhede vervang."

151. Vgl Rogers (1949) 34-8, May (1955) 491-2 en die laasaan-gehaalde Offisiële Jaarboek 356-7 vir beskrywings van hoe die stelsel tot in 1957 gefunksioneer het.

152. Vide supra hfst I.

van sewentig jaar bly voortbestaan en is, soos hierbo reeds aangedui, as plaaslike raad in die stelsel van Wet 23 van 1920 en Wet 55 van 1959 geakkomodeer. In 1965 is die Streeksowerheid van Glen Grey ingestel,¹⁵³⁾ wat deur die werking van die reeds aangehaalde artikel 12 van Wet 68 van 1951 meegebring het dat die Distriksraad opgehou het om te bestaan. Tegelykertyd is die twee lokasierade in die Glen Grey-distrik afgeskaf¹⁵⁴⁾ en twee ooreenstemmende stamowerhede ingestel.¹⁵⁵⁾

4.2.2.2. Die Transkeise Rade

Soos hierbo in hoofstuk I aangedui is, het Uniewording nie die voortgesette uitbreiding en ontwikkeling van die raadstelsel in die Transkei beïnvloed nie. Teen 1927 was daar in al die distrikte van die Transkei distriksrade ingestel.¹⁵⁶⁾ Met die eerste instelling van die stelsel in 1911 in Pondoland-Wes, is die drie nuwe distriksrade saamgesnoer in die "Pondoland

153. Ingevolge Goewermentskennisgewing 8 van 1965 gepubliseer in Buitengewone Staatskoerant 993 van 2 Jan 1965.

154. Prokl 1 van 1965 in die laasaangehaalde Staatskoerant gepubliseer.

155. Goewermentskennisgewing 7 en 9 van 1965, ook in die laasaangehaalde Staatskoerant gepubliseer.

156. Prokl 95 van 1911 (Matatiele), prokl 169 van 1911 (Pondoland-wes - drie distriksrade), prokl 310 van 1924 (Xalanga) en prokl 166 van 1927 (Pondoland-oos - vier distriksrade) - kyk Brookes (1927) 44-6.

General Council."¹⁵⁷⁾ In 1927 is hierdie Raad uitgebrei deur die toevoeging van die nuutgestigte vier distriksrade van Pondoland-Oos.¹⁵⁸⁾

Ingevolge proklamasie 279 van 1930¹⁵⁹⁾ is die "Pondoland General Council" en die "Transkeian Territories General Council" met ingang 1 Januarie 1931 saamgevoeg in die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebied, in die omgang bekend as die Bunga. Alle Transkeise distrikte, behalwe Mount Currie, was daarby betrokke.

Die Bunga het gefunksioneer volgens 'n konstitusie vervat in proklamasie 191 van 1932.¹⁶⁰⁾ Dit is saamgestel uit die hoofmagistraat (later hoof-naturellekommissaris) van die Transkeise gebied as voorsitter, die magistrate (naturellekommissarisse) van die betrokke distrikte as voorsitters van die samestellende distriksrade, ses en twintig Bantoelede wat elk deur die Gouwerneur-generaal vir 'n distrik aangestel is, vyf en veertig Bantoelede wat deur die samestellende distriksrade uit eie geledere verkies is, sewe Bantoelede wat

157. Kyk die reeds aangehaalde prokl 169 van 1911 en Brookes (1927) 45.

158. Kyk die reeds aangehaalde prokl 166 van 1927 en Brookes (1927) 46.

159. Gedateer 18 November 1930 en gewysig deur prokl 263 van 1943, 372 van 1947 en 259 van 1950 - vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 238 e v en Brookes (1927) 47 e v.

160. Gedateer 24 Oktober 1932 en van tyd tot tyd gewysig - Offisiële Jaarboek 1952-53 489.

uit die geledere van die Pondolandse distriksrade deur die Pondo-opperhoofde aangewys is en die opperhoofde van onderskeidelik die Oos- en Wes-Pondo, die AmaTembu en die AmaGcaleka. Die natuurlekommisarisie het geen stemreg in die Raad gehad nie, maar kon wel aan die bespreking deelneem. 'n Uitvoerende Komitee van die Raad, bestaande uit die hoof-natuurlekommisaris as hoof-uitvoerende beampte, vier natuurlekommisarisie deur hom aangewys en vier Bantoelede van die Algemene Raad deur die Bantoelede daarvan verkies, was belas met die administrasie van sake waaroor die Algemene Raad gesag gehad het. Die funksies van die Algemene Raad was (opsommenderwys) adviserend, belastingheffend en wetgewend van aard: die Raad moes bespreking voer oor sake en wetgewing wat die Transkeise Bantoe geraak het, belasting hef vir gebruik in verband met sake waaroor die Raad regulasies kon maak en regulasies vir goedkeuring en publikasie deur die Goewerneur-generaal formuleer oor 'n lang lys aangeleenthede van plaaslike belang.¹⁶¹⁾

In 1953 is 'n konsoliderende en wysigende proklamasie uitgevaardig¹⁶²⁾ waarin die Transkeise raadstelsel gereël is. Daarin is onder meer voorsiening gemaak vir die moontlikheid dat 'n Bantoe tot voorsitter van

161. Vir hierdie inligting en verdere besonderheide, vgl Brookes (1927) 47-51, VerLoren van Themaat (1959/60) 238-49 en Offisiële Jaarboek 1952-53 488-91.

162. Prokl 65 van 1953 in Staatskoerant 5039 van 27 Maart 1953 en gewysig deur prokl 35 van 1954.

die Algemene Raad verkies kon word in plaas van die hoof-naturellekommissaris.¹⁶³⁾ Hierdie konstitusie kon egter slegs vir drie jaar funksioneer, aangesien die Algemene Raad ingevolge proklamasie 180 van 31 Augustus 1956 vervang is met die Transkeise Gebiedsoowerheid.

Ingevolge hoofstuk 11 van die 1953-proklamasie is distriksrade saamgestel uit ses Bantoelede waarvan twee deur die Goewerneur-generaal aangewys is. Behalwe in Pondoland-Oos en -Wes is die ander vier lede van elke distriksraad deur 'n kieskollege bestaande uit twaalf verteenwoordigers van Bantoe-grondeienaars, belasting- en erfpagbetalers van die betrokke distrik uit eie gelede aangewys. In die Pondolandse distrikte is slegs twee lede so aangewys en die ander twee deur die twee onderskeie opperhoofde. In hul eie distrikte was die opperhoofde van Pondoland-Oos en -Wes, Tembuland en van die AmaGcaleka bykomende lede van die distriksrade. Die betrokke distrik se naturellekommissaris was ex officio voorsitter en plaaslike uitvoerende beampte van die distriksraad. Vir die eerste keer is egter in die 1953-proklamasie ook voorsiening gemaak vir die verkiesing van 'n Bantoe-voorsitter indien die Goewerneur-generaal daartoe toestemming sou verleen, welke voorsitter dan ook plaaslike uitvoerende beampte in die plek van die naturellekommissaris geword het. So 'n Bantoe-voorsitter sou egter bygestaan word deur 'n beampte bekend as sekretaris en tesourier van die dis-

163. Hoofstuk III van die proklamasie.

triksraad en die naturellekommissaris het steeds sitting, maar geen stem nie, op die distriksraad in raadgewende hoedanigheid behou.¹⁶⁴⁾

Ook die distriksrade is in 1956 vervang met distriksowerhede, saamgestel uit verskillende stamowerhede. Tussen die distriks- en gebiedsowerhede is ook nog streeksowerhede ingevoer.¹⁶⁵⁾

Die Transkeise radestelsel, wat gegroei het uit die Glen Grey-stelsel, was in Suid-Afrika uniek. Bepaalde voordele en bepaalde nadele het daaraan gekleef. Rogers se opmerking¹⁶⁶⁾ in 1948 is sprekend: "From what has been said above, it will be appreciated that the Transkeian General and District Councils are constituted as auxiliaries to the administration, their primary and most important functions being to associate the people with the control of local funds, to give them a voice in the conduct of affairs intimately affecting their own interests, to train them to constitutional methods of expressing their wishes in regard to general and local policy and to keep the Government and its officers in touch with Native feeling."

164. Vgl bv VerLoren van Themaat (1959/60) 239-40 en May (1955) 494.

165. Vide infra par 6.2 en vgl bv Breytenbach (1975) 11-2, VerLoren van Themaat (1959/60) 249-50 en Offisiële Jaarboek 1960 340.

166. (1949) 51.

Dit blyk dat die Glen Grey- en magistratestelsels in die Transkei gekombineer is, sonder egter dat veel ruimte gelaat is vir die ontwikkeling van individuele stamme se tradisionele staatkundige instellings of vir die realisering van individuele stamaspirasies op staatkundige gebied. Feit is dat die stelsel Blankgeoriënteer, of te wel a-tradisioneel vir die Bantoe was en dat die eintlike verantwoordelikheid gerus het op die skouers van die Blanke naturellekommissaris, wat deurgaans die leiding moes neem.¹⁶⁷⁾ Tog moet gekonkludeer word dat die Transkeise ondervinding met die stelsel aan die Transkeise Bantoe 'n voorsprong gegee het op al die ander Suid-Afrikaanse Bantoe: die rade-stelsel het 'n baie gerieflike raamwerk gebied waarop die stelsel van Bantoe-owerhede oorgeplant kon word en het ook meegebring dat die vreemdheid van die elemente van die Europees-demokratiese wat in die Bantoe-owerheidstelsel ingebou is, verminder is.

4.2.2.3. Bestuursrade van die Naturelleservate van die Oranje-Vrystaat

Soos hierbo in hoofstuk 1 aangedui,¹⁶⁸⁾ is bestuursrade vir die Witzieshoek, Thaba 'Nchu en Selibareservate ingevolge Ordonnansie 6 van 1907 (Oranjerivier Kolonie) ingestel.

Proklamasie 164 van 1940 het die 1907-ordonnansie gewysig, sodat die Rade elk uit ses Bantoelede, twee

167. Vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 250.

168. Par 5.6.

deur die Minister genomineer en vier deur die Bantoe belastingbetalers verkies, onder voorsitterskap en ondervoorsitterskap van twee Blankes, aangestel deur die Minister, saamgestel moes word. Die Blanke lede was prakties die plaaslike naturellekommissaris en sy senior assistent. Die bestuursrade het steeds wetgewende gesag gehad oor 'n aantal plaaslike aangeleenthede en kon belasting hef. Die Goewerneur-generaal moes regulasies van die rade goedkeur.¹⁶⁹⁾

Op 19 Junie 1953 is die drie "Naturelleservate" van die Vrystaat onttrek aan die bepalinge van die 1907-ordonnansie, die Batlhokoa- en Mopeli-stamowerhede te Witzieshoek en die Barolong-stamowerheid te Thaba 'Nchu ingestel, die bates en laste van die Beheerraad van die Witzieshoekreservaat aan die Batlhokoa en Mopelistamowerhede, en dié van die Beheerrade van Thaba 'Nchu en Seliba aan die Barolong-stamowerheid oorgedra en is die "bevoegdheids, werksaamheids en pligte" van die Bantoes-streksowerheid verleen aan die Barolongstamowerheid.¹⁷⁰⁾

169. Rogers (1949) 62-3.

170. Prokl 137 van 1953, Goewermentskennisgewing 1273 van 1953, 1274 van 1953 en 1275 van 1953, prokl 135 van 1953 en 136 van 1953 onderskeidelik, almal gepubliseer in Staatskoerant 5082 van 19 Jun 1953. Die proklamasies is uitgereik ingevolge artikel 25 van Wet 38 van 1927. Hierdie was die eerste Bantoe-owerhede wat ingestel is ingevolge Wet 68 van 1951: vgl Stambestuur (1959/60) 4. Let ook daarop dat die Vrystaatse bestuursrade ingevolge a 12(3) van Wet 68 van 1951 geag is "plaaslike rade" te wees, sodat hulle by die instelling van streksowerhede ingevolge a 12(1)(a) opgehou het om te bestaan.

Net soos in die geval van die Transkeise distriksrade het die Vrystaatse Beheerrade van naturelleserivate dus gedien as strukture wat vervang kon word met Bantoe-owerhede, hoewel die beginsels waarop die twee tipe liggame gefunksioneer en saamgestel is, van mekaar verskil het: die oue was geografies en administratiefgeoriënteer, die nuwe etnies en selfregerend.

4.2.3. Die Stedelike Bantoe

Die posisie van die "stedelike" Bantoe, dit wil sê dié Bantoe wat buite die Bantoetuislande in en om Suid-Afrikaanse dorpe en stede woon, is tans polities 'n heel kontensieuse saak, aangesien hul toekomstige staatsregtelike rol in Suider-Afrika, as multi-etniese groepe waarvan stam- en kultuurverbintenisse dikwels vervaag het en onder wie afsonderlike en nuwe stedelikgeoriënteerde kultuur- en politieke patrone ontwikkel het, betreklik onduidelik is. Die indruk bestaan hoegenaamd nie dat 'n finale staatsregtelike bedeling vir die stedelike Bantoe bereik is nie of dat dit selfs al ontwerp is nie. Dit, saam met die feit dat daar wel 'n (betreklik onderontwikkelde) staatsregtelike nexus bestaan tussen die stedelike Bantoe en die Bantoetuislande, asook die feit dat daar klaarblyklik 'n (nog meer onderontwikkelde) stelsel van plaaslike selfbeskikking aan die stedelike Bantoe verleen is, maak die bespreking daarvan geskik vir opname in hierdie hoofstuk wat handel oor die ontplooi-

ing van die Bantostaatsreg.¹⁷¹⁾ Aangesien so min geldende Bantostaatsreg, soos in die Inleiding supra omskryf, werklik by hierdie onderwerp betrokke is enersyds, en aangesien die regsreëlings ten aansien van die stedelike Bantoe qua stedelike Bantoe op 'n baie beperkte skaal staatsregtelik van aard is andersyds, pas die bespreking daarvan glad nie in by die hieropvolgende hoofstukke nie. Die benadering kan hier egter nie juis histories wees nie, aangesien die jongste (en eintlik tersaaklike) ontwikkelinge wesenlik kontemporêr is.

4.2.3.1. Die Stedelike Bantoe in die Bantostaatsreg

Die staatsregtelike nexus wat daar tussen die stedelike Bantoe en die Bantootuislande bestaan, is tweërlei van aard, naamlik eerstens dat die hoogste owerheid van elke Bantootuisland amptelike verteenwoordigers in stedelike gebiede kan aanstel en tweens, dat elke Bantoe in die Republiek, stedelike Bantoe inklusief, statutêr 'n burger van die een of die ander Bantootuisland is.

Artikel 4(1) van die Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur 46 van 1959¹⁷²⁾ magtig die rege-

171. Dit wat tans swak plaaslike selfbeskikkingstrukture is, sal myns insiens spoedig die historiese fundamente vir 'n omvattender staatsregtelike bedeling ten opsigte van die stedelike Bantoe moet word.

172. Soos gewysig deur Wet 56 van 1968, Wet 49 van 1970 en Wet 70 van 1974.

ring van 'n selfregerende of verantwoordelik-regeerde¹⁷³⁾ Bantoetuisland, asook 'n gebiedsowerheid, om, in oorleg met die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, " 'n Bantoe persoon (te) benoem om daardie regering (of) owerheid in die gebiede van stedelike plaaslike besture ...¹⁷⁴⁾ te verteenwoordig by die deel van die Bantoe gemeenskap in bedoelde gebiede wat tot die betrokke volkseenheid behoort," en ook om ander Bantoe te benoem om die stedelike verteenwoordiger by te staan. Subartikel (2) vereis die goedkeuring van die Staatspresident van diegene wat aldus benoem is, vir erkenning as sodanige stedelike tuisland-verteenwoordigers en hul assistente. Ingevolge subartikel (3) kan die Staatspresident gemelde erkenning op versoek van, of ná oorlegpleging deur die Minister met die betrokke tuislandregering of -owerheid, terugtrek.

Die kompetensies en funksies van 'n stedelike tuislandverteenwoordiger word in artikel 5 van Wet 46 van 1959 bepaal en kan soos volg opgesom word:

(i) Om sy tuislandregering of -owerheid te adviseer aangaande aangeleenthede wat die algemene belange van die betrokke volkseenheid raak;

(ii) Om "een of meer rade saam (te) stel om hom by te staan by die uitvoering van sy werksaamhede en

173. Vide infra par 2.1 van hfst III.

174. Waarmee dieselfde bedoel word as wat daarmee bedoel word in a 1 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasie Wet 25 van 1945 soos gewysig deur Wet 42 van 1964, nl basies die plaaslike owerhede van (Blanke) dorpe en stede.

pligte" wanneer dit dienstig geag word, welke funksie verrig moet word op die wyse en onderworpe aan voorwaardes wat sy regering of owerheid in oorleg met die Minister bepaal;

(iii) Om sy regering of owerheid by die betrokke volkseenheid te verteenwoordig;

(iv) Om die belange van die betrokke volkseenheid namens die tuislandregering of -owerheid binne die gebiede van die betrokke plaaslike owerhede te behartig; en

(v) Om die privaat- en strafregtelike regsprekende funksies te vervul as hoofman ingevolge artikels 2(8), 12 en 20 van Wet 38 van 1927¹⁷⁵⁾ in dié gebied wat die Minister bepaal.

Dit blyk dus dat die instelling van stedelike verteenwoordigers daarop gemik is om die tuislandowerheidsgesag in die stedelike gebiede te laat voel, om aan die stedelike Bantoe wat tot die betrokke volkseenheid behoort 'n identifiseerbare tuisland-owerheidspersoon te verskaf wat hul belange kan behartig en hulle by die tuislandowerheid en vermoedelik ook by die betrokke plaaslike owerheid kan verteenwoordig. Tans word die verteenwoordiger egter nie beklee met besondere owerheidsgesag nie. Ook kan hy nie juis as 'n soort diplomatieke verteenwoordiger beskou word nie, aangesien daar geen besondere skakelkanaal vir hom met regeringsinstansies van die Republiek geskep

175. A 5(2) van Wet 46 van 1959, wat egter deur Wet 125 van 1977 infra herroep is.

is nie. Die indruk word deur die aangehaalde bepalings geskep dat die bedoeling met die stedelike tuislandverteenwoordigers grootliks is om 'n tasbare tuisland-teenwoordigheid in die stedelike gebiede daar te stel met die doel om as fokuspunt vir betrokkenheid van die stedelike Bantoe by die betrokke tuisland te dien.¹⁷⁶⁾

Die kwessie van die burgerskap van die Bantoe-tuislande word vollediger in paragraaf 4.3 van hoofstuk III infra bespreek. Hier is dit voldoende om te vermeld dat artikel 2(2) van die Wet op Burgerskap van Bantoe-tuislande 26 van 1970 meebring dat "elke Bantoe-persoon in die Republiek" 'n burger van die een of ander "gebiedsowerheidsgebied"¹⁷⁷⁾ is. Hoewel die formulering van die tersaaklike bepalings streng gesproke nie voorsiening maak vir burgerskap van selfregerende Bantoe-tuislande nie,¹⁷⁸⁾ was dit klaarblyklik veronderstel om van elke Bantoe-persoon 'n tuisland-burger te maak. Artikels 5 tot 9 reël die uitreiking van burgerskapsertifikate aan burgers van die verskillende Bantoe-tuislande, maar geeneen is verplig om aansoek te doen om die uitreiking van sodanige sertifikate nie. Daarteenoor is burgerskap nie van die uitreiking van 'n burgerskapsertifikaat afhanklik nie. Daar bestaan dus tussen elke Bantoe-persoon (die stede-

176. Vgl ook die insiggewende artikel van Dippenaar (1972) 1-5.

177. Wat ingevolge a 1 van die Wet ook 'n gebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingestel is, beteken.

178. Vide infra hfst III par 4.3.

like Bantoe inkluis) 'n onwillekeurige statutêre burgerskapsverbintenis met 'n tuisland, hoewel dit maklik denkbaar is dat dié verbintenis by heelwat (veral ontstamde stedelike) Bantoe onduidelik kan wees totdat burgerskapsertifikate aan hulle uitgereik word.

Oor die algemeen kan gekonkludeer word dat dit waarskynlik is dat daar heelwat stedelike Bantoe kan wees wat so 'n vae verbintenis met enige Bantoetuisland het, dat dit betekenisloos kan wees. Indien daar soveel sulke "onverbonde" stedelike Bantoe is dat hulle 'n noemenswaardige faktor in die Suider-Afrikaanse staatsbestel word, sal dit noodsaaklik word om vir eiesoortige owerheidstrukture vir hulle voorsiening te maak. Tans is daar egter geen statutêre aanduiding daarvan dat die stedelike Bantoe anders as in sy volke-eenheds- en dus tuislandverband hanteer moet word nie, selfs in die gevalle waar die betrokkenes self geen sin daarin het nie.

4.2.3.2. Plaaslike Bestuursinstellings van die Stedelike Bantoe

Tot in 1977 was daar slegs uiters beperkte voorsiening gemaak vir seggenskap van die stedelike Bantoe in die sake van plaaslike stedelike belang, of anders gestel, in munisipale aangeleenthede.

Artikel 21 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945 het daarvoor voorsiening gemaak dat Blanke plaaslike owerhede "adviserende Ban-

toekomitees" kon aanstel vir lokasies of Bantoedorpe wat onder sulke plaaslike owerhede se bestuur was, asook op bevel van die Minister, vir (Blanke) stadsgebiede waar Bantoe woon. Sulke komitees moes bestaan uit drie Bantoe woonagtig in die betrokke gebied en 'n voorsitter, wat 'n Blanke kon wees. Waar Kleurlinge ook in die gebied gewoon het, kon 'n Kleurling ook op die komitee dien. Die wyse van samestelling, funksionering, prosedures en so meer van die adviseerende komitees is oorgelaat aan die betrokke plaaslike owerheid vir regulering. Sulke adviserende Bantoe-komitees, of twee of meer van hulle saam, se funksie was basies om oorweging te skenk aan en verslag te doen oor regulasies wat die plaaslike owerheid voornemens was om in verband met die lokasie of Bantodorp uit te vaardig, oor ander sake wat die betrokke plaaslike owerheid of die Minister via die plaaslike owerheid na hulle verwys het en oor enige ander aangeleentheid rakende hul belange waaroor hulle hulle wou uit-spreek. Die verslag van so 'n komitee moes gewoonlik die oorweging van die betrokke plaaslike owerheid geniet, maar het nie dié owerheid gebind nie. Dus het sulke adviserende Bantoe-komitees slegs adviseerende funksies gehad en het hulle dus nie na regte in die owerheidsgesagsuitoefening gedeel nie. Waar Bantoe-administrasierade ingestel is, het bogemelde funksies van plaaslike owerhede ingevolge artikel 11(1)(e) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake 45 van 1971 oorgegaan op sulke Bantoe-administrasierade, maar die bogemelde funksies en kompetensies aan hulle verleen in Wet 25 van 1945, is nie daardeur uitgebrei nie.

Ter geleidelike vervanging van adviserende Bantoe-komitees¹⁷⁹⁾ het die Wet op Stedelike Bantoerade 79 van 1961 voorsiening gemaak¹⁸⁰⁾ vir die instelling van stedelike Bantoerade deur (Blanke) plaaslike owerhede en sedert 1971 deur Bantoesake-administrasieraade.¹⁸¹⁾ Hierdie Stedelike Bantoerade moes uit ten minste ses verkose Bantoelede bestaan,¹⁸²⁾ en kon ingestel word ten opsigte van stedelike Bantoe-woongebiede of ten opsigte van 'n bepaalde volkseenheid in sulke stedelike Bantoe-woongebiede. Ingevolge artikel 4(1) het Stedelike Bantoerade dieselfde kompetensies en funksies verkry as die adviserende Bantoe-komitees wat dit vervang het. Die res van artikel 4 het dit egter onder meer vir 'n (Blanke) plaaslike bestuur en later 'n Bantoesake-administrasieraad verder moontlik gemaak om bepaalde plaaslike owerheidsfunksies aan so 'n Stedelike Bantoeraad oor te dra, ten opsigte van byvoorbeeld die uitleg van die gebied, die verwydering van persone wat onwettiglik in die gebied woon, die toekenning en oprigting van wonings, die verskaffing van sanitêre, gesondheids- en mediese dienste, en 'n Stedelike Bantoeraad is ook gemagtig om 'n gemeenskaps-wag te beheer en te bestuur, moes tuislandverteenwoordigers bystaan en adviseer indien dit (die Stedelike Bantoeraad) ingestel is ten opsigte van 'n volkseen-

179. A 9 van Wet 79 van 1961.

180. In a 2 van die Wet.

181. Kyk weer a 11(1) van Wet 45 van 1971.

182. A 3 van Wet 79 van 1961.

heid, en kon "voorsiening maak"¹⁸³⁾ vir aangeleent= hede met betrekking tot sy kompetensies en funksies. Die Wet het hiermee egter geensins plaaslike owerhede in die ware sin van die woord vir die Bantoe ter ver= vanging van die Blanke plaaslike owerhede geskep nie, aangesien die Stedelike Bantoerade hul funksies "na= mens en onderworpe aan die voorskrifte van die betrok= ke stedelike plaaslike bestuur" moes verrig en dit te eniger tyd deur die plaaslike owerheid (later die Ban= toesake-administrasieraad) teruggetrek kon word. Ar= tikel 5 het die Minister gemagtig om 'n lid van 'n Stedelike Bantoeraad ingevolge artikels 12 en 20 van Wet 38 van 1927 te beklee met die privaat- en straf= regtelike jurisdiksie van 'n hoofman, welke lid soda= nige kompetensie ingevolge artikel 6 in oorleg met die Stedelike Bantoeraad kon uitoefen. Artikel 7 het die instelling en funksies van gemeenskapswagte onder die beheer van Stedelike Bantoerade nader gereël en dui= deliker bepaal dat dit nie die Suid-Afrikaanse Poli= sie se funksies oorgeneem het nie.

Hoewel Wet 79 van 1961 dus ruimte gelaat het vir betreklik wye kompetensieverlening - weliswaar onder die beheer van Blanke plaaslike owerhede - was dié rade nie suksesvol nie, onder meer skynbaar omdat nie baie uitgebreide gebruik gemaak is van die magtigen= de bepalings van die Wet nie.¹⁸⁴⁾

183. Waaronder seker die maak van verordeninge verstaan moet word.

184. Vgl Mentz (1977) 14-6.

Die Wet op Gemeenskapsrade 125 van 1977 herroep bogemelde artikel 21 van Wet 25 van 1945 in verband met die Adviserende Bantoe Komitees en die hele Wet 79 van 1961 in verband met die Stedelike Bantoe Rade. Artikel 14(2) bepaal egter, klaarblyklik as 'n oorspronklike bepaling, dat bestaande Adviserende Bantoe Komitees en Stedelike Bantoe Rade bly voortbestaan totdat dit ingevolge artikel 10 ophou om te bestaan. Artikel 10 bepaal dat 'n Adviserende Bantoe Komitee of Stedelike Bantoe Raad ophou bestaan indien 'n Gemeenskapsraad vir die hele gebied daarvan ingestel word, of dat dit, indien die Gemeenskapsraad slegs vir 'n gedeelte van die gebied ingestel word, jurisdiksie ten opsigte van sodanige gebied verloor. Klaarblyklik is die bedoeling dus om Adviserende Bantoe Komitees en Stedelike Bantoe Rade te vervang. Dit is ooglopend dat Wet 125 van 1977 'n volledige plaasvervanger is van die wetsbepalings wat daardeur herroep word en dat daarmee 'n stap verder gevorder is in die rigting van die verlening van werklike plaaslike owerheidsgezag aan die stedelike Bantoe.

Artikel 2 van die Wet magtig die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om by wyse van goewermentskennisgewing 'n gemeenskapsraad vir 'n bepaalde omskryde stedelike Bantoe woongebied in te stel. Alvorens hy dit egter kan doen, moet hy oorleg pleeg met die betrokke Bantoesake-administrasieraad, met elke betrokke Adviserende Bantoe Komitee en Stedelike Bantoe Raad, of in die afwesigheid van sulke liggame, met die betrokke Bantoe-inwoners op 'n wyse wat hy

goed vind. So 'n gemeenskapsraad is 'n regs persoon en die Minister kan, in oorleg met die betrokke Bantoesake-administrasieraad, die jurisdiksiegebied daarvan verander of die gemeenskapsraad in openbare belang of op die betrokke Raad se eie versoek ontbind.

Ingevolge artikel 3 bepaal die Minister uit hoeveel lede 'n gemeenskapsraad moet bestaan, hoe die lede verkies moet word en op watter grondslag verskillende kategorieë kiesers verteenwoordig moet word, wat hy in oorleg met die betrokke Bantoesake-administrasieraad doen. Klaarblyklik is al die lede van so 'n Raad verkose, behalwe as 'n behoorlike verkiesing plaasvind en òf geen lede òf te min lede verkies word, in welke geval die Minister die (ontbrekende) lede kan aanwys.¹⁸⁵⁾ Hierdie reëling het sekerlik nie op die wesenlike aard van die stelsel betrekking nie, maar maak skynbaar voorsiening vir die mislukking van 'n verkiesing, welke moontlikheid denkbaar is onder omstandighede van die nuttheid van omvattende verkiesings en politieke onstabiliteit. Subartikel (4) beperk enige betrokkenheid by 'n Gemeenskapsraad tot dié Bantoe wat in die gebied daarvan woon en wat beskik oor die kwalifikasies wat die Minister by regulasie kan voorskryf.

Artikel 3(5) is interessant: "'n Persoon wat nie 'n burger van die Republiek of van 'n gebied wat voor=

185. A 3(2) en (3) van die Wet.

heen deel van die Republiek uitgemaak het, is nie, is nie bevoeg om as 'n lid van 'n gemeenskapsraad verkies of aangewys te word of om by 'n verkiesing van sodanige lede te stem nie." Hiervolgens kan Bantoetuislandburgers¹⁸⁶⁾ asook die burgers van onafhanklik-geworde Bantoetuislande betrokke wees by 'n Gemeenskapsraad. Die implikasie is dus dat sekere persone wat tegnies vreemdelinge is omdat hulle burgers is van ander state (by die skrywe hiervan van Transkei en Bophuthatswana), deel kan hê aan die plaaslike owerheidsgesag in Bantoewoongebiede. Dit kom my ietwat onnatuurlik voor, behalwe as dit as 'n statutêre erkenning beskou moet word van die onbetrokkenheid van sommige stedelike Bantoe by die Bantoetuislande.

Artikel 3(6) laat 'n "beampste van die Staat," 'n verteenwoordiger van 'n Bantoesake-administrasieraad en 'n stedelike verteenwoordiger van 'n Bantoetuisland toe om vergaderings van 'n Gemeenskapsraad by te woon en om aan die bespreking deel te neem, maar nie om daarop te stem nie. Dit kom myns insiens bloot op inspraak neer en nie op kontrole nie.

Die kernbepaling van die Wet is myns insiens artikel 5 wat handel oor die kompetensies, funksies en pligte van 'n Gemeenskapsraad. Hoewel heelwat van dié bepaling ooreenkom met die reeds aangehaalde artikel

186. Soos reeds aangetoon, word alle Bantoe wat Suid-Afrikaanse burgers is, veronderstel burgers van die een of ander Bantoetuisland te wees.

4 van die Wet op Stedelike Bantoeerade 1961, is daar dié wesenlike verskil dat die Gemeenskapsrade tot 'n veel mindere mate onderhewig is aan beheer oor en in-gryping in hul besluite, en is die omvang van die ver-leende kompetensies in verskeie opsigte groter. Dit blyk onder meer uit artikel 5(1)(m) wat lui: "'n Ge-meenskapsraad het, met betrekking tot 'n bevoegdheid of plig wat, onmiddellik voor die datum waarop hy met daardie bevoegdheid of plig beklee of belas is, deur 'n administrasieraad uitgeoefen of uitgevoer is, al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en ver-pligtinge van 'n stedelike plaaslike bestuur ingevol-ge die wette vermeld in artikel 11(1)(e) van die Wet op die Administrasie van Bantoesake 1971,"¹⁸⁷⁾ en ar-tikel 5(2), wat lui: "Regte, bevoegdhede, werkzaam-hede, pligte en verpligtinge waarmee 'n gemeenskaps-raad uit hoofde van die bepalings van subartikel (1) (m) beklee of belas word, gaan, behoudens die bepa-lings van hierdie Wet, op dié raad oor tot uitslui-ting van die administrasieraad of enige ander stedeli-ke plaaslike bestuur." Hierdie kompetensieverlening kontrasteer skerp met dié van die reeds gemelde arti-kel 4 van Wet 79 van 1961, ingevolge waarvan Stedeli-

187. Dit is Wet 25 van 1945, die Wet op Heffings vir Bantoe-dienste 64 van 1952, Wet 79 van 1961, die Wet op Bantoe-arbeid 67 van 1964, die Wet op Bantoebier 63 van 1962, die Behuisings-wet 4 van 1966 in soverre as wat dit betrekking het op die be-huising van Bantoe, a 100 bis van die Drankwet 30 van 1928 as-ook verdere wetgewing wat die Minister van tyd tot tyd van toe-passing kan maak by wyse van goewermementskennisgewing. Ingevol-ge a 5(3) van Wet 125 van 1977 word 'n Gemeenskapsraad, wanneer hy die in subartikel (1)(m) verleende funksies ens oorspronklik deur die wetgewing verleen is.

ke Bantoerade hul kompetensies "namens en onderworpe aan voorskrifte" van die betrokke plaaslike bestuur uitgeoefen het. Artikel 5 van Wet 125 van 1977 het egter nie alle voorskrifte aan en beheer oor Gemeenskapsrade laat verdwyn nie, maar dit wel meer verwyderd gemaak en in die hande van hoër gesag geplaas: ten opsigte van die gebruikelike plaaslike owerheidsfunksies bepaal artikel 5(1)(a) dat 'n Gemeenskapsraad dit uitoefen onderworpe aan die voorskrifte van die Minister, wat sodanige funksies, of sommige daarvan, aan 'n Gemeenskapsraad in oorleg met die betrokke Bantoesake-administrasieraad kan opdra.

Onder hierdie lys van veertien aangeleenthede is die toewysing en administrasie van behuising en van persele vir kerk-, skool- of handelsdoeleindes, beheer oor die aanhou van diere, die "bevordering van gesonde gemeenskapsontwikkeling," die administrasie van sport- en ontspanningsgeriewe en biblioteekdienste en die instandhouding van dié dienste wat die Minister bepaal. Daarbenewens kan 'n Gemeenskapsraad 'n gemeenskapswag op dieselfde grondslag as 'n Stedelike Bantoeraad beheer en administreer en vervul hy 'n adviserende funksie, onder meer ten opsigte van sake wat na hom deur die Minister of die Bantoesake-administrasieraad verwys is of sake waaroor hy self besluit om verslag te doen, ten opsigte van die uitvaardiging en toepassing van tersaaklike regulasies, die uitleg en vernuwing van sy jurisdiksiegebied, vervoerdienste en onderwysaangeleenthede. Verder moet 'n Gemeenskapsraad onder meer 'n Bantoetuisland se ste=

delike verteenwoordiger "bystaan en van advies dien betreffende aangeleenthede wat die betrokke volkseenhede raak," moet hy op versoek van die Sekretaris van Bantoe-onderwys een van sy lede aanwys om as lid op 'n bepaalde skoolraad te dien, kan hy met die goedkeuring van die Minister na oorleg met die Bantoesake-administrasieraad heffings oplê vir dienste, verrig hy verdere funksies en word bekleed met verdere kompetensies en pligte wat die Minister aan hom kan opdra na oorleg met die betrokke owerheid en kan, soos Stedelike Bantoeerade ook "voorsiening maak" (verordeninge aanneem?) in verband met die verrigting van sy funksies. Ingevolge subartikels 5(4) en (5) kan die Minister kompetensies en pligte weer van die Gemeenskapsraad ontnem en aan die Bantoesake-administrasieraad toeken en kan hy ook enige nodige stappe neem om die voortsetting van die werksaamhede van 'n Gemeenskapsraad te verseker.

Uit bostaande kom dit my voor dat die bedoeling is om van die Gemeenskapsrade besondere soort plaaslike owerhede te maak, maar anders as die Adviserende Bantoe Komitees en Stedelike Bantoeerade, bekleed is met noemenswaardige (plaaslike) owerheidsgesag. In die Wet is heelwat middele ingebou waarmee spesifiek die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 'n Gemeenskapsraad kan kontroleer, maar op plaaslike owerheidsvlak is provinsiale en sentrale regeringskontrole geensins vreemd nie. Die Gemeenskapsraadstelsel is in die huidige vorm daarvan hoegenaamd nie 'n stadstaatstelsel of iets dergelyks nie, maar bloot 'n

besondere soort stelsel van Bantoe plaaslike owerhede, iets wat nog nie vantevore op noemenswaardige skaal in Suid-Afrika voorgekom het nie.

Ingevolge artikel 7 kan die Minister in oorleg met die gemeenskapsraad aan "'n Bantoe," dit wil sê enige Bantoe en nie noodwendig byvoorbeeld 'n stedelike verteenwoordiger van 'n tuisland nie, die privaat- en strafregtelike jurisdiksie van 'n kaptein of hoofman ingevolge artikels 12 en 20 van Wet 38 van 1927 verleen.

Artikel 9 reël die verkryging en besteding van die fondse van 'n Gemeenskapsraad volgens voorskrif van die Minister en onderhewig aan ouditering deur die Ouditeur-generaal,

Artikel 13 magtig die Staatspresident om dubbelsinnighede, teenstrydighede en administratiewe moeilikhede wat by die toepassing van die Wet of ander verbandhoudende wetgewing ontstaan, by wyse van proklamasie uit die weg te ruim, welke proklamasie nie langer geld as die einde van die eersvolgende Parlementsitting nie. Artikel 11 magtig die Minister om regulasies uit te vaardig, basies om alles wat ingevolge die Wet "voorgeskrif" moet word, te reël.

As 'n (waarskynlik die uitnemendste) voorbeeld van die vroeë toepassing van die Wet, kan kortliks verwys word na Goewermentskennisgewings R2150 en R2151

van 1977¹⁸⁸⁾ ingevolge waarvan onderskeidelik 'n Gemeenskapsraad vir Soweto ingestel is en regulasies uitgevaardig is vir Gemeenskapsrade in die gebied van die Wes-Randse Bantoesake-administrasieraad.

Ingevolge regulasie 2 baken die Bantoesake-administrasieraad die gebied af in wyke. Regulasie 3 stel die kieserskwalifikasies as Suid-Afrikaanse, Transkeise of Bophuthatswana-burgerskap, registrasie as inwoner van die gebied en opname in die kieserslys. Regulasie 12 stel die kwalifikasies vir lidmaatskap van die Raad as registrasie as inwoner en as kieser, opbetaling van "vorderings, gelde en bedrae" verskuldig aan die Bantoesake-administrasieraad of die Gemeenskapsraad, geen skuldigbevinding aan 'n ernstige misdryf nie, vryheid van kranksinnigheid, vryheid van 'n verbod ingevolge die Wet op Oproeringe Byeenkomste 17 van 1956 of die Wet op Binnelandse Veiligheid 44 van 1950 om byeenkomste by te woon en dat 'n kandidaat nie ingevolge laasgenoemde Wet gelys moet wees as 'n lid van 'n onwettige organisasie nie. Ingevolge Regulasie 13 word algemene verkiesings driejaarliks gehou. Regulasie 32 bepaal dat verkiesings by wyse van geheime stemming met stembriewe moet geskied. Regulasies 65 tot 67 vereis die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter by die eerste vergadering van 'n Gemeenskapsraad. Ingevolge regulasie 71 hou die Raad maandeliks 'n algemene vergadering en die voorsitter kan ingevolge regulasie 72 'n spesiale vergadering byeen-

188. Gepubliseer in Staatskoerant 5779 van 21 Okt 1977.

roep. Vergaderings is ingevolge regulasie 73 gewoonlik toeganklik vir die pers en die publiek. Regulasie 119 vereis van 'n lid om, benewens sy gewone pligte, die inwoners van die wyk wat hy verteenwoordig se belange in die gebied te behartig en hulle te adviseer en in te lig oor aangeleenthede rakende hul algemene belang.

Opsommend kan gesê word dat die stelsel van Gemeenskapsrade vir die eerste keer demokratiese verteenwoordiging van die stedelike Bantoe op plaaslike owerheidsvlak gebring het en noemenswaardige gesag aan 'n stedelike Bantoe liggaam oorgedra het. Die feit dat die betrokke Bantoesake-administrasieraad klaarblyklik bedoel is om 'n adviserende en reserwerol ten opsigte van Gemeenskapsrade te vervul, hinder nie juis as dit as oorgangsreël sal geld nie, maar dit kom my voor dat dit nie onbepaald sal kan gedoen word nie, aangesien verleende owerheidsgesag myns insiens die behoefte aan die vrye en breër uitoefening daarvan laat ontstaan. Dat die Minister egter so 'n prominente kontrolerende rol moet speel, kom my effens veel eisend voor aangesien dit neerkom op 'n baie hoë graad van sentralisasie wat die omvang van ministreriële funksies sodanig kan laat eskaleer dat dit nie meer effektief uitgeoefen kan word nie en in elk geval gelegeer sal moet word. Bowendien kan die noodsaaklikheid van ministeriële, in plaas van byvoorbeeld parlementêre kontrole in 'n sensitiewe saak soos hierdie moontlik betwyfel word. 'n Oorkoepelende nasionale, nie-politieke liggaam wat verteenwoordigend is

van Gemeenskapsrade, die Kabinet, provinsiaal-verteengewordigende plaaslike owerheidsinstansies en die regerings van die Bantoeuislande, sou moontlik 'n volgende stap kon wees om as hoër konsulerende en later selfs gesagsinstansie ten opsigte van die stedelike Bantoe te dien.

4.3. Die Naturelle Verteengewordigende Raad

Die Naturelleverteengewordigings Wet 12 van 1936 het, tegelyk met die skepping van 'n afsonderlike kieserslys vir Bantoe in die Kaapprovinsie, in artikel 20(1) voorsiening gemaak vir die instelling van die Naturelle Verteengewordigende Raad. Ingevolge artikel 20¹⁸⁹⁾ het die Raad bestaan uit drie en twintig lede, waarvan sewe amptelike lede (die Sekretaris van Naturellesake en ses hoof-naturellekommissarisse aangewys deur die Minister) was, vier Bantoe was wat deur die Goewerneur-generaal uit elk van die kiesgebiede genoemineer is en twaalf Bantoe wat verkies is. Die Sekretaris van Naturellesake¹⁹⁰⁾ was die voorsitter en enigste amptelike lid wat kon stem en het dan ook slegs 'n beslissende stem gehad. Die verkiesing van die verkose lede is gedoen deur kieskolleges: drie lede is deur die kieskollege van die Transkei verkies, twee lede elk deur die kieskolleges van die drie ander kiesgebiede (waarby die naturelle adviserende komitees nie inge-

189. Soos gewysig deur a 4 van Wet 45 van 1947.

190. Of in sy afwesigheid 'n persoon deur die Minister aangewys - a 26(3).

sluit was nie) en een lid elk deur die naturelle adviserende komitees (uit die stedelike gebiede) van die drie stemgebiede waarin daar sulke komitees was. Artikel 22 het die vereiste kwalifikasies van genomineerde en verkose lede neergelê: so 'n persoon moes 'n belastingbetaler wees of moes kwalifiseer vir registrasie op die Kaapse Naturelle-kieserslys; hy moes (behoudens uitsonderings wat die Goewerneur-generaal kon maak) in die Unie gebore gewees het, vyf jaar voor nominasie of verkiesing in die Unie gedomisilleer gewees het en twee jaar in die betrokke kiesgebied gewoon het; ten slotte moes hy 'n Uniestaatsburger wees.

Ingevolge artikel 26 sou die Raad op tye en plekke in die openbaar vergader wat die Minister bepaal het en enige minister, administrateur of lid van die Naturellesakekommissie kon sodanige vergaderings bywoon en deelneem aan die bespreking, maar nie stem nie.

Artikels 27 - 9 het die funksies van die Raad bepaal, wat bloot adviserend was. Die Raad moes naamlik voorgestelde wetgewing, begrotingsbeplanning en enige ander saak wat die Bantoebevolking kon raak, oorweeg en verslag daaroor uitbring. Ook kon die Raad wetgewing by die Parlement of provinsiale rade aangaande Bantoesake aanbeveel. Verslae van die Raad moes aan die Minister voorgelê word, wat dit in albei Huise ter tafel moes lê of, as dit 'n saak binne provinsiale wetgewende jurisdiksie geraak het, moes dit deur die Minister aan die betrokke administrateur gestuur word vir ter tafellegging in die provinsiale rade. In R v Vezi 1947

4 SA 551 (A) is bevind dat die adviserende funksie van die Raad aangaande wetgewing hoegenaamd nie deel van die wetgewingsproses gevorm het nie, sodat die geldigheid van wetgewing wat die Bantoebevolking raak nie onder verdenking gekom het as die wetsontwerp nie eers vir oorweging aan die Raad voorgelê is nie.

Dit blyk dus dat die Raad oor geen owerheidsgesag beskik het nie en 'n baie wye keuse van onderwerpe gehad het wat hy kon oorweeg en waaroor hy kon verslag doen. VerLoren van Themaat het in 1960 'n voortreflike oorsig van die bedrywighede van die Raad gegee,¹⁹¹⁾ waaruit die merietes, swakhede en redes vir die mislukking daarvan duidelik blyk. Ingevolge artikel 18 van Wet 68 van 1951 is die Raad afgeskaf ná 'n geskiedenis van hewige rassepolitiekery. Die hoofredes vir hierdie mislukking blyk te wees dat die Raad voorgegee het verteenwoordigend te wees sonder om beklee te wees het met noemenswaardige verantwoordelikhede;¹⁹²⁾ dat die Raad se keuse van onderwerpe waaroor hy kon adviseer baie wyd was, terwyl die advies selde gevolg is; dat die Raad nie werklik gesteun het op 'n breë fondament van laer selfregerende instansies nie en die feit dat die Raad beskou kon word as die grootste enkele voorbeeld van die benadering van die eerste helfte van die eeu van die Suid-Afrikaanse Bantoe as 'n

191. VerLoren van Themaat (1959/60) 231-8.

192. 'n Situatie wat, soos VerLoren van Themaat t a p aandui, gestry het met die lank erkende staatsregtelike beginsels wat Lord Durham in 1837 neergelê het.

ras, terwyl 'n wye etniese verskeidenheid teenwoordig was, die bestaan waarvan in die struktuur van die Raad misken was.¹⁹³⁾

5. Die Bantoe-howestelsel

Die bedoeling hier is om slegs dit wat van staatsregtelike belang is, naamlik die instelling en struktuur van die Bantoe-howestelsel kortliks en volledigheidshalwe te beskryf, sodat die ontwikkeling wat die staatsregtelike ontvoogdingsproses ook ten opsigte van die howestruktuur teweeg gebring het, in die volgende hoofstukke teen die agtergrond hiervan besien kan word. Die bestaande Bantoe-howestruktuur het sy beslag gekry in die historiese fase wat hier ter sake is en is baie min aangepas. Eers met die nadering van onafhanklikheid van die Bantoetuislande, wat in die latere hoofstukke ter sprake kom, is noemenswaardige aanpassings gemaak.

Tot in 1927 het die voor-Uniale Bantoe-howestruktuur in die vier provinsies met min veranderings bly voortbestaan. In die Kaapprovinsie het slegs die Tswana-stamhoofde oorspronklike siviele en strafregtelike jurisdiksie gehad, terwyl magistratuurshoue in die Cis- en Transkei reg gespreek het. In die Transkei kon die Native Territories Appeal Court, met die Transkeise

193. Vgl ook bv May (1955) 497-500 en Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 8 36-40.

hoofmagistraat as president, appèlle tussen Bantoe aanhoor en vandaar kon na die Kaapse hooggeregshof geappèlleer word. In Natal het magistraatshowe beperkte straf- en privaatregtelike jurisdiksie gehad en vandaar kon geappèlleer word na die Native High Court; vanaf laasgenoemde kon alleen na die Britse Geheime Raad geappèlleer word, hoewel Wet 1 van 1911 die moontlikheid geskep het dat met spesiale toestemming na die Unie se appèlafdeling geappèlleer kon word; toe outomatiese hersiening van sekere magistraatshofvonnisse ingevolge Wet 13 van 1921 ingestel is, is dié funksie aan die Natalse Provinsiale Afdeling opgedra en Wet 39 van 1926 het verder aan laasgenoemde Hof die Native High Court se appèljurisdiksie oorgedra; dit was egter eers Wet 13 van 1954 wat dié Hof finaal afgeskaf het. In die Transvaal het Bantoe stamhoofde en naturellekommissarishowe siviele jurisdiksie gehad; laasgenoemde howe kon ook ingevolge Wet 7 van 1924 appèlle vanaf die stamhoofde verhoor en vandaar kon geappelleer word na die hooggeregshof; Bantoe het ook die keuse gehad om in die gewone laer- en hoërhowe te litigeer. Ten slotte was die posisie in die Vrystaat dat alleen die stamhoof in die Witzieshoek Naturelleservaat beperkte siviele jurisdiksie gehad het, vanwaar geappelleer kon word na die kommandant.¹⁹⁴⁾

Die Naturelle-administrasie Wet 38 van 1927 het bogemelde diversiteit beperk en voorsiening gemaak vir

194. Vide supra hfst 1, asook Hahlo en Kahn (1960) 319-27 en 330-1.

die invoer van 'n uniforme stelsel van Bantoe-howe. Tans is die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 (soos gewysig), steeds die fondament van die Bantoe-howestruktuur.

Ingevolge artikel 12 kan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling erkende en aangestelde Bantoe-kapteins en -hoofmanne magtig om siviele gedinge wat op grond van Bantoe-reg ontstaan, tussen Bantoe wat binne sy jurisdiksiegebied woon, te verhoor. Die uitspraak van so 'n kapteinshof is bindend en res judicata, maar daarteen kan ingevolge artikel 12(4) en (5) geappelleer word na die Bantoesakekommissarishof, wat in so 'n geval, net soos die kapteinshof, slegs die Bantoe-reg mag toepas.¹⁹⁵⁾ Artikel 20 verleen ook aan kapteinshowe beperkte strafjurisdiksie, wat eweneens onderhewig is aan appèl na die Bantoesakekommissarishof en artikel 21 het steeds die besondere "oorspronklike en uitsluitlike" siviele jurisdiksie en die Bantoe-regtelike strafjurisdiksie van die Tswana-kapteins van die Noord-Kaap in stand gehou, met die moontlikheid van appèl na die betrokke Bantoesakekommissarishowe. Interessant is ook die moontlikheid wat artikel 5 van die Wet op Stedelike Bantoe-rade 79 van 1961¹⁹⁶⁾ skep dat die Minister aan 'n Bantoe wat deur 'n stedelike

195. Vgl Seymour (1970) 14-5 en 25-8.

196. Wet 79 van 1961 is herroep deur a 14 en die Bylae van die Wet op Gemeenskaprade 125 van 1977. A 7 van lg Wet het egter die wese van a 5 van Wet 79 van 1961 herbepaal, met dié verskil dat die rol hierin van stedelike Bantoe-rade nou deur gemeenskaprade vervul moet word.

Bantoeraad uit eie geledere daarvoor aangewys is, dieselfde siviele en strafjurisdiksie kan toeken in die gebied van die Bantoeraad as wat aan Bantoekapteins en -hoofmanne ingevolge bogemelde artikels 12 en 20 van Wet 38 van 1927 toegeken kan word. Artikel 6 van die gemelde 1961-Wet magtig sodanige stedelike Bantoehowe om hul jurisdiksie in oorleg met die stedelike Bantoe-rade uit te oefen.

Ingevolge artikel 10 van Wet 38 van 1927 kan die Minister Bantoesakekommissarishowe instel om siviele gedinge tussen Bantoe alleen te verhoor. Slegs enkele sake word uitdruklik van dié howe se jurisdiksie uitgesluit, waaronder kranksinnigverklaring, geldigverklaring en vertolking van testamente en egskeidings: origens is hul siviele jurisdiksie om Bantoereg of Ro-meins-Hollandse reg te spreek, onbeperk en is die jurisdiksie van landdroshowe in gebiede waar Bantoesakekommissarishowe ingestel is om siviele gedinge tussen Bantoe te verhoor, uitgesluit. Ingevolge artikel 11 het dié howe 'n diskresie om òf Bantoereg òf Suid-Afrikaanse reg toe te pas.¹⁹⁷⁾ Ingevolge artikel 9 het Bantoesakekommissarishowe en landdroshowe in dieselfde distrik konkurrente strafjurisdiksie ten opsigte van misdrywe gepleeg deur Bantoe. Ingevolge artikel 18 kan van 'n beslissing van die Bantoesake-kommissarishof alleen na 'n Bantoe-appèlhof geappèlleer word, behalwe as die Bantoe-appèlhof self toestemming gee tot appèl na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof.

197. Vgl Seymour (1970) 19-25.

Drie Bantoe-appèlhowe is ingevolge artikel 13 ingestel deur die Goewerneur-generaal, naamlik die Noord-Oostelike, Sentrale en Suidelike Bantoe-appèlhowe.¹⁹⁸⁾ Hierdie howe bestaan elk uit 'n deur die Staatspresident aangestelde voorsitter en twee ander lede wat deur die Minister uit die geledere van landdroste, Bantoesakekommissaris en "ander bevoegde persone" aangestel word. Ingevolge artikel 15 het die Bantoe-appèlhowe volledige hersienings- en appèljurisdiksie ten opsigte van alle optredes van Bantoesakekommissaris.¹⁹⁹⁾

Soos hierbo vermeld, is daar geen vanselfsprekende appèlmoontlikheid vanaf die Bantoe-appèlhof nie: artikel 18 verleen aan laasgenoemde hof uitsluitlike appèljurisdiksie oor beslissings van die Bantoesakekommissarishowe, maar het die diskresie om 'n appèl na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof toe te laat. Ingevolge artikel 14 kan die Minister ook nog, waar hy oor die juistheid van 'n beslissing van 'n Bantoe-appèlhof oor 'n regspraak twyfel, dié beslissing voor die Appèlafdeling lê en laat beredeneer sodat die juiste regsposisie vasgestel kan word.²⁰⁰⁾

Artikel 10 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927, Wysigingswet 9 van 1929 maak voorsiening vir die instelling deur die Goewerneur-generaal (Staatspresident) van

198. Hahlo en Kahn (1960) 331.

199. Vgl Seymour (1970) 29-30.

200. Vgl Seymour (1970) 34-6.

Bantoe-egskeidingshowe om egskedingsgedinge van Bantoe wat volgens die Suid-Afrikaanse huweliksreg getroud is, te verhoor. Dié Bantoe-egskeidingshowe word ingestel vir dieselfde regsgebiede as dié waarvoor die Bantoe-appèlhowe ingestel is en word prakties saamgestel uit dieselfde persone as dié wat die betrokke Bantoe-appèlhof uitmaak. Vanaf 'n Bantoe-egskeidingshof kan alleen na die betrokke Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof geappèlleer word, welke hof teoreties konkurrente jurisdiksie in Bantoe-egskedingsgedinge het. Die Provinsiale Afdelings het, benewens hierdie spesifieke appèljurisdiksie, natuurlik ook nog die inherente jurisdiksie om as hof van eerste instansie enige geskil tussen Bantoe ingevolge die Suid-Afrikaanse reg te besleg maar het feitlik geen jurisdiksie²⁰¹⁾ om geskille ingevolge die Bantoeereg te verhoor nie.²⁰²⁾

6. Die Fondamente van Onafhanklikheid

In hierdie paragraaf word gehandel met dié wetgewing wat beskou word as fundamenteel tot die huidige geldende Bantoeestaatsreg. Hierdie wetgewing het die nuwe benadering van die Unie tot die Bantoebevolking wat die regeringswisseling van 1948, toe die Nasionale Party aan bewind gekom het, teweeg gebring het, vergestalt. Dit vorm die onderbou van die staatsreg van

201. Behalwe waar die reëls van die Suid-Afrikaanse Internasionale Privaatreg die toepassing van Bantoeereg moontlik kan veroorloof.

202. Vgl Seymour (1970) 30-4.

die verantwoordelik regerende, selfregerende en onafhanklike Bantoetuislande van Suider-Afrika.

6.1. Die Wet op Bantoe-owerhede 68 van 1951

"Tot en met 1951 het dit geblyk dat daar geen eenvormige stelsel van of plaaslike of sentrale bestuur vir die Swart bevolking van Suid-Afrika daargestel was nie Die beginsels onderliggend aan die samestelling en funksionering van (die) plaaslike instellings was hoofsaaklik Westers-geïntereerd en het nie tradisionele waardes, norme en gesagsgedrag in aanmerking geneem nie. As sulks het hierdie verskillende raadstelsels wat in wese op konstitusionalisme en beperkte demokratiese waardes gebaseer was, daartoe bygedra om tradisionele politieke gebruike te verander. Omdat tradisionele stamhoofde-in-raad bykans volledig geïgnoreer is wat die samestelling van hierdie bestuursrade betref, was die verandering wat dit meegebring het so fundamenteel dat dit tot dualistiese (plaaslike) gesagstrukture gelei het waarin die tradisionele benewens die Westerse bestaan het, wat groot verwarring tot gevolg het Die Wet op Bantoe-owerhede 1951 het die Westers-geïntereerde stelsels van plaaslike bestuur vir die Swart bevolking in Swart gebiede ongedaan gemaak en dit met die Bantoe-owerheidstelsel vervang."²⁰³ Hierdie opsomming klop ook met wat hierbo gesê is.

203. Aldus Malan en Hattingh (1975) 9. Vgl ook Stambestuur (1959/60) 14, Breytenbach (1975) 7-8, May (1955) 488 en Carter, Karis en Stulz (1967) 48-50.

Die Wet is verskeie kere reeds gewysig en geld steeds.²⁰⁴⁾ Artikel 2 maak voorsiening vir die skepping van 'n hiërargie van Bantoe-owerhede. Bantoe-owerhede word nie ingevolge dié bepaling lukraak ingestel nie, aangesien ten minste twee voorwaardes nagekom moet word alvorens die Staatspresident met sodanige instelling kan voortgaan: in die eerste plek moet die instelling geskied "met behoorlike inagneming van Bantoe-reg en -gebruik." Wat presies hiermee bedoel word is geensins duidelik nie²⁰⁵⁾ en was ook nog nie die onderwerp van gesaghebbende uitleg deur die hof nie. Dit wil voorkom dat die enigste betekenis wat daaraan geheg kan word, die bedoeling is om, in teenstelling met die voorheen bestaande stelsel, doelbewus die tradisionele instellings van die Bantoe in ag te neem by die skepping van strukture waardeur hulle aan owerheidsgesag deel kan hê. Die "Bantoe-reg en -gebruik" waarvan daar melding is, is dus die publiekregtelike aspekte van die Bantoe-gewoontereg oftewel dit wat in hoofstuk 1 hierbo genoem is die "tradisionele 'Bantoe-staatsreg'." Die inagneming hiervan as voorwaarde vir die instelling van Bantoe-owerhede beteken oënskynlik nie dat alleen in ooreenstemming met die Bantoe-gewoontereg regmatig gehandel kan word nie,²⁰⁶⁾ maar ten minste dat dit deur die Staatspresident hande=

204. Die Wet word hier in sy gewysigde vorm behandel.

205. Vgl bv VerLoren van Themaat (1959/60) 1.

206. Bv dat alleen opper- en stamhoofde-in-rade as stamowerhede erken mag word. Vgl ook a 3(1)(b) van die Wet.

lende op advies van die Uitvoerende Raad oorweeg moet word. Die tweede voorwaarde wat nagekom moet word alvorens 'n bepaalde Bantoe-owerheid ingestel kan word, is dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling die Bantoe van die gebied waarvoor die instelling beoog word, vooraf moet raadpleeg. Weer eens beteken dit sekerlik nie dat die instelling van Bantoe-owerhede afhanklik is van die goedkeuring of instemming van die betrokke Bantoe nie, maar ten minste dat die Minister kennis moet neem van hulle wense.²⁰⁷⁾

Die Bantoe-owerhede wat ingevolge artikel 2 ingestel kan word, is in die eerste plek Bantoe-stamowerhede ten opsigte van Bantoe-stamme. 'n Stamowerheid se jurisdiksiegebied stem ooreen met dié wat in 'n "Bantoegebied"²⁰⁸⁾ aan die betrokke stam se kaptein of hoofman toegewys is. Artikel 3(1)(a) maak daarvoor voorsiening dat 'n "stamregering" wat volgens die Bantoe-toegewoontereg funksioneer, by die instelling van 'n stamowerheid vir die betrokke stam, die stamowerheid kan word. Waar daar egter nie sodanige tradisionele stamregering bestaan nie, of waar dit "dienstig geag

207. Prakties word die betrokke Bantoe se wense klaarblyklik weldeeglik in ag geneem: die Zoeloes het eers op 'n laat stadium die stelsel aanvaar en eers ná hul aanvaarding daarvan is op groot skaal daarmee voortgegaan - vgl bv Malan en Hattingh (1975) 148. Vgl ook Stambestuur (1959/60) 15.

208. Ingevolge a 1 van die Wet beteken dit die grond vermeld in a 21(1) van Wet 18 van 1936 asook geskeduleerde grond. Negatief gestel, dus geen grond wat vir nie-Bantoegebruik uitgehou is nie.

word" om dit te vervang, moet 'n stamowerheid op 'n wyse deur die Staatspresident bepaal, saamgestel word. Artikel 4(1) skryf die funksies van stamowerhede voor. Opsommenderwys kan dit beskryf word as algemene (plaaslike) regeringsfunksies ten opsigte van die betrokke stam, advisering van en hulpverlening aan die kaptein of hoofman, advisering van die Regering en die betrokke gebieds- en streeksowerheid en verdere funksies wat die Staatspresident daaraan mag opdra.²⁰⁹⁾ Ingevolge artikel 4(1)(b) en (2) funksioneer stamowerhede en kapteins en hoofmanne konsekwent met in agneming van die Bantogewoontereg, en word toepaslike wetgewing in die lig van toepaslike Bantoregsreëls uitgelê. Die interessante en unieke hiervan is dat dit neerkom op die erkenning van die publiekregtelike aspekte van die Bantogewoontereg, oftewel die tradisionele Bantostaatsreg, as gemenerereg vir die moderne Bantostaatsreg, ten minste op die vlak van die stamowerheid.

Ingevolge artikel 8 moet die Minister onder meer vir elke stamowerheid 'n tesourie instel waaruit uitgawes gedelg word in verband met aangeleenthede waarvoor die stamowerheid gesag het. Sodanige tesourie is onder die Minister se beheer, maar hy kan dit geheel of gedeeltelik aan die stamowerheid opdra. Die tesourie word ingevolge artikel 9 gevoed uit bedrae wat uit hoofde van die Bantogewoontereg as stameiendom beskou

209. Volgens Stambestuur (1959/60) 16 maak die stamowerheid ook die hof van die betrokke kaptein of hoofman uit. A 4(3) maak dit m i wel moontlik, maar nie gebiedend nie.

word, uit boetes en gelde deur die kaptein of hoofman as regsprekende gesag ingevorder, uit fondse wat deur die Minister of die Parlement vir die stam bestem word, en so meer. Die Staatspresident kan ingevolge artikel 17 regulasies maak, onder meer vir die toesig en beheer van stamtesourieë.

Ingevolge artikel 17 kan en is daar ook regulasies uitgevaardig in verband met verskeie aangeleenthede, waaronder regulasies betreffende lidmaatskap, ampsvoorwaardes, prosedure en so meer van stam- en streeksowerhede.²¹⁰⁾ Met die instelling van gebiedsowerhede in die verskillende Bantoetuislande is die werking van dié algemene regulasies ten opsigte van die betrokke gebiede in sommige gevalle mettertyd en in andere tege-lykertyd beëindig en is 'n afsonderlike stel vir dié Tuisland alleen uitgevaardig.²¹¹⁾ Ingevolge artikel

210. Die basiese stel regulasies t o v stamowerhede was dié in Goewermenskennisgewing 939 van 1953, soos gewysig deur Goewermenskennisgewing 1096 van 1960 en 527 van 1965. Die basiese stel regulasies t o v Streeksowerhede was dié in Goewermenskennisgewing 1178 van 1957, soos gewysig deur Goewermenskennisgewings 581 van 1959, 223 van 1960, R1862 van 1962 en 218 van 1966.

211. Vgl t o v Bophuthatswana prokl R140 en R141 van 1968 in Buitengewone Staatskoerant 2091 van 12 Jun 1968, t o v die Cis-kei prokl R142 en R143 van 1968 in Buitengewone Staatskoerant 2092 van 12 Jun 1968, t o v Gazankulu (Machangana) prokl R95, R96 en R97 van 1969 in Buitengewone Staatskoerant 2362 van 25 April 1969, t o v KwaZulu prokl R138, R139 (gewysig deur prokl R74 van 1972 van 30 Mrt 1972) en R140 van 1970 in Staatskoerant 2713 van 22 Mei 1970 (welke regulasies tegelyk by die instelling van die Zoeloegebiedsowerheid uitgevaardig is), t o v Le-bowa prokl R114, R115 en R116 van 1969 in Staatskoerant 2377 van 2 Mei 1969, t o v Qwaqwa prokl R58, R59 en R60 van 1969 in Staatskoerant 2327 van 28 Mrt 1969 (welke regulasies ook tege-

3(4) en onderworpe aan regulasies, kan die Minister raadsmanne, of te wellede van stamowerhede, nã 'n ondersoek weens nalatigheid of in die algemene belang van die betrokke Bantoe van hul ampte onthef. Ten slotte moet ook gemeld word dat artikel 2(1)(a)(ii) voorsiening maak vir die instelling van 'n gemeenskapsowerheid vir 'n Bantoe-gemeenskap of -stam of enige kombinasie daarvan. So 'n gemeenskapsowerheid is vir alle praktiese doeleindes in dieselfde posisie as 'n stamowerheid.²¹²⁾

In die tweede plek kan die Staatspresident ingevolge artikel 2 Bantoe-streksowerhede instel "ten opsigte van twee of meer gebiede waarvoor stamowerhede ingestel is." Die samestelling van streksowerhede word deur artikel 3 grootliks oopgelaat vir reëling by regulasie: artikel 3(1)(c) bepaal bloot dat 'n streksowerheid bestaan uit 'n deur die Staatspresident aangewese voorsitter en soveel lede as wat die Staatspresident bepaal. Artikel 3(3) bepaal dan dat die voorsitter en lede van die streksowerhede gekies of uitgekies word op 'n wyse wat by regulasie voorgeskryf

lyk by die instelling van die Basotho-Qwaqwa-gebiedsowerheid uitgevaardig is), t o v Ndebele prokl R253 en R255 van 1977 in Staatskoerant 5766 van 7 Okt 1977 (welke regulasies ook tegelyk by die instelling van die Ndebele-gebiedsowerheid uitgevaardig is), t o v KaNgwane (Swazi) prokl R264 en R267 van 1975 in Staatskoerant 4913 van 28 Nov 1975 (welke regulasies ook tegelyk by die instelling van die Swazi-gebiedsowerheid uitgevaardig is) en t o v Venda (Thoha-Ya-Ndou-gebiedsowerheid) prokl R167, R168 en R169 van 1969 in Staatskoerant 2440 van 20 Jun 1969.

212. Vgl ook die definisie van "stamowerheid" in a 1 van die Wet.

word, uit die geledere van die kapteins, hoofmanne en raadsmanne van die betrokke stamowerhede.²¹³⁾ Net soos ten opsigte van raadsmanne, het die Minister ook 'n ontheffingskompetensie ten opsigte van lede van streeksowerhede. Ingevolge artikel 3(7) kan die Minister 'n staatsamptenaar aanwys om in toesighoudende hoedanigheid ten opsigte van 'n streeksowerheid op te tree, welke persoon in 'n vergadering van die streeksowerheid (en in die van die gebiedsowerheid waarby laasgenoemde betrokke is) sitting mag neem en deelneem, maar nie stem nie.

Artikel 5 reël die funksies en kompetensies van streeksowerhede. Opsommenderwys kan gesê word dat 'n streeksowerheid die Regering moet adviseer, aangaande die algemene belange van die Bantoe binne sy (die streeksowerheid se) jurisdiksiegebied en dat dit gesag het oor plaaslike sake soos onderwys, paaie, watervoorsiening, veesiektes, hospitale, bosbou en so meer.²¹⁴⁾

213. Insiggewend is die feit dat die regulasies vereis het dat die Hoofkaptein (opperhoof) van die gebied, indien daar een beskikbaar was, as voorsitter aangewys moes word en dat die kapteins en hoofmanne van die stamowerhede almal outomaties sitting gehad het: vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 8 en Stambestuur (1959/60) 17. Dit blyk naamlik daaruit dat bedoel is om ook op streeksvlak die klem swaar te laat val op tradisionele owerheidsinstellings.

214. Hierdie aangeleentheid stem wesenlik ooreen met dié wat binne die plaaslike rade se jurisdiksie geval het: vide supra par 4.2.1.

Voorts het die streeksowerheid die kompetensie om ver= ordeninge oor bogemelde aangeleenthede uit te vaardig en belas= ting te hef,²¹⁵⁾ welke verordeninge deur die Staatspresident goed= gekeur en gepubliseer moet word. Sulke verordeninge kan deur die Staatspresident aangepas word en indien 'n streeksowerheid sou ver= suim om aldus wetgewend op te tree, kan die Minister dié funksie oorneem. Streeksowerhede is ook kompetent om in verband met die uitoefening van hul funksies oor vaste eiendom te beskik. Indien nodig kan die Staatspresident ingevolge artikel 5 (7) enige van 'n gebiedsowerheid se funksies en kompetensies aan 'n streeksowerheid opdra. Die reeds vermelde artikel 8 in verband met die instelling van tesourieë is ook op streeksowerhede van toepassing. Artikel 10 bepaal welke gelde in die tesourie van 'n streeksowerheid in= betaal moet word, naamlik belasting deur die owerheid gehef, boetes betaalbaar ingevolge verordeninge van die streeksowerheid, gelde vir dié doel bewillig deur die Parlement en so meer.

Die vroeër vermelde artikel 12 bepaal dat plaas= like rade ophou om te bestaan waar streeksowerhede in= gestel word en artikel 13 maak die voorsitter van die streeksowerheid verteenwoordiger van dié owerheid in regsdinge. Die oorspronklike regulasies²¹⁶⁾ het ook voorsiening gemaak vir die aanstelling deur die streeks= owerheid van vier lede om saam met die voorsitter 'n uitvoerende komitee te vorm: die voorsitter was ook

215. Vgl ook a 6.

216. Reg 37-40 van Goewermentskennisgewing 1178 van 1957.

hoof-uitvoerende amptenaar van die streeksowerheid.²¹⁷⁾

In die derde plek het artikel 2 voorsiening gemaak vir die instelling deur die Staatspresident van 'n Bantoe-gebiedsowerheid "ten opsigte van twee of meer gebiede waarvoor streeksowerhede ingestel is." Die reeds gemelde bepalings van artikel 3 ten opsigte van samestelling van, ontheffing van lede deur die Minister en die aanwysing van 'n toesighoudende amptenaar by, 'n streeksowerheid, geld identies net so vir gebiedsowerhede.

Oorspronklik het artikel 7 gebiedsowerhede se funksies en kompetensies gekoppel aan dié van streeksowerhede en die presiese omlýning daarvan oopgelaat vir die proklamering deur die Staatspresident. Artikel 12 van die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur 46 van 1959 het artikel 7 egter vervang en die funksies en kompetensies van gebiedsowerhede gaan spesifiseer. Opgesom kom dit daarop neer dat gebiedsowerhede nou moet skakel met die betrokke kommissaris-generaal,²¹⁸⁾ aan die stam- en streeksowerhede in sy gebied leiding moet gee, moet meehelp aan die opbou van 'n effektiewe regsprekende stelsel in sy gebied, moet advies verleen aan die Regering, volkskonferensies kan belê waarna die Minister of Kommissaris-generaal uitgenooi kan word, burgerskapsertifikate ten opsigte van tuislandburger=

217. Vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 10.

218. Vide infra par 6.3.

skap kan uitreik²¹⁹⁾ en gesag uitoefen in sy gebied oor sake soos markte en skutte, oprigting en instandhouding van geboue, handelslisensies en so meer. Origens het 'n gebiedsowerheid sodanige funksies en kompetensies as wat die Staatspresident by proklamasie daaraan verleen en kan wetgewing, genoem "maatreëls" ("enactments"), oor begemelde sake, verdere aangeleenthede deur die Parlement toegewys en relevante aangeleenthede waaroor die Staatspresident of die Minister regulasies kan uitvaardig, soos streeksowerhede met die goedkeuring van die Staatspresident, maak en belasting hef.

Artikel 8, wat in verband staan met die instelling van tesourieë, en artikel 13 wat betrekking het op regsgedinge deur of teen gebiedsowerhede, bepaal dieselfde as die voorskrifte wat vir streeksowerhede geld. Ingevolge artikel 11 word die gebiedsowerheid se tesourie gevoed uit fondse wat betaalbaar word aan hom ingevolge die uitoefening van sy bogemelde kompetensies, waaronder belastingheffing, en ook uit bedrae wat streeksowerhede aan hom moet oorbetal volgens bepaling uitgevaardig deur die Staatspresident.

Ingevolge regulasies wat sedert 1961 telkens by die instelling van 'n gebiedsowerheid uitgevaardig is, het die voorsitter van die gebiedsowerheid hoofuitvoerende beampte en voorsitter van 'n uitvoerende komitee vir die gebied geword.²²⁰⁾ Ten slotte moet ook weer

219. Vide infra par 4 van hfst III.

220. Vide infra hfst III par 3.1.

verwys word na die reeds aangehaalde artikel 12, ingevolge waarvan algemene rade moes ophou bestaan by die instelling van gebiedsowerhede vir die betrokke gebiede.

Uit bostaande en uit paragraaf 3 van hoofstuk III infra blyk dit dat die Wet so ver moontlik gegaan het om die tradisionele instellings van die Bantoeostaatsreg in ere te herstel en tegelyk te akkomodeer in 'n werkbare moderne regeringstelsel. Afgesien van die gebruikmaking van die hoofmanne, kapteins en opperhoofde en van die stamrade, herinner die globale struktuur van die Bantoe-owerheidstelsel heelwat aan die tradisionele opset soos in hoofstuk I hierbo kortliks uiteengesit is: die struktuur vorm naamlik 'n piramide, met die stamowerhede as breë fondament, die streeksoverhede as tussenvlak en die gebiedsowerhede as kulminasiepunt van die "piramides."²²¹⁾

Enkele verdere bepalings van Wet 68 van 1951 moet ook vermeld word. Ingevolge artikel 19 en die Bylae is onder meer artikel 16 van die reedsbespreekte Wet 23 van 1920 herroep. Artikel 15 van die 1951-Wet het egter in die plek daarvan gekom: dit magtig naamlik die Staatspresident om (op die advies van die Uitvoerende Raad van die Republiek) te eniger tyd en op enige wyse 'n Bantoe konferensie te belê om die mining van die Bantoe oor aangeleenthede wat hul belange raak, te verneem. Artikel 19 en die Bylae het ook die reeds bespreekte Wet 12 van 1936 uitvoerig gewysig, hoofsaaklik om

221. Vgl ook Malan en Hattingh (1975) 10.

vir twee sake voorsiening te maak, naamlik vir die akkomodering van die Bantoe-owerhede in die verkiesingstelsel van senatore, volksraads- en provinsiale raadslede deur Bantoe en vir die afskaffing van die Naturele Verteenwoordigende Raad. Artikel 18 het²²²⁾ ook uitdruklik laasgenoemde Raad afgeskaf: dit was 'n lo-giese stap, want afgesien van die feit dat die Raad self onwillig was om te bly voortbestaan, het dit geen plek meer gehad in die nuwe stelsel wat Wet 68 van 1951 ingelui het nie, omdat die Raad se bestaan afhanklik was van die rassebenadering tot die Bantoebevolking, terwyl die nuwe stelsel etnies-georiënteerd was.

6.2. Die Transkeise Bantoe-owerheidstelsel

Die Verenigde Algemene Raad van die Transkeise Gebiede was aanvanklik nie beïndruk met Wet 68 van 1951 nie, maar in 1955 het dié Raad die Regering versoek om die Bantoe-owerheidstelsel in die Transkei toe te pas. Die Raad het aktief meegewerk in die ontwerp van die Transkei se eie stelsel,²²³⁾ deurdat 'n reseskomitee die besonderhede daarvan uitgewerk het en aan die Regering voorgelê het.

Wet 68 van 1951 is egter nie op die Transkei van toepassing gemaak nie. Uit hoofde van sy wetgewende

222. Benewens die herroeping deur a 19 en die Bylae van die tersaaklike bepalings van Wet 12 van 1936.

223. Vgl bv VerLoren van Themaat (1959/60) 249 en die voorrede tot prokl 180 van 1956.

kompetensie ingevolge artikel 25 van Wet 38 van 1927²²⁴⁾ het die Goewerneur-generaal op 31 Augustus 1956, met werking vanaf 1 September 1956, die Proklamasie op Transeise Bantoe-owerhede 180 van 1956 uitgevaardig.²²⁵⁾ Tot met die verkryging deur die Transkei van selfregering in 1963 is dié proklamasie vyftien keer gewysig.²²⁶⁾

Die bedoeling is nie hier om al 116 artikels van die Proklamasie te behandel nie, maar slegs om opsommenderwys die hooftrekke daarvan weer te gee om 'n beeld van die Transkeise owerheidstelsel te gee.

Artikel 3 van die Proklamasie het, met enkele voorbehoude, onder meer Proklamasie 279 van 1930, soos gewysig, ingevolge waarvan die "Bunga" gefunksioneer het, herroep. Artikel 4(1) het die "Bunga" en die Transkeise distriksrade ontbind en vervang met onderskeidelik

224. Vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 1. Die voorrede tot die proklamasie meld bloot dat die Goewerneur-generaal gehandel het "kragtens die bevoegdheid en gesag by wet aan my verleen," maar a 2 meld wel dat die proklamasie van toepassing is op dié Transkeise gebiede waarop a 25(1) van Wet 38 van 1927 ook van toepassing is. Die Goewerneur-generaal kon ewegoed gebruik maak het van die kompetensies ingevolge a 25(3) en die Transkeise anneksasiewette.

225. Buitengewone Staatskoerant 5736 van 31 Aug 1956 en kyk a 3 van die Proklamasie.

226. Deur proklamasies 12, 93, 94 en 200 van 1959, 20, 28, 49 en 188 van 1960, 12, 22 en 118 van 1961, 174 en 1962 en 8, 144 en 346 van 1963. Waar hieronder na spesifieke bepalings van die Proklamasie verwys word, is dit verwysings na dié bepalings soos gewysig tot in 1963.

die Transkeise Gebiedsowerheid en Bantoe-distriksowerhede. Subartikels 4(2) tot (4) het egter meegebring dat die Gebiedsowerheid en distriksowerhede voorlopig, gedurende 'n oorgangstydperk, volkome in die plek van, en soos die algemene en distriksrade onderskeidelik, sou funksioneer en artikel 6 het die bates en laste van die onderskeie rade aan die ooreenstemmende owerhede oorgedra. Artikel 9(4) het meegebring dat selfs die lede van die onderskeie rade, lede van die ooreenstemmende owerhede geword het. Die oorgangstydperk het in 1959 verstryk met die publikasie van Proklamasie 93 van 1959 aangaande onder meer die Byeenroeping van (die) Eerste Vergadering van die Transkeise Gebiedsowerheid wat as 'n Bantoe-owerheid Optree.²²⁷⁾

Hoofstuk II van die Proklamasie het stam- en gemeenskapsowerhede gereël. Met die uitsondering van dié nemenswaardige aspekte van die stelsel wat hieronder bespreek word, was die Transkeise stelsel dieselfde as dié geskep deur Wet 68 van 1951. Transkeise stam- en gemeenskapsowerhede is ingevolge artikel 11(1)²²⁸⁾ saamgestel uit 'n "voorsittende hoof" en 'n aantal raadsmanne: alle hoofmanne in bevel van lokaalies in die betrokke gebied, soveel addisionele raads-

227. Staatskoerant 6212 van 1 Mei 1959 4.

228. Soos gewysig deur prokl 144 van 1963.

manne as wat die Staatspresident sou bepaal²²⁹⁾ en in stam- of gemeenskapsgebiede geleë in streeksowerheidsgebiede waaroor 'n kaptein of hoofkaptein jurisdiksie gehad het, nog drie addisionele raadsmanne, aangestel deur dié kaptein of hoofkaptein in oorleg met die streeksowerheid, het die totale aantal raadsmanne uitgemaak.²³⁰⁾ Die hoof van 'n stam- of gemeenskapsowerheid moes 'n kaptein of hoofman wees, wat, indien daar meer as een in die stamgebied was, deur die Staatspresident aangewys moes word in oorleg met die betrokke gebied se hoofkaptein, as wie se gevolmagtigde die aangewese hoof dan geag is en wat dan ook geag is aangestel of erken te wees ingevolge die reeds bespreekte artikel 2 van Wet 38 van 1927. Artikel 11(8)²³¹⁾ het bepaal dat Transkeise hoofmanne se aantelling, ontslag en skorsing deur die betrokke stam- of gemeenskapsowerhede gedoen moes word in oorleg met die betrokke hoofkaptein - tot op daardie stadium het dié kompetensie ingevolge artikel 2(8) van Wet 38 van 1927 by die Minister, Sekretaris, Onder-sekretaris of Hoof-Bantoekeom-

229. A 12, soos vervang deur prokl 144 van 1963 het bepaal dat hierdie raadslede aangestel moes word deur die hoof van die owerheid, die algemene belastingbetalers en die Bantoesakekommissaris van die gebied, volgens 'n prosedure deur die hoof en laasgenoemde bepaal. Hierdie raadsmanne se ampstermyn is deur a 15 vasgestel op 5 jaar.

230. Die hoofmanne en die raadslede wat deur die hoofkaptein aangestel sou word, se aanstellings moes ingevolge a 12 so vermoontlik in ooreenstemming met die betrokke stam of gemeenskap se gewoontereg geskied.

231. Soos vervang deur prokl 188 van 1960.

missaris berus. Wat die funksies en kompetensies van Transkeise stam- en gemeenskapsowerhede betref, het die Proklamasie soortgelyke bepalinge bevat as die 1951-Wet, behalwe dat artikel 22(1) 'n lys van een en twintig gespesifiseerde onderwerpe bevat het waarvoor dié owerhede gesag op plaaslike vlak kon uitoefen. Daaronder was regsprekende gesag, grondadministrasie, onderwys, paaie, arbeidsregistrasie, pensioene, registrasie van geboortes en sterfgevallen, die maak van "reëls en regulasies" met strafregtelike sanksies oor sake binne sy jurisdiksie en so meer. Ook kon dié owerhede belasting hef. Stam- en gemeenskapsowerhede het dus op die plaaslike vlak wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag uitgeoefen. Volgens VerLoren van Themaat²³²) is stamowerhede in die Transkei ingestel waar stam- of etniese verbintenisse dit toegelaat het en gemeenskapsowerhede op grond van gemeenskaplikheid van belange waar stamverbintenisse verswak of vermeng was.

Hoofstuk III van die Proklamasie handel oor die distriksowerhede, wat ingevolge die reeds vermelde artikel 4 ingestel is in die plek van die Transkeise distriksrade ná die vroeër vermelde oorgangstydperk. Artikel 27 het bepaal dat distriksowerhede 'n kaptein of hoofman aan die hoof daarvan moes hê²³³) en artikel

232. (1959/60).

233. Uitvoerige voorsiening is ook gemaak vir die vasstelling van die vraag welke kaptein of hoofman op welke wyse as hoof aangewys moes word in gevalle waar daar meer as een in die betrokke gebied was.

28 het die grootte daarvan, saam met die hoof, op ten minste agt lede gestel. Vier lede, waaronder die hoofde van die betrokke stam- en gemeenskapsowerhede, moes uit laasgenoemde owerhede op die distriksowerheid dien, twee lede uit die geledere van die verteenwoordgers van die algemene belastingbetalers op die betrokke stam- en gemeenskapsowerhede, twee lede uit die betrokke stam- en gemeenskapsowerhede, deur die Bantoe-sakekommissaris met die goedkeuring van die Minister aangesel, en al die aangestelde en erkende kapteins in die distrik. Die ampstermyne van die aangestelde lede is ook op vyf jaar gestel. Artikels 31 tot 33 en 36 het die funksies en kompetensies van distriksowerhede geskep. Opgesom kom dit op die volgende neer: hulpverlening aan en toesighouding oor stam- en gemeenskapsowerhede, advisering van die Regering en die Gebiedsowerheid, die heffing van vee- en persoonlike belasting en die voer van siviele gedinge in die naam van die hoof daarvan nomine officii. Artikel 31(h) het 'n lys van dertien onderwerpe bevat waaroor 'n distriksowerheid gesag kon hê, waaronder onderwys, grondbewaring, klinieke, geboue, markte, Bantoe-gemeenskapsentra en so meer. Artikels 34 en 35 het voorsiening gemaak vir die skepping van tesourieë vir distriksowerhede volgens dieselfde patroon as dié wat Wet 68 van 1951 geskep het. Ingevolge artikel 104(2) moes 'n uitvoerende komitee van die distriksowerheid, bestaande uit die hoof van die distriksowerheid en drie lede aangewys by die eerste vergadering, saamgestel word vir die afdeling van sake tussen vergaderings. Dit is duidelik dat die distriksowerhede na samestelling en funksie

histories voortgevloei het uit die radestelsel, maar dat toegewings gemaak is om etniese simpatieë te bevredig,²³⁴⁾ deurdat die distriksowerhede in die stamgeoriënteerde owerheidstelsel ingebou is.

Hoofstuk IV van die Proklamasie handel oor die Transkeise streeksowerhede. Ingevolge artikel 39 kon die Staatspresident, na raadpleging met die Bantoe deur bemiddelling van die distriks-, stam- en gemeenskapsowerhede van die betrokke streek, 'n streeksowerheid instel ten opsigte van enige twee of meer distrikte waar distriksowerhede bestaan het. Aan die hoof van die streeksowerheid moes 'n hoofkaptein (of kaptein of hoofman as 'n hoofkapteinskap nie daar bestaan het nie) ingevolge artikel 40²³⁵⁾ staan. Ingevolge artikel 41(1)²³⁶⁾ is 'n streeksowerheid saamgestel uit alle aangestelde en erkende kapteins in die gebied, een lid aangestel deur elke betrokke Bantoesakekommissaris, een lid vir elke betrokke distrik uit eie geledere verkies deur die verteenwoordigers van die belastingbetaalers van die betrokke stam- en gemeenskapsowerhede en een addisionele lid aangewys deur die hoof van die streeksowerheid uit die geledere van die lede van die betrokke distriksowerhede. Die ampstyd van aangestelde lede was vyf jaar (artikel 42). Artikels 44 tot 48 het die funksies en kompetensies van die Transkeise

234. Vgl oor die algemeen ook VerLoren van Themaat (1959/60) 5-7.

235. Soos gewysig deur prokl 12 van 1959.

236. Soos gewysig deur prokl 144 van 1963.

streeksowerhede geskep. Opgesom kom dit op die volgende neer: hulpverlening en toesighouding oor die laer owerhede, advisering van die Regering en Gebiedsowerheid, die voer van siviele gedinge, belastingheffing en die maak van verordeninge oor aangeleenthede binne sy jurisdiksie. Sake waaroor streeksowerhede soveel gesag gehad het as wat die Minister voorgeskryf het, was ingevolge artikel 44 onder meer onderwys, watervoorsiening, gesondheidsverbetering, bos- en landbou, en die Minister kon ook onder meer regsprekende, waaronder "appèlwerkzaamhede" aan 'n streeksowerheid toewys. Artikels 49 en 50 het die gebruikelike bepalinge aangaande tersourieë bevat. Ingevolge artikel 104(1) moes 'n uitvoerende komitee van die streeksowerheid, bestaande uit die hoof van die streeksowerheid en vier lede aangewys by die eerste vergadering, saamgestel word vir die afhandeling van sake tussen vergaderings. Volgens VerLoren van Themaat²³⁷⁾ het die Transkeise streeksowerhede in sekere opsigte die funksies wat gebiedsowerhede elders ingevolge Wet 68 van 1951 verrig het, uitgeoefen.

Hoofstuk V het gehandel oor die Gebiedsowerheid wat ingevolge die reeds vermelde artikel 4 ingestel is in die plek van die Algemene Raad ("Bunga") ná die oorgangstydperk. Ingevolge artikel 55 het 'n "voorsittende gebiedskaptein" aan die hoof daarvan gestaan. Hy moes 'n lid wees van die gebiedsowerheid, wat aan die

237. (1959/60) 7 en 11.

begin van die jaarlikse vergadering daarvan deur die hoofkaptains en ander hoofde van streeksowerhede benoem is, welke benoeming onderhewig was aan die goedkeuring van die Staatspresident (Goewerneur-generaal).²³⁸⁾ In= gevolge artikel 56 is die Gebiedsowerheid saamgestel uit al die lede van die streeksowerhede van die Trans= kei.²³⁹⁾ Die funksies en kompetensies van die Gebieds= owerheid is in artikel 59²⁴⁰⁾ omlin, wat opgesom op die volgende neergekom het: skakeling met die kommis= saris-generaal, leiding, toesighouding en hulp aan laer owerhede, ontwikkeling van die regsprekende gesag, die hou van volkskonferensies, advisering van die Regering, belastingheffing en die uitvaardiging, met die goedkeu= ring van die Staatspresident, van wetgewing (genoem "maatreëls") oor aangeleenthede waaroor dit gesag ge= had het. Artikel 59(1)(h) het 'n lys van agtien onder= werpe bevat wat binne die gesag van die Gebiedsower= heid geval het. Subartikels (1)(i) en (3) het die moontlikheid gelaat vir die uitbreiding van dié onder= werpe en ook magtiging verleen om wetgewing oor aange= leenthede uit te vaardig waaroor die Staatspresident of Minister gedelegeerde wetgewing kon maak. Die onder= werpe onder die Gebiedsowerheid se gesag was steeds

238. Interessant is die feit dat die eerste President van die Republiek van Transkei, Opperhoof Bohta Sigcau, ook in 1959 die eerste voorsittende gebiedskaptain geword het: vgl VerLoren van Themaat (1959/60) 15.

239. Vir gevalle waar distriksowerhede ingevolge a 39 as streeks= owerhede gefunksioneer het, het a 56 spesiaal voorsiening gemaak vir lidmaatskap van die Gebiedsowerheid.

240. Soos vervang deur prokl 188 van 1960.

van plaaslike belang en het sake soos landbouskole, opleiding van doofstommes en blindes, sport, ontspanning, hospitaaldienste, brûe, watervoorrade, handelsslisen= siëring en so meer ingesluit. Ingevolge artikel 69 was die voorsittende gebiedskaptein die Gebiedsower= heid se hoof-uitvoerende amptenaar. Artikel 60 het bepaal dat hy saam met al die hoofkapteins en ander hoofde van streeksowerhede 'n uitvoerende komitee ge= vorm het, wat dan gesag gehad het oor aspekte van per= soneelbeheer, onderwys, landbou, openbare werke, fi= nansies en enkele ander algemene sake.²⁴¹⁾

Uit die bostaande analise blyk dit dat die Trans= keise Bantoe-owerheidstelsel volgens die voorbeeld van Wet 68 van 1951 ontwerp is, maar dat die afwykings van die res van die Unie se stelsel ingebou was met die oog op verskeie faktore. Eerstens is nie plotseling nie, maar stelselmatig, en ook nie in alle opsigte nie, wegbeweeg van die ou Glen Grey-tipe radestelsel, klaar= blyklik omdat dié stelsel reeds goed gevestig was in die gebied en bepaalde tradisies opgebou is. Tweedens is een intermediêre regeringsvlak, naamlik die distriks= rade, in die stelsel gevoeg en vir lank behou en het die betrokke Bantoe-owerhede in die Transkei in ver= skeie opsigte meer owerheidsgesag as die ooreenstemmen= de liggame in die res van die Unie hanteer: waarskyn= lik was redes hiervoor die feit dat die Transkeise ge= biede reeds tot 'n groot mate vir jare lank 'n staat=

241. Vgl oor die algemeen ook VerLoren van Themaat (1959/60) 14-7.

kundige subeenheid in die Unie gevorm het, gekonsolideer was, grootliks eentalig was en redelik dig bevolk was. Derdens het die Transkei reeds beskik oor 'n betreklik gevestigde, erkende tradisionele gesagshiërgie, met verskeie hoofkapteins (opperhoofde), 'n groot aantal kapteins asook hoofmanne.

Die Bantoe-owerheidstelsel van die Transkei het uiteindelik bestaan uit 'n gebiedsowerheid, nege streeksowerhede, ses en twintig distriksowerhede en honderd agt en dertig stamowerhede.²⁴²⁾

6.3. Die Wet op die Bevordering van Bantoe-Selfbestuur 46 van 1959

Hierdie Wet was die volgende stap in die rigting van die moeilik herroepbare skepping van 'n verskeidenheid onafhanklike Bantoeestate op etniese grondslag in die Unie (en Republiek) van Suid-Afrika. Waar Wet 68 van 1951 'n duidelike koersverandering in die Blanke se benadering tot Suid-Afrika se Bantoebevolking verteenwoordig het, het Wet 46 van 1959 so 'n beslissende koersbepaling vir die toekoms, gefundeer op Wet 68 van 1951, neergelê.

Die lang titel van die Wet maak dit duidelik dat die bedoeling met die Wet onder meer is "om voorsiening te maak vir die geleidelike ontwikkeling van selfbesturende Bantoe-volkseenhede," en die voorrede bevat

242. Kyk bv Breytenbach (1975) 11-2.

vir toekomsontwikkeling, wat sodanig vir sigself spreek, dat dit die moeite werd is om uitvoerig daaruit aan te haal:

"Nademaal die Bantoebevolking van die Unie van Suid-Afrika nie 'n homogene volk is nie, maar op grondslag van taal en kultuur verskillende volkseenhede vorm:

"En nademaal dit wenslik is vir welvaart en vooruitgang van bedoelde bevolking om die afsonderlike volkseenhede te erken en vir hul geleidelike ontwikkeling binne hul eie gebiede tot selfbesturende eenhede op grondslag van Bantoebestuurstelsels voorsiening te maak:

"En nademaal dit derhalwe wenslik is om die Bantoebestuurstelsel waarvoor in die Wet op Bantoeowerhede, 1951, voorsiening gemaak is, ooreenkomstig die eise van die tyd te ontwikkel en uit te bou, en verdere bevoegdhede, werksaamhede en pligte aan streeks- en gebiedsowerhede op te dra:

"En nademaal die ontwikkeling van selfbestuur bevorder word deur aan gebiedsowerhede beheer oor die grond in hul gebiede te verleen, en dit derhalwe wenslik is om voorsiening te maak vir die eventuele oordrag aan gebiedsowerhede van sekere regte en bevoegdhede wat ingevolge een of ander wetsbepaling aan die Goewerneur-generaal of die Minister of dié in die Bantoe-trust en -grond Wet, 1936, bedoelde Trustee verleen of opgedra is:

"En nademaal dit wenslik is om vir regstreekse oorlegpleging tussen die afsonderlike Bantoevolkseenhede en die Unieregering voorsiening te maak"

Artikel 2(1) het agt Bantoe-volkseenhede statutêr "geskep," welke stap beskou kan word as die eerste uitdruklike erkenning deur die Uniewetgewer ('n halfeeu ná die aanname van die Zuid-Afrika Wet 1909) van die etniese identiteit en verskeidenheid onder, in teenstelling met rasse-ondersheid van, die Unie se Bantoe-bevolking. Die volkseenhede is geïdentifiseer as die Noord-Sotho (Bapedi), Suid-Sotho (Witziesshoek-Sotho), Swazi, Tsonga (waaronder die Shangaan), Tswana, Venda, Xhosa (van die Transkei en die Ciskei) en die Zoeloe.

Dit is interessant om die motivering, formulering en effek van hierdie Wet te vergelyk met die aanbevelings van die Tomlinson-Kommissie.²⁴³⁾ Sodanige vergelyking bring die insig dat Wet 46 van 1959 en heelwat van die daaropvolgende ontwikkelinge die direkte uitvloeisel van die Kommissieverslag was. Nadat die Kommissie²⁴⁴⁾ die verskillende etniese groepe genoem het, word die volgende gesê:²⁴⁵⁾ "Teen die kultuur-historiese agtergrond word die stelselmatige uitbouing van sewe blokke om histories-logiese hartlande deur die Kommissie aanbeveel te wete Tswanaland, Vendaland, Pediland, Swaziland, Zoeloeland, Xhosaland en Sotholand, in elk waarvan op grondslag van die Wet op Bantoe-owerhede die Bantoe self in toenemende mate bestuursfunksies sal beoefen, aangepas in die normale gang van ont-

243. Soos vervat in Boekdeel V van die Sosio-Ekonomiese Verslag.

244. Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 50 op 49 par XII(ii).

245. Ibid 50 par (iv).

wikkeling en volgens die eise van die tyd."²⁴⁶⁾ Insiggewend is ook die feit dat die Eerste Minister in die debat oor die aanname van Wet 46 van 1959 gesê het:²⁴⁷⁾ "As dit binne die vermoë van die Bantoe is en as die gebiede wat aan hom geskenk word vir emansipasie, of liever wat reeds sy eie gebiede is, kan ontwikkel tot volle selfstandigheid, dan sal dit so ontwikkel."

Artikels 2(2) - (4) en 3 handel oor die amp van kommissaris-generaal. Voorsiening is gemaak vir die aanstelling deur die Goewerneur-generaal aanvanklik van vyf kommissarisse-generaal, drie waarvan dié amp ten opsigte van twee volkseenhede moes beklee, maar die Goewerneur-generaal is ook gemagtig om te eniger tyd meer aan te stel. Die funksies van 'n kommissaris-generaal ingevolge die Wet kom op die volgende neer: verteenwoordiging van die Regering by die betrokke

246. Ooglopend is ook die feit dat selfs die formulering van die aangehaalde voorrede tot die Wet op plekke woordeliks ooreenstem met hierdie aanbeveling. Vgl verder ook hfst 51 30-1 van die Verslag.

247. Deel 101 kol 6520 op 20 Mei 1959 en vgl verder 1959 Annual Survey of South African Law 31, waar die Witskrif ter verduideliking van die wetsontwerp opgesom word, asook die Sosio-Ekonomiese Verslag hfst 50 48a en hfst 51 31 par 78, welke lg par nou, twee dekades nadat die Verslag gelewer is, besonder interessante leesstof is: "As die Kommissie homself egter 'n profetiese blik mag veroorloof, sou hy die voorgestelde ontwikkelingsplan wil beskou as 'n middel tot daardie mate van politieke ontwikkeling wat as voorloper kan dien van 'n uiteindelijke bedeling in Suidelike Afrika waaronder sekere streke van die Kontinent vir Blankes (in geval van die Unie sal dit Kleurlinge insluit) gereserveer word, in welke dele Bantoe as tydelike immigratiewerkers toegelaat sal word, sonder dat hulle daar op enige politieke regte aanspraak kan maak."

volkseenheid, advisering van en oorlegpleging met die volkseenheid, die ontwikkeling en bevordering van die regsprekende gesag, die verstrek van inligting aan die volkseenheid oor regeringsbeleid en wetgewing, die op hoogte hou van die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling "in verband met die behoeftes en wense van die bevolking", asook verdere take wat deur die Minister aan hom opgedra mag word. Opsommenderwys kan dus gesê word dat die kommissaris-generaal 'n tipe diplomatieke amp vervul: hy het nie werklike owerheidsgesag anders as verteenwoordiging van die Regering nie, hy moet plaaslike hulp verleen en gestelde behoeftes aan die Regering oordra.

Artikel 15 van die Wet het die Bantoe-verteenvoerdigingswet 1936 herroep, wat die effek gehad het dat die parlementêre en provinsiale raadsverteenvoerdiging van Bantoe-kiesers finaal in 1960 beëindig is. Artikel 6 het artikel 2 van Wet 38 van 1927 gewysig om voorsiening te maak vir die verpligte raadpleging van gebiedsowerhede by die erkenning, aanstelling of afsetting van kapteins en hoofmanne en artikel 7 het artikels 4 bis en ter by Wet 18 van 1936 gevoeg, wat die oordrag van trustgrond en van funksies, kompetensies en verpligtinge van die Goewerneur-generaal of die Minister in Bantoegebiede na gebiedsowerhede moontlik gemaak het.

6.4. Die Transkeise Grondwet 48 van 1963

Op 21 April 1961 is 'n klaarblyklik onverwagte

mosie deur 'n lid van die Transkeise Gebiedsowerheid voorgelê "That in order to ease the present situation of uneasiness in the Union of South Africa and in view of the Government's policy of separate development and the fact that the Bantu people in the Union have no representation in the Union legislature - (a) this Territorial Authority in session respectfully requests the Government to declare the Transkeian Territories as a whole a self-governing state under the control of the Bantu people; (b) that arrangements for the drawing up of the relative constitution be made by the authorities in consultation with the leaders of the Bantu people in the Transkeian Territories" Uit die voorsteller se motivering van sy mosie blyk dit dat dit gedeeltelik bedoel is as 'n uitdaging aan die Regering om die beleid van afsonderlike ontwikkeling tot sy volle konsekwensies toe te pas.²⁴⁸⁾ Dié betrokke mosie het egter nie tot stemming gekom nie, maar op 26 April is 'n daaruit voortvloeiende mosie deur die gebiedsowerheid aangeneem ingevolge waarvan 'n reseskomitee van sewe en twintig lede aangewys is "to go into the implications of the granting or otherwise of self-government to this Authority, during the next session" binne die raamwerk van die finansiële implikasies, die onwenslikheid van inbreukmaking op die bestaande instelling van kapteinskap, die verhouding tussen die Regering en die voorgestelde Bantoestaat, die moontlike datum van toekenning van selfregering en

248. Transkeian Territorial Authority. Proceedings and Reports of Select Committees at the Session of 1961-69.

die wyse van nadering van die Regering met die oog op die bewerkstelling van selfregering.²⁴⁹⁾ Interessant is die aanwending hier van die begrip "selfregering": klaarblyklik is geen onderskeid gemaak tussen "selfregering" en onafhanklikheid nie. Soos wat sake egter uitgekristalliseer het, het "selfregering" in die Bantostaatsreg 'n besondere tegniese betekenis gekry, wat, soos hierna sal blyk, eerder op outonomie as onafhanklikheid gedui het.

Die reseskomitee het hul verslag op 30 Maart 1962 onderteken. Samesprekings is met die Regering gevoer, die lede van die gebiedsowerheid het die mense van hul streke ingelig en geraadpleeg, stedelike Bantoeleiers is na Umtata genooi om hul opinies daaroor te lug en met betreklik min weerstand het die Gebiedsowerheid die verslag met die grondwetlike voorstelle daarin vervat, op 1 Mei 1962 aangeneem en die regering van die Republiek versoek om na aanleiding daarvan 'n konsepgrondwet vir die Transkei op te stel. Sodanige wetsontwerp is opgestel en in Desember 1962 aan die Transkeise Gebiedsowerheid vir oorweging voorgelê, wat dit aanvaar het nadat slegs die voorgestelde verhouding tussen verkose en ex officio-lede noemenswaardige teenkanting uitgelok het.²⁵⁰⁾

249. Ibid 82.

250. Vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 446-8 en Carter, Karis en Stulz (1967) 113-20.

Die Parlement van die Republiek het die Transkeise Grondwet 1963²⁵¹⁾ met in werkingtrede op 30 Mei 1963 aangeneem "om selfregering in die Transkei te verleen aan die Bantoe woonagtig in die Transkei en aan sekere Bantoes verwant aan die Bantoe van die Transkei en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan." Die indruk word deur hierdie lang titel geskep dat selfregering verleen is aan 'n gedeelte van die bevolking van die Republiek en nie aan 'n gebied of 'n staat nie, en hierdie indruk word versterk deur die aanhef (voorrede) van die Wet maar word weer=spreek deur artikel 1 waarin die Transkei verklaar word tot "'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika."

Die voorrede verwys na die beleid van afsonderlike ontwikkeling,²⁵²⁾ die gebeure wat aanleiding gegee het tot die aanname van die Wet²⁵³⁾ en sluit af met

251. Voordat dié Wet deur a 74(1) en Bylae II van die Grondwet van die Republiek Transkei 15 van 1976 (Transkei) herroep is, is dit 16 keer deur parlementêre wetgewing gewysig, nl deur Wette 63 van 1966, 101 van 1967, 36 van 1968, 26 van 1970, 27 van 1970, 49 van 1970, 31 van 1971, 23 van 1972, 102 van 1972, 7 van 1973, 70 van 1974, 71 van 1974, 9 van 1975, 61 van 1975, 66 van 1975 en 3 van 1976 en is die Eerste Bylae daarvan verskeie kere deur proklamasie van die Staatspresident gewysig.

252. "Nademaal die beleid van afsonderlike ontwikkeling die geleidelike ontwikkeling van selfregerende Bantoevolkseenhede in die tradisionele Bantoe-tuislande in die vooruitsig stel."

253. Waaruit die bedoeling van die Parlement blyk dat dié Wet bloot 'n volgende stap in 'n lang historiese proses verteenwoordig het: "En nademaal die Bantoe van die Transkei oor 'n lang tydperk van baie jare aan plaaslike bestuur deelgeneem het en

b o

die stelling dat "dit wenslik is om verdere selfbestuurs=
magte op grondslag van die beginsels deur hulle (die
Transkeise Gebiedsowerheid) voorgestel aan die Bantoe
van die Transkei te verleen met die vaste voorneme om
'n goed-georganiseerde regering vir daardie gebied tot
stand te bring wat -

die wet en orde sal handhaaf en geregtigheid aan
almal sal verseker;
die stoflike en geestelike welvaart van die Trans=
kei en sy bevolking sal bevorder;
hulle eie kultuur sal beskerm en opbou; en
die ideale van godsdiens, beskawing en demokrasie
sal beskerm."

Deel 1 van die Wet het, afgesien van die reedsge=
melde artikel 1, 'n omskrywing van die gebied van die
Transkei in artikel 2²⁵⁴) en 'n magtiging aan die
Staatspresident in artikel 3 om met die goedkeuring van
die Parlement van die Republiek en die Wetgewende Ver=
gadering van die Transkei, die gebied van die Transkei
by wyse van 'n proklamasie te vergroot of te verklein,

op dié wyse ondervinding in verband met die uitoefening van be=
perkte magte opgedoen het en nou 'n stadium bereik het waar
hulle addisionele pligte en groter verantwoordelikhede kan aan=
vaar ..."

254. A 1 van die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 61 van
1975 (o m "ten einde voorsiening te maak vir die insluiting in
die Transkei van sekere gebiede in die distrikte Glen Grey en
Herschel") het a 2 sodanig gewysig dat voorsiening gemaak is vir
die insluiting van die Glen Grey-streeksowerheidsgebied by die
Westelike Tembuland-streeksowerheidsgebied en van die streeks=
owerheidsgebied van die Herschel-streek by die Maluti-streeks=
owerheidsgebied. Herschel en Glen Grey was tot op daardie sta=
dium dele van die Ciskei.

"met dien verstande dat waar 'n Bantoegebied van die Transkei uitgesluit word,²⁵⁵⁾ ander grond van minstens gelyke waarde in die plek daarvan gegee moet word," bevat.

Deel II het voorsiening gemaak vir 'n Transkeise vlag, waarvan die ontwerp deur die Wetgewende Vergadering goedgekeur moes word en wat naas die Republiek=vlag by Transkeise regeringsgeboue gehys moes word (artikel 4), die Transkeise volkslied ('Nkosi Sikelel'i-Afrika!) (artikel 5) en die amptelike tale van die Transkei, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa, terwyl Sesotho se gebruik vir regerings-, wetgewende, geregtelike en administratiewe doeleindes ook gemagtig is (artikel 6).

Artikel 6 se aanname sou, weens die byvoeging van Xhosa in die Transkei as amptelike taal, nie deur die Parlement volgens die gewone prosedure moontlik gewees het nie as dit nie was vir die vroeëre aanname van die Wysigingswet op die Grondwet 9 van 1963 nie. Hierdie Wet, wat volgens die verskansingsprosedure voorgeskryf deur artikel 118 van Wet 32 van 1961 aangeneem is, het naamlik 'n subartikel (3) by artikel 108 van Wet 32 van 1961 gevoeg. Artikel 108(3) het naamlik die Parlement gemagtig om in wetgewing waarby Bantoegebiede

255. Sodanige uitgeslote Bantoegebied kon dan verklaar word nie meer Bantoegebied te wees nie. Ingevolge a 73 het "Bantoegebiede" gebied ingesluit waarop a 25(1) van Wet 38 van 1927 en a 21 van Wet 18 van 1936 betrekking gehad het, asook sg Bantoe-lokasies ingevolge a 19 van Wet 41 van 1925.

tot selfregerende gebiede verklaar word, Bantoetale as addisionele amptelike tale of tale wat vir amptelike doeleindes gebruik mag word, te verklaar.

Deel III (artikels 7 en 8)²⁵⁶⁾ van die Wet het Transkeise burgerskap geskep en gereël. Hierdie bepalings was verteenwoordigend van 'n hoogs interessante stap, veral omdat die Transkei steeds deel gevorm het van die Republiek, en Transkeise burgerskap, wat 'n rare tipe regsverskynsel was, nie Suid-Afrikaanse burgerskap vervang het nie. Hierdie aangeleentheid word egter breedvoeriger in hoofstuk III hieronder bespreek.

Uitvoerende gesag, soos gereël deur Deel IV van die Wet, het berus by 'n kabinet bestaande uit 'n Hoofminister en ses ander ministers, wat verantwoordelik was vir die administrasie van die staatsdepartemente wat in die eerste bylae tot die Wet genoem is. Die uitvoerende gesag van die Kabinet het gestrek oor dié onderwerpe waaroor die Wetgewende Vergadering wette kon maak. Die Staatspresident kon by wyse van proklamasie die aantal staatsdepartemente en kabinetsposte vermeerder.²⁵⁷⁾ Die hoofminister het 'n beslissende stem by kabinetsvergaderings gehad (artikels 9 tot 11).

256. A 8 is vervang deur a 16 van Wet 26 van 1970.

257. Oorspronklik het a 10 slegs vir die hoofminister en vyf ander ministers voorsiening gemaak, maar prokl R84 van 1973 in Staatskoerant 3826 van 30 Maart 1973 het Deel A van die Eerste Bylae sodanig gewysig dat 'n bykomende departement tot stand gebring is, nl Gesondheid, en het ook die ekstra kabinetspos geskep.

Die hoofminister is nā 'n algemene verkiesing by die eerste sessie van die Wetgewende Vergadering deur die Vergadering uit eie geledere verkies en die ander ministers is binne sewe dae na dié verkiesing deur die Hoofminister uit die geledere van die Wetgewende Vergadering aangestel (artikel 12).²⁵⁸ Die ampsduur van die Kabinet het basies gestrek oor die termyn van die Wetgewende Vergadering en totdat die volgende Kabinet op bogemelde wyse aangewys is (artikel 19).

Artikel 13 het gehandel oor die verkiesingsprosedure by die verkiesing van 'n Hoofminister, artikel 14 (wat in 1971 herroep is) oor die verkiesing van ander Ministers, artikel 15 oor die ontruiming deur die voorsitter van die Vergadering van sy stoel as hy genomineer word as Minister, artikel 16 oor die kwalifikasies en diskwalifikasies van kabinetslede, waaronder die vereiste van alle verantwoordelike regeringstelsels dat hulle lede van die Vergadering moes wees, en artikel 17 oor die vulling van toevallige kabinetsvakatures. Artikel 18 het die ampseed vir kabinetslede voorgeskryf, waarin onder meer die eerbiediging en handhawing van die Transkeise Grondwet en reg onder eed of bevestiging onderneem is. Artikel 20 het voorsiening gemaak vir die moontlikheid van die rig deur die Wetgewende Vergadering van 'n versoekskrif aan die Staatspresident vir die ontslag van die Hoofminister en deur die Hoof-

258. Totdat a 12 deur a 1 van Wet 31 van 1971 vervang is, het dit bepaal dat al die ministers deur die Wetgewende Vergadering uit eie geledere verkies is. Die 1971-wysiging het die Transkei dus nader aan die konvensionele kabinetstelsel gebring.

minister vir die ontslag van enige ander minister. Dit was 'n soort kontrole deur die wetgewende gesag oor die uitvoerende gesag, hoewel nie so direk soos in die konvensionele verantwoordelike regeringstelsels nie, aangesien die Staatspresident oor die finale beslissingskompetensie oor sodanige ontslag beskik het.

Die funksies van die Hoofminister is in artikel 21 uiteengesit:

1. Hy het by kabinetsvergaderings voorgesit;
2. Hy het die verantwoordelikheid vir die administrasie van die verskillende departemente aan die verskillende ministers opgedra;
3. Hy het die aangeleenthede waaroor die uitvoerende gesag beheer gehad het tussen die verskillende departemente verdeel, en
4. Hy kon die departemente in oorleg met die Transkeise Regeringsdienskommissie en die betrokke ministers met die oog op beter administrasie herorganiseer.

Artikel 22 het bepaal dat "die administratiewe beheer, bevoegdhede, magte en werksaamhede (uitgesonderd wetgewende bevoegdhede)" met betrekking tot dié aangeleenthede waaroor die Wetgewende Vergadering wette kon maak, en wat voorheen by die Staatspresident berus het of deur hom uitgeoefen is, by die Transkeise Kabinet berus het en artikel 67 het bepaal: "Alle regte, bevoegdhede, gesag, pligte, verpligtings en werksaamhede wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens enige Wet by 'n Minister of by 'n ander

gesag of persoon in die Republiek berus het, en wat betrekking het op sake waaroor die Wetgewende Vergadering ... bevoeg is om wette te maak, berus ... by die ooreenstemmende gesag of persoon wat soortgelyke bevoegdhede, gesag en werksaamhede ... in die Transkei uitoefen."259)

Artikel 23 het 'n Wetgewende Vergadering vir die Transkei geskep, wat bestaan het uit:

1. Die hoofkapteins van die Transkei (waarvan daar vyf was);²⁶⁰⁾

2. 'n Bepaalde aantal kapteins uit die nege streeksowerheidsgebiede; (artikel 25 het bepaal dat die totale aantal hoofkapteins en kapteins in die Vergadering nie 'n sekere getal mag oorskry nie, en het voorsiening gemaak vir 'n prosedure van eliminasië van kapteins deur stemming, indien daar meer as die voorgeskrewe aantal in die Transkei was); en

3. 'n Aantal lede verkies deur die Transkeise kiesers.

Gedurende die dertien jaar van die bestaan van die selfregerende Transkei is die aantal kapteins en verkose lede, asook die getalsverhouding tussen dié twee kategorieë, verskeie kere aangepas. Oorspronklik het

259. Hieroor word meer gesê in hfst III par 5 infra waar gehandel word met die posisie van die Staatspresident in die Bantoestaatsreg.

260. Nl een elk vir die Dalindyebo-, Tembuland-wes-, Gcaleka-, Nyanda- en Qaukenistreeksowerheidsgebiede: vgl a 25(1) van die Wet.

vyf hoofkapteins, sestig kapteins en vyf en veertig verkose lede die Wetgewende Vergadering uitgemaak. In 1967 is die getal kapteins (die vyf hoofkapteins het deurgaans hul posisie behou) na nege en vyftig vermind^{der, 261)} in 1971 is dit weer na sestig vermeerder,²⁶²⁾ in 1975 is die getal kapteins na nege en sestig en die getal verkose lede na vyftig vermeerder²⁶³⁾ en in 1976 is, ter voorbereiding van onafhanklikwording en ter koördinerings met die onafhanklikheidsgrondwet, die getal kapteins na sewentig (dus vyf en sewentig saam met die hoofkapteins) en die getal verkose lede na vyf en sewentig verhoog.²⁶⁴⁾

Ingevolge artikel 24 kon 'n hoofkaptein vir hom 'n verteenwoordiger in die Vergadering aanstel om in sy plek op te tree. Indien die hoofkaptein egter self sou deelneem aan die verrigtinge, kon sy verteenwoordiger nie ook deelneem nie en andersom, en sodanige verteenwoordigers kon nie in die kabinet opgeneem word of 'n amp in die Vergadering beklee nie.

261. A 1 en 2 van die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 101 van 1967.

262. Deur a 8 en 9 van die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 31 van 1971.

263. Deur a 3 en a 4 van die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 61 van 1975.

264. A 1 en 2 van die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 3 van 1976.

Die kiesstelsel wat in die Transkei gegeld het (artikels 26 - 9), kan beskryf word as 'n stelsel van geografies-proporsionele verteenwoordiging met meervoudige lid-kiesafdelings en algemene volwasse stemreg. Daar was agt en twintig kiesafdelings (wat ooreengestem het met die agt en twintig "Bantoegebiede" wat in artikel 2 genoem is)²⁶⁵ vir die verkiesing van die verkose lede van die Wetgewende Vergadering. Die aantal lede wat 'n kiesafdeling verteenwoordig het, het afgehang van die aantal kiesers wat in dié kiesafdeling geregistreer was: dit is bereken deur die verhouding van die aantal geregistreeerde kiesers in die bepaalde kiesafdeling, tot die totale aantal geregistreeerde kiesers van die Transkei te bepaal. Elke kiesafdeling moes egter deur ten minste een lid verteenwoordig wees, Glen Grey deur drie en Herschel deur twee.

Die kieserskwalifikasies was Transkeise burgerskap en 'n ouderdom van een en twintig jaar. Burgers wat belastingbetalers van die Transkei was, kon egter al as kiesers registreer op die ouderdom van 18 jaar. 'n Kieser het soveel stemme gehad as wat daar verkose lede in sy kiesafdeling verkies moes word, maar hy kon nie meer as een stem per individuele kandidaat uitbring nie. Om te kwalifiseer vir lidmaatskap van die Wetgewende Vergadering, is vereis dat 'n persoon Transkeise burger moes wees, bo een en twintig jaar oud moes wees

265. Oorspronklik was daar slegs nege kiesafdelings, wat ooreengestem het met die streeksowerheidsgebiede van die Transkei: a 26 is gewysig deur Wette 101 van 1967, 61 van 1975 en 3 van 1976.

en geregistreeer moes wees as kieser in die streekso= werheidsgebied waarin die kiesafdeling wat hy verteen= woordig het, geleë was.

Die lewensduur van die Wetgewende Vergadering was vyf jaar vanaf sy eerste sitting, maar kon vroeër ont= bind word deur die Staatspresident op aanbeveling van die Transkeise kabinet of die Wetgewende Vergadering self. Artikel 33 het die eed voorgeskryf wat lede van die Vergadering moes aflê en wat, soortgelyk aan die ampseed vir kabinetslede, onder meer trou aan die Transkeise grondwet en reg opgeëis het: in vergely= king met ander vergelykbare Suider-Afrikaanse ampsede van dié tyd, soos dié vir lede van die Wetgewende Ver= gadering van Suidwes-Afrika²⁶⁶⁾ wat 'n eed van trou alleen aan die Republiek van Suid-Afrika was, was die Transkeise ampsede 'n simboliese aanduiding van gevor= derde outonomie, lossers van die Republiek as byvoor= beeld Suidwes-Afrika. Die bepalings in verband met die sessies van die Vergadering, (artikel 34), die voor= sitter en ondervoorsitter (artikel 35) en die prosedu= re van die Vergadering, het fundamenteel ooreengestem met soortgelyke bepalings in ander Suid-Afrikaanse kon= stitusionele wetgewing van die tyd.

Artikel 37 het voorsiening gemaak vir die wetge= wende magte van die Wetgewende Vergadering:
"(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet is die

266. A 16 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 39 van 1968.

Wetgewende Vergadering bevoeg -

"(a) om wette te maak wat nie met hierdie Wet strydig is nie ten opsigte van al die aangeleenthede in Deel B van die Eerste Bylae van hierdie Wet genoem; en
"(b) om in so 'n wet vir die wysiging of herroeping van enige wetsbepaling, met inbegrip van 'n Wet van die Parlement, voorsiening te maak vir sover dit op so 'n aangeleentheid betrekking het en in die Transkei of op 'n burger van die Transkei, hetsy hy in of buite die Transkei is of woon, van toepassing is."

Subartikel 37(2) het voorts daarvoor voorsiening gemaak dat die Wetgewende Vergadering wette met ekstra-territoriale werking, maar beperk tot die grense van die Republiek, kon maak.

Subartikel 37(3) het bepaal: "(3) Geen wet wat na die inwerkingtreding van hierdie Wet gemaak word (met inbegrip van 'n Wet van die Parlement of 'n Ordonnansie van 'n Provinsiale Raad, maar uitgesonderd 'n wet gemaak deur die Wetgewende Vergadering ...) en wat betrekking het op 'n in subartikel (1) bedoelde aangeleentheid, is in die Transkei of met betrekking tot 'n burger van die Transkei ten opsigte van wie die Wetgewende Vergadering bevoeg is om, vir sover dit so 'n aangeleentheid betref, wette te maak, van toepassing nie." Hiermee saam moes artikel 65(1) gelees word, wat gelui het:

"Behoudens die bepalings van hierdie Wet bly alle wette wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in die distrikte genoem in artikel twee ge-

geld het, van krag totdat hulle deur die bevoegde gesag herroep of gewysig word." (kursivering bygevoeg).

Hierdie bepaling was by verskeie geleenthede ter sprake in die Oos-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof, die Transkeise Hoërhof en die Appèlafdeling, veral in verband met die betekenis van "bevoegde gesag" in artikel 65(1) in gevalle waar Republikeinse wetgewing wat oor 'n onderwerp wat in die Bylae vervat is en wat in die Transkei van toepassing is, deur die Parlement gewysig is. Die sleutelvonnisse in hierdie verband is S v Ndewana 1966 3 SA 312 (OK) en S v Zituzela 1970 2 SA 773 (OK) waarin teenoorgestelde vertolkings geheg is aan artikel 65(1), saamgelees met artikel 37 en die Eerste Bylae, en S v Heavyside 1976 1 SA 584 (A), waar in die kwessie opgelos is.²⁶⁷⁾

Dié aangeleentheid wat nie in die Eerste Bylae genoem is nie, het buite die omvang van die wetgewende gesag van die Wetgewende Vergadering gebly, maar die Eerste Bylae kon deur die Staatspresident by proklamasie verder aangevul word, en dit is verskeie kere sedert 1963 gedoen (artikel 38).

Hoewel dit streng gesproke onnodig was weens die bepaling van veral artikel 37, het artikel 39 uitdruk-

267. Hierdie gewysdes word uitvoerig in oënskou geneem in hfst III par 6 infra waar die hele kwessie van konkurrente wetgewende gesag tussen die parlement van die Republiek en die Wetgewende Vergaderings van die selfregerende Bantoe-tuislande bespreek word. Vgl ook die vroeë opmerkings van Kahn 473-82 asook Van Wyk (1974) 1-12.

lik 'n aantal aangeleenthede uitgesluit van die wetgewende kompetensie van die Wetgewende Vergadering. Hieronder het onder meer wetgewing in verband met militêre aangeleenthede, wapens, internasionale verdragsluiting, spoorweë en hawens, ensovoorts geressorteer. Die belangrikste hiervan was egter dat die "wysiging, herroeping of vervanging" van die Transkeise Grondwet self uitdruklik buite die kompetensie van die Vergadering geplaas is.

Artikel 40 het betrekking gehad op die goedkeuring van wetsontwerpe van die Wetgewende Vergadering. So danige wetsontwerpe is via die kantoor van die Kommissaris-generaal van die Xhosa-volkseenheid, met "verduidelikende opmerkings" indien nodig, aan die Minister van Bantoe-administrasie in -ontwikkeling versend om dit aan die Staatspresident vir sy toestemming voor te lê. Die Staatspresident kon dan òf verklaar dat hy daarin toestem, òf hy kon dit aan die Vergadering vir verdere oorweging terugverwys. Indien die Staatspresident die wetsontwerp goedgekeur het, het hy een eksemplaar daarvan onderteken. So 'n goedgekeurde wet is dan geregistreer by die griffier van die Hoërhof van die Transkei (artikel 42). Artikel 69 het aan die Hoërhof van die Transkei jurisdiksie verleen om uitspraak te lewer oor die geldigheid van 'n wet van die Wetgewende Vergadering, maar sodanige jurisdiksie is van laerhowe weerhou.

Deel VI van die Wet het handel oor kapteinskap en die ondergeskikte administratiewe liggame in die

Transkei. Artikel 43 het bepaal dat die "pligte, bevoegdhede, gesag en werksaamhede" van die Transkeise hoofkapteins, kapteins en hoofmanne van krag sou bly "totdat dit deur die bevoegde gesag verander of ingetrek word." Die Transkeise Wetgewende Vergadering het spoedig as "bevoegde gesag" die Wet op Transkeise Owerhede 4 van 1965 (Transkei)²⁶⁸) aangeneem, waarvan Deel V uitvoerig gehandel het oor hoofkapteins, kapteins en hoofmanne, hulle kompetensies, funksies, vergoeding en so meer, klaarblyklik ter vanvanging van al die tersaaklike Republikeinse wetgewing. Artikel 43 van Wet 48 van 1963 het gehandel oor die hoofkapteins se behoud van persoonlike status, maar dit wil voorkom of artikel 42(1) van Wet 4 van 1965 (Transkei) as plaasvervangende reëling in dié opsig beskou moet word. Artikel 45 van Wet 48 van 1963²⁶⁹) het die aanwysing van hoofkapteins, kapteins, onderkapteins en waarnemende hoof-, onder- en kapteins gereël. Daarin is naamlik bepaal dat sodanige aanwysings by die streeksowerhede berus het, maar onderworpe aan die goedkeuring van die Staatspresident. Ook is daarin bepaal dat die skepping van nuwe hoof- en kapteinskappe deur die Staatspresident alleen "na oorweging van 'n aanbeveling van die Wetgewende Vergadering" kon geskied. Artikel 41 van Wet 4 van 1965 (Transkei) het die aanstelling deur die stamowerhede van hoofmanne en waarnemende hoofmanne gereël.

268. Soos gewysig deur die Wysigingswet op Transkeise Owerhede 7 van 1966 (Transkei) en die Wysigingswet op Transkeise Owerhede 2 van 1969 (Transkei).

269. Soos gewysig deur a 5 van Wet 101 van 1967.

Artikel 46 van Wet 48 van 1963 het gelui: "On= danks die bepalings van hierdie Wet is en bly die be= voegdhe, gesag en werksaamhede wat wettiglik deur Bantoesam-, gemeenskaps-, distriks- of streeksower= hede ingestel kragtens die bepalings van Proklamasie No 180 van 1956 uitgeoefen word op die datum van die samestelling van die Transkei se eerste Kabinet, van krag totdat dit deur die Wetgewende Vergadering veran= der of ingetrek word." Van hierdie kompetensie het die Wetgewende Vergadering volledig gebruik gemaak met die aanname van die reeds vermelde Wet op Transkeise Owerhede 1965 (Transkei), Artikel 58 en die Bylae van dié Wet het onder meer dele van artikels 2 en 5 en ar= tikels 3 en 4 van Wet 38 van 1927, asook Proklamasie 180 van 1956 met dié wysigings daarop in geheel her= roep en in die Wet is volledig plaasvervangende reël= ings getref. Deel 11 van die Wet het voorsiening ge= maak vir stam- en streeksowerhede: die stelsel wat daarin geskep is, is 'n ooglopende voortbouing op die reëling van Ordonnansie 180 van 1956, maar ook 'n dui= delike beweging in die rigting van die stelsel van Wet 68 van 1951, met die nodige aanpassings wat weens die status van selfregering nodig was.²⁷⁰⁾ Geen voor=

270. Soos bv dat die geregistreerde kiesers van die Transkei (i p v die belastingbetalers) op stam- en streeksowerhede ver= teenwoordig is, deurgaans verwys kon word na die bepalings van Wet 48 van 1963 en bepaalde kompetensies in verband met die stel= sel in die hande geplaas kon word van die Transkeise "Minister van die Departement waaraan, ingevolge subartikel (3) van arti= kel een en twintig van die (Transkeise)Grondwet, bevoegdhe, pligte en werksaamhede met betrekking tot die in artikel ses en veertig van genoemde Wet bedoelde liggame, toegewys is."

siening is in die Wet gemaak vir gemeenskapsowerhede nie, en artikel 53 het alle distriksowerhede afgeskaf en die kompetensies, regte, verpligtinge, bates en laste aan die streeksoverhede of Transkeise regering oorgedra.²⁷¹⁾ Artikel 47 van Wet 48 van 1963 het ook die Transkeise Gebiedsoverheid wat kragtens Proklamasie 180 van 1956 ingestel was, vanaf die datum waarop die eerste Transkeise Kabinet ingestel is, ontbind en die kompetensies, regte, verpligtinge, bates, laste en fondse aan die Transkeise regering en Wetgewende Vergadering oorgedra.

Artikels 48 en 49 van Wet 48 van 1963 het daarop neergekom dat alle howe wat in 1963 in die Transkei bestaan het, bly voortbestaan het en dat enige verdelte howe wat ingestel sou word ingevolge 'n wet van die Wetgewende Vergadering, vir die doeleindes van Republikeinse wetgewing geag sou word landdroshowe te wees. Artikel 50 het die instelling van die Hoërhof van die Transkei gemagtig, wat dan ook met ingang 1 Augustus 1973 geskied het deur die Proklamasie op die Transkeise Hoërhof R173 van 1973 van die Staatspresident,²⁷²⁾ ter vervanging van "enige provinsiale afdeling van die Hoogeregshof van Suid-Afrika wat in (die Transkei)

271. In die lig hiervan is die volgende opmerking van Hammond-Tooke (1975) 206 hoogs raaiselagtig: "Although district authorities were intended to be temporary, there seems (1973) to be no move to do away with them and their associated civil service hierarchy."

272. Gepubliseer in Staatskoerant 3981 van 20 Julie 1973.

regsbevoegdheid besit" het.²⁷³⁾ Artikel 50(3) het bepaal dat die Appèlafdeling van die Republiek dieselfde jurisdiksie sou hê om appèlle teen beslissings van die Hoërhof van die Transkei te verhoor as wat hy ten opsigte van beslissings van die provinsiale en plaaslike afdelings gehad het. 'n Interessante verwikkeling is deur Bylae B van Proklamasie R73 van 1976²⁷⁴⁾ teweeg gebring deurdat ook die Suidelike Bantoe-appèlhof en die Suidelike Bantoe-egskeidingshof se jurisdiksie aan die Transkeise Hoërhof opgedra is.

Deel VIII van die Wet het oor finansiële aangeleenthede gehandel, waaronder die skepping van die Transkeise Inkomstefonds, die voeding daarvan, die bewilliging van fondse daaruit deur die Wetgewende Vergadering, die opstel van 'n jaarlikse begroting en so meer.

Deel IX van die Wet het "Gemengde Bepalings" bevat, sommige waarvan reeds hierbo vermeld is. Artikel 59²⁷⁵⁾ het die oordrag van onroerende en roerende eiendom van die Regering van die Republiek, die Kaapse Provinsiale Administrasie en die Suid-Afrikaanse

273. A 1(a) van die Proklamasie. A 6 van die Transkeise Hoërhof Regulasies wat as bylae tot die Proklamasie uitgevaardig is, het aan die Transkeise Hoërhof basies die jurisdiksie wat die Oos-Kaapse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof in die Transkei gehad het, oorgedra.

274. Gepubliseer in Staatskoerant 5108 van 7 Mei 1976.

275. Gewysig deur a 7 van Wet 101 van 1967.

Bantoetrust aan die Transkeise Regering by proklamasie van die Staatspresident gemagtig.²⁷⁶⁾ Artikel 62 het die aanstelling deur die Transkeise Kabinet van 'n regeringsdienskommissie gemagtig, en artikel 64 het die aanstelling en ontslag van persone in diens van die Transkei ook by die Kabinet laat berus, welke kompetensie gedelegeer kon word. Artikel 70(3) het veroorsaak dat die Staatspresident se wetgewende kompetensies by proklamasie, soos aan hom verleen ingevolge artikel 25(1) van Wet 38 van 1927, en al die Transkeise anneksasiewette, onaangetas gebly het. Daaroor word egter hieronder in paragraaf 5 van Hoofstuk III gehandel.

Uit bostaande blyk dit dat die aanname van Wet 48 van 1963 'n ingrypende stap was. Nieteenstaande die feit dat die Transkeise Bantoe voor 1963 reeds lank ondervinding met plaaslike regering en administrasie gehad het, kan steeds gesê word dat die skeping van 'n Wetgewende Vergadering met kompetensies in konkurrensie met die Republiek se soewereine Parlement, 'n Kabinet, staatsimbole soos 'n vlag en volkslied, ingrypend was, aangesien daar geen dringende noodsaaklikheid daarvoor, soos burgeroorlog of vurige agitاسie vir sesessie was nie: dit lyk geregverdig om te konkludeer dat die verlening van selfregering aan die Transkei en die gebeure wat daartoe gelei het, onvermydelik, as logiese uitvloeisels uit die Bantoe-

276. Sodanige oordragte het geskied ingevolge proklamasies R93 van 1966, R252 van 1973, R175 van 1976 en R229 van 1976.

owerheidstelsel van 1951 en 1959 met sy etniese fon= damente, voortgevloei het.²⁷⁷⁾ Ander Bantoetuislande het langsamer gevolg, maar die resep of patroon was dieselfde, naamlik staatstrukture gebou op die fonda= mente van onafhanklikheid wat sedert 1951 gelê is.

6.5. Ondersteunende Ontwikkelingswetgewing

Ekonomiese oorwegings is nie direk relevant vir hierdie studie nie. Volledigheidshalwe kan enkele wetgewingstukke wat by die lê van die fundamente van die staatsregtelike onafhanklikheid van die Bantoe= tuislande aangewend is, egter hier kortliks vermeld word.

Die Wet op die Bantoebeleggingskorporasie 34 van 1959 het voorsiening gemaak vir die instelling van dié Korporasie, waarvan alleen die Suid-Afrikaanse Bantoe= trust aandeelhouer kon word, en waarvan die oogmerke was "om die ekonomiese ontwikkeling van Bantoepersone in die Bantoegebiede te bevorder." Die Korporasie moes in dié verband as ontwikkelings-, finansierings- en beleggingsinstelling optree.

Die Wet op die Ontwikkelingskorporasies vir Ban= toetuislande 86 van 1965 het voorsiening gemaak vir die instelling van afsonderlike ontwikkelingskorpora=

277. Vgl verder oor die algemeen i v m die Transkei, Breyten= bach (1975) 11-6, Strauss (1971) 11-22, Olivier (1975) 152-62 en Van Wyk (1975) 1-14.

sies vir die verkillende Bantoetuislande, dit wil sê vir "die gedeeltes van die Bantoegebiede wat deur 'n volkseenheid bewoon word."

Die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande 46 van 1968²⁷⁸⁾ het albei voormelde Wette herroep en vervang. Op daardie stadium was slegs die Xhosa-ontwikkelingskorporasie ingevolge Wet 86 van 1965 ingestel. Die lang titel van die onderhawige Wet beskryf die doel daarmee soos volg, naamlik "om voorsiening te maak vir die voortbestaan van die Bantoebeleggingskorporasie ... en die Xhosa-ontwikkelingskorporasie, ... en vir die instelling van verdere ontwikkelingskorporasies en ander korporasies ten einde onder die beheer van die Trustee van die Suid-Afrikaanse Bantoe trust,²⁷⁹⁾ die ekonomiese ontwikkeling van die Bantoetuislande en die Bantoebevolking van sodanige tuislande te bevorder en uit te voer deur nywerheids-, handels-, finansiële, myn- en ander sake-ondernemings en projekte op te rig, te loods, te beplan, te finansier, te koördineer, te bevorder, voort te sit en uit te voer." Ingevolge artikel 16(3) van die Wet kan slegs die Bantoe trust 'n aandeelhouer van die Bantoebeleggingskorporasie wees, en kan slegs die Trust en die Bantoebeleggingskorporasie aandeelhouers van 'n ontwikkelings- of ander korpora-

278. Soos gewysig deur die wysigingswette op Bantoe wetgewing, 70 van 1974 en 4 van 1976.

279. D w s die Staatspresident, handelende op die advies van die Uitvoerende Raad.

sie in 'n Bantoetuisland word. Die Wysigingswet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande 80 van 1977 het die naam van die Ban= toebeleggingskorporasie na die "Ekonomiese Ontwikke= lingskorporasie" verander. Afsonderlike Ciskeise en Transkeise ontwikkelingskorporasies is in 1976 tot stand gebring²⁸⁰⁾ en die Xhosa-ontwikkelingskorpora= sie is in 1977 ²⁸¹⁾ ontbind.

7. Opsommende Konklusie

Dit blyk uit hierdie hoofstuk dat wat beskou kan word as die tweede historiese fase van die Bantoe= staatsregsgeskiedenis, of te wel die eerste ontvoogdings= fase, tussen 1910 en ongeveer 1970, in twee periodes ingedeel kan word, naamlik 1910 tot 1951 en 1951 en verder. Die eerste veertig jaar van dié fase is ge= kenmerk deur 'n staatsregtelike benadering tot die Bantoebevolking as sou dit 'n amorfe swart menigte gewees het wat regeer en geadministrateer moes word en wat slegs enkele intellektueel-ontwikkelde leiers opgelewer het wat ook maar nie sinvol aan die staats= prosesse kon deelneem nie.

280. Ingevolge proklamasies R49 en R50 van 1976, gepubliseer in Staatskoerant 5030 van 26 Maart 1976.

281. Ingevolge prokl R243 van 1977 gepubliseer in Staatskoerant 5753 van 30 Sept 1977.

In die periode vanaf 1951 het die benadering een geword van etniese onderskeid, erkenning van tradisionele gesagsfigure en -instellings en die opbou van staatstrukture en -prosedures van onder af, wat met inagneming van die tradisionele, aan die eise van die tyd en ontwikkeling kon voldoen. Kortom, die ontwikkeling vanaf die aanname van die Wet op Bantoe-owerhede 1951 tot met die Transkeise Grondwet 1963, verteenwoordig die lê van 'n fondament waarop lewensvatbare moderne staatsinstellings, en uiteindelik state, vir die verskillende Bantoevolkere gebou kon word. In ag nemende dat hierdie Bantoevolkere minder as 'n eeu gelede volkome Blank oorheers, en origens alleen met tradisionele staatsinstellings vertrou was, is gemelde ontwikkeling indrukwekkend.

Die twee periodes van hierdie eerste ontvoogdingsfase is egter nie histories waterdig van mekaar te skei nie. Die verwickelinge sedert 1951 was nie 'n radikale breuk met die voorgaande nie. Heelwat van dit wat in die proses van die skepping van 'n gekoördineerde Uniale hanteringswyse van die Bantoebevolking voor 1951 opgebou is,²⁸²⁾ het ôf behoue gebly,²⁸³⁾ ôf

282. Welke skeppingsproses nie geskied het sonder bevrugting van die onderskeie voor-Uniale stelsels nie: vgl die invloed van die Glen Grey-wet van 1894 op Wet 23 van 1920 en van Wet 4 van 1885 (Transvaal) op die stelsel van naturellekommissaris van Wet 38 van 1927.

283. Bv die bepalings van Wet 38 van 1927 en van Wet 18 van 1936.

is aangepas by die vereistes van die nuwe benade=
ring.²⁸⁴⁾

Sedert 1951 is 'n stelsel geskep wat onomkeerbaar geword het, en wat nieteenstaande kontemporêre internasionale onaanvaarbaarheid daarvan, en nieteenstaande die feit dat dit nie in alle opsigte 'n volledige oplossing vir Suid-Afrikaanse volkereverhoudingsprobleme bied nie, sinvol en konstruktief is. Staatsregtelik is dit in elk geval uniek en onvergelykbaar: dit kom neer op gekontroleerde, stelselmatige konstitusionele en geografiese disintegrasie van 'n staat op etniese grondslag, met die oog op die skepping van verskeie state wat in politieke en ekonomiese harmonie naas mekaar kan bestaan. Die volledige juridiese raamwerk waarbinne hierdie proses geskied, is die onderwerp van hoofstuk III.

284. Vgl by die wyse waarop die plaaslike en algemene rade van Wet 23 van 1920 geabsorbeer en eindelik vervang is met die Bantoe-owerhede van Wet 68 van 1951.

HOOFSTUK III. DIE GELDENDE STAATSREG VAN DIE BANTOE=
TUISLANDE WAT STEEDS DEEL VAN DIE RE=
PUBLIEK VAN SUID-AFRIKA IS

1. Inleidend

In hierdie hoofstuk word van die historiese benadering van die eerste twee hoofstukke afgewyk. Dit gaan hier om die geldende Bantoestaatsreg van die Cis-kei, Gazankulu, KaNgwane, Kwazulu, Lebowa, Ndebele, Quaqua en Venda. Die beskrywing daarvan kan egter natuurlik nie in algehele historiese isolasie geskied nie, veral weens die feit dat die tersaaklike staatsregtelike ontwikkeling in die jongste kwart eeu so verbysterend vinnig geskied het: binne twee dekades het die meeste van bogemelde Bantoetuislande vanaf 'n toestand van staatsregtelike nie-bestaan tot die drum-pel van onafhanklike konstitusionele staatskap ontwikkel. Derhalwe moet hieronder steeds by geleentheid kursoriese historiese verwysings gemaak word, sonder egter om die klem weg van die huidig geldende Bantoestaatsreg te laat wyk.

Die skema waarvolgens hierdie beskrywing geskied, sien in breë trekke soos volg daar uit: eerstens word die "moederwet" wat die grondslag van al die betrokke Bantoetuislande se staatsreg vorm, naamlik die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971 behandel. Daarna volg 'n uiteensetting van die verbesonderde Bantoestaatsreg soos vervat in elke Bantoetuisland se grondwetproklamasie uitgevaardig ingevolge Wet 21 van

1971. Teen dié agtergrond word dan gehandel met drie voortvloeiende Bantoestaatsregprobleme, naamlik burgerskap, die Staatspresident se rol in die Bantoestaatsreg en die konkurrente wetgewende gesag van die selfregerende Bantoetuislande en die parlement van die Republiek van Suid-Afrika.

2. Die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971

Hierdie Wet verteenwoordig die bedoeling van die Republiek van Suid-Afrika om die proses van staatsregtelike onafhanklikwording van die Bantoetuislande tot in sy finale stadium deur te voer.¹⁾ Hierdie bedoeling blyk veral uit die kort maar kragtige voorrede tot die Wet: "Nademaal dit wenslik is dat verdere voorsiening gemaak word vir die ontwikkeling van Bantoevolke tot selfbestuur en onafhanklikheid ..." Laasgenoemde was die eerste statutêre wilsverklaring van die Unie of Republiek om werklik so ver te gaan as om onafhanklikheid aan die Bantoetuislande toe te staan.

Die Wet was die volgende evolusionêre stap volgende op die 1951- en 1959-wetgewing en die voortvloeiende ondergeskikte wetgewing. Saam met laasgenoemde

1. Benewens wysigings op dié Wet en spesifieke voor-onafhanklikheidswetgewing, soos 'n "statuswet," dui die patroon wat gevolg is met die onafhanklikwording van Transkei en Bophuthatswana daarop dat Wet 21 van 1971 volledig en finaal vir die fundamente van die voor-onafhanklikheidsstaatsreg van die Bantoetuislande voorsiening maak.

wetgewing sedert 1951, vorm die Wet die belangrikste instrument waarmee die unieke Suid-Afrikaanse staatsregtelike proses van moderne nie-koloniale ontvoogding van volkere in staatsverband bewerkstellig word. Nieteenstaande (of moontlik juis weens) hierdie uniekheid, gaan die Wet, soos verskeie ander wetgewingstukke wat betrekking het op die Bantostaatsreg, mank aan etlike juridiese gebreke, wat 'n kenmerkende swaakteheid van Suid-Afrikaanse konstitusionele wetgewing geword het. Op hierdie gebreke en voortvloeiende regsprobleme word in hierdie hoofstuk ook, in die proses van hantering van die materiaal, gewys.

Wet 21 van 1971 is sedert sy aanname agt keer deur parlementêre wetgewing gewysig.²⁾ Die Wet is in drie hoofstukke verdeel. Hoofstuk 1 skep die masjinerie vir die instelling van 'n wetgewende vergadering en uitvoerende raad in enige gebied wat reeds oor 'n gebiedsowerheid beskik, en dit reël voorts dié stadium van konstitusionele ontwikkeling van 'n Bantoe-tuisland wat hier "verantwoordelike regering" genoem kan word, hoewel dié begrip nie aan die Wet ontleen word nie.³⁾ Hoofstuk 2 skep die masjinerie vir die

2. N1 deur Wette 23 van 1972, 7 van 1973, 70 van 1974, 71 van 1974, 9 van 1975, 66 van 1975, 4 van 1976 en 115 van 1977.

3. Die Wet self voorsien nie 'n benaming vir hierdie stadium van ontwikkeling nie. Die hoofopskrif van hfst 1 is "Stelsel van Selfregering in Bantoegebiede." Dit is misleidend en anomalies aangesien die begrip "selfregering" hoegenaamd geen betrekking het op die hoofstuk 1-stadium nie: hfst 2 van die Wet handel pertinent oor "selfregerende gebiede." In die lig van hierdie anomalie en gebrek moet hier gerieflikheidshalwe 'n benaming geskep word om

omskepping van 'n verantwoordelik-regeerde gebied (in gestel ingevolge hoofstuk 1) in 'n "selfregerende gebied binne die Republiek," wat hoofsaaklik inhou die erkenning van 'n nasionale vlag en volkslied, die instelling van 'n kabinet in plaas van die uitvoerende raad, die uitbreiding van wetgewende kompetensies en die instelling van 'n hoërhof vir so 'n gebied. Hoofstuk 3 bevat diverse bepalings en die Eerste Bylae bevat 'n lys van onderwerpe waarvoor wetgewende vergaderings wette kan maak.

2.1. Hoofstuk 1 (Verantwoordelike Regering)

Ingevolge artikel 1 kan die Staatspresident, na= dat die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwik=

die hfst 1-stadium te beskryf. Weens die staatsregtelike uniekheid van die situasie is daar nie 'n bestaande begrip wat nommer= pas hier aangewend kan word nie. "Verantwoordelike regering," waarvan die algemene tegniese betekenis is, regering deur 'n kabinet of uitvoerende raad wat verantwoording aan 'n verkose wetgewende liggaam verskuldig is, word by gebrek aan 'n beter begrip hier gebruik: die meriete daarvan is dat dit die hfst 1-stadium eensyds onderskei van die gebiedsowerheidstadium omdat dit dui op die bestaan van 'n wetgewende liggaam met betekenisvolle wetgewende kompetensies en andersyds van selfregering, wat sedert die aanname van die Transkeise Grondwet 1963, soos in hfst II supra aangedui, 'n eie tegniese betekenis in die Bantoeestaatsreg gekry het. Terwyl "verantwoordelike regering" in die algemene Suid-Afrikaanse staatsregsgeskiedenis nie die konnotasie van soewereine onafhanklikheid gedra het nie (vgl die Constitution Ordinance Amendment Act 1 van 1872 (Kaap), die Constitution Act 14 van 1893 (Natal), die Transvaal Constitution Letters Patent 1906 en die Vrystaatse Letters Patent van 1907), kan dit steeds hier gebruik word in 'n betekenis van mindere outonomie as die "selfregering" van die Bantoeestaatsreg, wat, soos in hfst II supra aangedui, t o v die Transkei reeds bedoel is om weinig minder as soewereiniteit te beteken.

keling die betrokke gebiedsowerheid geraadpleeg het, by proklamasie 'n wetgewende vergadering instel vir 'n Bantoegebied. Sodanige proklamasie moet soos alle ander proklamasies ingevolge dié Wet, ingevolge artikel 37⁴⁾ opgeneem word in 'n lys van proklamasies wat in albei huise van die Parlement ter tafel gelê word, wat dit kan kan afkeur. Die Bantoegebied of -gebiede⁵⁾ waarvoor die wetgewende vergadering ingestel word, moet in dieselfde proklamasie omskryf word, en kan later weer ná raadpleging van die betrokke uitvoerende raad deur proklamasie van die Staatspresident gewysig word. Artikel 1A⁶⁾ maak voorsiening vir die akkomodasie binne die terminologie van die Wet, van gebiede wat toegevoeg word tot 'n Bantoe-tuisland nadat die eerste wetgewende vergadering daarvan ingestel is.

Volgens dieselfde prosedure kan die Staatspredident, nadat raadpleging plaasgevind het, die samestelling van die wetgewende vergadering reël. Sodanige wetgewende vergadering kan ingevolge artikel 2(1) alleen uit burgers van die betrokke tuisland saamgestel word. Artikel 2(2) verleen aan die Staatspresident verder die spesifieke kompetensie om by proklamasie voorsiening te maak vir die verkiesing en aanwysing

4. Soos gewysig deur Wet 4 van 1976.

5. Welke begrip nie deur die Wet omskryf word nie, maar wat vermoedelik dieselfde betekenis het as wat daaraan toegeken is deur a 1 van Wet 68 van 1951 (vide supra hfst I).

6. Ingevoeg deur Wet 4 van 1976.

van lede van die wetgewende vergadering, hul ampster=
myn en diensvoorwaardes en vir die bywoning van ses=
sies daarvan deur verteenwoordigers van die regering
van die Republiek. Artikel 2(3)⁷⁾ maak voorsiening
vir die wysiging van sodanige proklamasies deur die
Staatspresident òf op versoek van die betrokke wetge=
wende vergadering òf ná raadpleging van laasgenoemde
deur die Minister.⁸⁾

Aangaande die wetgewende kompetensie van 'n ver=
antwoordelik-regeerde Bantoetuisland en die goedkeu=
ring van wette, spreek artikel 3 self:

"3 (1) 'n Wetgewende vergadering kan -

(a) vir die gebied waarvoor dit ingestel is, wet=
te maak wat nie met hierdie Wet strydig is nie, ten
opsigte van 'n aangeleentheid in Bylae 1 bedoel;

(b) in so 'n wet voorsiening maak vir die wysiging
of herroeping van 'n wet (uitgesonderd 'n Wet van die
Parlement of 'n wet gemaak deur die Staatspresident)
vir sover dit op so 'n aangeleentheid betrekking het;

(c) met die voorafverkreë goedkeuring van die
Staatspresident, in so 'n wet voorsiening maak vir
die toepassing daarvan ten opsigte van burgers wat

7. Soos gewysig deur Wet 4 van 1976.

8. Die bedoeling met hierdie bepaling was moontlik om die raad=
plegingsprosedure en -kanaal te reël. Die bepaling hou egter
m i slegs in dat die Staatspresident òf vooraf 'n versoek van die
betrokke wetgewende vergadering moet ontvang, òf dat die Minister
die wetgewende vergadering vooraf moet raadpleeg: dat die wysigings=
proklamasie in ooreenstemming met die wense van die wetgewende
vergadering moet wees, word egter nie voorgeskryf nie.

buite daardie gebied maar binne die Republiek is of woon,

en kan verskillende sodanige wette vir verskillende streke of plekke en verskillende kategorieë of groepe persone maak.

"(2) 'n Wet gemaak ingevolge subartikel (1) is nie van krag nie voordat dit deur die Staatspresident goedgekeur en by kennisgewing in die Staatkoerant bekend gemaak is, en die Staatspresident kan, voordat hy 'n wet goedkeur, dit na die betrokke wetgewende vergadering vir heroorweging terugverwys.

"(3) Geen wet (uitgesonderd 'n Wet van die Parlement ...⁹⁾) wat na die samestelling van die eerste uitvoerende raad vir 'n gebied ingevolge artikel 5 gemaak word en wat betrekking het op 'n aangeleentheid in Bylae 1 bedoel, is van toepassing nie in daardie gebied of met betrekking tot 'n burger van daardie gebied ten opsigte van wie daardie wetgewende vergadering bevoeg is om wette te maak vir sover dit so 'n aangeleentheid betref."¹⁰⁾

'n Wetgewende vergadering van 'n verantwoordelik geregeerde Bantoetuisland se wetgewende kompetensie word dus hoofsaaklik op drieërly wyse beperk:

(i) Sy wette is onderhewig aan die goedkeuring van en promulgering deur die Staatspresident;

(ii) Sy wette mag nie in stryd wees met enige

9. Of 'n wet van die betrokke wetgewende vergadering of die Staatspresident of 'n wet of ordonnansie wat sekere soorte belasting hef.

10. A 3 is deur Wet 71 van 1974 gewysig.

wet van die Parlement nie, waarby Wet 21 van 1971 in=gevolge die aangehaalde artikel 3(1)(a), spesifiek ingesluit is, en

(iii) Sy wette mag alleen handel oor die onder=werpe wat in Bylae 1 genoem word.

'n Hele aantal onderwerpe word in Bylae 1 gemeld, waaronder Bantoe-onderwys (uitgesonderd dié op univer=sitêre vlak), welsynsdienste, funksies kenmerkend aan ontwikkelingskorporasies (kyk par 6.5. van hoofstuk II supra), landbou, laerhowe, belastingheffing, "die beskerming van lewe, persone en eiendom ...", die verbod op publikasies en Bantoe-organisasies en die inperking van Bantoe-persone met die oog op die open=bare veiligheid (met bepaalde voorbehoude egter, ver=orden in artikel 10(2) van Wet 71 van 1974), die be=heer, organisasie en administrasie van die polisie in soverre as wat dit deur die Republiek se Minister van Polisie oorgedra is aan die betrokke tuisland, die registrasie van aktes, padverkeer, die samestelling, herorganisasie en so meer van Bantoestamme en die er=kenning, aanstelling, afsetting en so meer van hoof=kapteins, kapteins en hoofmanne, dorpstigting, die aangaan van ooreenkomste, verdrae en konvensies met die Republiek (klaarblyklik met die oog op onafhank=likwording) en "die oplê van strawwe weens 'n oortre=ding van of versuim om te voldoen aan 'n wet deur die wetgewende vergadering gemaak." Die laaste paragraaf van die Bylae maak daarvoor voorsiening dat die Staats=president die Bylae by proklamasie kan uitbrei, wat goedgekeur moet word deur albei Huise van die Parle=

ment, en wel by wyse van besluite wat gedurende die selfde sessie van die Parlement geneem moet word. Van laasgenoemde prosedure is egter nog nie gebruik gemaak nie.

Anders as in die geval van selfregerende tuislande,¹¹⁾ maak die genoemde artikel 3(2) nie voorsiening vir 'n besondere prosedure vir die goedkeuring van wetsontwerpe nie, maar daar kan met veiligheid aanvaar word dat die Staatspresident daarin moet handel op die advies van die Republiek se Uitvoerende Raad.

Wetgewende vergaderings van verantwoordelik-regeerde Bantoe-tuislande se wetgewing geniet dus oor die algemeen voorkeur bo alle ondergeskikte wetgewing,¹²⁾ behalwe staatspresidensiële proklamasies en regulasies en die reeds gemelde belastingordonnansies van Provinsiale Rade. Die soewereine Parlement van die Republiek se wetgewing is egter steeds vir sodanige vergaderings onaantasbaar.

Artikel 3A¹³⁾ verleen aan lede van wetgewende vergaderings immunititeit teen regsdinge met betrekking tot hul deelname aan die verrigtinge van die wet-

11. Vide infra.

12. Waarmee alle nie-parlementêre wetgewing bedoel word.

13. Soos ingevoeg deur Wet 7 van 1973.

gewende vergaderings. Sodanige verrigtinge is dus (oënskynlike absoluut) gepriviligeerd.

Artikel 4 sluit, net soos artikel 39 van die herroepe Transkeise Grondwet 1963, klaarblyklik ex abundanti cautela¹⁴⁾ 'n aantal onderwerpe uitdruklik uit van die wetgewende kompetensie van wetgewende vergaderings.

Aangaande die uitvoerende gesag van 'n verantwoordelik-regeerde gebied, bepaal artikel 5 dat dit met betrekking tot aangeleenthede waaroor die wetgewende vergadering wette kan maak, berus by 'n uitvoerende raad "wat vanuit die lede van die wetgewende vergadering saamgestel word op die wyse wat die Staatspresident bepaal in die toepaslike proklamasie in artikel 2 bedoel." Hierdie uitvoerende raad kan, met die goedkeuring van die Staatspresident, staatsdepartemente instel, en artikel 5(3) baken die magte van die raad af:

"(3) Behoudens die bepalings van hierdie Wet -

(a) is 'n uitvoerende raad bevoeg om voorsiening te maak vir die uitoefening van die bevoegdhede en die verrigting van die werksaamhede en pligte wat by of kragtens 'n wet aan hom verleen of opgelê word;

(b) is die lede van so 'n raad verantwoordelik vir die administrasie van die departemente bedoel in

14. Ex abundanti cautela, omdat a 3 dit duidelik genoeg maak dat alleen die "aangeleenthede" in Bylae 1 genoem binne die wetgewende kompetensie van wetgewende vergaderings lê.

subartikel (2);

(c) moet so 'n raad die leiding neem in verband met aangeleenthede rakende die stoflike, geestelike, sedelike en maatskaplike welsyn van burgers;

(d) is so 'n raad bevoeg om die Regering van die Republiek van advies te dien oor alle aangeleenthede met betrekking tot daardie raad se werksaamhede en pligte;

(e) oefen so 'n raad en die lede daarvan die ander bevoegdhede uit en verrig hulle die ander werksaamhede en pligte waarvoor in 'n ander wet voorsiening gemaak word."

Myns insiens is artikel 5(3)(a) en (e) totaal oorbodig en niksseggend: wanneer 'n wet "bevoegdhede, werksaamhede en pligte" opdra aan 'n persoon of liggaam, is dit tog voor-die-hand-liggend dat so 'n persoon of liggaam ook bevoeg is om voorsiening te maak vir die uitoefening en verrigting daarvan. Eweneens is dit tog onnodig dat daar in die een wet bepaal word dat so 'n bedoelde persoon of liggaam bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat in 'n ander wet daaraan verleen word, kan uitoefen en verrig. 'n Bepaling soos artikel 5(3)(e) kan alleen sin hê wanneer dit vervat is in 'n Grundnorm-tipe verskansde grondwet, met ander woorde waar alle ander wetgewing vir geldigheid afhanklik is van versoenbaarheid met die grondwet.

Artikel 5(4) magtig die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling om staatsamptenare en amp=

tenare van staats-gesubsidieerde instansies aan te wys om uitvoerende rade en kabinette¹⁵⁾ in hul departementele administrasie by te staan.

Artikels 6 tot 10 van die Wet handel oor finansies. Artikel 6 bepaal dat daar vir elke verantwoordelik-regeerde gebied 'n Inkomstefonds is en reël ook welke gelde daarin gestort moet word. Artikels 7 en 8 vereis dat die wetgewende vergadering betalings uit die Inkomstefonds by wet moet bewillig, welke bewilliging alleen op die spesifieke aanbeveling van die betrokke uitvoerende raad kan geskied. Tegelyk magtig dié artikels die Staatspresident om by proklamasie die wyse en vereistes van beskikbaarstelling en onttrekking van fondse uit die inkomstefondse voor te skryf. Artikel 9 bepaal dat die uitvoerende raad van 'n verantwoordelik-regeerde gebied jaarliks 'n begroting moet opstel, dit dan aan die Minister van Bantoeadministrasie en -ontwikkeling moet voorlê (wat dan in oorleg met die Republiek se Minister van Finansies bepaal welke bydrae tot die uitgawes die Parlement moet bewillig), waarna die betrokke uitvoerende raad die begroting aan sy wetgewende vergadering vir bewilliging moet voorlê.

Artikels 11 en 12 bepaal dat die "pligte, bevoegdhede, gesag en werksaamhede" van hoofmanne, kapteins, hoofkapteins, stam- en streeksowerhede by die datum

15. Van selfregerende gebiede: die bepaling van hfst 1 geld oor die algemeen ook vir selfregerende gebiede.

van die instelling van die eerste uitvoerende raad van 'n gebied, in statu quo bly, nieteenstaande die bepalings van die Wet, maar totdat dit deur die bevoegde gesag¹⁶⁾ verander of ingetrek word.

Artikel 13 bepaal oor die algemeen dat 'n gebiedsowerheid van 'n gebied wat verantwoordelike regering ontvang, ontbind word op die datum waarop die eerste uitvoerende raad vir die gebied ingestel word¹⁷⁾ en dat al die regte, bates, laste en verpligtinge van die gebiedsowerheid op dieselfde datum oorgaan op die "Regering"¹⁸⁾ van die verantwoordelik-regeerde gebied.

16. Par 30 van Bylae 1 plaas o m stam- en streeksowerhede binne die wetgewende jurisdiksie van die wetgewende vergaderings.

17. Die datum wat vir die ontbinding van die gebiedsowerheid gekies is, is eienaardig: die datum waarop die eerste uitvoerende raad saamgestel word, kan alleen later as die samestelling van die eerste wetgewende vergadering wees, omdat die uitvoerende raad ingevolge a 5 uit die geleedere van die wetgewende vergadering aangewys moet word. Die gebiedsowerheid en wetgewende vergadering bestaan dus naas mekaar tot met die samestelling van die eerste uitvoerende raad. Immers, soos dit uit par 3 infra blyk, is die eerste wetgewende vergaderings in die meeste gevalle saamgestel uit presies dieselfde lede op presies dieselfde wyse as die laaste gebiedsowerhede, sodat een en dieselfde liggame vanaf die samestelling van die wetgewende vergaderings tot met die samestelling van die eerste uitvoerende rade, gebiedsowerhede én wetgewende vergaderings moes wees.

18. Onder "Regering" moet sekerlik verstaan word die uitvoerende raad van 'n verantwoordelik-regeerde gebied: r Vieyra se uitspraak in Regering van die Republiek van Suid-Afrika v SANTAM Versekeringssmaatskappy Bpk 1964 1 SA 546 (W) en die gesag waarop dit gesteun het dui daarop dat die regsbetekenis van "regering" die uitvoerende gesag in 'n staat is. Soos hierbo aangedui, berus die uitvoerende gesag van 'n verantwoordelik-regeerde gebied by die uitvoerende raad, wat dus beskou moet word as "die regering" van die gebied.

Artikel 14 en 15 handel oor die regspleging in 'n verantwoordelik-regeerde gebied. Daar word onder meer voorsiening gemaak vir die voortbestaan van alle howe wat jurisdiksie in die betrokke gebied gehad het by die verlening van verantwoordelike regering; vir die oordrag van die kompetensie van amptenare van die Republiek om landdros- en Bantoesakekommissarishowe in te stel aan die ooreenstemmende amptenare van verantwoordelik-regeerde gebiede, met dié voorbehoud dat sodanige tuisland-ingestelde howe nie sonder die Republiek se Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling se goedkeuring, jurisdiksie oor nie-Bantoe kan hê nie; vir die oordrag by staatspresidentsproklamasie van landdroshowe en Bantoesakekommissarishowe na die regering van die betrokke gebied; vir die voortgesette kompetensie van die betrokke amptenare van die Republiek om landdros- en Bantoesakekommissarishowe op te rig of te ontbind vir die verhoor van sake waarby een of meer van die partye nie burgers van die betrokke Bantoe-tuisland is nie; vir die beperking van die jurisdiksie van howe wat oorgedra word of ingestel word deur die betrokke tuislandregering,¹⁹⁾ tot die gebied en die burgers van die betrokke Bantoe-

19. Par 12 van Bylae 1 plaas "die instelling en administrasie en die beheer oor laerhowe en die regspraak ten opsigte van Bantoes ..." binne die wetgewende en uitvoerende gesag van verantwoordelik-regeerde Bantoe-tuislande.

tuisland;²⁰⁾ vir die beperking van jurisdiksie, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van verantwoordelik-regeerde tuisland-ingestelde howe en -aangestelde regterlike beamptes tot dié van landdroshowe en landdroste in die Republiek; vir die kompetensie van wetgewende vergaderings om die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 en die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 te herroep of te wysig met betrekking tot die betrokke howe en in soverre as wat dié Wette van toepassing is in die betrokke gebied,²¹⁾ en vir die instelling van verrigtinge kragtens 'n wet van 'n wetgewende vergadering met ekstraterritoriale werking,²²⁾ teen 'n

20. Dat dit die betekenis van a 14(4) is, kom my voor die enigste afleiding te wees wat hier gemaak kan word, hoewel dié bepaling ietwat obskuur is: a 14(4) verwys na die mate van jurisdiksiebeperking waarvoor a 14(3) voorsiening maak, terwyl lg geen uitdruklike jurisdiksiebeperking bevat nie. Dit kom voor of met a 14(4) bedoel is dat oorgedraagde en ingestelde laerhowe in Bantoe-tuislande nie die jurisdiksie moet hê wat spesiaal-ingestelde laerhowe ingevolge a 14(3) het nie, m a w om sake tussen nie-burgers van die betrokke tuisland te verhoor nie. Wat die jurisdiksie t o v gebied van die howe bedoel in a 14(4) betref, help a 14(3) egter bitter min, aangesien lg dit alleen het oor een of meer gedeeltes van 'n verantwoordelik-regeerde gebied: die mate van jurisdiksiebeperking t o v gebied vermeld in a 14(4) kan dus nouliks iets anders as die gebied van die betrokke tuisland beteken. A 14(4) kan dus nouliks iets anders as die gebied van die betrokke tuisland beteken. A 14(4) is m i een van die verskeie voorbeelde in hierdie Wet van swak en verwarrende formulering.

21. Hierdie is die enigste gevalle waar 'n verantwoordelik-regeerde gebied se wetgewende vergadering die kompetensie het om parlementêre wetgewing te herroep of te wysig.

22. Waarmee alleen bedoel kan word wetgewing van die betrokke wetgewende vergadering wat ingevolge a 3(1)(c) van die Wet met voorafverkreë goedkeuring van die Staatspresident aangeneem is.

burger van die betrokke gebied in 'n hof met jurisdiksie oor die gebied waar so 'n burger buite die betrokke gebied maar binne die Republiek is of woon. Dit blyk dus kortom dat verantwoordelik-regeerde gebiede, wat die regsprekende gesag betref, alleen beheer het oor laer howe, en dat sodanige tuisland-beheerde laerhowe alleen binne die gebied en oor burgers van die betrokke tuisland jurisdiksie kan hê wat nie dié van die landdroshowe van die Republiek oorskry nie.

Artikel 15A²³⁾ handel oor gevangenis: Bylae 1²⁴⁾ plaas "die instelling, afskaffing, bestuur en beheer van gevangenis vir Bantoes" binne die wetgewende en uitvoerende jurisdiksie van verantwoordelik-regeerde Bantoe-tuislande.

Artikel 16 maak voorsiening vir die aanstelling deur 'n uitvoerende raad van 'n regeringsdienskommissie, bestaande uit drie persone, om die regeringsdiens van die betrokke gebied ingevolge voorskrifte van die wetgewende vergadering te administreer. Artikel 17 vestig voorlopig, totdat die wetgewende vergadering anders voorskryf, die kompetensie om persone in diens van die betrokke regering aan te stel en te ontslaan in die uitvoerende raad van dié gebied, wat ook dié kompetensie kan delegeer.

23. Ingevoeg deur Wet 70 van 1974.

24. Par 31 C.

Artikel 18 is, net met die noodsaaklike aanpassings, 'n presiese weergawe van artikel 65(1) van die Transkeise Grondwet 1963,²⁵⁾ welke bepalings verdere aandag in paragraaf 6 infra ontvang.

Artikel 19 verleen aan die plaaslike en provinsiale afdeling van die Hooggeregshof wat jurisdiksie in 'n betrokke tuisland het, asook aan die Hoërhof van die gebied wanneer dit ingestel word,²⁶⁾ die kompetensie om die geldigheid van wette van die wetgewende vergadering te toets. So 'n kompetensie word egter nie aan die laerhowe verleen nie.

Artikel 21 en 22, wat handel oor die oorgang van bepaalde kompetensies op die uitvoerende gesag van verantwoordelik-regeerde gebiede, word hieronder in paragraaf 5 van naderby beskou. Artikel 23 reël die verbintenisregtelike aanspreeklikheid van verantwoordelik-regerende Bantoetuislandregerings, artikels 20 en 25A is nie hier ter sake nie, en artikels 24 en 25 bevat oorgangsbepalings.

Opsommenderwys kan van verantwoordelike Bantoe-

25. Vide supra hfst II. Die enigste werklike verskil is dat a 65(1) van Wet 48 van 1963 die reg wat by die inwerkingtrede van dié Wet in die Transkei gegeld het, laat bly voortbestaan het, terwyl a 18 van Wet 21 van 1971 die reg wat in die betrokke Bantoetuisland geld by die samestelling van die eerste uitvoerende raad van die gebied, laat bly voortbestaan.

26. Vide infra. Sodanige hoërhof kan alleen in selfregerende gebiede ingestel word.

tuislandregering gesê word dat dit vir Bantoetuislande 'n eerste konstitusionele stap is in die rigting van die hantering van betreklik omvattende owerheidsgesag: die toestand van verantwoordelike regering is myns insiens 'n vlak van outonomie wat in omvang vergelykbaar is met dié van die provinsiale owerhede. 'n Verantwoordelik-regeerde gebied se owerhede hanteer oor bepaalde onderwerpe wetgewende en uitvoerende gesag en het beheer oor regsprekende gesag van 'n betreklike groot omvang: dit gaan nie net, soos by die Bantoe-owerhede, om owerheidsgesag van beperkte plaaslike belang nie, maar om staatsregtelik-agtenswaardige gesag. Die mate van ondergeskiktheid van die owerheidsinstellings van verantwoordelik-regeerde Bantoe-tuislande aan dié van die Republiek, veral aan die Parlement en die Hooggeregshof van Suid-Afrika, maak dit egter duidelik dat heelwat aan owerheidsgesag nog kortkom alvorens so 'n Bantoetuisland onafhanklikheid bereik.

2.2. Hoofstuk 2 (Selfregering)

Artikel 26(1) lui: "Die Staatspresident kan, na raadpleging deur die Minister van 'n wetgewende vergadering, by proklamasie in die Staatskoerant verklaar dat die gebied soos van tyd tot tyd omskryf, waarvoor daardie wetgewende vergadering ingestel is, onder die naam wat in die proklamasie vermeld word, 'n selfregerende gebied binne die Republiek ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet is."

Wanneer hierdie stap geneem word, word die betrokke Bantoetuisland vir alle praktiese doeleindes op dieselfde staatsregtelike vlak van ontvoogding geplaas as wat die Transkei sedert 1963 ingevolge Wet 48 van 1963 tot met onafhanklikwording was. Dit is duidelik uit die vele ooreenkomste dat Wet 21 van 1971 die Transkeise Grondwet 1963 tot voorbeeld gehad het, welke feit dit geregverdig maak om aan te neem dat die begrip "selfregering" in die aangehaalde artikel 26 dieselfde konnotasie het as wat dit in 1963 ten opsigte van die Transkei gehad het, naamlik 'n toestand wat oorspronklik vereenselwig is met soewereine onafhanklikheid, maar wat tot so 'n mate aan omvang ingeperk is, dat dit slegs neerkom op gevorderde outonomie. Soos uit onderstaande behoort te blyk, bring die toestand van selfregering 'n Bantoetuisland tot 'n stadium waar in verskeie opsigte meer owerheidsgesag hanteer word, met minder moontlikheid van regtens veroorloofde inmenging daarmee deur die Republiek se owerhede, as wat die geval met die provinsiale owerhede is.

Artikel 27 het betrekking op 'n vlag van 'n selfregerende tuisland, die ontwerp waarvan goedgekeur moet word deur die betrokke wetgewende vergadering, en wat langs dié van die Republiek by regeringsgeboue gehys moet word.

Artikel 28 dra dit aan 'n selfregerende gebied se wetgewende vergadering op om 'n aanbeveling vir 'n volkslied van die gebied aan die Staatspresident voor

te lê, wat dié aanbevole stuk dan by proklamasie tot sodanige volkslied kan verklaar.

Artikel 29(1) vestig die uitvoerende gesag in 'n selfregerende gebied met betrekking tot die aangeleenthede vermeld in Bylae 1, in 'n kabinet bestaande uit ministers wat ook lede van die wetgewende vergadering is en artikel 29(2) maak die bepalings van hoofstuk 1 en proklamasies ingevolge hoofstuk 1 met betrekking tot 'n uitvoerende raad en lede daarvan mutatis mutan=dis van toepassing op onderskeidelik 'n kabinet en ministers. Veral uit hierdie laasgenoemde bepaling blyk dit dan ook dat hoofstuk 2 voortbou op hoofstuk 1 van die Wet, en dat die bedoeling is dat alleen bepalings van hoofstuk 2 wat onversoenbaar is met hoofstuk 1, nie meer in selfregerende gebiede moet geld nie, maar dat hoofstuk 1 origens onverminderd ná die verlening van selfregering moet bly geld.²⁷⁾

Artikel 30(1)(b) en artikel 30(2) vul die wetgewende gesag van 'n wetgewende vergadering by die verkryging van selfregering aan, deur onderskeidelik aan so 'n wetgewende vergadering die kompetensie te verleen om Parlements wette oor die onderwerpe vervat in Bylae 1 en wat in die selfregerende gebied van toe=

27. Dieselfde bedoeling, hoewel meer bedek, kan in a 26(1) supra gelees word, asook in die uitdrukking waarmee a 30(1) infra begin, nl "behoudens die bepalings van hierdie Wet ..." Dit doen egter nie af aan die feit dat verantwoordelike en selfregering as twee duidelik onderskeie stadia van ontwikkeling in die Wet hanteer word nie.

passing is, te herroep of te wysig, en deur op soortgelyke wyse as artikel 37(2) van die Transkeise Grondwet, 1963, ekstraterritoriale (maar beperk tot die Republiek) wetgewende gesag aan die wetgewende vergadering te verleen oor onderwerpe spesifiek met die oog hierop in die Bylae vermeld. Hierdie twee bepalings maak dit ook duidelik dat die reg wat deur die wetgewende vergaderings vir die betrokke tuislande en hul burgers geskep word, aan die burgers op 'n persoonlike basis bly kleef en op of ten opsigte van hulle toegepas kan word op enige plek binne die Republiek, dus ook buite die betrokke tuisland. Origens bly die wetgewende kompetensies van 'n wetgewende vergadering, soos verleen by die verkryging van verantwoordelike regering, dieselfde en kan so 'n wetgewende vergadering ingevolge artikel 30(1)(a) steeds nie Wet 21 van 1971 herroep of wysig nie. Voorts lui artikel 30(3), met die nodige aanpassings, net soos artikel 37(3) van die Transkeise Grondwet 1963,²⁸⁾ en veroorsaak hierdie artikel 30(3), saamgelees met die vroeër vermelde artikel 18 dieselfde probleme as bogenoemde artikel 37(3) en 65(1) van die Transkeise Grondwet 1963, welke probleme ook aan die hand van gewysdes soos S v Moagaesi en 'n Ander 1974 1 SA 137 (NK) en S v Quma 1974 3 SA 722 (OK) hieronder in paragraaf 6 bespreek word. Ook artikel 30(4) lui wesenlik dieselfde as artikel 70(3) van die Transkeise Grondwet 1963 in verband met die Staatspresident se wetgewende kompetensies by proklamasie, waaroor onder meer in paragraaf 5 hieronder gehandel word.

28. Soos aangehaal in hfst II supra.

Artikel 31 maak, in verband met die goedkeuring van wetsontwerpe van 'n selfregerende tuisland se wetgewende vergadering voorsiening vir 'n identiese prosedure as dié wat sedert 1963 in die Transkei gegeld het, naamlik dat aangenome wetsontwerpe van 'n wetgewende vergadering, met verduidelikende opmerkings met betrekking tot die omvang, uitwerking en redes vir die aanname daarvan, via die kantoor van die betrokke kommissaris-generaal na die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling gestuur moet word vir voorlegging aan, en die toestemming van die Staatspresident, wat dit kan terugverwys, of sy toestemming daartoe kan verleen en dit onderteken. Ook artikels 32 en 33 in verband met die afkondiging, datum van inwerkingtreding, ondertekening en registrasie van wette van 'n selfregerende gebied, maak vir die gebruiklike prosedures voorsiening.

Artikel 34 skep die masjinerie vir die instelling, by staatspresidentsproklamasie, van 'n Hoërhof in 'n selfregerende gebied, welke hof dieselfde juridisionele status as 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof kan geniet en waarvandaan geappelleer kan word na die Appèlafdeling. Teen einde 1977 is slegs ten opsigte van Bophuthatswana 'n Hoërhof ingevolge hierdie bepaling ingestel.²⁹⁾

29. Vide infra hfst IV par

Artikel 35 van die Wet handel oor die ouditering van die rekeninge van selfregerende gebiede deur die Ouditeur-generaal van die Republiek. Artikel 36 reël die oordrag van grond en ander openbare eiendom in selfregerende gebiede aan die regering deur 'n proklamasie van die Staatspresident en artikel 36A maak dit moontlik dat grond binne die jurisdiksie van plaaslike owerhede wat omring is deur geskeduleerde en oopgestelde Bantoegebiede, ná ondersoek, by proklamasie van die Staatspresident ook afgesonder kan word "as grond wat deur Bantoes geokkupeer of verkry kan word."³⁰⁾

Hoofstuk 3 van die Wet bevat onder die opskrif "Diverse Bepalings" die reeds vermelde artikel 37, woordomskrywings in artikel 38, die wysigingsreëlings van Wette 68 van 1951 en 26 van 1970 in artikel 39, saamgelees met Bylae 2 en die kort titel in artikel 40.

2.3. Opsommende Konklusie

Wet 21 van 1971 is 'n goeie voorbeeld van 'n evolusionêre staatsregtelike instrument van ontvoog=

30. In hierdie verband bepaal a 4bis van Wet 18 van 1936, soos ingevoeg deur Wet 46 van 1959 en vervang deur Wet 4 van 1976 ook dat die Staatspresident enige van die regte of verpligtinge van die Trustee van die SA Bantoe trust t o v Trusteieendom aan 'n selfregerende tuisland se regering by proklamasie kan laat oorgaan onder voorwaardes wat daarin bepaal word.

ding. Dit vorm 'n geheel met Wet 68 van 1951³¹⁾ en Wet 46 van 1959 en is ooglopend geformuleer na die voorbeeld van die Transkeise Grondwet 1963. Nieteenstaande die verskeie juridiese swakhede van die Wet, waarvan enkeles nog hieronder aandag kry, vorm dit, soos ook verder hieronder sal blyk, 'n stewige fondament waarop die staatsreg van die Bantoetuislande gebou word: dit bied 'n stabiele raamwerk waarbinne 'n verskeidenheid staatstrukture in die onderskeie Bantoetuislande gebou kan word op 'n patroon wat suksesvol blyk te wees en wat 'n staat in wording staatsregtelik tot die drumpel van onafhanklikheid kan voer.

3. Die Grondwetproklamasies van die Verskillende Bantoetuislande ingevolge Wet 21 van 1971

Soos in die res van hierdie hoofstuk gaan dit ook hier om die geldende reg soos dit in die laaste kwartaal van 1977 staan. Waar dit egter ter sake is, word verwys na die situasie soos wat dit vroeër was.

Daar is tans nog voorbeelde van al die verskillende stadia van konstitusionele ontwikkeling waarvoor sedert 1951 voorsiening gemaak is. Uit die oorspronk-

31. Vgl ook a 38 van Wet 21 van 1971 wat "hoofwet" omskryf as wet 68 van 1951.

like tien¹⁾ Bantoetuislande, is twee reeds onafhanklike state, ses is selfregerende gebiede, een is verantwoordelik-regerend en een het gebiedsowerheidstatus. Terwyl die onafhanklike Transkei en Bophuthatswana se staatsreg hierna in hoofstuk IV behandel word, kom die staatsregtelike posisie van die Ndebele-gebiedsowerheid hier eerstens aan die orde, tweedens dié van die verantwoordelik-regeerde KaNgwane (Swazi) en derdens word die grondwetproklamasies van die selfregerende Ciskei, Gazankulu, KwaZulu, Lobowa, Qwaqwa en Venda vergelykenderwys behandel.

3.1. Die Ndebele Gebiedsowerheidsgebied

Tot onlangs is die (Suid-) Ndebele staatsregtelik by Lebowa en Bophuthatswana geakkomodeer.²⁾ Op 7 Oktober 1977 is bekend gemaak³⁾ dat die Staatspre=

1. Die Suid-Ndebele was tot onlangs nog onder die jurisdiksie van veral Lebowa en Bophuthatswana, maar sedert ongeveer 1972 is daar al sprake van die skepping van 'n afsonderlike Ndebele-tuisland in die omgewing van Groblersdal waar die grootste konsentrasie van dié groep te vinde is. Dit kan dus hier as 'n oorspronklike Bantoetuisland beskou word, nl 'n etnies-geografiese gebied wat tot staatwording bestem is. Vgl SAIRR (1972) 174, SAIRR (1973) 152-4 en SAIRR (1975) 140-1.

2. Vgl prokl R156 van 1971 in Staatskoerant 3177 van 30 Jun 1971, par (a) van die Bylae asook par (b) van die Bylae tot prokl R87 van 1971 in Staatskoerant 3083 van 30 Apr 1971 in hul oorspronklike, ongewysigde vorm.

3. In Goewermentskennisgewing R2021 van 1977 gepubliseer in Staatskoerant 5766 van 7 Okt 1977. Hierdie kennisgewing is ingevolge a 2(1)(c) en a 14 van Wet 68 van 1951 gepubliseer: dit kom my voor 'n fout te gewees het, eerstens aangesien die tersaaklikeheid van a 14 nie ooglopend is nie en tweedens omdat a 14 dit het oor Staatspresidentsproklamasies en nie oor goewermentskennisgewings nie.

sident die Ndebele-gebiedsowerheid ingestel het. Tegelykertyd is die nou reeds gebruiklike stap by sulke geleenthede⁴⁾ geneem om die Algemene Regulasies vir stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede van 1953 en 1957 buite werking te stel ten opsigte van dié owerhede in die Ndebele-gebiedsowerheidsgebied.⁵⁾ Ook is plaasvervangende regulasies vir stam-, gemeenskaps-, streeks- en die Gebiedsowerheid uitgevaardig.⁶⁾ Hierdie jongste, en volgens alle aanduidings laaste, stel regulasies is net so 'n goeie voorbeeld van die toepassing van die Wet op Bantoe-owerhede 1951 as enige ander stel, aangesien al sodanige regulasies⁷⁾ dieselfde patroon gevolg het; meer nog: al dié stelle regulasies is klaarblyklik gebaseer op die voorbeeld van die oorspronklike 1953- en 1957-Algemene Regulasies. Hoewel dieselfde patroon by die opstel van die regulasies gevolg is, is vir elke Bantoe-tuisland voorsiening gemaak vir 'n eie, kenmerkend-verskillende stelsel van Bantoe-owerhede. Dit is hoofsaaklik bewerkstellig deur dié bepalinge wat betrekking het op

4. Vgl par 6.1 van hfst II supra.

5. Prokl R253 van 1977 ook gepubliseer in Staatskoerant 5766 van 7 Okt 1977, uitgevaardig ingevolge a 17 van Wet 68 van 1951 en a 25 van Wet 38 van 1927.

6. Prokl R255 van 1977 in die reeds gemelde Staatskoerant gepubliseer en ingevolge a 17 van Wet 68 van 1951, a 25 van Wet 38 van 1927 en a 21(1) van Wet 18 van 1936 uitgevaardig. (Dit was onnodig om lg twee magtigende wette hiervoor aan te wend, aangesien a 17 van Wet 68 van 1951 wyd genoeg is, maar verwysing daarna ex abundanti cautela doen geen afbreuk aan die geldigheid van die proklamasie nie.)

7. Vgl vn 211 van hfst II supra.

die samestelling van die Bantoe-owerhede, van geval tot geval te laat verskil, ten einde voorsiening te maak vir die akkomodering van verskille in geskiedenis, tradisie (en tradisionele instellings), etniese samestelling, geografiese faktore en so meer.⁸⁾ Wat hierdie faktore betref, is die Ndebele-tuisland relatief ongekompliseerd.

Proklamasie R255 van 7 Oktober 1977 se Bylae, waarin die Ndebele-regulasies vervat is, is in vier hoofstukke verdeel, wat onderskeidelik 'n woordomskriving, regulasies vir stam- en gemeenskapsowerhede, vir streeksowerhede en vir die Gebiedsowerheid bevat.

Regulasie 2 bepaal dat die raadsmanne van 'n stamowerheid diegene is wat saam met die kaptein van die stam as die stamregering ingevolge die gewoonte-reg erken word. Dit is egter onderhewig aan die bepalinge van artikel 3(1)(b) van Wet 68 van 1951, ingevolge waarvan die stamowerheid se samestelling deur die Staatspresident voorgeskryf moet word waar daar nie so 'n stamregering bestaan nie, of indien dit dienstig geag word om 'n bestaande stamregering te vervang. Ingevolge regulasie 3 bestaan 'n gemeenskapsowerheid, wat ten opsigte van twee of meer stamme ingestel is uit al die kapteins en tradisioneel-erkende raadsmanne van die betrokke stamme. Regulasie 4 bepaal die wyse waarop die raadsmanne van gemeenskapsowerhede aangewys word, naamlik deur 'n verkie-

8. Vgl die teks by vn 68 infra.

sing gehou op 'n vergadering wat vir dié doel deur die betrokke Bantoesakekommissaris onder sy voorsitterskap belê is, aan welke verkiesing volwasse manlike lede van die betrokke gemeenskap of gemeenskappe mag deelneem. Die voorsitter van 'n gemeenskapsowerheid word ingevolge regulasie 5 deur die lede van die gemeenskapsowerheid uit hul eie geledere op 'n vergadering onder voorsitterskap van die Bantoesakekommissaris vir 'n termyn van vyf jaar verkies. Ingevolge regulasie 6 is die ampstermyn van verkose raadsmanne van gemeenskapsowerhede vyf jaar. Regulasie 7 bepaal dat raadsmanne van dié gemeenskapsowerhede wat ten opsigte van twee of meer stamme ingestel is en van stamowerhede, se ampsbekleding "ooreenkomstig die reg en gebruike van die betrokke stam of stamme" is.

Regulasie 9 bepaal dat die vergaderingsprosedure van stam- en gemeenskapsowerhede in ooreenstemming moet wees met die betrokke stamme se gewoontereg, by ontstentenis waarvan die prosedure deur die vergadering self bepaal kan word. Regulasie 10 vereis die teenwoordigheid van die kaptein en 'n kworum van die helfte van die raadsmanne van 'n stamowerheid om geldige besluite te kan neem.

Hoofstuk III van die Regulasies (13 - 54) handel oor die streeksowerhede. Regulasie 13 bepaal dat 'n streeksowerheid saamgestel word uit die kaptein van elke betrokke stamowerheid, die voorsitter van elke betrokke gemeenskapsowerheid en hoogstens ses verteenwoordigers wat die betrokke stam- en gemeenskapsower-

hede uit eie geledere aanwys. Ingevolge regulasie 7 kan laasgeneemde tipe stamverteenwoordiger wat ook in=gevolge regulasie 55(1) as voorsitter, onder-voorsit=ter of lid van die uitvoerende komitee van die Ndebe=le-gebiedsowerheid dien, nie sonder die toestemming van die Gebiedsowerheid, by wyse van versoekskrif aan=gevra, uit sy amp as raadsman van die betrokke stam=of gemeenskapsowerheid ontslaan word nie. Benewens die moontlikheid dat die Minister van Bantoe-adminis=trasie en -ontwikkeling 'n raadsman ingevolge artikel 3(4) van Wet 68 van 1951 "in die algemene belang van die Bantoe" in die betrokke gebied van sy amp kan ont=hef, bepaal regulasie 14 dat stamverteenwoordigers se ampstermyn in 'n streeksowerheid strek totdat sy be=noeming deur die betrokke stam- of gemeenskapsowerheid ingetrek word, of hy ophou om die amp van raadsman te beklee.

Regulasie 15 bepaal dat 'n streeksowerheid 'n voorsitter uit eie geledere vir 'n termyn van vyf jaar benoem, welke termyn 'n onbepaalde aantal kere hernu=baar is. Ingevolge artikel 3(1)(c) van Wet 68 van 1951 moet die Staatspresident egter sodanige benoeming bevestig deur die betrokke as sodanig aan te wys. Ingevolge regulasie 15(6) kan 'n streeksowerheid "om redes wat dit as grondig en oortuigend beskou by pe=tisie versoek om sy voorsitter uit sy amp te ontslaan en as die Staatspresident dit goedvind kan hy aan so=danige petisie voldoen." Artikels 16 en 17 handel oor kwalifikasies en diskwalifikasies van lede van 'n streeksowerheid: 'n lid moet minstens een en twintig

jaar oud wees en soos gebruiklik by diskwalifikasies, nie skuldig bevind gewees het aan 'n ernstige misdryf nie,⁹⁾ kranksinnig of insolvent wees nie.

Vergaderings van 'n streeksowerheid word ingevolge regulasies 20 en 21 elke jaar tweemaandeliks vanaf Januarie by die setel van die streeksowerheid deur sy voorsitter belê. Van die tweemaandelikse roetine kan egter na die diskresie van die voorsitter afgewyk word. Van die vergaderings moet notule gehou word,¹⁰⁾ regulasie 24 vereis dat vergaderings stiptelik moet begin en die vergaderings moet met oop deure gehou word, hoewel 'n besondere saak na die voorsitter se goeddunke in camera bespreek kan word.¹¹⁾

'n Kworum is ingevolge regulasie 27 enige aantal meer as die helfte van die lede. Regulasie 37 ver=

9. Interessant is dat een van die diskwalifikasies skuldigbevinding in die Republiek of Suidwes-Afrika "aan hoogverraad of 'n misdryf wat die veiligheid van die Republiek in gevaar stel," is. Daardeur word ten minste verseker dat uitgeweke Bantoe nie hul aspirasies binne die raamwerk van die Bantoe staatsreg openlik probeer bevorder nie.

10. Regulasie 23 en vgl ook regulasies 28 en 39.

11. Regulasie 26. Regulasie 38 verleen aan die Kommissaris-generaal (welke begrip, anders as in ander tuislande se regulasies, nie omskryf word in die eerste hoofstuk nie), aan beamptes van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys en aan amptenare van die Gebiedsowerheid vrye toegang tot alle vergaderings van die streeksowerheid (dus ook in camera-vergaderings) asook 'n spreekstem. Ingevolge reg 42 kan enige van by persone ook die uitvoerende komitee (vide infra) se vergaderings in adviserende hoedanigheid bywoon.

leen aan die voorsitter 'n gewone sowel as 'n beslissende stem en verder word heelwat besonderhede ten opsigte van die prosedure voorgeskryf.

Regulasie 40(1) verleen aan 'n streeksowerheid die kompetensie om van sy lede aan te stel om, saam met die voorsitter, wat ingevolge regulasie 41(1) hoofuitvoerende beampte van die owerheid met die titel "streeksuitvoerende beampte" is, 'n uitvoerende komitee uit te maak. Die uitvoerende komitee handel tussen vergaderings van die owerheid sake af wat laasgenoemde daaraan opdra, maar die voorsitter kan ook dringende sake daaraan opdra sonder die vooraf verleende goedkeuring van die streeksowerheid. Alle stappe deur die uitvoerende komitee geneem, moet deur die voorsitter by die eersvolgende vergadering aan die streeksowerheid gerapporteer word. Die uitvoerende komitee se vergaderingsroetine, waarvan ook na die goeddunke van die streeksuitvoerende beampte afgewyk kan word, word in regulasie 43(1) neergelê: dit kom daarop neer dat die uitvoerende komitee ook tweemaandeliks, maar in dié maande waarin die streeksowerheid gewoonlik nie vergader nie, vergader. Regulasie 45 magtig die streeksuitvoerende beampte verder om in dringende gevalle ook sonder raadpleging van, maar met rapportering aan die uitvoerende komitee, op sy eie te handel.

Hoofstuk IV van die Regulasies handel oor die Ndebele-gebiedsowerheid. Ingevolge regulasie 55 bestaan die Gebiedsowerheid uit dertig lede, wat saamgestel word uit die Mnyamana-streeksowerheid se voorsitter en veertien ander lede wat dié owerheid uit

eie geleedere aangewys het, asook die Ndzundza-stam-
owerheid se voorsitter en veertien ander lede wat dié
owerheid uit eie geleedere aangewys het.¹²⁾ Die amps=
termyn van lede van die Gebiedsowerheid is vyf jaar
en hul kwalifikasies en diskwalifikasies is ingeolge
regulasies 56 en 57 identies aan dié van lede van
streeksowerhede.

Ingeolge regulasie 59 moet die Gebiedsowerheid
ten minste een maal jaarliks vergader en mag daar nie
sonder toestemming van die Minister van Bantoe-admi=
nistrasie en -ontwikkeling langer as vyftien maande
tussen vergaderings verloop nie. Buitengewone verga=
derings kan deur die Uitvoerende Komitee van die Ge=
biedsowerheid belê word, en wanneer die Hoofbantoe=
sakekommissaris so gelas, moet so 'n buitengewone ver=
gadering belê word. Vergaderings word op 'n tyd en
plek deur die Uitvoerende Komitee in oorleg met die
Hoofbantoesakekommissaris bepaal, gehou, en die Kom=
missaris-generaal en beamptes van die Departemente
Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en Bantoe-onder=
wys kan dit mero motu of op versoek van die Voorsit=
ter bywoon.

Regulasie 60 bepaal dat besluite deur die Gebieds=

12. Die reeds aangehaalde Goewermentskennisgewing R2021 van 7
Okt 1977 het die Ndebele-gebiedsowerheid ingestel t o v die ge=
biede waarvoor die Ndzundza-stamowerheid en die Mnyamana-streeks=
owerheid ingestel is. (Prokl 135 van 1974 in Staatskoerant 4337
van 19 Jul 1974 het "die bevoegdhede, werksaamhede en pligte van
'n streeksowerheid" wat ingeolge a 5 van Wet 68 van 1951 by so
'n streeksowerheid hoort, aan die Ndzundza-stamowerheid toegewys).

owerheid deurgaans by meerderheidstem van die teenwoordige lede beslis moet word, dat die voorsitter 'n gewone en beslissende stem het, dat 'n kworum meer as die helfte van al die lede is en dat "daar vryheid van spraak en debat op sittings van die Gebiedsowerheid" is.¹³⁾ Regulasies 61 tot 68 bevat bepalings betreffende die prosedure, soortgelyk aan dié ten opsigte van streeksowerhede.

Regulasie 69 maak voorsiening vir 'n uitvoerende komitee van die Gebiedsowerheid, bestaande uit 'n Hoofuitvoerende Beampte en vyf ander lede uit eie geleedere daartoe verkies deur die Gebiedsowerheid. Regulasies 70 tot 72 reël die verkiesing van die lede van die Uitvoerende Komitee. Al wat daarvoor noemenswaardig is, is die feit dat nóg die amp van hoofuitvoerende beampte, nóg gewone lidmaatskap van die Uitvoerende Komitee, afhanklik gemaak word van kapteinskaps: die nominasies geskied vryelik en die verkiesings per geslote stembrief. Die Uitvoerende Komitee se amps=

13. 'n Terloopse vraag wat hier geopper kan word, is of hierdie bepaling voldoende is om van die vergaderings van die Gebiedsowerheid geprivilegieerde geleenthede te maak, en indien wel, hoe ver sodanige privilegie sal strek. Let daarop dat a 2 van die Wet op die Bevoegdnhede en Voorregte van die Parlement 91 van 1963 (wat natuurlik nie vir die Gebiedsowerheid geld nie) parlementêre vryheid van spraak en die effek daarvan nader presiseer deur te bepaal "Daar is vryheid van spraak en debat of verrigtings in die Parlement en 'n komitee, en dié vryheid kan nie in 'n hof of 'n plek buite die Parlement gewraak of in twyfel getrek word nie." Vgl ook die uitvoeriger reëling van privilegie in a 3A van Wet 21 van 1971 supra, wat ook nie vir die Gebiedsowerheid geld nie. Kyk oor die algemeen oor parlementêre privilegie ook Kahn v Time Incorporated and Another 1956 2 SA 580 (W).

termyn strek ingevolge regulasie 73 oor vyf gewone vergaderings van die Gebiedsowerheid, met ander woorde effens minder of effens meer as vyf jaar. Ingevolge regulasie 74, is die Uitvoerende Komitee tussen vergaderings van die Gebiedsowerheid verantwoordelik "vir die bestuur en afhandeling van sodanige sake van daardie Owerheid as wat die Owerheid van tyd tot tyd aan die Uitvoerende Komitee mag opdra." maar die Hoofuitvoerende beampte kan wanneer die Owerheid nie in sessie is nie, ander sake van die Gebiedsowerheid ook na die Uitvoerende Komitee verwys, en moet dan by die eersvolgende gebiedsowerheidsvergadering daaroor rapporteer.

Regulasie 75 bepaal onder meer dat die Uitvoerende Komitee ten minste tweemaandeliks moet vergader en dat die Kommissaris-generaal en beamptes van die Departemente Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en van Bantoe-onderwys sulke vergaderings ook kan bywoon. Regulasie 76(1) stel die kworum van die Uitvoerende Komitee op vier, en 76(2) verleen "vryheid van spraak en debat" aan vergaderings daarvan. Regulasie 77 tot 80 bevat verdere roetine-prosedurereëlins.

Ingevolge regulasies 81 tot 84 word 'n voorsitter en ondervoorsitter van die Gebiedsowerheid op dieselfde wyse as die Hoofuitvoerende Beampte deur die Gebiedsowerheid verkies, ook vir termyne wat oor vyf gewone vergaderings, dit wil sê min of meer vyf jaar, strek. Ingevolge artikel 3(1)(c) van Wet 68 van 1951 moet die Staatspresident egter ook nog die voor-

sitter as sodanig aanwys, maar ná sy verkiesing, hangende die Staatspresident se bevestiging daarvan, beklee hy die amp voorlopig. Regulasie 85 maak daarvoor voorsiening dat die Gebiedsowerheid die ontslag van die voorsitter by versoekskrif, gerig aan die Staatspresident, kan versoek. Sodanige versoekskrif moet deur die Hoof-uitvoerende Beampste oorgedra word aan die Kommissaris-generaal, wat dit aan die Minister moet stuur om vir beslissing aan die Staatspresident voorgelê te word. Regulasies 86 en 87 reël verder die ontruiming van hul ampte deur die lede van die Uitvoerende Komitee en die vulling van sodanige toevallige vakatures.

Ter beklemtoning van die bedoeling om die tradisionele Bantoestaatsregtelike instellings in ere te hou, bepaal regulasie 88: "'n Kaptein in die gebied van die Gebiedsowerheid geniet die persoonlike status wat hy tot nog toe geniet het, en hy het ten opsigte van seremoniële geleenthede in sy gebied voorrang bo die Hoof-uitvoerende Beampste en lede van die Uitvoerende Komitee behalwe ten opsigte van aangeleenthede of geleenthede in verband met die werksaamhede van die gebiedsowerheid."

Proklamasie R255 van 7 Oktober 1977 moet natuurlik teen die agtergrond van en onderhewig aan die reedsbesproke bepalings van Wet 68 van 1951 geles word. Uit dit alles blyk dit dat die Ndebele-gebied nou ook stewig op die pad van staatsregtelike ontvoogding geplaas is, maar tans nog maar slegs oor skadu-

beelde van die owerheidsgesag en -strukture wat na alle waarskynlikheid mettertyd in die proses van onafhanklikwording daaraan verleen sal word, beskik.

3.2. Verantwoordelik-regeerde KaNgwane

Van al die Bantoetuislande wat deur die stadium van verantwoordelike regering gegaan het, is KaNgwane maar die tweede wat reeds by die verkryging van dié status, 'n volledige grondwetproklamasie ontvang het.¹⁴⁾ Die eerste was KwaZulu,¹⁵⁾ wat gevolglik later, vir die verkryging van selfregering, bloot 'n formele proklamasie te dien effekte¹⁶⁾ nodig gehad het, saam met 'n proklamasie wat die terminologie van die grondwetproklamasie waardeur verantwoordelike regering toegeken is, aangepas het.¹⁷⁾ In die geval van al ses die ander betrokke Bantoetuislande het die verlening van verantwoordelike regering neergekom op die blote omskrywing by wyse van 'n bylae tot 'n proklamasie van

14. Prokl R214 van 1977 gepubliseer in Staatskoerant 5742 van 16 Sept 1977, soos gewysig deur prokl R335 van 1977 in Staatskoerant 5811 van 25 Nov 1977.

15. Kyk prokl R70 van 1972 gepubliseer in Staatskoerant 3436 van 30 Mrt 1972. Die gedeelte van dié proklamasie wat betrekking het op die KwaZulu-Wetgewende Vergadering se samestelling, het egter eers vyf jaar later in werking getree: vide infra par 3.3.7.

16. Prokl R11 van 1977 gepubliseer in Staatskoerant 5387 van 28 Januarie 1977.

17. Prokl R13 van 1977, ook in die laasaangehaalde Staatskoerant gepubliseer. Vir KaNgwane sal waarskynlik by die verlening van selfregering op dieselfde wyse te werk gegaan word.

die gebied waarvoor verantwoordelike regering ingestel is, en die omskepping van die betrokke gebiedsoverheid, uitvoerende raad (of -komitee) en gebiedsoverheidsregulasies in onderskeidelik die verantwoordelik-regeerde Bantoetuisland se wetgewende vergadering, uitvoerende raad en grondwet.¹⁸⁾ Hierdie feite illustreer doeltreffend hoedat die stelsel van Bantoe-overhede en die laaste twee konstitusionele fases van voor-onafhanklikheidsontwikkeling effektief die een by die ander inskakel en telkens 'n klein maar besliste stap na onafhanklikheid bewerkstellig.

Proklamasie R214 van 1977 het verantwoordelike regering vir KaNgwane met ingang 1 Oktober 1977 ingestel. Vanaf dié datum moes die Wetgewende Vergadering en Uitvoerende Raad ook in ooreenstemming met die

18. Hierdie prosedure is moontlik gemaak deur a 24(2) van Wet 21 van 1971, wat o m bepaal het dat "'n Wet wat onmiddellik voor die instelling van 'n wetgewende vergadering van krag was ... is vanaf die datum van die instelling van die wetgewende vergadering en tensy en totdat die bevoegde gesag kragtens hierdie Wet anders bepaal, mutatis mutandis van toepassing in verband met daardie wetgewende vergadering en die administrasie en regering van die betrokke gebied."

Wat die proklamasies waardeur verantwoordelike regering aan die besproke ses tuislande verleen is, betref, kyk prokl R87 van 1971 in Staatskoerant 3083 van 30 April 1971 (Bophuthatswana), prokl R118 van 1971 in Staatskoerant 3110 van 21 Mei 1971 (Ciskei), prokl R148 van 1971 in Staatskoerant 3163 van 25 Jun 1971 (Machan-gana/Gazankulu), prokl R156 van 1971 in Staatskoerant 3177 van 30 Jun 1971 (Lebowa), prokl R225 van 1971 in Staatskoerant 3270 van 1 Okt 1971 (Qwaqwa) en prokl R119 van 1971 in Staatskoerant 3110 van 21 Mei 1971 (Venda).

Grondwetproklamasie saamgestel word,¹⁹⁾ maar lidmaatskap van en ampsbekleding in die Swazi-gebiedsoowerheid op 1 Oktober by die verkryging van verantwoordelike regering, is omskep in ooreenstemmende lidmaatskap en ampsbekleding in die KaNgwane Wetgewende Vergadering.²⁰⁾ Die interessante van laasgenoemde is dat die samestelling van die Swazi-gebiedsoowerheid²¹⁾ verskil het van dié van die KaNgwane Wetgewende Vergadering:²²⁾ dit moes meebring dat daar op 1 Oktober 'n aantal vakatures in die Wetgewende Vergadering was. Die vul daarvan kon egter nie veel ontwrigting veroorsaak nie, aangesien dit ingevolge artikel 2 van Bylae II tot die grondwetproklamasie sonder 'n verkiesing gemaklik uit die geledere van die betrokke streeksowerhede aangevul kon word. Die grondwetproklamasie het ook die Regulasies vir die Swazi-gebiedsoowerheid 1975 (maar nie dié vir die betrokke stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede nie) herroep.²³⁾ Aangesien van die algemene Suid-Afrikaanse staatsreg, die bepalinge van Wette 68 van 1951, 46 van 1959, 21

19. Par (b) en (c) van die Proklamasie.

20. Par (d) van die Proklamasie.

21. Soos voorgeskryf in reg 55 van die Regulasies vir die Swazi-gebiedsoowerheid, 1975, vervat in die Bylae tot prokl 267 van 1975 gepubliseer in Staatskoerant 4913 van 28 Nov 1975: daarvolgens het die Gebiedsoowerheid uit hoogstens 28 lede bestaan.

22. Soos voorgeskryf deur a 2 van die Bylae II tot die reeds aangehaalde KaNgwane-grondwetproklamasie, 1977: daarvolgens bestaan die Wetgewende Vergadering uit 36 lede.

23. Par (k) van die Proklamasie.

van 1971 en so meer, kan dus hieruit gesien word dat die spesifieke staatsreg van KaNgwane (en so sal dit sekerlik ook met die Ndebele-gebied wees) vervat is in die regulasies vir die Bantoe-owerhede daarin en in die grondwetproklamasie.

Bylae I tot die grondwetproklamasie omskryf die gebied van die KaNgwane Wetgewende Vergadering as die gebiede van die vier streeksowerhede wat reeds op 1 Oktober 1977 bestaan het, en sluit daarbenewens 'n hele aantal "Suid-Afrikaanse Bantoe-trustplase" daarby in. Bylae II bevat die wese van die konstitusionele reëlings, en verwysings hieronder na artikels is, behalwe waar anders aangedui, verwysings na artikels van hierdie Bylae II.

Die reeds gemelde artikel 2 bepaal dat die Wetgewende Vergadering uit ses en dertig lede bestaan, saamgestel uit nege lede deur elk van die vier betrokke streeksowerhede uit eie geledere vir dié doel vir 'n termyn van vyf jaar aangewys. Die nege persone wat aldus deur die onderskeie streeksowerhede aangewys word, moet minstens een lid van elke samestellende stam- of gemeenskapsowerheid insluit, en van hulle moet minstens drie kapteins wees.²⁴⁾ Wat opvallend van die samestelling van die Wetgewende Vergadering is, is dat daar geen sprake is van direk verkose lede

24. As minder as drie kapteins lede van 'n streeksowerheid is, moet al die kaptein-lede daarvan as lede van die Wetgewende Vergadering aangewys word.

nie: met die enkele uitsonderingsmoontlikheid van voorsitters van gemeenskapsowerhede wat deur die volwasse manlike lede van hul gemeenskappe verkies is²⁵⁾ en wat so via lidmaatskap van 'n streeksowerheid in die Wetgewende Vergadering beland (welke gevalle ver in die minderheid moet wees), is daar dus nie voorsiening gemaak vir volksverkose lede nie. Daar is ook geen voorsiening gemaak vir direk verkose lede in die Wetgewende Vergaderings van die ander Bantoetuislande toe aan hulle verantwoordelike regering toegestaan is nie.²⁶⁾ (In die geval van KwaZulu is in sy verantwoordelike regeringsgrondwetproklamasie reeds voorsiening gemaak vir die verkiesing van vyf en vyftig lede van die Wetgewende Vergadering, maar dié bepalinge het nie voor die verlening van selfregering in werking getree nie.²⁷⁾) Hierdie patroon van geen direkte verkiesings voordat selfregering toegestaan word nie, werp verdere lig op die verskil tussen verantwoordelike en selfregering, wat nie blyk uit die bepalinge van dié Wet self nie: immers, artikel 2(2)(a)

25. Ingevolge reg 4 van die Regulasies vir Stamowerhede en Gemeenskapsowerhede in die Gebied van die Swazi-gebiedsowerheid, 1975 vervat in die Bylae tot die reeds aangehaalde prokl 267 van 1975. Vgl ook reg 16(a).

26. Dit was eers in die grondwetproklamasies van die selfregerende Bophuthatswana, Ciskei, Gazankulu, Lebowa, Qwaqwa en Venda (vide infra) waar voorsiening gemaak is vir direk verkose lede van die wetgewende vergaderings.

27. A 2 van prokl 69 van 1972 gepubliseer in Staatskoerant 3436 van 30 Mrt 1972 en vgl prokl 72 van 1972 in dieselfde Staatskoerant asook Goewermentskennisgewing R2197 van 1977 in Staatskoerant 5790 van 28 Okt 1977.

van die Wet skep die indruk dat die bedoeling was om by die verlening van selfregering af te wyk van die streng tradisionele benadering tot Bantoe-owerheidsinstellings waarvoor artikel 3 van Wet 68 van 1951 voorsiening gemaak het, deur die Westerse demokratiese konsepie van verkose verteenwoordigers in te voer. Desnieteenstaande kan ten opsigte van Bophuthatswana, die Ciskei, Gazankulu, KwaZulu, Lobowa, Qwaqwa en Venda gesê word dat nog 'n verskil tussen verantwoordelike en selfregering by hulle was, dat verantwoordelike regering steeds die swaar ondertone van die tradisionele owerheidsinstellings gehad het, terwyl gedeeltelik daarvan afgesien is by die verlening van selfregering deur die vir die Bantoe nuwe stelsel van demokratiese verkiesing van 'n gedeelte van hul wetgewende liggaam in te voer.

Artikel 4 bevat die gebruikelike diskwalifikasies (wat positief gesien, ook beskou kan word as kwalifikasies) vir lidmaatskap van die Wetgewende Vergadering, wat uit die aard van die saak ooreenstem met dié vir die streeksowerhede.²⁸⁾ Volledigheidshalwe vereis artikel 4 egter uitdruklik ook nog burgerskap van KaNgwane. Artikel 5 stel die termyn van die Wetgewende Vergadering op vyf jaar, maar magtig die Staatspresident om dit vroeër op versoek van die Uitvoerende Raad te ontbind. 'n Anomalie bestaan egter hier deurdat artikel 2(3) nie voorsiening maak vir die beëindiging

28. Kyk reg 16 en 17 van die reeds aangehaalde prokl 267 van 1975.

van lidmaatskap by die vroeëre ontbinding van die Wetgewende Vergadering nie, sodat dit voorkom of die betrokkenes hul lidmaatskap van die Vergadering moet behou, nieteenstaande ontbinding voor die afloop van vyf jaar, welke implikasie dit nouliks sinvol kan maak om die Vergadering vroeër te laat ontbind.²⁹⁾ Artikel 8 bepaal dat daar ten minste een maal jaarliks 'n gewone sessie van die Wetgewende Vergadering moet plaasvind. Daar mag nie sonder die Minister van Ban- toe-administrasie en -ontwikkeling se toestemming langer as vyftien maande tussen sessies verloop nie. Die Uitvoerende Raad van KaNgwane bepaal die tyd en plek van die sessies en kan (of moet op las van gemelde Minister) ook buitengewone sessies byeenroep. Ingevolge artikel 9 word alle kwessies in die Vergadering by meerderheidstem beslis. Die voorsitter het nie 'n gewone stem nie, maar wel 'n beslissende stem. Die kworum is meer as die helfte van die lede en die vergaderings is gewoonlik oop vir die publiek. Ook word bepaal dat daar op sittings van die Vergadering vryheid van spraak en debat is.³⁰⁾ Artikel 10 vereis dat 'n lid van die Wetgewende Vergadering 'n eed moet aflê en onderteken alvorens hy sy plek kan inneem of kan stem, waarin hy hom aan die nakoming van die "Grond-

29. Vroeë ontbinding impliseer tog dat 'n behoefte bestaan aan die hersamestelling van die Wetgewende Vergadering.

30. Dieselfde opmerkings wat by vn 13 supra gemaak is, is hier ook van toepassing, maar die reeds besproke a 3A van Wet 21 van 1971 maak dit minder problematies as in die geval van 'n gebieds- owerheid.

wet van KaNgwane" en van die ander reg wat daar geld, verbind asook beloop dat hy sy pligte as lid na sy beste vermoë sal vervul.

Artikel 11 bepaal dat die Uitvoerende Raad uit die Hoof-uitvoerende raadslid en vier ander lede bestaan en dat ten minste twee van dié vyf persone kapteins moet wees.³¹⁾ Artikel 12 vereis dat die Hoof-uitvoerende raadslid deur die Wetgewende Vergadering verkies moet word sodra al die lede die eed afgelê het, en artikel 13 skryf die verkiesingsprosedure voor. Artikel 14 bepaal dat die ander lede van die Uitvoerende Raad deur die Hoof-uitvoerende raadslid binne sewe dae na sy verkiesing aangestel moet word uit die geledere van die Wetgewende Vergadering, maar dat elk van die vier streeksowerhede deur ten minste een lid op die Uitvoerende Raad verteenwoordig moet word. Artikel 15 skryf die eed voor wat die lede van die Uitvoerende Raad moet aflê, waarin onder meer geheimhouding ten opsigte van sake wat voor die Uitvoerende Raad dien, onderneem word. Artikel 16 handel oor prosedurereëlings van die Uitvoerende Raad, waaronder die verlening van 'n gewone en beslissende stem aan die Hoof-uitvoerende raadslid en die reg van die Kommissaris-generaal en 'n administratiewe hoof van 'n departement van die KaNgwane-regeringsdiens om vergaderings daarvan by te woon. Artikel 17 koppel die ampstermyn van die lede van die Uitvoerende Raad aan

31. Klaarblyklik hoef die Hoof-uitvoerende raadslid nie 'n kaptein te wees nie.

dié van die Wetgewende Vergadering wat die Hoof-uitvoerende raadslid verkies het en bepaal ook dat die Wetgewende Vergadering laasgenoemde raadslid by besluit uit sy amp kan onthef en ook ander uitvoerende raadslede aldus kan onthef, maar dan op aanbeveling van die Hoof-uitvoerende raadslid. Artikel 17, saamgelees met artikel 5(1) van Wet 21 van 1971, maak dus die Uitvoerende Raad verantwoordelik aan die Wetgewende Vergadering. In verband met die funksies van die Hoof-uitvoenderaadslid herinner artikel 19 heelwat aan artikel 21 van die Transkeise Grondwet 1963: onder meer word bepaal dat hy in oorleg met die ander lede van die Uitvoerende Raad³²⁾ "die verantwoordelikheid vir die beheer oor en administrasie van die verskillende departemente aan die onderskeie Uitvoerende raadslede opdra en toewys, en ook (dat hy) die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat in verband met die verskillende departemente uitgeoefen of verrig moet word, (kan) toewys, en, indien nodig, sodanige departemente met die oog op beter administrasie (kan) herorganiseer." Proklamasie R215 van 1977³³⁾ het in ooreenstemming met artikel 5(2) van Wet 21 van 1971 departemente van Owerheidsake en Finan-

32. Hierdie raadplegingsverpligting verskil egter van die vooronafhanklikheidshoofminister van die Transkei se kompetensie om ingevolge gemelde a 21 van Wet 48 van 1963 "na goeddunke" te handel.

33. In dieselfde Staatskoerant as die grondwetproklamasie gepubliseer.

sies, Onderwys en Kultuur, Gemeenskapsake en Justisie, Werke en van Landbou geskep.³⁴⁾

Ingevolge artikel 21 verkies die Wetgewende Vergadering onmiddellik ná die verkiesing van die Hoofuitvoerende raadslid volgens dieselfde prosedure 'n voorsitter en ondervoorsitter van die Vergadering, wie se ampstermyne ingevolge artikel 22 dieselfde is as dié van die Wetgewende Vergadering. Artikel 21(1) (c) maak dit vir die Wetgewende Vergadering moontlik om sy voorsitter en ondervoorsitter by besluit uit hul ampte te onthef.

Artikel 25 bevat die gebruiklike beskerming van status en seremoniële voorrang van kapteins.

3.3. Die Selfregerende Bantoetuislande

In hierdie subparagraaf word, soos aan die begin van die paragraaf aangedui, gehandel met die grondwet=proklamasies van die Ciskei,³⁵⁾ Gazankulu,³⁶⁾ KwaZulu,³⁷⁾ Lebowa,³⁸⁾ Qwaqwa³⁹⁾ en Venda.⁴⁰⁾ Aangesien

34. Dat daar in dié proklamasie ook verwys is na a 24(1)(a) van Wet 21 van 1971, lyk onnodig.

35. Prokl R187 van 1972 in Staatskoerant 3622 van 28 Jul 1972, soos gewysig deur prokl R214 van 1973 in Staatskoerant 4027 van 21 Sept 1973, prokl R32 van 1974 in Staatskoerant 4179 van 1 Mrt 1974, prokl R38 van 1974 in Staatskoerant 4201 van 8 Mrt 1974, prokl R86 van 1975 in Staatskoerant 4653 van 11 Apr 1975, prokl R95 van 1975 in Staatskoerant 4682 van 25 Apr 1975 (soos gewysig deur prokl R198 van 1975 in Staatskoerant 4829 van 29 Aug (Vir die res van vn 35 en vir vnn 36-40, kyk die volgende pp)

die patroon van die betrokke proklamasies ooreenstem, word dié patroon hier as beskrywingsmaatstaf gebruik en word van die verskillende tuislande se individuele reëlins alleen melding gemaak waar dit van die patroon afwyk. Omdat die prosedure en patroon wat ten opsigte van KwaZulu gevolg is, soos in die vorige subparagraaf aangedui, ietwat anders was, word dié tuisland se huidige geldende konstitusionele reëlins afsonderlik aan die einde bespreek.

3.3.1. Algemene Opset

Opmerklik van al vyf die tersaaklike grondwetproklamasies, is dat elk vanaf die voorrede tot by die kort titel 'n eenheid vorm: die "grondwette" is dus in geheel deel van proklamasies en nie vervat in bylaes nie.

Die voorredes gee nie voor om meer as doelmatige inleidende stellings te wees nie. Met die nodige aan-

1975), prokl R157 van 1975 in Staatskoerant 4776 van 4 Jul 1975, prokl R158 van 1975 in Staatskoerant 4776 van 4 Jul 1975, prokl R162 van 1975 in Staatskoerant 4783 van 11 Jul 1975, prokl R246 van 1975 in Staatskoerant 4884 van 31 Okt 1975, prokl R287 van 1975 in Staatskoerant 4932 van 19 Des 1975, prokl 35 van 1976 in Staatskoerant 5003 van 12 Mrt 1976, prokl R131 van 1976 in Staatskoerant 5215 van 16 Jul 1976, prokl R182 van 1977 in Staatskoerant 5721 van 26 Aug 1977 en prokl R304 van 1977 in Staatskoerant 5790 van 28 Okt 1977.

36. Prokl R15 van 1973 in Staatskoerant 3772 van 26 Jan 1973 soos gewysig deur prokl R149 van 1973 in Staatskoerant 3938 van 22 Jun 1973, prokl R236 van 1975 in Staatskoerant 4868 van 9 Okt 1975, prokl R134 van 1976 in Staatskoerant 5231 van 23 Jul 1976 en prokl R151 van 1976 in Staatskoerant 5249 van 13 Aug 1976.

passings lui hulle almal ook eenders. Daarin word vermeld dat die betrokke gebiede verantwoordelik-regerend is, dat die betrokke wetgewende vergadering deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling in gevolge artikels 2,5 en 26(1) van Wet 21 van 1971 geraadpleeg is, dat dit dienstig geag word om die betrokke tuisland se regulasies vir stam-, gemeenskaps-, streeks- en gebiedsowerhede te wysig, en dat dit dienstig geag word om die tersaaklike Bantoe-taal vir sekere doeleindes in die betrokke tuisland as bykomende amptelike taal vir die gebied te erken.

Deel I van die proklamasies bevat die woordskrywing, waaroor hier net opgemerk hoef te word dat die betekenis wat aan uitdrukkings in Wette 68 van 1951, 26 van 1970 en 21 van 1971 geheg is, in die proklamasies dieselfde betekenis het.

37. Prokl R70 van 1972 in Staatskoerant 3436 van 30 Mrt 1972, soos gewysig deur prokl R286 van 1972 in Staatskoerant 3702 van 10 Nov 1972, prokl R110 van 1973 in Staatskoerant 3875 van 27 Apr 1973, prokl R81 van 1974 in Staatskoerant 4260 van 26 Apr 1974, prokl R152 van 1975 in Staatskoerant 4768 van 27 Jun 1975, prokl R222 van 1976 in Staatskoerant 5317 van 22 Okt 1976, prokl R52 van 1977 in Staatskoerant 5486 van 1 Apr 1977, prokl R59 van 1977 in Staatskoerant 5486 van 1 Apr 1977, prokl R225 van 1977 in Staatskoerant 5746 van 23 Sept 1977, prokl R275 van 1977 in Staatskoerant 5779 van 21 Okt 1977 en prokl R328 van 1977 in Staatskoerant 5811 van 25 Nov 1977, saamgelees met prokl R11 van 1977, R12 van 1977 en R13 van 1977 in Staatskoerant 5387 van 28 Jan 1977 en Goewermentskennisgewing R2197 in Staatskoerant 5790 van 28 Okt 1977.

38. Prokl R225 van 1972 in Staatskoerant 3666 van 29 Sept 1972 soos gewysig deur prokl R125 van 1975 in Staatskoerant 4725 van 30 Mei 1975 en prokl R24 van 1975 in Staatskoerant 4985 van 13 Febr 1976.

3.3.2. Territorium, Naam en Datum van Verlening van Selfregering

Deel II van elk van die proklamasies, wat deur artikel 2 daarvan uitgemaak word, bepaal die gebied van die betrokke tuisland. Slegs in die geval van Deel II van die Ciskeise grondwetproklamasie⁴¹⁾ word die tuisland-territorium sonder verwysing na ander ondergeskikte wetgewing beskryf. In die gevalle van Gazankulu,⁴²⁾ Lebowa,⁴³⁾ Qwaqwa⁴⁴⁾ en Venda⁴⁵⁾ geskied

39. Prokl R203 van 1974 in Staatskoerant 4461 van 25 Okt 1974 soos gewysig deur prokl R245 van 1975 in Staatskoerant 4884 van 31 Okt 1975, prokl R44 van 1977 in Staatskoerant 5453 van 18 Mrt 1977 en prokl R65 van 1977 in Staatskoerant 5486 van 1 Apr 1977.

40. Prokl R12 van 1973 in Staatskoerant 3769 van 26 Jan 1973, soos gewysig deur prokl R199 van 1975 in Staatskoerant 4829 van 29 Aug 1975, prokl R152 van 1975 in Staatskoerant 5249 van 13 Aug 1976 en prokl R129 van 1977 in Staatskoerant 5607 van 24 Jun 1977.

41. Artikel 2, soos gewysig deur prokl R95 van 1975 in Staatskoerant 4682 van 25 Apr 1975, prokl R287 van 1975 in Staatskoerant 4932 van 19 Des 1975 en prokl R182 van 1977 in Staatskoerant 5721 van 26 Aug 1977. Voor prokl R182 van 1972 het prokl R110 van 1972 in Staatskoerant 3484 van 5 Mei 1972 die Ciskei se territorium beskryf.

42. Prokl R148 van 1971 in Staatskoerant 3163 van 25 Jun 1971 soos gewysig deur prokl R14 van 1973 in Staatskoerant 3772 van 26 Jan 1973.

43. Prokl 156 van 1971 in Staatskoerant 3177 van 30 Jun 1971 soos gewysig deur prokl R224 van 1972 in Staatskoerant 3666 van 29 Sept 1972, wat gewysig is deur prokl R126 van 1977 in Staatskoerant 5607 van 24 Jun 1977.

44. Prokl R225 van 1971 in Staatskoerant 3270 van 1 Okt 1971. Prokl R44 van 1977 in Staatskoerant 5453 van 18 Mrt 1977 het die (Vir die res van vn 44 en vn 45, kyk 486)

die gebiedsbeskrywing bloot deur 'n verwysing na die proklamasie ingevolge waarvan verantwoordelike regering vir die gebied ingestel is.

Origens is die artikels 2 kort, maar baie welsprekend. Daarin word die betrokke gebiede elk tot "n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika" verklaar, die naam daarvan bepaal en die datum met ingang waarvan dit alles geskied, vasgestel, welke datum telkens "die vasgestelde datum" genoem word.

3.3.3. Die Samestelling van die Wetgewende Vergaderings en Verwante Sake

Deel III van elk van die proklamasies handel oor die wetgewende vergadering van die betrokke tuisland. Onder dié opskrif handel artikel 3 telkens oor die samestelling van die wetgewende vergadering. Dit is veral in hierdie opsig dat daar verskeidenheid in die staatsregtelike opsette van die verskillende gebiede bestaan. Elk van die grondwetproklamasies se artikel 3 moet dus hier afsonderlik in oënskou geneem word en verwante sake wat diversiteit in die hand werk, word ook vermeld.

verwysing in Deel II van die grondwetproklamasie egter vervang met 'n verwysing na Bylae I van Goewermentskennisgewing 2076 van 1971.

45. Prokl R119 van 1971 in Staatskoerant 3110 van 21 Mei 1971 soos gewysig deur prokl R11 van 1973 in Staatskoerant 3769 van 26 Jan 1973.

3.3.3.1. Samestelling van die Ciskeise Wetgewende Vergadering, Kiesafdelings en Regeringsetel

Die Ciskeise Wetgewende Vergadering bestaan uit vyf en vyftig lede, waarvan twee en twintig (dit wil sê veertig persent) deur die kiesers verkies is. Oriens is die hoofkaptein van die AmaRarabe, die kapteins van twintig stamme ten opsigte waarvan stamowerhede ingestel is en die kapteins van twaalf verdere stamme ex officio lede van die Wetgewende Vergadering. Artikel 4 maak daarvoor voorsiening dat die Hoofkaptein 'n persoon kan aanwys om hom in die Wetgewende Vergadering te verteenwoordig, welke persoon nie in die Vergadering of Kabinet 'n amp mag beklee nie en ook nie 'n amptenaar in diens van die Ciskeise of Republikeinse regerings mag wees nie.

Ingevolge artikel 5 is daar nege kiesafdelings in die Ciskei waarvan die omvang daarin beskryf word. Geen voorsiening word dus vir 'n afbakeningsprosedure of -kommissie gemaak nie. Wel word bepaal dat ten minste een lid vir elke kiesafdeling verkies moet word en dat die getal lede wat oriens ten opsigte van elke kiesafdeling verkies moet word, deur die Kabinet van die Ciskei bepaal moet word "in verhouding tot die totale getal geregistreerde kiesers in sodanige kiesafdeling." Geen formule word dus vir die Kabinet voorgeskryf nie, hoewel hierdie lomp formulering skynbaar daarop neerkom dat die getal setels in elke kiesafdeling in verhouding tot die totaal van twee en twintig setels moet ooreenstem met die verhouding van die aantal kiesers in daardie kiesafdeling tot die totale

aantal kiesers van die Ciskei. Net soos die reëling in die Transkeise Grondwet, 1963 (par 6.4 van hoofstuk II supra) was, word dus in die Ciskei met proporsionele verteenwoordiging in meervoudige lid-kiesafdelings gewerk.

Artikel 12(1) bepaal dat die "setel van die Regering van die Ciskei" geleë is in die distrik Zwelitsha, waar die sessies van die Wetgewende Vergadering ingevolge artikel 12(2) gehou moet word, tensy die Kabinet anders besluit.

3.3.3.2. Samestelling van die Wetgewende Vergadering van Gazankulu, Kiesafdelings en Regeringsetel

Die Wetgewende Vergadering van Gazankulu bestaan uit agt en sestig lede, waarvan ses en twintig (effens meer as agt en dertig persent) deur die stemgeregtigde kiesers verkies word. Vier en twintig lede word deur die vier streeksowerhede uit die geleedere van elk van die stam- en gemeenskapsowerhede aangewys⁴⁶) en die agttien kapteins van al die stamme in Gazankulu het ex officio-sitting in die Wetgewende Vergadering. Aldus word verseker dat die (tradisioneel-georiënteer=

46. Interessant is dat a 3(2) (a) en (b) voorskryf dat in totaal 13 hoofmanne aangewys moet word en a 3(2) (c) en (d) bepaal slegs dat lede van sekere stamowerhede aldus aangewys moet word. In die lig van a 3(1) (a) (i) wil dit dus voorkom of al die kapteins, al die hoofmanne en ook nog ander lede van die stamowerhede in Gazankulu sitting verkry in die Wetgewende Vergadering.

de) Bantoe-owerhede tot op die laagste vlak volledige en meerderheidsverteenvoordiging het. Artikel 3(5) maak uitvoerig voorsiening vir plaasvervangende verteenwoordiging van kapteins in gevalle waar daar behoefte voor bestaan, en artikel 3(3) plaas die aanpassing van die aantal aangewese lede wat nodig mag word weens onder meer die verandering van stamsamestellings, in die diskresie van die betrokke streeksowerhede.

Artikel 4 bepaal dat die vier streeksowerheidsgebiede ook kiesafdelings vir die verkiesing van verkose lede van die Wetgewende Vergadering is, en artikel 3(4) ken 'n vaste aantal setels toe aan elk van dié kiesafdelings, naamlik tien, ses, ses en vyf onderskeidelik. Hier word dus ook met meervoudige lidkiesafdelings gewerk, maar die verteenwoordigingsverhouding tussen die kiesafdelings is statutêr neergelê.

Artikel 10(1) en (2) bepaal dat Giyani die regeringsetel van Gazankulu is, waar elke sessie van die Wetgewende Vergadering gehou moet word.

3.3.3.3. Samestelling van die Wetgewende Vergadering van Lebowa, Kiesafdelings en Regeringsetel

Die Wetgewende Vergadering van Lebowa bestaan uit een honderd lede, waarvan veertig verkies word deur die geregistreerde kiesers, een lid as haar permanente verteenwoordiger deur die kapteine van die Bolobedu-stam aangewys word, en die ander nege en vyf-

tig kapteins is.

In Lebowa se grondwetproklamasie word gebruik gemaak van 'n Bylae om die kiesafdelings en hul omvang te bepaal en om die aantal aangewese kapteins en verkose lede in elke kiesafdeling neer te lê. Ingevolge artikel 3(2)(a) en die Bylae moet 'n bepaalde aantal kapteins in elke kiesafdeling, welke aantal van een tot veertien wissel, deur "die kapteins wat ampse bekleërs in sodanige kiesafdeling is," blykbaar uit eie geledere, aangewys word as lede van die Wetgewende Vergadering. Ingevolge artikel 4 en die Bylae word aan dieselfde kiesafdelings 'n aantal setels, wat van een tot sewe wissel, in die Wetgewende Vergadering toegewys. Artikel 3(2)(b) bepaal dan dat die kiesers⁴⁷⁾ in elke kiesafdeling die vir dié kiesafdeling bepaalde aantal lede moet verkies. Net soos in die geval van Gazankulu is daar in Lebowa dus 'n stelsel van meervoudige lid-kiesafdelings met 'n neergelegde verteenwoordigingsverhouding. Vermoedelik is hierdie verhouding ook proporsioneel, maar verandering daarvan sal 'n wysiging van die grondwetproklamasie verg.

Artikel 10(1) en (2) bepaal dat Seshego die reëringsetel van Lebowa is, waar elke sessie van die Wetgewende Vergadering gehou moet word.

47. Klaarblyklik is die uitdrukking wat in a 3(2)(b) gebruik is, nl "die lede geregtig om te stem" 'n formulerings- of drukfout en word daarmee die kiesers bedoel: die Engelse teks praat van "the voters entitled to vote."

3.3.3.4. Samestelling van die Wetgewende Vergadering van Qwaqwa, Kiesafdelings en Regeringsetel

Qwaqwa se Wetgewende Vergadering bestaan uit ses-tig lede, waarvan twintig (dus een derde) verkies word. Die veertig nie-verkose lede bestaan uit die kaptein van die Batlhokwa-stam en dertien raadsmanne wat dié stam se stamowerheid uit eie geledere aanwys, asook die kaptein van die Mopeli-stam en vyf en twintig raadsmanne wat dié stam se stamowerheid uit eie gele-dere aanwys.

Die gebied van Qwaqwa maak ingevolge artikel 4 vir die verkiesing van die twintig verkose lede slegs een kiesafdeling uit, wat, indien dit met artikel 5 saamgelees word, impliseer dat, indien meer as twintig kandidate genomineer word, elke kieser twintig stemme het. Artikel 10(1) en (2) bepaal dat Phuthaditjhada die regeringsetel van Qwaqwa is, waar die Wetgewende Vergadering ook sy sessies moet hou.

3.3.3.5. Samestelling van die Wetgewende Vergadering van Venda, Kiesafdelings en Regeringsetel

Venda se Wetgewende Vergadering bestaan uit ses-tig lede, waarvan agtien (dus dertig persent) deur die kiesers verkies word. Die "tradisionele lede" bestaan uit die kapteins van die vyf en twintig stamowerhede in Venda, twee hoofmanne van die Gwamasengagemeenskaps-owerheid en vyftien lede wat in die drie distrikte van Venda deur die kapteins-in-rade in elke distrik op 'n vergadering onder voorsitterksap van die voor-

sitter van die betrokke streeksowerheid, aangewys word. Uit elke stamowerheid moet ten minste een lid aldus aangewys word en in totaal moet vir die Sibasa-distrik sewe, vir die Vuwani-distrik vyf en vir die Dzanani-distrik drie lede aangewys word. Soos in die geval van Gazankulu word dus in Venda ook verseker dat die Bantoe-owerhede tot op die laagste vlak volledig en in die meerderheid in die Wetgewende Vergadering verteenwoordig word en wel op so 'n wyse dat die verskillende distrikte proporsioneel deur tradisionele owerheidspersone verteenwoordig word. Artikel 3(4) maak gebruiklikerwys voorsiening vir plaasvervangende verteenwoordiging van kapteins in die Wetgewende Vergadering.

Wat die verkiesing van die agtien verkose lede betref, maak artikel 3(3) van die drie distrikte elk 'n kiesafdeling en bepaal verder dat daar ten opsigte van Sibasa sewe lede, ten opsigte van Vuwani ses en ten opsigte van Dzanani vyf lede verkies moet word: weer eens dus 'n geval van meervoudige lid-kiesafdelings met (veronderstelde proporsionele maar) vasgestelde verteenwoordigingsverhoudings.

Artikel 10(1) en (2) bepaal dat Sibasa die regeringsetel van Venda is, waar die Wetgewende Vergadering ook al sy sessies moet hou.

3.3.4. Ander Bepalings aangaande die Wetgewende Vergaderings

Min of meer gemeenskaplik aan al vyf die tersaaklike grondwetproklamasies is die bepalinge aangaande die basiese stemregkwalifikasies⁴⁸⁾ en diskwalifikasies van lede van die wetgewende vergaderings,⁴⁹⁾ die termyn van die wetgewende vergaderings⁵⁰⁾ en die ontrooiing van setels.⁵¹⁾ In sommige van hierdie gevalle is daar in kleiner opsigte afwykings of toevoegings tot die patroon, wat egter nie noemenswaardige verskil maak nie.

Die basiese stemregkwalifikasies in die selfgerende Bantoetuislande is burgerskap van die betrokke tuisland, 'n ouderdom van agtien jaar en besit van 'n bewysboek waarin die betrokke persoon se tuislandburgerskap en sy registrasie as kieser aangedui word. Artikel 5(2) van die grondwetproklamasies van Gazankulu, Lebowa en Venda bepaal dat 'n tuislandburger in 'n bepaalde kiesafdeling mag stem as hy daarin gedomsilieer of gebore is, of by ontstentenis van albei

48. A 6(1) en (2) van die Ciskeise grondwetproklamasie en a 5(1) van Gazankulu, Lebowa en Venda se grondwetproklamasies en a 5 van Qwaqwa se grondwetproklamasie.

49. A 8 van die Ciskeise grondwetproklamasie en a 6 van die ander vier tersaaklike grondwetproklamasies.

50. A 9 van die Ciskeise grondwetproklamasie en a 7 van die ander vier tersaaklike grondwetproklamasies.

51. A 10 van die Ciskeise grondwetproklamasie en a 8 van die ander vier tersaaklike grondwetproklamasies.

dié kwalifikasies, indien dit die kiesafdeling van sy keuse is. Aangesien Qwaqwa in elk geval net een kiesafdeling is, is so 'n bepaling nie daar nodig nie en 'n soortgelyke bepaling ten opsigte van die Ciskei is opgeneem in dié tuisland se verkiesingsproklamasie.⁵²⁾

Net die Ciskeise grondwetproklamasie⁵³⁾ maak voorsiening vir diskwalifikasies van kiesers, wat die gebruikelike misdadigheid en kranksinnigheid insluit. In al die tersaaklike proklamasies word lede van die wetgewende vergaderings ook op gemelde gebruikelike gronde gediskwalifiseer, asook op grond van 'n ouderdom laer as een en twintig jaar, gebrek aan burgerskap van die betrokke tuisland en van optrede in stryd met die Republiek se veiligheidswetgewing.

Die termyn van al die wetgewende vergaderings is vyf jaar vanaf die eerste sittingsdag van die eerste sessie van die wetgewende vergadering, maar kan op versoek van die betrokke kabinet of wetgewende vergadering self vroeër ontbind word en wel ingevolge 'n proklamasie van die Staatspresident.

Die gemelde bepalings aangaande die ontruiming van setels is die gebruikelike en al die tersaaklike

52. A 9 van die Bylae tot prokl R194 van 1972 in Staatskoerant 3630 van 11 Aug 1972.

53. A 7 van die proklamasie.

proklamasies skryf ook die wyse voor waarop toevallige vakatures aangevul moet word.⁵⁴⁾ Die reeds gemelde bepalings in verband met die regeringsetels bepaal ook dat daar ten minste een maal elke jaar 'n sessie van die wetgewende vergadering moet plaasvind op 'n datum deur die kabinette bepaal en dat laasgenoemde ook buitengewone sessies kan byeenroep. Die maksimum periode wat tussen twee verskillende sessies mag verloop, verskil eenaardig genoeg van die een tuisland na die ander: in die Ciskei is dit twaalf maande, in Gazankulu veertien, in Qwaqwa en Venda vyftien en in Lebowa agtien maande.

Deel IV van al vyf die grondwetproklamasies onder bespreking handel op feitlik identiese wyse oor die prosedure in die wetgewende vergaderings. Van veel betekenis is myns insiens die bepaling wat voorskryf dat alle kwessies wat in die wetgewende vergaderings ontstaan, beslis moet word deur 'n meerderheid van stemme van die aanwesig lede (in die Ciskei het die voorsitter 'n gewone en 'n beslissende stem, maar in die ander vier tuislande alleen 'n beslissende stem). Hierdie feit stel "tradisionele" of ex officio en verkose lede se opinies gelyk en onverskans; ook sluit dit enige moontlike afleidings oor staatsvorm (byvoorbeeld uniaal of federaal) uit omdat geen blokstemme deur bepaalde groepe of laer owerhede voorgeskryf word nie. Sonder uitsondering, kom dit my voor, is

54. A 11 van die Ciskeise grondwetproklamasie en a 9 van die ander vier proklamasies.

die samestelling van die wetgewende vergaderings volgens die patroon van eenheidstate en is die funksionele onderskeidende maatstaf dié wat betrekking het op die verhouding tussen tradisionele en verkose verteenwoordiging.

In Deel IV van die proklamasies word ook bepaal dat die kworum van die wetgewende vergaderings 'n getal meer as die helfte van die lede daarvan is, dat daar vryheid van spraak en debat op sittings daarvan is⁵⁵⁾ en dat die verrigtinge oop is vir die publiek. 'n Eed waarin respektering en handhawing van die "grondwet" en ander wette van die betrokke tuisland en vervulling van die pligte deur die lede van die wetgewende vergaderings onderneem word, word ook voorgeskryf.

3.3.5. Die Kabinette

Deel V van elk van die grondwetproklamasies handel oor die betrokke tuisland se kabinet. Artikel 15 van die Ciskeise grondwetproklamasie bepaal bloot dat die Kabinet uit 'n Hoofminister en ses ander Ministers bestaan.

Ingevolge artikel 13(1) van die grondwetproklamasie van Gazankulu, bestaan die Kabinet uit 'n Hoofminister en ses ander Ministers, van welke sewe persone ten minste twee en hoogstens drie kapteins of gevolmagtigde plaasvervangende kapteinsverteenvoordigers is.

55. Vgl vnn 13 en 30 supra.

gers moet wees. Interessant hiervan is dat, hoewel die "tradisionele lede" in die Wetgewende Vergadering, soos in paragraaf 3.3.3.2. supra aangedui, in die meerderheid is, slegs agtien werklik kapteins is. Dus is die minimum kapteinsverteenvoording in die Kabinet min of meer verhoudingsgewys in ooreenstemming met hul verteenwoording in die Wetgewende Vergadering.

Artikel 13(1) van Lebowa se grondwetproklamasie bepaal dat die Kabinet ook uit 'n Hoofminister en ses ander lede bestaan en dat ten minste drie lede daarvan kapteins moet wees. Dit is dus toelaatbaar dat die hele Kabinet van Lebowa uit kapteins saamgestel word.

Artikel 13(1) van Qwaqwa se grondwetproklamasie bepaal ook dat die Kabinet uit 'n Hoofminister en ses ander Ministers bestaan en artikel 13(2) vereis dat ten minste twee daarvan kapteins moet wees. Aangesien daar in elk geval slegs twee stamowerhede (en dus twee kapteins) in die gebied is, bepaal die voorbehoudsbepaling tot artikel 13(2) dat "indien 'n kaptein die Sekretaris van die Wetgewende Vergadering voor die samestelling van die Kabinet skriftelik in kennis stel dat hy nie bereid is om in die Kabinet te dien nie of dat die stamowerheid waarvan hy lid is, besluit het dat hy nie in die Kabinet moet dien nie, enige ander lid van die Wetgewende Vergadering in sy plek in die Kabinet kan dien."

Artikel 13(1) van Venda se grondwetproklamasie laai dié kabinet met 'n meerderheid van kapteins deur te bepaal dat dit bestaan uit 'n Hoofminister wat 'n kaptein is en ses ander Ministers van wie drie kapteins moet wees. Die oorblywende lede moet dus uit die gesamentlike geledere van die verkose en die aangewese lede van die Bantoe-owerhede kom.

Die verdere bepalings in Deel V van die proklamasies toon heelwat ooreenkomste en kan verder behandel word as dieselfde, met vermelding telkens van die afwykings van die patroon.

In verband met die verkiesing van die Hoofministers, bepaal artikel 16 van die Ciskeise en artikel 14 van die ander vier grondwetproklamasies dat die onderskeie wetgewende vergaderings elk pas ná die aflegging van die eed deur die lede daarvan, 'n Hoofminister uit eie geledere moet verkies. Artikel 17 van die Ciskeise en artikel 15 van die ander grondwetproklamasies skryf vir al die Bantoetuislande min of meer dieselfde prosedure vir die verkiesing van die Hoofminister voor. Die besonderhede daarvan is nie hier van veel belang nie: dit is voldoende om te meld dat die kandidate tot hul eie nominasie moet instem en dat die verkiesing by wyse van geheime stemming geskied.

Oorspronklik moes die ander Ministers van die Kabinette van die Ciskei en Lebowa ook deur die betrokke wetgewende vergaderings verkies word, maar tans

bepaal artikel 18 van die Ciskeise, en artikel 16 van die ander grondwetproklamasies, dat dié Ministers deur die Hoofminister ná 'n algemene verkiesing, uit die geledere van die Wetgewende Vergadering, maar met inagneming van die voorgeskrewe samestelling van die Kabinet (dus die aantal kapteins wat daarin moet of kan dien), aangestel moet word. In die afwesigheid van gesofistikeerde partypolitieke stelsels is hierdie 'n (myns insiens) sinvolle konsessie in die rigting van politieke partyskap op die vlak van die uitvoerende gesag en sekerlik ook oor die lang termyn "opvoedkundig" in die sin van die bevrugting van die tradisionele Bantoestaatsregstelsel met die Westerse (of te wel Westminster-) stelsel. Ook word die wese van die uitvoerende verantwoordelikheid van die regering aan die verkose wetgewende liggaam terug gevind in die feit dat die Kabinette alleen uit die geledere van die wetgewende vergaderings saamgestel kan word. Artikel 22(1)(a) van die Ciskeise, en artikel 20(1)(a) van die ander grondwetproklamasies,⁵⁶⁾ versterk hierdie aspek verder: daarin word naamlik vir 'n "impeachment"-prosedure voorsiening gemaak. Die betrokke wetgewende vergadering kan om "gegronde en oortuigende redes" by versoekskrif aan die Staatspresident, versoek dat die Hoofminister ontslaan moet word en dat die verkiesing van 'n nuwe Hoofminister in sy plek beveel word, aan welke versoekskrif die Staatspresident

56. A 20(1) van Lebowa se grondwetproklamasie.

na sy diskresie⁵⁷⁾ kan voldoen of nie. Artikel 22(1) (b) van die Ciskeise, artikel 20(1)(b) van die Gazankulu- en artikel 20(5) van die Lebowa-grondwetproklamasies magtig voorts die betrokke Hoofministers om self weens redes wat hulle as "grondig en oortuigend" beskou, enige ander Minister in hul kabinet, bloot by skriftelike kennisgewing, te ontslaan. Artikel 20(1) (b) van die Qwaqwa- en Venda-grondwetproklamasies vereis egter dat dié Hoofministers, om van hulle Ministers te laat ontslaan, 'n versoekskrif te dien effektelike via die betrokke kommissarisse-generaal aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling moet besorg waarin die Staatspresident, wat weer eens hierin 'n diskresie het, versoek word om die ontslag te bewerkstellig. Wat interessant is van die wetgewende vergaderings se kontrole oor die kabinette, is dat 'n versoekskrif om die afdanking van 'n hoofminister, wat sekerlik die ekwivalent van 'n mosie van wantroue is, anders as wat gebruikelik is in die stelsel van verantwoordelike regering, nie noodwendig die bedanking of afdanking van die res van die betrokke kabinet tot gevolg hoef te hê nie.

Ingevolge artikel 21 van die Ciskeise, en artikel 19 van die ander grondwetproklamasies, is die kabinette se ampstermyne dieselfde as dié van die wetgewende vergaderings wat die betrokke hoofministers verkies

57. Sekerlik op die advies van die Republiek se Uitvoerende Raad.

het, behalwe as hulle hulle ampte vroeër (ingevolge artikel 23 van die Ciskeise, en artikel 21 van die ander grondwetproklamasies) moet ontruim omdat hulle hul setels in die wetgewende vergaderings kwyd raak, bedank of ontslaan word.⁵⁸⁾ Geen perk word geplaas op die aantal opeenvolgende termyne wat 'n Kabinet kan dien nie.

Voor hul ampstaanvaarding moet elke Minister in=gevolge artikel 20 van die Ciskeise, en artikel 18 van die ander grondwetproklamasies, voor die betrokke wetgewende vergadering 'n eed aflê, waarin die gebruikli=ke ampstrou, nakoming van die "Grondwet" en ander reg van die tuisland en geheimhouding van kabinetsake on=derneem word.

Artikel 25 van die Ciskeise, en artikel 23 van die ander grondwetproklamasies, met die uitsondering van dié van Qwaqwa, handel oor die "werksaamhede" van die Hoofminister en ander Ministers. Daarin word be=paal dat die Hoofministers gewoonlik by kabinetsver=gaderings voorsit, dat waarnemende hoofministers deur die kabinette self uit eie geledere aangewys moet

58. Toevallige vakatures wat in die Hoofministersampte ontstaan, moet ingevolge a 24 van die Ciskeise, en a 22 van die ander grondwetproklamasies, by wyse van die voorgeskrewe verkiesing in die betrokke wetgewende vergadering binne 14 dae aangevul word: as die wetgewende vergadering nie in sessie is nie, moet 'n buitengewone sessie binne 14 dae vir dié doel byeengeroep word. Toeval=lige vakatures in die res van die Kabinet word natuurlik bloot deur plaasvervangende aanstellings deur die Hoofminister aangevul.

word, en die subartikels (3) bepaal: "Die Hoofminister moet die verantwoordelikheid vir die beheer oor en administrasie van die verskillende departemente aan die onderskeie Ministers opdra en toewys, en hy kan die bevoegdhede, pligte en werksaamhede toewys wat in verband met die verskillende departemente uitgeoefen of vervul moet word en, indien nodig, sodanige departemente in die belang van beter administrasie herorganiseer." Artikel 26 van die Ciskeise, en artikel 24 van die ander grondwetproklamasies, dié van Qwaqwa uitgesonderd, handel oor die interne prosedures van die kabinette en magtig ook die kabinette om enige persoon toe te laat om kabinetsvergaderings in adviserende hoedanigheid by te woon: oënskynlik is niemand behalwe kabinetslede daarop geregtig om dié vergaderings by te woon nie, wat op sigself betekenis het vir die status van selfregering.

Artikel 23 van Qwaqwa se grondwetproklamasie bepaal dupliserend (aangesien artikel 29(1) van Wet 21 van 1971 reeds daarvoor voorsiening maak) dat die uitvoerende gesag van dié gebied by die Kabinet van Qwaqwa berus. Artikel 24 van die proklamasie lui mutatis mutandis soos artikel 5(3) van Wet 21 van 1971, wat, afgesien daarvan dat dit ook onnodige duplisering is, dus aan dieselfde gebreke onderhewig is as waarop hierbo in paragraaf 2 in verband met laasgenoemde wetsartikel gewys is.

3.3.6. Diverse Ander Sake

Deel VI van die grondwetproklamasies maak mutatis mutandis eenders voorsiening vir die verkiesing, ampstermyn, ampsontruiming en aanvulling van vakatures in die ampte van Voorsitter en Ondervoorsitter van die wetgewende vergaderings: die enigste noemenswaardige verskil in die onderskeie proklamasies is dat dié ampte in Lebowa en Venda "Speaker" en "Adjunk-speaker" genoem word. Die verkiesingsprosedure is dieselfde as dié wat geld by die verkiesing van die Hoofministers en die ampstermyne is dieselfde as dié van die betrokke wetgewende vergaderings.

Deel VII van die grondwetproklamasies handhaaf die persoonlike status van die kapteins (en in die Ciskei ook van die Hoofkaptein) en verleen aan hulle in hul gebiede seremoniële voorrang bo die kabinetslede van die gebied, behalwe "ten opsigte van aangeleenthede of geleenthede wat in vergand staan met die werksaamhede van die Wetgewende Vergadering." Hierdie bepalings weerspieël myns insiens die aard van die voeging van die tradisionele en die moderne in die Bantostaatsreg: ruimte word gelaat vir albei, maar voorrang word slegs op elk se eie terrein daaraan verleen. Dit sou egter 'n oorvereenvoudiging wees indien nagelaat sou word om te sê dat die moderne globaal gesien tog in terme van owerheidsgesag en -strukture die oorhand het.

Artikel 33 van die Ciskeise, en artikel 31 van die ander grondwetproklamasies, maak in ooreenstemming

met artikel 108(3) van Wet 32 van 1961 voorsiening vir bykomende amptelike tale in die verskillende Bantoe-tuislande. In die Ciskei is Xhosa die bykomende amptelike taal en kan Sesotho⁵⁹⁾ ook gebruik word vir "regerings-, wetgewende-, geregtelike en administratiewe doeleindes," welke doeleindes deur die Ciskeise Kabinet uitgebrei kan word. Die bykomende amptelike taal in Gazankulu is Tsonga, in Lebowa is dit Noord-Sotho, in Qwaqwa Suid-Sotho en in Venda is dit die Venda-taal.

3.3.7. Die Grondwetproklamasie van KwaZulu

Soos vroeër vermeld, wyk KwaZulu se grondwetproklamasie in verskeie opsigte af van die gewone patroon. In die eerste plek is die eintlike grondwetlike bepaling vervat in bylaes daartoe, is die proklamasie reeds by die toekenning van verantwoordelike regering uitgevaardig maar nie in geheel in werking gestel nie, en bevat die proklamasie self (die bylaes buite rekening gelaat) heelwat oorgangbepalings. Nieteenstaande hierdie uitsonderlikheid, is heelwat bepalinge in die bylaes tot die KwaZulu-grondwetproklamasie soortgelyk aan ooreenstemmende bepalinge vervat in die ander selfregerende tuislande se grondwetproklamasies. Slegs dié bepalinge ten opsigte van KwaZulu wat wesenlik van dié van die ander grondwetproklamasies verskil, word hier behandel.

59. Of Sesotho sedert die uitsnyding uit die Ciskei in 1975 van die distrik Herschel nog op noemenswaardige skaal in die Ciskei gebesig word, is te betwyfel.

Bylae I tot die proklamasie beskryf die gebied van die KwaZulu Wetgewende Vergadering, welke gebied ingevolge proklamasie R11 van 1977 'n selfregerende gebied binne die Republiek onder die naam KwaZulu geword het. Waarskynlik weens die gebrokenheid van die gebied is Bylae I 'n omvattende dokument wat meer as sewe kolomme van die Staatskoerant beslaan. Deel I van Bylae II bevat die gebruikelike woordbepaling.

Deel II van Bylae II handel oor die Wetgewende Vergadering. Proklamasie R70 van 1972 het, soos hierbo reeds aangedui, die Wetgewende Vergadering van die verantwoordelik-regeerde KwaZulu se samestelling, in ooreenstemming met die patroon van die ander tuislande, laat reël deur die Regulasies vir die Zoeloegedebiedsowerheid,⁶⁰⁾ niesteenstaande die feit dat Deel II van Bylae II dié samestelling heeltemaal anders bepaal het: laasgeneemde bepalings het egter nie by die verlening van verantwoordelike regering in werking getree nie. Proklamasie R11 van 1977, waardeur selfregering met ingang 1 Februarie 1977 ingestel is, het egter ook nie hieraan verander nie, sodat die samestelling van die selfregerende KwaZulu se Wetgewende Vergadering vir nege maande ná die verkryging van selfregering steeds moes wees soos dié van die lank reeds afgeskafde Zoeloegedebiedsowerheid. Deur Goewermentskennisgewing R2197 van 28 Oktober 1977 is Deel II van Bylae II egter eindelik, nadat dit reeds meer as vyf en 'n half jaar bestaan het, met ingang 1 November 1977 in werking gestel.

60. Vervat in die Bylae van proklamasie R139 van 1970.

Tans bestaan die Wetgewende Vergadering ingevol-
ge artikel 2 van Bylae II uit die Hoofkaptein van die
Zoeloes⁶¹⁾ "wat die eenheid van die Zoeloevolk ver=
persoonlik afsydig van partypolitiek en partikularis=
me,"⁶²⁾ die persoonlike verteenwoordiger van die hoof=
kaptein,⁶³⁾ drie kapteins uit die geledere van elke
streeksowerheid in die gebied deur dié owerheid daar=
voor aangestel,⁶⁴⁾ die kapteins (of voorsitters) van
elke stam- (en gemeenskaps-) owerheid in die gebied
wat geag word 'n streeksowerheid te wees en vyf en
vyftig verkose lede.⁶⁵⁾ Kapteins kan deur plaasver=
vangende verteenwoordigers in die Vergadering verteen=
woordig word, maar nóg hulle, nóg die persoonlike ver=
teenwoordiger van die Hoofkaptein mag 'n amp in die
Kabinet beklee.

61. Ingevolge a 1 is dit "die Hoofkaptein van die stamme waar=
uit die Zoeloevolkseenheid bestaan, as sodanig aangestel deur
die Staatspresident kragtens die bevoegdheid hom verleen by a 2(7)
van die Bantoe-administrasie Wet, 1927."

62. Hierdie bepaling bring KwaZulu seker so na aan 'n monargale
Afrika-demokrasie, en die Zoeloe-opperhoof so na aan 'n staats=
hoof, as wat enige nie-soewereine staat en ondergeskikte volks=
hoof maar kan kom.

63. Wat ingevolge a 2(1)(a) "'n lid van die familie van die Hoof=
kaptein van die Zoeloes moet wees."

64. Waar minder as drie kapteins in 'n streeksowerheid beskik=
baar is, word al die kapteins aangestel en vir die doeleindes
van dié bepaling word voorsitters van gemeenskapsowerhede geag
kapteins te wees.

65. Ingevolge a 2(1)(d) is kapteins nie verkiesbaar as een van
hierdie vyf en vyftig lede nie.

Vir die verkiesing van die vyf en vyftig verkose lede maak artikel 3 van Bylae II van elk van die gebiede vermeld in die ses en twintig paragrawe van Bylae I 'n kiesafdeling, en bepaal dan in subartikel (2): "Die getal lede wat ten opsigte van elke kiesafdeling verkies moet word, word deur die Kabinet bepaal en moet in verhouding tot die onderskeie totale getalle geregistreerde kiesers in die verskillende kiesafdelings wees: met dien verstande dat daar minstens een lid ten opsigte van elke kiesafdeling verkies moet word." Weer eens dus 'n stelsel van meervoudige lid-kiesafdelings met neergelegde grense en met proporsionele verteenwoordiging, die presiese verhoudings waarvan deur die Kabinet bepaal word binne die raamwerk van proporsionaliteit.

Sessies van die Wetgewende Vergadering moet in gevolge artikel 10 van Bylae II jaarliks gehou word sonder dat meer as vyftien maande tussenin verloop en wel op 'n plek wat deur die Kabinet bepaal moet word. Die voorskrif van artikel 12 in verband met die eed wat al die lede van die Vergadering behalwe die Hoofkaptein moet aflê, is interessant. Die eed lui: "Ek, A.B., sweer dat ek die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en die Hoofkaptein sal eer en respekteer, en dat ek lojaal en getrou sal wees aan die KwaZulu-Wetgewende Vergadering en sy administrasie en dat ek alle wette wat in die gebied van die Kwa-Zulu-Wetgewende Vergadering van toepassing is, sal eerbiedig; en ek beloof om my pligte op 'n lojale en waardige wyse en na my beste vermoë te verrig." Hier-

die eed is uitsonderlik deurdat dit die enigste in die konteks van die Bantoestaatsreg is wat herinner aan die Germaans- (en Engels-) regtelike gevolgsede:⁶⁶⁾ hier word eer en respek betoon aan die Staatspresident (wie se vermelding in die eed op sigself uitsonderlik is) en aan die Hoofkaptein (Opperhoof); verder word lojaliteit en trou aan die Wetgewende Vergadering "en sy administrasie"⁶⁷⁾ gesweer en die lid onderwerp hom ook aan die reg. Die "gevolgseed" is dus eerder ten opsigte van die effektiewe owerheidsinstansies, met inagneming egter van die simboliese owerheidspersone. Hoe dit ookal sy, die juridiese implikasies van grondwetlike eedswering is ietwat obskuur.

KwaZulu se Kabinet bestaan ingevolge artikel 13 van Bylae II uit die Hoofminister, wat gebruiklikerwys deur die Wetgewende Vergadering uit eie geledere verkies word en 'n kaptein moet wees en ses ander Ministers wat ook lede van die Wetgewende Vergadering moet wees, aangestel word deur die Hoofminister en van wie twee ook kapteins moet wees. Ingevolge artikel 19A kan die Hoofminister sonder verdere formaliteite by besluit van die Wetgewende Vergadering van sy amp onthef word en die Hoofminister kan ook sonder verdere kontrole 'n ander Minister skriftelik uit

66. Vgl bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 67-9.

67. Wat nie juis sinvol op iets anders as die Kabinet of regering kan dui nie.

sy amp onthef. Artikel 20(4) vereis dat die Kabinet voor elke sessie die Hoofkaptein oor voorgenome wetgewing moet inlig en indien hy dit verlang, met hom moet bespreek. Daardeur word 'n toesighoudende rol (met hoofsaaklik oorredende krag) aan die Hoofkaptein oor die doen en late van die Kabinet toegesê.

Ten slotte bepaal artikel 25(a) van Bylae II dat die Hoofkaptein hom, as verpersoonliking van Zoeloe-eenheid, van partypolitiek en partikularisme moet onthou. Artikel 25(b) laat hom sy tradisionele gesag, funksies en persoonlike status behou, asook seremoniële voorrang by die Hoof- en ander Ministers, behalwe waar dit die werksaamhede van die Wetgewende Vergadering regstreeks raak. Artikel 25(c) bepaal dat die Hoofkaptein insae gegee moet word in die agenda's van elke kabinetsvergadering en dat hy die Kabinet of individuele lede daarvan kan versoek om hom te ontmoet om sake te bespreek en sy sienswyse aan hulle oor te dra. Ook hierdie bepalings verleen nie aan die Hoofkaptein dwingende owerheidsgesag nie, maar wel die geleentheid om direkte invloed oor die wyse waarop sy volk regeer word, uit te oefen. Proklamasie R12 van 1977 bepaal ingevolge artikel 108(3) van Wet 32 van 1961 dat Zoeloe as bykomende amptelike taal van KwaZulu erken word. Weens die omgekeerde verloop van die grondwetproklamasie van KwaZulu se geskiedenis, moes hierdie saak by die verlening van selfregering afsonderlik by proklamasie gereël word.

3.3.8. Opsommend

Dit blyk uit bostaande dat die selfregerende Bantoe-tuislande almal min of meer aan 'n standaard patroon van konstitusionele inrigting konformeer. Die rede daarvoor is klaarblyklik nie soseer dat Wet 21 van 1971 vir almal geld nie, aangesien die bepalings van dié Wet ruimte laat vir omvattende diversifisering in die inrigting van die tuislande se individuele staatstrukture deur middel van die voortvloeiende ondergeskikte wetgewing. Die waarskynlike rede vir die groot mate van uniformiteit is eerder te vinde in die feit dat die fundamente waarop die staatsinrigting van die tuislande staan, naamlik die Bantoe-owerhede, grootliks gestandaardiseer is en dat die bobou daaruit ge-evolueer het.

Soos aangedui, is die stelling wat in 1971 in die Bulletin van die Afrika-Instituut van Suid-Afrika⁶⁸⁾ gemaak is dat die staatsvorm van die Ciskei, Lebowa, Machangana (Gazankulu) en Venda federaal, en dié van die "Tswanagebied" (Bophuthatswana) uniaal is, sedert die verlening van selfregering en die instelling van direkte verkiesings, nie meer geldig nie. Daar kan nie aan die hand van staatsvorm tussen die tuislande se staatsreg gedifferensieer word nie, maar wel aan die hand van die verhouding van "tradisionele" tot verkose verteenwoordigers in die wetgewende vergaderings. Origens kan daar nie veel twyfel

68. September 1971, in die artikel "Bantoe-tuislande Grondwetlike Vordering" 338.

daaroor wees dat die tuislande almal konstitusioneel die aansyn van eenheidstate het nie, al is die mees- te nie geografies gekonsolideer nie: dit blyk reeds uit die bepalings van Wet 21 van 1971 dat die kabinet- te en wetgewende vergaderings nie juis owerheidsgesag met die stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede en hul uitvoerende ampte deel nie, maar dat laasgenoemde on- dergeskik is. Die Bantoe-owerhede is wel die bron waaruit die "tradisionele verteenwoordigers van die wetgewende vergaderings kom, maar al die lede van die wetgewende vergaderings, "tradisioneel" en direk ver- kose, kan as individue op gelyke vlak met mekaar daar- in optree. Anders as in die algemene Suid-Afrikaanse staatsreg, kan die Bantoe-owerhede (wat in sommige opsigte ten aansien van die aanwysing van lede van die wetgewende vergaderings beskou kan word as "kieskol- leges") egter wel hul verteenwoordigers soms "beheer" deur hul lidmaatskap van die betrokke wetgewende ver- gadering te beëindig, maar dit dui steeds nie op 'n ander staatsvorm as 'n eenheidstaat nie.

Waarskynlik kan met 'n groot mate van akkuraat- heid beweer word dat die moderne Bantoe staatsregstruk- ture veral van die patroon van post-koloniale Afrika- staatsreg afwyk deurdat 'n baie geleidelike proses van invoer van direkte verkiesing contra tradisionele oorheersing daarin plaasvind, wat sekerlik die moont- likhede vir uiteindelijke konstitusionele stabiliteit moet verhoog.

4. Bantoeburgerskap en Tuislandburgerskap¹⁾

Soos in hierdie hoofstuk in geheel, gaan dit hier steeds primêr om die geldende reg van slegs die vooronafhanklike Bantoetuislande. Soos algemeen bekend, was die burgerskapskwessie by die Transkeise en Bophuthatswana-onafhanklikheidsonderhandelinge, en is steeds ná onafhanklikwording, 'n turksvy. Die wortels van dié probleem lê in die reg wat in hierdie paragraaf ter sprake is.

4.1. Die Begrip "Burgerskap"

Om redes wat aanstons duidelik sal blyk, is dit noodsaaklik om hier 'n heldere presisering van die begrip "burgerskap" te probeer aanbied. Suid-Afrikaanse Bantoe is statutêr Suid-Afrikaanse burgers en word statutêr veronderstel om tegelyk burgers van die een of ander Bantoetuisland binne die Republiek te wees.

Die Suid-Afrikaanse wetgewer se begrip van burgerskap sluit klaarblyklik die volkeregtelike begrip "nasionaliteit" in, maar dit skyn teenswoordig aanvaarbaar te wees om te onderskei tussen nasionaliteit (Staatsangehörigkeit, nationality) en burgerskap (Staatsbürgerschaft, citizenship). Alfred Verdross²⁾ meen dat dit van groot belang is om die volkeregtelike begrip

1. Hierdie paragraaf is 'n verwerking van Venter (1975(a)).

2. (1964) 305-6.

"nasionaliteit" van die staatsregtelike begrip "burgerskap" te onderskei, aangesien alleen die passiewe, voordurende Zugehörigkeit van 'n persoon aan 'n spesifieke staat vir die volkereg relevant is, terwyl die staatsreg ook nog kan onderskei tussen polities volberegigde burgers van 'n moederland en diegene wat by 'n kolonie tuis hoort, asook tussen volberegigde burgers van 'n land en blote onderdane soos gevangenes in daardie land. Daarby voeg hy dat diegene wat staatsregtelik blote onderdane van 'n land is, vir die doeleindes van die volkereg beskik oor daardie land se nasionaliteit en derhalwe op volkeregtelike beskerming deur hul land aanspraak kan maak.

Shigeru Oda³⁾ se uiteensetting strook met dié van Verdross waar hy sê: "Generally, the national who enjoys full political and civil rights, is called a citizen, as distinguished from other less favoured nationals," en "(t)his concept of citizenship is, of course, irrelevant to international law."

Ook die Suid-Afrikaanse skrywer, Henry John May,⁴⁾ verklaar: "The terms 'nationality' and 'national' belong to international rather than to local law. 'Nationals' of a state are persons whom such state has a right to protect, over whom it can legislate, and whom it must receive back in its territory if deported from

3. In Sorensen (1968) 427. Vgl ook JFH (1963) 44-9.

4. (1955) 222 vn 1.

a foreign state," en hy maak dit voorts by implikasie duidelik dat hy met "citizenship" iets soortgelyks as Verdross se Staatsbürgerschaft bedoel.

Ongelukkig maak alle moderne skrywers nie so 'n gerieflike kliniese onderskeid tussen nasionaliteit en burgerskap nie. JWH Verzijl, byvoorbeeld, neem kennis⁵⁾ van so 'n onderskeid wat in sommige lande se grondwette gemaak word, maar sê⁶⁾ dat begrippe soos "nasionaliteit", "onderdaanskap" en "burgerskap" origins as sinonieme gebruik word. Hyself gebruik nasionaliteit in die sin van "a personal legal relationship between an individual and a State under the latter's public law"⁷⁾ en voeg ter verduideliking by: "The term 'personal' is used here in the sense that it conveys the idea of the individual forming part of the personal substratum of the State, personally participating in its national public life, implying mutual rights and obligations between the State and himself in that capacity." Hierdie wydgeformuleerde omskrywing van nasionaliteit sluit burgerskap in die betekenis van Verdross en Oda is.

Ook Wiechers gee 'n wye definisie van burgerskap wat hy as sinoniem van nasionaliteit gebruik:⁸⁾ "Bur="

5. (1972) 14.

6. T a p.

7. Verzijl (1972) 7.

8. VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 357.

gerskap beteken ... die hoedanigheid van 'n individu deurdat hy in 'n gesagsverhouding staan tot 'n bepaalde staat in die sin dat hy aanspraak kan maak op sekere regte in en beskerming deur daardie staat en van sy kant weer trou en gehoorsaamheid aan daardie staat verskuldig is."

Dit wil dus voorkom of 'n mens sekere goeie geselskap sal verbeur, maar tog in ander gesaghebbende geselskap aanvaarbaar sal wees wanneer jy 'n terminologiese onderskeid tussen nasionaliteit en burgerskap wil tref.⁹⁾ Afgesien van die onderskeibaarheid van dié begrippe, bevredig die hierbo aangehaalde skrywers se opinies oor die juridiese aard van burgerskap en nasionaliteit nie, aangesien dit telkens by nadere analise blyk dat dit òf nie enigsins regsteoreties gefundeer is nie, òf moontlik op 'n regsteoretiese benadering berus wat myns insiens nie in die Suid-Afrikaanse regsopset inpas nie. Sonder egter om te wydloëpig daaroor te teoretiseer, word die volgende omskrywings as 'n eie opinie¹⁰⁾ aan die hand gedoen as syn=de konstruksies wat myns insiens ten minste voorlopig

9. Vir die onderskeid tussen burgerskap en nasionaliteit gee Olivier (1975(b)) 273 e v 'n groot aantal ondersteuners van dié onderskeid (veral ook uit volkeregtelike oogpunt) aan. Vgl ook Olivier (1975(a)) 152 e v en Olivier (1976) 94 e v.

10. Aangesien dit 'n eie formulering is, word nie vir die materiële inhoud van die omskrywings op ander gesag gesteun nie, iets wat skynbaar vir Olivier (1975(b)) 279 vn 81 en Olivier (1976) vn 84 onaanvaarbaar is of wat hy verkeerd vertolk.

meer bruikbaar is in die Suid-Afrikaanse regs konteks: Nasionaliteit is 'n juridiese toestand¹¹⁾ wat intree by die vervulling van die tersaaklike positiefregtelike vereistes,¹²⁾ welke toestand kompetensies vir 'n persoon en 'n staat,¹³⁾ as subjek van die volkereg,¹⁴⁾ en sy organe tot gevolg het, asook verhoudinge ener= syds tussen die betrokke staat en ander subjekte van die volkereg met die betrokke persoon as objek en ander= syds tussen die betrokke staat en sy organe en die persoon self, welke verhoudinge met betrekking tot die internasionale regsverkeer¹⁵⁾ bestaan uit wedersydse regte en verpligtinge met primêr volkeregtelike toe= paslikheid.¹⁶⁾ Burgerskap, daarenteen, is in sy wyd= ste betekenis 'n juridiese toestand wat intree by die vervulling van die tersaaklike positiefregtelike ver= eistes, welke toestand kompetensies vir 'n persoon en 'n staat en sy organe tot gevolg het, asook 'n ver= houding tussen die persoon en die staat en sy organe, wat bestaan uit wedersydse regte en verpligtinge met geen volkeregtelike toepaslikheid nie.¹⁷⁾

11. Die juris moet nie toelaat dat hy deur die wyse waarop die begrippe "nasionaliteit" en "burgerskap" in die algemene taalgebruik (en selfs regstegnies) aangewend word, verlei word om nie die ware juridiese aard daarvan in te sien nie. Dit wil, met alle respek, voorkom asof dit die geval kan wees by skrywers soos Verzijl (1972) 5, waar hy bv sê dat nasionaliteit "obviously is a legal relationship under public law that creates, or implies, a legal status" (kursivering bygevoeg) en Wiechers, waar hy in sy aangehaalde definisie sê dat burgerskap 'n "hoedanigheid van 'n individu" (kursivering bygevoeg) is. 'n Mens het dalk ook hier te doen met 'n terminologiese probleem in die vorm van ver= skillende regsbetekenisse wat geheg word aan begrippe soos "regs= (Vir die res van vn 11 en vnn 12-7, kyk volgende pp)

Daar dien op gelet te word dat hierdie omskrywing van burgerskap nie voorsiening maak vir verskynsels soos Verdross (t a p) se blossen Untertanen en Oda (t a p) se less favoured nationals nie. Myns insiens kan burgerskap as juridiese konsep nie vir sy bestaan afhanklik gemaak word van die regsgevolge wat intree by die totstandkoming van dié toestand nie. Met ander woorde, as 'n persoon voldoen aan die algemene vereistes vir wat genoem kan word "naakte" burgerskap, verkry hy burgerskap en vloei daaruit vir hom sodanige kompetensies, regte en verpligtinge voort as waarvoor die positiewe reg voorsiening maak. As die toepaslike regsreëls egter ook ander vereistes stel vir die verkryging van stemreg, doen dit nie af aan die wese van so 'n persoon se burgerskap as hy nie aan die verdere

verhouding," "juridiese status" en "hoedanigheid." Vir terminologiese doeleindes word hier onder meer gesteun op die oortuigende regsfilosofiese begripsomskrywing deur Grobler (1974) 308-16.

12. Hierdie vereistes verskil natuurlik van staat tot staat hoewel daar dikwels ooreenkomste is. Hierdie vereistes moet ook, uit die oogpunt van die volkereg, versoenbaar wees met sekere volkeregtelike norme - vgl Verdross (1964) 307-12 en Sorensen (Oda) (1968) 473.

13. Hoewel dikwels gesê word dat 'n staat nie kompetensies het nie, maar mag of owerheidsgesag, word hier uitgegaan van die standpunt dat 'n staat wel in die publiekreg gesubjektiveer word en as subjek in 'n verhouding tot ander regssubjekte staan.

14. Hiermee word geïmpliseer dat 'n entiteit wat nie 'n subjek van die volkereg is nie, nie nasionaliteit kan skep nie - m a w dat sy burgers nie sy nasionaliteit kan hê nie, juis omdat nasionaliteit 'n volkeregtelike begrip is.

15. Hier kom juis die internasionale regsverkeer ter sprake omdat nasionaliteit 'n volkeregtelike begrip is.

vereistes voldoen nie. So kan een persoon stemreg ('n kompetensie) hê, die reg (in die eintlike betekenis van die woord) om 'n bepaalde soort identiteitsdokument te bekom en ook militêr dienspligtig wees (wat 'n verpligting is), terwyl 'n volgende persoon geen stemreg het nie, nie kan aanspraak maak op die uitreiking van 'n bepaalde soort identiteitsdokument aan hom nie en geen militêre diensplig hoef te doen nie: tog kan albei hierdie persone burgers van die Republiek wees.

16. Nasionaliteit het ook, as betekenisvolle maar sekondêre uitvloei, staatlike (munisipale) regsbetekenis. So sal 'n persoon met Japanse nasionaliteit byvoorbeeld in Suid-Afrika in 'n ander regsposisie t a v aangeleenthede soos die verkryging van 'n werkspermit verkeer as 'n persoon met Rooi Chinese nasionaliteit. Ook in die internasionale privaatrek kan nasionaliteit 'n rol speel.

17. Hierdie omskrywings van nasionaliteit en burgerskap is baie wyd geformuleer. Uit hierdie formulerings moet nie afgelei word dat bedoel word dat die enigste onderskeid tussen die twee begrippe, die feit is dat die een (primêr) die volkereg en die ander die staatlike reg aangaan nie. Ewe belangrik is die feit dat die kompetensies, regte en verpligtinge wat uit die een voortvloei, verskil van dié wat uit die ander volg. Omdat hierdie kompetensies, regte en verpligtinge na aard en inhoud bepaal word deur die betrokke staat se positiewe reg, wat in tyd en ruimte kan verskil (nie universeel is nie), is dit onmoontlik om 'n algemeen-geldige lys daarvan te maak. Hoogstens kan voorbeelde daarvan wat dikwels kan voorkom ter oorweging gegee word. Voortvloeiend uit nasionaliteit:

die kompetensie van 'n persoon om aanspraak te maak op sy staat se beskerming teen ander state en van 'n staat om persone bekleed met sy nasionaliteit, teen ander state te beskerm;

die reg van 'n persoon om beskerming teen ander state van sy staat op te eis en van 'n staat en sy organe om van so 'n persoon te vereis dat hy nie die staat se beskermingsoptrede sal verdel nie;

die verpligtinge wat die teenkant van bg regte is;

Olivier vind dit onmoontlik om met hierdie konstruksie saam te stem¹⁸⁾ aangesien die skrywers wat hy geraadpleeg het,¹⁹⁾ meestal 'n direk teenoorgestelde mening daarop na hou. Olivier self som dié menings soos volg op en maak dit sy eie, waarop hy sy betragting van Suid-Afrikaanse Bantoeburgerskap en tuislandburgerskap baseer: "Sonder om daaruit 'n omlýnde definisie te wil voorhou, dui die oorwig van gesaghebende menings onteenseglik aan dat nasionaliteit as 'n begrip van die volkereg nie spesifieke regte en/of verpligtinge, of 'n samestelling van enigen of beide, impliseer nie, maar dat dit 'n suiwer formele voorstelling is. Dit bepaal die status van 'n persoon behorende tot 'n staat met besondere verwysing na internasionale verhoudinge tussen state rakende sodanige persoon ... Die persone wat 'n staat se nasionaliteit het, is diegene wat onder sy persoonlike soewereiniteit val, hul is gebonde aan die staat afgesien van hul fisiese teenwoordigheid op 'n gegewe moment," en ten opsigte van burgerskap meen hy dat dit 'n suiwer staatsregtelike begrip is en dat "dit dui op die hoog

Voortvloeiend uit burgerskap:

die kompetensie om as burger in 'n bevolkingsregister opgeneem te word en van 'n staat(sorgaan) om so 'n persoon as burger in 'n bevolkingsregister op te neem;

die reg van 'n burger om op sy identiteitsdokument as sodanig aangedui te word en van 'n staatsorgaan om bepaalde inligting oor 'n burger te bekom en in 'n bevolkingsregister op te neem; die verpligtinge wat die teenkant van bg regte is.

18. Kyk bv Olivier (1975(b)) 279-80.

19. Waaronder diegene wat hierbo in vn 2-8 aangehaal is, sentraal figureer.

ste graad van politieke regte en/of pligte wat 'n persoon toekom, soos deur die betrokke staat se binnelandse reg bepaal."²⁰⁾

Aangesien die nasionaliteit van Suid-Afrikaanse Bantoe nie so problematies soos hul burgerskapsituasie is nie, is dit voldoende om net enkele opmerkings oor Olivier se konsepsie van dié begrip te maak. Myns insiens is Olivier se beskrywing van nasionaliteit, benewens sy toekenning van die begrip aan die sfeer van die volkereg en sy identifisering daarvan met internasionale verhoudinge met betrekking tot die draers van nasionaliteit, juridies vaag en onwerkbaar en ietwat teenstrydig: wat presies bedoel word met 'n "suiwer formele voorstelling" is onduidelik, want daarmee word nie 'n bekende juridiese begrip aangedui nie; as nasionaliteit glad nie betrekking het op regte of verpligtinge nie, ontstaan die vraag wat die juridiese verhouding tussen die persone wat 'n staat se nasionaliteit het en dié staat is, veral in die lig van die feit dat nasionaliteit volgens Olivier diesulkes onder die staat se persoonlike soewereiniteit laat val en hulle aan die staat bind; origens moet die vraag gevra word of, indien nasionaliteit 'n statusbepalende faktor vir die draers daarvan is²¹⁾ en status, soos

20. Kursivering bygevoeg.

21. Wat 'n aanvaarbare en ook aanvaarde idee is. Vgl bv Hahlo en Kahn (1960) 345-6.

dit algemeen aanvaar word,²²⁾ betrekking het op die inhoud en omvang van 'n persoon se kompetensies, dit wil sê sy vermoë om regte en verpligtinge te dra,²³⁾ dit (nasionaaliteit) werklik "nie spesifieke regte en/of verpligtinge ... impliseer nie."

Wat burgerskap betref wil Olivier ook, soos aangedui, dat dit 'n staatsregtelike begrip moet wees, maar gaan gee dan aan hierdie juridiese begrip²⁴⁾ 'n onomlynde en a-juridiese inhoud, naamlik politieke regte en verpligtinge. Die betekenis wat Olivier aan "politieke regte en verpligtinge" heg, blyk uit die volgende aanhaling:²⁵⁾ "Hiernaas²⁶⁾ kan sekere kompetensies en bevoegdhede (selfs verpligtinge) aan 'n persoon deur die regsformer toegeken word, wat dan globaal beskou inhoud gee aan burgerskap. Om in die staat waarvan burgerskap verkry is permanent te kan bly of woonagtig te kan wees, om daar stemreg uit te kan oefen, om verkiesbaar te kan wees vir die volksraad, senaat of presidentskap, om 'n openbare amp te kan beklee, om enige beroep vryelik daar te kan be=

22. Vgl Van der Vyver en Van Zyl (1972) 161. Hahlo en Kahn (1960) t a p noem dit "the capacity for rights and duties" - vgl ook Hahlo en Kahn (1968) 103.

23. Vgl Van der Vyver en Van Zyl (1972) 155.

24. Skygbaar tot 'n groot mate in navolging van JFH (1963).

25. Olivier (1976) 101.

26. Dit is die sg "basiese menseregte" wat hy in die vorige paragraaf vermeld.

oefen, om 'n vuurwapenlisensie of bestuurderslisensie te kan bekom, en om militêre diensplig vir die staat te verrig, is alles voorbeelde van kompetensies, bevoegdhede en verpligtinge wat burgerskap kan bepaal." In 'n voetnota²⁷⁾ dui hy dan aan dat "'n omvattende lys van volle politieke en burgerlike regte, wat juis burgerskap sou aandui" veel langer sou kon wees.

Indien Olivier korrek sou wees dat "kompetensies, bevoegdhede, regte en verpligtinge"²⁸⁾ soos die genoemdes inhoud sou gee aan burgerskap²⁹⁾ en dat die lys eintlik nog langer moes wees, dan sou dit in gewone state onmoontlik wees om volle burgerskap te bekom, aangesien daar gebruiklik uit verskillende oorewegings, bepaalde perke op die kompetensies en verpligting wat hy meld, geplaas word: dan word burgerskap vanuit die domein van die sein na dié van die sollen verplaas en word dit dus 'n regsiedeële begrip. Ook Blankes, wat volgens Olivier³⁰⁾ alleen in Suid-Afrika volle burgerskap kan hê, is, soos welbekend, ten opsigte van al die vermelde kompetensies en verpligting aan beperkings onderhewig: Blanke burgers kan nie sonder meer in byvoorbeeld oopgestelde en ge-

27. Vn 126.

28. Welke begrippe hy onbepaald en los en vas gebruik.

29. Wat dan seker sou beteken dat burgerskap 'n bepaalde aspek van 'n persoon se regsobjektiwiteit sou wees.

30. Olivier (1976) 102-3 en 105.

skeduleerde Bantoegebiede gaan woon nie, kan onderhe-
wig wees aan bepaalde diskwalifikasies ten opsigte
van stemreg en verkiesbaarheid, kan daarvan weerhou
word (soos byvoorbeeld staatsamptenare) om openbare
ampte te beklee, kan beperk wees ten opsigte van by=
voorbeeld plek, kwalifikasies, ouderdom en so meer om
'n beroep te beoefen, kan 'n vuurwapenlisensie op
grond van 'n onvermoë om dit veilig te hanteer en 'n
bestuurderslisensie weens fisiese tekortkominge gewei=
er word en kan weens gesondheids-, ouderdoms- en an=
der redes vrygestel word van militêre diensplig en
selfs verbied word om dit te ondergaan.

As finale toetssteen ten aansien van Suid-Afri=
kaanse burgerskap, moet sekerlik die Wet op Suid-Afri=
kaanse Burgerskap 44 van 1949 aangewend word. Ten
einde die korrektheid van Olivier se kontensies te
toets, kan dan gevra word of dié Wet voorsiening maak
vir burgerskap vir 'n pasgebore kind wie se sogenaam=
de "burgerregte" weens sy ouderdom prakties nouliks
kan bestaan. Die antwoord daarop is dat Suid-Afri=
kaanse burgerskap geensins deur die Wet van ouderdom
afhanklik gemaak word nie en dat die bestaan van die
toestand van burgerskap ten opsigte van 'n persoon,
ook allermins afhanklik gemaak word van enige van die
sogenaamde "politieke regte".³¹⁾ Indien Olivier se

31. Olivier se houding hieroor word weerspieël in vn 84 van sy
laasaangehaalde artikel: "... Die feit dat 'n persoon eers by op
16- of 18-jarige leeftyd al hierdie politieke en siviele regte
en verpligtinge kan of moet handhaaf of nakom, tas nie sy burg=
erskap aan nie: op grond van sy wetgewende soewereiniteit kan die

gesag dus objektief korrek sou wees, is die Suid-Afrikaanse positiewe regsreëling ten aansien van burgerskap uit pas uit, maar steeds geldende reg binne die Republiek.

Oor Olivier se probleme met die konstruksie van burgerskap en nasionaliteit wat hierbo aan die hand gedoen is, kan dus opsommenderwys gesê word dat hoewel dié omskrywings sekerlik nie onbetwisbaar is nie, Olivier se besware nie oortuigend is nie, veral omdat dit regsteoreties hoogs aanvegbaar is.

Bogenoemde omskrywing van burgerskap is 'n omskrywing van die begrip in sy wydste betekenis. Daar moet egter ook in gedagte gehou word dat burgerskap enger betekenis kan hê, soos burgerskap van 'n gedeelte van 'n federale staat of van ander staatsregtelike entiteite as state. Dit lyk onwaarskynlik dat sodanige enger burgerskap op sigself bestaanbaar kan wees, dit wil sê dat 'n persoon met "enger" burgerskap nie noodwendig ook burgerskap in die wyer betekenis

parlement die uitvoering van bv sodanige regte uitstel. Indien 'n persoon egter glad nie sodanige voordele en verpligtinge het nie, kan daar immers nie sprake wees van burgerskap as staatsregtelike konsep nie - die omgekeerde hiervan(?) behoort ook te geld." 'n Probleem wat hieruit ontstaan is nou of 'n persoon se burgerskap nooit in vervulling kom as hy om een of ander rede, soos skuldigbevinding aan moord of hoogverraad of weens krank-sinnigheid, bv nie kan registreer as kieser nie en dus nie stemreg kan verwerf nie. Olivier se antwoord hierop moet, soos uit bostaande aanhaling blyk, positief wees, maar dit strook nie met die bepaling van Wet 44 van 1949 t a v die verkryging van burgerskap nie.

moet hê nie. 'n Persoon sonder burgerskap in die wye betekenis daarvan is staatsloos en dit kan moeilik ingedink word dat 'n staatlose persoon of 'n persoon met vreemde burgerskap, burgerskap van byvoorbeeld 'n onderdeel van 'n federale staat sal kan verwerf sonder om ook federale burgerskap te bekom.

Hieruit blyk die implikasie dan ook dat die aard van burgerskap in enger sin deur die betrokke staatsregtelike opset bepaal sal word, en ook dat dit eksistensieel afhanklik en vervleg sal wees met burgerskap in sy wye betekenis. Aangesien daar 'n wye verskeidenheid moontlike staatsregtelike bedelings bestaan, is die verskillende soorte burgerskap eweneens groot. Weens die huidige staatsregtelike opset en die onderskeidings wat ons reg tussen die verskillende bevolkingsdele tref, het ons juis in die Republiek met interessante soorte burgerskap te doen.

4.2. Die Geskiedenis van Suid-Afrikaanse Bantoeburgerskap

Burgerskap en nasionaliteit is begrippe wat eers laat in die Engelse staatsreg posgevat het.³²⁾ In die

32. Vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 357-60 en Hood Phillips (1967) 405-6. Oorspronklik was daar in die Engelse reg slegs sprake van die gevolgsregtelike allegiance (trouverhouding) tussen onderdaan (subject) en koning. Hieruit het by wyse van die Naturalization Act van 1870, die British Nationality and Status of Aliens Act van 1914 en die British Nationality Act van 1948 Britse nasionaliteit en burgerskap ontwikkel op sodanige wyse dat allegiance uiteindelik feitlik irrelevant vir Britse burgerskap en nasionaliteit geword het.

lig hiervan en van die feit dat die Suider-Afrikaanse situasie tot redelik onlangs deur die Engelse staatsreg beïnvloed is, sou dit nie veel waarde hê om die historiese ontwikkeling van Bantoeburgerskap in besonderhede na te spoor soos wat dit voor Uniewording verloop het nie. Daar kan volstaan word met die volgende paar opmerkings oor die posisie voor 1910:

Voordat Britse burgerskap en nasionaliteit ontwikkel het, was een algemene reël, soos vasgelê in die welbekende Calvin's Case van 1608,³³⁾ dat alle persone wat binne die Koning se domein ("within the King's dominion") gebore is of andersins daaraan verbind is, trou (allegiance) aan die koning verskuldig was en dus sy onderdane (subjects) was.³⁴⁾ Hierby is die verdere algemene reël dat inwoners van gebiede wat deur die Kroon deur sessie of anneksasie bekom is, outomaties Britse onderdane geword het, van belang.³⁵⁾ Die geheel van die gebied wat later die Unie uitgemaak het, is stuksgewys oor die verloop van amper 'n eeu deur die Britse Kroon òf deur sessie òf deur anneksasie verkry. Aldus het die inwoners van hierdie gebiede ingevolge bogemelde algemene reëls van die Engelse gemene reg almal gaandeweg Britse onderdane geword.

33. Calvin v Smith and Another (1608) 7 Co Rep 1a.

34. Vgl bv Jennings (1957) 138.

35. Gey van Pittius (1930) 72-5; Jennings (1957) t a p en Keith (1938) 111 en 185.

Gevolglik was ook die hele Bantoebevolking van die Unie in 1910 Britse onderdane.³⁶⁾

Ná Uniewording is daar in die Unie en Republiek geen onderskeid getref tussen Bantoe en ander inwoners van Suid-Afrika wat Britse onderdaanskap, Unie- (Suid-Afrikaanse) nasionaliteit of burgerskap betref nie. So het die Wet op Britse Nasionaliteit in die Unie en Naturalisasie en Status van Vreemdelinge 18 van 1926³⁷⁾ geen sodanige onderskeid getref vir die doeleindes van die omskrywing en verkryging van Britse onderdaanskap of te wel nasionaliteit nie, sodat Suid-Afrikaanse Bantoe se Britse onderdaanskap statutêr bevestig is; ook nie die Unie Nasionaliteit en Vlae Wet 40 van 1927 het by die skepping van "Unie staatsburgerskap"³⁸⁾

36. Dit lyk hoogs onwaarskynlik dat enige noemenswaardige aantal Bantoe in Suid-Afrika gedurende die negentiende eeu nie ná finale Britse anneksasie van die gebied deur hulle bewoon, (ten minste stilswyend) berus het by hul nuut verworwe Britse onderdaanskap nie. Ook is dit interessant om daarop te let dat, sover vasgestel kon word, in geen geval (ook nie in die Boererepublieke nie) "vreemde" burgerskap vir Bantoe bestaan het voor Britse anneksasie nie. In moderne terminologie sou die toestand van alle Bantoe voor anneksasie dus beskryf kon word as "staatloos" of "blote onderdane."

37. Waarmee bedoel is om die bepalings van die British Nationality and Status of Aliens Act van 1914 se gelding in die Unie bo twyfel te stel - vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 362-3.

38. Presies wat bedoel is met "staatsburgerskap" (nationality in die Engelse teks) in hierdie wet, is onduidelik. Blote nasionaliteit soos wat dit hierbo omskryf is, is skynbaar nie bedoel nie hoewel Uniestaatsburgerskap van Britse nasionaliteit (onderdaanskap) onderskei is - vgl ter agtergrond VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 363-5. A 5(1) van die Wet praat o m
b o

tussen Bantoe en ander inwoners van die Unie onderskei nie, wat meegebring het dat die Suid-Afrikaanse Bantoe ná 1927 "Uniestaatsburgers" geword het; en ook nie die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44 van 1949 het so 'n onderskeid getref by die skepping en toekenning van Suid-Afrikaanse burgerskap³⁹⁾ nie, sodat Suid-Afrikaanse Bantoe ook Suid-Afrikaanse burgers geword het en dit vandag nog is.

Wat egter wl by uitstek waar is, is dat daar deurgaans onderskeid gemaak is tussen Bantoe- en ander Suid-Afrikaanse burgers ten aansien van sodanige kompetensies, regte en verpligtinge wat nie uit "naakte" burgerskap voortgevloei het nie, maar vir die tot standkoming waarvan burgerskap onder meer vereis is. Voor-

van 'n staatsburger van die Verenigde Koninkryk, wat daarop dui dat bedoel is om met "staatsburger" (van die Unie) 'n soortgelyke toestand t o v die Unie as die (Britse) national (onderdaan/persoon met (Britse) nasionaliteit) t o v die Verenigde Koninkryk aan te dui. Gey van Pittius (1930) 220 vn 2 sê van die begrip soos aangewend in hierdie Wet: "while ... meaning 'citizens' in its widest sense (eg in the way 'French citizens' may be used), it does not mean 'subjects' for which the equivalent in Afrikaans is 'onderdane'." M i kan maar net gesê word dat die begrip burgerskap soos hierbo omskryf nog aan die ontwikkel was in Suid-Afrika, soos in Engeland, waar die konsep citizenship eers in 1948 ingevoer is - vgl Hood Phillips (1967) 418 - en gevolglik moeilik in kontemporêre terminologie verklaar kan word. "Nasionaliteit" en "burgerskap" was nog besig om terminologies ontworstel te word van die ou Engelse gevolgsregtelike allegiance-begrip.

39. Die "Suid-Afrikaanse burgerskap" deur dié Wet geskep, is 'n toestand soos dié hierbo omskryf en dus eindelik vry van die verwarrende Engelse staatsregtelike begrippe van allegiance, nationality, ens.

beelde hiervan is stemreg⁴⁰⁾, die reg om die Unie (Republiek) te bewoon⁴¹⁾ en militêre diensplig.⁴²⁾ Op hierdie onderskeid word later teruggekom by die bespreking van die huidige stand van die burgerskapsreg aangaande die Bantoe.

4.3. Tuislandburgerskap

Met die statutêre vergestaltung van die beleid van afsonderlike ontwikkeling het daar belangwekkende ontwikkelinge in die Suid-Afrikaanse burgerskapsreg plaasgevind met betrekking tot die Bantoe van die Re-

40. Vide supra hfst II par 4.1.1.

41. Kyk a 29(5) van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 soos vervang deur a 4 van Wet 79 van 1957, wat aan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling 'n diskresie tot uitsetting uit die Republiek t a v Bantoeburgers wat buite die Republiek gebore is, verleen, wat nie t a v Blanke burgers wat buite die Republiek gebore is, bestaan nie. Hiermee saam moet a 14(1) (e) (waarmee a 14(5) ook moontlik saangelees moet word) van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek 59 van 1972 gelees word. In hierdie verband moet gemeld word dat die konstruering van hierdie "reg om die Republiek te bewoon" nie as wetenskaplik onbetwisbaar aangebied word nie, aangesien dit grootliks berus op afleidings gemaak uit die algemene strekking van lg Wet: vgl bv bepalings soos a 36, 40(1) en 40(4). Daarby moet ook nog gesê word dat dit wil voorkom of sodanige regte vir die tot standkoming waarvoor burgerskap vereis word, redelik skaars in die Suid-Afrikaanse reg is.

42. A 7 van die Zuid-Afrika Verdedigings Wet 13 van 1912 het die toepassing van veral die bepalings t o v diensplig beperk m b t "personen die niet van Europese afkomst zijn," en a 2(1) (b) van die Verdedigingswet 44 van 1957 het, met enkele nie-tersaaklike voorbehoude, die toepassing daarvan t a v o m "nie blankes" uitgesluit.

publiek. Artikels 7 en 8 van die Transkeise Grondwet 48 van 1963⁴³⁾, die Wet op Burgerskap van Bantoeu-lande 26 van 1970⁴⁴⁾ en regulasies van die Staatspre- sident uitgevaardig ingevolge artikel 11 van laasge- noemde Wet⁴⁵⁾ bevat die belangrikste bepalings aangaan- de tuislandburgerskap. Die formulering van hierdie bepalings skep interessante situasies en ook enkele probleme.

Artikel 7(1) van die Transkeise Grondwet 1963 het gelui: "Daar is 'n Transkeise burgerskap, en, behou- dens die bepalings van hierdie Wet, oefen elke persoon

43. Soos gewysig deur a 16 van Wet 26 van 1970 en tans herroep.

44. Soos gewysig deur Wet 21 van 1971 en Wet 70 van 1974.

45. Hierdie regulasies bevat nie juis noemenswaardige materiële regsrelings t a v burgerskap nie, maar handel eintlik oor formele en administratiewe sake in verband met burgerskap. Hulle is vervat in Goewermentskennisgewing R1788 van 1971 in Staatskoerant 3287 van 8 Okt 1971 soos gewysig deur Goewermentskennisge- wing R1585 van 1974 in Staatskoerant 4377 van 6 Sept 1974 (Ciskei), goewermentskennisgewing R1786 van 1971 in Staatskoerant 3285 van 8 Okt 1971 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R1849 van 1974 in Staatskoerant 4447 van 18 Okt 1974 (Gazankulu), Goewer- mentskennisgewing R264 van 1972 in Staatskoerant 3396 van 25 Febr 1972 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R1024 van 1972 in Staatskoerant 3565 van 16 Jun 1972 en Goewermentskennis- gewing R856 van 1973 in Staatskoerant 3898 van 25 Mei 1973 (Kwa- Zulu), Goewermentskennisgewing R1787 van 1971 in Staatskoerant 3286 van 8 Okt 1971 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R855 van 1973 in Staatskoerant 3898 van 25 Mei 1973 (Lebowa), Goewermentskennisgewing R2273 van 1971 in Staatskoerant 3336 van 17 Des 1971 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R853 van 1973 in Staatskoerant 3898 van 25 Mei 1973 (Qwaqwa) en Goewer- mentskennisgewing R1865 van 1971 in Staatskoerant 3292 van 15 Okt 1971 soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R854 van 1973 in Staatskoerant 3898 van 25 Mei 1973 (Venda).

wat ... 'n burger van die Transkei is, in die Transkei stemreg uit en geniet hy al die ander regte, voorregte en voordele en is hy onderhewig aan al die pligte, verpligtings en verantwoordelikhede van burgerskap in die Transkei wat hom ingevolge hierdie Wet verleen of opgelê word."

Artikel 2(1) en (3) van die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande 1970 skeep in gelykluidende woorde burgerskap en die meegaande kompetensies, regte en verpligtinge ten aansien van elke gebiedsowerheidsgebied in die Republiek. Ingevolge artikel 1⁴⁶⁾ beteken "gebiedsowerheid" onder meer 'n Bantoegebiedsowerheid ingestel deur die Wet op Bantoe-owerhede 68 van 1951,⁴⁷⁾ en ook "die Regering van 'n gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering kragtens die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971, ingestel is." "Gebiedsowerheidsgebied" het 'n ooreenstemmende betekenis. Artikel 2(2) bring mee dat elke Bantoe persoon in die Republiek (dit wil sê iemand wat binne die bedoeling van die Bevolkingsregistrasiewet 30 van 1950 'n Bantoe is)⁴⁸⁾ wat nie 'n burger van die Transkei⁴⁹⁾ is nie, 'n burger is van òf 'n gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering ingestel is (dus 'n verantwoordelik-regeer=

46. Soos gewysig deur a 39(1) van die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971, saamgelees met die tweede bylae van dié Wet.

47. A 2(1)(c) en a 7bis van Wet 68 van 1951.

48. A 1 van Wet 26 van 1970.

49. Vgl a 1(x) van die Wet.

de gebied) òf van 'n gebiedsowerheidsgebied binne die Republiek, mits hy nie 'n verbode immigrant in die Republiek is nie.

Al die bestaande tuislandburgerskappe is burgerskappe in die "enger" betekenis, soos aan die begin van hierdie paragraaf beskryf; met ander woorde, burgerskappe van gebiede wat nie state is nie, maar samestellende dele van 'n staat, naamlik die Republiek. Die Bantoetuislande wat hier ter sprake is, is nie subjekte van die volkereg nie, met die gevolg dat daar geen sprake is van nasionaliteit van hierdie tuislande nie.

Artikel 3 van Wet 26 van 1970 verleen aan vier kategorieë van Bantoeperone burgerskap van die een of die ander gebiedsowerheidsgebied, naamlik:

(i) persone wat in die betrokke gebied uit ten minste een burger-ouer gebore is;

(ii) burgers van een gebied aan wie burgerskap deur 'n ander gebiedsowerheid op aansoek toegestaan is op grond van vyf jaar domisilium in laasgenoemde gebied;

(iii) persone wat nie burgers van 'n ander gebied is nie en wat 'n Bantoetaal of dialek van so 'n taal praat wat deur die Bantoebevolking van 'n bepaalde Bantoegebied gebesig word; en

(iv) persone wat nie burgers van 'n ander gebied is nie en verwant is aan 'n lid, hom vereenselwig met 'n deel, of weens kultuur- of rasse-agtergrond verbon-

de is aan 'n deel van die Bantoebevolking van 'n bepaalde Bantoegebied.

By die uitleg van al hierdie bepalings ontstaan daar die probleem dat tuislandburgerskap geensins afhanklik gemaak word van Suid-Afrikaanse burgerskap nie.⁵⁰⁾ Nóg artikel 7(2) van die herroepe Transkei=se Grondwet 48 van 1963, nóg die reeds vermelde artikel 3 van die 1970-Wet, wat die wyses van verkryging van tuislandburgerskap bepaal, vereis Suid-Afrikaanse burgerskap. Eweneens is daar in die bepalings aangaande die verlies van burgerskap⁵¹⁾ nie sprake van persone wat vreemdelinge is nie, maar slegs van 'n tuislandburger wat "'n onderdaan van 'n ander land word."⁵²⁾ Soos reeds aangedui, word bepaal dat elke Bantoe wat in die Republiek is, en nie 'n verbode immigrant is nie, 'n burger van een van die gebiedsowerheids- of verantwoordelik-regeerde gebiede is. Volgens die bepalings van artikels 13 en 14 van die Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek 59 van 1972, is 'n vreemdeling, dit wil sê

50. Hiermee wil nie gesê word dat tuislandburgerskap Suid-Afrikaanse burgerskap uitsluit nie, maar dat die inkonsekwente effek van Wet 26 van 1970 is dat tuislandburgerskap skynbaar verkry kan word sonder dat die betrokke reeds Suid-Afrikaanse burger is.

51. A 4 van Wet 26 van 1970 en a 8 van Wet 48 van 1963, soos gewysig deur a 16 van Wet 26 van 1970.

52. Kursivering bygevoeg. In die Engelse (getekende) teks "becomes ... a national of another country."

iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie,⁵³⁾ nie noodwendig 'n "verbode persoon"⁵⁴⁾ nie. Hieruit volg dit dat selfs 'n nie-burger van die Republiek, dus 'n vreemdeling, wat 'n Bantoe is, in die Republiek is en origens voldoen aan die vereistes vir tuisland=burgerskap, sodanige burger is. Sodoende kom dit voor of 'n burger van byvoorbeeld Swaziland wat regmatig=lik in die Republiek is en wat byvoorbeeld verwant is aan 'n lid van 'n inheemse Bantoebevolkingsdeel van die Republiek,⁵⁵⁾ 'n burger van 'n tuisland soos Ka=Ngwane moet wees! Laasgenoemde burgerskap van 'n vreem=de land (Swaziland) word nie uitdruklik deur die wet=gewing as diskwalifikasie vir tuislandburgerskap voor=gehou nie.

Hieruit vloei die verdere probleme voort dat artikel 2(4) van die 1970-Wet skynbaar onvoorwaardelik Suid-Afrikaanse burgerskap en nasionaliteit aan 'n tuislandburger, bloot uit hoofde van sy tuislandbur=

53. A 1 van Wet 44 van 1949, soos gewysig en a 1 van die Wet op Vreemdelinge 1 van 1937 soos gewysig.

54. "Verbode immigrant" in die tersaaklike tuislandwette beteken, in ooreenstemming met die terminologie van die ou Wet 22 van 1913, waarskynlik dieselfde as "verbode persoon" in Wet 59 van 1972.

55. Vgl a 3(d) van Wet 26 van 1970.

gerskap, toeken.⁵⁶⁾ Indien dié vertolking korrek is, bring dit mee dat gemelde Swazi-burger ook onwillekeurige 'n Suid-Afrikaanse burger word en daarby Suid-Afrikaanse nasionaliteit verkry. Hierdie gevolg word egter nie as 'n wyse van verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap in die Wet op Suid-Afrikaanse Burger=skap 1949 aangedui nie, maar kan moontlik as latere wetsbepaling as aanvullend tot die 1949-Wet gelees word.

Dit lyk ooglopend dat bogenoemde gevolge nie almal die bedoeling kon wees by die opstel van die tuislandwette nie. Indien die bedoeling egter anders was, is dit nie in die wette te vind nie. Dit is 'n onverkwiklike toestand wat alleen toegeskryf kan word aan onnadenkende wetsformulering.

Om nou terug te keer na die aangehaalde artikel 7(1) van die herroepe Transkeise Grondwet 1963 en die gelykluidende artikels 2(1) en (3) van die 1970-Wet: die formulering van hierdie bepalings is uniek in die Suid-Afrikaanse burgerskapswetgewing in die sin dat dit, tesame met die skepping van tuislandburgerskap,

56. Hierdie afleiding lyk geregverdig weens die feit dat a 2(4) bepaal dat 'n tuislandburger Suid-Afrikaanse burger op grond van sy tuislandburgerskap bly. 'n Argument teen hierdie vertolking sou egter kon wees dat die woord "bly" nie slegs op die toekoms, vanaf die datum van verkryging van tuislandburgerskap slaan nie, maar op deurloopendheid dui, wat van vóór lg datum bestaan: dus dat "bly" beteken dat slegs persone wat Suid-Afrikaanse burgers by verkryging van tuislandburgerskap is, dit daarna ook kan bly.

melding maak van die voortvloeiende kompetensies, regte en verpligtinge asook van die meegaande kompetensie van stemreg. Die bewoording wat hiervoor gebruik word, is egter ietwat ongelukkig: die tuislandburger geniet ook "al die ander regte, voorregte en voordele en is onderhewig aan al die pligte, verpligtings en verantwoordelikhede van burgerskap" van die betrokke tuisland. "Voorregte," "voordele" en "verantwoordelikhede" is begrippe wat, hoewel hulle soms in (veral konstitusionele) wetgewing voorkom, nie 'n juridiese betekenis het soos wat die begrippe "regte" en "verpligtinge" het nie. By die uitleg van hierdie bepalings is 'n mens genoodsaak om die begrippe "regte, voorregte en voordele" en "pligte, verpligtings en verantwoordelikhede" in juridiese taal te vertaal met kompetensies, regte en verpligtinge indien enige betekenis daaraan gegee moet word.⁵⁷⁾ Hoe dit ookal sy, daar is min sin daarin dat hierdie bepalings die kompetensie van stemreg meld, asook die ander voortvloeiende en meegaande kompetensies, regte en verpligtinge: stemreg in die tuislande word elders⁵⁸⁾ volledig statutêr gereël en daar word telkens, soos verwag kan word en vroeër vermeld is, burgerskap daarvoor

57. Deur, volgens die reëls van wetsuitleg, die gewone betekenis van die woorde daaraan te gee, word geen oplossing bereik nie, aangesien niks anders as kompetensies, regte en verpligtinge uit hoofde van enige wet uit burgerskap voortvloei nie. Vgl ook van der Vyver (1975) 16-9.

58. In die onderskeie grondwetproklamasies in par 3 supra behandel.

vereis, en die "ander" kompetensies, regte en verpligtinge moet eweneens noodsaaklikerwys deur die positiewe reg na aard, inhoud, ontstaan, beëindiging en so meer gereël word.

By 'n vergelyking van die bewoordings van artikel 7(1) van die herroepe Transkeise Grondwet 1963 en artikel 2(3) van die 1970-Wet val dit op dat laasgenoemde oorgeskryf is uit 'n gedeelte van eersgenoemde. Ook dit gee aanleiding tot 'n uitlegprobleem: volgens die Transkeise bepaling het elke Transkeise burger, behoudens die res van die bepalings van die Wet, stemreg uitgeoefen. Artikel 27 het natuurlik die reg om as kieser geregistreer te word, tot burgers bo sekere ouderdomme beperk. Die voorbehoudsbepaling in artikel 7(1) het dus (onder meer?) op die woorde "elke persoon wat ... 'n burger van die Transkei is," geslaan. Dieselfde kan egter nie van die gelykluidende artikel 2(3) van die 1970-Wet gesê word nie, want dáár word alleen die bepalings van die 1970-Wet voorbehou, en dié Wet bevat niks aangaande ouderdom as kieserskwalifikasie nie. Waarskynlik is dit hier weer 'n geval van onnadenkende oorskrywing, wat die absurde indruk kan skep dat 'n pasgebore burger van 'n tuisland kompetent is om te stem. Natuurlik bots artikel 2(3) met die tersaaklike bepalings elders⁵⁹⁾ aangaande kieserskwalifikasies in die tuislande. Die reëls van wetsuitleg voorsien moontlik die oplossing van die

59. Ibid.

probleem deurdat artikel 2(3) aan die hand van die latere bepalinge beperkend uitgelê kan word,⁶⁰⁾ maar die vraag kom by 'n mens op waarom die wetsformulering so lomp moet wees.

'n Laaste probleem wat die formulering van artikels 2 en 3 van die 1970-Wet veroorsaak en wat kommentaar vra, is die vraag waar die statutêre grondslag vir burgerskap van die selfregerende Bantoetuislande te vinde is. Artikel 2(1) lui: "Daar is burgerskap van elke gebiedsowerheidsgebied." Soos reeds aangedui, sluit "gebiedsowerheidsgebied" volgens die woordomskrywing 'n gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering ingevolge Wet 21 van 1971 ingestel is in. Dit is hoogs twyfelagtig dat onder "gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering ingestel is," ook 'n selfregerende gebied verstaan moet word. Die Grondwet van die Bantoetuislande 1971 maak, soos hierbo in paragraaf 2 aangedui, 'n duidelike onderskeid tussen hierdie twee stadia van konstitusionele ontwikkeling, maar belangriker, die 1970-Wet onderskei ook deurgaans tussen dié begrippe, in byvoorbeeld artikels 2,3,4,5,6,7 en 9. Die tersaaklike gedeelte van artikel 2(2) lui: "Elke Bantoe persoon in die Republiek is, indien hy nie 'n burger van 'n selfregerende Bantoegebied in die

60. Vgl Steyn (1974) 159-60 en hfst V, hoewel die "latere wetgewing" in hierdie geval ondergeskikte wetgewing, nl die grondwetproklamasies is.

Republiek⁶¹⁾ ... is nie, ooreenkomstig die bepalings van artikel 3 'n burger van die een of die ander gebiedsowerheidsgebied."

Artikel 3 bepaal: "Behoudens die bepalings van artikel 2(2), is elke Bantoe-persoon 'n burger van 'n bepaalde gebiedsowerheidsgebied, te wete -",⁶²⁾ waarop die reeds vermelde vier alternatiewe wyses van burgerskapsverkryging dan volg. Uit hierdie bepalings, gelees met die reeds aangehaalde woordomskriving van "gebiedsowerheidsgebied," moet gekonkludeer word dat die 1970-Wet nie burgerskap van selfregerende tuislande reël nie. Die selfregerende tuislande se burgerskap word egter ook nie gereël deur die Grondwet van die Bantoetuislande 1971 nie en ook nie deur hul onderskeie grondwetproklamasies nie. Tog wil dit voorkom of die wetgewer (wetsopsteller?) onder die indruk verkeer dat burgerskap van al die selfregerende tuislande wel gereël word, en nogal deur die 1970-Wet. So bepaal artikel 5 van dié Wet byvoorbeeld dat elke burger van 'n selfregerende tuisland geregtig is op 'n burgerskapsertifikaat, artikel 6(1) bepaal dat so=

61. Dit is belangrik om hier daarop te let dat artikel 1 van Wet 26 van 1970, soos gedeeltelik herbepaal en aangevul deur a 18 van Wet 70 van 1974 die uitdrukkings "selfregerende Bantoegebied ..." en "ander selfregerende Bantoegebied in die Republiek" in die Wet alleen die Transkei laat beteken. Dit maak die onderskeid wat a 5 en a 7(d)(i) en (ii) tussen die Transkei en "ander selfregerende Bantoegebied in die Republiek" tref, des te meer sonderling: vgl ook Olivier (1975(b)) vn 203.

62. Kursivering bygevoeg.

danige sertifikaat aan so 'n burger op 'n by regula= sie voorgeskrewe wyse uitgereik moet word, en ook an= der artikels, soos 4 en 7, praat van burgerskap van selfregerende tuislande. Om die kroon te span, om= skryf al die proklamasies in verband met die hou van verkiesings in die selfregerende gebiede⁶³⁾ die woord "kieser" as "'n persoon wat kragtens artikel 3 van die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande 1970 ... 'n bur= ger van (die betrokke tuisland) is ..."⁶⁴⁾ Hieruit wil dit voorkom of die Staatspresident en Uitvoeren= de Raad (of die opstellers van die proklamasies?) onder die indruk verkeer het dat artikel 3 voorsiening maak vir burgerskap van selfregerende tuislande. Hier= die probleem kan myns insiens nie geredelik deur die reëls van wetsuitleg opgelos word nie. Ander tersaak= like wetgewing soos artikel 26(2) van die Grondwet van die Bantoetuislande 1971, help ook nie, want daarin word bepaal dat 'n verwysing in 'n wet na 'n gebied wat kragtens 'n parlementswet 'n selfregerende gebied is, ook geag word 'n verwysing na 'n verantwoordelik= regeerde tuisland te wees. As hierdie bepaling an= dersom bewoord was, sou dit wel die onderhawige pro=

63. Kyk die woordbepalings in prokl R194 van 1972 in Staatskoe= rant 3630 van 11 Aug 1972 soos reeds tien keer gewysig (Ciskei), prokl R16 van 1973 in Staatskoerant 3772 van 26 Jan 1973 (Gazan= kulu), prokl R72 van 1972 in Staatskoerant 3436 van 30 Mrt 1972 soos reeds drie keer gewysig (KwaZulu), prokl R226 van 1972 in Staatskoerant 3666 van 29 Sept 1972 soos een keer gewysig (Lebowa), prokl R204 van 1974 in Staatskoerant 4461 van 25 Okt 1974 (Qwaqwa) en prokl R13 van 1973 in Staatskoerant 3769 van 26 Jan 1973 soos een keer gewysig (Venda).

64. Kursivering bygevoeg.

bleem opgelos het maar vele ander geskep het. Ek doen dus aan die hand dat die regsfondamente van die bestaan van burgerskap van die selfregerende tuislande steeds hoogs twyfelagtig is, nieteenstaande die wetgewerswaan dat sodanige burgerskap wel bestaan, en dat die tot standbrenging van sodanige burgerskap nog gereël moet word, hetsy deur wetswysiging, hetsy deur nuwe onafhanklike wetgewing.⁶⁵⁾

65. Olivier verskil ook van hierdie uiteensetting: kyk Olivier (1975(b)) 287-9. Hy meen (vn 179) dat die fout wat gemaak word moontlik toe te skryf is aan "'n foutiewe interpretasie van a 39 (1) van Wet 21 van 1971." Hierdie opmerking is egter onverstaanbaar en die tersaaklikheid hier, van die vertolking van gemelde a 39(1) is te betwyfel, aangesien dit bloot handel oor die wysiging van die twee wette vermeld in die Bylae.

Origens meen Olivier contra bostaande dat die uitdrukking "'n gebied ten opsigte waarvan 'n wetgewende vergadering ingestel is" goedskiks ook 'n selfregerende gebied kan beteken omdat (op 288) "'n selfregerende gebied ingevolge die 1971-Wet nog steeds 'n gebied waarvoor 'n wetgewende vergadering ingestel is" bly, en volgens vn 167 en 168 ook omdat die verantwoordelik-regerende stadium bloot 'n tussenfase is, terwyl die wetgewende vergadering van 'n selfregerende gebied maar dieselfde is, maar net met "wyer bevoegdhe." Indien hierdie redes voldoende sou wees om uit die betrokke wetgewing burgerskap vir selfregerende tuislande te konstrueer, sou dit bevorderlik vir regsekerheid wees. Vir die redes wat hierbo reeds aangevoer is, kan die twee stadia van konstitusionele ontwikkeling van die tuislande ongelukkig egter nie so in stryd met die fundamentele reëls van wetsuitleg genivelleer word nie: ook die gegewens vervat in par 3 supra loënstraf die moontlikheid van 'n geredelike wegrees van so 'n verskil.

Ten slotte wil Olivier skynbaar ook, nieteenstaande die woordomskrywing van "selfregerende gebied" in a 1 van Wet 26 van 1970, dat dié begrip in die Wet op ander tuislande moet slaan omdat dit aangeneem is toe slegs die Transkei selfregerend was. Dit hou egter ook nie water nie, omdat die tersaaklike woordbe-paling, soos reeds aangedui, in 1974 herbepaal en uitgebrei is, op 'n stadium toe ook Bophuthatswana, die Ciskei, Gazankulu, Lebowa, Qwaqwa en Venda reeds selfregerend was.

b o

Opsommenderwys kan dus gesê word dat die statu-
têre skepping van tuislandburgerskap in verskeie op-
sigte gebrekkig is. Burgerskap van hierdie aard,
naamlik burgerskap in enger sin, is egter nie vreemd
aan die staatsreg nie. Wat dit trouens staatsregtelik
meer lewensvatbaar maak, is die feit dat dit nie be-
doel is om burgerskap in enger sin te bly nie maar om
mettertyd burgerskap van onafhanklike state te word,
hoewel daarvoor om verstaanbare redes nie in die be-
staande burgerskapswetgewing voorsiening gemaak is
nie. As die Bantoetuislande beskryf kan word as "sta-
te in wording," kan tuislandburgerskap beskryf word
as "enger burgerskap wat besig is om te groei tot
burgerskap in sy wydste betekenis." 'n Staat kan nou-
liks staat wees sonder burgerskap - insgelyks is 'n
staat in wording des te nader aan staatskap wanneer
hy burgerskap het. As gevolg hiervan is dit belang-
rik dat duidelike voorsiening gemaak moet word vir
burgerskap van die selfregerende tuislande en dat die
ander bogemelde anomalieë en tekortkominge in die wet-
gewing reggestel moet word.

4.4. Suid-Afrikaanse Burgerskap van die Bantoe

Soos reeds gemeld, maak die Wet op Suid-Afrikaan-
se Burgerskap 44 van 1949 geen onderskeid tussen Ban-

Dat daar regverdiging vir 'n skerp terminologiese onderskeid
tussen verantwoordelike en selfregering uit die bepalings van
die tersaaklike wetgewing is, word verder gerugsteun deur die
argumentasie van r Stewart in S v Memke, S v Mavuso and Another
1976 4 SA 817 (OK) 821-2.

toe en ander volksgroepe by die ontstaan van Suid-Afri_ kaanse burgerskap nie. Hieruit volg dit dat die kom= petensies regte en verpligtinge wat uit naakte burger= skap, dit wil sê die blote toestand van burgerskap, voortvloei, nie wesenlik vir Bantoe- en ander burgers kan verskil nie. Ten aansien van die meegaande kom= petensies, regte en verpligtinge, soos die kompeten= sie om in 'n bepaalde soort verkiesing te stem, die reg om aanspraak te maak op 'n bepaalde soort identi= teitsdokument en militêre diensplig, en waarvoor bur= gerskap vereis word, maar nie op sigself voldoende is nie, word egter skerp onderskeid gemaak tussen burgers van verskillende rasse. Dit lyk selfs geregverdig om te beweer dat Bantoeburgers van Suid-Afrika feitlik niks meer as naakte Suid-Afrikaanse burgerskap het nie. Hierteenoor staan artikel 2(5) van die 1970-Wet skynbaar. Daarin word bepaal dat iemand wat 'n bur= ger van 'n tuisland is, nie bloot op grond van die be= palings van die Wet van enige verpligtinge onthef word of enige bestaande kompetensies en regte verbeur nie, wat by ontstentenis van hierdie wetgewing vir die tuis= landburger sou bestaan het. Hierdie bestaande kompe= tensies, regte en verpligtinge kan niks anders wees as dié wat voortvloei uit Suid-Afrikaanse burgerskap en dié wat daarmee saamgaan nie. Die bedoeling was dus om geen verandering in die gevolge van Suid-Afri= kaanse burgerskap van Bantoe te laat plaasvind nie. Die voortvloeiende kompetensies, regte en verpligtinge van Bantoeburgers is dus onaangeroer gelaat en die grootlikse afwesigheid van meegaande kompetensies, regte en verpligtinge vir Bantoe uit hoofde van hul

Suid-Afrikaanse burgerskap is eweneens so gelaat. Hierdie meegaande kompetensies, regte en verpligtinge wat Bantoeburgers steeds ontbeer, word grootliks op 'n kleiner dog groeiende skaal deur hul tuislandburgerskap aangevul, en word by onafhanklikwording natuurlik omvattend.

Die situasie is egter anders by Suid-Afrikaanse nasionaliteit. Geen onderskeid word terminologies of ten aansien van onstaansvereistes in die betrokke wetgewing⁶⁶⁾ tussen Suid-Afrikaanse burgerskap en nasionaliteit getref nie. Nasionaliteit is dus inderdaad afhanklik van burgerskap. As Burgerskap vir 'n persoon bestaan, verkeer hy dus outomaties ook in die toestand van nasionaliteit. By gebrek aan wetgewing wat Suid-Afrikaanse nasionaliteit na inhoud, ontstaan en beëindiging afsonderlik reël, is dit dus klaarblyklik onmoontlik om Suid-Afrikaanse nasionaliteit te hê sonder om ook Suid-Afrikaanse burger te wees, hoewel dit teoreties in orde sou wees indien die positiewe reg dit so sou reël.⁶⁷⁾ Vir dieselfde rede word daar vir die verkryging van nasionaliteit dus ook niks meer as naakte burgerskap vereis nie. Derhalwe word geen onderskeid tussen Bantoe en ander Suid-Afrikaanse bur-

66. Vgl naas Wet 44 van 1949 ook bv Goewermentskennisgewing R827 in Staatskoerant 521 van 7 Jun 1963, uitgereik ingevolge a 9 van Wet 34 van 1955.

67. Vgl die groot volume gesag oor hierdie moontlikheid wat Olivier in sy aangehaalde werke versamel het.

gers vir die doeleindes van Suid-Afrikaanse nasionaliteit getref nie. Hiermee is die tuislandwetgewing in ooreenstemming.

Artikel 7(3) van die herroepe Transkeise Grondwet 1963, het gelui: "Die Republiek beskou nie 'n burger van die Transkei as 'n vreemdeling in die Republiek nie, en beskou hom op grond van sy burgerskap van 'n gebied wat deel van die Republiek van Suid-Afrika uitmaak, vir alle buitelandse doeleindes ooreenkomstig internasionale reg as 'n burger van die Republiek en verleen aan hom volle beskerming ingevolge die internasionale reg."⁶⁸⁾

In die eerste plek dien daarop gelet te word dat 'n Transkeise burger nie as 'n vreemdeling in die Republiek beskou is nie. 'n "Vreemdeling" is ingevolge artikel 1 van die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 1941 "iemand wat nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie." As die Republiek dus nie 'n Transkeise burger as vreemdeling beskou het nie, is hy as Suid-Afrikaanse burger beskou. Maar nou skep die gebruik van die woorde "beskou ... as 'n burger" die indruk, volgens die gewone betekenis daarvan, dat Transkeise burgers na regte nie Suid-Afrikaanse burgers was nie, maar bloot as sodanig geag of veronderstel is. Die praktiese uitwerking van die gebruik van "beskou" in plaas van "is," kon nie noemenswaardig wees nie, maar dit het die teo=

68. Kursivering bygevoeg.

retiese situasie beïnvloed. Dit het naamlik die burgerskap in enger sin (van die Transkei) van die burgerskap in wyer sin (van die Republiek) teoreties ont-koppel. Die Transkeise burger was dus 'n burger van 'n samestellende deel (die Transkei) van 'n staat (die Republiek) sonder om 'n burger te wees van dié staat. Hy is bloot as sodanig beskou. Dit was myns insiens ongerymd, aangesien die Transkei tot met onafhanklikwording deel van die Republiek was, sodat byvoorbeeld geboorte van enigiemand in die Transkei, insluitende vir diegene wat vir Transkeise burgerskap gekwalifiseer het, ingevolge artikel 3 van Wet 44 van 1949 aanleiding gegee het tot Suid-Afrikaanse burgerskap.

Artikel 2(4) van die 1970-Wet is gedeeltelik 'n oorskrywing van bogenoemde Transkeise bepaling maar tog is dit 'n wesenlike verbetering daarop. Dit lui: "'n Burger van 'n gebiedsowerheidsgebied word nie as 'n vreemdeling beskou nie en hy bly, op grond van sy burgerskap van 'n gebied wat deel uitmaak van die Republiek, vir alle doeleindes 'n burger van die Republiek en volle beskerming ingevolge die internasionale reg word deur die Republiek aan hom verleen."⁶⁸⁾

Hier word aanvanklik weer gebruik gemaak van "beskou" maar daarna word dit duidelik gestel dat die tuislandburger steeds 'n Suid-Afrikaanse burger is en

dit bly.⁶⁹⁾ Hier is dus geen ontkoppeling van die burgerskap in enger sin van dié in die wyer sin nie, wat wetenskaplik meer bevredigend is.

In die tweede plek moet dit duidelik wees dat die Transkeise laasaangehaalde bepaling meegebring het dat die Transkeise burger beskou moes word as 'n persoon met Suid-Afrikaanse nasionaliteit. Die woorde "burger van die Republiek" word gekwalifiseer met "vir alle buitelandse doeleindes ooreenkomstig internasionale reg." Hieruit blyk dit dat nasionaliteit in teenstelling met burgerskap, soos onderskeidelik aan die begin beskryf, bedoel word, hoewel die begrip "burgerskap" gebruik word. Hierop is artikel 2(4) van die 1970-Wet ook 'n verbetering. Daarvolgens bly tuisland-burgers vir alle doeleindes burgers van die Republiek, dit wil sê vir die doeleindes van burger=

69. Die stelling in a 2(4) dat hy Suid-Afrikaanse burger bly "op grond van sy burgerskap van 'n gebied wat deel uitmaak van die Republiek" is óf sonder veel betekenis, óf dit moet, soos in vn 58 supra aangedui, as die (onnodige) skepping van 'n bykomende wyse van verkryging van Suid-Afrikaanse burgerskap beskou word, nl via tuislandburgerskap. Moontlik kan die (onskadelike) bedoeling ook hier ingelees word om met die aangehaalde frase aan te dui dat tuislandburgerskap nie van Suid-Afrikaanse burgerskap te skei is nie en/of ook om te beklemtoon dat tuislandburgerskap steeds burgerskap van 'n deel van die Republiek van Suid-Afrika is.

skap⁷⁰⁾ en nasionaliteit en geniet hulle ook volle beskerming uit hoofde van hul Suid-Afrikaanse nasionaliteit, terwyl Transkeise burgers sodanige beskerming geniet het omdat hulle beskou is as draers van Suid-Afrikaanse nasionaliteit.

'n Laaste swakheid wat aan hierdie herroepe Transkeise sowel as aan die ooreenstemmende bepalings van die steeds geldende 1970-Wet kleef, is die bewoording wat gebruik is in verband met die beskerming wat die Republiek aan tuislandburgers uit hoofde van hul Suid-Afrikaanse nasionaliteit verleen. Daar word naamlik bepaal dat hierdie beskerming verleen word "ingevolge die internasionale reg." Onder "die internasionale reg" kan hier niks anders as die volkereg verstaan word nie. Die probleem is dat 'n staat nie beskerming aan persone wat beklee is met sy nasionaliteit verleen ingevolge die volkereg nie maar wel ingevolge sy eie positiewe reg. Die feit dat die staat aan 'n persoon met sy nasionaliteit beskerming verleen, impliseer 'n regsverhouding tussen twee subjekte en wel tussen die staat en die persoon. Geen individu is in hierdie

70. Hierdie siening dat tuislandburgers ten volle Suid-Afrikaanse burgers bly, is volgens Olivier (1975(b)) 293-4 oppervlakkig en foutief. Klaarblyklik is sy opinie gebaseer op sy siening dat burgerskap se bestaan afhanklik is van meegaande kompetensies, regte en verpligtinge, waaronder stemreg, en militêre dienspligtigheid. Omdat dit by die Bantoe van die Republiek ontbreek, meen hy dat Bantoe nie Suid-Afrikaanse burgerskap het nie. Soos reeds aangedui, loënstraf die burgerskapsverlenende bepalings van Wet 44 van 1949 (soos gewysig) egter Olivier se kontensie, aangesien dié Wet Suid-Afrikaanse burgerskap toeken sonder om enige etniese kwalifikasies of eise daarvoor te stel.

konteks subjek van die volkereg nie, en dus word hier= die beskermingsverhouding nie deur die volkereg nie, maar deur die betrokke staat se positiewe reg, beheers. Nog erger, en wel ooglopend om dieselfde redes, was dié gedeelte in die Transkeise bepaling wat meegebring het dat 'n Transkeise burger "ooreenkomstig internasio= nale reg as 'n burger van die Republiek" beskou is.

Bantoeburgerskap van die Republiek hang dus in die eerste plek nou saam met tuislandburgerskap en ten tweede is die belangrikste eienskap van Bantoebur= gerskap in hierdie opsig die feit dat dit ook aanlei= ding gee tot Suid-Afrikaanse nasionaliteit.

5. Die Staatspresident se Posisie in die Bantoestaats=
reg¹⁾

Hoewel die sake wat in hierdie paragraaf ter spra= ke kom meestal reeds hierbo in die verbygaan aangeraak is, lyk dit dienstig om hier 'n gekonsolideerde weer= gawe van die geskiedenis en stand van die reg met be= trekking tot hierdie saak aan te bied, veral aangesien die rol van die Staatspresident formeel in die Bantoe= staatsreg so prominent is.

Fouché wy 'n paar bladsye in sy proefskrif²⁾ aan 'n katalogisering van 'n aantal van die kompetensies

1. Hierdie paragraaf is 'n verwerking van Venter (1972).

2. Fouché (1965) hfst 11 en 12.

van die Staatspresident in verband met Bantoesake en bespreek ook³⁾ die wetgewende kompetensies van die Staatspresident ingevolge die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927.⁴⁾ Hoewel kennisname hiervan en van ander kompetensies van die Staatspresident vir die onderhawige onderwerp noodsaaklik is, is dit nie hier voldoende om dit net op te noem nie; sekere problematiese aspekte van die staatsregtelike rol wat die Staatspresident in die afsonderlike (staats-) ontwikkeling in Suid-Afrika vervul, moet ook geïllustreer word.

Die Staatspresident het teoreties geweldig omvattende magte in die Bantoe staatsreg: "teoreties" omdat aanvaar kan word dat hy geeneen van sy kompetensies waarna hieronder verwys word, op eie diskresie kan uitoefen nie, maar slegs op advies van die Uitvoerende Raad,⁵⁾ Desnieteenstaande is die staatspresidentsamp weens die stand van die tersaaklike positiewe reg van groot belang omdat dit 'n onontbeerlike skakel in die wetgewende en uitvoerende ketting is, en ook omdat veelseggende simboliese betekenis daaraan te verbind is.

3. Fouchè (1965) 115-24.

4. Hieronder word na dieselfde wet ook weer verwys as die "Natuurlike-administrasie Wet" waar die historiese verband dit regverdig.

5. Fouchè (1965) 14-7, 128 en 202, a 16 van Wet 32 van 1961, VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 268-75 en a 2 van die Interpretasiewet 33 van 1957, soos gewysig.

Die Bantoe-administrasie Wet 1927 het fundamentele staatsregtelike betekenis vir die Staatspresident se posisie. Enkele relevante bepalings daarvan moet egter in historiese perspektief gesien word, en die latere lotgevalle daarvan moet onder oë geneem word om 'n duidelike beeld van hul betekenis te vorm.

5.1. Die Opperhoofskap

Die bedoeling van Blanke owerhede om die plek in te neem en die magte uit te oefen van "opperhoofde" oor die Bantoe, het reeds in 1835 na vore gekom en wel uit die omstandighede van die soganaamde Sesde Grensoorlog en die mislukte poging om die leiers van die invallers uit die nuutgestigte "Provinsie van Koningin Adelaide" te verban.⁶⁾ Die verdrae wat sir Benjamin D'Urban in September 1835 met hierdie Xhosakapteins gesluit het, het vir die eerste keer in Suid-Afrika meegebring dat Bantoe, en wel die vyandige Xhosastamme wat hulle toe in "lokasies" tussen die Keiskamma- en Keiriviere gevestig het,⁷⁾ onder direkte regering deur Blankes gekom het, terwyl hulle toegelaat is om steeds volgens hul eie reg en gewoontes te leef.⁸⁾ Die uitdruklike doel was om die kapteins hul gesag te

6. Vgl Brookes (1927) 17.

7. Macmillan (1936) 319.

8. Galbraith (1963) 117 en Brookes (1927) t a p.

ontneem en aan die koloniale regering te laat toekom.⁹⁾ Sir Harry Smith, wat 'n belangrike rol in die daarstel-
ling van die nuwe "provinsie" gespeel het, is terself-
dertyd deur D'Urban as administrateur daarvan aange-
stel.¹⁰⁾ Ietwat aanmatigend, maar nogtans openbarend
van die destydse nie-amptelike Britse houding op die
oosgrens, het Smith al gou gemeen dat "people of all
tribes look up to me as the Great Chief under Your
Excellency" (die Kaapse Goewerneur).¹¹⁾ Hiervan het
voorlopig niks ampteliks tereg gekom nie.

Die Hoëkommissaris van Suid-Afrika, 'n amp wat
in 1847 ingestel is en aan die Kaapse Goewerneur toe-
geken is, het as deel van sy kompetensies 'n soort
soewereiniteit (of moontlik opperhoofskap),¹²⁾ of dan
ten minste regeringsjurisdiksie, oor die Bantoe van
Brits Suid-Afrika verkry, wat waarskynlik beteken het
dat hy sodanige gesag oor die Bantoe in dié gebiede
van suidelike Afrika verkry het waaroor Britse invloed
prakties uitgeoefen kon word.¹³⁾

9. Galbraith (1963) 118-9 en Macmillan (1936) 319.

10. Galbraith (1963) 119.

11. Galbraith (1963) 120 en kyk ook die verband waarin Welsh (1968)
81 na dieselfde aanhaling verwys.

12. Macmillan (1936) 345 volgens die indeksaanduiding op 1030.

13. Eybers (1918) xlii. Hiermee wil bloot die Britse gesind-
heid van daardie periode aangedui word.

Die tweede Hoëkommissaris, Sir Harry Smith, wat die eerste was om al die kompetensies van die amp te kon uitoefen,¹⁴⁾ het onmiddellik ná sy aankoms in die Kaap in Desember 1847 die grens van die kolonie by die boloop van die Keiskamarivier ooswaarts uitgebrei en die gebied tussen die Keiskamma- en Keiriviere as Brits-Kaffraria vir die Britse Kroon geannekseer.¹⁵⁾ Gedurende die flamboyante seremonie waartydens hy dié stappe bekend gemaak het, het hy die Bantoe kapteins daartoe gebring om sy voet te soen en te bevestig dat hy die Inkosi Inkulu (Groot Kaptein) is.¹⁶⁾ Smith het dus die eerste Blanke geword om 'n opperhoofskap op hom te neem, en wel as Hoëkommissaris.¹⁷⁾

Met die uitbreiding van die Britse invloedssfeer na Natal, en weens die toedoen van Theophilus Shepstone, is die Bantoe reg in 1849 as geldende reg vir die Bantoe in Natal erken, en terselfdertyd het die Luitenant-goewerneur aldaar opperhoof oor die Bantoe geword.¹⁸⁾ Hierdie opperhoofskap van die Britse Goe-

14. Macmillan (1936) 345.

15. Brookes (1927) 32 en Macmillan (1936) 345.

16. Galbraith (1963) 222 en kyk ook Brookes (1927) 32-4.

17. Brookes (1927) 32. Hierdie opperhoofskap was egter klaarblyklik nie statutêr verleen nie en gevolglik kan gesê word dat dit saam met Harry Smith verdwyn het. Die Kaap het gevolglik nie 'n Blanke opperhoofskap geken voor 1956 nie - vide infra.

18. Ordonnansie 3 van 1849 (Natal) tweede par van die aanhef en a 4 aangehaal deur Eybers (1918) 235 e v en kyk ook Macmillan (1936) 359.

werneur in Natal ('n goewerneurskap is later ingestel) is herbevestig deur artikel 7 van Wet 44 van 1887 (Natal), en die Code of Natal Native Law¹⁹⁾ van 1891 het die begrip supreme chief omskryf²⁰⁾ as "the officer for the time being administering the government of the Colony of Natal."

Die Goewerneur van Natal se opperhoofskap oor Zoeloeland dateer uit 1887 met die anneksasie van dié gebied vir die Britse Kroon.²¹⁾ Vanaf 1897, met die anneksasie van Zoeloeland by Natal het die Goewerneur ook opperhoof oor Zoeloeland geword.²²⁾

Met die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur Brittanje in 1877, het die Natalse pa= troon van Bantoebeleid na die Transvaal oorgewaa. In 1881 is die reeds gemelde Wet 11 van 1881 deur die Transvaalse Wetgewende Vergadering aangeneem, welke Wet weerklank gevind het in die Volksraad se Wet 4 van 1885, wat na aanleiding van die Natalse voorbeeld, die opperhoofskap oor die Transvaalse Bantoe aan die Staats= president laat toekom het.²³⁾

19. Vervat in die bylae tot Wet 19 van 1891 (Natal).

20. In a 5 van die Kode.

21. Vide supra par 4.8 van hfst I.

22. Vide supra par 4.9 van hfst I.

23. Kyk par 6.3.4 van hfst I supra.

Die verskynsel van 'n Blanke opperhoofskap het eers in 1907 in die Oranje-Vrystaat voorgekom: artikel LII(1) van die Koninklike Ope Brief ingevolge waarvan verantwoordelike regering aldaar ingestel is, het aan die Goewerneur van die Oranjerivier Kolonie die gesag van "Paramount Chief" verleen.²⁴⁾

Met Uniewording in 1910 het daar geen opperhoofskap in die Kaapkolonie bestaan nie, maar die Goewer-neurs van die Transvaal-, Natal en Oranjerivierkolonies was al drie die opperhoofde oor die Bantoe binne die onderskeie drie kolonies. Artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 het die bestuur en administrasie van Bantoesake en die meegaande "spesiale magte" by die Goewerneur-generaal-in-rade laat berus. Vervolgens is artikel 1 van die Naturelle-administrasie Wet 1927 op die wetboek geplaas, wat soos volg gelui het: "Die Goewerneur-generaal is die Opperhoof van alle Naturelle in die Natal Provinsie, Transvaal en die Oranje Vrystaat en het in elk deel van die gemelde Provinsies al sodanige bevoegdheid en gesag ten opsigte van alle Naturelle en wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet by hom berus ten opsigte van die Naturelle in die Provinsie Natal."

Die rede waarom die wetgewer in 1927 die kompetensies wat die Goewerneur-generaal ingevolge bogenoemde artikel 1 verkry het, gekoppel het aan dié wat hy reeds met betrekking tot Natal gehad het, is die feit

24. Kyk par 5.6 van hfst I supra.

dat die magte van die opperhoof in die Transvaal en Oranje-Vrystaat nooit behoorlik omskryf is soos die geval in Natal was nie. In eersgenoemde twee provinsies moes sy kompetensies in die Bantoegewoontereg gesoek word, wat 'n onbevredigende en onstabiele situasie tot gevolg gehad het. Derhalwe was dit die maklikste om die deeglik omskrewe kompetensies wat in Natal bestaan het ook na die ander twee provinsies uit te brei.

Gemelde artikel 1 is in 1956²⁵⁾ gewysig om die opperhoofskap van die Goewerneur-generaal ook na die Kaapprovinsie uit te brei, en die artikel lui tans, ingeklee in die Republiek se terminologie, soos volg: "Die Staatspresident is die Opperhoof van alle Bantoes in die Republiek en het ten opsigte van alle Bantoes in enige deel van die Republiek al die regte, immuniteite, bevoegdhede en gesag wat ten opsigte van Bantoes in die Provinsie Natal by hom berus of van tyd tot tyd mag berus."

Omdat die Natalse Kode ingevolge artikel 24 van die 1927-Wet wysigbaar gemaak is deur proklamasie, is in 1927 reeds onder andere die woorde "of van tyd tot tyd mag berus" by dié bepaling ingevoeg.²⁶⁾

25. Deur a 2 van die Wysigingswet op Naturelle-administrasie 42 van 1956.

26. Deur a 2(b) van Wet 9 van 1929. Vgl oor die Uniale periode veral par 2.4 van hfst II supra.

5.2. Wetgewing deur Proklamasie

Volgens Welsh²⁷⁾ het die gebruik van wetgewing vir die Bantoe by wyse van proklamasie deur die hoof van die uitvoerende gesag posgevat in 1877 met die anneksasie van die eerste Transkeise gebiede by die Kaapkolonie. Artikel 2 van Wet 38 van 1877 (Kaap) was in 'n groot mate geformuleer soos die latere artikel 25 van Wet 38 van 1927, en het onder andere bepaal dat die Kaapse Goewerneur met die advies van sy Uitvoerende Raad wette wat van toepassing was in die Transkeise gebiede kon herroep en wysig en ook nuwes kon maak deur proklamasie. Die meeste verdere anneksasiewette van die ander Transkeise gebiede het soortgelyke bepalings bevat.²⁸⁾

Artikel 14 van die Transvaalse Wet 4 van 1885 het bepaal dat die Staatspresident die kompetensie gehad het om, met die advies en toestemming van sy Uitvoerende Raad, "reglementen" en "orders" te formuleer vir die bevordering van die werking en handhawing van dié wet, welke wetgewing dieselfde uitwerking sou hê as die bepalings van die Wet self. Hierdie artikel het dus aan die uitvoerende gesag in die ZAR wetgewende

27. (1968) 84 e v. Welsh het egter nie heeltemal gelyk nie: die Report of the Native Affairs Department 1922-24 4 1ste par weer: "The principle of legislation in native areas by the executive ... was adopted in 1871, when Basutoland was originally annexed to the Cape Colony ..." - ingevolge Wet 12 van 1871 (Kaap).

28. Vgl a 2 van Wet 35 van 1884, a 2 van Wet 3 van 1885, a 2 van Wet 5 van 1894 (maar nie Wet 37 van 1886 nie) en samevattend, a 1 van Wet 29 van 1897.

kompetensies met betrekking tot die Bantoe verleen, soortgelyk aan dié van die Goewerneur van die Kaap met betrekking tot die Transkeise gebiede.

In Natal en skynbaar ook in die Oranje-Vrystaat het daar nie dergelike duidelik-omlynde wetgewende kompetensies vir die uitvoerende gesag bestaan nie.²⁹⁾

Ná Uniewording het die Goewerneur-generaal-in-rade ingevolge artikel 16 van die Zuid-Afrika Wet 1909 onder andere ook die proklamasiekompetensie van die Goewerneurs van die Transvaal en Kaapkolonie verkry, maar vir die ander twee provinsies het dit klaarblyklik ontbreek.³⁰⁾ Die leemte is aangevoel en die ooglopende sukses van die Transkeise stelsel is in gedag-

29. Vgl t a v Natal bv ook Welsh (1971) 287-93.

30. A 16 het o a alle "powers, authorities and functions" wat voor Uniewording by die vier koloniale Goewerneurs of Goewerneurs-in-rade berus het, gesamentlik laat oorgaan op die Goewerneur-generaal of Goewerneur-generaal-in-rade onderskeidelik. Hierdie bepaling is vervat in deel III van die Wet onder die opskrif "Executive Government." Nogtans het lord DeVilliers hr, in Rex v Nojawuse 1913 A 311 313 bevind dat die proklamasiekompetensie wat aan die Goewerneur van die Kaap m b t die Transkei ingevolge Wet 38 van 1877 verleen is, deur hierdie a 16 aan die Goewerneur-generaal van die Unie oorgedra is, nieteenstaande die opskrif van deel III en ook nieteenstaande die feit dat a 19 van dieselfde Wet die wetgewende gesag van die Unie in die Parlement laat setel het. Dit vloei hieruit voort dat ook die Goewerneur van die Transvaal Kolonie se proklamasiekompetensie so aan die Goewerneur-generaal oorgedra is.

te gehou.³¹⁾ Om uniformiteit en doeltreffendheid in die hand te werk, is artikel 25 van die Naturelle-administrasie Wet 1927 op die wetboek geplaas. Subartikel (1) hiervan is sedertdien nog nie gewysig nie en lui tans soos volg:

"Vanaf die inwerkingtreding van hierdie Wet mag die Staatspresident enige wet wat dan van krag is of daarna van krag word in die Bantoestreke, opgeneem in die Bylae tot die Bantoe Grond Wet 1913 ... of 'n wysiging daarvan of in sodanige streke as wat by besluit van beide Parlements huise vir die doeleindes van hierdie artikel as Bantoestreke aangewys mag word, by proklamasie in die Staatskoerant herroep of wysig en nuwe wette, met regs krag in die bedoelde streke, uitvaardig, wysig of herroep."

Artikel 24(1) van dieselfde Wet het die Goewerneur-generaal gemagtig om die Natalse Wet 19 van 1891 en sy bylae by wyse van proklamasie te wysig, wat hy dan ook gedoen het deur middel van die reeds vermelde proklamasie 168 van 1932, wat die bepalings van die Natal Native Code vervang het, wat verskeie male gewysig is en wat in 1967 in toto vervang is deur proklamasie R195 van 1967.³²⁾ Artikel 11(1) van laasgenoemde proklamasie bepaal na aanleiding van en op soort-

31. Vgl Welsh (1968) 89-90 se behandeling van JF Herbst se verduidelikende memorandum van die Naturelle-administrasie wetsontwerp van 1927.

32. Gepubliseer in Buitengewone Staatskoerant 1840 van 8 Sept 1967.

gelyke wyse as artikel 40 van die Natalse Kode van 1891, dat geen hof jurisdiksie het om uitspraak te lewer oor die geldigheid van 'n handeling, ensovoorts wat die opperhoof verrig in die uitoefening van sy magte nie. Fouché sê hiervan, ná ontleding van enkele gewysdes,³³⁾ dat hierdie bepaling geen toetsingskompetensie aan die howe laat nie, behalwe dat hulle 'n handeling van die opperhoof ongeldig kan verklaar as bevind kan word dat die opperhoof buite sy jurisdiksie gehandel het, of as bedrog 'n rol by die handeling gespeel het, of as die opperhoof nie, soos die geldigheidsvereiste by diskresionêre (of gedelegeerde) wetgewing dit vereis,³⁴⁾ sy aandag aan die betrokke aangeleentheid gewy het nie. Hierdie artikel 11(1) van proklamasie R195 van 1967 dek skynbaar al die wye kompetensies, regte en verpligtinge wat die Staatspresident as opperhoof toekom, maar myns insiens moet by die oorweging van die bestaan aldan nie van 'n toetsingskompetensie van die howe in hierdie verband, in gedagte gehou word dat proklamasie R195 van 1967 ondergeskikte wetgewing is, wat die howe moontlik nie as voldoende vir jurisdiksiebeperking sal aanvaar nie.

5.3. Artikel 111 van die Grondwet

Dit is egter nie net die Bantoe-administrasie Wet 1927 en die uitvloeisels daarvan wat fundamentele

33. Fouché (1965) 117 e v.

34. Vgl Steyn (1974) 219 e v.

betekenis het vir die onderhawige onderwerp nie, maar ook die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961. Artikel 111 van hierdie Wet is feitlik 'n woordelike herbepaling van die reeds vermelde artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909. Laasgenoemde artikel 147 was deels 'n oorgangsbepaling, soos reeds aangedui, om nie die "spesiale magte" wat teen 1910 by die Goewerneys van die vier kolonies berus het of as opperhoofde deur hulle uitgeoefen is, vir die uitvoerende gesag van die Unie verlore te laat raak nie en om kontinuïteit in die Bantoebeleid van elk van die voormalige kolonies te bewerkstellig.³⁵⁾

Sekere aangeleenthede wat binne die trefwydte van artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 geval het, byvoorbeeld die opperhoofskap, titel op die gereserveerde grond vir "lokasies", ensovoorts, is deur latere wetgewing nader gespesifiseer en uitgebou. Dit het egter nie van artikel 147 'n dooie letter gemaak nie, omdat dit nog gesien kon word as die breë basis en agtergrond van die latere wetgewing, soos onder andere sekere bepalinge van die Naturelle-administrasie Wet 1927 en dié van die Naturelletrust en -Grond Wet 1936.³⁶⁾

Dit is met republiekwording deur die wetgewer nodig gevind om artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet

35. Vgl Welsh (1968) 88-9.

36. Vide supra par 2 en 3 van hfst II.

1909 te herbepaal in artikel 111 van Wet 32 van 1961, nieteenstaande al die ander wetgewing wat reeds bestaan het betreffende die aangeleenthede wat deur artikel 147 getref is.

Enkele aanpassings was by die herbepaling in artikel 111 nodig: die woord "Staatspresident" het die woorde "Goewerneur-generaal-in-Rade" vervang, welke verskil in die lig van artikel 16(2) van Wet 32 van 1961 geen wesenlike verandering teweeg gebring het nie. Verder is die relevante kompetensies wat onmiddellik voor republiekwording by die Goewerneur-generaal-in-rade berus het, en nie dié van die Goewerneurs van die voormalige kolonies nie,³⁷⁾ aan die Staatspresident oorgedra. Laasgenoemde verskil in formulering erken myns insiens maar net dat die betrokke kompetensies in sekere opsigte gedurende die bestaan van die Unie verander het en dat ander daarby gevoeg is. Dit het gevolglik nie die aard van die bepaling, naamlik dié van veral agtergronds- en basisbepaling, verander nie, maar dit bloot in ooreenstemming met die ietwat veranderde omstandighede gebring. Artikel 111 lui: "Die beheer oor en administrasie van Bantoesake ... berus by die Staatspresident, wat al dié spesiale magte met betrekking tot Bantoe-administrasie uitoeven wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by die Goewerneur-generaal-in-rade van die Unie van Suid-Afrika berus het ..."³⁸⁾

37. Vgl a 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909.

38. Die res van a 111 word nie aangehaal nie, omdat die bespreking daarvan in par 3 van hfst II supra afgehandel is.

Volgens die vertolking wat in die meerderheidsuitspraak in Minister of Posts and Telegraphs v Rasool 1934 AA 167³⁹⁾ aan artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909 geheg is en wat ook van toepassing behoort te wees op die aangehaalde artikel 111, synde 'n herbeplating van artikel 147, gaan dit slegs oor uitvoerende kompetensies en nie oor wetgewende handelinge nie.

5.4. Probleemstelling

Gedurende die afgelope twee dekades het die Bantostaatsreg groot ontwikkelingspronge gemaak wat staatsregtelike en interpretasievrae in verband met wetgewing soos dié waarna hierbo verwys is, laat ontstaan. Die vraagstuk wat tans opduik, is in welke mate en op welke wyse die bepalinge van artikel 1 (en die meegaande artikel 24 en die daaruit voortvloeiende proklamasie R195 van 1967) en artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet 38 van 1927 en artikel 111 van Wet 32 van 1961, tans nog onherroep, toepasbaar en sinvol is in die lig van veral die Grondwet van die Bantoe-tuislande 21 van 1971. Die antwoord hierop is nie voor-die-hand-liggend nie en moet gesoek word in die kontrastering van eersgenoemde bepalinge met dié van laasgenoemde Wet. Om te sistematiseer, word aan die hand gedoen dat die vraagstuk na aanleiding van die volgende vrae ondersoek kan word:

39. Per w hr Stratford 176.

5.4.1. Hoe word die opperhoofskap van die Staatspresident ingevolge die Bantoe-administrasie Wet 1927 deur die gemelde 1971-Wet geraak?

5.4.2. Is die verbinding van die Staatspresident se kompetensies ten opsigte van al die Bantoe in Suid-Afrika met sy kompetensies ten opsigte van die Bantoe in Natal, soos wat artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927 dit doen, tans nog sinvol?

5.4.3. Wat is die huidige posisie van die Staatspresident se wetgewende kompetensie deur proklamasie ingevolge artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet 1927?

5.4.4. Wat is die huidige trefwydte van die eerste gedeelte van artikel 111 van Wet 32 van 1961 met betrekking tot die Staatspresident se beheer oor en administrasie van Bantoesake?

As agtergrond vir die antwoorde op hierdie vrae moet kennis geneem word van enkele fundamentele en wesenlik ooreenstemmende bepalings in hierdie verband van die herroepe Wet 48 van 1963 en van Wet 21 van 1971, naamlik artikels 18, 21 en 22 van laasgenoemde Wet en artikels 65(1), 67 en 22 van eersgenoemde Wet onderskeidelik.⁴⁰⁾

40. Hoewel die Transkeise Grondwet 1963 reeds herroep is, word dit vir historiese en vergelykende redes steeds hier behandel ten einde begrip vir die bepalings van Wet 21 van 1971 te bevorder.

Artikel 18 (tuislande⁴¹) en artikel 65(1) (Transkei⁴¹) lui wesenlik eenders: die inhoud daarvan is kortliks dat, behoudens die bepalings van die twee onderskeie wette, al die wette wat onmiddellik voor die samestelling van die eerste uitvoerende raad in die tuislande, en in die geval van die Transkei voor 30 Mei 1963, gegeld het, van krag bly totdat dit deur die sogenaamde "bevoegde gesag" herroep of gewysig word. Wat presies die "bevoegde gesag" is, die Republikeinse of tuislandwetgewer, is 'n vraag wat by verskillende geleenthede die onderwerp van regspraak moes wees.⁴² Vir die huidige is dit egter voldoende om daarvan kennis te neem dat die bevoegde wysigende gesag soms die Republiek- en soms die tuislandwetgewer kan wees. Hierdie bepalings dui daarop dat die relevante bepalings van die Bantoe-administrasie Wet 1927 as uitgangspunt, as steeds van krag beskou moet word. Die vraag is egter of ander bepalings van die twee tuislandgrondwette nie in stryd daarmee is nie.

Artikel 21 (tuislande) en artikel 67 (Transkei) lui ook wesenlik eenders,⁴³ met die verskil egter

41. Hierdie uitdrukkings word gerieflikheidshalwe gebruik om onderskeidelik Wet 21 van 1971 en die herroepe Wet 48 van 1963 aan te dui.

42. Vide infra par 6.

43. Dit is interessant om daarop te let dat die Afrikaanse tekste in meer opsigte van mekaar verskil as die Engelse tekste. Die Engelse teks van die herroepe Wet 48 van 1963 is deur die Staatspresident onderteken, terwyl die Afrikaanse teks van Wet 21 van 1971 weer aldus vereer is. Dit dui miskien daarop dat die Engelse (ongetekende) teks van die 1971-Wet oorgeskryf is uit die 1963-
b o

dat die artikel 21 'n sekere voorbehoudsbepaling bevat (later meer hieroor). Oorspronklik het die formulering van dié bepalinge nog meer ooreengestem, maar artikel 21 (tuislande) is in 1967 gewysig.⁴⁴⁾ Die inhoud van artikel 21 (tuislande) is nou dat alle "regte, bevoegdhe, gesag, pligte, verpligtings en werksaamhede wat by 'n Minister of by 'n ander persoon of liggaam in die Republiek berus, en wat betrekking het op aangeleenthede waaroor die wetgewende vergadering van 'n gebied ... op die datum van samestelling van die eerste uitvoerende raad vir daardie gebied" kompetent is of later kompetent word om wette te maak, vanaf dié datum by die ooreenstemmende gesag of die persoon wat soortgelyke "bevoegdhe, gesag en werksaamhede" in die tuisland uitoefen, berus. Artikel 67 (Transkei) het eweneens bepaal dat die kompetensies, regte en verpligtinge wat vóór die Transkei se verkryging van selfregering regtens by 'n Minister en so

Wet met enkele aanpassings en formuleringsverbeterings en daarna vertaal is in die Afrikaans sonder raadpleging van die ouer (ongetekende) Afrikaanse teks. Die bedoeling was egter m i dat die 1971-bepaling dieselfde effek moes hê as die ouer bepaling, met natuurlik die verskille wat die omstandighede vereis het. Verder meen ek dat die verskille in formulering gemik is, nie op inhouds- of gevolgsveranderinge nie, maar op verbeterings in formulering. Derhalwe ag ek die eerste gedeelte van die 1971-bepaling vir alle doeleindes 'n oorskrywing van die 1963-bepaling te wees.

44. Wet 4 van 1976. Die wysiging was uit die oogpunt van die huidige onderwerp nie juis ingrypend nie, aangesien dit hoofsaaklik die uitwerking gehad het dat dit a 21 minder stagnerend gemaak het ten aansien van gesagsoordrag: die uitvoerende gesag van die tuislande kan nou geredeliker saam met die uitbreiding van hul wetgewende gesag groei en ook tred hou met ooreenstemmende nuwe kompetensies van die Republiek se owerheidsgesag.

meer in die Republiek berus het en wat betrekking gehad het op die onderwerpe waaroor die Transkei wetgewende jurisdiksie gehad het, vanaf dié datum by die ooreenstemmende gesag of persoon in die Transkei berus het.

Onmiddellik moet ook die twee artikels 22 van die onderskeie tuislandgrondwette genoem word. Ook hulle was wesenlik identies, met die verskil egter dat die Transkeise artikel 22 hierdie keer 'n voorbehoudsbe-
paling bevat het wat feitlik woordeliks dieselfde is⁴⁵⁾ as dié van artikel 21 van Wet 21 van 1971! (Hieronder meer hieroor). Artikel 22 (tuislande)⁴⁶⁾ se inhoud is dat die "administratiewe beheer, bevoegdheede, magte en werksaamhede (uitgesonderd wetgewende bevoegd-
hede)"⁴⁷⁾ wat by die Staatspresident berus en betrekking het op sake binne die tuislande se bestaande en toekomstige wetgewende jurisdiksie, vanaf die datum van die samestelling van die eerste uitvoerende raad, by dié uitvoerende raad berus. In die geval van die Transkei het gemelde kompetensies, regte en verpligtinge, wat voor die eerste samestelling van 'n kabinet by die Staatspresident berus het of deur hom uitgeoefen is met betrekking tot aangeleenthede ten opsig-

45. Dieselfde opmerkings wat in vn 43 supra gemaak is i v m die verskille tussen a 21 (tuislande) en a 67 (Transkei) is hier van toepassing.

46. Eweneens gewysig deur Wet 4 van 1976.

47. Kursivering bygevoeg.

te waarvan die Transkeise Wetgewende Vergadering wet-
te kon maak, by die Kabinet van die Transkei berus.

Die identiese voorbehoudsbepalings van die twee
onpaar bepalings, artikel 21 (tuislande) en artikel
22 (Transkei), sluit 'n uitleg van die onderskeie
wette uit as so 'n uitleg meebring dat enige owerheids=
orgaan van die Republiek daardeur verhinder word om
'n "bevoegdheid" of "werkzaamheid", wat in die algemeen
ingevolge die onderskeie artikels aan 'n tuislandorgaan
oorgedra is, uit te oefen in die geval waar daar "bedinge
en voorwaardes" tussen die Republiek en 'n tuislandre=
gering bestaan wat vir sodanige voortgesette uitoeffe=
ning voorsiening maak. Met ander woorde, 'n nie-sta=
tutêre ooreenkoms tussen die regering van die Repu=
blik en 'n tuisland in verband met die kompetensie
tot uitoefening van die betrokke funksies, kan die
hoofbepalings voorgaan in regswerking.

Waarom die formuleerders van die twee tuislandgrond=
wette enersluidende voorbehoudsbepalings by ongelyk=
luidende artikels in die twee wette geplaas het, is
'n onverklaarbare raaisel. Die voorbehoude het in al=
bei gevalle te doen met die uitleg van "die bepalings
van hierdie Wet," met ander woorde, al die ander be=
palings van die onderskeie wette en nie net met die
uitleg van die onderskeie artikels waaraan dit as voor=
behoudsbepalings geheg is nie. Dit is opvallend dat
heelwat bepalings in die 1971-Wet oorskrywings uit
die Transkeise Grondwet 1963 is, en dat die twee wet=
te met mekaar verband hou en oor die algemeen oor die=

selfde onderwerp handel, sodat die een dus as leidraad by die uitleg van die ander kan dien.⁴⁸⁾ Die inkomsekwente oorskrywing van die relevante voorbehoudsbepalings kan egter vir die onversigtige leser van die twee wette misleidend wees en hom tot die gevolgtrekking laat kom dat die posisie betreffende reservering vir die owerheidsorgane van die Republiek van sekere "bevoegdhede en werksaamhede" wat normaliter aan die tuislandowerhede oorgedra word, in die Transkei verskil het van dié in die ander Bantoe-tuislande. Daar kan met oortuiging gesê word dat die wetgewer se bedoeling met die voorbehoudsbepalings in albei die wette dieselfde was. Dit sou egter minder verwarrend gewees het as die voorbehoudsbepalings, weens die algemene toepassing daarvan op die geheel van die onderskeie wette, vervat sou gewees het in afsonderlike artikels.

Die rede vir laasgenoemde gedagte word duideliker by 'n ontleding van die hoofbepalings. Artikel 21 (tuislande) en artikel 67 (Transkei) het skynbaar uitvoerende en wetgewende kompetensies in die tuislande, wat by die Republiek se ministers en mindere owerheidsorgane berus (het), in gedagte. Die formulering is egter nie baie gelukkig nie: by die identifisering van die Republiek se owerheidsorgane by wie die betrokke kompetensies berus, word daar naas 'n minister in die alternatief verwys na "'n ander persoon of lig-

48. Vgl Steyn (1974) 159-60.

gaam ('gesag of persoon' in die Transkeise Grondwet 1963) in die Republiek" - dit op sigself kan onmiskenbaar ook op die Staatspresident dui. In die lig hiervan sou dit kan voorkom asof die twee artikels 22, wat betref die oordrag van bepaalde kompetensies, artikels 21 en 67 gedeeltelik weerspreek, oorvleuel en aanvul. Die formuleerders het egter met die artikels 22 skynbaar slegs die uitvoerende kompetensies (ensovoorts) wat uitsluitlik by die Staatspresident berus (het) of deur hom uitgeoefen word (is), in gedagte. Hier is dus nie, soos in die eerste stel artikels, sprake van die kompetensies (ensovoorts) van ministers en ander mindere owerheidsorgane van die Republiek nie, en die wetgewende kompetensies van die Staatspresident word in parentese uitdruklik uitgesonder. As 'n mens nou die twee stelle artikels saam lees, moet die gevolgtrekking wees dat artikels 21 en 67 nie met "'n ander persoon" (ensovoorts) die Staatspresident bedoel nie en dat die artikels 22 dus uitsluitlik die aangeleentheid betreffende die Staatspresident se kompetensies (ensovoorts) wil reël. Artikels 21 en 67 se verwysing na "'n ander persoon" (of "gesag") se kompetensies (ensovoorts) wat in teenstelling met die artikels 22 nie wetgewende kompetensies insluit nie, kan dus in die lig van die laasgenoemde artikels nie gesien word as verwysings na die Staatspresident se wetgewende kompetensies nie.

Die voorbehoudsbepaling waarna hierbo verwys is, tref, soos gemeld, myns insiens nie slegs die onderskeie artikels waaraan hulle geheg is nie, maar ook

(onder andere?) artikel 67 (Transkei) en artikel 22 (tuislande), wat dui op die verwarringspotensiaal van die twyfelagtige plasing van dié voorbehoudsbepalings.

As belangrike verdere agtergrond vir die beantwoording van die gestelde vrae, moet ook kennis geneem word van die ongelykluidende wysigingsbepalings van die twee Bantoegrondwette: artikel 72 van die Transkeise Grondwet 1963 was besonder wyd geformuleer en het die las van uitleg swaar laat rus op die leser van die betrokke wetgewing. Dié artikel het gelui: "Alle wette wat by die toepassing daarvan op die Transkei teenstrydig of onbestaanbaar is met die bepalinge van hierdie Wet word hierby herroep vir sover hulle aldus teenstrydig of onbestaanbaar is." Artikel 39 van Wet 21 van 1971 is egter noukeurig geformuleer om slegs sekere artikels van twee bepaalde wette wat in bylae 2 genoem word, te wysig, welke wysigings nie verband hou met die onderhawige onderwerp nie. Teen hierdie agtergrond kan nou ingegaan word op die gestelde vrae.

5.4.1. Die Opperhoofskap en die Tuislandgrondwette

In die lig van die allesinsluitende terminologie van artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927 soos in 1956 gewysig, (" ... opperhoof van alle Bantoes in die Republiek ...")⁴⁹⁾ kan daar nouliks twyfel

49. Kursivering bygevoeg.

bestaan oor die opperhoofskap van die Staatspresident in die Bantoetuislande. Wat sy kompetensies, regte en verpligtinge betref, mag die prentjie ná 1963 in die Transkei en nadat Wet 21 van 1971 in die ander tuislande in werking gestel is, egter ietwat anders lyk.

Waar Fouché dit het oor hierdie opperhoofskap,⁵⁰⁾ gaan hy nie in op die posisie in die Transkei nie, en verklaar hy net in 'n voetnoot, "indien dit strydig is met die Transkeise Grondwet ... sal die Staatspresident as gevolg van die bepalings van artikel 72 daarvan nie meer die opperhoof van die Bantoe van die Transkei wees nie." Of artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927 dan teenstrydig of onbestaanbaar was met die bepalings van die Transkeise Grondwet 1963 of nog is ten aansien van Wet 21 van 1971 en gevolglik daardeur herroep word, is te betwyfel.

Die aangehaalde opmerking van Fouché is misleidend, omdat nie een van die vier en sewentig artikels van die Transkeise Grondwet 1963 'n beduidenis bevat het dat die Staatspresident se opperhoofskap as sodanig in gedrang gekom het nie. Nog meer: die opperhoofskap as sodanig het hoegenaamd geen vermelding in enige van die bepalings geniet nie, hetsy positief of negatief. Daar is slegs, byvoorbeeld in artikel 22, gepraat van sommige kompetensies, regte en verplig-

50. Fouché (1965) 117 vn 1.

tinge wat by die Staatspresident berus het of deur hom uitgeoefen is en wat oorgedra is aan die Transkeise Kabinet. Van 'n amp soos dié van opperhoof, op grond waarvan sodanige kompetensies, regte en verpligtinge by die Staatspresident berus het of deur hom uitgeoefen is, was daar nie sprake nie. Dieselfde geld ten aansien van Wet 21 van 1971.

Hieruit vloei die vraag voort of die opperhoofskap as sodanig dan enigiets staatsregteliks beteken, veral indien sy kompetensies, regte en verpligtinge hom ontnem word. As gedeeltelike antwoord hierop kan aan die hand gedoen word dat aan die opperhoofskap soos wat dit met betrekking tot die hele Republiek in onderskeidelik 1963 en 1971 bestaan het, afbreuk gedoen is met betrekking tot die Transkei en die ander tuislande onderskeidelik, deurdat sekere van die "administratiewe" kompetensies, regte en verpligtinge daarvan weggeneem is. Motivering vir so 'n stelling word gevind in die feit dat ten minste sommige van die Staatspresident se betrokke kompetensies, regte en verpligtinge by hom berus het weens sy opperhoofskap. Dit blyk uit artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927 en artikel 2 van die Natalse Wetboek van Bantoe: onthou moet word dat artikel 1 van Wet 38 van 1927 die kompetensies, regte en verpligtinge van die opperhoof met betrekking tot die hele Republiek verbind aan dié wat ten opsigte van die Bantoe in Natal by hom berus. Die bewoording van die artikel maak dit nie duidelik of die kompetensies ensovoorts by die Staatspresident berus uit hoofde van sy opperhoof=

skap nie, maar is op sigself vatbaar vir die vertolking dat sy opperhoofskap los te maak is van sy kompetensies ensovoorts ten opsigte van die Bantoe. Die verwysing na die Natalse situasie plaas so 'n vertolking egter in die weegskaal: artikel 2 van die bylae tot die aangehaalde 1967-proklamasie (die Natalse Wetboek van Bantoereg) lui:

"Die staatspresident, as Opperhoof,⁵¹⁾ geniet en oefen ten opsigte van Bantoes in die Provinsie Natal alle magte, bevoegdheids, funksies, regte, vrydomme en voorregte uit wat volgens die regte,⁵²⁾ gewoontes en gebruike van Bantoes uitgeoefen en geniet word deur enige Opper- of Hoofbantoe kaptein ..."

Die feit dat hierdie bepaling dit het oor die kompetensies ensovoorts van die Staatspresident wat hy uitoefen as opperhoof, dui myns insiens daarop dat dié kompetensies ensovoorts wat aan hom verleen is, wel by hom uit hoofde van sy opperhoofsamp berus. Die opperhoofsamp steun dus op die kompetensies, ensovoorts wat daarmee saamgaan - as al hierdie kompetensies, ensovoorts met betrekking tot 'n bepaalde gebied die opperhoof ontnem word, word die wese van die opperhoofskap hom myns insiens vir daardie gebied ontnem. Die Transkeise Grondwet 1963 en Wet 21 van 1971 het hom slegs sekere van hierdie kompetensies ensovoorts ontnem, naamlik dié uitvoerende kompetensies

51. Kursivering bygevoeg.

52. Bedoelende reg of uiters wette ("laws").

wat in verband staan met die aangeleenthede waaroor die wetgewende vergaderings wette mag maak en het dus slegs gedeeltelik afbreuk gedoen aan sy opperhoofskap in die tuislande.

Dit moet nou ook duidelik wees dat die aard van die opperhoofsamp met betrekking tot die tuislande (totdat die twee grondwette daarin begin geld het en daarna), bepaal is deur die besondere kompetensies, ensovoorts wat daartoe behoort het. In 1963 het die bepalings van die Transkeise Grondwet 1963, en vanaf 1971 die bepalings van Wet 21 van 1971, die aard daarvan ten opsigte van die onderskeie tuislande egter verander deur sommige van die kompetensies ensovoorts daarvan weg te neem. Maar veel belangriker is die feit dat dieselfde wette sekere nuwe kompetensies, regte en verpligtinge aan die Staatspresident verleen het en daardeur miskien 'n nuwe aansyn aan die opperhoofskap met betrekking tot die tuislande gegee het: dit wil sê, indien die nuwe kompetensies, ensovoorts hom toekom as opperhoof of as artikel 1 van Wet 38 van 1927 sê vertolk moet word dat die Staatspresident steeds opperhoof van al die Bantoe indie Republiek bly, selfs al word al sy kompetensies ensovoorts in dié verband hom mettertyd ontnem. Voorbeelde van die nuwe kompetensies ensovoorts van die Staatspresident is dat hy wetgewing van die wetgewende vergaderings moet goedkeur of dit kan terugverwys, dat hy hoërhowe kan instel en so meer. Sulke kompetensies is nie noodwendig tipies van die opperhoofskap soos bedoel in artikel 2 van die Natalse Wetboek nie, maar is kenmerkend

van die kompetensies van 'n moderne staatshoof. Hierdie ontwikkelinge kan gevolglik vertolk word as die emansipasie van die opperhoofsamp vanaf een met 'n sterk tradisionele inslag tot een wat beskou kan word as 'n "staatshoofskap" van outonome, voor-onafhanklike Bantoetuislande, moontlik steeds met die titel "opperhoof."

5.4.2. Die Opperhoof se Kompetensies en die Natalse Wetboek

Soos aangedui, is die "regte, immunitete, bevoegdhede en gesag" wat by die opperhoof ingevolge artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927 berusten opsigte van al die Bantoe in die Republiek, dieselfde as dié wat in Natal by hom berus. Die kompetensies wat by die opperhoof ten opsigte van die Bantoe in Natal berus, word in die breë in die reeds aangehaalde artikel 2 van die Natalse Wetboek uiteengesit en in die res daarvan uitgebou. Dit behoeft nouliks 'n betoog dat 'n hele aantal van die opperhoof se Natalse kompetensies onvermydelik met betrekking tot die Bantoetuislande reeds moes verdwyn het en oorgedra gewees het. 'n Enkele voorbeeld behoort voldoende te wees:

Artikel 5(1) van die 1967-proklamasie se bylae lui (geredigeerd) soos volg: "Die Opperhoof ... kan ... vir die doel om die administrasie van enige wet uit te voer, die aanwesigheid van kapteins en ander Bantoe beveel op enige redelike tyd en onder redelike

omstandighede ...", terwyl artikels 5(1) en 29(1) van Wet 21 van 1971 die uitvoerende gesag met betrekking tot aangeleenthede waaroor die wetgewende vergaderings wette mag maak, aan die tuislandkabinette en uitvoerende rade opdra, en eweneens dra artikel 22 onder meer die "administratiewe" beheer met betrekking tot dieselfde aangeleenthede, wat vroeër by die Staatspresident berus het, oor aan die uitvoerende rade en kabinette. Hierdie teenstrydigheid veroorsaak gevolglik die gedeeltelike herroeping van artikel 5(1) van die Natalse Wetboek deurdat die Opperhoof sekerlik nie meer van artikel 5(1) van dié Wetboek gebruik sal kan maak vir die doel van die administrasie van wetgewing wat binne die kompetensie van die wetgewende vergaderings van die tuislande val nie.

Wet 21 van 1971 bevat, soos aangedui, nie 'n algemeen wysigende bepaling soos artikel 72 van Wet 48 van 1963 bevat het nie. Waar artikel 5(1) van die Natalse Wetboek en artikels 5(1), 29(1) en 22 van Wet 21 van 1971 onmoontlik ten volle met mekaar versoen kan word, en waar Wet 21 van 1971 in verhouding 'n spesiale wet is terwyl artikel 1 van die Bantoe-administrasie Wet 1927, saamgelees met artikel 5(1) van die Natalse Wetboek, 'n meer algemene wet is weens die wyer gelding daarvan, geld die stelreël van wetsuitleg lex posterior derogat priori,⁵³⁾ wat meebring dat die sin van die allesinsluitende bewoording van arti=

53. Steyn (1974) 191.

kel 1 van Wet 38 van 1927 in die slag bly waar Wet 21 van 1971 in 'n tuisland in werking gestel is.

Uit hierdie omstandighede blyk dit duidelik dat, met die vermeerdering van aangeleenthede waaroor wetgewende vergaderings van veral selfregerende Bantoe-tuislande beskik, die Staatspresident se kompetensies uit hoofde van artikel 1 van Wet 38 van 1927 toene-mend kwyn. Die verbinding van hierdie kompetensies in allesinsluitende taal aan die Natalse situasie, word toenemend problematies en kan moontlik ook, se-dert die toepassing van Wet 21 van 1971 op KwaZulu, verdere uitlegprobleme veroorsaak.⁵⁴⁾ Hierdie aspek van die artikel 1 blyk dus vinnig verouderd te raak en kwalifiseer myns insiens, ter wille van duidelikheid oor die regsposisie, vir hersiening.

5.4.3. Die Staatspresident se Proklamasiekompetensie

In R v Maharaj 1950 3 SA 187(A) het appèlregter Greenberg die volgende uitleg van die reedsaangehaal-de artikel 25(1) van Wet 38 van 1927 gegee: "It ap-pears to me that, subject to the provisions of sec-tion 26(1), the Governor-General is given powers of legislation, within the area(s) concerned, equal to

54. Weens die feit dat KwaZulu streng gesproke deel van Natal is, maar die spesiale konstitusionele reëlings vir KwaZulu, wat die Opperhoof se kompetensies moet beïnvloed, die Natalse Wetboek se effek t o v KwaZulu self ook moet beïnvloed. Só uitgelê kan a 1 van Wet 38 van 1927 meebring dat die Bantoestaatsreg t o v Kwa-Zulu die hele Bantoestaatsreg beïnvloed.

those of Parliament, that it is competent for him to repeal the Common Law or any Statute Law ..."⁵⁵⁾

Soos hierbo aangedui, het artikel 18 en 65(1) van Wet 21 van 1971 en die herroepe Wet 48 van 1963 onderskeidelik die geldigheid van onder andere hierdie artikel by wye implikasie voortgesit en die artikels 22 van dieselfde wette sluit uitdruklik die wetgewende kompetensies van die Staatspresident uit van dié kompetensies ensovoorts wat aan die kabinette/uitvoerende rade van die tuislande oorgedra word.

Met die eerste oogopslag lyk dit asof die Staatspresident, nieteenstaande die instelling van wetgewende vergaderings, al sy proklamasiekompetensies ingevolge artikel 25 van Wet 38 van 1927 behou het.

Artikel 37(3) van die herroepe Wet 48 van 1963 en die gelykluidende artikel 30(3) van Wet 21 van 1971 bepaal egter dat geen wet, insluitende wetgewing van die Republiek of 'n provinsie, gemaak ná 1963 in die Transkei en ná die instelling van selfregering in die ander tuislande,⁵⁶⁾ oor onderwerpe waaroor die selfregerende Bantoegebiede kompetent is om wetgewing te maak, in die gebiede en op burgers van die gebiede van toepassing sal wees nie.

55. 194 D van die verslag.

56. Vgl Van Wyk (1974) 7-9 i v m die uitlegprobleme met a 30(3) in sy oorspronklike vorm. A 9 van Wet 71 van 1974 het die bepaling egter vervang en daarmee die probleme opgelos.

'n Proklamasie ingevolge artikel 25(1) van Wet 38 van 1927 word ook deur hierdie bepalings getref.⁵⁷⁾ Hieruit vloei dit by verstek voort dat proklamasies van die Staatspresident ingevolge artikel 25 oor onderwerpe waarvoor geen wetgewingskompetensies vir die selfregerende tuislande se wetgewende vergaderings bestaan nie, steeds geldig sal wees, net soos Parlementêre en provinsiale wetgewing oor sodanige onderwerpe.

Artikel 30(4) van Wet 21 van 1971 bevat immers uitdruklike bevestiging van bogenoemde situasie.⁵⁸⁾ Dit bepaal naamlik dat dié Wet nie die Staatspresident se proklamasiekompetensies ingevolge artikel 25 van Wet 38 van 1927 in verband met die aangeleenthede waarvoor die wetgewende vergaderings nie wetgewingsjurisdiksie het, raak nie. Die invoeging van hierdie bepalings was myns insiens ex abundantia cautela, maar dit het dié meriete dat dit duidelikheid oor die situasie bevorder.

Die negatiewe uitwerking wat die bepalings van Wet 21 van 1971 op artikel 25 van Wet 38 van 1927 het, is dan om die Staatspresident se proklamasiekompetensies oor aangeleenthede wat by 'n wetgewende vergadering se wetgewingskompetensies ingesluit is, uit te sluit. Dit word immers deur die bewoording van gemel-

57. A 2 van die Interpretasiewet 33 van 1957, sluit 'n proklamasie "wat die krag van wet het" by die begrip "wet" in.

58. Vgl a 70(3) van die herroepe Wet 48 van 1963.

de artikel 30(4) van Wet 21 van 1971 geïmpliseer. Hy sal dus nie 'n wet van 'n wetgewende vergadering met 'n proklamasie kan wysig of herroep of enige proklamasie oor sodanige onderwerpe kan uitvaardig nie. Wat egter wel vir die Staatspresident tegnies moontlik is, is om Wet 21 van 1971 self, wat myns insiens deur artikel 25 getref word, by proklamasie te wysig of selfs in geheel te herroep. Dit alleen hou magtige moontlikhede in, want wysiging van dié Wet is nie by die wetgewende vergadering se wetgewingskompetensies ingesluit nie.

5.4.4. Artikel 111 van Wet 32 van 1961 en Wet 21 van 1971

In die reedsaangehaalde Rasool-gewysde het appèl-regter Beyers, hoewel obiter, tog insiggewend, gesê artikel 147 van die Zuid-Afrika Wet 1909, wat in artikel 111 van Wet 32 van 1961 herbepaal is, "ding niks af van die wetgewende mag van die Unieparlement nie; en die Goewerneur-generaal-in-Rade sou niks kan doen in stryd met 'n Uniewet nie."

In hierdie opmerking lê die antwoord op die vraag wát van die Staatspresident se in artikel 111 verleende kompetensies in die tuislande oorbly: Wet 21 van 1971 is natuurlik 'n wet van die Parlement, en artikel 22 dra al die Staatspresident se "administratiewe beheer, bevoegdhede, magte en werksaamhede" wat in verband met aangeleenthede waaroor die wetgewende vergaderings wetgewingsjurisdiksie het, staan, aan die

kabinette/uitvoerende rade oor. Artikel 111 is die hoofbron van die Staatspresident se kompetensie van "beheer oor en administrasie van Bantoesake" en sy "spesiale magte" waarin hy die Goewerneur-generaal-in-Rade opgevolg het. Met betrekking tot die gebiede waarop Wet 21 van 1971 van toepassing gemaak is, sal die trefwydte van die eerste gedeelte van artikel 111 dus verminder het, en dit moet met die verloop van die tyd steeds verder verminder.

6. Die Konkurrente Wetgewende Gesag van die Republiek se Wetgewers en die Wetgewende Vergaderings

In hierdie paragraaf word gehandel met die grootste oorsaak van gerapporteerde regspraak op hersiening en appèl wat die Bantoeestaatsreg tot dusver opgelewer het, naamlik die probleem aangaande die gelding in die Bantoeetuislande van parlements wette wat handel oor onderwerpe waaroor die wetgewende vergaderings wette kan maak, en wat gemaak is sedert die betrokke tuislande selfregerend geword het. Die sake was almal straf=¹⁾sake en die kontroversie oor die aangeleentheid het

1. S v Ndewanana 1966 3 SA 312 (OK), S v Dlanga 1968 1 SA 5 (OK), S v Xesi 1969 1 SA 1 (OK), S v Papu 1969 1 SA 259 (OK), S v Zitu=deza 1970 2 SA 773 (OK), S v Moagaesi en 'n Ander 1974 1 SA 137 (NK), S v Quma 1974 3 SA 722 (OK), S v Heavyside 1975 2 SA 106 (Tk), S v Sion 1975 2 SA 184 (NK), S v Mohloba en Andere 1975 3 SA 66 (T) en S v Memke, S v Mavuso and Another 1976 4 SA 817 (OK). In die aangehaalde Mohloba-saak noem wn r IWB de Villiers op 68 G-H ook nog twee ongerapporteerde sake nl S v Piet Ngobeni en 'n Ander (381/73 - 27 Aug 1973) en S v Josiah Letlhake (H537/73 - 12 Des 1973) waarin die Ndewanana-uitspraak nagevolg is. Kyk ook S v Gladile 1977 2 SA 1042 (OK).

ongeveer tien jaar geduur, waarna dit in die Appèlafdeling uitgevoer het.²⁾ Verskeie akademiese opinies oor die aangeleentheid is ook gepubliseer,³⁾ sodat gesê kan word dat die hele kwessie nou eintlik uitgepluis is.

Kortliks weer die probleem: artikel 18 van Wet 21 van 1971 en artikel 65(1) van die herroepe Wet 48 van 1963 het, soos reeds vermeld, meegebring dat alle wette wat onmiddellik voor die samestelling van die eerste uitvoerende raad in die tuislande gegeld het (voor 30 Mei 1963 in die Transkei) daar bly geld het totdat dit deur die "bevoegde gesag" herroep of gewysig sou word, Artikels 30(3) van Wet 21 van 1971 en 37(3) van Wet 48 van 1963 het, soos ook reeds aangedui, meegebring dat geen wet (parlementêre en provinsiale wetgewing inkluis) gemaak ná die verkryging van selfregering deur die betrokke tuislande, oor die onderwerpe binne die wetgewende jurisdiksie van hul wetgewende vergaderings, in hul gebiede van toepassing sou wees nie. Verder, soos aangedui, het artikels 30(1) van Wet 21 van 1971 en 37(1) van Wet 48 van 1963 meegebring dat die wetgewende vergaderings van selfregerende Bantoetuislande oor die onderwerpe vermeld in die Wette se bylaes wette kon maak, insluitende wette

2. S v Heavyside 1976 1 SA 584 (A).

3. Waaronder Kahn (1963(a)) 473, Kahn (1963(b)) 66-7, Venter (1972) 341 vn 58, Van Wyk (1974), Van Wyk (1975), Venter (1975(b)) 179-81, Van Wyk (1976) 172-5 en Richings (1976) 119.

wat bots met parlementêre en ander statutêre voorskrifte, wat dus deur die wetgewende vergaderings herroep of gewysig kon word.

Die kontroversie wat telkens ontstaan het, het gesentreer rondom die vraag of die Parlement of 'n bepaalde wetgewende vergadering die "bevoegde gesag" ingevolge die gemelde artikels 18 en 65(1) was, waar die Parlement 'n wet wat ná die verkryging van selfregering van 'n tuisland in so 'n gebied bly geld het, gehandel het oor 'n onderwerp binne die wetgewende jurisdiksie van die betrokke wetgewende vergadering en dan deur die Parlement gewysig is. Met ander woorde, die vraag moes telkens beantwoord word of die wysigings wat die Parlement aan sodanige wetgewing aanbring het, in die betrokke tuisland geld het.

In Sv Ndewanana 1966 3 SA 312 (OK) is bevind dat artikel 12 van Wet 96 van 1965, wat artikel 344 ter van Wet 56 van 1955 herroep het (albei wette van die Parlement), wel van toepassing was in die Transkei. Die Parlement is dus in dié geval as die "bevoegde gesag" beskou. In Sv Zitudeza 1970 2 SA 773 (OK) is bevind dat artikel 6 van Wet 71 van 1968, wat artikel 10 bis van Wet 54 van 1949 herroep het (ook albei wette van die Parlement), nie in die Transkei van toepassing was nie, omdat die Transkeise Wetgewende Vergadering in hierdie geval die "bevoegde gesag" was. Die res gestae in die twee sake het van mekaar verskil, aangesien die element van oplegging van strawwe deur die wetgewing van die Wetgewende Vergadering in die

eerste saak voorgekom het, terwyl die tweede nie deur so 'n element gekompliseer is nie. Die kern van die beredenering in die Ndewanana-saak⁴⁾ was klaarblyklik foutief deurdat dit te veel van par 23 van deel B van die eerste Bylae van Wet 48 van 1963 gemaak het⁵⁾ en die sterk bewoording van artikel 37(1)(b) van die Wet⁶⁾ uit die oog verloor is, terwyl 'n wysigingskompetensie van die Parlement met betrekking tot sy wetgewing wat steeds in die Transkei bly geld het, by artikel 65(1) van die Wet ingelees is. Die argumentasie in Zitudeza was daarenteen eenvoudig en ondubbelzinnig en kon, verskil in res gestae ten spyte, ook in die Ndewanana-uitspraak toegepas gewees het.

Die regspraak in S v Moagaesi en 'n ander 1974 1 SA 137 (NK) en in S v Quma 1974 3 SA 722 (OK) was identies aan mekaar en het baie ooreengestem met dié in die Ndewanana-saak. Waar die Ndewanana- en Zitudeza-gewysdes egter gehandel het oor die Transkeise Grondwet 1963, moes Moagaesi en Quma se sake met Wet 21

4. Op 314H en 315 A-F van die verslag.

5. Deur te bevind dat par 23 van Deel B van die Eerste Bylae die Wetgewende Vergadering van die Transkei alleen toegelaat het om voorsiening te maak vir die opleë van strawwe om sy eie wetgewing af te dwing.

6. Wat, soos aangedui, die Transkeise Wetgewende Vergadering gemagtig het om om parlementêre wetgewing onbeperk te herroep of te wysig, mits dit nie met Wet 48 van 1963 self gebots het nie en binne die wetgewende kompetensie daarvan, soos afgebaken in deel B van die Eerste Bylae tot die Wet geval het.

van 1971 rekening hou.⁷⁾ Die Quma-uitspraak het die Ndewanana-gewysde nagevolg en die Moagaesi-uitspraak dié van Zitudeza. Aldus is die uitlegprobleme wat deur die Transkeise sake geskep is, met betrekking tot al die ander Bantoetuislande gedupliseer.

Die Transkeise Hoërhof se uitspraak in S v Heavy-side 1975 2 SA 106 (Tk) was hopelik die laaste waarin voorkeur verleen is aan die Parlement se wysigingswetgewing in 'n tuisland nadat selfregering aan dié tuisland toegeken is. Hoofregter Munnik se uitspraak het 'n nuwe, oorspronklike grond aangebied waarop 'n bepaalde soort wysigingswet van die Parlement tog ná

7. Die vraag waarom dit in albei die onderhawige sake gegaan het, is of a 15 van die Wet op Veediefstal 57 van 1959, in die vorm wat dit sedert 1964 gehad het, in die betrokke selfregerende Bantoe-tuislande gegeld het en aan die ander kant of die vervanging daarvan deur a 13(1) van die Algemene Regswysigingswet 102 van 1972 in dié gebiede van toepassing was. A 15 van Wet 57 van 1959 het voor 1972 die oplegging van 'n vergoedende boete of in die alternatief bykomende gevangenisstraf onder bepaalde omstandighede by veediefstal verpligtend gemaak. Die 1972-wysiging (of eerder vervanging) het sodanige oplegging van 'n vergoedende boete met verwysing na a 357 van die Strafproseswet 56 van 1955 en aldus die toekenning van skadevergoeding in die diskresie van die hof gelaat. Die moontlikheid van alternatiewe bykomende gevangenisstraf is ook verwyder. Die vraag in die onderhawige sake was dus of die oplegging van 'n vergoedende boete met alternatiewe bykomende gevangenisstraf onderskeidelik in Bophuthatswana en die Ciskei in 1973 nog steeds verpligtend was al dan nie. Wet 102 van 1972 is gemaak ná die inwerkingtrede van die Grondwet van die Bantoetuislande 1971 en ook ná die verkryging van selfregering deur sowel Bophuthatswana as die Ciskei. Dit is interessant dat Bophuthatswana, klaarblyklik n a v die Moagaesi-uitspraak, sy eie Wet op Veediefstal 6 van 1975 (Bophuthatswana) aangeneem het: vgl Bekker (1976) 303-4.

selfregering gelding moes geniet. Die vraag was of artikel 2A van Wet 41 van 1971, soos ingevoeg deur artikel 3 van Wet 80 van 1973, in die Transkei gegeld het. Aangesien Wet 41 van 1971 oor 'n gesondheidsaan= geleentheid handel (misbruik van afhanklikheidsvormen= de stowwe), en gesondheid eers in 1972⁸⁾ 'n onderwerp geword het waaroor die Transkeise Wetgewende Vergade= ring wette kon maak, het Wet 41 van 1971 daar gegeld. Artikel 2A van dié Wet, soos in 1973 ingevoeg (dus nadat gesondheid binne die Transkeise wetgewende kom= petensie gekom het), het dit egter bloot gehad oor die uitsluiting van die moontlikheid vir 'n hof om (onder meer) 'n opgeskorte vonnis aan 'n persoon ouer as ag= tien jaar op te lê ná skuldigbevinding aan sekere mis= drywe geskep deur die Wet. Volgens hoofregter Munnik⁹⁾ het dit niks met gesondheid te doen gehad nie, maar het dit neergekom op 'n wysiging van Wet 56 van 1955 wat buite die kompetensie van die Wetgewende Vergade= ring geval het - dus was artikel 2A ten volle in die Transkei van toepassing omdat die Parlement die "be= voegde gesag" was vir die aanname daarvan. Hoofregter Munnik het ook tot die gevolgtrekking gekom¹⁰⁾ dat die Moagaesi-uitspraak nie ter sake was nie, "since the issue which fell to be decided in that case differs toto caelo from that under consideration in the pre= sent case," blykbaar omdat daar geen twyfel was dat

8. Ingevolge prokl R259 van 1972.

9. Op 109 in fine en 110.

10. Op 110 van die verslag.

die betrokke wysigingswet binne die wetgewende kompetensie van die Bophuthatswana-Wetgewende Vergadering geval het nie.

Teen hierdie uitspraak is verder na die Appèlafdeling geappèlleer. Die uitspraak van hierdie hof by monde van appèlregter Wessels het, soos reeds gemeld, 'n einde gemaak aan verskeie vrae in die huidige konteks en is bevorderlik vir regsekerheid, óók vir die Bantoestaatsreg. Die Hof bevind¹¹⁾ dat die kompetensie wat artikel 37(1)(b) van Wet 48 van 1963 aan die Transkeise Wetgewende Vergadering verleen het om onder meer wette van die Parlement te herroep of te wysig, die kompetensie insluit om 'n strafbepaling van so 'n wet wat gemik is op die afdwing van die wet, te wysig. Hierdie kompetensie is nie ontleen aan item 23 van Deel B van die Eerste Bylae tot Wet 48 van 1963, ingevolge waarvan die Wetgewende Vergadering wette kon maak aangaande die oplê van strawwe vir die afdwing van sy eie wette nie, maar aan gemelde artikel 37 wat die Hof sien as 'n bepaling wat "very wide legislative powers" aan die Wetgewende Vergadering verleen het.¹²⁾ Hierdie argument was 'n duidelike verwerping van die Ndewanana-uitspraak. Hierdie feit, asook die betekenis van die uitspraak vir die hele Bantoestaatsreg, blyk ook uit die feit dat appèlregter Wessels sy in-

11. Op 589 C-E van die verslag (kyk vn 2 supra).

12. Op 589 A-B van die verslag.

stemming met regter Van den Heever se bevinding in die Moagaesi-saak¹³⁾ betuig,¹⁴⁾ waar sy sê dat item 32 van Bylae 1 van Wet 21 van 1971¹⁵⁾ slegs ex abundanti cau-
tela ingevoeg is omdat artikel 30 van dié Wet¹⁶⁾ reeds sulke wye wetgewende kompetensies aan die wetgewende vergaderings verleen.¹⁷⁾

Vervolgens het die Appèlafdeling die kontensie van hoofregter Munnik dat artikel 2A van Wet 41 van 1971, soos in 1973 ingevoeg, eintlik 'n wysiging van Wet 56 van 1955 was en nie van Wet 41 van 1971 nie en dus niks met gesondheid te doen het nie,¹⁸⁾ ook verwerp. Volgens appèlregter Wessels¹⁹⁾ is daar geen aanduiding dat artikel 2A bedoel is, of dat dit die effek gehad het, om Wet 56 van 1955 te wysig nie, en hy meld verder dat, indien daar enige twyfel daaroor sou kon wees, dit uit die lang titel van Wet 80 van 1973, in teenstelling met die lang titel van Wet 41

13. Op 141 D van die Moagaesi-verslag.

14. Op 589 F van die verslag.

15. Die eweknie van item 23 van Deel B van die Eerste Bylae tot Wet 48 van 1963.

16. Die eweknie van artikel 37 van Wet 49 van 1963.

17. Kyk op 141 D-F van die Moagaesi-verslag.

18. Die Staat het voor die Appèlafdeling ook op hierdie kontensie gesteun - kyk op 588 A-C van die verslag.

19. Op 590 B-C van die verslag.

van 1971, blyk dat dit nie bedoel is nie.²⁰⁾ Aangesien artikel 2A dan die vonnisowerheid ("sentencing authority") se kompetensie om 'n vonnis ingevolge artikel 2 van Wet 41 van 1971 kwalifiseer, het dit binne die Transkeise wetgewende kompetensie geval en het artikel 2A dus geen gelding in die Transkei gehad nie. Gevolglik het die appèl geslaag.

Aangesien Wet 21 van 1971 se tersaaklik bepalings in hierdie verband so nou ooreenstem met dié van Wet 48 van 1963, en aangesien die beslissings oor hierdie aangeleentheid oor die twee wette deurgaans parallel en met kruisverwysing verloop het, kan die appèlafdeling se Heavyside-uitspraak van 1976 ongetwyfeld as rigtinggewend vir die hele Bantoestaatsreg aanvaar word.²¹⁾

Alle probleme rondom die kwessie van konkurrente wetgewende kompetensies is egter sekerlik nog nie opgelos nie. Soos vroeër vermeld, het Van Wyk in 1974 aangetoon²²⁾ dat die oorspronklike bewoording van artikel 30(3) van Wet 21 van 1971 vatbaar was vir verskeie vertolkings ten aansien van die presiese tydstip van

20. Aangesien die appèlregter se beoordeling van hierdie aspek klaarblyklik berus op 'n uitleg gebaseer op die gewone betekenis van die betrokke woorde en hy slegs na die betrokke lang titels as bykomende aanduiding verwys, deel ek nie Van Wyk (1976) 174 par 5 se kritiek nie.

21. Vgl ook Van Wyk (1976) 174-5 en Richings (1976) 125-6.

22. 1974 THRHR 7-9.

wanneer af nuwe Republikeinse wette nie meer oor die betrokke onderwerpe in die Bantoetuislande sou geld nie. Artikel 9 van Wet 71 van 1974, wat artikel 30(3) van Wet 21 van 1971 vervang het, het die probleem grootliks opgelos deur duidelik te bepaal dat die gemelde tydstip "die datum waarop 'n gebied ingevolge artikel 26 tot 'n selfregerende gebied verklaar word" is. Desnieteenstaande illustreer die S v Memke, S v Mavuso and Another 1976 4 SA 817 (OK) -gewysde hoedat die datums van ondertekening, goedkeuring, promulgering, verklaring tot selfregerende gebiede en inwerkingtrede van grondwetproklamasies en wette onderskeidelik onder omstandighede fyn ontleed moet word om by die ware regsposisie met betrekking tot die vraag welke wetgewing in 'n tuisland geld en welke nie, vas te stel.

Daarbenewens, soos aangetoon deur appèlregter Wessels in die finale Heavyside-uitspraak,²³⁾ is dit goed moontlik dat 'n Republikeinse wet wat ná die verlening van selfregering aan tuislande, aangeneem word gedeeltelik in sulke tuislande kan geld en gedeeltelik nie. Dit sal afhang van die vraag of bepaalde artikels oor onderwerpe handel wat binne die tuislandwetgewers se kompetensie val al dan nie. Hiermee is ook wel deeglik rekening gehou met die aanname van die

23. Op 589-90 van die verslag. Vgl ook Van Wyk (1974) 11, Van Wyk (1976) 174 par 6, Richings (1976) 126 en S v Mohloba en Andere 1975 3 SA 66 (T) 70.

nuwe Strafproseswet 51 van 1977: die Staatspresident se proklamasie R155 van 1977,²⁴⁾ uitgevaardig uit hoofde van artikel 25(1) van Wet 38 van 1927, bepaal in paragraaf (b) daarvan "dat enige bepaling van die Strafproseswet wat ten gevolge van die bepalings van die Grondwet (Wet 21 van 1971) nie in 'n selfregerende gebied geld nie, of slegs gedeeltelik of ten opsigte van 'n bepaalde hof of groep persone geld, behoudens die bepalings van hierdie Proklamasie, sowel as die regulasies wat van tyd tot tyd daarkragtens uitgevaardig word, mutatis mutandis, in sy geheel en ten opsigte van alle laer en hoër houe en persone in die selfregerende gebiede sal geld,"²⁵⁾

Dit bring onmiddellik 'n volgende probleem na vore, naamlik die feit dat dit nie altyd onomwonde duidelik kan wees of 'n bepaalde wet handel oor 'n onderwerp vermeld in Byale 1 tot Wet 21 van 1971 nie. Dié punt word myns insiens voldoende geïllustreer deur die meeste van die reeds aangehaalde regspraak oor die konkurrente wetgewende kompetensies, maar meer spesifiek deur die volgende: in die Transkeise hoër=

24. In Staatskoerant 5680 van 22 Jul 1977, soos gewysig deur prokl R 162 van 1977 in Staatskoerant 5699 van 5 Aug 1977.

25. In die lig van a 30(3) en (4) van Wet 21 van 1971 en van wat in par 5.4.3 supra gesé is i v m die Staatspresident se proklamasiekompetensie wat net soos die Parlement se wetgewingskompetensie deur a 30(3) in die selfregerende Bantoetuislande ingeperk is, kan ernstige twyfel uitgespreek word oor die geldigheid van prokl R155 van 1977 en R162 van 1977 en gevolglik oor die gelding van die nuwe Strafproseswet 1977 in dié gebiede.

hof is net vir die doeleindes van die uitspraak in die Heavyside-saak veronderstel²⁶⁾ dat Wet 41 van 1971 'n maatreël is wat gesondheid raak. Die Appèlafdeling het dit as onomstootlike feit in sy uitspraak in die Heavyside-saak²⁷⁾ aanvaar. In S v Mohloba en Andere 1975 3 SA 66 (T) is uitvoerig geargumenteer en uitspraak gedoen oor die vraag of dieselfde Wet nie die beskerming van lewe raak nie, en waarnemende regter IWB de Villiers het bevind²⁸⁾ dat die Wet nie beoog om die lewe as sulks te beskerm nie, maar dat "in 'n baie wye sin en op indirekte wyse" gesê kan word dat die wetgewer bedoel het om die lewe te beskerm.

Die konkurrensie op wetgewende gebied tussen die provinsiale rade en die wetgewende vergaderings lewer, soos blyk uit die drie vroeë uitsprake uit die Transkei in S v Dlanga 1968 1 SA 5 (OK), S v Xesi 1969 1 SA 1 (OK) en S v Papu 1969 1 SA 259 (OK) en origens die gebrek aan (gerapporteerde) beslissings daaroor, nie probleme op nie.²⁹⁾

Ten slotte kan die vraag geopper word of die soewereiniteit van die Parlement van die Republiek, soos geskep in artikel 59(1) van Wet 32 van 1961, enigins

26. "Assume": 109 A van die verslag.

27. Op 587 E en H van die verslag.

28. Op 69 C-D van die verslag.

29. Vgl ook Richings (1976) 121-2 se opmerkings hieroor.

deur die bepalings van Wet 21 van 1971 (veral artikel 30 daarvan) aangetas word. Kahn³⁰⁾ se antwoord hierop is negatief. Dit is moeilik om daarvan te verskil, veral in die lig van die feit dat alleen die Parlement en die Staatspresident, soos reeds vermeld, die kompetensie het om Wet 21 van 1971 self te wysig en dus ook te herroep.³¹⁾ Die enigste teenoorgestelde standpunt wat hieroor opgespoor kon word, is dié van Olivier,³²⁾ wat soos volg verklaar: "Die verlening van selfregering aan die Bantoetuislande as 'nasciturus'-state is onherroeplik: die Republiek het effektiewelik en onherroeplik afstand gedoen van die bevoegdheid waaroor die organe van die selfregerende gebiede beskik." Hiervoor steun hy in die eerste plek op die Ndewanana- en Zitudeza-uitsprake, wat myns insiens nie oortuigend is nie,³³⁾ en tweedens op Lord Denning se dictum in Blackburn v Attorney-General 1971 2 All ER 1380, 1382, "Freedom once given cannot be taken

30. Kahn (1963(a)) 477-81.

31. Bg prokl R155 van 1977 is 'n uitstekende voorbeeld van hoe die bepalings van Wet 21 van 1971, waarvan die wetgewende kompetensies van die tuislande, asook die beperking op die regswerking van parlementswette uitsluitlik afhanklik is, met gemak ter syde geskuif kan word.

32. Olivier (1976) 103-4 en vn 177 en 178.

33. Omdat die betrokke dicta glad nie rekening hou of standpunt inneem oor die kwessie van wetgewende soewereiniteit nie en in elk geval ruimte laat vir die vertolking dat die Parlement oor die "afgestane" onderwerpe nie wette kan maak nie, solank as wat Wet 21 van 1971 onherroep of ongewysig deur die Parlement gelaat word.

away."34) Hoewel hierdie stelling ongetwyfeld deel is van die Brits-koloniale staatsreg en ook in Ndlwana v Hofmeyr NO and Others 1937 AA 229 op 237 verkondig is, is dit hoegenaamd nie vanselfsprekend dat dit in die Suid-Afrikaanse Bantostaatsreg ten opsigte van die self- of verantwoordelik-regerende gebiede binne die Republiek geld nie: feit is dat dit uit bostaande moet blyk dat die verbintenis tussen die Bantostaatsreg en die Brits-Koloniale staatsreg baie dun is omdat eersgenoemde 'n onmiskenbare "in Suid-Afrika gemaak"-stempel dra.

34. Die tersaaklikheid van dié Engelse gewysde is, behalwe dat Lord Denning die aangehaalde stelling uitgespreek het, in die huidige verband obskuur. Die saak het i v m Britse toetred tot die EEG o m gehandel oor die Engelse leerstuk dat 'n parlement nie sy opvolgers kan bind nie. Lord Denning trek die voortgesette gelding van die leerstuk in twyfel en verwys na die ondenkbaarheid daarvan dat die Britse Parlement die Statuut van Westminster van 1931 of enige wetgewing "which have granted independence to the dominions and territories overseas." (Kursivering bygevoeg). Lg soort wetgewing en die Statuut van Westminster van 1931 was m i t a v staatsregtelike effek geheel en al in 'n ander klas as Wet 48 van 1963 en Wet 21 van 1971, o m omdat a 30(1) en (3) van lg Wet glad nie te vergelyk is met a 2(2) en 4 van die Statuut van Westminster van 1931 nie en verder omdat die tuislandgrondwette van 1963 en 1971 dit nog nie gehad het oor die onafhanklikheid van die gebiede nie, maar bloot oor die outonomie daarvan.

HOOFSTUK IV. DIE STAATSREG VAN DIE ONAFHANKLIKE
TRANSKEI EN BOPHUTHATSWANA

1. Inleidend

Nadat die AmaXhosa vir ongeveer tagtig jaar aktief deel gehad het aan die hantering van owerheidsge- sag en die Batswana vir ongeveer 'n kwart eeu deur al die ontwikkelingsfases gegaan het waarvoor die moderne Bantoestaatsreg voorsiening maak, het Transkei op 26 Oktober 1976 en Bophuthatswana op 6 Desember 1977 onafhanklike republieke geword. Hierdie twee nuwe state se staatsreg verteenwoordig tans die finale hoogte- punte en oorspronklike fokuspunt van die Bantoestaats- reg. Weens hierdie feit is dit onvermydelik dat hier- die studie afgesluit word met die behandeling van die onafhanklikheidsgrondwette van dié state, hoewel dit streng gesproke nie meer tuis hoort by die Bantoestaats- reg soos aan die begin gedefinieer nie. Dit blyk eg- ter uit onderstaande dat heelwat in die staatsreg van die Republiek van Transkei en van die Republiek van Bophuthatswana nie verstaan kan word sonder begrip van die Bantoestaatsreg waarop dit gebou is nie.

Hieronder word eers die Transkeise onafhanklik- heidsgrondwet behandel en daarna dié van Bophuthatswa- na. Vergelykende opmerkings oor die twee grondwette word beperk tot die bespreking van die jongste grond- wet naamlik dié van Bophuthatswana.

2. Die Grondwet van die Republiek van Transkei 15 van 1976 (Transkei)

2.1. Statutêre Voorbereiding vir Onafhanklikheid

Met die oog op die onafhanklikwording van die Transkei moes Republikeinse wetgewers verskeie wetgewingstukke in 1976 die lig laat sien om die oorgang van 'n selfregerende gebied in die Republiek na 'n onafhanklike republiek glad te laat verloop.

Op 17 Maart 1976 is die Wysigingswet op die Transkeise Grondwet 3 van 1976 gepromulgeer. Artikels 1, 2, 3 en 7 daarvan het artikels 23, 24, 25 en 73 onderskeidelik van Wet 48 van 1963 sodanig gewysig dat, onder meer, die Wetgewende Vergadering voortaan saamgestel moes word uit vyf en sewentig verkose lede, sewentig kapteins en die vyf hoofkapteins: dus 'n gelyke verdeling tussen "tradisionele" en verkose lede. Artikels 4 en 6 van Wet 3 van 1976 het artikel 39 en Deel B van die Eerste Bylae onderskeidelik van Wet 48 van 1963 sodanig gewysig dat dit vir die Transkei moontlik geword het om voor onafhanklikwording onder meer internasionale ooreenkomste met die Republiek aan te gaan en om beheer oor burgerlike lugvaart te bekom.

Ingevolge proklamasie R116 van 1976¹⁾ is die Derde Transkeise Wetgewende Vergadering met ingang 29 September 1976 ontbind en is 'n algemene verkiesing

1. In Staatskoerant 5194 van 2 Jul 1976.

uitgeskryf vir die samestelling van die Vierde Transkeise Wetgewende Vergadering, waarvoor daar vyf en sewentig lede verkies moes word in ooreenstemming met die wysigings van Wet 3 van 1976.

Op 9 Julie 1976 is die Wet op die Status van die Transkei 100 van 1976 gepromulgeer. Die lang titel van dié Wet is "Om onafhanklikheid aan die Transkei te verleen; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan." Sake wat deur dié Wet gereël word is die territorium, soewereiniteit en onafhanklikwording van Transkei, die voortbestaan van bestaande wette, die aanneem van 'n onafhanklikheidsgrondwet deur die Wetgewende Vergadering, die toepassing van bestaande verdrae, konvensies en ooreenkomste op Transkei en die aangaan daarvan deur die Transkei voor onafhanklikwording met die Republiek, en burgerskap. Dié Wet het egter eers op 26 Oktober 1976 in werking getree en wel ingevolge proklamasie R213 van 1976.²⁾ Die besonderhede van die bepalings van Wet 100 van 1976 word hieronder breedvoeriger behandel.

Op 9 Julie 1976 is die Wet op Finansiële Reëlings met die Transkei 106 van 1976 gepromulgeer, en dit het ingevolge artikel 5 daarvan saam met Wet 100 van 1976 op 26 Oktober 1976 in werking getree. Dié Wet het onder meer voorsiening gemaak vir finansiële steun

2. In Staatskoerant 5314 van 15 Okt 1976.

deur die Republiek aan die Transkei in die oorgangs=
fase en die voortsetting daarvan ná onafhanklikwording
en vir die oordrag van eiendomsreg op of beheer oor
goed wat by die Staat, insluitende die Poskantoor,
Spoorweg- en Hawe-administrasie en Kaapse provinsiale
administrasie, berus het, aan Transkei.

Op 23 Julie 1976 is die Tweede Wysigingswet op
Prokureurs 115 van 1976 gepromulgeer, met inwerking=
trede ingevolge artikel 4 daarvan saam met Wet 100 van
1976, dus ook 26 Oktober 1976. Die globale effek van
dié Wet is om, onderhewig aan Transkeise wetgewing,
die Transkeise prokureursprofessie in te skakel by
dié van die Republiek.

Op 24 September 1976 is die Transkeise Wet op
Korporasies 10 van 1976 (Transkei) van die Transkeise
Wetgewende Vergadering gepromulgeer, ingevolge waar=
van onder meer die reedsaangehaalde Wet 46 van 1968
en Proklamasie R50 van 1976 herroep is en voorsiening
gemaak is vir 'n eie ontwikkelingskorporasie en ander
korporasies vir die Transkei.

Op 22 Oktober 1976 is Goewermentskennisgewing 1976
van 1 Oktober 1976 gepubliseer³⁾ waarin die ooreenkoms=
te wat tussen die Republiek en die Regering van die
Transkei op 17 September 1976 aangegaan is, uiteenge=
sit is. Hierdie ooreenkomste het met onafhanklikwor=
ding op 26 Oktober 1976, ingevolge artikel 5(1) van

3. In Staatskoerant 5320 van 22 Okt 1976.

Wet 100 van 1976, internasionale ooreenkomste geword. Die ooreenkomste handel onder meer oor landbouake, ontwikkelingshulp, indiensneming van Transkeise burgers in die Republiek, 'n nie-aanvalsverdrag, beweging van burgers oor gemeenskaplike grense, uitsaafasiliteite, pos- en tele-kommunikasiedienste, internasionale brûe, verpligte motorvoertuigversekering, lugvaart, spoorweë- en hawe-administrasie, besoedeling van die see, en so meer. Meer as 'n jaar ná onafhanklikwording is ook nog 'n uitleweringsooreenkoms aangegaan tussen die Republieke van Suid-Afrika en Transkei.⁴⁾

Daarby is daar in 'n "Special Gazette"⁵⁾ op 23 April 1976 'n wetsontwerp genoem "Draft Bill", met die kort titel "Republic of Transkei Constitution Act 1976" gepubliseer vir algemene kennisname en kommentaar. Hierdie dokument was 'n voorlopige en voorwaardelike wetsontwerp, aangesien dit nie volgens die voorskrifte van artikel 40 van die Transkeise Grondwet 1963 vir toestemming aan die Staatspresident van

4. Ingevolge Wet 67 van 1962 gepubliseer in prokl R329 van 1977 in Staatskoerant 5813 van 25 Nov 1977.

5. Transkei Amptelike Koerant "Special Gazette" no 1 van 23 Apr 1976. Die Wetgewende Vergadering het vir die doeleindes van 'n staatsbenaming die lidwoord "die" of "the" voor "Transkei," wat die Suid-Afrikaanse wetgewing konsekwent gebruik het, laat vaar. Dus moet nou gepraat word van "Transkei" of "Die Republiek van Transkei."

die Republiek van Suid-Afrika voorgelê sou word nie.⁶⁾ Die bedoeling met die wetsontwerp was klaarblyklik om so 'n volledig moontlike basis daar te stel vir 'n grondwet, wat dan finaal as wet aangeneem kon word wanneer die gebied onafhanklik is. Volgens die prosedure wat hieronder behandel word, het die gemelde wetsontwerp dan ook op 26 Oktober 1976 met enkele klein aanpassings die Grondwet van die Republiek Transkei 15 van 1976 geword.

2.2. Algemene Kenmerke van die Grondwet

Voorsiening is in die Grondwet gemaak vir die omskepping van die Transkei, synde 'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika ingevolge artikel 1 van die Transkeise Grondwet 1963, na 'n "soewereine onafhanklike staat en 'n republiek."⁷⁾

6. Ingevolge a 3(1) van die Wet op die Status van die Transkei 100 van 1976, is magtiging aan die Wetgewende Vergadering van die Transkei, soos saangestel ingevolge Wet 48 van 1963, verleen om o m so 'n Grondwet te maak, en a 3(2) het dit onnodig gemaak dat sodanige ontwerp-grondwet vir toestemming aan die Staatspresident voorgelê word. Toe die ontwerp-grondwet van die Transkei egter geformuleer is, was Wet 100 van 1976 nog nie in werking nie - vgl a 7 van Wet 100 van 1976.

7. A 1(1) van die Grondwet. A 1(1) van Wet 100 van 1976 bepaal eweneens dat die Transkei tot "soewereine en onafhanklike staat" verklaar word, en a 1(2), dat die Republiek van Suid-Afrika geen gesag meer oor die gebied uitoefen nie. Hoewel Afrikaans nie 'n amptelike taal van Transkei is nie, vide infra, is die Afrikaanse teks van Wet 15 van 1976 (Tk) skynbaar daaraan te danke dat die publikasie daarvan voorberei is voor onafhanklikwording toe Afrikaans wel nog amptelike taal was. Die Afrikaanse teks is egter 'n baie swak vertaling van die Engelse teks. Afrikaans kan egter nog steeds ná onafhanklikwording vir amptelike doeleindes gebruik word - vide infra.

Die Grondwet bou in sekere opsigte voort op die Transkeise Grondwet 1963 en in ander opsigte word verskeie aspekte van die staatsreg van die Republiek van Suid-Afrika, veral uit die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961, daarin opgeneem. Dit beslaan nege hoofstukke, ses en sewentig artikels en nie minder nie as elf bylaes.

Voorsiening is gemaak vir 'n volkome buigsame geskrewe grondwet sonder enige verskansings,⁸⁾ 'n President wie se amp feitlik identies is aan dié van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika,⁹⁾ 'n Uitvoerende Raad waarvan die funksies wesenlik ooreenstem met dié van die Republiek van Suid-Afrika,¹⁰⁾ 'n eenkamerale wetgewende liggaam saamgestel uit vyftig persent verkose lede en vyftig persent tradisionele opperhoofde, kapteins en hoofmanne, wat saam met die President 'n parlement vorm,¹¹⁾ en 'n hooggeregshof waarby die regsprekende gesag van die Republiek Transkei berus¹²⁾ (maar waarvandaan appèlmoontlikheid na die Appèlafdeling van die Hooggeregshof van Suid-

8. Vgl a 75 van die Grondwet.

9. Vgl hfst 2 van die Grondwet, asook o m a 17 en a 40 met Deel III en a 16 en a 64 van Wet 32 van 1961 en kyk ook Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 4-5.

10. Vgl hfst 4 van die Grondwet met dié van Deel IV van Wet 32 van 1961.

11. Hfst 5 van die Grondwet.

12. Hfst 6 van die Grondwet.

Afrika steeds bestaan).¹³⁾ Die Grondwet reël ook Transkeise burgerskap volgens dieselfde patroon as die Transkeise Grondwet 1963 maar met die nodige aanpassings,¹⁴⁾ en bevat 'n hoofstuk met algemene bepalings,¹⁵⁾ waaronder oorgangsbepalings¹⁶⁾ wat, saam met vroeëre bepalings daarin, die uitwerking het dat alle onherroepe wetgewing wat by onafhanklikwording in werking is in Transkei, bly voortbestaan totdat dit herroep word deur die Transkeise Parlement.¹⁷⁾

Hieronder sal gepoog word om aan te toon dat die navolging van die patroon van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1961, asook van die Transkeise Grondwet 1963, by die opstel van die Grondwet soms heilsaam was, maar soms swakhede in die Suid-Afrikaanse staatsreg, waarby die Suid-Afrikaanse Bantoestaatsreg ingesluit is,¹⁸⁾ onverbeterd laat voortleef het.

13. Aanvanklik ingevolge die Wet op Apèlle vanaf die Hooggeregshof van Transkei 62 van 1976, maar tans ingevolge a 21(1A) van Wet 59 van 1959, soos ingevoeg deur Wet 86 van 1977, wat ook by Wet 62 van 1976 herroep het.

14. Vgl hfst 8 van die Grondwet met Deel III van Wet 48 van 1963. Hiermee saam moet a 6 en Bylae B van Wet 100 van 1976 gelees word.

15. Hfst 9.

16. Veral dié van a 60.

17. Vgl ook a 2 van Wet 100 van 1976, waarvan die regsrag betwyfel kan word: vide infra.

18. Vgl Venter (1972) 330-1 en die behandeling van die begrip "Bantoestaatsreg" in die Inleiding van hierdie studie.

2.3. Die Voorrede

'n Voorrede by konstitusionele wetgewing is gebruikbaar, en daaruit kan veel afgelei word van die bedoeling van die wetgewer by die skepping van die staat.¹⁹⁾ Die voorrede tot die Grondwet bevat verskeie belangwekkende aspekte.

Die voorrede begin met 'n indrukwekkende geloofsbelydenis, wat meer ekspisiet en selfs suiwerder Christelik-georiënteerd is as die voorrede tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1961:

"In die Naam van God. Amen.

In vaste geloof dat alle gesag, wysheid, geregtigheid en sedelikheid van die Een Ewige God uitgaan,

en in nederige erkenning dat ons en alle wesens aan Sy wette onderworpe is:"

Hieruit blyk die bedoeling van die Wetgewende Vergadering om die Republiek Transkei te skep met erkenning van die kosmiese soewereiniteit van God. Indien hierdie geloofsbeleidenis 'n opregte bedoeling weerspieël, en nie 'n blote formaliteit was wat geles moet word as 'n steriele juridiese wetgewersbedoeling nie, is dit getuienis van die waardevolste bruidskat wat die Republiek van Suid-Afrika aan sy eerste dogterstaat kon laat toekom. Anders gestel: indien hierdie gedeelte van die voorrede 'n opregte geloofsbelydenis

19. Vgl Steyn (1974) 152-3.

is, is dit 'n sierlike bekroning vir die kersteningspogings van die afgelope twee eeue in die Transkei.

Wanneer hierdie Grondwet vergelyk word met Wet 32 van 1961, is dit opvallend dat 'n statutêre²⁰⁾ erkenning van die soewereiniteit van God, soos in die konstituerende bepaling van artikel 2 van Wet 32 van 1961,²¹⁾ in die Grondwet ontbreek. Dit bring mee dat juridiese middele beslis nie aangewend sal kan word om die staatsowerheid van die Republiek Transkei te dwing om in ooreenstemming met die geloofsbelydenis in die voorrede op te tree nie.

Die volgende sin is die voorrede lui:

"Neem ons, die Volk van Transkei, wat regmatiglik in hierdie Raad verteenwoordig is, hiermee hierdie Grondwet aan, vaardig ons dit uit en gee dit aan onself."

Hierdie sin herinner baie sterk aan die voorrede van die Konstitusie van die Verenigde State van Amerika.²²⁾ Ietwat meer realisties as die opstellers van laasgenoemde Konstitusie, word verklaar dat die Wetgewende Vergadering die Grondwet aanneem as verteenwoordigers van die Transkeise volk. Die skyn van 'n contrat so-

20. Dit is te betwyfel of die voorrede beskou kan word as wetgewing.

21. Vgl Venter (1977) 64.

22. "We the people of the United States ... do ordain and establish this Constitution for the United States of America." Kyk ook Vorster (1976) 94 se opmerkings hieroor.

cial word dus in die voorrede geskep, maar dit word nie in die Grondwet self verder gevoer nie.

Gebruikmaking van die eerste persoon ("ons") in die voorrede skep enkele vrae. In die eerste plek moet in die lig van die frase "wat regmatiglik in hierdie Raad verteenwoordig is," aanvaar word dat "ons" dui op die wetgewende liggaam wat die Grondwet aanneem, en nie die Transkeise volk nie. Die vraag is egter welke wetgewende liggaam, wat hoë saamgestel is. Die Derde Transkeise Wetgewende Vergadering is, soos reeds aangetoon, met ingang 29 September 1976 ontbind en die Vierde, saamgestel soos vereis deur Wet 48 van 1963, is op dieselfde datum verkies.²³⁾ Hierdie Vierde Wetgewende Vergadering is saamgestel uit 'n maksimum van vyf en sewentig hoofkapteins en kapteins en vyf en sewentig verkose lede.²⁴⁾ Wet 48 van 1963 het nog gegeld ná 24h00 op 25 Oktober 1976, toe die Transkei onafhanklik geword het,²⁵⁾ sodat die Vierde Wetgewende Vergadering steeds ingevolge dié Wet op 26 Oktober kon funksioneer. Die Wet op die Status van die

23. Ingevolge die reeds aangehaalde prokl R116 van 1976 van 2 Jul 1976.

24. Vgl a 23 en a 25 van die nou reeds herroepe Wet 48 van 1963 soos gewysig deur Wet 61 van 1975 en Wet 3 van 1976.

25. Kyk a 2(1) van Wet 100 van 1976, wat ingevolge die reeds aangehaalde prokl R213 van 1976 om 00h00 op 26 Okt 1976 in werking getree het.

Transkei 1976 het nou dié Wetgewende Vergadering gemagtig²⁶⁾ om onder meer 'n grondwet vir die onafhanklike Transkei te maak en om voorsiening te maak "vir die maak van sodanige wet(-te) deur 'n ander gesag as genoemde Wetgewende Vergadering." Aldus het die Vierde Transkeise Wetgewende Vergadering op 26 Oktober 1976 beskik oor die kompetensie om die Grondwet aan te neem en te promulgeer sonder toestemming daartoe deur die Suid-Afrikaanse Staatspresident,²⁷⁾ maar is by sodanige promulgering outomaties ontbind omdat artikel 74(1) en Bylae II van die Grondwet onder meer Wet 48 van 1963 in sy geheel herroep het. Weens die wysiging van artikel 23 van die Transkeise Grondwet 1963 deur Wet 3 van 1976 het dié Wetgewende Vergadering se samestelling voldoen aan die vereistes van artikel 22(1) van die nuwe Grondwet, ingevolge waarvan vyf en sewentig lede verkose moet wees en vyf en sewentig lede moet kom uit die geledere van die hoofkapteins en kapteins. Aldus is die gladde oorgang vanaf die Vierde Wetgewende Vergadering van die selfregerende Transkei na die eerste parlement van die onafhanklike Republiek Transkei moontlik gemaak deur artikel 31(3) van die Grondwet, wat bepaal dat nietaenstaande die herroeping van onder meer die Transkeise Grondwet 1963, die sessie van die Vierde Wetgewende Vergadering onmiddellik ná aanname van die nuwe Grondwet voortgesit kon word en dat sodanige voortgesette

26. In a 3(1).

27. Ingevolge a 3(2) van Wet 100 van 1976.

sessie geag sou word die eerste te wees van die Eerste Parlement van die Republiek Transkei.

Die aangehaalde frase in die voorrede "neem hiermee hierdie Grondwet aan, vaardig ... dit uit en gee dit aan onself" is ook interessant in dié opsig dat dit daarmee duidelik gestel word dat die Grondwet die skepping is van die Transkei en van geen ander (eksterne) gesag nie. Anders as die Zuid-Afrika Wet 1909, wat aangeneem is deur die Britse Parlement, en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1961, wat aangeneem is deur die Unieparlement en namens die Britse Koningin goedgekeur is deur die Goewerneur-generaal van die Unie, neem 'n verteenwoordigende wetgewende liggaam van die Transkei dus self ná onafhanklikwording die nuwe Grondwet aan. Dit word moontlik gemaak deur die reeds gemelde artikel 3 van die Wet op die Status van die Transkei 1976, wat op 26 Oktober 1976 in werking getree het en waarvan subartikel (1) die (Vierde) Wetgewende Vergadering van die Transkei gemagtig het om 'n grondwet vir Transkei te maak²⁸⁾ en subartikel (2) wat dit onnodig gemaak het vir die promulgering van so 'n grondwet, dat die Staatspresident dit goedkeur of onderteken.²⁹⁾

28. Die Transkeise goewermentskennisgewing 101 in die Transkeise Amptelike Koerant no 46 van 26 Okt 1976, waaronder Wet 15 van 1976 gepubliseer is, maak dit ook duidelik dat die Wet "deur die Wetgewende Vergadering van die Transkei aangeneem is kragtens artikel 3 van die Wet op die Status van die Transkei, 1976" (kursivering bygevoeg). Kyk Rautenbach (1977) 200.

29. Vgl die bespreking van hierdie proses van onafhanklikwording deur Booyen, Wiechers en Van Wyk (1976) 1-2 en Vorster (1976) 85.

Die volgende paragraaf van die voorrede lui:

"Ons besluit plegtig om Transkei te konstitueer
as soewerein,
onafhanklike Republiek waarin sy eie burgers,
sowel as
alle ander persone wat wettiglik daarin ver=
keer, verseker
kan wees van sosiale, politieke en ekonomiese
geregtigheid,
vryheid van spraak, byeenkoms en godsdiens so=
wel as
vrye toegang tot en gelykheid voor die Gereg
..."

Hierdie paragraaf is die naaste wat gekom word aan 'n menseregte-akte, of te wel 'n "Bill of Rights". As positiefregtelike voorskrifte vir die hantering van owerheidsgesag of die reëling van onderlinge verhou=
dinge van regsobjekte in die Transkei, is dit feitlik waardeloos. Die voorrede is nie wetgewing nie - hoogs=
tens kan dié paragraaf in geval van onduidelikheid of dubbelsinnigheid van 'n bepaling in die Grondwet self gebruik word om vas te stel wat die bedoeling met die wetgewing was.³⁰⁾

Die slotparagraaf van die voorrede lui:

"Voorts onderneem ons om alle bevoegdhede wat
ons onself
hiermee toe-eien, aan te wend tot bevordering van
die

30. Kyk weer Steyn (1974) 152-3 en vgl ook Vorster (1976) 94-5 en Rautenbach (1977) se opmerkings hieroor.

geestelike en stoflike welvaart van almal in ons
midde,
vir die handhawing van wet en orde, die verdedi-
ging
van ons land teen vyandiggesindes en die bevoorde-
ring
van vrede onder die volkere van die wêreld."

Die verwysings hierin na stoflike en geestelike wel-
vaart en na wet en orde herinner aan die voorrede tot
Wet 48 van 1963, asook dié tot Wet 32 van 1961, ter-
wyl die vermelding van die beveiliging van die land
en die bevordering van wêreldvrede skynbaar ook oor-
geneem is uit die voorrede van Wet 32 van 1961.

2.4. Konstituerende Bepalings

Artikel 1(1) skeep die Republiek Transkei en arti-
kel 1(2) bepaal dat Umtata in alle opsigte die rege-
ringsetel is.

Artikel 1(1) vermeld, met verwysing na onder meer
die eerste bylae tot die Wet, die geografiese gebied
van die nuwe Republiek. In dié bylae word die nege
streeksowerheidsgebiede waaruit Transkei bestaan, ver-
meld. Hierdie metode van geografiese identifisering
aan die hand van vermelding van die streeksowerheids-
gebiede, is ook gebruik in artikel 2 van Wet 48 van
1963. Etlike naamsveranderinge is ook aangebring:
die voormalige Dalindyebo-streeksowerheidsgebied word
Tembuland, die Nyanda-streeksowerheidsgebied word Wes-
Pondoland en die Qaukeni-streeksowerheidsgebied word
Oos-Pondoland. Die streeksowerheidsgebiede se grense

is nie verander nie, maar die name van verskeie van die agt en twintig Bantoegebiede (nou genoem "distrikte") waaruit die streeksowerheidsgebiede saamgestel is, is verander.³¹⁾

Ná vermelding van die gebiede en distrikte waaruit Transkei bestaan, word bygevoeg "tesame met ... dié ander grond wat daaraan teogevog mag word." Die bedoeling daarmee is klaarblyklik om voorsiening te maak vir die moontlikheid van uitbreiding van die Transkeise grondgebied deur verdere konsolidering daarvan deur die Republiek van Suid-Afrika. Hierdie soort bepaling is uniek aan die Suid-Afrikaanse situasie. Onder ander omstandighede sou sodanige konstitusionele bepaling kon dui op 'n veroweringsdrang van die nuwe staat. Nieteenstaande die omstandighede, tref dié bepaling egter ietwat vreemd: sou toevoegings gemaak word tot die Transkeise grondgebied, sal wetgewing in elk geval vereis word om vir die aanpassing voorsiening te maak, veral as dié toevoegings die verteenwoordigingsbalans in die Transkeise Parlement aflekteer. Bowendien kan dié bepaling geen juridiese doel in artikel 1(1) dien nie: synde 'n konstituerende bepaling, skeep artikel 1(1) die geografiese jurisdiksie van die Transkeise staatsowerheid. Die moont-

31. Vgl a 60(3)(f) en die eerste bylae. Wat die presiese grense van die 28 gebiede, en dus van Transkei self betref, moet daarop gelet word dat 14 van dié landdrosdistrikte se omskrywings kort voor onafhanklikwording aangepas is ingevolge Goewermentskennisgewing 802 van 1976 in Staatskoerant 5113 van 14 Mei 1976. Vgl ook Bylae A tot Wet 100 van 1976.

likheid van toevoegings tot dié jurisdiksionele gebied, is 'n blote spes. Owerheidsjurisdiksie kan tog nie bestaan oor 'n gebied of gebiede wat nog onder 'n ander staat se jurisdiksie staan nie, selfs al bestaan die hoop dat dié gebied op 'n onbepaalde latere stadium toegevoeg gaan word.³²⁾

Artikel 1(1) bepaal ook dat die seekus en territoriale waters van die gebied deel uitmaak van die geografiese gebied van die nuwe Republiek. Die omvang van hierdie territoriale waters by onafhanklikwording was natuurlik dieselfde as dié van die Republiek van Suid-Afrika. Die Parlement van Transkei is sedert 26 Oktober 1976 self kompetent om dit uit te brei, maar aan die ander kant het die uitbreiding van die Republiek van Suid-Afrika se territoriale waters en visserysone deur die Wysigingswet op Territoriale Waters 98 van 1977 dié van Transkei onveranderd gelaat.³³⁾

Om nou terug te keer tot die distrikte waaruit die onafhanklike Transkei bestaan: 'n probleem ontstaan oor die geldigheid van die Wet op die Status van die Transkei 1976, wat in artikel 1(1) bepaal: "Die gebied wat die Transkei heet en bestaan uit die dis=

32. Kyk ook Booysen Wiechers en Van Wyk (1976) 3.

33. So ver vasgestel kon word het die Transkeise Parlement nog nie wetgewing in hierdie verband aangeneem nie, sodat Transkei se territoriale waters ingevolge a 2 van die Wet op Territoriale Waters 87 van 1963 steeds 6 seemyle moet wees en die visserysone ingevolge a 3 van dié Wet, 12 seemyle.

trikte vermeld in Bylae A, word hierby tot soewereine en onafhanklike staat verklaar en hou op om 'n deel van die Republiek van Suid-Afrika te wees." Die distrikte vermeld in Bylae A is dieselfde as dié vermeld in die eerste bylae tot die Grondwet van die Republiek van Transkei 1976. Subartikel (2) bepaal: "Die Republiek van Suid-Afrika oefen geen gesag meer oor genoemde gebied uit nie." Daarmee saam moet gelet word op artikel 60(3) van Wet 15 van 1976 (Transkei), wat onder meer lui: "Enige verwysing in 'n wetsbepaling wat ingevolge subartikel (1) in Transkei van toepassing bly na -

(a) die Kaapkolonie, die Kaapprovinsie, die Unie van Suid-Afrika, die Unie, die Staat, die Republiek van Suid-Afrika of die Republiek word uitgelê as 'n verwysing na die Republiek van Transkei."

Tot en met 25 Oktober 1976 was die Transkei ingevolge artikel 1 van Wet 48 van 1963 "'n selfregerende gebied binne die Republiek van Suid-Afrika." Omdat daar voor 26 Oktober 1976 geen pertinente bepaling was wat meebring het dat die Transkei nie deel was van die Kaapprovinsie nie, was die Transkeise gebiede inbegryp in die grense van dié provinsie. Die Republiek van Suid-Afrika bestaan ingevolge artikel 1 van Wet 32 van 1961 uit die vier provinsies, sodat 'n uitsnyding uit die gebied van 'n provinsie die grense van die Republiek verander, en omgekeerd, naamlik dat 'n uitsnyding uit die gebied van die Republiek nie anders kan as om die grense van 'n provinsie te verander nie. Artikel 1 van Wet 100 van 1976 verander dus die grense van die Kaapprovinsie.

Artikel 114 van Wet 32 van 1961 bepaal onder meer: "Die Parlement - (a) verander nie die grense van 'n provinsie ... nie, behalwe ingevolge 'n petisie van die provinsiale raad van elke provinsie waarvan die grense daardeur geraak word nie."

Die uitwerking van artikel 114 en veral die vraag of die Parlement daardeur gebind word, is al betreklik wyd gedebatteer.³⁴⁾ Verskeie vraagstukke word gewoonlik by die saak betrek, soos parlementêre soewereiniteit, die vraag of 'n parlement homself en latere parlemente kan bind, die kwessie van herroeping van wetgewing by implikasie, die vraag wat presies die Parlement is, die geaardheid van parlementêre prosedurereëls, die toetsingskompetensie van die howe en die vraag of die Republiek 'n volkome eenheidstaat is en of daar sprake is van federale kenmerke. Hoewel die twee huise van die Parlement verskeie kere waar die probleem opgeduik het, by monde van die Speaker en die President van die Senaat die houding ingeneem het dat hy nie gebonde is aan die voorskrifte van artikel 114 nie,³⁵⁾ is die kwessie nog nooit werklik getoets nie. Om dus die ware (of ten minste die mees

34. Kyk bv Schmidt (1962), Kahn (1963(c)), May (1955) 385 en VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 390 en 518. Die gehalte van die parlementêre debatte oor artikel 114 rondom Wet 100 van 1976 moet betreur word, omdat dié enkele geldige punte wat geopper is, met flou vaaghede beantwoord is - vgl Debatte van die Volksraad 1976 Vol 19 kol 8455 e v, 8461 e v en 8628 en Debatte van die Senaat 1976 Vol 13 kol 3695, 3789 en 3840.

35. Kyk bv Kahn (1963(c)) 12-3.

waarskynlike) regsposisie te ontbloot, moet gebruik gemaak word van dit wat ter hand is in ons regspraak en gemene reg en veral ook die reëls van uitleg van wette.³⁶⁾

Artikel 114 is 'n herbepaling van artikel 149 van die Zuid-Afrika Wet 1909 soos gewysig in 1934.³⁷⁾ Artikel 149(b) van die Zuid-Afrika Wet 1909, wat handel oor die afskaffing van 'n provinsiale raad of die inkorting van provinsiale wetgewende kompetensies, asook die huidige eweknie daarvan, artikel 114(b) van Wet 32 van 1961, se prosedurevoorskrifte is by verskeie geleenthede deur die twee huise van die Parlement geignoreer.³⁸⁾ Aangesien die identiese prosedures vir subartikels (a) en (b) voorgeskryf word, kan sekerlik aangeneem word dat dieselfde wat reeds in die Parlement neergelê is en geskryf is oor subartikel (b) vir subartikel (a) sal geld. Wet 100 van 1976 is egter die eerste waarby artikel 114(a) in die gedrang gekom het.

Algemeen word skynbaar aanvaar dat artikel 114 nie die Parlement bind nie.³⁹⁾ Die kragtigste en mees

36. Vermelding van verskeie standpunte hieroor word aangetref in VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 36, 44-5, 233, 503 en 518.

37. A 1 van Wet 45 van 1934.

38. Vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 390 vn 59 en 60, asook die ander gesag aangehaal in vn 34 supra.

39. Vgl vnn 36 en 38 supra.

oorredende beredenering van hierdie standpunt is dié van Schmidt,⁴⁰⁾ wat die hoofklem laat val op die wetgewende soewereiniteit van die Parlement (ingevolge artikel 59(1) van Wet 32 van 1961) en die Britse staatsreg as uitgangspunte. Die kern van sy argument kom daarop neer dat artikel 114 vryelik deur die Parlement gewysig kan word, gesien artikel 118 van die Grondwet. Aangesien dit uitdruklik gedoen kan word (en sonder dat 'n spesiale wetgewende prosedure gevolg hoef te word), kan die wysiging ook by implikasie geskied. Skynbaar (en dit kom my voor die belangrikste oorweëring in die huidige konteks te wees) hoef die herroeping by implikasie nie in te hou dat die artikel uit die Grondwet geskrap word nie, maar bloot dat dit pro hac vice (vir die besondere geval of omstandighede) herroep of gewysig word. Hiervoor word onder meer gesteun op Krause v CIR 1929 A 286. Vir die standpunt dat 'n herroeping by implikasie pro hac vice kan geskied, wat terloops voorkom 'n uiters rare, of meer waarskynlik, 'n nie-bestaande verskynsel te wees, blyk dié saak en ook die ander materiaal wat Schmidt aanhaal,⁴¹⁾ nie baie oortuigende gesag te wees nie. 'n Verdere integrale deel van Schmidt se argument wat hier oorweeg moet word, is dat aangesien artikel 114 volgens normale wetgewingsprosedure herroep kan word, die vereiste preliminêre stap van 'n petisie van 'n provinsiale raad vir die wysiging van grense eweneens by

40. Schmidt (1962).

41. Schmidt (1962) vn 23.

implikasie herroep kan word, omdat artikel 114 nie sodanige petisie vir sy eie wysiging vereis nie. Met ander woorde, die petisieprosedure verskans artikel 114 nie.

Die enigste vermelding van 'n herroeping pro hac vice in die Krause-gewysde, is dié van appèlregter Wessels op 291⁴²⁾ waar hy 'n kontensie van die appèlant se advokaat, wat die hof klaarblyklik nie aanvaar het nie, uiteensit. Daarteenoor het appèlregter Stratford in dieselfde saak op 294, met verwysing na artikel 100 van die Zuid-Afrika Wet 1990, gesê: "Though in theory Parliament is free at any time to repeal the provision, it would require the clearest expression of intention to induce the Court to hold that Parliament intended to depart from so sound a principle, one which is vital to the proper functioning of the machinery of Government." Ook Beinart,⁴³⁾ wat deur Schmidt aangehaal is, stel dit duidelik dat herroeping by implikasie moontlik is, maar kwalifiseer dit met die volgende aanhaling uit 'n uitspraak van appèlregter Kotze:⁴⁴⁾ "The books tell us that a repeal by implication of an earlier statute by a later one is neither presumed nor favoured. It is only when

42. En moontlik by implikasie ook op 293.

43. Beinart (1952) 132-4.

44. New Modderfontein G M Co v Transvaal Provincial Administration 1919 A 367 op 400 en vgl ook Harris and Others v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A) 459.

the language used in the subsequent measure is so manifestly inconsistent with that employed in the former legislation that there is a repugnance and contradiction, so that the one conflicts with the other, that we are justified in coming to the conclusion that the earlier Act had been repealed by the later one." Eweneens dui Steyn⁴⁵⁾ en Maxwell⁴⁶⁾ aan dat wysiging by implikasie alleen geskied wanneer 'n latere wet duidelik onbestaanbaar is met 'n vroeëre wet en dat sodanige wysiging by implikasie nie ligtelik aange= neem kan word nie. Dit vloei hieruit voort dat 'n herroeping by implikasie pro hac vice, indien so iets moontlik sou wees, met nog groter traagheid gekonstru= eer moet word.

By nadere betragting van die konstruksie van 'n herroeping by implikasie pro hac vice blyk dit die omgekeerde van die generalia specialibus non derogant= reël te wees, naamlik dat latere spesiale bepalings vroeëre algemene bepalings herroep, maar ook nog daar= by dat sodanige herroeping vir alle ander doeleindes die vroeëre algemene bepaling ongeskonde laat. Toe= gepas op die onderhawige probleem, sou dit daarop neerkom dat Wet 100 van 1976 (wat klaarblyklik 'n spe= siale eenmalige maatreël is) artikel 114(a) van Wet 32 van 1961 (wat nie anders as 'n algemene bepaling kan wees nie) vir die doeleindes van dié spesiale een=

45. Steyn (1974) 102 en hfst v.

46. Maxwell (1969) 191.

malige geleentheid herroep indien eersgeneemde onversoenbaar is met laasgenoemde, maar dat artikel 114 vir alle ander doeleindes in stand gehou word. Terwyl herroeping deur 'n spesiale latere bepaling van 'n algemene vroeëre bepaling by implikasie in geval van onversoenbaarheid nie geheel vreemd is nie,⁴⁷⁾ doen sodanige herroeping pro hac vice hom egter uiters vreemd en nuut voor. 'n Meer aanvaarbare en eenvoudige konstruksie (ander oorwegings wat hieronder bespreek word voorlopig buite rekening gelaat) sou wees dat indien Wet 100 van 1976 sodanig onversoenbaar is met artikel 114(a) van Wet 32 van 1961, daaruit die bedoeling blyk dat laasgenoemde bepaling herroep word, en dan moet aanvaar word dat artikel 114(a) geskrap is. (Sodanige konstruksie sal terloops verder kan lei tot die gevolgtrekking dat artikel 114(b) ook moontlik reeds in 1962 met die aanname van die Groepsgebiede Wysigingswet 49 van 1962⁴⁸⁾ herroep is). Vraag is egter of Wet 100 van 1976 wel onversoenbaar is met artikel 114(a) van Wet 32 van 1961.

Op die oog af bots artikel 1(1) van Wet 100 van 1976 reëlreg met artikel 114(a) van Wet 32 van 1961. Dit wil egter voorkom of dit aangewese kan wees om selfs 'n gedwonge konstruksie te maak ten einde 'n

47. Vgl Steyn (1974) 191 by vn 5.

48. En indien nie toe nie, dan in 1963 met die aanname van a 37 (3) van die Transkeise Grondwet 1963 - vgl ook a 30(3) van Wet 21 van 1971.

versoening daar te stel. In Durban Corporation and Another v R 1946 N 109⁴⁹⁾ is gesê: "... an interpretation of apparently conflicting statutory provisions which involves the implied repeal of the earlier by the later ought not to be adopted unless it is inevitable. Any reasonable construction which offers an escape from it is more likely to be in consonance with the real intention." (Kursivering bygevoeg).

'n Gedwonge, maar moontlik nog redelike konstruksie, sou die volgende kan wees: die primêre bedoeling met Wet 100 van 1976 was om onafhanklikheid aan die Transkei te verleen. Dat die grense van die Kaapprovinsie daardeur verander sou word, is 'n toevalligheid. Artikel 114(a) het materieel die verskuiwing en verandering van inter-provinsiale grense binne die Republiek op die oog, en kan nie ter sprake kom by die skepping van 'n nuwe soewereine staat uit die grondgebied van die Republiek, welke optrede toevallig 'n gedeelte van 'n provinsie se territorium amputeer nie. Ergo, die twee bepalings is materieel versoenbaar en artikel 114(a) is nie by implikasie (of andersins) herroep nie!⁵⁰⁾ Indien artikel 114(a) materieel onveranderd bly voortbestaan, dan moet gekonkludeer word dat artikel 1(1) van Wet 100 van 1976 in stryd met artikel 114(a) se prosedurevoorskrif aangeneem is en derhalwe ongeldig is, of te wel nie 'n geldiglik aan-

49. Op 115, aangehaal deur Steyn (1974) 193. Vgl ook die gesag waarna hy t a p vn 11 verwys.

50. Met so 'n argument sou waarskynlik niemand gelukkig wees indien hy 'n hof daarvan moes oortuig nie.

genome Wet is nie. Hoewel 'n gedwonge konstruksie dus nog moontlik 'n versoening tussen die materie van die twee bepalings kan bewerkstellig, bots artikel 1(1) van Wet 100 van 1976 steeds met artikel 114(a) se prosedurevoorskrif.

Daarmee word nou gevorder tot die tweede oorwe-
ging in hierdie verband, naamlik hoe die petisieprose=
dure wat artikel 114 voorskryf die posisie beïnvloed.
Artikel 114(a) bestaan uit twee afsonderlike geledinge,
naamlik:

(i) "Die Parlement ... verander nie die grense
van 'n provinsie ... (en so meer) ... nie," en

(ii) "... behalwe ingevolge 'n petisie van die
provinsiale raad ... (en so meer)."

Hierbo is hoofsaaklik aandag geskenk aan die
eerste geleding, naamlik die materiële deel van die
bepaling, en dit blyk daaruit dat daar ruimte bestaan
vir 'n keuse tussen die standpunt dat artikel 1(1) van
Wet 100 van 1976 artikel 114(a) van Wet 32 van 1961
herroep, en die standpunt dat dié bepalings versoen=
baar is, wat, met in agneming van die prosedurevoor=
skrif van die tweede geleding van artikel 114(a), die
uitwerking sal hê dat Wet 100 van 1976 nie geldiglik
aangeneem is nie. Benewens die vraag welke van dié
standpunte die suiwerste is, moet die tweede geleding
van artikel 114(a) in berekening gebring word om by
'n globale gevolgtrekking uit te kom.

Aangesien artikel 114(a) nie verskans is nie,
kan geen fout gevind word met Schnidt se reedsaange=

haalde stelling dat dit by wyse van die gewone wetgewingsproses uitdruklik of by implikasie herroep of gewysig kan word nie. Of die vereiste petisieprosedure van die tweede geleding van die bepaling as herroep (hetsy finaal of pro hac vice) geag kan word onder omstandighede waar die Parlement dit eenvoudig nie nakom nie, is egter geheel 'n ander vraag. Dit wil voorkom of 'n positiewe antwoord op dié vraag 'n oorbeklemtoning is van die wetgewende soewereiniteit van die Parlement ingevolge artikel 59 van Wet 32 van 1961. Dat herroeping by implikasie van so 'n statutêre prosedurevoorskrif bloot deur nie-nakoming daarvan onwaarskynlik is, blyk ook uit die feit, soos reeds aangetoon is, dat duidelike aanduidings in 'n latere wet van die bedoeling om 'n vroeëre wet te herroep nodig is alvorens herroeping by implikasie gekonstrueer kan word. Geen ander aanduiding as ignorering van die petisieprosedure kan gevind word, veral nie in Wet 100 van 1976, van 'n bedoeling om die tweede geleding van artikel 114(a) van Wet 32 van 1961 te herroep nie. Die enigste gevolgtrekking kan dan wees dat die prosedurevoorskrif onaangeroerd gelaat is.

Sou nou volgehou word dat artikel 1(1) van Wet 100 van 1976 onversoenbaar is met die eerste geleding van artikel 114(a) van Wet 32 van 1961, bring die feit dat die tweede geleding nie herroep is nie, die insig dat die effek van die hele bepaling onaangetas bly: die herroeping van die eerste geleding sou meebring dat die Parlement wel die grense van 'n provinsie kan verander, maar die instandhouding van die tweede ge-

leding handhaaf die posisie dat by verandering van grense die petisieprosedure gevolg moet word. In die lig hiervan kry die gedwonge versoening van die eerste geleding van artikel 114(a) met artikel 1(1) van Wet 100 van 1976 meer regverdiging en lei tot die globale gevolgtrekking dat artikel 114(a) nie effektief herroep of gewysig is nie. Dié gevolgtrekking skep die verleentheid dat Wet 100 van 1976 nie geldiglik aangeneem is nie en derhalwe nie 'n Wet is nie.

Maar sou so 'n resultaat van wetsuitleg enige betekenis hê? Artikel 59(2) van Wet 32 van 1961 bepaal: "Geen geregshof is bevoeg om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van 'n Wet wat deur die Parlement aangeneem is nie, behalwe 'n Wet wat bepalings van artikel honderd en agt of honderd en agtien herroep of wysig of heet te herroep of te wysig." 'n Opvatting wat vandag geredelik aanvaar word,⁵¹⁾ is dat hierdie bepaling se uitwerking is dat 'n parlementêre akte wat voortgebring is sonder om die voorgeskrewe wetgewingsprosedure te volg, ook onder omstandighede deur die howe as 'n wet afdwing sal moet word. Dit sou meebring dat enige dokument wat 'n wet van die Parlement heet te wees, wat met ander woorde ingevolge artikel 65 van die Grondwet by die Griffier van die Appèlafdeling as sodanig geregistreer is nadat die Staatspresident dit onderteken het, deur die howe afdwing moet word sonder

51. Vgl by Van der Vyver (1975) 45 en Debatte van die Senaat 14-8 Junie 1976, Vol 13 kol 3695.

dat hulle die kompetensie het om vas te stel of dit inderdaad 'n Wet is, behalwe as dié "wet" die verskansde artikels aantas. Daar is egter goeie gronde om te aanvaar dat die howe beskik oor die kompetensie, en selfs moontlik bereid sal wees om, waar aangetoon kan word dat daar 'n prosedurele gebrek kleef aan so 'n "wet," te bevind dat dit nie 'n "Wet wat deur die Parlement aangeneem is," is nie. Streng gesproke sou so 'n bevinding nie neerkom op 'n ongeldigverklaring van 'n Wet nie, want dit sal behels dat bevind word dat die betrokke parlementêre akte, die putatiewe Wet, nie 'n wet is nie, maar prakties is so 'n onderskeid negerbaar klein.

Sonder om die bedremmelde ou koei van die "konstitusionele krisis" van die vyftigerjare volledig op te grawe, kan aangetoon word dat die bestaande presidentereg en wetgewing so 'n kompetensie vir die howe beskikbaar laat. In Rex v Ndobe 1930 A 484 op 497 het hoofregter De Villiers verklaar: "Under section 58 of the South Africa Act, each House of Parliament is free to prescribe its own rules with respect to the order and conduct of its business and proceedings. Into the due observance of such rules this Court is not competent to enquire. But whether an Act has been validly passed by Parliament is another matter." (Kursivering bygevoeg). Hoofregter Centlivres het in Haris and Others v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A) op 469 D-E hierdie stelling bevestig deur onder meer te sê: "... the principles enun-

ciated in Rex v Ndobe, supra, are still sound law, viz that courts of law have the power to declare Act 46 of 1951 invalid on the ground that it was not passed in conformity with the provisions of sections 35 and 152 of the South Africa Act."

Van der Vyver⁵²⁾ sê ook in hierdie verband: "Die Harris-beslissing, wat die regsposisie in dié verband van vóór Wet 9 van 1956 weergee, gee te kenne dat die hof 'n toetsingsreg het in alle gevalle waarin die voorgeskrewe formaliteite vir wetgewing nie nagekom is nie."⁵³⁾

Dat artikel 2 van Wet 9 van 1956 en artikel 59(2) van Wet 32 van 1961 die posisie verander het, kan nie sonder meer aanvaar word nie. Hierdie bepalings handel oor "die geldigheid van 'n Wet wat deur die Parlement aangeneem is." Dit is voor-die-hand-liggend dat met "'n Wet wat deur die Parlement aangeneem is" bedoel is 'n Wet wat geldiglik aangeneem is. Hierdie kontensie vind motivering in die volgende oorwegings:

(1) Gedurende die "konstitusionele krisis", wat aanleiding gegee het tot die aanname van artikel 2

52. T a p en vgl verder die eerste Harris-beslissing op 468 A.

53. Hy voeg onmiddellik daarby dat Wet 9 van 1956 (a 2 waarvan herbepaal is in a 59(2) van Wet 32 van 1961) die hof se toetsingskompetensie inkort vir gevalle wat nie binne die trefwydte van artikel 152 van die Zuid-Afrika Wet 1909 (tans a 118 van Wet 32 van 1961) val nie. Van hierdie standpunt word egter verskil - vide infra.

van Wet 9 van 1956 en die herbepaling daarvan in artikel 59(2) van die Grondwet, was daar nooit sprake van "gewone" wetgewing wat nie betrekking gehad het op die verskansde artikels nie. Die "ondeug" ("mis=chief")⁵⁴⁾ wat die wetgewer dus in gedagte gehad het, was nie die kompetensie van die houe om vas te stel of 'n parlementêre akte wat nie die verskansde artikels raak nie 'n Wet is of nie, maar hul toetsings=kompetensie van wetgewing wat die verskansingsprose=dure verontagsaam. Ironies genoeg is dié bepaling niks meer nie as 'n statutêre vergestaltung van die presedentereg soos geformuleer in veral die Ndobe- en Harris-gewysdes, soos hierbo aangehaal.⁵⁵⁾

(ii) Die vermoede van wetsuitleg dat 'n verwysing in 'n Wet na 'n handeling of 'n akte, 'n verwysing is na 'n regsgeldige handeling of 'n akte.⁵⁶⁾

(iii) Die vermoede dat die wetgewer algemene en nie uitsonderlike gevalle nie, wil dek.⁵⁷⁾ Wette wat prosedureel korrek aangeneem word, is sekerlik die reël en verontagsaming van prosedurereëls die uitsondering.

54. Vgl bv die eerste Harris-gewysde (1952 2 SA 428 A) op 459 G-H, en Steyn (1974) 24, 77 en 127.

55. Vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 251 en 521.

56. Steyn (1974) 132-3.

57. Steyn (1974) 84 e v.

(iv) Die vermoede dat die wetgewer die bestaande reg (in hierdie geval die presedentereg van die Ndobe- en Harris-sake soos hierbo vermeld) nie meer as wat dit nodig is nie, wil wysig.⁵⁸⁾

(v) Die vermoede dat die wetgewer nie 'n onbil=like, onregverdige of onredelike resultaat beoog nie.⁵⁹⁾ 'n Uitleg van artikel 59(2) met die effek dat die Par=lement vry is om enige prosedure te volg wat onder die omstandighede vir die regering van die dag gerief=lik is, insluitende prosedures wat statutêre voorskrif=te soos dié met betrekking tot die byeenroep en ses=sies van die Parlement,⁶⁰⁾ die kworum van onderskei=delik die Volksraad en Senaat,⁶¹⁾ die "onbevoegdhede" van senatore en volksraadslede,⁶²⁾ artikel 114 van Wet 32 van 1961 en verskeie ander,⁶³⁾ te verontagsaam, is sekerlik onredelik. Voortvloeiend uit hierdie ver=moede is ook die reël dat die wetgewer geen absurde gevolge beoog nie.⁶⁴⁾ Uitleg van artikel 58(2) wat aan die Parlement absolute prosedurevryheid toeken is

58. Steyn (1974) 102 e v.

59. Steyn (1974) 106 e v.

60. A 25 en a 26 van Wet 32 van 1961.

61. A 38 en a 50 van Wet 32 van 1961.

62. A 55 van Wet 32 van 1961.

63. Bv dié in a 60-5.

64. Steyn (1974) 123-4.

myns insiens in die lig van al die onherroepe statu-
têre en komvensionele prosedurereëls absurd.

Sedert die aanname van Wet 9 van 1956 en artikel 59(2) van die Grondwet is twee beslissings gerappor-
teer waaruit die howe se gesindheid oor die onderha-
wige probleem deurskemer, naamlik Bhendili v Attorney-
General Transvaal 1961 3 SA 232 (T) en S v Tuhadeleni
and Others 1967 4 SA 511 (T), 1969 1 SA 153 (A). In
Bhendili⁶⁵⁾ het die Transvaalse Afdeling 'n aansoek
om borgtog oorweeg nadat die Prokureur-generaal 'n be-
vel ingevolge artikel 108 bis van Wet 56 van 1955 ten
opsigte van die applikant uitgereik het dat borgtog
nie aan hom toegestaan mag word nie. Gemelde artikel
108 bis is by die Strafproseswet 1955 ingevoeg deur
Wet 39 van 1961, wat deur hoofregter LC Steyn goedge-
keur en onderteken is in sy hoedanigheid van "officer
administering the Government" nadat Sy Edele CR Swart
met die oog op sy verkiesing as die eerste Staatspre-
sident op eie versoek van sy amp as Goewerneur-gene-
raal onthef is. Een van die kontensies van die appli-
kant was dat Wet 39 van 1961 ondeldig is omdat die
hoofregter nie regsgeldiglik in die waarnemende hoe-
danigheid aangestel is nie, aangesien die Goewerneur-
generaal nie geldiglik uit sy amp onthef sou wees nie.
Regter Claassen het dié bewerings verwerp. Wat egter
insiggewend is, is dat geen verwysing gemaak is na

65. Waarin (terloops en interessantheidshalwe) uitspraak gegee
is op 30 Mei 1961, pas voor die in werkingtrede van a 59(2) van
Wet 32 van 1961.

artikel 2 van Wet 9 van 1956 nie en dat die Hof getuienis⁶⁶⁾ oorweeg het om vas te stel of die beweerde formele gebrek in die Wet bestaan het. Die Hof het hom dus gaan vergewis van die feit dat Wet 39 van 1961 inderdaad 'n Wet is "wat deur die Parlement aangeneem is" en derhalwe 'n geldige wet is! Die implikasie is dus dat, indien die applikant sy bewerings sou kon bewys, die Hof waarsynlik sou bevind het dat Wet 39 van 1961 nie 'n Wet was nie.

'n Verdere statutêre aanduiding dat artikel 59(2) van Wet 32 van 1961 nog 'n toetsingskompetensie ten opsigte van die wetgewingsprosedure laat, is artikel 12(1)(b) van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959,⁶⁷⁾ wat bepaal "... by die verhoor van 'n appèl ... waarin die regsgeldigheid van 'n Wet van die Parlement (waarby inbegrepe is 'n akte wat so 'n Wet heet te wees en waaraan die Staatspresident sy goedkeuring as so 'n Wet verleen het⁶⁸⁾) in geskil is, (maak) elf regters van die Appèlafdeling 'n kworum (uit)." Die feit dat hierdie bepaling drie jaar jonger is as artikel 2 van Wet 9 van 1956, dui myns insiens op 'n bedoeling om foutiewe vertolking van laasgenoemde bepaling te voorkom deur dit ex abundanti cautela te

66. 'n Beëdigde verklaring van die sekretaris van die Goewerneur-generaal.

67. Wat in wese 'n herbepaling is van a110 van die Zuid-Afrika Wet 1909 soos vervang deur a 1 van die Wet op die Kworum van die Appèlhof 1 van 1959.

68. Kursivering bygevoeg.

laat blyk dat die howe inderdaad steeds kompetent is om vas te stel of 'n parlementêre akte 'n Wet is wat geldiglik deur die Parlement aangeneem is.⁶⁹⁾

Die Tuhadeleni-gewysde was die eerste waarin elf appèlregters in ooreenstemming met artikel 12(1)(b) van Wet 59 van 1959 'n appèl verhoor het. Die gedeelte van die uitspraak van hoofregter Steyn wat hier ter sake is, het betrekking op een van die twee regs vrae wat vir oorweging van die Appèlafdeling voorbehou is, naamlik of die Transvaalse Provinsiale Afdeling in die lig van artikel 59(2) van Wet 32 van 1961 die jurisdiksie gehad het om ondersoek in te stel of uitspraak te doen oor die geldigheid van bepaalde wette in soverre hulle heet ven toepassing te wees in Suidwes-Afrika.

Met versysing na artikel 59(2) het hoofregter Steyn gesê:⁷⁰⁾ "Sub-section (2) is couched in wide terms. It speaks of 'no court of law' and, with the single exception mentioned therein, of 'any Act passed by Parliament.' I can find nothing ambiguous in these phrases. In their ordinary meaning, the first would certainly cover the trial Court and this Court in its consideration of the questions of law reserved, and the second would equally clearly refer to the en-

69. Dat a 59(2) van Wet 32 van 1961 nog jonger is as a 12(1)(b) van Wet 59 van 1959, beïnvloed nie dié standpunt nie, aangesien eg bloot 'n herbepaling van a 2 van Wet 9 van 1956 is.

70. Op 168 F-H van die verslag.

actments here in question, also in their application in the mandated territory. It is not contended that these enactments are not Acts, or part of Acts, passed by Parliament,⁷¹⁾ and they do not cease to be such in so far as they extend to the territory."

Met hierdie dictum het die Appèlafdeling bevestig dat geen buitengewone betekenis aan artikel 59(2) se bewoording, insluitende die woorde "'n Wet wat deur die Parlement aangeneem is nie," gegee moet word nie. Die gedeelte daarvan wat hierbo gekursiveer is, is ook in lyn met die gemene reg en artikel 12(1)(b) van Wet 59 van 1959, soos hierbo behandel. Belangriker nog, is die ryk implikasie vervat in die gekursiveerde gedeelte, naamlik dat, indien aangetoon kan word dat 'n parlementêre akte wat 'n Wet heet te wees, weens prosedurele of ander gebreke nie 'n geldige wet van die Parlement is nie, die howe dit nie as Wet sal toepas of afdwing nie.⁷²⁾

Opsommenderwys kan gestel word dat daar goeie gronde bestaan om die standpunt in te neem dat:

71. Kursivering bygevoeg.

72. Vgl ook Rautenbach (1974) 361-3 en VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 520. Dat die wetgewer homself ook gebonde ag aan regsvoorskrifte (waaronder ten minste statutêre prosedurereëls by die aanname van wetgewing moet tel), blyk uit a 9 van die Wet op die Bevoegdheid en Voorregte van die Parlement 91 van 1963, wat lui: "Niemand kan weens 'n handeling verrig op gesag en binne die wetlike bevoegdheid van die Parlement of kragtens 'n lasbrief wat uit hoofde van dié bevoegdheid uitgereik is, vir skadevergoeding of andersins aangespreek word nie." (Kursivering bygevoeg).

- (i) die Wet op die Status van die Transkei 100 van 1976, weens nie-nakoming van die prosedurevoorskrif van artikel 114(a) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 32 van 1961, nie geldiglik aangeneem is nie en derhalwe nie 'n Wet is nie, en
- (ii) dat 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika beskik oor die kompetensie om so 'n bevinding te maak en na aanleiding daarvan te versuim om die bepalinge van Wet 100 van 1976 toe te pas of af te dwing.

Gelukkig is die Suid-Afrikaanse staatsreg nie sodanig positivisties ingestel dat hierdie gevolgtrekking noodwendig die tot standkoming en onafhanklikheid van die Republiek Transkei terugwerkend hoef aan te tas nie. Die uitspraak van waarnemende hoofregter Stratford in Ndlwana v Hofmeyr NO and Others 1937 A 229 is ten opsigte van die vraag of die houe oor 'n toetsingskompetensie van wetgewing wat die verskansde artikels aantast, beskik, in die eerste Harris-beslissing in 1952 omver gewerp. Ten minste een belangrike staatsregtelike beginsel wat in die Ndlwana-uitspraak geformuleer is, is egter nie verwerp nie. Dit staan naamlik in verband met die kwessie van onherroeplike soewereiniteitsverlening aan die Unie van Suid-Afrika deur Brittanje ingevolge die Statuut van Westminster 1931. Die formulering van dié beginsel in Ndlwana lui soos volg, en die tersaaklikheid daarvan word beklemtoon as vir "Union," "Statute of Westminster," "Great Britain" en "revoked" onderskeidelik "Transkei", "Wet 100 van 1976," "Republiek van Suid-Afrika" en

"ongeldig verklaar" gelees word: "Mr Buchanan, somewhat hesitatingly it's true, questioned the sovereignty of the Union Parliament. He said that the Statute of Westminster by removing the fetters upon the legislative power of the Union Parliament did not confer sovereignty; that the power conferred rested upon a Statute of Great Britain and could therefore be revoked by a similar Statute. We cannot take this argument seriously. Freedom once conferred cannot be revoked."⁷³) (Kursivering bygevoeg).

Desnieteenstaande is die gevolgtrekking oor die swakhede van Wet 100 van 1976 'n refleksie op die owerheid se gesindheid ten opsigte van grondwetlike voorskrifte. Nie-nakoming van artikel 114(a) van Wet 32 van 1961 se petisieprosedure dui op onversigtigheid. Dit skep inderdaad 'n verleentheid wat myns insiens nie verdoesal kan word met 'n verwysing na die wetgewende sowereiniteit van die Parlement nie.

2.5. Die President

Die presidentsamp van Transkei is soortgelyk aan dié van die Republiek van Suid-Afrika. Hoofstuk 2 van Wet 15 van 1976 (Transkei) het "Die President" as op=

73. 237 van die verslag, en vgl ook Blackburn v Attorney-General (1971) 2 ALLER 1380 op 1382 (AC). Die aangehaalde spreuk is in hierdie geval ongetwyfeld van toepassing, omdat dit gaan om die verlening van onafhanklikheid, d w s die uitneem van gebied uit die jurisdiksie van die Republiek en nie om die verlening van blote selfregerende outonomie soos in 1963 nie. (Vgl ook par 4 van hfst III supra.)

skrif en handel oor die instelling van die amp, die "bevoegdhede" daarvan, sy verkiesing, ampsduur, bedanking, ontheffing, salaris en sy en sy weduwee se pensioen. Dat die presidentsamp, net soos dié van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, as statutêre kapstok gebruik word om owerheidskompetensies aan te hang, blyk onder meer uit die feit dat drie en dertig van die ses en sewentig artikels van die Grondwet melding maak daarvan.

Artikel 2(1) bepaal "Daar is 'n President van die Republiek van Transkei wat hoof van die Staat,⁷⁴⁾ en in eie persoon 'n unificerende simbool vir al die volkere⁷⁵⁾ van Transkei, is." Dit is opvallend dat die President nie as staatshoof 'n eenheidsimbool is nie, maar dié simboliese rol "in eie persoon" vervul. Hierdie simboliese funksie van die persoon wat die amp beklee moet waarskynlik gesien word as nog 'n staatsimbool naas die staatseël, nasionale vlag, ampswaapen en volkslied waaroor hoofstuk 3 van die Wet handel.

Dat die staats- en regeringshoofskap van Transkei geskei is, net soos dié van die Republiek van Suid-Afrika, blyk uit artikel 17(1) van die Wet, wat klaarblyklik 'n oorskrywing van (en verbetering op) arti-

74. Beter Afrikaans sou "staatshoof" wees - die Engelse teks praat van "Head of State."

75. Die meervoud "volkere" ("peoples") is ietwat verrassend in die lig van die voorrede, wat praat van "ons, die Volk van Transkei."

kel 16(1) en (2) van Wet 32 van 1961 is: "Die uitvoerende bevoegdheid⁷⁶⁾ van die Republiek berus by die President handelende op die advies van die Uitvoerende Raad en enige verwysing in hierdie Wet of in 'n ander wetsbepaling na die President word, tensy dit uitdruklik anders bepaal word of noodwendig anders veronderstel moet word,⁷⁷⁾ uitgelê as 'n verwysing na die President handelende op die advies van die Uitvoerende Raad." Behoudens die uitsonderings waarvoor artikel 17(4), wat ook klaarblyklik 'n naskrywing van artikel 16(3) van Wet 32 van 1961 is, voorsiening maak (later meer hieroor), is die President van Transkei dus ook nie met effektiewe regeringsgesag bekleed nie, maar vervul naas sy simboliese funksie, die rol van 'n instrument in die hande van die Uitvoerende Raad.

Dit blyk dus reeds dat die historiese wortels van die presidentsamp van Transkei deur die Suid-Afrikaanse staatsreg lê in die Brits-koloniale staatsreg, aangesien die amp op dié van die Suid-Afrikaanse Staatspresident gemodelleer is, wat weer histories swaar steun op die Unie van Suid-Afrika se goewerneur-generaalsamp en die voorgangers daarvan, naamlik die koloniale goewerneysamp. Net soos die Suid-Afrikaanse staatspresidentsamp, is die Transkeise presidentsamp dus myns insiens nie tipies republikeins nie.⁷⁸⁾ Hier=

76. "Executive power" in die Engelse teks.

77. " ... or must necessarily be otherwise implied" in die Engelse teks.

78. Kyk ook Booyesen, Wiechers en Van Wyk (1976) 4-5 en Vorster (1976) veral op 93.

die indruk word deur die res van die bepalings aangaande die President bevestig.

Die res van artikel 2 van Wet 15 van 1976 (Transkei) handel, soos artikel 7(2) - (5) van Wet 32 van 1961, oor die voormalige koninklike prerogatiewe wat in die hande van die President geplaas word en oor die voortgesette gelding van die konvensies met betrekking tot die President se ampsuitoefening. Ingevolge artikel 2(2) het die President, behoudens die ander bepalings van die Wet, die kompetensie om die tye vir parlementêre sessies te bepaal en om dit te prorogeer en te ontbind,⁷⁹⁾ om diplomatieke verteenwoordigers en diesulkes aan te stel, te akkrediteer, te ontvang en te erken, om internasionale ooreenkomste en so meer aan te gaan en te bekragtig, om eerbewyse toe te ken, om oortreders te begenadig, om oorlog te verklaar, vrede te sluit en krygswet af te kondig en te beëindig, en ingevolge subartikel (4)(a) het die President ook al die kompetensies (en so meer) wat die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika op 25 Oktober 1976 by wyse van prerogatief gehad het.⁸⁰⁾ Daarbenewens is die President ingevolge subartikel (3) ook nog die "opperbevelhebber van die weermagte van Trans-

79. Vgl ook a 31(1) en a 33 van die Wet.

80. Die Staatspresident se prerogatiewe is ingevolge a 7(4) van Wet 32 van 1961 afkomstig uit dié wat die Britse Koningin t o v die Unie op 30 Mei 1961 gehad het! Vir 'n waarskynlik na aan volledige lys daarvan, vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 258-61.

kei" en kan hy, onderworpe egter aan voorwaardes wat statutêr voorgeskryf mag word, die "weermagte" mobiliseer en kommissiering daarin toeken. Die finale Engelsregtelike kinkel wat in artikel 2 na die voorbeeld van Wet 32 van 1961 aan die Presidentsamp gegee word, is vervat in subartikel 4(b), wat die "konstitusionele konvensies" wat aan die Suid-Afrikaanse Staatspresident se ampsuitoefening op 25 Oktober 1976 gekleef het, oorplant op die Transkeise Presidentsamp.⁸¹⁾

Die wysheid daarvan om 'n jong Afrikarepubliek met 'n Suid-Afrikaanse regsagtergrond, te gaan belas met Engelsregtelike konsepsies, soos konvensies en prerogatiewe wat op hul beste derdehands en vaag is en waarvan die betekenis en omvang in die Suid-Afrikaanse staatsreg reeds onduidelik is, moet sterk in twyfel getrek word. Dit het alleen die potensiaal, soos in die Suid-Afrikaanse staatsreg, om tot onsekerheid oor die inhoud van die staatsreg te lei.⁸²⁾ In elk geval het die reeds aangehaalde artikel 17(1) die

81. Net soos die prerogatiewe, is die konvensies wat op 25 Okt 1976 bestaan het, ingevolge a 7(5) van Wet 32 van 1961, dié wat op 30 Mei 1961 in die Unie bestaan het. Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 8 vn 23 wil 'n saak daarvoor uitmaak dat a 2(4)(b) nie dié konvensies raak wat tye vir die uitoefening van kompetensies voorskryf nie, maar die argument kom my gekunsteld voor, aangesien a 2(4)(b) m i wyd genoeg geformuleer is om alle aspekte (dus ook die tydsaspek) van die President se ampsuitoefening te tref.

82. Kyk ook Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 5-6, Vorster (1976) 96 en Rautenbach (1977) 204-6.

effek dat die "prerogatiewe" wat in die hande van die President geplaas word, hul element van diskresie ontneem word, aangesien die President dit alleen op advies van die Uitvoerende Raad kan uitoefen, sodat dit bloot statutêr-verleende kompetensies van die uitvoerende gesag word.

Artikels 3 en 4 van Wet 15 van 1976 (Transkei) maak op soortgelyke wyse as artikels 8 en 9 van Wet 32 van 1961 voorsiening vir die verkiesing van die President deur die Volksraad van Transkei, "sittende as 'n kieskollege onder voorsitterskap van die Hoofregter of 'n ander regter." Die vereiste kwalifikasies vir kandidaatskap is 'n ouderdom van minstens dertig jaar, vyf jaar verblyf in Transkei en origens kwalifikasie vir lidmaatskap van die Volksraad. Artikel 5 stel die ampsduur van die President op sewe jaar bereken vanaf eedaflegging en hy is, soos Suid-Afrika se Staatspresident,⁸³⁾ alleen herkiesbaar indien die Volksraad uitdruklik by besluit so bepaal. Ook mag hy nie Transkei sonder die toestemming van die Uitvoerende Raad verlaat nie. Ingevolge artikel 6 kan die President te eniger tyd sy bedanking skriftelik by die Speaker indien, en artikel 7 maak voorsiening vir die ontheffing van die President uit sy amp. Sodanige ontheffing geskied by wyse van besluit van die Volksraad nadat 'n petisie, onderteken deur ten minste vyf en twintig lede van die Volksraad, by die

83. Ingevolge a 10 van Wet 32 van 1961.

Speaker ingedien is, waarin versoek word dat hy "op grond van wangedrag of onvermoë ... om sy ampspligte doeltreffend uit te voer" uit sy amp onthef word en dat 'n komitee aangewys word om ondersoek in te stel na die inhoud van die petisie en nadat die verslag van so 'n komitee oorweeg is. Wiechers⁸⁴⁾ se opinie na aanleiding van die gelykluidende bepaling van Wet 32 van 1961, dat hiermee 'n instrument aan die Volksraad verleen word om die nakoming deur die President van konvensies of optrede in ooreenstemming met die advies van die Uitvoerende Raad af te dwing, word nie gedeelnie, aangesien sodanige optrede myns insiens nie noodwendig vertolk kan word as "wangedrag of onvermoë" nie - die gronde vir ontslag kom my voor eerder te slaan op die morele gedrag en praktiese vermoë van die President.

Artikel 8 bepaal dat die President se salaris en toelaes deur die Parlement vasgestel word en nie gedurende sy ampstermyn tot sy nadeel verander word nie, en artikel 9 handel oor sy en sy weduwee se pensioen.

Artikel 10 bepaal dat die Speaker as President waarneem wanneer laasgenoemde nie sy pligte kan nakom nie of die amp vakant raak, en artikel 11 vereis die aflegging van 'n eed voor die Hoofregter of 'n ander regter deur die President of Waarnemende President, welke eed in Bylae 2 tot die Wet voorgeskryf word.

84. VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 267.

Die belangrikste van dié eed is myns insiens dat die President sweer dat hy Transkei se "Grondwet en ander wette sal gehoorsaam, handhaaf en onderhou."

Benewens die bepalings van Hoofstuk 2 en die enkele ander reeds gemelde bepalings van die Wet is daar, soos reeds vermeld, verskeie ander bepalings wat die Presidentsamp reël. Artikel 12(2) bepaal dat die Staatseël van Transkei deur die President bewaar word en dat hy kan bepaal op welke stukke dit gebruik moet word. Artikel 18 magtig die President om staatsdepartemente" vir die voortsetting van die sake van die Republiek" in te stel en om hoogstens vyftien ministers aan te stel om dié departemente te administreer. Artikel 19 magtig hom om waarnemende ministers en artikel 20 om hoogstens vyf adjunk-ministers aan te stel. Artikel 21 maak van die President, naas die Volksraad, 'n samestellende deel van die Parlement en vereis sy toestemming tot wetsontwerpe wat aangenem is deur die Volksraad om daarvan wette te maak. Artikels 40 en 41 bevat ook verdere besonderhede oor die goedkeuring en ondertekening van wetsontwerpe deur die President. Artikel 46 magtig die President om 'n hoofregter, ander regters en waarnemende regters aan te stel en artikel 48 magtig hom om regters van hul ampte te onthef nadat die Volksraad op grond van

wangedrag of onvermoë daarom gevra het.⁸⁵⁾ Artikel 49(2) vereis dat die President die Hooggeregshof se hofreëls moet goedkeur. Artikel 51(2) en (5) magtig die President om 'n prokureur-generaal of waarnemende prokureur-generaal aan te stel. Artikel 55 bepaal: "Alle inkomste en ander gelde wat uit watter bron ook al vir die doeleindes van die administrasie van Transkei ontvang word, berus by die President." Artikel 60(3)(b) bepaal dat verwysings in vroeëre wetgewing wat nā onafhanklikwording in Transkei bly geld het, na "die Goewerneur, die Kroon, die Koning, die Koningin, die Goewerneur-generaal of die Staatspresident ... uitgelê (word) as 'n verwysing na die Republiek van Transkei of die President soos omstandighede mag vereis," en sub-artikel (c) gee aan "Koning-," "Koningin-" en "Goewerneur-generaal-in-Rade" die betekenis van "die President handelende met die advies van die Uitvoerende Raad." Artikel 60(4) magtig die President om administratiewe moeilikhede wat weens sekere oorgangsbepalings mag ontstaan, by proklamasie uit die weg te ruim.⁸⁶⁾ Artikel 61(a) laat alle regerings=

85. Aangesien die aanstelling van regters alleen op advies van die Uitvoerende Raad kan geskied, hulle alleen op versoek van die Volksraad ontslaan kan word en hulle ingevolge a 46(2) moet voldoen aan hoë professionele kwalifikasies is Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 13 se opmerking dat "die president dus sy persoonlike siening 'n groot rol (kan) laat speel deur 'politieke aanstellings' op die regbank" te maak, m i vergesog.

86. Vgl ook die soortgelyke a 14 van Wet 68 van 1951 en kyk Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 12, wat meen dat dié bepaling streng uitgelê moet word.

grond wat gereserveer is vir die stamme en gemeenskap=pe wat daarop woon, by die President berus, maar on=derworpe aan bestaande laste daarop of voorwaardes ten opsigte daarvan soos op 25 Oktober 1976. Artikel 64(1) magtig die President om die voorsitter en ander twee lede van die Staatsdienskommissie aan te stel. Artikel 66 vereis dat aanstellings van hoofkapteins, kapteins en onderkapteins deur die streeksowerhede, deur die President bekragtig moet word. Artikel 71⁸⁷⁾ staan in verband met die beskerming van die waardig=heid van die President en is mutatis mutandis soort=gelyk aan artikel 13 van Wet 32 van 1961 en bevat dus ook die reeds bewese swakhede van laasgenoemde bepa=ling.⁸⁸⁾

Ná betragting van die bepalings wat die Transkei=se Presidentsamp reël, word geen verdere betoog ge=verg oor die feit dat die Staatspresidentsamp van die Republiek van Suid-Afrika as uitsluitlike voorbeeld gendien het by die ontwerp daarvan nie: trouens, die meeste van gemelde bepalings van Wet 15 van 1976 (Trans=kei) is oninspirerende oorskrywings uit Wet 32 van 1961. Van tradisionele denkbeelde en idees het daar in die Presidentsamp niks tereg gekom nie. Die Trans=

87. Die Engelse teks daarvan.

88. Vgl bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 265 en S v Beyleveld and Others 1964 1 SA 269 (T).

keise President het dus met enkele uitsonderings⁸⁹⁾ volledig in die skoene van die Suid-Afrikaanse Staats= president getree.

2.6. Ander⁹⁰⁾ Staatsimbole

Soos reeds vermeld, maak hoofstuk 3 van die Wet voorsiening vir 'n staatseël,⁹¹⁾ 'n nasionale vlag,⁹²⁾ 'n ampswapen,⁹³⁾ 'n volkslied⁹⁴⁾ en vir die ampstale: artikel 16 bepaal naamlik dat Xhosa die (enigste) amp=telike taal van Transkei is, maar dat Sesotho, Engels en Afrikaans ook "vir wetgewende, geregtelike en ad=ministratiewe doeleindes" gebruik kan word. Die ge=bruik van dié tale vir amptelike doeleindes is egter onderhewig aan artikel 41, wat as deel van die promul=geringsproses van wette van die Parlement vereis dat eksemplare daarvan slegs in Xhosa en Engels⁹⁵⁾ by die

89. Soos in verband met die proklamasiekompetensie van die Staatspresident ingevolge a 25 van Wet 38 van 1927 en ook sy opperhoofskap ingevolge a 1 van dié Wet, wat deur a 74(1) en Bylae II van Wet 15 van 1976 (Transkei) herroep is.

90. Kyk Vorster (1976) 96-7 se waardering van die waarde van die Presidentsamp, vlag en volkslied as eenheidsimbole.

91. A 12.

92. A 13.

93. A14 en Bylae 3.

94. A 15 en Bylae 4.

95. Oorspronklik is die opname van 'n Sesotho-tek ook deur a 41 vereis, maar dié vereiste is geskrap deur a 1 van die Constitu=
tion Amendment Act 2 van 1977 (Tk) gepubliseer in die Government
Gazette of the Republic of Transkei Vol 2 6 Mei 1977 no 22.

griffier van die Hooggeregshof van Transkei opgeneem moet word.

2.7. Die Uitvoerende Gesag

Die reedsaangehaalde artikel 17(1) plaas die uitvoerende gesag van Transkei in die hande van die Uitvoerende Raad, wat dit hoofsaaklik met die Presidentsamp as instrument uitoefen. Artikel 17(4) sonder egter, soos artikel 16(3) van Wet 32 van 1961, sekere kompetensies van die President uit van die vereiste navolging van die advies van die Uitvoerende Raad, naamlik sy kompetensie om ministers aan te stel, sy kompetensies om die Parlement byeen te roep en te probeer en om die Volksraad te ontbind en sy kompetensies wat hy konvensioneel sonder die advies van die Uitvoerende Raad kan uitoefen. Die mate van diskresie wat hiermee aan die President verleen is, word egter op verskeie wyses beperk. ⁹⁶⁾ Weens die voortgesette gelding van konvensies ingevolge artikel 2(4)(b) van die Wet, moet die President (seker so lank as wat daar 'n partystelsel in Transkei bestaan) die leier van die sterkste party in die Volksraad ná 'n algemene verkiesing as Eerste Minister aanstel en die ander veertien Ministers op sy aanbeveling.⁹⁶⁾ Wat die byeen-

96. Kyk bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 156 par 1 en 2. Die konstruering van hierdie konvensie word ongetwyfel moeilik deur die feit dat die Parlement eenkameraal en die Volksraad slegs gedeeltelik verkose is. Om egter hiervan af te lei dat die President by die aanstelling van Ministers 'n vrye diskresie het, soos Booyen, Wiechers en Van Wyk (1976) 8-9 meen, lyk

roeping en prorogering van die Parlement en die ontbinding van die Volksraad betref, is dit betreklik problematies om die regsposisie tussen artikels 17(4) (a) (ii), 2(2) (a) en (b), 31 en 33 van die Wet uit te sorteer,⁹⁷⁾ maar daar kan waarskynlik aanvaar word dat die President onder normale omstandighede ook maar konvensioneel verplig sal wees om ten minste die Eerste Minister daarin te raadpleeg.⁹⁸⁾ Die kompetensies

nie aanvaarbaar nie, aangesien dit duidelik is dat dit te veel regeringsgesag in die hande van 'n amp sou plaas wat, afgelei van die res van die Wet, klaarblyklik bedoel is om 'n passiewe, simbooliese rol te vervul soos die Suid-Afrikaanse Staatspresident. Vgl ook Vorster (1976) 98-9.

97. A 17(4) (a) (ii) verwys na a 2(2), sub-subartikels (a) en (b) wat onderskeidelik die President magtig om behoudens die bepalings van die Wet tye vir die hou van sessies van die Volksraad te bepaal (wat dieselfde is as die byeenroeping van die Parlement), die Parlement te prorogeer en die Volksraad te ontbind. Dit alleenstaande sou vertolk kan word as weglating van hierdie kompetensies uit die geledere van dié waaroor die President die Uitvoerende Raad se advies moet volg. A 31 en a 33 moet egter ook saam met a 2 gelees word: ingevolge a 31(1) bepaal die President by proklamasie die tye "wat hy goedvind" vir sessies, wat steeds dui op vryheid van die Uitvoerende Raad se advies. A 31(2) plaas hierop darem die beperking dat minstens een sessie jaarliks byeengeroep moet word met tussenpouses van 'n maksimum van twaalf maande. A 33(1) bepaal dat die Parlement voor die afloop van sy gewone termyn "te eniger tyd deur die President by proklamasie in die Staatskoerant ontbind" kan word. Nóg in dié bepaling, nóg elders in die Wet is daar egter 'n aanduiding van diskresievryheid vir die President - immers a 33(1) moet, by gebrek aan vermelding daarvan in a 17(4) seker onderhewig aan a 17(1)-(3) gelees word, wat sou kon beteken dat die ontbinding van die Volksraad ingevolge a 2(2) (waarna a 17(4) (a) (ii) verwys) onderhewig aan a 33(1) moet geskied, sodat die ontbindingsproklamasie alleen op advies van die Uitvoerende Raad uitgereik kan word.

98. Kyk bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 269 en vgl Booyesen, Wiechers en Van Wyk (1976) 11-2.

wat die President konvensioneel sonder advies kan uitoefen, het seker hoofsaaklik betrekking op wat bekend staan as "reserwemagte" om onder krisissomstandighede, soos die val van 'n regering weens 'n parlementêre mosie van wantroue, die samestelling van koalisieregerings en so meer, eiehandig op te tree.⁹⁹⁾

Artikel 17(3) van Wet 15 van 1976 (Transkei) is 'n oorskrywing van (en verbetering op) artikel 19 van Wet 32 van 1961. Dit lui: "Die President oefen sy bevoegdhede, gesag en werksaamhede kragtens subartikels (1) en (2) skriftelik uit onder sy handtekening wat bevestig word deur die in artikel 12 bedoelde staatseël en elke stuk wat deur die President onderteken word, moet deur 'n Minister mede-onderteken word." Die probleem wat in die Suid-Afrikaanse staatsreg ontstaan het weens artikel 19 van Wet 32 van 1961¹⁰⁰⁾ dat 'n Minister dokumente moet mede-onderteken selfs al handel dit oor 'n saak waarvoor die Uitvoerende Raad se advies nie nodig is nie, is in Transkei uitgeskakel deurdat sodanige mede-ondertekening onnodig is weens die feit dat artikel 17(4) ook artikel 17(3) se werking ten opsigte van die reeds gemelde uitgesonderde kompetensies uitsluit.

Artikel 17(2) is 'n oorgangsbepaling wat stilswy-

99. Kyk by VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 155.

100. Kyk VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 269-71 en die gesag waarna daar verwys word.

end hoofsaaklik herinner aan artikel 111 van Wet 32 van 1961 en artikels 22 en 67 van Wet 48 van 1963, en ongetwyfeld by dié bepalings aansluit. Dit lui: "Daar berus by die President, behoudens die bepalings van hierdie Wet, die administratiewe beheer en die bevoegd=hede, gesag en werksaamhede in alle aangeleenthede wat die volkere van Transkei raak (uitgesonderd wet=gewende bevoegdhede en die gesag, bevoegdhede, regte en immuniteite van die opperhoof) wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van die Wet op die Status van die Transkei, 1976 of hierdie Wet by die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika of by die Kabinet van Transkei, na gelang van die geval, berus het." Dit kom my voor dat hierdie bepaling se hoofmeriete is dat die uitvoerende gesag ten opsigte van spesifieke sake wat voor onafhanklikwording bestaan het weens wetgewing wat deur Wet 15 van 1976 (Transkei) herroep is, daardeur in die hande van die Uitvoerende Raad ge=plaas word.

Artikel 18(2) bepaal dat die vyftien persone wat die President ingevolge die reeds gemelde subartikel (1) aanstel om die staatsdepartemente te administreer, staatsministers is, dat hulle die Uitvoerende Raad uitmaak en dat hulle hulle ampte beklee "so lank dit die President behaag." Aangesien artikel 18(2) nie deur artikel 17(1) tot (3) uitgesonder word nie, be=teken die laasgenoemde frase, nieteenstaande die strek=king daarvan, dat enkele Ministers normaalweg alleen uit hul ampte ontslaan kan word op die advies van die

res van die Uitvoerende Raad.¹⁰¹⁾ Artikel 18(3) vereis dat 'n Minister 'n lid van die Volksraad moet wees¹⁰²⁾ en die eed wat in Deel 1 van Bylae 5 voorgeskryf word, voor die President moet aflê. In dié eed word onder meer handhawing van die Grondwet en nakoming van die ander reg van Transkei, asook geheimhouding ten opsigte van uitvoerende raadsake, onderneem.

Artikel 20 reël die aanstelling uit die geledere van die Volksraad, van Adjunk-ministers, welke aanstelling (en ontslag) op die advies van die Uitvoerende Raad moet geskied. Adjunk-ministers is nie lede van die Uitvoerende Raad nie.¹⁰³⁾

101. 'n Soortgelyke situasie bestaan t a v a 20(2) van Wet 32 van 1961, wat klaarblyklik as (swak) voorbeeld vir die formulering van a 18(2) van Wet 15 van 1976 (Transkei) gedien het: vgl VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 268-9. Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 10 konstrueer ook hier vir die President 'n wye diskresie, maar die algemene strekking van die Wet en die klaarblyklike wetgewersbedoeling om die Suid-Afrikaanse staatsreg na te volg, argumenteer m i teen so 'n diskresie, behalwe waar die sg "reserve powers" onder krisissomstandighede op die spel kom.

102. Anders as Ministers in Suid-Afrika ingevolge a 20(3) van Wet 32 van 1961, word hier dus nie 'n grasietydperk van drie maande toegelaat vir 'n persoon om eers lid te word van die Volksraad nie, hy moet by sy aanstelling reeds so 'n lid wees.

103. Vgl a 21 van Wet 32 van 1961, wat klaarblyklik hier as voorbeeld gedien het.

2.8. Die Wetgewende Gesag

Artikel 21(1) is mutatis mutandis 'n oorskrywing van artikel 24(1) van Wet 32 van 1961, wat weer 'n herbepaling is van artikel 19 van die Zuid-Afrika Wet 1909 en dit laat die wetgewende gesag by die Parlement van Transkei, bestaande uit die Volksraad en die President, berus.

Artikel 21(2) is 'n woordelike oorskrywing van artikel 59(1) van Wet 32 van 1961, wat weer 'n samevoeging was van artikel 59 van die Zuid-Afrika Wet 1909 en die eerste gedeelte van artikel 2 van die Wet op die Status van die Unie 69 van 1934, en bepaal dat die Parlement die soewereine wetgewer in en oor Transkei is en wette kan maak vir die vrede, orde en goeie regering daarvan. Die soewereiniteitsverlening van artikel 21(1) moet klaarblyklik op twee (versoenbare) wyses vertolk word, naamlik eerstens dat daar geen wetgewer meer buite Transkei is wat vir dié Republiek wette kan maak nie¹⁰⁴⁾ en tweedens dat daar in Transkei geen wetgewer is wie se wetgewing voorrang bo dié van die Parlement moet geniet nie.¹⁰⁵⁾

Artikel 21(4) is 'n skadubeeld van artikel 59(2) van Wet 32 van 1961, maar laat ietwat minder ruimte

104. 'n Vertolking wat ontleen word aan a 2 van Wet 69 van 1934. Vgl ook bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 280.

105. 'n Vertolking wat eerder ontleen word aan die betekenis van a 59(1) van Wet 32 van 1961: kyk ook VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 280-1.

as laasgenoemde bepaling vir twyfel oor die beperking van die howe se jurisdiksie om wette van die Parlement vir geldigheid te toets: "Geen geregshof is bevoeg om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van enige Wet nie." Die begrip "Wet" moet hier verstaan word in die sin van artikel 21(3) wat lui: "Die Parlement oefen sy mag om wette te maak uit deur middel van wetsontwerpe wat deur die Volksraad aangeneem word en waartoe die President sy toestemming verleen en elke wetsontwerp ten opsigte waarvan toestemming aldus verleen is, heet 'n Wet." Volgens dieselfde argument wat hierbo in verband met artikel 59(2) van Wet 32 van 1961 gebruik is, moet die uitdrukking in hierdie artikel 21(3) "wetsontwerpe wat deur die Volksraad aangeneem is" sekerlik dui op wetsontwerpe wat korrek, volgens die voorgeskrewe procedure, deur 'n Volksraad wat korrek saamgestel en geldiglik in sessie was, aangeneem is. Hoewel die algemene toetsingskompetensie vir die howe in Transkei dus effektief deur artikel 21(4) uitgesluit word, is daar voldoende rede om te aanvaar dat die howe geldiglik kan bevind dat 'n akte wat heet 'n Wet te wees, nie so 'n Wet is nie weens die een of die ander procedurele tekortkoming wat daaraan kleef.

Ingevolge artikel 22(1), Bylae 1 en artikel 29(1) word die Volksraad op dieselfde wyse saamgestel as waarvoor die vroeër vermelde gelykluidende artikels 23 en 25(1) van Wet 48 van 1963 onderskeidelik, soos vervang deur Wet 3 van 1976, voorsiening maak, naamlik uit die vyf hoofkapteins, sewentig ander kapteins en

vyf en sewentig verkose lede. Artikel 22(2) het ter aanvulling van die vroeër vermelde artikel 31(3) ge= dien om 'n gladde oorgang van die Transkeise Wetgewen= de Vergadering na die Volksraad van Transkei op 26 Oktober 1976 te bewerkstellig deur te bepaal dat die Wetgewende Vergadering, soos saamgestel op 25 Oktober 1976, geag word behoorlik saamgestel te wees as die Volksraad. Die lede moes egter eers die deur artikel 27 en Bylae 6 voorgeskrewe eed voor die Hoofregter af= lê en onderteken, waarin onder meer onderwerping aan die Grondwet van Transkei en die ander Transkeise reg onderneem word.

Artikel 23 bepaal, net soos artikel 26 van Wet 48 van 1963 soos gewysig, dat elk van die agt en twin= tig distrikte waaruit Transkei saamgestel is, 'n kies= afdeling uitmaak vir die verkiesing van die vyf en sewentig verkose volksraadslede. Verder word die stelsel van meervoudige-lid kiesafdelings met propor= sionele bevolkingsverteenvoordinging, soos wat dit se= dert 1963 bestaan het, behou. Artikel 24 in verband met kieserskwalifikasies, artikel 25 in verband met diskwalifikasie van kieërs, artikel 26 aangaande die kwalifikasies van volksraadslede, artikel 30(1) in ver= band met die ontruiming van volksraadsetels deur lede en artikel 30(2) in verband met die verlies en herwin= ning van die hoofkapteïnskap van 'n hoofkaptein wat sy setel weens nie-bywoning van 'n hele gewone sessie verbeur, lui mutatis mutandis soos artikels 27, 28, 29, 31 en 32 onderskeidelik van Wet 48 van 1963.¹⁰⁶⁾

106. Vide supra hfst 2 par 6.4.

Artikel 28 maak op soortgelyke wyse as artikel 24 van Wet 48 van 1963 voorsiening vir die aanstelling van verteenwoordigers in die Volksraad deur die hoofkapteins en artikel 29 reël die prosedure vir die bepaling by geheime stemming deur die kapteins in die betrokke distrikte van die vraag welke kapteins sitting moet neem in die Volksraad wanneer daar meer kapteins is as wat nodig is om die betrokke distrikte te verteenwoordig.

Ingevolge artikel 32 word 'n Speaker en Adjunk-Speaker deur die Volksraad by sy eerste sessie by wyse van geheime stemming uit eie geledere verkies. Hierdie persone kan by besluit van die Volksraad uit hul amp onthef word. Die Speaker se ampstermyn duur, nieteenstaande 'n ontbinding van die Volksraad, totdat sy opvolger verkies is, en òf hy òf die Adjunk-Speaker sit by alle sittings van die Volksraad voor.

Artikel 33 handel oor die lewensduur van 'n Volksraad, wat deur subartikel (1) op 'n maksimum van vyf jaar gestel word, met die reeds vermelde moontlikheid van 'n vroeëre ontbinding deur die President. Ingevolge subartikel (2) moet die ontbindingsproklamasie voorsiening maak vir die hou van 'n algemene verkiesing vir die verkiesing van die vyf en sewentig verkose lede. Teenstrydig met subartikel (1) en klaarblyklik na die voorbeeld van artikel 53 van Wet 32 van 1961, maak subartikel (3) dit vir die President (handelende op die advies van die Uitvoerende Raad) moontlik om die Parlement tot voor die volgende algemene

verkieëing weer byeen te roep om sy werksaamhede te verrig, nieteenstaande 'n ontbinding. Ook bly die Volksraadslede ná 'n ontbinding nog lede. Aldus is dit moontlik dat die aktiewe lewensduur van 'n Parlement, nieteenstaande subartikel (1), kunsmatig óór die vyf jaar perk verleng kan word, en kan die amps=termyne van Volksraadslede ook oor 'n langer termyn as vyf jaar strek. Aangesien subartikel (2) nie vereis dat 'n algemene verkieëing binne 'n bepaalde tydperk ná die ontbinding van die Parlement gehou moet word nie, kom dit voor of dit moontlik is vir 'n regering om in die Transkei geldiglik vir 'n onbepaalde tydperk aan bewind te bly sonder dat 'n verkieëing afgedwing kan word!

Artikel 34 stel die kworum van die Volksraad op vyf en dertig lede. Daar word nie gespesifiseer of dié lede verlose of ex officio moet wees nie, sodat dit goed moontlik is dat die Volksraad geldiglik kan funksioneer al is daar óf geen kaptein, óf geen verkose lid teenwoordig nie.

Artikel 35 verleen aan al die Volksraadslede 'n stem in die Volksraad, behalwe die Speaker (of Adjunk-Speaker as hy voorsit), wat slegs 'n beslissende stem het. Daar is dus geen sprake van voorgeskrewe blokstemme nie en die stem van byvoorbeeld 'n Hoofkaptein is net so veel werd as dié van 'n verkose lid.

Artikel 36 skryf, soos artikel 57 van Wet 32 van 1961, 'n straf voor vir onbevoegde persone wat sitting

in die Volksraad neem of daarin stem. Artikel 37(1) magtig die Volksraad om sy eie prosedure te reël, maar behoudens die bepalings van die Wet self. Prosedures wat in die Wet self voorgeskryf word, kan dus alleen deur wetswysiging verander word, terwyl die ander prosedurereëls klaarblyklik by besluit van die Volksraad neergelê kan word.¹⁰⁷⁾ Artikel 37(2) is 'n oorgangsbepaling wat die gelding van die voor-onafhanklikheidsprosedures voorlopig laat voortbestaan.

Artikel 38(1)(a) het oorspronklik bepaal dat, behoudens die prosedurereëls van die Volksraad wat in gevolge artikel 37 geld, die Volksraad se verrigtinge oop is vir die publiek. Die res van artikel 38, asook artikel 43 het parlementêre privilegie en aanverwante sake gereël.¹⁰⁸⁾

Artikel 38(1)(b) (nou artikel 2(1)(b) van die Powers and Privileges of Parliament Act 21 van 1976 (Transkei) bepaal dat, onderhewig aan die interne prosedurereëls van die Parlement, daar vir elke lid van die Volksraad vryheid van spraak en debat in en voor die Raad is en dat sodanige vryheid nie in enige hof of plek buite die Parlement gewraak of in twyfel getrek kan word nie. Klaarblyklik het artikel 2(1) van

107. Vgl a 58 van Wet 32 van 1961.

108. Die Powers and Privileges of Parliament Act 21 van 1976 (Transkei), gepubliseer in die Government Gazette of the Republic of Transkei Vol 2 van 11 Mrt 1977 no 10, het egter die bepalings herroep en a 2-5 wesenlik herbepaal.

die Wet op die Bevoegdhedes en Voorregte van die Parlement 91 van 1963 as voorbeeld vir hierdie formulering gedien. Artikel 38(2) (nou artikel 2(2) van Wet 21 van 1976 (Transkei)) stel volksraadslede vry van siviele en strafgedinge, inhegtenisname, gevangesetting en skadevergoeding weens enige optrede van hom in die konteks van die Volksraad.¹⁰⁹⁾ Artikel 38(3) (nou artikel 5 van Wet 21 van 1976 (Transkei)) bevry enige persoon van aanspreeklikheid weens sy optrede binne die "wetlike bevoegdheid" van die Raad, of kragtens 'n lasbrief of ander magtiging daarvan verrig.¹¹⁰⁾ Artikel 38(4) (nou artikel 4(2) en (3) van Wet 21 van 1976 (Transkei)) stel 'n volksraadslid of "dienaar" daarvan vry om as party of getuie in siviele verrigtinge voor 'n hof wat sy sittings op 'n ander plek as die setel van die Volksraad hou, te verskyn, vir welke vrystelling 'n sertifikaat van die Speaker voldoende is.¹¹¹⁾ Die kwessie van spraakvryheid en parlementêre privilegie word in artikel 43(1) (nou artikel 3(1) van Wet 21 van 1976 (Transkei)) verder gevoer deurdat bepaal word dat enigiets wat gesê word deur 'n lid van die Volksraad in of voor die Raad of enige komitee daarvan, hetsy as so 'n lid of as 'n getuie, geag word 'n kwessie van voorreg te wees,¹¹²⁾ en sub=

109. Vgl a 8 van Wet 91 van 1963.

110. Vgl a 9 van Wet 91 van 1963.

111. Vgl a 7 van Wet 91 van 1963.

112. Vgl a 2(2) van Wet 91 van 1963.

artikel (2) (nou artikel 3(2) van Wet 21 van 1976 (Transkei)) vereis in enige hofverrigtinge bloot die voorlegging van 'n sertifikaat van die Speaker of sekretaris van die Volksraad deur die beskuldigde of verweerder, waarin gemeld word dat 'n kwessie van "voorreg van die Volksraad" betrokke is, om dié ver= rigtinge onmiddellik te stuit en as finaal besleg te laat ag.¹¹³⁾ Wet 21 van 1976 (Transkei) bevat verder bepalinge wat soortgelyk is aan artikels 3, 4, 10, 11, 12, 14, 15, 24, 26, 27, 33 en 37 van die Republiek van Suid-Afrika se Wet 91 van 1963. Dit blyk dus dat Parlementêre privilegie in Transkei wesenlik net soos in die Republiek van Suid-Afrika gereël word.

Artikel 39 handel oor finansiële wetgewing. Sub= artikel (1) bepaal, soos artikel 61 van Wet 32 van 1961, dat begrotingswetsontwerpe alleen mag handel oor die beskikbaarstelling van inkomste of geld vir die gewone jaarlikse dienste van die regering. Soort= gelyk aan artikel 62 van Wet 32 van 1961, bepaal ar= tikel 39(2) van Wet 15 van 1976 (Transkei), dat die uitdruklike aanbeveling van die President (handelende op advies van die Uitvoerende Raad) vooraf vereis word vir die beskikbaarstelling van staatsfondse en die oplaë of verhoging van belasting. Hierdie bepaling

113. Vgl a 5 van Wet 91 van 1963.

strook met dié van artikel 55, wat die staatskas by die President laat berus.¹¹⁴⁾

Artikel 40 verleen aan die President op soortgelyke wyse as artikel 64 van Wet 32 van 1961 oënskynlik die kompetensie om wetsontwerpe wat aan hom vir sy toestemming voorgelê word, na sy eie diskresie af te keur en dit met sy eie aanbevelings vir heroorweging aan die Volksraad terug te stuur. Die konvensies waarvan daar in artikels 2(4)(b) en 17(4)(b) sprake is, ontnem egter die President enige diskresie en vereis van hom om aan wetsontwerpe wat deur die Volksraad goedgekeur is en aan hom voorgelê word, sonder meer sy toestemming te verleen.¹¹⁵⁾

Ingevolge artikel 42 behels die finale promulgeringshandeling die publikasie van 'n Wet (ná ondertekening daarvan deur die President ingevolge die vroeër vermelde artikel 41) in die staatskoerant van Transkei. Artikel 42(2) bepaal dat "n Wet normaalweg in

114. Dit het m i egter nie die effek om, soos Booyen, Wiechers en Van Wyk (1976) 12 meen, die President se staatsregtelike posisie te versterk en om aan hom "n verdere hef in die hand om die Nasionale Vergadering te manipuleer" te gee nie, aangesien hy dié funksie uitsluitlik op die advies van die Uitvoerende Raad kan uitoefen, wat sy eie rol daarin vir alle praktiese doeleindes vernietig.

115. Kyk by VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 160 par 9 en 310-1. Kyk egter hierteenoor Booyen, Wiechers en Van Wyk (1976) 10-1, wat weer weens die andersoortigheid van die samestelling van die Volksraad twyfel oor die toepaslikheid van die betrokke konvensie. Vir dieselfde redes wat vroeër genoem is, word nie hiermee saangestem nie. Vgl ook Vorster (1976) 99.

werking tree op die datum van die publikasie daarvan, behalwe as die Wet self 'n ander datum daarvoor bepaal of bepaal dat die datum van inwerkingtrede by proklamasie vasgestel moet word. Ook word artikel 16A van die Interpretasiewet 33 van 1957,¹¹⁶⁾ wat voorsiening maak vir 'n alternatiewe wyse van publikasie en inwerkingtrede van wette onder uitsonderlike omstandighede, uitdruklik van toepassing gemaak.

2.9. Die Regsprekende Gesag

Artikel 44 skep die Hooggeregshof van Transkei¹¹⁷⁾ bestaande uit 'n hoofregter en ander regters, en laat die regsprekende gesag daarin berus. Artikel 45 verleen aan dié Hof jurisdiksie oor alle persone in Transkei, siviele en strafregtelike jurisdiksie oor die hele gebied van Transkei en ook appèl- en hersieningsjurisdiksie oor die laerhowe.

Artikel 46 handel oor die aanstelling en besol-diging en artikel 48 oor die ontheffing van regters. Artikel 47 verbied regters om ander winsbetrekkings te beklee.¹¹⁸⁾ Artikel 50 magtig die Hoofregter om

116. Ten opsigte waarvan die wetsopsteller in die Afrikaanse teks die gruwelike fout maak om dit die "Wet op die Uitleg van Wette, 1957" te noem.

117. A 44(3) bring mee dat ook gesê kan word dat die Transkeise Hoërhof, ingestel ingevolge a 50 van Wet 32 van 1961, omskep is in die Hooggeregshof van Transkei. Vgl ook oor die algemeen die Proklamasie op die Transkeise Hoërhof R173 van 1973 in Staatskoerant 3981 van 20 Jul 1973, soos gewysig.

118. Vgl a 11 van die Wet op die Hooggeregshof 59 van 1959.

Transkei by goewermentskennisgewing in rondgangdis-
trikte in te deel en die tye vir strafsessies van so-
danige rondgange te bepaal.¹¹⁹⁾

Op soortgelyke eienaardige wyse¹²⁰⁾ as artikel
95 van Wet 32 van 1961 bepaal artikel 51(1): "Die
regspiegling in die hele Republiek van Transkei staan
onder die beheer van die Minister van Justisie by wie
daar ook berus, behoudens die bepalings van hierdie
artikel, alle bevoegdhede en gesag met betrekking tot
die vervolging van misdrywe." Hierdie Transkeise be-
paling is egter eienaardiger as die Suid-Afrikaanse
eweknie daarvan, omdat dit die indruk baie sterk laat
dat die Minister in die wese van die regspiegling kan
ingryp: artikel 95 van Wet 32 van 1961 maak dit darem
nog duidelik dat dit daar slegs om die administratie-
we aspekte van die regspiegling gaan. Verder is arti-
kel 51(1) ook nog uniek, deurdat die Minister klaar-
blyklik bo die prokureur-generaal in die hiërargie
van aanklaers geplaas word, sodat hy naas sy ingryping
in die regspraak self, ook in die prokureur-generaal
se besluite kan ingryp. Subartikel (2)(a) verleen
darein uitdruklik aan die prokureur-generaal die kom-
petensie om persone in enige Transkeise hof namens
die Staat aan te kla, maar subartikel (3) bepaal weer
uitdruklik wat subartikel (1) reeds impliseer: "Die
prokureur-generaal staan, by die uitoefening of ver-

119. Vgl ook a 7(1) van Wet 59 van 1959.

120. Kyk bv VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 249-50.

rigting van sy bevoegdheid, gesag en werksaamhede, onder leiding en beheer van die Minister van Justisie wat enige beslissing van die prokureur-generaal ter syde kan stel of kan verander en self, of in die algemeen of met betrekking tot 'n besondere aangeleentheid, enige bevoegdheid, gesag of werksaamheid van die prokureur-generaal kan uitoefen of verrig." Daarmee is afgewyk van die Suid-Afrikaanse staatsreg deur prakties die funksie van prokureur-generaal tot kabinetsvlak te verhef: dit is egter nie geheel 'n vreemde verskynsel nie.¹²¹⁾

Artikel 52 maak die Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot die toelating van advokate en prokureurs mutatis mutandis op Transkei van toepassing. Artikel 54 is 'n oorgangsbepaling wat onder meer alle howe wat by onafhanklikwording in Transkei bestaan het, behalwe Bantoesakekommissarishowe, laat bly voortbestaan, laasgenoemde howe se jurisdiksie oordra aan die magistraatshowe, en in aansluiting by Wet 62 van 1976 wat op 26 Oktober 1976 in werking getree het en vervang is deur artikel 21(1A) van Wet 59 van 1959 soos ingevoeg deur Wet 86 van 1977, aan die Appèlafdeling van die Hooggeregshof appèljurisdiksie in sake wat die Hooggeregshof van Transkei beslis het, te verleen.

121. In Brittanje bv, kan die prokureur-generaal (en was al by geleentheid) 'n lid van die kabinet wees en is in elk geval altyd 'n lid van die House of Commons - vgl bv Wade en Bradley (1970) 332-3. Oor die eienaardigheid van die behandelde bepaling, vgl ook Vorster (1976) 103.

Artikel 53(1) en (2) is interessant deurdat dit die bepalings van artikel 11(1) en (2) van Wet 38 van 1927 onderskeidelik, wat ingevolge artikel 74(1) en Bylae II van die Wet herroep word, wesenlik herbepaal: dit gaan naamlik om die erkenning en toepassing van die Bantoegewoontereg, wat met ander woorde onveranderd voortgesit is. Moontlik kan hierdie behandeling wat die gewoontereg in die eerste onafhanklike Suid-Afrikaanse Bantoestaat ontvang, naamlik as van sekondêre belang en onderhewig aan "openbare beleid" en "die beginsels van natuurlike geregtigheid," beskou word as 'n aanduiding dat die gewoonteregstelsels voor die moderne Romeins-Hollandse regstelsel aan die wyk is.¹²²⁾

2.10. Burgerskap

Soos vroeër aangedui, het artikel 7 van Wet 48 van 1963 voorsiening gemaak vir burgerskap van die selfregerende Transkei, welke burgerskap nie Suid-Afrikaanse burgerskap uitgesluit het nie en wat nie gedui het op nasionaliteit nie, aangesien Transkeise burgers ten volle as die draers van Suid-Afrikaanse nasionaliteit beskou is. Die wyses waarop Transkeise burgerskap verkry kon word, was kortliks deur geboorte of vyf jaar domisilium van Bantoe in die gebied en bloed- en taalverwantskap met die Bantoe-inwoners van die gebied.

122. Interessant is ook die opmerking van Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 31 vn 103 dat die begrip "lobola" wat in a 53(1) gebruik word, vreemd is aan Xhosa: tog word dit ook in die Xhosateks van die Wet aangewend.

Met die onafhanklikwording van Transkei, het twee afsonderlike regsreëlings in verband met Transkeise burgerskap in werking getree, een Suid-Afrikaans, naamlik artikel 6 en Bylae B van Wet 100 van 1976 en die ander van Transkei, naamlik hoofstuk 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei). In geval van verskille tussen hierdie of voortvloeiende regsreëlings kan interessante maar ongemaklike situasies ontstaan. Soos hierbo in hoofstuk III aangedui, word die ontstaan, inhoud en beëindiging van die toestand van burgerskap deur die staatlike positiewe reg van elke staat gereël - die een soewereine staat kan nie burgerskapsreëlings vir 'n ander soewereine staat voorskryf nie. Hierdie feit sny na twee kante toe: die een staat kan nie persone op 'n ander staat as sy (laasgenoemde staat se) burgers afdwing nie, maar die een staat kan wel voorskryf wie hy as die burgers van 'n ander staat sal beskou en wie nie. Teen die agtergrond hiervan kan die onderskeie reëlings met betrekking tot Transkeise burgerskap ondersoek word.

Artikel 6(1) van Wet 100 van 1976 bepaal: "Elkeen wat val onder 'n kategorie persone omskryf in Bylae B, is 'n burger van die Transkei en hou op om 'n Suid-Afrikaanse burger te wees." Synde 'n Suid-Afrikaanse wet, skryf hierdie bepaling die voorwaardes van die Suid-Afrikaanse reg vir die bestaan (erkenning) van Transkeise burgerskap, onafhanklik van Wet 15 van 1976 (Transkei) of voortvloeiende wetgewing, voor. Verder ontnem dié bepaling die betrokkenes van hul Suid-Afrikaanse burgerskap (en nasionaliteit aangesien

dié twee toestande in Wet 44 van 1949 statutêr sino-niem is). Dit skep die moontlikheid dat, indien die inheemse Transkeise burgerskapsreëling daarvan sou verskil, persone deur die Republiek as Transkeise burgers beskou kan word, terwyl dieselfde persone nie ingevolge die Transkeise voorskrifte Transkeise burgers sou kon wees nie, sodat hulle dan nóg burgers van Suid-Afrika, nóg van Transkei kan wees en aldus staatloos kan word. Artikel 6(2), wat klaarblyklik ontwerp is om twyfelsituasies uit te skakel, sal egter nie veel vir laasgemelde moontlikheid kan help nie. Dit bepaal naamlik dat "In geval van twyfel of iemand onder 'n kategorie persone omskryf in Bylae B val al dan nie . . .," die kwessie na 'n raad wat by ooreenkoms tussen die Suid-Afrikaanse en Transkeise eerste ministers saamgestel moet word, verwys word, wie se belissing daarvoor afdoende is. Die probleem is egter dat so 'n raad nie ingevolge artikel 6(2) objektief kan vasstel of besluit of die betrokke persoon deur Transkei of deur Suid-Afrika as burger aanvaar of behou sal word nie, maar bloot of so 'n persoon volgens die Suid-Afrikaanse reg (vervat in Bylae B van Wet 100 van 1976) as Transkeise burger geag moet word en dus nie as Suid-Afrikaanse burger nie. Sou in 'n geval deur so 'n raad positief geantwoord word, sou dit Transkei hoe genaamd nie verplig om die persoon as 'n burger te aanvaar indien hy nie aan die vereistes vir verkryging van Transkeise burgerskap, soos deur hoofstuk 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei) of latere voortvloeiende Transkeise wetgewing voorgeskryf, voldoen nie.

Die Wet op die Status van die Transkei 1976 is nie deur Wet 15 van 1976 (Transkei) herroep nie, so dat die gelding daarvan in Transkei ingevolge artikel 60(1) van laasgenoemde Wet voortgesit is "behalwe vir sover dit deur 'n toepaslike Wet van die Transkei vervang is." Hoewel artikel 6 en Bylae B van Wet 100 van 1976 dus vanaf middernag 25 Oktober 1976 tot met die promulgering van Wet 15 van 1976 (Transkei), die oggend van 26 Oktober 1976, geag kan word Transkeise burgerskap te gereël het, is dit met die promulgering van Wet 15 van 1976 (Transkei) ten opsigte van Transkei vervang deur hoofstuk 8 van laasgenoemde Wet.¹²³⁾ Verskille in die onderskeie reëlings sou dus verskille tussen die Transkeise en Suid-Afrikaanse reg met betrekking tot Transkeise burgerskap teweeg bring.

Hoofstuk 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei) bepaal die wyses waarop Transkeise burgerskap ontstaan en maak voorsiening vir die verdere reëling daarvan deur die Parlement. Met die oog op die moontlike probleem van die laat van leemtes in die burgerskapsreëlings ten opsigte van voor-onafhanklikheidsburgers van die Transkei, staatloosstelling en onversoenbaarheid van

123- Moontlik sou geargumenteer kon word dat hfst 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei) nie a 6 en Bylae B van Wet 100 van 1976 vervang het nie, soos par (e) van Bylae B i v m domisilium - vide infra. So 'n argument kom my egter voor nie baie lewensvatbaar te wees nie, aangesien dit duidelik is uit die bepalings van hfst 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei) dat die bedoeling daarmee was om Transkeise burgerskap t o v Transkei ten minste voorlopig, d w s tot uitsluiting van bestaande Suid-Afrikaanse reëlings, uitputtend te reël.

Suid-Afrikaanse en Transkeise bepalings, is artikel 57(a)(iii) gerusstelend. Dit lui: "Daar word 'n burger van Transkei - (a) by die inwerkingtreding van hierdie Wet - (iii) iedere ander¹²⁴⁾ persoon wat, onmiddellik voor sodanige inwerkingtreding 'n burger van die voormalige gebied van die Transkei is en nie sodanige burgerskap verloor of daarvan afstand gedoen het nie."

Tot om 24h00 op 25 Oktober 1976 het artikel 7(2) van Wet 48 van 1963 bepaal wie burgers van die Transkei was. Op grond van die reël lex posterior derogat priori kan gesê word dat artikel 6(1) en Bylae B van Wet 100 van 1976 sedert sy inwerkingtrede om 00h00 op 26 Oktober 1976 tot met die inwerkingtrede van Wet 15 van 1976 (Transkei) later dié dag Transkeise burgerskapsverkryging in plaas van artikel 7(2) van Wet 48 van 1963 gereël het. Die aangehaalde artikel 57(a)(iii) van Wet 15 van 1976 (Transkei) verwys dus na persone wat Transkeise burgers was ingevolge Wet 100 van 1976.¹²⁵⁾ Aldus is netjies voorsiening gemaak vir die oorgang van die toestand van burgerskap van die selfregerende Transkei wat ten opsigte van alle

124. D w s persone wat nie Transkeise burgers was weens geboorte in die Transkei nie of weens geboorte buite die Transkei uit 'n vader wat 'n Transkeise burger was nie.

125. Interessant is dat Bylae B tot Wet 100 van 1976 wesenlik die hele a 7(2) van Wet 48 van 1963 herbepaal het, maar nog twee kategorieë persone in par (c) en (d) daarvan bygevoeg het - vide infra.

persone wat voor onafhanklikheid in dié toestand verkeer het, na die toestand van burgerskap van die onafhanklike Transkei, behalwe vir dié gevalle (indien enige) waar persone van hul burgerskap afstand gedoen het of dit verloor het.

Tot met onafhanklikwording het artikel 8 van Wet 48 van 1963 die verlies van burgerskap gereël, deur te bepaal dat dit gebeur by die verkryging deur so 'n burger van die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land "waarby alleen verstaan kan word 'n ander land as die Republiek van Suid-Afrika, of by die verkryging van so 'n persoon van die burgerskap van een van die ander Bantoetuislande. Voor of tydens onafhanklikwording kon Transkeise burgers nie hul burgerskap op 'n ander wyse verloor het nie, aangesien geen ander pertinente reëling in verband daarmee bestaan het nie: ook reël Wet 15 van 1976 (Transkei) nie die verlies van burgerskap nie, maar artikel 59(b), (c) en (d) daarvan magtig (onnodiglik¹²⁶) die Parlement om dit later te reël. Sodanige verdere reëling het spoedig geskied deur die aanname van die Citizenship of Transkei Act 26 van 1976 (Transkei),¹²⁷ wat hieronder bespreek word.

126. Onnodig, aangesien niks die soewereine Parlement van Transkei verbied om in elk geval sodanige wetgewing aan te neem nie.

127. Wat op 22 Febr 1977 die President se goedkeuring ontvang het en gepubliseer is in die Government Gazette of the Republic of Transkei Vol 2 van 4 Mrt 1977 no 8.

Dit blyk dus dat artikel 57(a) van Wet 15 van 1976 (Transkei) verhoed het dat die onafhanklikwording van Transkei enige voormalige Suid-Afrikaanse burgers staatloos gelaat het. Sub-subartikels (i) en (ii) van artikel 57(a) was, in die lig van die omvattendheid van subartikel (iii), streng gesproke onnodig: dié bepalings omskep, soos reeds aangedui, ook die voor-onafhanklikheidsburgerskap van persone wat in die Transkei gebore is en van persone wat buite die Transkei uit 'n burger-vader gebore is, in burgerskap van die onafhanklike Transkei.

Artikel 57(b) van Wet 15 van 1976 (Transkei) bepaal dat geboorte in Transkei sedert die inwerkingtrede van dié Wet, aan 'n persoon (daar word nie vereis dat hy 'n Bantoe moet wees nie) "met ingang van die datum van sy geboorte" Transkeise burgerskap verleen. Op soortgelyke wyse as artikel 3(2) van Wet 44 van 1949 sonder artikel 57(b)(i) tot (iv) van Wet 15 van 1976 (Transkei) egter sekere persone van bogemelde algemene reël uit, naamlik onder meer waar die vader van die kind diplomatieke immuniteit geniet het, 'n burger van 'n land was waarteen Transkei oorlog gevoer het of 'n verbode immigrant was.

Artikel 57(c) maak voorsiening vir die verkryging van Transkeise burgerskap deur afkoms indien 'n persoon op of sedert 26 Oktober 1976 buite Transkei gebore is uit 'n vader wat 'n Transkeise burger was, behalwe as die kind deur sodanige geboorte die burgerskap van 'n ander land verwerf.

Artikel 57(d) verleen ook Transkeise burgerskap aan persone wat na 26 Oktober 1976 buite Transkei gebore is, aangeneem word deur 'n Transkeise burger en wie se geboorte binne twee jaar (of langer as die Minister van Binnelandse Sake dit toelaat) in Transkei geregistreer word.

Artikel 58 reël die verkryging van burgerskap deur registrasie. Daarvoor kan aansoek gedoen word deur twee kategorieë van persone, naamlik eerstens meerderjarige Suid-Afrikaanse burgers wat minstens vir vyf jaar wat die aansoek voorafgaan wettiglik in Transkei gedomisilieer was en nie verbode immigrante is nie en tweedens "iemand wat, op die wyse wat deur of kragtens 'n Wet van die Parlement voorgeskryf moet word, bevind word hoofsaaklik Xhosa-sprekend te wees en 'n lid te wees of af te stam van, of etnies, kultureel of andersins verwant te wees aan 'n stam wat in 'n distrik van Transkei woonagtig is." Die eerste kategorie maak dit ook vir Blankes moontlik om as Transkeise burgers te registreer.

Artikel 59(a) stel dit in die voortuisig dat die Parlement verdere wyses van verkryging van Transkeise burgerskap deur geboorte, afkoms of registrasie kan skeep, welke bepaling, soos die reeds gemelde subartikels (b) tot (d) van artikel 59, klaarblyklik onnodig was.

Die reeds vermelde Citizenship of Transkei Act 26 van 1976 (Transkei), reël die verkryging van bur=

gerskap deur geboorte deur 'n verwysing na bogemelde artikel 57(a)(i) en (b) van Wet 15 van 1976 (Transkei) en van burgerskap deur afkoms, deur 'n verwysing na bogemelde artikel 57(a)(ii) en (iii), (c) en (d) van Wet 15 van 1976 (Transkei). Artikel 4 skryf die procedure voor wat gevolg moet word by die aansoek om verkryging van burgerskap deur registrasie ingevolge artikel 58(1) van Wet 15 van 1976 (Transkei) en verleen aan die Minister van Binnelandse Sake 'n diskresie om so 'n aansoek te aanvaar of te verwerp, en artikel 5 doen dieselfde ten aansien van 'n aansoek ingevolge artikel 58(2) van Wet 15 van 1976 (Transkei).

Artikel 6 reël vir die eerste keer die verkryging van burgerskap van Transkei deur naturalisasie (hoewel dit nie by name genoem word nie). Daarvoor word op gebruikelike wyse onder meer vereis, vyf jaar deurlopende verblyf in Transkei, die vermoë om Xhosa, Engels, Afrikaans of Sesotho te lees en te skryf, kennis van die regte en verpligtinge wat burgerskap meebring, en aan die Minister word 'n absolute diskresie verleen om 'n aansoek om naturalisasie sonder opgaaf van redes te aanvaar or te verwerp.

Artikel 7 van die Wet verleen Transkeise burgerskap aan vrouens wat nie vir sodanige burgerskap kwalifiseer nie, bloot op grond van 'n huwelik met 'n Transkeise burger.

Artikel 8 reël die opsegging van Transkeise burgerskap deur 'n genaturaliseerde burger deurdat hy na

sy naturalisasie die burgerskap van 'n ander land be= kom het en deurdat hy verder, ná die betaling van 'n voorgeskrewe bedrag, 'n verklaring van opsegging van sy burgerskap teenoor die Minister gemaak het. Die Minister kan sodanige opsegging aanvaar of van die hand wys.

Artikels 9 en 10 magtig die Minister om Transkei= se burgers wat ook die burgerskap of nasionaliteit van 'n ander land het, onder bepaalde omstandighede hul burgerskap te ontnem.

Artikels 11 - 17 maak vir diverse sake, soos die burgerskap van 'n kind wat gebore word ná sy vader se dood, die verlening van burgerskap deur die Minister in gevalle van twyfel of die betrokkene kwalifiseer al dan nie, die uitreiking en wysiging van burgerskap= sertifikate, die maak van regulasies deur die Minister en so meer voorsiening. Artikel 18 en Bylae 2 herroep onder meer die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap 44 van 1949 en Bylae 1 skryf die "Oath of Allegiance", dit wil sê die eed wat afgelê moet word by naturali= sasje, voor.

Uit die bostaande uiteensetting blyk dit dat daar, soos te verwagte is, by die onafhanklikwording van Transkei voorsiening gemaak is vir die omskepping van die burgerskap in enger sin van die selfregerende Trans= kei in volledige burgerskap in die wydste betekenis daarvan van die soewereine Transkei. Hoewel geen woord daaroor gerep word nie, kan sekerlik aanvaar word dat

die bedoeling met hoofstuk 8 van Wet 15 van 1976 (Transkei) was om, soos in Wet 44 van 1949, Transkeise nasionaliteit in dieselfde (versweë) asem te skep. Hangende duidelikheid oor die volkeregtelike status van Transkei, is die bestaanbaarheid van Transkeise nasionaliteit egter, soos blyk uit hoofstuk III supra, in die weegskaal.

Ten slotte moet gelet word op artikel 6(3) van Wet 100 van 1976, wat lui: "Behalwe wat betref burgerskap verbeur 'n burger van die Transkei wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet in die Republiek woonagtig is, geen bestaande regte, voorregte of voordele bloot op grond van die ander bepalings van hierdie Wet nie." Omdat Suid-Afrikaanse nasionaliteit van Suid-Afrikaanse burgerskap afhanklik is,¹²⁸⁾ het Transkeise burgers ook hul Suid-Afrikaanse nasionaliteit verloor deur die reeds gemelde artikel 6(1) van dié Wet. Die reëling van artikel 6(3) is klaarblyklik in gedagte gehou by die sluiting van die internasionale ooreenkomste tussen Suid-Afrika en Transkei,¹²⁹⁾ maar daar moet op gelet word dat artikel 6(3) slegs persone

128. Vide supra hfst III.

129. Vgl bv a 3 van die Ooreenkoms tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van Transkei met betrekking tot die Indiensneming van Burgers van Transkei in die Republiek van Suid-Afrika in Staatskoerant 5320 van 22 Okt 1977 op 17.

raak wat by onafhanklikwording van Transkei reeds in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig was.¹³⁰⁾

2.11. Algemene Bepalings

Soos reeds gedeeltelik bespreek, is artikel 60 van die Wet 'n oorgangsbepaling wat onder meer die reg wat by onafhanklikwording in Transkei gegeld het, laat bly voortbestaan totdat dit deur die Transkeise Parlement gewysig word;¹³¹⁾ sekere Suid-Afrikaanse en Transkeise wette vermeld in Bylae 9 tot die Wet op die hele Transkei en alle persone in Transkei van toepassing maak; die kompetensies, regte en verpligtinge van owerheidsorgane van die Republiek aan ooreenstemmende owerheidsorgane in Transkei oordra; en aan sekere begrippe in die Suid-Afrikaanse wetgewing die toepaslike Transkeise betekenis toeken.

Artikel 60(1)(b) bepaal dat die reg wat "by die toevoeging aan Transkei van enige grond" aldaar geld, ook bly voortbestaan en artikel 62 vereis die toestemming van elke betrokke streeksowerheid alvorens die Parlement die grense van streeksowerheidsgebiede kan wysig, behalwe as dit gaan om "die insluiting daarin

130. Vgl die ander bepalinge van die laas aangehaalde ooreenkoms asook dié van die ooreenkoms rakende die beweging van burgers van Transkei en die RSA oor gemeenskaplike grense in dieselfde Staatskoerant op 58 e v. Kyk oor die algemeen ook weer Olivier (1976) 107-11 asook Olivier (1976 W+D). Vir die redes reeds vroeër hierin aangegee, asook dié in my kommentaar op lg artikel (Venter (1976)) asook vir ander natuurlik-voortvloeiende redes, verskil ek van verskeie standpunte wat Olivier inneem.

131. Vgl a 65 van Wet 48 van 1963.

van grond wat tot Transkei toegevoeg word." Hierdie bepaling het klaarblyklik die vroeër vermelde artikel 114 van Wet 32 van 1961 tot voorbeeld gehad en gaan gevolglik ook gebuk onder die druk van beperkte effektiwiteit.

Benewens die vroeër vermelde vestiging in die President van alle staatsgrond wat vir die okkupasie van bepaalde stamme en gemeenskappe gereserveer is, bepaal artikel 61 dat sodanige grond steeds vir die oorspronklike doeleindes aangewend moet word en nie sonder parlementêre wetsmagtiging herbestem mag word nie.

Artikel 63 laat alle plaaslike owerhede, waaronder "munisipaliteite," streeks- en stamowerhede, voortbestaan.¹³²⁾ In hierdie verband moet daarop gelet word dat artikel 61(1) en Bylae 9 spesifiek ook die reeds bespreekte¹³³⁾ Wet op Transkeise Owerhede 1965 (Transkei) soos gewysig, laat voortbestaan.

Artikel 66(4) en (5), wat deur artikel 2 van Wet 2 van 1977 (Transkei) ingevoeg is, magtig 'n hoofkap=

132. Dit kom voor dat Booyesen, Wiechers en Van Wyk (1976) 13 se uitleg van dié artikel se voorbehoudsbepaling ietwat wyd kan wees, waar hulle daarin " 'n mag van manipulasie oor die Nasionale Vergadering" inlees: dit kom my voor dat die voorbehoudsbepaling dit primêr het oor die verteenwoordiging van Xhosa-burgers in dorps- en stadsrade in die eerste jare ná onafhanklikheid en nie op die stam- en streeksowerhede, waarvan die funksionering gereël word deur Wet 4 van 1965 (Transkei) nie.

133. Vide supra par 6.4 van hfst II.

tein of 'n kaptein wat verkies word tot President, 'n winsbetrekking onder die Republiek aanvaar of 'n staatsminister word, om 'n adjunk-hoofkaptein of -kaptein aan te stel om sy funksies as sodanige hoofkaptein of kaptein te vervul, welke adjunte geag word waar te neem in die bepaalde ampte. Hoofkapteins en kapteins wat President word of winsbetrekkings aanvaar moet sodanige adjunkte aanstel, terwyl dié wat ministers word, dit kan doen. Artikel 73 is dienooreenkomstig deur artikel 3 van Wet 2 van 1977 (Transkei) gewysig om waarnemende hoofkapteins by die omskrywing van "hoofkaptein" in te sluit.

Artikel 67 van Wet 15 van 1976 (Transkei) maak op soortgelyke wyse as die herroepe artikel 68 van Wet 48 van 1963 en die Wet op Staatsaanspreeklikheid 20 van 1957 voorsiening vir die privaatregtelike aanspreeklikheid van die Staat in Transkei.

Artikel 68 verbind Transkei op soortgelyke wyse as artikel 112 van Wet 32 van 1961 en artikel 5(1) van Wet 100 van 1976 aan die inhoud van "konvensies, verdrae of ander soortgelyke ooreenkomste wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op die regering van Transkei bindend was ..." ¹³⁴⁾

Artikel 70 laat, soos artikel 115 van Wet 32 van 1961, die aflegging van 'n plegtige verklaring toe in gevalle waar die Wet 'n eed voorskryf.

134. Kyk in hierdie verband die insiggewende beredenering van Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 16-23.

Op soortgelyke wyse as artikel 12 van die Handelswaremerkewet 17 van 1941, verbied artikel 72 van Wet 15 van 1976 (Transkei) die gebruik van bepaalde embleme, titels, ontwerpe en so meer wat in verband met Transkei se staatskap staan.

Afgesien van die reeds vermelde subartikel (1), ingevolge waarvan die wette vermeld in Bylae II herroep word, bevat artikel 74(2) tot (5) 'n aantal oorgangsbepalings, waaronder die in standhouding van sekere proklamasies en wette, wat wissel vanaf gedeeltes van die proklamasies van die Kaapse Goewerneur rondom die anneksasie van die Transkeise gebiede in verband met grense, die toepassing en formulering van bepaalde regsreëls en so meer, tot bepalinge van Wet 48 van 1963 en die voortgesette gelding of afhandeling van begonne regshandelinge voor en na onafhanklikwording.

Artikel 75, soos vroeër genoem, maak van Wet 15 van 1976 (Transkei) 'n volkome buigsame grondwet deur dit maklik wysigbaar te maak deur middel van gewone wetgewing van die Parlement. As 'n laaste ooreenkoms met Wet 32 van 1961 (naamlik met artikel 118(1) van laasgenoemde Wet) is artikel 75 des te ingrypender aangesien geen bepaling van die Wet verskansis nie en die hele Wet dus aan die modegier van die dag in die Parlement, en ook aan toevallige wysiging by implikasie deur latere wetgewing blootgestel is.

2.12. Opsommende Konklusie

Dit blyk dus dat die Grondwet van die Republiek van Transkei 1976 'n besonder verbeeldinglose dokument is, synde grootliks 'n versameling van oorgeskrewe bepalings uit Suid-Afrikaanse konstitusionele en ander wetgewing. Dit het van Transkei die erfgenaam gemaak van sekere staatsregtelike instellings en denkbearde wat eintlik al verouderd en ongeskik vir die Republiek van Suid-Afrika geword het en vir die instelling waarvan in Transkei geen historiese of ander regverdiging gevind kan word nie.

Voorbeelde hiervan is eerstens die Presidentsamp, wat 'n skadubeeld van die staatsregtelike-impotente Britse konings- en Goewerneur-generaalsamp te en veral van die Suid-Afrikaanse Staatspresidentsamp is. Behalwe vir die (twyfelagtige) simboliese waarde van die amp,¹³⁵⁾ is dit noodwendigerwys duur, lomp en grootliks onnodig vir 'n lank reeds gedekoloniseerde staat wat gedevolueer het uit 'n soewereine republiek, om opgesaal te word met so 'n staatshoofskap, vir begrip waarvan teruggekrabbel moet word na die Engelse staatsreg waarvan die praktiese relevansie dekades gelede reeds uit die gebied verdwyn het.

Tweedens moet aangeteken word dat, vir soortgelyke redes as laasgemelde, dit onverstaanbaar is waarom Transkei aan die een kant die erfgenaam van 'n Ro-

135. Vgl ook Rautenbach (1977) 205.

meins-Hollandse regstelsel met sy presiesheid en prinsipiële wyse van denke gemaak word, maar aan die ander kant opgesaal moet word met essensieel onomskrewe, kasuïsties-ontstane Engelsregtelike gedrogte soos konvensies en prerogatiewe, wat die neiging het om die staatsreg aan die genade oor te laat van buite-jurisdiese faktore soos party- en ander politieke giere en gewoontes.

Derdens is dit te betreur dat die voorbeeld van Wet 32 van 1961 en die Engelsregtelike tradisie daarvan gevolg is by die formulering van Transkei se onafhanklikheidsgrondwet, omdat daarmee ook aan laasgenoemde grondwet die kenmerk van onrealisme gegee is deurdat byvoorbeeld kompetensies aan die President "toegeken" word wat in werklikheid nie aan hom nie, maar aan die Uitvoerende Raad behoort en deurdat die werklike fokuspunt van die owerheidsgesag, naamlik die amp van Eerste Minister, nie eers in die Wet vermeld word nie, wat nog omskryf en toegerus word met kompetensies, regte en verpligtinge en erken word.

Benewens enkele ligpunte, soos die wyse van samestelling van die Volksraad, die kiesstelsel, die breë jurisdiksie van die Hooggeregshof en burgerskap, wat beskou kan word as spesifiek vir Transkei (of te wel Bantoetuislande) ontwerp, is die onafhanklikheidsgrondwet 'n ongeïnspireerde en oninspirerende stuk wetgewing wat myns insiens in jong Afrika gevaar loop om weens die moegheid en betekenisloosheid van heelwat

van die staatsregtelike konsepsies wat daar ingebou is, mettertyd nutteloos te word.

3. Die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977

Sekere aspekte van die patroon van die onafhanklikwordingsproses van Bophuthatswana vertoon juridies sodanige ooreenkomste met dié van die Transkei, dat dit hier afgehandel kan word met 'n blote verwysing na paragraaf 2 supra. Daar is egter verskeie aspekte van die grondwet van Bophuthatswana wat heeltemal afwyk, nie alleen van die Transkeise patroon nie, maar wat ook geheel vreemdsortig in die Suid-Afrikaanse regs konteks is.

3.1. Statutêre Voorbereiding vir Onafhanklikheid

Soos in die geval van Transkei, en soos te verwagte is, moes verskeie statutêre voorbereidings getref word deur wetgewers van die Republiek van Suid-Afrika om Bophuthatswana se onafhanklikwording vlot te laat verloop.

Ingevolge proklamasie R46 van 1977¹⁾ is die Bophuthatswana-grondwetproklamasie R131 van 1972 gewysig om onder meer die samestelling van die laaste wet=

1. In Staatskoerant 5472 van 25 Mrt 1977: a 1 daarvan wysig a 3 van prokl R131 van 1972.

gewende vergadering van Bophuthatswana in ooreenstemming te bring met dié van die eerste volksraad van Bophuthatswana: daar is naamlik bepaal dat die Wetgewende Vergadering bestaan uit agt en veertig verkose en agt en veertig aangewese lede, dus soos in Transkei, 'n gelyke verhouding.

Die Staatspresident het die Wetgewende Vergadering ingevolge proklamasie R81 van 1977²⁾ met ingang 25 Augustus 1977 ontbind en die datums vir die aanwysing en verkiesing van die agt en veertig aangewese en die agt en veertig verkose lede onderskeidelik bepaal.

Op 1 Julie 1977 is die Wet op die Status van Bophuthatswana 89 van 1977 gepromulgeer.³⁾ Hierdie Wet is, behalwe van 'n bykomende bepaling in artikel 6(3) in verband met die afstanddoening van Bophuthatswanaburgerskap en Bylae B in verband met die vraag wie deur die Republiek as Bophuthatswana-burgers beskou word, (vide infra), mutatis mutandis 'n oorskrywing van die in paragraaf 2 supra behandelde Wet op die Status van Transkei 100 van 1976. Wet 89 van 1977 het ingevolge proklamasie 336 van 1977⁴⁾ op 6 Desember 1977 in werking getree. Soos in die geval van Wet 100 van 1976 en vir dieselfde redes as wat in pa=

2. In Staatskoerant 5529 van 29 Apr 1977.

3. In Staatskoerant 5619 van 1 Jul 1977.

4. In Staatskoerant 5816 van 25 Nov 1977.

ragraaf 2 hierbo aangevoer is, kan sterk geargumenteer word dat Wet 89 van 1977 nie geldiglik aangenome is nie: per slot van rekening wysig dié Wet die grense van die Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapprovinsie, sonder dat die prosedure wat deur artikel 114 van Wet 32 van 1961 voorgeskryf word ten opsigte van enige een van die drie provinsies gevolg is.

Artikels 3 en 4 van die Tweede Wysigingswet op Bantowetgewing 115 van 1977 het (op soortgelyke wyse as artikels 4(a) en 6 van Wet 3 van 1976 ten opsigte van die Transkei) deur wysiging van Wet 21 van 1971 "die oorgaan of bekragtiging van konvensies, verdrae en ooreenkomste met die Regering van die Republiek" binne die wetgewende en uitvoerende gesag van die Bantoeu-lande (en dus ook die selfregerende Bophuthatswana) geplaas.⁵⁾ Die tekste van die ooreenkomste wat tussen Bophuthatswana en die Republiek aangegaan is, is op die dag van onafhanklikwording in die Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika gepubliseer⁶⁾ en bevat ooreenkomste onder meer aangaande landbou-aangeleenthede, ekonomiese ontwikkelingshulp, hulp op onderwysgebied, sekondering van regters, indiensneming van Bophuthatswana-burgers in Suid-Afrika, 'n

5. Vgl weer die opmerkings van Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 16-23 in hierdie verband.

6. Onder Goewermentskennisgewing R2496 van 1977 in Staatskoerant 5823 van 6 Des 1977. Op 23 Des 1977 is ook nog 'n ooreenkoms ter vermyding van dubbele belasting en ter voorkoming van belastingontduiking ingevolge die Inkomstebelastingwet 58 van 1962 in prokl R359 van 1977 in Staatskoerant 5835 van 23 Des 1977 gepubliseer.

nie-aanvalsverdrag, monetêre verhoudings, burgerskapsaangeleenthede (vide infra), beweging van burgers oor gemeenskaplike grense, plaaslike owerhede (hulpverlening), internasionale brûe, padveiligheid, verpligte motorvoertuigversekering, benutting van waterbronne en so meer.

Die Wet op Finansiële Reëlings met Bophuthatswana 93 van 1977 lui mutatis mutandis soos die reedsbesproke Wet 115 van 1976 met betrekking tot Transkei.

Ingevolge proklamasies R347 van 1977 en R348 van 1977⁷⁾ is die eiendomsreg en ander regte op grond in Bophuthatswana en op roerende goed aldaar wat nog by die Republiek van Suid-Afrika of die Suid-Afrikaanse Bantoetrust berus het, aan die regering van Bophuthatswana oorgedra.

Op 14 Oktober 1977 is die ontwerpgrondwet van Bophuthatswana vir algemene kennisname en kommentaar gepubliseer.⁸⁾ Op 6 Desember 1977 het die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana dié wetsontwerp aangenem as die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977. By die skrywe hiervan was die finale tekste van dié Wet nog nie beskikbaar nie. Uitgaan van die veronderstelling dat die ontwerpgrondwet

7. Onderskeidelik gepubliseer in Staatskoerant 5820 en 5819, albei van 2 Des 1977.

8. In die Bophuthatswana Amptelike Koerant Vol 6 no 35 van dié datum.

onveranderd aangeneem is, word hieronder van die teks van 14 Oktober 1977 gebruik gemaak. Aangesien die ontwerpgrondwet alleen in Engels gepubliseer is, is die aanhalings uit die teks van die Grondwet hieronder my eie vertaling en is dus nie noodwendig presies die korrekte bewoording van die betrokke bepalings, soos deur die Wetgewende Vergadering op 6 Desember 1977 goedgekeur nie.

3.2. Algemene Kenmerke van die Grondwet

Soos reeds gesuggereer, verteenwoordig die grondwet van Bophuthatswana, anders as dié van Transkei, in verskeie opsigte 'n skerp afwyking van die bestaande Suid-Afrikaanse staatsreg.

Die Grondwet is voorsien van 'n voorrede, nege en negentig artikels versprei oor elf hoofstukke en sewe bylaes. Hoofstuk 1 bevat die konstituerende bepalings, asook artikel 7, wat van die Grondwet 'n Grundnorm⁹⁾ maak deur dit tot die "hoogste reg van die Republiek" te verhef en deur latere wetgewing wat daarmee in stryd is, nietig te verklaar. Hiermee saam moet in gedagte gehou word dat hoofstuk 10 die hele Grondwet, behalwe die oorgangsbepalings en die twee bylaes wat onderskeidelik die algemene toepassing van sekere en herroeping van ander vooronafhanklikheids=

9. Kyk by Kelsen (1960) veral 196-227, Beinart (1952) op 103-9, Hosten e a (1977) 88-91 en VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) veral 12-3.

wetgewing reël, verskans deur dit alleen met twee-derde meerderhede wysigbaar te maak. Die Grondwet kan dus beskryf word as 'n onbuigsame Grundnorm.

Ook uniek in Suid-Afrika, bevat hoofstuk 2 'n "Verklaring van Fundamentele Regte," of tewel 'n menseregte-akte of "Bill of Rights", wat ingevolge artikel 8(1) uitdruklik bindend op die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag en afdwingbaar deur die Hooggeregshof gemaak word.

Hoofstuk 3 handel oor die presidentsamp, wat anders as dié van Suid-Afrika en Transkei nie alleen staatshoof nie, maar ook regeringshoof is. Hoofstuk 4 plaas die uitvoerende gesag in die hande van die President, wat Ministers aanstel wat hy kan raadpleeg, maar aan wie se advies hy nie gebonde is nie.

Hoofstuk 5 skep 'n Parlement bestaande uit die President en die Volksraad, welke parlement, anders as dié van die Republieke van Suid-Afrika en Transkei, uitdruklik nie bekleed word met wetgewende soewereiniteit nie. Parlementêre soewereiniteit in 'n uiterste vorm is immers nouliks denkbaar in 'n stelsel met 'n Grundnorm-tipe grondwet.

Hoofstuk 6 handel oor die kapteinskapsinstelling en die grense van die streeksowerheidsgebiede, hoofstuk 7 oor die regsprekende gesag wat in die Hooggeregshof gesetel word, hoofstuk 8 oor finansies, hoof-

stuk 9 bevat algemene en hoofstuk 11 oorgangsbepalings.

Die bylaes bevat onderskeidelik die volkslied, ampswapen, distriksname (beskrywing van territorium), die hooggeregshofseël, die ampseed vir regters, 'n lys van wette wat algemene gelding verkry en 'n lys van wette wat herroep word.

3.3. Die Voorrede

Hoewel die voorrede nie beskou kan word as deel van die Grondwet nie, bevat dit verskeie belangwekkende frases. In die eerste plek word die aannemer van die Wet ietwat verwarrend op drieërly wyse geïdentifiseer: eerstens is die sprekers in die voorrede "ons, die verteenwoordigers van die volk van Bophuthatswana," wat tweedens "besluit het om onself saam te stel in 'n Nasionale Konvensie en om 'n grondwet vir die onafhanklike Republiek van Bophuthatswana te formuleer" en derdens word gesê: "Nou daarom word dit bepaal deur die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana ..." ¹⁰⁾ Dit wil hieruit voorkom of die formuleerders van dié voorrede geworstel het met die vraag hoe om 'n inheemse of outohtone grondwet aangeneem te kry, ¹¹⁾ sonder om eintlik tot 'n besliste gevolg=

10. Kursivering bygevoeg.

11. Vgl bv die teoretisering hieroor weergegee deur Vorster en kyk ook Rautenbach (1977) 201-2.

trekking daaroor te kom. Dat die liggaam wat die Grondwet aangeneem het, saamgestel is uit "verteenwoordigers van die volk van Bophuthatswana," kan nie juis aan morele of politieke twyfel onderwerp word nie, aangesien die helfte van hulle, soos reeds aangetoon, verkies is en die ander helfte deur laer owerheidsliggame wat op tradisionele gesag steun, aangewys is. Feit is egter dat hierdie "verteenwoordigers" dié hoedanigheid bekleed, nie omdat hulle uitdruklik verkies en aangewys is met die doel om 'n onafhanklikheidsgrondwet aan te neem nie maar omdat hulle soos altyd tevore nog¹²⁾ verkies en aangewys is om te dien as lede van die Wetgewende Vergadering van Bophuthatswana. Derhalwe kom dit my voor, kan die gemelde verwysing na verteenwoordigers uit 'n regssoogpunt maar wegge laat gewees het en was die derde wyse van identifisering van die wetgewer, naamlik as die Wetgewende Vergadering, voldoende en alleen sinvol. Dié gevolgtrekking word versterk indien die "tweede identiteit" van die wetgewer, naamlik 'n "Nasionale Konvensie" van nader betrag word: geen statutêre magtiging het myns insien vir die Wetgewende Vergadering bestaan om homself in iets anders (soos 'n Nasionale Konvensie) te omskep nie en sonder wetsmagtiging, hetsy bestaande hetsy self geskepte magtiging, kon dit nie gedoen word nie. Die verwysing na 'n Nasionale Konvensie is dus ook nie sinvol nie en dra myns insiens niks daartoe by om die Grondwet outoettoon te maak nie.

12. Ingevolge Wet 21 van 1971, prokl R131 van 1972 soos gewysig en prokl R150 van 1972 soos gewysig.

Die outohtone aard van die grondwet is myns insiens, soos in die geval van Transkei, bloot daaraan te danke dat die Statuswet in artikel 3 aan die Wetgewende Vergadering die wetgewende kompetensie gegee het om enige wetgewing aan te neem sonder dat die Staatspresident se toestemming of ondertekening daarvoor nodig was, en dat dié Vergadering toe heengegaan het en die nuwe Grondwet ná onafhanklikwording op 6 Desember 1977, as die wetgewende liggaam van "'n soewereine en onafhanklike staat",¹³⁾ aangeneem het. Om dit meer ingewikkeld as dit te konstrueer, lyk vir my nóg korrek, nóg nodig en dit laat myns insiens ook geen ruimte vir werklike probleme ten opsigte van die oorspronklikheid en herroepbaarheid van die nuwe Grondwet of ten opsigte van die volledige oordrag van soewereiniteit ingevolge die Statuswet en die nuwe Grondwet nie. Om dus uit die voorrede af te lei dat daar, niesteenstaande die moontlike versoenbaarheid van die gees van hoofstuk 2 van die Wet met so 'n gedagte, sprake is van 'n sosiale verdrag of van volksoewereiniteit, is heeltemal onrealisties. Myns insiens is dit ook onrealisties om te beweer dat die nuwe grondwet van Bophuthatswana nie heeltemal inheems is nie omdat die volk hom nie pertinent by wyse van byvoorbeeld 'n referendum daarvoor uitgespreek het nie en om dááaraan enige regsgevolge te heg.

Die res van die voorrede kan beskou word as elemente van 'n geloofsbeleidnis, welke elemente poten-

13. A 1(1) van Wet 89 van 1977.

sieel onderling weersprekend is. In die eerste plek neem die Wetgewende Vergadering die Grondwet aan "in nederige erkentlikheid van die soewereiniteit van die Almagtige God, wat in Sy ewige wysheid bepaal het dat ons mense op hierdie suidelike deel van Afrika moet woon." Soos in die geval van die voorrede tot die Transkeise grondwet, tref hierdie frase 'n mens as 'n erkenning in die staatsregtelike konteks van die kosmiese soewereiniteit van God. Daarvan word egter niks in die eintlike bepalings van die Wet teruggevind nie.

Tweedens neem die Wetgewende Vergadering die Wet aan met die bedoeling om "altyd ons toekomsbestemming te soek in nouer konstitusionele en politieke eenheid met ander volke en regerings." Die interessante hiervan is dat dit moontlik die bedoeling weerspieël om, nieteenstaande die feit dat dié frase in 'n onafhanklikheidsgrondwet vervat is, die nuwe republiek eindelijk op te laat gaan in 'n groter staatkundige geheel. Tegelyk weerspieël dit moontlik 'n bedoeling om nie radikaal met voor-onafhanklikheidsaffiliaties te breek nie, hoewel daarvan ook niks weer in die Wet self terug gevind word nie.

Derdens word verklaar dat in Bophuthatswana "die Staat sy magte en gesag deur die verkose verteenwoordigers van die volk moet uitoefen." Dit kom my voor 'n verklaring van die bedoeling te wees om 'n demokratiese stelsel te handhaaf. Die feit dat daar in die Wet self bepaal word dat die helfte van die lede van die Volksraad nie verkose nie, maar aangewese is, lyk

of dit met hierdie frase bots. Dit moet egter moontlik gesien word bloot as 'n voorneme om mettertyd te beweeg in die rigting van 'n ten volle verkose Volksraad: die formulering van die betrokke frase leen hom tot die vertolking dat dit 'n blote ideaal of 'n behorensis stel.

Die eerste drie bogemelde elemente van die staatsregtelike "geloofsbelydenis" van Bophuthatswana in die voorrede is heeltemal met mekaar versoenbaar. Die laaste element laat egter twyfel oor hierdie aspek ontstaan: in die vierde plek stel die Wetgewende Vergadering die vereiste dat alle mense in Bophuthatswana verseker moet wees van hul fundamentele regte. Afhangende van die betekenis wat geheg word aan die begrip "fundamentele regte", kan hierdie vierde element òf inpas by òf bots met die vorige drie elemente: indien aan "fundamentele regte" 'n betekenis gegee word wat versoenbaar is met die belydenis van die kosmiese soewereiniteit van God, is hier geen teenspraak nie, maar as daaraan die (gebruiklike) betekenis gegee moet word van aansprake van die individu teenoor veral die staat weens die kosmiese sentraalstelling van die individuele mens, wat kenmerkend is van die humanisme, dan rym die vierde element nie met die eerste van Bophuthatswana se staatsregtelike geloofsbelydenis nie. Ongelukkig kom dit voor of hoofstuk 2 die klem nomineel meer op die humanistiese as die skriftuurlike benadering laat val: hieronder by die behandeling van hoofstuk 2 word breedvoeriger hierop ingegaan.

3.4. Konstituerende Bepalings

Artikel 1(1) bepaal dat Bophuthatswana "'n soe= wereine onafhanklike staat en 'n republiek is wat die beginsels van demokrasie en 'n ekonomie gebaseer op private en gemeenskaplike eiendom en vrye onderneming aanvaar." Hierdie bepaling kan myns insiens, soos artikels 1 en 2 van Wet 32 van 1961, as die primêre konstituerende bepaling¹⁴⁾ ten aansien van Bophuthatswana beskou word: daarin word naamlik van Bophuthatswana, wat by die aanname van die Grondwet reeds ingevolge artikel 1(1) van Wet 89 van 1977 vir 'n paar uur 'n "soewereine en onafhanklike staat" was, 'n republiek gemaak. Die soort republiek wat geskep word, word egter nader bepaal deur te spesifiseer dat dit wesenlik daaraan is dat dit op demokratiese beginsels funksioneer en dat die ekonomie daarvan op vrye onderneming en private en gemeenskaplike eiendom berus. Soos al die bepaling van dié Grondwet, is hierdie bepaling ook weens die feit dat dit ingevolge artikel 7, as deel van die Grundnorm, 'n aspek van die hoogste reg van Bophuthatswana is, 'n gewigtige bepaling met verreikende gevolge, nieteenstaande die feit dat sommige begrippe wat daarin gebruik word, betreklik vaag is. Afhangende van die betekenis wat die Hooggeregshof sal gee aan "die beginsels van demokrasie," sou 'n litigant moontlik die regeringstaak heelwat kan bemoeilik wanneer sterk eensydige owerheidsoptrede nodig mag word. Dieselfde is sekerlik ook van toepas=

14. Vgl Venter (1977) 69.

sing in verband met die konsep "vrye onderneming" in 'n tyd (en 'n staat) waarin toenemende dienslewering van owerheidsweë en gevolglike ingryping deur die staat as ondernemer, noodsaaklik is.¹⁵⁾ Met "private en gemeenskaplike eiendom" word waarskynlik verwys na onderskeidelik die (vir die Bantoe) moderne individuele eiendomsreg enersyds en andersyds die meer tradisionele gemeenskaplike (stam-) eiendomsreg. Dit is egter insiggewend dat artikel 1(1), met die weglating van die begrippe "private eiendom" en "vrye onderneming" onverbeterlik in 'n sosialistiese grondwet sou kon inpas, waarmee alleen aangedui wil word dat die meeste begrippe wat in dié bepaling gebruik is, 'n dubbelsinnige, slagspreukagtige kwaliteit het. Wat in elk geval duidelik is, is dat hierdie artikel 1, saamgelees met artikels 7 en 8 van die Grondwet (vide infra), van feitlik elke owerheidshandeling en ook van heelwat van die optrede van staatsonderdane, 'n konstitusionele kwessie maak. Anders gestel, 'n geweldige volume van die Hooggeregshof se regspraak, straf- en privaatregtelik, sal moet geskied met in agneming van die bepalings van die Grondwet. Hierdie situasie word omvattend verder gevoer deur hoofstuk 2 van die Grondwet, wat hieronder nadere aandag kry.

Artikel 1(2) bepaal dat Mmabatho Bophuthatswana se regeringsetel is, artikel 2 skep en beskryf die nasionale vlag van Bophuthatswana, artikel 3 bepaal

15. Kyk by Wiechers (1973) 9-10.

met verwysing na Bylae 1 dat "Lefatshe la Borrarona" die volkslied is, artikel 4 skryf met verwysing na Bylae 2 die ontwerp van die staatswapen voor en artikel 6 bepaal met verwysing na Bylae 3 die territorium van Bophuthatswana: hierdie gebiedsbeskrywing geskied deur die blote vermelding van die name van die twaalf landdrosdistrikte waaruit Bophuthatswana tot met onafhanklikwording bestaan het, welke gebiedsbeskrywing identies is aan dié in Bylae A van Wet 89 van 1977, behalwe dat die twaalf gebiede bloot "distrikte" genoem word sonder verwysing na die Wet op Landdroshowe 32 van 1944. Soos in die geval van artikel 1(1) van Wet 15 van 1976 (Transkei), voeg artikel 6 ook nog by gemelde gebiedsbeskrywing, "tesame met sodanige ander grond as wat daaraan toegevoeg moet word:" soos in paragraaf 2 supra opgemerk, is hierdie sinsnede juries irrelevant omdat dit maar bloot op 'n spes van grondtoevoeging dui. Artikel 58, die eweknie van artikel 62 van Wet 15 van 1976 (Transkei) en 'n afskafding van artikel 114 van Wet 32 van 1961, verbied die Parlement om die grense van enige streeksowerheidsgebied te verander alvorens elke betrokke streeksowerheid geraadpleeg is, behalwe as die verandering die insluiting van grond wat tot Bophuthatswana toegevoeg word, inhou. Hierdie bepaling kan nie vir dieselfde redes as artikel 114 van Wet 32 van 1961, kontroversieel word nie, aangesien dit as deel van die Grundnorm -grondwet die Parlement ongetwyfeld bind.

Artikel 5 is interessant deurdat dit van Tswana, Engels en Afrikaans al drie op 'n gelyke grondslag

amptelike tale van Bophuthatswana maak. Soos die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika ook op 5 Desember 1977 tydens die onafhanklikwordingsere= monie te Mmabato vermeld het, is dit die eerste keer wat Afrikaans die amptelike taal van 'n ander staat as Suid-Afrika word. Ook anders as in die geval van artikel 41 van Wet 15 van 1976 (Transkei), spesifiseer artikel 53 in verband met die ondertekening en regis= trasie van wette nie welke teks (Tswana, Engels of Afrikaans) deur die President onderteken moet word nie - vide infra.

Soos vroeër vermeld, het artikel 7 betrekking op die regsraad van die Grondwet, wat daarvan 'n sleutel= bepaling maak. Dit lui:

"(1) Hierdie Grondwet is die hoogste reg van die Republiek.

"(2) Enige wet wat na die datum van inwerkingtre= de van die Grondwet aangeneem word wat onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie Grondwet, is, tot die mate van sodanige onbestaanbaarheid, nietig."

Ingevolge subartikel (1) geniet elke bepaling van die Grondwet dus voorrang bo enige ander regsreël wat in Bophuthatswana geld. Die onvermydelike impli= kasje is dat onbestaanbare regsreëls van privaat- en publiekregtelike aard, as "onkonstitusioneel" en dus nietig beskou moet word. Vir hierdie regsposisie is daar nouliks enige twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse presedente, aangesien die huidige Suid-Afrikaanse reg nie werklik voorkeurregsreëls van hierdie aard ken

nie: die voorbeelde van en presedente in verband met die enkele verskansde bepalings van die Zuid-Afrika Wet 1909 en Wet 32 van 1961 kan alleen op baie beperkte skaal van toepassing wees, onder meer weens die beperkte trefwydte daarvan¹⁶⁾ asook weens die feit dat dit bestaan in 'n stelsel wat met parlementêre soewereiniteit as Grundnorm funksioneer.¹⁷⁾ Feit is dat die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977 radikaal nuwe staatsregtelike denkbearde in die Suid-Afrikaanse regskonteks invoer waaroor presedente of voorbeelde van presedente elders, moontlik veral in die Amerikaanse reg,¹⁸⁾ gesoek sal moet word. In hierdie verband is dit van kernbelang dat veral artikel 93 onderhewig aan die bepalings van die Grondwet oor die algemeen gesproke die hele Suid-Afrikaanse regstelsel in die nuwe republiek laat geld. Om vas te stel welke aldus oorgenome regsreëls versoenbaar is met die wesenlik vreemdsoortige nuwe Grondwet en welke nie, sal die Hooggeregshof waarskynlik nog jare lank besig hou, en dit bring ook myns insiens mee dat Bophuthatswana 'n tydperk van betreklike regsonseker=

16. Die huidige en verlede "verskansde onderwerpe" in Suid-Afrika, w o Bantoe- en Kleurlingstemreg in die Kaap, senaatsamestelling en ampstale is nie ingevolge die grondwet van Bophuthatswana konsensieus nie.

17. Vgl bv Rautenbach (1974) 407.

18. En moontlik ook op beperkte skaal in die reg van die negentiende-eeuse Boererepublieke, veral van die Oranje-Vrystaat, wat ook 'n swaar verskansde en 'n regeringshoof-staatspresident gehad het.

heid ten opsigte van die hele registerrein betree het. Ook bring dit mee dat die presiese regsbetekenis van die verskillende bepalings van die Grondwet met betrekking tot alle ander reg wat in Bophuthatswana geld, deur die Hooggeregshof in uitsprake neergelê sal moet word. Dit impliseer weer 'n heel vloeibare regstelsel, aangesien die Hof op verskillende tye of in verskillende sake verskillende opinies oor die betekenis en implikasies van dieselfde grondwetlike bepaling daarop na kan hou. Hierdie hele situasie word verder gekompliseer deur die bepalings van hoofstuk 2 van die Wet (infra).

In die lig van subartikel (1) is artikel 7(2) eintlik oorbodig. Dit is waarskynlik duidelikhedshalwe ex abundanti cautela by die Grondwet ingevoeg. Aangesien dié bepaling slegs slaan op toekomstige wetgewing, word die indruk by die eerste oogopslag geskep dat die bestaande reg wat by onafhanklikwording onbestaanbaar met die Grondwet is, nie outomaties vernietig is nie. Artikel 7(1) en die reeds gemelde artikel 93(1) se "onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet", voorkom egter so 'n uitleg. Artikel 7(2) voorkom ook nie die wysiging van die Grondwet nie, solank sodanige wysiging geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van hoofstuk 10 van die Wet: nakoming van dié voorskrifte sal nie wetgewing daarstel "wat onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie Grondwet" nie, welke punt duidelik na vore gekom

het in Harris and Others, v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A) op 460 tot 461 van die verslag.

3.5. Die Verklaring van Fundamentele Regte

Hierdie menseregte-akte is in die konteks van die moderne Suid-Afrikaanse regstelsel heeltemal nuut en bied die rykste stof in die Grondwet vir litigasie en regsprekende regsvorming deur vertolking. Weens die nuttheid en op plekke vaagheid daarvan en die huidige afwesigheid van presedente daarvoor is dit moeilik om hier kategoriese standpunte oor die besondere betekenis van al die bepalings daarvan in te neem. Onderstaande uiteensetting is dus bloot 'n algemene oorsig waarin algemene prinsipiële en interpretatiewe riglyne getrek word.

Artikel 8 maak, benewens die reeds gemelde bindendheid daarvan op die staatsowerhede en die regsafdwingbaarheid daarvan ingevolge subartikel (1), spesifieke voorsiening in subartikels (2) en (3) vir die afdwing van die regte wat in die res van die hoofstuk verleen word. Dié bepalings lui:

"(2) Enige persoon mag volgens die geskikte prosedures by die Hooggeregshof aansoek doen om die regte wat ingevolge die bepalings van hierdie Verklaring verleen word, toe te pas.

"(3) Die Hooggeregshof het die gesag om al die bevele te maak wat nodig en geskik mag wees om die genieting van enige van die regte wat ingevolge die bepalings van hierdie Verklaring toegeken word aan die

applikant te verseker."

Waar artikel 7(1) die vertolkings- en afdwingingskompetensie ten opsigte van die hele Grondwet by implikasie aan die Hooggeregshof opdra,¹⁹⁾ verleen artikel 8 dus spesifiek aan die Hooggeregshof die kompetensie en funksie om die Verklaring van Fundamentele Regte toe te pas, af te dwing en dus ook in die proses daarvan te vertolk.

'n Vraag wat voortvloei uit artikel 8(1), wat die regte wat verleen word uitdruklik bindend maak op die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag, is of hierdie "fundamentele regte" alleen ter sprake kom in die verhouding tussen owerheid en onderdaan en of dit ook onderling tussen individue in die privaatreë afdwingbaar is. Hierdie vraag aangaande die sogenaamde Drittwirkung van menseregte is in byvoorbeeld die Duitse reg 'n onopgeloste strydvraag:²⁰⁾ sou die "regte" alleen teenoor die staat afdwingbaar wees, is die hoofprobleem in verband daarmee slegs die afweging van individuele teen staatsbelange;²¹⁾ sou dié "regte" egter ook in die privaatreë afdwinging kan word, ont-

19. Dat die houe deur die verskansing van 'n grondwet by implikasie 'n vertolkings- en afdwingingskompetensie ontvang, is oortuigend beredeneer deur hr Centlivres in Minister of the Interior and Another v Harris and Others 1952 4 SA 769 (A) (die sg tweede Harris-beslissing) op 779 E-H en 780 A-B.

20. Vgl Rautenbach (1974) 235-9.

21. Kyk bv Rautenbach (1974) 239 e v en 406 e v asook Van der Vyver (1973) o m 792-814 en 1240-2.

staan die onoplosbare probleem van welke "fundamentele reg" van welke individu voorrang bo dié van 'n ander moet geniet.²²⁾ Hoewel artikel 8(1) dit alleen het oor die afdwingbaarheid van die "fundamentele regte" teenoor die owerheid, is daar niks daarin of elders in die Grondwet wat daarop dui dat dié regte nie ook privaatregtelik in onderlinge verhoudinge tussen individue toepassing moet vind nie: immers, die formulering van die "Verklaring" is op plekke sodanig dat onderlinge privaatregtelike afdwingbaarheid sterk geimpliseer word.

Die uiteensetting van die "Verklaring van Fundamentele Regte" hieronder, is onwillekeurig krities, aangesien dit gebaseer is op 'n Christelike uitgangspunt, wat impliseer dat die kosmiese soewereiniteit van God as sentrale vertrekpunt geneem word. Met dié belydenis as lewensbeskoulike en dus ook wetenskaplike uitgangspunt, word menseregte onvermydelik met agterdog bejeën, aangesien dit oorspronklik en moontlik onlosmaaklik gewortel is in die humanisme en die natuurregsleer,²³⁾ waarvan die prinsipiële uitgangspunte radikaal van dié van die Christelike verskil deurdat dit die mens of 'n aspek van die mens lewensbeskoulik oorbeklemtoon. Dit wil egter nie sê dat alles wat "fundamentele" of "menseregte" genoem word sonder

22. Vgl bv Van der Vyver (1973) 814-21 en 1240-2 en Rautenbach (1974) t a p en veral 241-4.

23. Kyk bv Van der Vyver (1975) 1-13 en Rautenbach (1974) hfst I.

meer verwerp of geminag word nie: heelwat van dif wat "menseregte" genoem word is immers volkome akkome=deerbaar in 'n Christelike lewensbeskouing, maar in dié gevalle waar die individuele of kollektiewe mens, 'n aspek van sy regsobjektiwiteit of die een of ander aanspraak van hom in die vorm van 'n "fundamentele reg" sodanig oorbeklemtoon word dat die soewereiniteit van God daarmee in die agtergrond gedwing word, is prinsipiël onaanvaarbaar. Benewens hierdie "prinsipiële agterdog" waarmee die "Bill of Rights" van Bophutha=swana bejeën word, is dit uit die oogpunt van die positiewe reg van essensiële belang om 'n waardering te maak van die impak wat die skepping van hierdie "superregte"²⁴⁾ op die gewone kompetensies, subjektiewe regte, bevoegdhede en verpligtinge wat vanuit die Suid-Afrikaanse reg na Bophuthatswana "uitgevoer" is, gehad het.

Artikel 9 stel alle mense gelyk voor die reg en verbied die begunstiging of benadeling van mense op grond van hul geslag, afkoms, ras, taal, oorsprong of geloofsoortuigings. Daarmee is rassisme, geslagschauvinisme, taalbevoorregting, aristokrasie, stam- en volksbevoorregting geheel in die ban gedoen en volkome geloofsvryheid verskans. Hierdie gelykstelling is in ooreenstemming met die menseregte teorieë wat "gegrond word op die idee van die gelykheid van alle

24. Onthou moet word dat hulle ingevolge a 7(1) deel uitmaak van die "hoogste reg van die Republiek."

mense."²⁵⁾ Vrae wat in verband met artikel 9 na vore kom, is byvoorbeeld of artikel 56(1), wat aan die kapteins hul voortgesette status toeken, nie daarmee bots nie; of die Wet op Publikasies 42 van 1974, waarvan die voortgesette gelding in Bophuthatswana deur artikel 93(1) en Bylae 6 teweeg gebring word, dan nie spreek van godsdienstige bevoorregting nie omdat dit in artikel 1 die aanlê van Christelike maatstawwe voorskryf en of dié Suid-Afrikaanse regsreëls wat ingevolge artikel 93 van die Grondwet bly voortbestaan het en wat betrekking het op puberteitsouderdom, huwelike en so meer²⁶⁾ geag moet word herroep te wees omdat dit mense op grond van geslag bevoordeel of benadeel? 'n Letterlike uitleg van artikel 9 (wat volgens die basiese uitlegreël betreffende die gewone betekenis van woorde aangewese skyn te wees) bring positiewe antwoorde op dié vrae: indien die bepaling egter nie letterlik uitgelê moet word nie omdat dit te veel leemtes in die reg sou laat, ontstaan die vraag hoe los dit wel uitgelê moet word. Tot tyd en wyl die Hooggeregshof hieroor uitspraak gee, is die vraag onbeantwoordbaar.

Artikel 10 vereis die beskerming van "elkeen se reg op lewe," welke "reg" nie nader gepresiseer word nie as dat die opsetlike ontneming van 'n persoon se

25. Van der Vyver (1975) 41 en 52 en vgl ook Van der Vyver (1973) bv op 1248-50.

26. Vgl bv Van der Vyver (1975) 53-60.

lewe verbied word, op welke reël 'n aantal uitsonderings gemaak word. Die reël,²⁷⁾ sowel as die uitsonderings, naamlik dat die doding van 'n persoon regmatig is indien dit in die uitvoering van die vonnis van 'n hof ná skuldigbevinding aan 'n halsmisdaad geskied,²⁸⁾ en indien nie meer geweld as wat absoluut noodsaaklik is, gebruik word "in die verdediging van enige persoon teen wederregtelike geweld"²⁹⁾ nie, om 'n regmatige arrestasie te bewerkstellig of om die ontsnapping van 'n regmatige aangehoudende te voorkom³⁰⁾ en in regmatige optrede om onluste of 'n opstand te onderdruk,³¹⁾ sou sonder die aanname van artikel 10 in elk geval in Bophuthatswana bly geld het weens die voortgesette gelding ingevolge artikel 93 van die betrokke aspekte van die Suid-Afrikaanse reg in Bophuthatswana, behalwe miskien dat van die uitsonderings nie so wyd sou wees nie. Dit lyk dus of die "reg op lewe" in die reg van Bophuthatswana min of meer die teenkant is van

27. Wat op niks anders as 'n onvolledige definisie van moord neerkom nie: kyk bv Hunt (1970) 323.

28. Kyk bv Burchell en Hunt (1970) 302.

29. Welke uitsondering neerkom op 'n beskrywing van die regverdigingsgrond noodweer: kyk bv Burchell en Hunt (1970) 272-82.

30. Welke uitsonderings in die Suid-Afrikaanse reg bestaan ingevolge a 49(2) van die Strafproseswet 51 van 1977, behalwe dat die Suid-Afrikaanse uitsondering meer beperk is deurdat dit slegs bestaan t o v die misdade gemeld in Bylae I tot dié lg Wet.

31. Kyk a 7 en 8 van die Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1956 soos gewysig, wat heelwat strenger en beter omlýnde beperkings op die noodlottige gebruik van geweld stel as a 10)2)(c) van die Bophuthatswana-grondwet.

die gemeenregtelike verbod op die ontneming van lewe in Suid-Afrika.

Artikel 11 verbied die onderwerping van mense aan marteling of "onmenslike en vernederende behandeling of straf." Die presiese regsbetekenis van die vae begrippe "onmenslik" en "vernederend" en 'n vraag soos byvoorbeeld waar straf ophou en marteling begin, sal vir duidelikheid moet wag vir regsprekende uitleg of nadere statutêre omskrywing, aangesien dit, so ver vasgestel kon word, nie begrippe is waaraan besondere betekenis of uitleg tot dusver in die Suid-Afrikaanse reg verleen is nie.

Artikel 12 is 'n omvattende bepaling,³²⁾ met as kantskrif "Reg op vryheid" Die verskeie sub- en sub-subartikels van artikel 12 gee aan dié begrippe 'n inhoud, welke subartikels myns insiens ewe goed elk maar as kompetensie-, regs- en bevoegdheidsverlenende bepaling afsonderlik gelaat kon word sonder dat dit onder die vae en verwarrende koepelbenaming "vryhede" saamgevat hoef te gewees het.

Artikel 12(1) bepaal dat geeneen in "slawerny of dwingelandy" gehou mag word nie. Dit doen myns insiens niks meer nie as om die afskaffing van slawerny wat in Suid-Afrika min of meer 'n eeu en 'n half gelede gebeur het, te herbevestig.

32. I v m die wysgerige en juridiese betekenis van die begrip "vryheid," kyk bv Van der Vyver (1973) 1245-8.

Artikel 12(2) bepaal dat dit van geeneen vermag mag word om gedwonge of verpligte arbeid te verrig nie, maar sekere soorte werk en dienste word van dié begrip uitgesluit. Dit kom my voor dat hierdie verbod op dwangarbeid in die lig van die uitsonderings daarop, ook geen verandering in die status quo teweeg gebring het nie: die uitsonderings is werk wat regmatiglik vereis kan word van 'n persoon tydens aanhouding,³³⁾ militêre diensplig,³⁴⁾ diens wat "vereis word in geval van 'n noodtoestand of ramp wat die lewe of voorspoed van die Republiek bedreig,³⁵⁾ en "enige werk of diens wat deel uitmaak van normale burgerlike verpligtinge deur die reg opgelê."³⁶⁾

Artikel 12(3) verleen aan almal die "reg op vryheid en persoonlike veiligheid," welke "vryheid"³⁷⁾ 'n persoon nie ontnem mag word nie, behalwe onder die uitsonderingsituasies wat in die daaropvolgende ses sub-subartikels beskryf word in ooreenstemming met die regtens voorgeskrewe prosedure. Behalwe as die Hooggeregshof van Bophuthatswana aan die begrippe "vry-

33. Vgl bv a 77 van die Wet op Gevangenis, 8 van 1959 soos gewysig deur Wet 62 van 1973.

34. Vgl bv a 21, a 38, a 52 en a 57 van die Verdedigingswet 44 van 1957 soos gewysig.

35. Vgl a 9 van die Wet op Burgerlike Beskerming 39 van 1966 soos gewysig.

36. Bv a 47 van Wet 51 van 1977.

37. Vide supra vn 32.

heid" en "persoonlike vryheid" betekenisse gaan gee wat meer inhou as die normale kompetensies, regte en bevoegdhede wat die Suid-Afrikaanse reg aan persone verleen, lyk dit, beoordeel aan die hand van die uitsonderings op die reël in artikel 12(3)(a) tot (f), of hierdie bepaling ook nie die regsposisie verander nie, behalwe dat dié gemelde vae en verwarrende begrippe ingevoer word. Die uitsonderingshandelinge, wat dus regmatige aantastings van "persoonlike vryheid en veiligheid" daarstel, het almal betrekking op arres en aanhouding. Dit is naamlik die regmatige aanhouding van persone ná skuldigbevinding deur 'n kompetente hof;³⁸⁾ die regmatige arrestasie of aanhouding van 'n persoon met die doel om hom voor 'n kompetente regsowerheid te bring weens die vermoede dat hy 'n misdaad gepleeg het³⁹⁾ of wanneer dit op redelike gronde nodig geag word om hom te verhoed om 'n misdaad te pleeg⁴⁰⁾ of te ontvlug,⁴¹⁾ met die voorbehoud dat so 'n persoon spoedig voor 'n regsprekende amptenaar gebring moet word⁴²⁾ en dat hy aanspraak het om

38. Vgl a 26 van Wet 8 van 1959.

39. Vgl bv a 40 en a 50 van Wet 51 van 1977. Op hierdie reëls maak die Suid-Afrikaanse veiligheidswetgewing uitsonderings: vgl bv Van der Vyver (1975) 137-47.

40. Vgl bv a 40(1)(d) en a 185 van Wet 51 van 1977, wat egter nie heeltemal in dieselfde kategorie val of so omvattend is nie, maar kyk bv die posisie in Indië, soos beskryf deur Van der Vyver (1975) 33 en 147.

41. Vgl bv a 68 van Wet 51 van 1977.

42. Vgl a 50 van Wet 51 van 1977.

binne 'n redelike tyd verhoor te word⁴³⁾ of hangende die verhoor, vrygelaat te word op voorwaardes wat sy verskyning by die verhoor sal waarborg;⁴⁴⁾ die regmatige aanhouding van 'n minderjarige vir die doeleindes van opvoedkundige toesig⁴⁵⁾ of om hom voor die kompetente regsowerheid te bring;⁴⁶⁾ die regmatige aanhouding van persone met die oog op die voorkoming van die verspreiding van aansteeklike siektes,⁴⁷⁾ van persone wat geestelik versteurd of alkoholiste is,⁴⁸⁾ of wat verslaafdes aan verdowingsmiddels⁴⁹⁾ of leeglêers⁵⁰⁾ is; die regmatige arrestasie of aanhouding van 'n persoon weens nie-nakoming van 'n regsgeldige hofbevel⁵¹⁾ of om die nakoming van 'n regtens voorge-

43. Ibid en vgl Hiemstra (1977) 88.

44. Vgl hfst 10 en 11 van Wet 51 van 1977.

45. Vgl a 31 en a 36 van die Kinderwet 33 van 1960.

46. Vgl a 29 van Wet 8 van 1959.

47. Vgl die Wetten op Krankzinnigheid en Melaatsheid Wijzigings Wet 14 van 1914.

48. Ibid en a 34 van Wet 8 van 1959.

49. Vgl hfst III van die Wet op die misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums 41 van 1971.

50. Vgl a 29 van die Bantoes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet 25 van 1945!

51. Vgl bv a 106 en 107 van Wet 32 van 1944 en a 40 van Wet 59 van 1959.

skrewe verpligting te verseker;⁵²⁾ en die regmatige arrestasie of aanhouding van 'n persoon om sy ongemagtigde binnekoms in die land te voorkom⁵³⁾ of van 'n persoon teen wie deportasie of uitleweringshandelinge verrig word.⁵⁴⁾

Artikel 12(4) vereis dat 'n gearreesteerde onverwyld in 'n taal wat hy verstaan, van die redes vir sy arrestasie en van enige klag teen hom, ingelig moet word.⁵⁵⁾ Artikel 12(5) verleen aan 'n gearreesteerde of aangehoudene die kompetensie om die regsgeldigheid van sy arrestasie spoedig in 'n hof aan te veg.⁵⁶⁾

Artikel 12(6) verleen aan elke persoon 'n aanspraak op 'n regverdigde en openbare verhoor in die vasstelling van sy privaatregtelike regte en verpligtinge en, in geval van 'n strafregtelike klag teen hom, deur 'n onafhanklike en onpartydige tribunaal deur die reg geskep, binne 'n redelike tyd. Verder word daarin bepaal dat die uitspraak in die openbaar gedoen moet word, maar dat die pers en die publiek

52. Vgl Herstein en Van Winsen (1966) hfst XXXIX.

53. Vgl a 40(1)(1) van Wet 51 van 1977 en a 26 van die Wet op die Toelating van Persone tot die Republiek 59 van 1972.

54. Vgl bv hfst 7 van Wet 59 van 1972 en a 5, a 7 en a 9 van die Wet op Uitlewering 67 van 1962.

55. Vgl a 39(2) van Wet 51 van 1977.

56. Vgl Hjemstra (1977) 90-1.

van die geheel of 'n gedeelte van die verhoor in die belang van moraliteit uitgesluit mag word, openbare orde of nasionale veiligheid in 'n demokratiese gemeenskap, waar die belange van jeugdiges of die beskerming van die private lewens van die partye dit vereis of onder streng noodsaaklike-gevallen waar die hof van mening is dat publisiteit tot die nadeel van geregtigheid sal wees.⁵⁷⁾

NB. Artikel 12(7) skeep die vermoede in strafsake dat 'n beskuldigde onskuldig is totdat hy regtens skuldig bewys word,⁵⁸⁾ en verder word (weer eens⁵⁹⁾) pertinent aan 'n beskuldigde die reg verleen om onverwylde meegedeel te word wat die klag teen hom is, asook om voldoende tyd en fasiliteite gegun te word om sy verdediging voor te berei en om homself persoonlik, of met behulp van regsverteenvoordiging van sy eie keuse (tensy 'n wet anders bepaal⁶⁰⁾) of met gratis regshulp,

57. Vgl a 152 en a 153 van Wet 51 van 1977 en a 16 van Wet 59 van 1959.

58. Vgl Van der Vyver (1975) 155-7 en die gesag daar aangehaal: soos daarin aangetoon word, bestaan heelwat uitsonderings in die Suid-Afrikaanse reg op dié reël. Dit wil in die lig van die voorrang wat die Bophuthatswana-grondwet bo alle ander reg geniet, voorkom of a 12(7) al dié gemelde uitsonderings wat ingevolge a 93 van die Grondwet daar sou voortbestaan het, vernietig.

59. Vgl a 12(4) supra.

60. Hierdie voorbehoud is eienaardig in die sin dat dit die indruk skeep dat die reg op regsverteenvoordiging uitgesluit mag word. Dié voorbehoud, indien dit so vertolk moet word, ondermyn dan eintlik die hele bepaling se strekking.

te verdedig.⁶¹⁾

Artikel 12(8) verbied skuldigbevinding aan 'n misdaad op grond van 'n handeling wat by die verrigting daarvan nie 'n misdaad was nie, asook swaarder strafoplegging as wat tydens die pleging van 'n misdaad opgelê sou kon word. Anders gestel, verbied hierdie bepaling terugwerkende misdaadskepping of strafbepaling.⁶²⁾

Artikel 13(1) skep 'n "reg op respek" vir private en gesinslewe, vir 'n mens se huis en vir sy korrespondensie, aan welke reg deur subartikel (2) inhoud gegee word, maar waarop ook wydgeformuleerde uitsonderings toegelaat word. Die inhoud is naamlik dat geen "openbare owerheid" toegelaat word om hom by die uitoefening van dié reg in te meng nie⁶³⁾ en die uitsonderings is waar die reg dit toelaat en dit "nodig is in 'n demokratiese gemeenskap"⁶⁴⁾ in die belang van nasionale veiligheid, openbare veiligheid of die ekonomiese voorspoed van die land, vir die voorkoming

61. Vgl a 73 van Wet 51 van 1977, Hiemstra (1977) 130-4, Van der Vyver (1975) 159-69 en die Wet op Regshulp 22 van 1969 soos gewysig.

62. Vgl bv Van der Vyver (1975) 138 vn 9 en 12 asook 178-81.

63. Hierdie formulering skep die indruk dat die reg nie onderling tussen individue afdwingbaar is nie, maar nadere regsprekende of statutêre vertolking sal uitsluitel daarvoor moet gee.

64. Welke frase m i weens die vaagheid daarvan aan betekenisloosheid grens.

van onrus en misdaad, die beskerming van gesondheid, sedes en van die "regte en vryheid" van andere.⁶⁵⁾ Hierdie uitsonderings laat dus oor die algemeen die regsgeldige aanname van gewone (nie-konstitusionele) wetgewing toe, wat inbreuk maak op die verleende reg. Tegnies kom dit neer op 'n legaliteitsbegrip⁶⁶⁾ wat nouliks meer kan inhou as regmatigheid. Artikel 13(3) skep die "reg" om private onderwysinrigtings op te rig.⁶⁷⁾

Artikel 14 oortref die ~~meeste~~^e ander bepalings van die Verklaring in vaagheid. Daarin word naamlik 'n "reg op vryheid van denke, gewete en geloof" verleen, welke reg die "vryheid" insluit om 'n mens se geloof of oortuiging te verander (!) asook die vryheid om 'n mens se geloof of oortuiging ðf alleen ðf in gemeenskap met andere, in die openbaar of privaat te openbaar in aanbidding, lering, beoefening of nakoming. Subartikel (2) (en waarskynlik ook a 15 - vide infra) lê egter die gebruikelike beperkings wat by wet voorgeskryf mag word en "wat nodig is in 'n demokratiese gemeenskap" ter wille van openbare veiligheid en or-

65. Hierdie laasgenoemde frase versterk die reeds gemelde indruk dat, selfs vir die privaatregtelike beskerming van subjektiewe regte, hierdie "reg op respek vir private en gesinslewe" alleen van owerheidsweë afdwingbaar is en nie binne die individu contra nie-owerheids-derdes se kompetensie lê nie.

66. Vgl dié van Wiechers (1967).

67. Vgl a 15 van die Wet op Onderwysdienste 41 van 1967 soos gewysig, wat iets minder as sodanige "reg" verleen, maar wel die oprigting van private skole onder bepaalde voorwaardes toelaat.

de, gesondheid en sedes en vir die beskerming van die "regte en vryhede" van andere. Dit wil voorkom of hierdie bepaling oor die algemeen ook ideologiese opinievryheid toelaat, maar dat die beperkings weer spreek van 'n legaliteitsbegrip wat aan die wetgewer wesenlik 'n vrye hand gee.

Saam met artikel 14 moet sekerlik artikel 15 gelees word, wat die "reg op vryheid van meningsuiting"⁶⁸⁾ skep, wat insluit die vryheid om menings te huldig, om inligting en idees te ontvang en mee te deel sonder die inmenging van openbare owerhede en ongeag grense. Hierdie verlening van oënskynlik ongebonde kompetensies en regte, word betreklik volledig ingeperk: eerstens bepaal artikel 15(1) self dat dié bepaling nie die stel van vereistes vir die lisensiëring van uitsaai-, televisie- en bioskoopondernemings verbied nie. Tweedens bevat artikel 15(2) verskeie kwalifikasies van die verleende reg op meningsuiting "aangesien dit daarmee saam pligte en verantwoordelikhede bring," deurdat dit toelaatbaar gemaak word dat die uitoefening daarvan deur regsvoorskrifte onderhewig gestel kan word aan die formaliteite, voorwaardes, beperkings of strawwe" as wat nodig is in 'n demokratiese gemeenskap" in die belang van nasionale

68. Hierdie bepaling kom my voor heeltemal buite die juridiese werklikheid te beweeg, aangesien ongeopenbaarde menings m i nie vatbaar kan wees vir regsordening nie: op 'n vergelykbare vlak is bv die onmoontlikheid om regtens outeursreg aan ongepubliseerde (in tegniese sin) werk toe te ken.

veiligheid, gebiedsintegriteit en openbare veiligheid, vir die voorkoming van wanorde of misdaad, die beskerming van gesondheid en sedes, die beskerming van die reputasie of regte van andere, die voorkoming van die openbaarmaking van inligting wat vertroulik ontvang is of vir die handhawing van die gesag en onpartydigheid van die regsprekende gesag. So oënskynlik onbeperk as wat die "reg op vrye meningsuiting" verleen word, net so klaarblyklik word dit ingrypend en in algemene terme gekwalifiseer. Hierdie kwalifikasies en beperkings kan sekerlik ook beskou word as van toepassing op die geloofs- en gewetensvryheid van artikel 14, aangesien dit ook veral deur meningsuiting of openbaarmaking van inligting en idees beoefen kan word.

Artikel 16(1) verleen aan almal die "reg op vryheid van vreedsame vergadering en van assosiasie met andere." Subartikel (2) lê weer eens die soort perke daarop wat op vroeër vermelde "regte" gelê is en voeg ook nog by dat dié bepaling nie regmatige beperkings op die uitoefening van hierdie regte deur lede van die gewapende magte, of die polisie of die "administrasie" van die Republiek⁶⁹⁾ verbied nie.

Artikel 17(1) beskerm eiendomsreg en besit van private en gemeenskaplike eiendom, en subartikel (2) magtig onteiening alleen as dit ingevolge 'n parle-

69. Waarby seker ten minste die Regering ingesluit is.

mentswet geskied, dit vir die openbare voordeel is en "redelike vergoeding" daarvoor betaal word.⁷⁰⁾

Die laaste bepaling van die Verklaring, artikel 18, illustreer moontlik by hernuwing die wesenlike oortolligheid van die Verklaring en verwyder die illusie dat 'n mens hier te make het met 'n onbuigsame menseregteakte. Hoewel dié bepaling negatief geformuleer is, kan dit eintlik beskou word as 'n magtigen de bepaling wat die Parlement toelaat om enige van die gegewe regte by wetgewing in te perk. Al vereistes wat daarvoor gestel word, is eerstens dat dit in gevolge 'n wet moet geskied, welke wet klaarblyklik nie hoef te voldoen aan die wysigingsvereistes van die Grondwet nie (dus gewoonweg aangeneem kan word), tweedens dat sodanige wet algemene gelding moet hê⁷¹⁾ en derdens dat, behalwe waar die Verklaring dit self toelaat, "'n fundamentele reg en vryheid" nie in geheel afgeskaf of wesenlik daarop inbreuk gemaak mag word nie. By gebrek aan presedente oor die omvang van hierdie vereistes, moet van die vaagheid daarvan, ook van laasgenoemde een, afgelei word dat die beskerming van die "menseregte" nie baie effektief is nie. Dié gevolgtrekking word versterk deur die feit dat Bophuthatswana 'n Afrika-demokrasie is wat van meet af aan

70. Vgl by Gildenhuis (1976) veral 40, 89-91 en 103-4.

71. Waarmee oënskynlik die teenoorgestelde van wetgewing wat uitsonderlike gevalle dek, bedoel is: vgl Steyn (1974) 84-6.

feitlik 'n eenparty staat is,⁷²⁾ wat meebring dat die wysiging van selfs 'n verskansde grondwet soos hierdie (dus ook van artikel 18) met gemak bewerkstellig kan word.

Ten slotte moet opgemerk word dat die gronde waarop die wetgewer die verleende kompetensies en regte kan inperk,⁷³⁾ waaronder oorwegings van staatsveiligheid, openbare gesondheid en sedes, ter voorkoming van wanorde of misdaad en so meer, so vaag en wyd is dat ontsaglik baie verskuilde motiewe vir inperking van die "regte" onder die vaandel daarvan bedek kan word. Regstegnies beïndruk die Verklaring dus nie. Prinsipiël is daar oor die algemeen gesproke nie wesenlike besware daarteen op grond van effektiewe verabsoluttering van die mens of menslike eienskappe nie. Wat egter wel hinder is die feit dat gegoël word met juridies-onbepaalde begrippe soos "vryhede", "gewete," "demokratiese gemeenskap" en dies meer: gelukkig is hierdie begrippe egter, hangende die gevaar dat regsprekende interpretasie die een of ander hinderlike betekenis daaraan kan heg, skadeloos omdat dit vir alle praktiese doeleindes in die Suid-Afrikaanse regsopset (en dus ook van dié van Bophuthatswana), aan betekenisloosheid grens.

72. Kyk bv Woord en Daad (1977) 11 (tweede kolom).

73. En in die lig van die voorbehoudsbepaling van a 18(2), moontlik onder omstandighede geheel kan afskaf of opskort.

3.6. Die President

Artikel 19 maak die President van Bophuthatswana staatshoof, wat Bophuthatswana en sy mense moet verteenwoordig en dien. Artikel 20(1) bepaal dat die President die "uitvoerende hoof van die regering" (regeringshoof) van die Republiek is, asook opperbevelhebber van die verdedigingsmagte van Bophuthatswana, in welke hoedanigheid hy, soos die President van Transkei ingevolge artikel 2(3) van Wet 15 van 1976 (Transkei), dié magte kan mobiliseer en kommissierang daarin kan toeken.

Saam met die gemelde bepalinge wat van die President staats- sowel as regeringshoof maak, moet artikels 31 en 32 gelees word: eersgenoemde laat die uitvoerende gesag van die Republiek berus by die President, "wat die Ministers in die Uitvoerende Raad moet raadpleeg" en artikel 32 maak van die President saam met die Ministers 'n lid van die Uitvoerende Raad. Anders as in die geval van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika en die President van Transkei, is Bophuthatswana se President 'n aktiewe, polities-betrokke, staats- en regeringshoof wat sy Ministers moet raadpleeg, maar wat nie volgens enige bepaling van die Grondwet verplig is om dié advies te volg nie en wat dus in sy Uitvoerende Raad die regeringsinisiatief moet neem soos die Suid-Afrikaanse en Transkeise Eerste Ministers.

Op soortgelyke wyse as artikel 7(3) van Wet 32 van 1961 en artikel 2(2) van Wet 15 van 1976 (Trans-

kei), verleen artikel 20(3) van die Grondwet aan die President bepaalde tipiese staatshoofskompetensies, hoewel sommige wat in eersgenoemde twee grondwette se ooreenstemmende bepalings voorkom, soos dié met betrekking tot die byeenroeping en ontbinding van die Parlement en die aanstelling van Ministers, nie hier ook voorkom nie maar slegs later in die Wet verleen word.⁷⁴⁾

Artikels 21 en 22 maak voorsiening vir 'n soortgelyke verkiesingsprosedure deur die Volksraad, wat as kieskollege sit, as dié waarvoor artikels 8 en 9 van Wet 32 van 1961 en artikels 3 en 4 van Wet 15 van 1976 (Transkei) voorsiening maak. Noemenswaardige verskille is egter dat die drie lede wat ingevolge artikel 39(1)(c) deur die President as lede van die Volksraad aangestel word,⁷⁵⁾ nie deel van die kieskollege vorm nie en ook nie as President verkiesbaar is nie, dat een van die kwalifikasies vir kandidaatskap is dat 'n kandidaat 'n verkoë of aangewese lid van die Volksraad moet wees en dit reeds vir vyf jaar moes gewees het en dat hy minstens vyf en dertig jaar oud moet wees.

Artikel 23 maak die ampstermyn van die President, soos in die geval van Transkei, vyf jaar, maar daar

74. 'n Groot mate van die onnodige duplisering van die grondwette van Suid-Afrika en Transkei is dus uitgeskakel.

75. Vide infra.

word andersom as in artikel 10 van Wet 32 van 1961 en artikel 5 van Wet 15 van 1976 (Transkei) bepaal dat hy ná afloop daarvan herkiesbaar is, tensy die Volksraad uitdruklik by besluit anders besluit. Artikel 23(3) bepaal net soos artikel 10(4) van Wet 32 van 1961 en artikel 5(3) van Wet 15 van 1976 (Transkei) dat die President hom nie buite Bophuthatswana mag begewe sonder die vooraf verkreë toestemming van die Uitvoerende Raad nie. In die konteks van die Grondwet van Bophuthatswana is hierdie laasgenoemde bepaling ietwat eienaardig: eerstens is dit die enigste bepaling wat enige noemenswaardige beheer oor die President aan die Uitvoerende Raad verleen, en tweedens kan dit, in die lig van die feit dat Bophuthatswana tans uit ses geskeie gebiede bestaan, blyk heel lastig te wees, aangesien die President hom telkens wanneer hy van een gebied na 'n ander reis, buite Bophuthatswana sal moet begeef.

Artikel 24 bepaal dat die bekleër van die Presidentsamp te eniger tyd sy bedanking skriftelik by die Speaker kan indien. Artikel 25 maak voorsiening vir die impeachment van die President volgens 'n soortgelyke prosedure as dié in Suid-Afrika (artikel 10 van Wet 32 van 1961) en Transkei (artikel 7 van Wet 15 van 1976 (Transkei)),⁷⁶⁾ maar die gronde waarop dit gedoen kan word, is heeltemal anders omlyn. In

76. Hoewel daar 'n relatiewe groot mate van aanvanklike steun vir die mosie moet wees, naamlik vyftig lede, terwyl dit in Suid-Afrika maar 30 en in Transkei 25 lede is.

plaas van die problematiese "wangedrag of onvermoë," bepaal artikel 25(1) dat die President uit sy amp ontslaan kan word deur impeachment "weens hoogverraad, omkoperij of ander hoë misdade."⁷⁷⁾ Hoogverraad en omkoperij is klaarblyklik nie problematiese gronde vir impeachment nie, maar "ander hoë misdade" kan, soos blyk uit die mees waarskynlike bron van presedente in hierdie verband, naamlik die Amerikaanse reg, as grond vir amptsontheffing alleen probleme en onsekerhede oplewer.⁷⁸⁾

Artikel 26 bepaal dat die Speaker, en indien hy nie kan nie, iemand wat deur die Uitvoerende Raad aangewys word, as President moet waarneem wanneer die President na die oordeel van die Uitvoerende Raad nie in staat is om sy amppligte na te kom nie.

Artikel 27 skryf die President se ampseed voor, waarin hy onder meer onderneem om die Grondwet in stand te hou.

Op soortgelyke wyse as artikel 13 van Wet 32 van 1961 en artikel 71 van Wet 15 van 1976 (Transkei), handel artikel 28 oor die beskerming van die waardigheid en eer van die President. Daar is egter twee verskil-

77. Klaarblyklik is hierdie bepaling ontleen aan artikel 11.4 van die Konstitusie van die VSA, wat lui "The President ... shall be removed from Office on Impeachment for, and Conviction of, Treason, Bribery, or other high Crimes and Misdemeanors."

78. Kyk by Pritchett (1977) 155-8.

le. Eerstens geskied dié beskerming onderhewig aan die bepalinge van die Verklaring van Fundamentele Regte en die "reg op vrye politieke meningsuiting:" Weens die reeds vermelde feit dat die beperkings wat gelê word op die verleende "fundamentele regte," kom dit my voor dat hierdie voorbehoud nie die regsbeskerming van die President van Bophuthatswana se eer en waardigheid wesenlik anders laat lyk as dié van die Suid-Afrikaanse Staatspresident s'n nie. Die tweede verskil is dat artikel 28 nie bloot van die President se "waardigheid" melding maak soos die ooreenstemmende Suid-Afrikaanse en Transkeise bepalinge nie, maar wel van sy "persoonlike waardigheid:" dit skep die indruk dat dit nie spesifiek die President se ampswaardigheid is wat beskerm word nie, maar die dignitas van die persoon wat die amp beklee. In die lig van die feit dat die privaat- en strafreg reeds volledige beskerming aan alle persone se dignitas verleen, lyk artikel 28 oorbodig. In elk geval gaan artikel 28 steeds net soos sy Suid-Afrikaanse en Transkeise eweknieë mank, weens onduidelikheid oor die vraag welke skuldvorm vir die misdryf wat geskep is, vereis word.⁷⁹⁾

Artikels 29 en 30 handel op dieselfde patroon as die ooreenstemmende Suid-Afrikaanse en Transkeise bepalinge, oor die salaris en pensioen van die President.

Soos in die Suid-Afrikaanse en Transkeise grond-

79. Vgl weer die reeds aangehaalde Beyleveld-uitspraak.

wette is daar elders in Bophuthatswana se grondwet heelwat bepalings aangaande die Presidentsamp. Onder meer plaas artikel 33(2) die staatseël, wat deur subartikel (1) ingestel is, in die President se bewaring en magtig hom om voor te skryf waarop dit gebruik moet word; artikel 34(1) vereis dat die President sy uitvoerende kompetensies en bevoegdhede skriftelik moet uitoefen en dat dit bevestig moet word deur die seël van die Republiek;⁸⁰⁾ artikel 35(1) magtig die President om die staatsdepartemente wat hy vir die regering van die Republiek nodig ag, in te stel en om Ministers vir die administrasie van dié departemente aan te stel, welke Ministers ingevolge subartikel (2) hul ampte beklee so lank as wat dit die President behaag;⁸¹⁾ artikel 37 bepaal myns insiens dupliserend (aangesien artikel 20(3)(g) reeds voldoende daarvoor voorsiening gemaak het) dat die kompetensie om persone in diens van die Republiek aan te stel en te ontslaan, by die President berus, behalwe waar anders in wetgewing bepaal word; artikel 38(1) maak die President, saam met die Volksraad, 'n samestellende deel van die Parlement, wat hieronder verder behandel word, en subartikel (3) vereis die President se goedkeuring

80. Anders as in Suid-Afrika en Transkei word die mede-ondertekening van 'n Minister nie vereis nie, wat in ooreenstemming is met die feit dat die President regeringshoof is en nie aan sy Ministers se advies gebonde is nie.

81. Anders as in Suid-Afrika en Transkei (vide supra) is die advies van die Uitvoerende Raad of 'n (eerste) Minister in Bophuthatswana dus onnodig by die ontslag van Ministers.

van wetsontwerpe om daarvan wette te maak; artikel 39(1)(c) bepaal dat die President drie persone as lede van die Volksraad moet aanwys op grond van hul spesiale kennis, kwalifikasies of ondervinding (waaroor meer hieronder); ingevolge artikel 47(2) bepaal die President die aanvangsdatums vir sessies van die Volksraad en ingevolge subartikel (3) kan hy te eniger tyd spesiale sessies byeenroep; artikel 51(2) vereis die President se aanbeveling alvorens finansiële en belastingwetgewing deur die Volksraad oorweeg kan word; artikel 57(1) verleen aan die President die kompetensie om kapteins, hoofmanne, waarnemende kapteins en hoofmanne en "onafhanklike" hoofmanne aan te wys,⁸² maar subartikel (2) vereis 'n aanbeveling van die Uitvoerende Raad alvorens nuwe kapteinskappe deur die President bevestig kan word; artikel 61(1) magtig die President om 'n hoofregter en ander regters van die Hooggeregshof aan te stel, welke kompetensie onderhewig is aan die kwalifikasies wat vir dié ampte gestel word (vide infra) en artikel 63 beperk die moontlikheid van die ontslag van regters deur die President deur dit te magtig alleen nadat 'n bede van die Volksraad te dien effekte ontvang is; artikel 68 laat alle staatsgelde by die President berus; artikel 70 laat

82. 'n Interessante vraag wat hier geopper kan word, is of die bedoeling hier was om van die President 'n soort verkose opperhoof te maak: die kompetensie om kapteins aan te stel het voorheen by die Staatspresident ingevolge a 2(7) van Wet 38 van 1927 berus. In 'n Bantoeestaats wat, anders as Transkei geen hoofkapteins of te wel opperhoofde het nie, sou die Presidentsamp waarskynlik sinvol as nominele opperhoof beskou kan word.

die President toe om die uitbetaling van gelde tot 'n maksimum van een miljoen rand deur 'n spesiale bevel=skrif te magtig waar dit in openbare belang noodsaak=lik is en 'n begrotingswet nie daarvoor voorsiening maak nie, en artikel 93(3) laat verwysings in wetge=wing wat bly voortbestaan het ná onafhanklikwording na onder meer die Kroon, Koning, Koningin, Goewerneur=generaal, Staatspresident, Koning-, Koningin- en Goe=werneur-generaal-in-Rade, Administrateur van Transvaal, Oranje-Vrystaat en Kaapprovinsie en so meer, lees as verwysings, waar van toepassing, na die President van Bophuthatswana.

Opmerklik - en te verwelkom - is die feit dat daar in die skepping van die Presidentsamp geen uit=druklike verwysing is na die Engelsregtelike (konink=like) prerogatiewe en konvensies wat die Suid-Afrikaan=se en Transkeise staatsreg so ontsier en verpolitiseer nie. Dat die President van Bophuthatswana egter wel moontlik kompetensies, regte en bevoegdheede weens 'n oorgangsbepaling, soos die bogemelde artikel 93(3), mag hê wat die Suid-Afrikaanse Staatspresident weens prerogatiewe of konvensies het, is waarskynlik. Dit beteken egter nie die voortsetting van dié verskynsels in die staatsreg van Bophuthatswana nie, maar slegs van die kompetensies en so meer wat as gevolg daarvan bestaan.

Opsommenderwys kan gesê word dat die Presidents=amp juridies elegant geskep is, sonder dat dit ly aan die vaaghede en onpresieshede van die ooreenstemmende

ampste in Suid-Afrika en Transkei. Dit is 'n effektiewe en aktiewe amp wat geleentheid bied vir kragtige leierskap, aangesien die bekleër daarvan 'n lid van die Volksraad is, asook 'n samestellende deel van die Parlement en ook lid van en onvermydelik leier in die Uitvoerende Raad is: hy het dus volkome inisiatief op wetgewende en uitvoerende gebiede, maar die regsprekende gesag is, in die Suid-Afrikaanse tradisie, voldoende onafhanklik om te verhoed dat die President binne die raamwerk van die Grondwet 'n algehele outokraat word.

3.7. Die Res van die Uitvoerende Gesag

Daar moet op gelet word dat, soos reeds aangegeef, die uitvoerende gesag by die President berus en nie by die Uitvoerende Raad of by die President en Uitvoerende Raad nie. Dat die President Ministers moet aanstel, staan ingevolge die reeds vermelde artikel 35 vas, maar hoeveel hy moet aanstel en tot welke mate hy hom aan hul advies moet steur, is klaarblyklik volledig in sy eie diskresie. Ook is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse konvensies aangaande die aanstelling van Ministers nie in Bophuthatswana toepassing kan vind nie, aangesien die President self na alle waarskynlikheid telkens die leier van die beswerende party in die Volksraad sal wees. Die uitvoerende gesagstelsel bring ook, weens die beperkte dwingende gesag (in juridiese sin) wat die Uitvoerende Raad oor die President het, mee dat partypolitiek 'n mindere oorweging kan word by die aanstelling van Ministers en deskundigheid en belangstelling 'n gro-

ter rol. Hierdie indruk word versterk deur die reeds vermelde artikel 35(1) wat die President toelaat om twee van die drie persone wat hy ingevolge artikel 39(1)(c) as Volksraadslede kan aanwys weens hul spesiale kennis, kwalifikasies of ondervinding, ook kan aanstel as Ministers.

Artikel 34(2) laat die Uitvoerende Raad toe om self sy prosedure vir besluitneming neer te lê en vereis dat besluite genotuleer moet word. Artikel 35(3) bepaal op soortgelyke wyse as artikel 20(3) van Wet 32 van 1961 dat Ministers binne drie maande ná hul aanstelling, lede van die Volksraad moet word. Artikel 35(4) bepaal dat die Parlement die vergoeding van Ministers by wyse van wetgewing moet bepaal en subartikel (6) skryf die eed voor wat Ministers voor die President moet aflê, waarin hulle onder meer onderneem om die Grondwet in stand te hou en ook geheimhouding onderneem.

Artikel 36 magtig die aanstelling deur die President van 'n ongespesifiseerde aantal adjunk-ministers om die Ministers in hul funksies by te staan. Adjunk-ministers is egter, soos in Suid-Afrika en Transkei, nie lede van die Uitvoerende Raad nie en van hulle word 'n soortgelyke eed as dié van die Ministers opgeëis.

3.8. Die Wetgewende Gesag

Artikel 38(1) laat die wetgewende gesag by die

Parlement, bestaande uit die President en die Volksraad, berus en subartikel (2) bevat die betreklik betekenislose formule uit die Brits-koloniale staatsreg wat die Parlement magtig om wette "vir die vrede, orde en goeie regering van die Republiek" te maak. Hierdie magtiging word egter onderhewig gestel aan artikel 7, wat, soos gemeld, van die Grondwet die hoogste reg, waarmee latere wetgewing nie mag bots nie, maak. Die waarskynlike bedoeling met artikel 38(2) is dat die Parlement wette mag maak oor alle onderwerpe, solank die wetgewing self nie met die bepalings van die Grondwet bots nie en die parlement volgens die vereistes van die Grondwet saamgestel is en funksioneer. Artikel 38(3) is identies aan artikel 21(3) van Wet 15 van 1976 (Transkei): dit bepaal dat die Parlement sy wetgewende gesag moet uitoefen deur die aanname van wetsontwerpe deur die Volksraad, welke wetsontwerpe dan deur die President goedgekeur moet word. Sulke goedgekeurde wetsontwerpe word "Wette" genoem.

Ingevolge artikel 51(1) en (2) het die President 'n diskresie om wetsontwerpe wat aan hom voorgelê word vir goedkeuring, goed te keur of af te keur en kan hy, indien hy dit nie goedkeur nie, die wetsontwerp met sy eie aanbevelings na die Volksraad vir heroorweging terug verwys. Hierdie bepalings is identies aan dié van artikel 40 van Wet 15 van 1976 (Transkei), maar die effek daarvan verskil myns insiens: waar die Suid-Afrikaanse konvensie vereis dat die staatshoof alle aangenome wetsontwerpe moet goedkeur, na alle

waarskynlikheid in Transkei voortleef,⁸³⁾ verskil die aard van die Presidentsamp en konstitusionele inrigting van Bophuthatswana ooglopend sodanig van dié van Suid-Afrika dat die konvensies nie sinvolle toepassing kan vind nie. Hierdie indruk word versterk deur artikel 52(3), wat nie 'n Suid-Afrikaanse of Transkeise eweknie het nie en wat die Volksraad magtig om nieteenstaande die President se afkeur daarvan, nogtans die wetsontwerp met 'n twee-derde meerderheid goed te keur en deur die Speaker in plaas van die President, te laat onderteken, welke wetsontwerp dan 'n Wet word. Hierdie prosedure is klaarblyklik ontleen aan artikel 7 van die Konstitusie van die Verenigde State van Amerika. Ironies genoeg, lyk dit egter onwaarskynlik dat 'n situasie normaalweg sal opduik waar die President sy "vetoreg" sal wil gebruik: onthou moet word dat hy self lid is van die Volksraad, aan die spits staan van die regering en in dié hoedanigheid en as (waarskynlike) leier van die regerende party, die mees te inisiatief by die indiening van wetsontwerpe sal neem en telkens op meerderheidsteun daarvoor sal kan staatmaak. Artikels 53 en 54 skryf die gebruikelike vereistes vir ondertekening, registrasie en promulgering van wette voor: die Tswana-, Engelse en Afrikaanse tekste moet al drie geregistreer word, maar geen spesifieke bepaling bestaan oor die vraag welke een

83. Vide supra par 2 contra Booysen, Wiechers en Van Wyk (1976) 10-1.

van die tekste voorkeur moet geniet nie.⁸⁴⁾

Ingevolge artikel 39 word die Volksraad saamgestel uit een honderd en een lede, en wel soos volg: eerstens agt en veertig lede wat deur die streeksowerhede aangewys word, tweedens agt en veertig verkose lede en derdens die reeds vermelde drie lede wat deur die President aangewys word. Elk van die twaalf streeksowerhede wys vier lede uit eie geledere aan om in die Volksraad te dien. Interessant hiervan is dat nie aan kapteins en hoofmanne versekerde setels in die Volksraad gegee word nie, dat die prosedure waarop aangewese volksraadslede deur die streeksowerhede aangewys moet word, nie voorgeskryf word nie en dat geen poging aangewend word om te verseker dat stam- en gemeenskapsowerhede verteenwoordiging in die Volksraad het nie. Die kiesers van elk van die twaalf kiesafdelings, wat ingevolge artikel 83 wesenlik ooreenstem met die distrikte van Bophuthatswana vermeld in Bylae 3 tot die Wet,⁸⁵⁾ verkies vier lede vir die Volksraad. Die wyse waarop die agt en veertig aange-

84. Die enigste sinvolle reël wat in hierdie verband kan geld, is dat die getekende teks die deurslag moet gee, soos wat a 65 van Wet 32 van 1961 t o v Suid-Afrikaanse wetgewing uitdruklik bepaal.

85. Artikel 83 is 'n herbepaling van artikel 4 van die reeds aangehaalde selfregringsproklamasie van Bophuthatswana R131 van 1972 en Bylae 3 stem wesenlik ooreen met (maar moet sekerlik saamgelees word met) die Bylae tot prokl R130 van 1972 in Staatskoerant 3523 van 26 Mei 1972, soos vervang deur prokl R70 van 1976 in Staatskoerant 5100 van 30 April 1976 en gewysig deur prokl R61 van 1977 in Staatskoerant 5486 van 1 April 1977.

wese en agt en veertig verkose lede hul posisies bereik, laat die indruk ontstaan dat volksraadsverteenwoordiging op 'n gebiedsbasis geskied, naamlik agt lede vir elke distrik. Elke distrik se agt volksraadslede is om die helfte enersyds verteenwoordigend van die plaaslike (streeks-) owerheidsbelange (wat die tradisionele element insluit) en andersyds van die breë kieserspubliek, wat hulle verteenwoordigers direk verkies. In Bophuthatswana is die samestelling van die Volksraad dus nie so skerp afgestem op die onderskeid tussen die tradisionele (ex officio) en moderne (demokratiese) verteenwoordiging as wat die geval in Transkei is nie. Die drie lede wat deur die President aangewys word, waarvan twee as Ministers aangesel kan word, hoef nie burgers van Bophuthatswana te wees of as kiesers geregistreer te wees, soos artikel 42 van die ander lede vereis nie, maar sulke lede het ook geen stem oor enige aangeleentheid in die Volksraad nie. Hieruit moet afgelei word dat dié drie lede hoofsaaklik (indien nie uitsluitlik nie) in adviserende hoedanigheid in die Volksraad sit.

Artikel 40 stel die kieserskwalifikasies, naamlik burgerskap, een en twintigjarige ouderdom (agtien in die geval van belastingbetalers) en registrasie as kieser en verleen soveel stemme aan elke kieser as wat daar lede in sy kiesafdeling verkies moet word. Artikel 41 stel die diskwalifikasies wat (voortgesette) registrasie van kiesers uitsluit, waaronder skuldigebevinding aan hoogverraad of moord of aan 'n ander ernstige misdaad of aan korrupte of onwettige optrede in

gevolge 'n kieswet, of kranksinnigheid. Interessant is dat nie gemeld word of skuldigbevinding en so meer weens gemelde misdade spesifiek in Bophuthatswana moes geskied het nie en of dit ook 'n persoon diskwalifiseer indien hy aldus in Suid-Afrika of enige ander land oortree het.

Die reeds aangehaalde artikel 42 vereis as kwalifikasies vir (voortgesette) lidmaatskap van die Volksraad⁸⁶⁾ 'n ouderdom van minstens vyf en twintig jaar, burgerskap en registrasie as kieser. Artikel 43 skryf Volksraadslede se ampseer voor, waarin onder meer die instandhouding van die Grondwet en alle ander wette onderneem word.

Die ampsduur van 'n Volksraad word deur artikel 44 op vyf jaar gestel, welke periode bereken word vanaf die eerste dag van die eerste sessie daarvan. So danige eerste sessie moet binne drie maande na die samestelling van die Volksraad begin. Die President kan die Volksraad egter by proklamasie ontbind voordat die vyf jaar verloop het. Hierin volg hy klaarblyklik sy eie diskresie.⁸⁷⁾ Die ontbindingsproklama-

86. Skynbaar as verkose en aangewese lid, hoewel die kantskrif misleidend is deurdat dit verwys na die verkiesing tot die Volksraad.

87. Die formulering van a 44 stem wesenlik ooreen met dié van a 7 van die reeds aangehaalde prokl R131 van 1972 voordat dit gewysig is deur prokl R121 van 1976 in Staatskoerant 5209 van 9 Jul 1976. Interessant van hierdie bepalings is dat die President se eie ampstermyn van vyf jaar ingevolge die reeds gemelde a 23 nie aan dié van die Volksraad gekoppel is nie, sodat hy sy amp

sie moet ook voorsiening maak vir die volgende verkiesing en aanwysing van die lede van die Volksraad, wat op datum(s) moet geskied wat ook deur die President geproklameer moet word. Die Wet lê egter nie 'n tydperk neer waarbinne die volgende verkiesing en aanwysing van lede gehou moet word nie.

Artikel 45 maak op soortgelyke wyse as artikel 30(1) van Wet 15 van 1976 (Transkei) en artikel 8 van die reeds aangehaalde proklamasie R131 van 1972 voorsiening vir die ontruiming van setels deur die dood, bedanking, afwesigheid sonder verlof of diskwalifikasie, in welke gevalle die vakature ingevolge artikel 46 binne drie maande gevul moet word, behalwe as die Volksraad op die punt staan om ontbind te word.⁸⁸⁾

Artikel 47 vereis dat daar ten minste een maal jaarliks 'n sessie van die Parlement by die regeringsetel gehou moet word, wat op 'n datum deur die President bepaal, moet begin; nie meer as vyftien maande

behou niesteenstaande 'n vroeë ontbinding van die Volksraad en die samestelling van 'n nuwe Volksraad, mits hy self weer verkies of aangewys word as lid van die nuwe Volksraad - kyk a 21(4) (b). Sou die nuwe Volksraadsmeerderheid hom egter nie steun nie, kom dit my voor dat hy regmatiglik met 'n minderheidsteun kan regeer tot dat sy ampstermyn verstryk. Aangesien hy nie direk volksverkose is nie, is dit baie onwaarskynlik dat hy onder sulke omstandighede herkies sal word. In elk geval sou dit vir die President prakties onmoontlik word om met 'n minderheid te regeer indien sy opposisie 'n twee-derde meerderheid in die Volksraad sou kon mobiliseer - vgl a 52(3).

88. Vgl a 9 van die reeds aangehaalde prokl R131 van 1972.

mag tussen twee sessies verloop nie. Spesiale sessies kan te eniger tyd deur die President byeengeroep word om spesifieke sake af te handel. Lede moet twee en veertig dae voor 'n gewone sessie en sewe dae voor 'n spesiale sessie skriftelik deur die Sekretaris van die Volksraad van die hou van die sessie en die sake wat daar oorweeg moet word, ingelig word.⁸⁹⁾

Artikel 48 bepaal dat die Speaker of Adjunk-Speaker by alle sittings van die Volksraad by wyse van verkiesing uit eie geledere by sy eerste sitting gevul en 'n Speaker behou sy amp nieteenstaande die ontbinding van 'n Volksraad, totdat sy opvolger verkies word.

Artikel 49 handel omvattend oor die prosedure in die Volksraad, Soos artikel 35 van Wet 15 van 1976 (Transkei), bepaal subartikel (1) dat alle kwessies in die Volksraad by meerderheidstem van die teenwoordige lede beslis word, behalwe van dié van die Speaker of Adjunk-Speaker (wie ook al voorsit) wat net 'n beslissende stem het. Hierdie bepaling, wat onder normale omstandighede dus die stem van elke lid, hetsy verkose of aangesese, ewe veel waarde gee, is egter onderhewig aan subartikel (3). Dié bepaling is heel oorpronklik deurdat elemente van 'n tweekamerale wetgewende prosedure, onderlinge kontrole van die verko-

89. Klaarblyklik is a 47 geformuleer aan die hand van a10 van die reeds aangehaalde prokl R131 van 1972.

se en aangewese lede onderskeidelik en 'n moontlikheid vir die vertraging van wetgewing deur 'n minderheid, ingebou is. Daarin word bepaal dat, indien dertig lede van die Volksraad 'n petisie te dien effekte aan die Speaker rig, 'n kwessie afsonderlik beslis kan word deur die verkose en aangewese lede onderskeidelik. Beslissing oor die betrokke kwessie kan dan slegs bereik word deur meerderheidstemme in albei groepe. Oor 'n begrotingswetsontwerp mag egter nie sodanig verdeel word nie. In geval daar by so 'n verdeling nie 'n meerderheidstem behaal word in albei groepe nie, word daar nie met die betrokke sessie voortgegaan nie, maar indien die wetsontwerp by 'n volgende sessie weer in dieselfde vorm voorgestel word, kan die Volksraad nie weer daarvoor verdeel nie. Hoewel dit dus vir 'n minderheid van die hele Volksraad moontlik is om hierdie prosedure as verdragingstaktiek aan te wend, moet in gedagte gehou word dat daardie minderheid ten minste in een van die twee groepe 'n meerderheid sal moet hê om dit effektief te kan doen.

Artikel 49(4) bepaal, net soos artikel 58(1) van Wet 32 van 1961 en artikel 37(1) van Wet 15 van 1976 (Transkei), dat die Volksraad sy eie staande reëls en orders kan maak wat nie met die Grondwet mag bots nie, maar spesifiseer dat hierdie reëls en orders betrekking kan hê nie net op die orde en reëling van sy werksaamhede en verrigtinge nie maar ook op die aanneming, betiteling en numering van wette en op die voorlegging van wetsontwerpe aan die President. Hierdie formule=

ring bevredig 'n sin vir volledigheid, wat in Wet 15 van 1976 (Transkei) ontbreek, welke situasie moontlik toe te skryf is aan die feit dat die grondwet van Bophuthatswana in vele opsigte met die Engelse (en twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse) staatsregtradisie breek.

Op identiese wyse as die oorspronlike artikels 38 en 43 van Wet 15 van 1976 (Transkei) en die ooreenstemmende bepalings van Wet 91 van 1963, reël artikels 49(5) tot (8) en 55 parlementêre privilegie in Bophuthatswana. Die absoluutheid van die privilegie word bo enige twyfel gestel deur die feit dat dit gereël word in die (verhewe, verskansde) Grondwet.

Op soortgelyke (meestal identiese) wyse as artikels 36, 39, 40(1) en (2) en 42 van Wet 15 van 1976 (Transkei) reël artikels 50, 51, 52(1) en (2) en 54 onderskeidelik die straf vir ongemagtigde sitting en stemming in die Volksraad, die indiening van begrotingswetgewing, toestemming tot en promulgering van wetsontwerpe met die enkele reeds gemelde afwykings daarvan.

Opsommenderwys kan gesê word dat, hoewel verskeie aspekte van die inrigting van die Volksraad op die oog af in ooreenstemming is met die algemene Suid-Afrikaanse patroon, daar diepliggende verskille is. Van die grootste belang in hierdie verband is die feit enersyds dat die Parlement nie soos dié van Suid-Afrika en Transkei beklee is met wetgewende soewereiniteit nie en andersyds streng binne die raamwerk van 'n ver-

skansde Grundnorm-grondwet moet funksioneer. In vergelyking met die algemene patroon van die Suid-Afrikaanse staatsreg het dit myns insiens die praktiese effek dat die Parlement nie so maklik deur die uitvoerende gesag gemanipuleer kan word nie, wat die potensiaal inhou dat die Parlement 'n ernstiger wetgewer in plaas van 'n politieke forum kan word.

3.9. Die Regsprekende Gesag

Afgesien van die spesiale konstitusionele rol wat die Hooggeregshof opgelê is deur veral die reeds vermelde artikel 8 ten aansien van die Verklaring van Fundamentele Regte en artikel 7 ten aansien van die hele Grondwet, stem die inrigting daarvan, van die laerhowe, die administratiewe aspekte van die regspleging, die reëlings in verband met advokate en prokureurs, die erkenning van Bantoreg en die tersaaklike oorgangsbepalings⁹⁰⁾ wesenlik ooreen met dié van Transkei.⁹¹⁾

90. Hfst 7 (a 59-67) en a 89-91 van die Wet. I v m a 89 en die instelling en inrigting van die Hoërhof van Bophuthatswana vóór onafhanklikwording, kyk prokl R76 van 1977 in Staatskoerant 5518 van 27 Apr 1977 (instelling en regulasies), prokl R278 van 1977 in Staatskoerant 5790 van 28 Okt 1977 (ontneming van jurisdiksie oor Bophuthatswana van die betrokke Bantoe-Appel- en -Egskedingshowe) en Goewermentskennisgewing R2250 van 1977 in Staatskoerant 5796 van 1 Nov 1977 (Hofreëls).

91. Hfst 6 van Wet 15 van 1976 (Transkei).

Die enkele verskille wat egter aangemerkt kan word, is eerstens dat die hofreëls wat deur die Hoofregter van Bophuthatswana ingevolge artikel 64 afgekondig kan word, nie soos dié van Transkei ingevolge artikel 49(2) van Wet 15 van 1976 (Transkei) deur die President goedgekeur hoef te word nie, en tweedens, dat artikel 66(1) heelwat duideliker en meer gerusstellend is as artikel 51(1) van Wet 15 van 1976 (Transkei), deurdar daarin bepaal word dat slegs "die administratiewe aspekte van die funksionering van die geregtshof" onder die beheer van die Minister van Wet en Orde staan, en nie die regspleging as sodanig nie. Die Bophuthatswana-bepaling is dus grootliks in ooreenstemming met artikel 95 van Wet 32 van 1961, maar artikel 66(3) van die Bophuthatswana-grondwet plaas die prokureur-generaal ook, soos in Transkei, onder die direkte beheer van die Minister, wat ook sy funksies kan oorneem.

3.10. Algemene, Diverse en Oorgangsbepalings

3.10.1. Finansies

Artikels 68 en 69 handel op soortgelyke wyse as hoofstuk 7 van Wet 15 van 1976 (Transkei) oor onder meer die Inkomstefonds van Bophuthatswana.

Artikel 71 skryf die prosedure voor vir onttrekkings uit die Inkomstefonds by wyse van aanvraag deur 'n rekeningkundige beambte met 'n presidensiële bevelskrif wat mede-onderteken is deur die Ouditeur-gene-

raal of sy gedelegeerde. Die bedoeling is klaarblyk=lik om wanaanwending en -administrasie van en korrup= sie ten opsigte van staatsfondse so ver moontlik te voorkom. Artikel 73 moet waarskynlik ook in dié kon= teks gesien word: daarvolgens stel die President wel die Ouditeur-generaal aan, maar in ooreenstemming met die reg aangaande die staatsdiens en op diensvoorwaar= des voorgeskryf deur die Volksraad, aan wie hy uitdruk= lik verantwoordelik gemaak word vir die korrekte uit= oefening van sy pligte. Hoewel die keuse van die per= soon wat aangestel word by die President berus, is sy diensvoorwaardes nie deur die President manipuleer= baar nie en is hy kontroleerbaar deur die Volksraad.

Artikel 72 bepaal dat die jaarlikse ramings deur die Uitvoerende Raad voorberei moet word, wat dit dan aan die Volksraad moet voorleë vir begroting deur die Minister van Finansies.⁹²⁾

3.10.2. Algemene Bepalings

Artikel 74 skep 'n staatsdienskommissie bestaan= de uit 'n voorsitter en twee ander lede, aangestel deur die President.

92. Waar Wet 32 van 1961 en Wet 15 van 1976 (Transkei) slegs van een spesifieke kabinetsportefeulje melding maak, nl die onderskeie Ministers van Justisie, spreek dit waarskynlik van die meerdere volledigheid van regsreëling deur die Bophuthatswana-grondwet dat van die Minister van Wet en Orde sowel as die Minister van Finan= sies se spesifieke funksies melding gemaak word.

Artikel 75 reël op identiese wyse as artikel 67 van Wet 15 van 1976 (Transkei) die privaatregtelike aanspreeklikheid van die Staat.

Artikel 76 bevat die gebruiklike vergunning dat persone wat ingevolge die Grondwet 'n eed moet aflê, om in plaas daarvan 'n plegtige verklaring te maak. Hierdie "vergunning" word egter op hoogs uitsonderlike wyse uitdruklik weerhou van die President, Waarnemende President en die ander lede van die Uitvoerende Raad. Om hierdie ampte te kan beklee, is gewetensbe=sware teen eedswering in Bophuthatswana dus 'n diskwa=lifikasie!

Artikel 77 verleen op identiese wyse as artikel 72 van Wet 15 van 1976 (Transkei) regsbeskerming aan bepaalde staatsverbonde embleme en artikel 78 is die algemene woordbepalingsartikel van die Grondwet.

3.10.3. Wysiging en Herroeping van die Grondwet

Soos vroeër vermeld, dra hoofstuk 10 van die Grond= wet (wat net uit artikel 79 bestaan) wesenlik by tot die Grundnorm-aard daarvan deur dit grootliks te ver=skans en dus onbuigsaam te maak.

Met die uitsondering van hoofstuk 11, wat volgens die gewone wetgewingsprosedure soos beskryf in arti=kel 49(1) gewysig kan word, en bylaes 6 en 7 wat by wyse van presidensiële proklamasie gewysig kan word, kan die bepalinge van die Grondwet alleen gewysig of

herroep word indien twee-derdes van die teenwoordige volksraadslede ten gunste daarvan stem. Indien by so= danige ontwerp wysigingswetgewing die reeds beskrewe verdelingsprosedure gevolg word, word 'n twee-derde meerderheidstem in die verkose sowel as die aangewese' groep vereis. Hoewel artikel 79(1) nie spesifiseer of 'n twee-derde meerderheid van die teenwoordige of van die totale aantal lede van die laasgenoemde onder= skeie groepe vereis word nie, kan sekerlik op grond van byvoorbeeld die ex visceribus actus-reël en die feit dat in dieselfde bepaling slegs 'n twee-derde meerderheid van die teenwoordige lede van 'n onver= deelde Volksraad vereis word, aangeneem word dat by 'n verdeling ook slegs die teenwoordige lede vir die berekening van die twee-derdes getel moet word.⁹³⁾

3.10.4. Oorgangsbepalings

In verband, onder meer, met die voortbestaan van staatsdepartemente en aanstellings van Ministers (ar= tikel 81), verwysings na Adjunk-Ministers (artikel 82), die voortbestaan van voor-onafhanklikheidswetge= wingsprosedures (artikel 84(1) en (2)), eiendomsreg en gebruik van gereserveerde grond (artikel 87), voort= bestaan van plaaslike owerhede (artikel 88), die voort= bestaan van die Bophuthatswana Inkomstefonds (artikel 92), die voortgesette gelding van die reg,⁹⁴⁾ en van

93. Kyk bv Steyn (1974) 142-44 en 160-1.

94. D w s van die Suid-Afrikaanse regstelsel.

kompetensies, regte en verpligtinge ná onafhanklikwording (artikel 93), voortgesette lidmaatskap van die staatsdienskommissie (artikel 95), die gebondenheid van Bophuthatswana aan internasionale ooreenkomste aangegaan voor onafhanklikheid (artikel 96), die voortsetting van straf- en privaatregtelike gedinge (artikel 97) en die herroeping van en voorbehoude ten opsigte van wetgewing (artikel 98), is die gemelde bepalings van die Grondwet oorskrywings mutatis mutandis van artikels 18(4), 20(3),⁹⁵⁾ 37(2) en 60(3)(d), 61, 63, 56(1), 60, 64(2), 65, 68, 69 en 74 van Wet 15 van 1976 (Transkei).

Ander noemenswaardige algemene bepalings van hoofstuk 11, is artikel 84(3) tot (5) wat die voortsetting ná onafhanklikwording van wetgewingsprosesse wat voor onafhanklikwording begin is, maar nog nie afgehandel was nie, magtig; artikel 85, wat die kapteins en hoofmanne se voor-onafhanklikheidskompetensies, -regte en -verpligtinge deur die Grondwet onaangetas laat⁹⁶⁾

95. En vgl a 21(1)(c) van Wet 32 van 1961.

96. Hierdie bepaling moet saamgelees word met a 56, wat kapteins en hoofmanne hul persoonlike status laat behou en die uitoefening van hul gesag alleen ingevolge parlementêre wetgewing toelaat, asook a 78(iii) en (xii), wat die begrippe "kaptein" en "hoofman" definieer as onderskeidelik erkende of aangestelde kapteins en aangestelde hoofmanne. Dit is interessant dat bg a 56, anders as die coreenstemmende a 29 van die reeds aangehaalde prokl R131 van 1972 geen reëling tref m b t die relatiewe voorrang van kapteins en Ministers nie. Die behoud van status deur die kapteins ingevolge a 56 kan egter moontlik ook vertolk word as die handhawing van die voorrangbepaling van gemelde a 29.

en artikel 86, wat die kompetensies, regte en funksies van stam-, gemeenskaps- en streeksowerhede onveranderd laat voortbestaan.

3.11. Burgerskap

Die burgerskapsreëling van Bophuthatswana is, soos in die geval van Transkei, van twee kante gedoen, naamlik van die kant van die Republiek van Suid-Afrika in artikel 6 en Bylae B van Wet 89 van 1977 en van die kant van Bophuthatswana, tentatief in artikels 80 en 93(1) van die Grondwet. Die oorgang vanaf Suid-Afrikaanse burgerskap en nasionaliteit in samehang met burgerskap van die selfregerende Bophuthatswana na burgerskap en nasionaliteit van die onafhanklike Bophuthatswana is egter heeltemal anders as in die geval van Transkei gereël. Voor onafhanklikwording, is voorsiening gemaak vir 'n mate van formele koördinasie ten aansien van die burgerskapskwessie, naamlik deur die aangaan van die Ooreenkoms tussen die Regering van Bophuthatswana en die Regering van die Republiek van Suid-Afrika met betrekking tot Sekere Burgerskaps- en Verwante Aangeleenthede op 15 November 1977,⁹⁷⁾ wat ingevolge artikel 5(1) van Wet 89 van 1977 die Republiek van Suid-Afrika, en ingevolge artikel 96 van die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977 die laasgenoemde Republiek bind.

97. Gepubliseer onder Goewermentskennisgewing R2496 van 1977 in Staatskoerant 5823 van 6 Des 1977 op 77-8.

Die gemelde internasionale ooreenkoms⁹⁸⁾ handel hoofsaaklik oor die totstandbrenging en funksionering van 'n gesamentlike burgerskapsraad van die twee Republieke. Artikel 1 daarvan sê die "Burgerskapsraad" wat saamgestel word uit drie verteenwoordigers van elke regering onder voorsitterskap van een van dié lede, welke voorsitterskap sesmaandeliks van die een groep verteenwoordigers na die ander moet roteer. Artikel 2 bepaal: die Burgerskapsraad oorweeg, wanneer daar twyfel bestaan, gevalle betreffende die burgerskap van persone wat deur òf die Regering van Bophuthatswana òf die Regering van die Republiek van Suid-Afrika na hom verwys word vir 'n bevinding deur die Raad oor die burgerskap van die betrokke persoon." Ingevolge artikel 1(c) word deur die Raad tot 'n beslissing gekom by meerderheidstem: elke lid het een stem en die voorsitter het ~~benewens~~ sy gewone stem ook nog 'n beslissende stem. Verder bepaal subartikels (d) en (e) dat vier lede 'n kworum vorm, dat die voorsitter die tye en plekke vir vergaderings bepaal en dat die Raad minstens een maal jaarliks moet vergader. Artikel 3 bepaal onder meer dat die voorsitter die prosedurereëls in oorleg met die lede bepaal en artikel 4 maak die bevindings van die Raad bindend op albei regerings "en is finaal." In artikel 5 onderneem die Regering van Bophuthatswana om "nie later nie as die tweede sessie van die Bophuthatswana-Wetgewende Vergadering"⁹⁹⁾ die prosedure wat in die ooreenkoms

98. Waarvan daar nie 'n eweknie t o v Transkei is nie.

99. "Legislature" in die Engelse teks, wat na alle waarskynlikheid op die Parlement van die onafhanklike Bophuthatswana dui.

uiteengesit word, statutêr voor te skryf en die Rege-
ring van Suid-Afrika onderneem om ook wetgewing aan
te neem indien nodig om die ooreenkoms te implementeer.
Artikel 6 het die ooreenkoms op 6 Desember 1977 in
werking laat tree en reël die prosedure vir wysiging
en beëindiging daarvan.

Soos reeds vermeld, lui artikel 6 van Wet 89 van
1977 wesenlik net soos artikel 6 van Wet 100 van 1976,
behalwe dat daar 'n bykomende subartikel ingevoeg is
aangaande afstanddoening van Bophuthatswana-burgerskap,
waaroor meer hieronder gesê word. Artikel 6(2) ver=
wys dus ook na die opløssing van "twyfel of iemand
onder 'n kategorie persone omskryf in Bylae B ressor=
teer al dan nie" deur 'n raad wat deur ooreenkoms tus=
sen die twee regerings saamgestel word. Klaarblyklik
was die bedoeling om met bogemelde ooreenkoms van 15
November 1977 die raad bedoel in gemelde artikel 6(2)
van Wet 89 van 1977 te skep. Die aangehaalde artikel
2 van die ooreenkoms gaan egter verder as artikel 6(2)
van Wet 89 van 1977 deurdat dit die oorweging van "die
burgerskap van persone" oor die algemeen binne die
kompetensie van die Burgerskapsraad plaas, terwyl ar=
tikel 6(2) dit slegs het oor twyfel oor die vraag of
'n persoon volgens die Suid-Afrikaanse regsvereistes,
soos hoofsaaklik vervat in Bylae B tot Wet 89 van 1977,
kwalifiseer vir burgerskap van Bophuthatswana aldan
nie. Dit skep egter myns insiens nie 'n ernstige pro=
bleem nie, aangesien die geldigheid van die ooreenkoms
sekerlik nie van artikel 6(2) van Wet 89 van 1977 af=
hanklik is nie.

'n Ongemaklike probleem kan egter wel ontstaan indien die Burgerskapsraad besluit dat 'n persoon wat binne een van die kategorieë van persone genoem in Bylae B tot Wet 89 van 1977 ressorteer, nie aanvaarbaar is vir Bophuthatswana-burgerskap nie: waar die burgerskapsreëling van Bophuthatswana verskil van dié van Suid-Afrika, is so iets baie moontlik. Die wese van die probleem is eintlik dat die ooreenkoms nie aan die Burgerskapsraad enige maatstaf voorskryf waaraan die burgerskap van persone gemeet moet word nie: Bophuthatswanaburgerskap ingevolge die Suid-Afrikaanse reg, en die gevolglike beëindiging van Suid-Afrikaanse burgerskap ingevolge artikel 6(1) van Wet 89 van 1977, word deur Bylae B tot laasgenoemde Wet gereël. Die vereistes vir die verkryging en verlies van Bophuthatswana-burgerskap ingevolge Bophuthatswana-reg word tans (tentatief) deur artikel 80 van die Bophuthatswana-grondwet en Wet 26 van 1970 (vide infra) gereël en staan nog by die skrywe hiervan verder gereël te word deur die Parlement van Bophuthatswana. Sou hierdie twee stelle voorskrifte aangaande Bophuthatswana-burgerskap uiteindelik in enige opsig van mekaar verskil, en die Burgerskapsraad binne die terrein van verskil tot 'n bevinding kom, móét so 'n bevinding in stryd wees met die positiewe reg van óf Bophuthatswana, óf Suid-Afrika, óf selfs met albei s'n. In sulke gevalle kom dit my voor sal die ooreenkoms on-

werkbaar word,¹⁰⁰⁾ en sal, veral indien die finale Bophuthatswana-reëling van die Suid-Afrikaanse reëling verskil, òf gewysig moet word, òf die verskille in die positiewe reg van Suid-Afrika en Bophuthatswana ten aansien van Bophuthatswana-burgerskap sal verwyder moet word.¹⁰¹⁾ Totdat finaliteit egter gebring word in die positiewe reg van Bophuthatswana ten aansien van burgerskap, of totdat die Burgerskapsraad te staan kom voor 'n onoplosbare praktiese burgerskapsprobleem, is die meeste van die bogemelde probleme egter tenta= tief en grootliks spekulatief. Intussen staan dit myns insiens vas dat die ooreenkoms gebrekkig is waar die Bophuthatswana-burgerskapsreg tans of in finale vorm van dié van Suid-Afrika verskil omdat dit eers= tens geen werkbare maatstaf vir die oorweging van twy= fel- (of dispuut-) gevalle neerlê nie, en tweedens omdat dit nie rekening hou met verskille in die posi= tiewe reg van die twee betrokke state nie.

100. Aangesien dit te betwyfel is of 'n bevinding van die Burger= skapsraad wat met die positiewe regsvoorskrifte van enige een van die twee state bots, werklik bindend op so 'n staat kan wees soos a 4 van die ooreenkoms voorgee: 'n internasionale ooreenkoms kan sekerlik nie voorkeur geniet bo parlementêre wetgewing nie. Kyk bv Booysen (1974) 119-27.

101. 'n Argument sou daarvoor uitgemaak kan word dat die vermelde a 5 van die ooreenkoms die effek kan hê dat die Republiek verplig is om sy wetgewing sodanig by dié van Bophuthatswana aan te pas dat die ooreenkoms werkbaar kan word, maar 'n teenargument sou kon wees dat a 5 dit alleen het oor die prosedure van die Burger= skapsraad en nie oor die bindendheid van, of die maatstawwe wat aangelê moet word by, die oorweging van bevindings van die Raad nie.

Die kategorieë persone wat volgens die Suid-Afrikaanse positiewe reg, soos neergelê in Bylae B tot Wet 89 van 1977, burgers van Bophuthatswana is (of meer akkuraat, regtens in Suid-Afrika as sodanige burgers behandel moet word¹⁰²), is eerstens elkeen wat by onafhanklikwording 'n burger van Bophuthatswana was. Streng gesproke, soos in paragraaf 4.3 van hoofstuk III supra geargumenteer is, was geeneen 'n burger van Bophuthatswana voor onafhanklikwording nie, aangesien dit 'n selfregerende gebied was vir die burgerskap waarvan geen uitdruklike voorsiening gemaak is nie. Klaarblyklik gaan die wetgewer egter uit van die standpunt dat artikel 3 van Wet 26 van 1970¹⁰³) wel ook voorsiening gemaak het vir burgerskap van die selfregerende Bophuthatswana, in welke geval die volgende persone by onafhanklikwording burgers kon wees, behalwe as hulle dié burgerskap vooraf verloor het: Bantoe wat in Bophuthatswana gebore is uit ouers wat tydens die geboorte een of albei burgers van Bophuthatswana was; Bantoe wat oorspronklik die burgerskap van 'n ander Bantoetuisland gehad het, maar wat burgerskap van Bophuthatswana op aansoek verkry het op grond van ten minste vyf jaar domisilium in dié gebied; Bantoe wat 'n Bantoetaal of -dialek praat wat deur die Bantoebevolking van Bophuthatswana gebesig word en wat nie burgers van ander Bantoetuislande was

102. Suid-Afrika kan immers vir geen onafhanklike staat voorskryf wie hy as burgers moet aanvaar en wie nie.

103. Soos vervang deur a 19 van Wet 70 van 1974.

nie en wat verwant was aan lede van die Bantoebevolking van Bophuthatswana of homself vereenselwig het met 'n gedeelte van dié bevolking, of wat aan 'n deel van sodanige bevolking verbonde was weens sy kultuur- of rasse-agtergrond.

'n Tweede kategorie persone wat volgens Bylae B van Wet 89 van 1977 geag word burgers van Bophuthatswana te wees, is persone¹⁰⁴⁾ wat voor 6 Desember 1977 en daarna in of buite Bophuthatswana gebore is of word uit ten minste een burger-ouer en wat nie burgers van 'n ander gebied in Suid-Afrika is nie en ook nie 'n burger is omdat hy voldoen aan die vereistes van die eerste bogemelde kategorie nie.

'n Derde kategorie is persone¹⁰⁵⁾ aan wie Bophuthatswana (klaarblyklik voor of na onafhanklikwording) burgerskap verleen het op grond van vyf jaar domisilium.

'n Vierde kategorie is alle Suid-Afrikaanse burgers wat voldoen aan dieselfde reeds gemelde taalkwalifikasie van artikel 3(1)(c) van Wet 26 van 1970, wat nie 'n burger van 'n ander Bantoeuisland of van Bophuthatswana weens voldoening aan die vereistes van die vorige drie kategorieë is nie.

104. Die ras van sulke persone word nie gespesifiseer nie.

105. Klaarblyklik kwalifiseer 'n lid van enige rassegroep ook hiervoor.

Die vyfde kategorie is Suid-Afrikaanse burgers wat nie burgers van 'n ander Bantoetuisland is nie en ook nie van Bophuthatswana weens voldoening aan die vereistes van die vorige vier kategorieë nie en wat aan dieselfde verwantskaps-, vereenselwigings- en verbond-eenhedskwalifikasies voldoen as wat die reeds vermelde artikel 3(1)(d) van Wet 26 van 1970 vereis.

Nou moet daarop gelet word dat bogemelde kategorieë twee tot vyf grootliks ooreenstem met die verskillende kategorieë van Wet 26 van 1970, maar dat kategorieë twee, vier en vyf tog verskil deurdat dit persone raak wat nie in elk geval Bophuthatswana-burgers by onafhanklikwording was nie en dat die derde kategorie ook persone raak aan wie deur Bophuthatswana-burgerskap verleen word ná onafhanklikwording. Kategorieë twee tot vyf is dus tog bykomende kategorieë deurdat dit voorsiening maak vir burgerskapsverkryging van persone wat nie op 5 Desember burgers van Bophuthatswana ingevolge Wet 26 van 1970 was nie en dus hoofsaaklik betrekking het op gevalle van burgerskapsverkryging ná onafhanklikwording. Hierby skakel die (tentatiewe) burgerskapsreëling van Bophuthatswana goed in.

Wat die huidige burgerskapsreëling van Bophuthatswana self betref, is dit eerstens van belang om daarop te let dat artikel 93(1) en Bylae 6 van die Grondwet, die Wet op Burgerskap van Bantoetuislande 26 van 1970 uitdruklik laat bly geld in die hele Bophuthatswana. Wat verrassend is van artikel 93(1), is dat

die betrokke wetgewing se gelding nie mutatis mutandis in Bophuthatswana voortgesit word nie: uit die konteks en weens die feit dat die Grondwet ingevolge artikel 7(1) die "hoogste reg" is, kan myns insiens egter aangeneem word dat Wet 26 van 1970 sedert 6 Desember 1977 mutatis mutandis in Bophuthatswana geld. Dit bring die burgerskapsreëlings van Bophuthatswana wesenlik in ooreenstemming met dié van Suid-Afrika en voorkom tot 'n groot mate die moontlikheid dat 'n groot aantal burgers van die selfregerende Bophuthatswana by onafhanklikwording staatloos geword het. Dat daar egter tog verskeie verskuilde verskille tussen die Suid-Afrikaanse en Bophuthatswana-regsreëlings aangaande die burgerskap van laasgenoemde ingesluit het, is waarskynlik: een ooglopende verskil is dat paragraaf (b) van Bylae B tot Wet 89 van 1977 Bophuthatswanaburgerskap toeken aan 'n persoon wat uit Bophuthatswanaburgers (of een daarvan) buite Bophuthatswana gebore word, terwyl daar nie 'n ooreenstemmende bepaling gevind kan word wat sedert 6 Desember 1977 in Bophuthatswana self geld nie. So 'n verskil kan hoogs kontensieus word,

Dat die huidige burgerskapsreëling van Bophuthatswana tentatief is, blyk uit die feit dat die grondwetbepalings wat daarvoor handel, artikels 80 en 93(1), albei vervat is in hoofstuk 11 onder die opskrif "Oorgangs- en Voorbehoudsbepalings." Artikel 80(1)(a) tref dan ook klaarblyklik 'n bloot tentatiewe reëling deur te bepaal dat "alle Batswana soos deur 'n Wet van die Parlement gedefinieer" burgers van Bophuthatswana

is. Na wat vasgestel kan word, is "Batswana" by die skrywe hiervan nog nie deur die Parlement gedefinieer nie, en word daar dus met artikel 80(i)(a) waarskynlik verwys na toekomstige wetgewing wat Bophuthatswana-burgerskap meer volledig sal reël.

Artikel 80(i)(b) verleen voorts aan alle persone (sonder vermelding van ras) wat by onafhanklikwording wettiglik vir minstens vyf jaar in Bophuthatswana ge-domisilieer was, sonder verdere prosedurevereistes, burgerskap. Hierdie bepaling verteenwoordig nog 'n verskil van die Suid-Afrikaanse reëling, aangesien pa-
ragraaf (c) van Bylae B tot Wet 89 van 1977 slegs die-
gene wat burgerskap deur domisilium "op aansoek op die voorgeskrewe wyse" verkry het, as Bophuthatswana-bur-
gers beskou.

Artikel 80(i)(c) verleen ook burgerskap aan "alle ander persone wat daarvoor aansoek doen er as burgers aanvaar word," sonder dat die wyse of prosedure vir dié aansoeke voorgeskryf word of kwalifikasies neerge-
lê word waaraan aansoekdoeners moet voldoen. Weens gebrek aan sulke laasgenoemde voorskrifte, verskil hierdie bepaling dus ook ooglopend van die gemelde Suid-Afrikaanse reëlings.

Al die bogemelde bepalings van Bophuthatswana aan-
gaande burgerskap moet egter, hangende finale statutê-
re reëling, as voorlopig beskou word. Indien sodani-
ge finale reëling egter nie spoedig getref word nie,
kan die huidige verskille tussen die twee state se

regsreëlings die beoogde Burgerskapsraad reeds hewige hoofbrekens besorg.

Ten slotte moet artikel 6(3) van Wet 89 van 1977 en artikel 80(ii) van die Bophuthatswana-grondwet vermeld word: hierdie bepalinge verleen aan 'n burger van Bophuthatswana die kompetensie om afstand te doen van sy Bophuthatswana-burgerskap. Die grondwetbepaling voeg daaraan egter niks toe nie, maar gemelde artikel 6(3) stel twee kwalifikasies, naamlik eersdens dat sodanige afstanddoening kan geskied "op voorwaardes waaromtrent ooreengekom word tussen die Regering van die Republiek van Suid-Afrika en die Regering van Bophuthatswana,"¹⁰⁶⁾ en tweedens dat die afstanddoening moet geskied "op 'n wyse voorgeskryf deur die Regering van Bophuthatswana." Sou 'n Bophuthatswana-burger nou ingevolge artikel 80(ii) van die Grondwet afstand doen van sy burgerskap sonder om die vereistes van artikel 6(3) van Wet 89 van 1977 na te kom, het hy myns insiens uit 'n Suid-Afrikaanse regsoogpunt nie aldus afstand gedoen nie. 'n Ander aspek van die saak is dat, behalwe as uitdruklik so ooreengekom word, Suid-Afrika nóg deur gemelde artikel 6(3), nóg deur artikel 80(ii) van die Bophuthatswana-grondwet verbind word om 'n Bophuthatswana-burger wat van dié burger-

106. Na wat vasgestel kan word, is sodanige ooreenkoms by die skrywe hiervan nog nie aangegaan nie. Die enigste doel wat so 'n ooreenkoms m i kan hê, is om voorwaardes te reël waaronder sulke burgers van Bophuthatswana terug ontvang sal word as Suid-Afrikaanse burgers: die belang van Suid-Afrika by afstanddoening van Bophuthatswana-burgerskap is andersins obskuur.

skap afstand doen, as Suid-Afrikaanse burger terug te ontvang. Inteendeel, verlies van Suid-Afrikaanse burgerskap deur die verkryging van Bophuthatswana-burgerskap moet uit die aard van die saak afstanddoening van laasgenoemde voorafgaan, welke verlies op die oog af volgens die huidig geldende Suid-Afrikaanse reg beteklik finaal lyk.

3.12. Opsommende Konklusie

Die Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana 1977 is 'n dokument wat 'n nuwe staatsregtelike benadering weerspieël. Die voordeel daarvan is dat dit grootliks breek met die twintigste-eeuse Suid-Afrikaanse staatsregtradisie, wat sterk Brits-koloniaal gekleurd is en dus heelwat van die onpresieshede van die Engelse staatsreg bevat en met die dikwels problematiese begrippe soos parlementêre soewereiniteit, prerogatiwe en konvensies en met versweë kompetensieverlening en owerheidsorgaanskepping werk. 'n Nadeel is egter dat beteklik vreemde terrein betree word en dat regonsekerheid daaruit kan voortkom aangesien 'n vreemdsoortige staatsregstruktuur op 'n Suid-Afrikaanse regsbasis opgerig is.

Tog beïndruk die Bophuthatswana-grondwet oor die algemeen. Die meerdere presiesheid en volledigheid van die bepalings van die Grondwet pas waarskynlik beter in die algemene raamwerk van 'n basies Romeins-Hollandse regstelsel as wat die geval is met die meer Engelsregtelik-georiënteerde Suid-Afrikaanse staats-

regstelsel van die twintigste eeu. Hoewel relatief min van die tradisionele Bantoe-owerheidsinstellings in die nuwe staatsregsopset tereg kom, kom dit my voor dat die sterk Presidentsamp goed inpas in die Afrika-opset en ook gesien kan word as 'n gemoderniseerde op=perhoofsamp. Tog is dit nie 'n outokratiese amp nie, aangesien die President onderhewig is aan die Grund=norm-grondwet en kontroleerbaar is deur en dus verant=woording verskuldig is aan die Volksraad. Ook is alle owerheidsoptrede kontroleerbaar deur die Hooggeregs=hof, waarvan die onafhanklikheid betreklik verseker is.

Die sogenaamde "Verklaring van Fundamentele Regte" van hoofstuk 2 van die Grondwet lyk of dit groot=liks konstitusionele slaaisous is, omdat dit enersyds met vae begrippe soos "vryhede", "demokratiese gemeen=skap" en dies meer werk, welke begrippe weens die vaagheid daarvan wesenlik betekenisloos is, en andersyds die verleende "menseregte" sodanig inperk of beperk=baar stel dat weinig meer (en dikwels minder) regs=aansprake aan individuele staatsonderdane verleen word as wat hulle in elk geval sou hê weens die voortgeset=te gelding van die Suid-Afrikaanse reg.

4. Finale Vergelykende Opmerking

Die Bantoe staatsregsgeskiedenis van Transkei en Bophuthatswana onderskeidelik sou 'n mens laat verwag het dat dit eerder Transkei met sy heelwat langer on=

dervinding van moderne staatsgesag sou wees wat 'n vernuwende konstitusionele bedeling sou aanvaar het by onafhanklikwording.

Soos aangetoon, was dit egter Bophuthatswana wat van die tradisie weggebreek het. Die Bophuthatswana-grondwet met sy onbuigsaamheid en interne onderlinge kontroles deur owerheidsorgane en die verheffing van die staatsreg daarin bo alle ander reg, wat moet meebring dat konstitusionele versoenbaarheid 'n bykome=de oorweging by regmatigheid van feitlik alle regs=handelinge moet word, is myns insiens oor die alge=meen 'n kragtige dokument wat, behalwe in geval van grootskaalse politieke onstabiliteit, die potensiaal het om die toets van die tyd te deurstaan.

Daarteenoor bevat Wet 15 van 1976 (Transkei) die meeste van die swakhede van Wet 32 van 1961 wat teweeg gebring is deur die noodsaak van kompromie in 1908-9 en deur versigtigheid om te radikaal te verander in 1961. Op Transkei is 'n staatsregstelsel oorgeplant wat reeds in die moederstaat uitgedien is en (hopelik) op die punt staan om vervang te word met 'n nuwe, be=ter bedeling. Of Wet 15 van 1976, met sy buigsaam=heid, vaagheid, verdeelde staats- en regeringshoofskap en politieke manipuleerbaarheid lank in Afrika kan oorleef, moet sterk betwyfel word.

1. Enkele Insiqte Verwerf

1.1. Die Historiese Sisteem

By die betragting van die historiese verloop van sake rakende die Bantoestaatsreg oor ongeveer twee eeue, tref dit 'n mens dat daarin 'n waarneembare sisteem te bespeur is. Eerstens was daar die aanraking en onvermydelike botsing tussen kultuur-stadiese onbeskaafdheid aan die een kant en pioniersdriftige, soekende beskawing andersyds. Dit lei tot die geleidelike, dog onkeerbare onderwerping van die onbeskaafde aan die beskaafde, met die gevolg dat eersgenoemde toenemend kennis maak met dié denkbeelde en inligting wat noodsaaklik is vir selfhandhawing in 'n figuurlik kleinerwordende en dus meereisende wêreld en dat laasgenoemde 'n stewige staatkundige, ekonomiese en kulturele vastrapplek in Afrika kry en daar wortel skiet.

Tweedens was daar die langdurige (ongeveer eeu-lange) ontwerp, beproewing, verwerping, herbepanning en so meer deur die owerhede van 'n hanteringswyse van die Bantoe, wat eindelik uitloop op 'n stelsel van geografies-etniese selfbeskikking. In die proses om dit te bereik word die Bantoe, aanvanklik ongekoördineerd maar mettertyd op oorwoë en gekoördineerde wyse, gebring tot meerdere kennis en begrip van die gangbare eise van die moderne owerheids-gesagshantering sodat hy tans in die vermoë geag kan word kompetierend te wees

ten opsigte van gesagshanteringsvaardigheid en dus selfstandig volgens die moderne eise kan regeer.

Die waarneembare sisteem is dus onderwerping, proefneming, stelselmatige kennisvermeerdering en kultuuraanpassing, selfbeskikking en uiteindelijke herneming van onafhanklikheid. In die proses is en word breër etniese blokke, klaarblyklik met sukses, tot stand gebring; meer so as wat waarskynlik sou gebeur het in die afwesigheid van die stimuli van die Bantoestaatsreg. Die vreedsame totstandkoming van volkstate word dus in 'n etnies heterogene gebied in die hand gewerk.

Dit alles, so oor die lang historiese termyn beskou, lyk betreklik ideaal. Wanneer sake egter vanuit enige historiese punt gedurende die twee eeue oor die kort termyn bekyk word, is dit moeilik om 'n mens nie blind te staar teen die onregte, die bitterheid, die weldade, die groot- en kleinmoedigheid, die protes, die vertoë, die rassisme, die geloof en so meer wat dié betrokke korttermyn-periodes kenmerk nie. Die rasionaliteit en sisteem oor die lang termyn kan onmoontlik aan menslike bemoeïng toegeskryf word. Intendeel, terwyl geen menslike benadering, beleid of optrede met 'n verwysing daarna geregverdig of verdedig kan of wil word nie, versterk die waarneming van die ordelike historiese patroon oor die lang termyn die oortuiging dat die geskiedenis volmaak gerig en bestier word deur God, die Skepper en onderhouer van alles.

1.2. Die Konstitusionele Siste

Genoeg is in hoofstukke I en II gesê oor die vroeë stelsels van administrasie en selfbeskikking van en deur die Bantoe om hier slegs 'n enkele opmerking daaroor te maak: die betragting van dié stelsels bring die insig dat die negentiende eeu en die eerste helfte van die twintigste eeu as 'n leerperiode vir owerheid en Bantoe-onderdaan beskou kan word, terwyl die institusionele, geografiese en ekonomiese fundamente gelê is vir die koms, sedert die vyftigerjare, van die eintlike Bantoeestaatsreg as finaalvoorbereidende fase vir etnies-geografiese selfbeskikking.

Oor die steeds bestaande (en ook onlangs tot standgekome) konstitusionele sisteme wat behandel is, kan egter by wyse van globale opsomming meer gesê word aan die hand van die uiteensettings daarvan in hoofstukke III en IV. Die vier stadia wat beskou kan word as die staatsregtelike ontwikkelingsfases waardeur Bantoe-tuislande ingevolge die Bantoeestaatsreg moet gaan, is die gebiedsowerheidstadium, verantwoordelike regering, selfregering en onafhanklikwording.

Die gebiedsowerheidstadium verteenwoordig myns insiens die eerste kulminasiepunt van die neo-tradisionele owerheidstruktuur waarvoor die Wet op Bantoe-owerhede 68 van 1951 voorsiening maak, waardeur onmiskenbaar bevestig word dat die gebied waarvoor dit ingestel is 'n outonome Bantoe-tuisland word wat bestem is vir uiteindelijke staatwording. Kenmerkend van dié

stadium is dat dit enersyds die tradisionele patroon volg van nie-demokratiese owerheidsamestelling aan die hand van stamverwantskap en tradisionele stamleierskap, terwyl daar aan die ander kant owerheidsgesag daaraan verleen word wat bedoel is om aan die moderne behoeftes van owerheidsbestuur en -regering te voldoen. Dit is 'n merkwaardige metode van integrering van die oue met die nuwe. Die uitvoerende gesag van 'n gebiedsowerheid is na die voorbeeld van die Suid-Afrikaanse staatsreg met die wetgewende gesag verweef en kom daaruit voort, terwyl die mate van seggenskap wat 'n gebiedsowerheid oor regsprekende aangeleenthede het, negeerbaar klein is, aangesien die regspraak steeds grootliks by die Republiek se regsprekende instansies tuis gebring word.

Die verantwoordelike regeringstadium bring mee dat daar gladweg voortgegaan word op die patroon van die gebiedsowerheidstadium, maar met verhoogde status en vermeerderde kompetensies vir die owerheidsorgane. Terwyl die Grondwet van die Bantoetuislande 21 van 1971 dit moontlik maak vir die invoer van 'n demokratiese aanwysingsmetode van lede van die wetgewende vergaderings, is dit tot dusver telkens dienstig gevind om dié samestelling net soos vir die voorganger-gebiedsowerheid te reël. In die verantwoordelike regeringstadium word dus steeds swaar gesteun op die tradisionele owerheidspersone. Tog word met die verkryging van verantwoordelike regering heelwat nader beweeg aan 'n Westers-herkenbare regeringstelsel: die funksies en identiteit van die uitvoerende gesag word duideliker omlyn

deur die invoering van wesenlike elemente van 'n kabinetsregeringstelsel; die omvang en mate van outonomie van die wetgewende gesag word aansienlik vergroot en parlementêre prosedure en atmosfeer word tot 'n groter mate gestimuleer. Ook word die beheer oor en hantering van regsprekende gesag op lae vlak binne die gesagsfeer van die verantwoordelike regering geplaas. Kortom, die bereiking van die verantwoordelike regeringstadium plaas die Bantoetuisland staatsregtelik in 'n sterk mededingende posisie in die staat ten aansien van owerheidsgesagsuitoefening, maar dien steeds 'n voorbereidende doel vir verdere ontwikkeling.

Die stadium van selfregering, wat net die Ndebelegebied en KaNgwane nog nie bereik het nie, bring die tuislande onmiskenbaar op die drumpel van onafhanklikheid. Selfregering bring in die eerste plek die invoer van direkte demokratiese verkiesing van 'n minderheidsgedeelte van die wetgewende vergaderings; ook bring dit die erkenning van staatsimbole, soos 'n vlag en 'n volkslied mee; dit bring werklik uitgebreide wetgewende kompetensies in konkurrensie met die Parlement, volle kabinetsregering en (potensiële) beheer oor en hantering van die hoë regsprekende gesag. Die belangrikste staatsregtelike tema's waarop in die verskillende tuislande gevarieer word, is die verhouding tussen demokraties-verkose en tradisioneel- of ex officio-aangewese lede van die wetgewende vergadering en kabinet. Die basiese staatsregstelsel is egter steeds geskoei op die lees van Westminster, soos verwerk in die Suid-Afrikaanse staatsreg en aangepas by die besondere

eise van die Bantoestaatsreg.

Nieteenstaande die stelselmatige en onmiskenbare gesagsuitbreiding vanaf 'n toestand van staatsregtelik-geïntegreerde onderworpenheid, tot selfregering wat die Bantoe van die Bantoetuislande in die afgelope kwart eeu beleef het, was die onafhanklikwording van Transkei en Bophuthatswana groot stappe: tussen selfregering en onafhanklikheid was daar in albei gevalle 'n betreklike groot sprong wat gemaak moes word. Eerstens moes voorsiening gemaak word vir die reëling van owerheidsgesag vir die hantering van 'n betreklik wye spektrum van aangeleenthede wat nie tydens selfregering hanteer is nie, waaronder buitelandse sake en verdediging die mees ooglopende is. Dat sommige van hierdie aangeleenthede moeilik sinvol geplaas kan word in die hande van selfregerende gebiede wat steeds deel vorm van 'n ander staat, is voor-die-hand-liggend, maar die Grondwet van die Bantoetuislande 1971 bied ruimte daarvoor dat gesagsuitbreiding voor onafhanklikwording op groot skaal kan geskied, en dit is denkbaar dat ander tuislande voor onafhanklikwording veel omvattender outonomie kan bereik as wat die geval met Transkei en Bophuthatswana was. Tweedens moes dié twee tuislande die gapings vul wat onafhanklikwording in die geledere van hoë owerheidspersone gelaat het. In die twee gebiede is dit in sommige opsigte op wyses wat van mekaar verskil het, gedoen, deur die skepping van byvoorbeeld verskillende soorte staatshoofskappe en in ander opsigte is dit op 'n andersoortige wyse as in die Republiek van Suid-Afrika gedoen deur byvoorbeeld die funksies

van die Ministers van Justisie uitdruklik uit te brei sodat dit dié van die prokureurs-generaal insluit. Derdens het Transkei en Bophuthatswana die vryheid en verantwoordelikheid gehad om by onafhanklikwording 'n eie staatsregtelike bedeling vir hulleself teweeg te bring. Van dié geleentheid het Transkei nie juis gebruik gemaak nie deurdát heelwat van dieselfde denkeelde wat die Suid-Afrikaanse staatsreg teister, toegelaat is om daar voort te bestaan. Bophuthatswana het egter die geleentheid aangegryp en 'n totaal nuwe staatsregtelike bedeling geskep en betree, sonder egter om die Bantoestaatsreg wat by onafhanklikheid gegeld het daarmee oorboord te gooi. Hoewel alleen die toekoms dit sal kan leer, kom dit nou voor of die Bophuthatswana-stelsel, nieteenstaande die nuutheid en enkele swakhede daarvan, 'n beter stelsel vir die besondere doel is, wat 'n groter moontlikheid vir langdurige staatsregtelike stabiliteit bied as dié van Transkei.

'n Terloopse vraag wat ten slotte hier geopper kan word, is of die staatskap van Transkei en Bophuthatswana staatsregtelik betwyfel kan word. Die lastige kwelvrae uit volkeregtelike oogpunt oor staatskap¹⁾ daar gelaat, is daar myns insiens geen sinvolle staatsregtelike twyfel oor die staatskap van óf Transkei óf Bophuthatswana te opper nie. Hoewel oor hierdie onderwerp sekerlik breedvoerig geteoretiseer kan word, blyk die afwesigheid van twyfel uit die feit dat hierdie

1. Wat as inter-staatlike, contra staatlike regs-kwessie nie hier ter sake is nie omdat die staatsreg uitsluitlik by die staatlike reg tuis hoort.

twee republieke aan al die vereistes voldoen van al die verskeie betekeninge van die begrip "staat" waarna byvoorbeeld VerLoren van Themaat en Wiechers²⁾ verwys.

2. Toekomsprojeksie

Spekulasie oor die toekomstige verloop van sake op staatkundige terrein in Suid- en Suider-Afrika lê nouliks op die weg van die regswetenskap. Dit kan met graagte oorgelaat word aan die polities-georiënteerde staatswetenskappe.³⁾

Op grond van die behandelde inhoud van die Bantoe=staatsreg, wat juis op die oog het om voorsiening te maak vir toekomsontwikkeling, is dit egter wel sinvol om enkele versigtige projeksies te maak.

In die eerste plek is dit duidelik dat, indien

2. VerLoren van Themaat en Wiechers (1967) 4-6. Hoewel hierdie uiteensetting van VerLoren van Themaat en Wiechers kursories is en nie aanspraak maak op volledigheid nie, is dit m i verteenwoordigend genoeg om as relevante gesag te dien.

3. Twee kontrasterende voorbeelde van politieke betoë in hierdie verband is dié van Kruger (1951), wat die tot standbrenging van een aaneengeslote "Bantustan" wat van die Oos-Kaap tot by Swaziland strek, bepleit en dié van Marquard (1971) wat 'n federasie van state in Suider-Afrika as moontlikheid vir 'n vreedsame toekoms sien.

die Bantoestaatsreg sy volle ontwikkelingsverloop deurgaans, die oorblywende agt Bantoetuislande ook mettertyd onafhanklike state sal word. Of Suider-Afrika eindelijk 'n onafhanklike Blanke/Kleurling/Indiërstaat, die tien (voormalige) Bantoetuislande as onafhanklike republieke (of met een of meer monargieë daarby) en die onafhanklike Lesotho, Botswana en Swaziland sal bevat, lyk nie onwaarskynlik nie, maar dit lyk ook betreklik aanneemlik dat van die voormalige Suid-Afrikaanse Bantoetuislande met ander state kan federeer of op 'n ander wyse kan saamsmelt: so kom dit logies voor dat Qwaqwa met Lesotho kan integreer, dat Bophuthatswana en Botswana mekaar kan vind, dat KaNgwane en Swaziland kan saamsmelt en dan moet sekerlik ook in gedagte gehou word dat Gazankulu tot 'n meerdere en KwaZulu tot 'n mindere mate historiese verbintnisse met mense van Mosambiek het. Ook is daar sekerlik geen waarborg dat die grondslag van etnisiteit vir 'n onbepaalde tyd die deurslag op staatsregtelike gebied sal gee nie en kan ekonomiese, internasionale en vele ander faktore groter en vreemdsoortiger staatsregtelike affiliasies in Suider-Afrika in die hand werk as wat nou voorsien kan word.

Feit is egter dat die Bantoestaatsreg aan die verskeie Bantoevolksgroepe die geleentheid bied om staatsregtelike onafhanklikheid op 'n vreedsame, ewolusionêre wyse te bereik, wat aan hulle, ongeag ander faktore, die huidige en toekomstige geleentheid bied om tussen ander state oor hul staatkundige toekoms te beding.

Die Bantoestaatsreg as sodanig bied egter nie die antwoord op of 'n volledige raamwerk vir die oplossing van alle probleme in die toekoms nie. Tans kan die staatsregtelike posisie van die stedelike Bantoe qua stedelike Bantoe, benewens hul dikwels vae verbintenis met die Bantoetuislande, beskryf word as ondergeskik en word 'n sinvolle plaaslike owerheidstelsel vir die eerste keer nou vir hulle op die been gebring. Of die stelsel van gemeenskapsrade gaan ontwikkel in iets meer as 'n plaaslike owerheidstelsel, met of sonder ineenskakeling met die Bantoetuislande, is 'n vraag wat in die afwesigheid van konkrete aanduidings in die reg, hier alleen aan die orde gestel kan word.

Met al die bogenoemde toekomsmoontlikhede (wat beslis nie 'n numerus clausus is nie) in gedagte en weens die feit daarby dat die Republiek van Suid-Afrika self klaarblyklik ook op die drumpel van 'n nuwe staatsregtelike bedeling staan, kan een toekomsprojeksie wel met sekerheid gemaak word: die toekomstige studie van die staatsreg in Suider-Afrika sal 'n veel-eisende maar opwindende aktiwiteit wees.

BRONNELYS

1. Algemene Werke

Die wyse waarop die betrokke werk in die teks en voetnotas aangedui word, word alfabeties aangegee, en by elk word die volle verwysing dan geplaas indien die werk nie by die volle verwysing aangehaal word nie.

African National Congress (1928)

African National Congress The Powers of the Supreme Chief under the Native Administration Act, 1927 (Johannesburg 1928)

Agar-Hamilton (1928)

Agar-Hamilton JAI The Native Policy of the Voortrekkers (Kaapstad 1928)

Binns (1963)

Binns CT The Last Zulu King (Londen 1963)

Board (1962)

Board C The Border Region (Kaapstad 1962)

Booyesen, Wiechers en Van Wyk (1976)

Booyesen H, Wiechers M en Van Wyk DH Kommentaar op die Transkeise Ontwerpgrondwet en die Wetsontwerp op die Status van die Transkei (gepubliseer deur die VerLoren van Themaatsentrum vir Volkereg - Pretoria 1976)

Brand (1909)

Brand RH The Union of South Africa (Oxford 1909)

Breytenbach (1975)

Breytenbach WJ Tuislande: Selfregering en Politieke Partye (Pretoria 1975)

Brookes (1924) en Brookes (1927)

Brookes EH The History of Native Policy in South Africa (1e uitg Kaapstad 1924, 2e uitg Pretoria 1927)

- Brookes (1974)
 Brookes EH White Rule in South Africa 1830-1910 (Pietermaritzburg 1974)
- Brookes en Webb (1965)
 Brookes EH en Webb CdeB A History of Natal (Pietermaritzburg 1965)
- Brownlee (1923)
 Brownlee F The Transkeian Native Territories: Historical Records (Lovedale 1923)
- Bruwer (1963)
 Bruwer JP Die Bantoe van Suid-Afrika (hersiene uitg Johannesburg 1963)
- Bryden (1904)
 Bryden HA A History of South Africa (Edinburg 1904)
- Burchell en Hunt (1970)
 Burchell EM en Hunt PMA South African Criminal Law and Procedure Vol I (Kaapstad 1970)
- Carter, Karis en Stulz (1967)
 Carter GM, Karis T en Stulz NM South Africa's Transkei (Londen 1967)
- Coertze (1961)
 Coertze PJ Inleiding tot die Algemene Volkekunde (2e hers uitg Johannesburg 1961)
- Coertze (1971)
 Coertze RD Die Familie-, erf- en opvolgingsreg van die Bafokeng van Rustenburg (Sabra Pretoria 1971)
- David en Brierley (1968)
 David R en Brierley JEC Major Legal Systems of the World Today (Londen 1968)
- De Kiewiet (1937)
 De Kiewiet CW The Imperial Factor in South Africa (Cambridge 1937)
- Evans (1934)
 Evans IL Native Policy in South Africa (Cambridge 1934)

- Galbraith (1963)
Galbraith JS Reluctant Empire (Berkeley 1963)
- Gey van Pittius (1930)
Gey van Pittius EFW Nationality Within the British Commonwealth of Nations (Londen 1930)
- Gildenhuys (1976)
Gildenhuys A Onteieningsreg (Durban 1976)
- Hahlo en Kahn (1960)
Hahlo HR en Kahn E South Africa. The Development of its Laws and Constitution (Londen 1960)
- Hahlo en Kahn (1968)
Hahlo HR en Kahn E The South African Legal System and its Background (Kaapstad 1968)
- Hailey (1956)
Hailey Lord An African Survey (Londen 1956)
- Hammond-Tooke (1975)
Hammond-Tooke WD Command or Consensus: The Development of Transkeian Local Government (Kaapstad 1975)
- Hammond-Tooke (1974)
Hammond-Tooke WD (red) The Bantu-Speaking Peoples of Southern Africa (2e uitg Londen 1974)
- Hattersley (1950)
Hattersley AF The British Settlement of Natal (Cambridge 1950)
- Hiemstra (1977)
Hiemstra VG Suid-Afrikaanse Strafproses (Durban 2e uitg 1977)
- Hofmeyr (1933)
Hofmeyr S Die Boere-Republieke en die Volkereg (Utrecht 1933?)
- Hole (1932)
Hole HM The Passing of the Black Kings (Londen 1932)
- Hood Phillips (1967)
Phillips O Hood Constitutional and Administrative Law (4e uitg Londen 1967)

Hosten e a (1977)

Hosten WJ, Edwards AB, Nathan C en Bosman F Introduction to South African Law and Legal Theory (Durban 1977)

Hunt (1970)

Hunt PMA South African Criminal Law and Procedure Vol II (Kaapstad 1970)

Jennings (1957)

Jennings Sir Ivor en Young CM Constitutional Laws of the Commonwealth Vol I (3e uitg Oxford 1957)

Jones (1964)

Jones BM Land Tenure in South Africa - Past, Present and Future (Pietermaritzburg 1964)

Junod (1938)

Junod HP Bantu Heritage (Johannesburg 1938)

Keith (1938)

Keith AB The Dominions as Sovereign States (Londen 1938)

Kelsen (1960)

Kelsen H Reine Rechtslehre (2e uitg Wene 1960)

Kennedy en Schlosberg (1935)

Kennedy WPM en Schlosberg HJ The Law and Custom of the South African Constitution (Londen 1935)

Kenyon (1932)

Kenyon JT An Address on the General Administrative System of the Transkeian Territories (1932)

Krige (1936)

Krige EJ The Social System of the Zulus (Pietermaritzburg 1936)

EJ en JD Krige (1943)

Krige EJ en JD The Realm of a Rain Queen (Londen 1943)

Kruger (1951)

Kruger JDL Bantustan (Queenstown 1951)

Leyds (1906)

Leyds RvanWJ De Eerste Annexatie van Transvaal (Amsterdam 1906)

- Leyds (1914)
Leyds RvanWJ Het Insluiten van de Boeren Republieken
Deel II (Amsterdam 1914)
- Macmillan (1928)
Macmillan WM Bantu, Boer and Briton: the Making of the
South African Native Problem (Londen 1928)
- Macmillan (1930)
Macmillan WM Complex South Africa (Londen 1930)
- Macmillan (1936)
Macmillan WM The Cambridge History of the British Empire
Vol VIII (2e uitg Cambridge 1936 Walker EA red)
- Malan (1913)
Malan JH Boer en Barbaar (Bloemfontein 1913)
- Malan (1929)
Malan JH Die Opkoms van 'n Republiek (Bloemfontein 1929)
- Malan en Hattingh (1975)
Malan T en Hattingh PS Swart Tuislande in Suid-Afrika
(Afrika-Instituut van SA Pretoria 1975)
- Marks (1970)
Marks S Reluctant Rebellion (Oxford 1970)
- Marquard (1971)
Marquard L A Federation of Southern Africa (Londen 1971)
- Marwick (1940)
Marwick BA The Swazi (Cambridge 1940)
- Massie (1905)
Massie RH The Native Tribes of the Transvaal (Prepared for
the General Staff, War Office (van Brittanje)) (Londen 1905)
- Mathews (1971)
Mathews AS Law, Order and Liberty in South Africa (Kaapstad
1971)
- Maxwell (1969)
Langan PStJ Maxwell on the Interpretation of Statutes (12e
uitg Londen 1969)

- May (1955)
May HJ The South African Constitution (3e uitg Kaapstad 1955)
- Milton en Fuller (1971)
Milton JRL en Fuller NM South African Criminal Law and Procedure (Kaapstad 1971)
- Mönnig (1967)
Mönnig HO The Pedi (Pretoria 1967)
- Morrell (1969)
Morrell WP British Colonial Policy in the Mid-Victorian Age (Oxford 1969)
- Morris (1966)
Morris DR The Washing of the Spears (Londen 1966)
- Muller (1973)
Muller CFJ 500 Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis (5e druk Pretoria 1973)
- Muller (1924)
Muller EHW Address on the Administration of the Transkeian Territories (1924)
- Munnik
Munnik GG Kronieke van die Noordelike Transvaal (Pretoria ongedateer)
- Nathan (1919)
Nathan M The South African Commonwealth (Johannesburg 1919)
- Noble (1893)
Noble J Illustrated Official Handbook of the Cape and South Africa (Kaapstad 1893)
- O'Connell (1970)
O'Connell DP International Law (2e uitg Londen 1970)
- Omer-Cooper (1975)
Omer-Cooper JD The Zulu Aftermath (Londen 1975)
- Potgieter en Theunissen (1938)
Potgieter C en Theunissen NH Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter (Johannesburg 1938)

- Pritchett (1977)
Pritchett CH The American Constitution (3e uitg New York 1977)
- Rogers (1949)
Rogers H Native Administration in the Union of South Africa (2e uitg deur Linington PA Pretoria 1949)
- Sanders (1975)
Sanders PB Moshoeshoe Chief of the Sotho (Londen 1975)
- Schapera (1971)
Schapera I "The Tswana" in Ethnographic Survey of Africa - Southern Africa Part III (herdruk Londen 1971)
- Scheepers (1967)
Scheepers JN A Cartographic Analysis of the Man-Land Ratio (Pretoria 1967)
- Seymour (1970)
Seymour SM Bantu Law in South Africa (3e uitg Kaapstad 1970)
- Sorensen (1968)
Sorensen M (red) Manual of Public International Law (Londen 1968)
- Spies (1941)
Spies FJduT Hamelberg en die Oranje-Vrystaat (Amsterdam 1941)
- Steyn (1974)
Steyn LC Die Uitleg van Wette (4e uitg Kaapstad 1974)
- Sullivan (1928)
Sullivan JR The Native Policy of Sit Theophilus Shepstone (Johannesburg 1928)
- Talbot (1960)
Talbot AM en WJ Atlas van die Unie van Suid-Afrika (Pretoria 1960)
- Theal (1893)
Theal GMCC History of South Africa (1834-1854) (Londen 1893)
- Theal (1908)
Theal GMCC History of South Africa since September 1795
Vol 3 (Londen 1908)

- Theal (1897-1905)
Theal GMC Records of the Cape Colony Vol XII (Londen 1897-1905)
- Van Bilon (1947)
Van Bilon P Grensbakens tussen Blank en Swart in Suid-Afrika (Kaapstad 1947)
- Van der Vyver (1975)
Van der Vyver JD Die Beskerming van Menseregte in Suid-Afrika (Kaapstad 1975)
- Van der Vyver en Van Zyl (1972)
Van der Vyver JD en Van Zyl FJ Inleiding tot die Regswetenskap (Durban 1972)
- Van der Walt, Wiid en Geyer (1951)
Van der Walt AJA, Wiid JA en Geyer AL Geskiedenis van Suid-Afrika Deel II (Kaapstad 1951)
- Van Jaarsveld (1971)
Van Jaarsveld FA Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966 (Johannesburg 1971)
- Van Oordt (1898)
Van Oordt JF Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek (Amsterdam 1898)
- Herbstein en Van Winsen (1966)
Van Winsen LdeV, Thomas JD en Celliers AC Herbstein and Van Winsen. The Civil Practice of the Superior Courts in South Africa (2e uitg Kaapstad 1966)
- Venter (1960)
Venter ISJ Die Ruilkontrakte in 1833-34 Aangegaan tussen Mosjesj en die Wesleyane (Mededeling van die Universiteit van Suid-Afrika Pretoria 1960)
- Verdross (1964)
Verdross A Völkerrecht (5e uitg Wene 1964)
- VerLoren van Themaat en Wiechers (1967)
VerLoren van Themaat Staatsreg (2e uitg Durban 1967 deur Wiechers M)

- Verzijl (1972)
Verzijl JWH International Law in Historical Perspective
Deel V (Leyden 1972)
- Wade en Bradley (1970)
Wade ECS en Bradley AW Constitutional Law (voorheen Wade
en Phillips) (8e uitg Londen 1970)
- Walker (1922)
Walker EA Historical Atlas of South Africa (Kaapstad 1922)
- Walker (1963)
Walker EA The Cambridge History of the British Empire
Vol VIII (2e uitg Cambridge 1963)
- Walton (1912)
Walton Sir EH The Inner History of the National Convention
of South Africa (Kaapstad 1912)
- Welsh (1971)
Welsh D The Roots of Segregation - Native Policy in Colonial
Natal 1845-1910 (Kaapstad 1971)
- Whitfield (1929)
Whitfield GMB South African Native Law (Kaapstad 1929)
- Wiechers (1973)
Wiechers M Administratiefreg (Durban 1973)
- Wilson en Thompson (1970)
Wilson en Thompson (1971)
Wilson M en Thompson L (reds) The Oxford History of South
Africa Vol I (Oxford 1970) en Vol II (Oxford 1971)
- Ziervogel (1954)
Ziervogel D The Eastern Sotho (Pretoria 1954)

2. Tydskrifartikels

Annual Survey of South African Law 1959

Beinart (1952)

Beinart B "Sovereignty and the Law" 1952 THRHR 101

Bekker (1976)

Bekker JC "Oorsig van Bophuthatswanase Wetgewing: 1972-1975" 1976 De Jure 293

Bulletin van die Afrika-Instituut van Suid-Afrika (Pretoria September 1971) "Bantoetuislande Grondwetlike Vordering"

Dippenaar (1972)

Dippenaar M "Volksdeputate - Die Begin van Diplomatieke Betrekkinge met die Tuislande" 1972 Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede 1

Grobler (1919)

Grobler HJ "Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp" in Die Brandwag van 24 Des 1919

JFH (1963)

JFH "A Transkeian Citizen of South African Nationality" 1963 THRHR 44

Kahn (1963 (c))

Kahn E in Annual Survey of South African Law 12-4

Kahn (1963(b))

Kahn E in Annual Survey of South African Law 66-7

Kahn (1963(a))

Kahn E "Some Thoughts on the Competency of the Transkeian Legislative Assembly and the Sovereignty of the South African Parliament" 1963 SALJ 473

Mentz (1977)

Mentz JCN "Die Stelsel van Gemeenskapsrade" Des 1977 Woord en Daad 14-6

Myburg, Ziervogel en Van As (1966)

Myburg AC, Ziervogel D en Van As BS "'Bantoe' in die Wetgewing" 1966 THRHR 369-71

- Olivier (1976)
 Olivier WH "Burgerskap en Burgerregte in Blank Suid-Afrika" 1976 Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede 94
- Olivier (1976 W + D)
 Olivier WH "Burgerskap in die Transkei" Woord en Daad
 Nov 1976
- Olivier (1975(b))
 Olivier WH "Die Staatsregtelike Omvang van Tuislandburger=
 skap" 1975 Acta Juridica 273
- Olivier (1975(a))
 "Soewereiniteit vir die Xhosa van die Transkei" 1975 Tyd=
 skrif vir Rasse-Aangeleenthede 152
- Rautenbach (1977)
 Rautenbach IM "The Constitution of Transkei" 1977 TSAR 199
- Richings (1976)
 Richings FG "The Applicability of South African Legisla=
 tion in the Selfgoverning Bantu Territories" 1976 SALJ 119
- SAIRR (1972), SAIRR (1973) en SAIRR (1975)
 SA Institute of Race Relations A Survey of Race Relations
 in South Africa (Johannesburg 1972, 1973 en 1975 onderskei=
 delik)
- Schmidt (1962)
 Schmidt CWH "Section 114 of the Constitution and Sovereignty
 of Parliament" 1962 SALJ 315-21
- Strauss (1971)
 Strauss J "Die ontstaan van die Xhosaregerings in die
 Transkei en Ciskei en verwagte sosio-politieke ontwikkeling
 in die gebiede" 1971 Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede 11
- Van Wyk (1974)
 Van Wyk DH "Die posisie m b t wetgewing in die Bantoetuis=
 lande" 1974 THRHR 1
- Van Wyk (1975)
 Van Wyk DH "Owerheidsinstellings vir Nieblankes in die
 Suid-Afrikaanse Staatsreg" 1975 THRHR 1

- Van Wyk (1976)
 Van Wyk DH "S v Heavyside 1976 1 SA 584 (A)" 1976 THRHR
 172
- Venter (1975(a))
 Venter F "Bantoeburgerskap en Tuislandburgerskap" 1975
THRHR 239
- Venter (1977)
 Venter F "Die Afbakening van Staats- en Administratiefreg"
 1977 TSAR 237
- Venter (1972)
 Venter F "Die Staatspresident se Posisie in die Bantoe=
 staatsreg" 1972 THRHR 330
- Venter (1977)
 Venter F "Die Staatsregtelike Soewereiniteit van God"
 1977 TSAR 64
- Venter (1975(b))
 Venter F "S v Moagaesi 1974 1 SA 137 (NK) en S v Quma 1974
 3 SA 722 (OK)" 1975 THRHR 179
- Venter (1976)
 Venter F Nov 1976 Woord en Daad 4
- VerLoren van Themaat (1959/60)
 VerLoren van Themaat JP "Die Deelname van Verskillende
 Dele van die Bevolking van die Unie aan sy Staatsregtelike
 Instellings" 1959 en 1960 THRHR (in vier aflewerings)
- Vorster (1976)
 Vorster MP "The Transkeian Constitution: Manifestation
 of diffusion and rediffusion of constitutional technology
 or Westminster transplanted?" Okt 1976 Politikon Vol 3 No2
- Welsh (1968)
 Welsh D "The State President's Powers Under the Bantu Ad=
 ministration Act" 1968 Acta Juridica 81
- Wiechers (1967)
 Wiechers M "Die Legaliteitsbeginsel in die Administratief=
 reg" 1967 THRHR 309
- Woord en Daad (1977)
Woord en Daad Des 1977 8 "Onafhanklikheid vir Bophuthatswana"

3. Ongepubliseerde Proefskrifte en Verhandelings

Booyesen (1974)

Booyesen H Die Toepassing van Volkereg in die Suid-Afrikaanse Reg - 'n Staatsregtelike Onderzoek (LL D-proefskrif UPE 1974)

Dannhauser (1974)

Dannhauser JA Die Geografiese Grense van die Republiek van Suid-Afrika (D Phil-proefskrif UOVS 1974)

Fouchè (1965)

Fouchè Jac J Die Bevoegdihede van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika (LL D-proefskrif US 1965)

Grobler (1974)

Grobler GL Die Grondslag vir die Aanspreeklikheid van die Verkoper weens Gebreke in die Koopsaak (LL M-verhandeling PU vir CHO 1974)

Gunning (1966)

Gunning NR Die Britse Bantoe-Administrasie in Transvaal 1902-1906 (MA-verhandeling UP 1966)

Huysier (1936)

Huysier JD Die Naturelle-politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek (D Litt-proefskrif UP 1936)

Jeppe (1970)

Jeppe WJO Die Ontwikkeling van Bestuursinstellings in die Westelike Bantoegebiede (Tswana-tuisland) (D Phil-proefskrif US 1970)

Kok (1965)

Kok HJ Witziesshoek Ontwikkelingsmoontlikhede van 'n Bantoeservaat (M Sc-verhandeling UP 1965)

Lekhela (1955)

Lekhela SMcD An Historical Survey of Native Land Settlement in South Africa from 1902 to the Passing of the Natives' Trust and Land Act of 1936 (MA-verhandeling UNISA 1955)

Malan (1957)

Malan J Die Werkzaamhede van die Amptenare Belas met die Administrasie van Naturellesake in die Zuid-Afrikaansche Republiek tot 1877 (MA-verhandeling UP 1957)

- Maritz (1976)
 Maritz CJ Voogbestuur en Nasievorming by die Batswana van die RSA (D Phil-roefskrif PU vir CHO 1976)
- Rautenbach (1974)
 Rautenbach IM Die Reg op Bewegingsvryheid (LL D-proefskrif UNISA 1974)
- Schüler (1965)
 Schüler CMK Die BaRolong van Thaba 'Nchu, OVS (D Phil-proefskrif US 1965)
- Stals (1970)
 Stals WA Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in Transvaal 1838-1884 (MA-verhandeling UP 1970)
- Van Aswegen (1968)
 Van Aswegen HJ Die Verhouding tussen Blank en Nie-blank in die Oranje-Vrystaat 1854-1902 (D Phil-proefskrif UOVS 1968 - 2 bande)
- Van der Vyver (1973)
 Van der Vyver JD Die Juridiese Sin van die Leerstuk van Menseregte (LL D-proefskrif UP 1973)
- Van Tonder (1976)
 Van Tonder JJ Die Naturellekwessie in die Suid-Afrikaanse Politiek vanaf Unifikasie tot 1915, met besondere verwysing na Beleids- en Partydifferensiasie (DPhil-proefskrif PU vir CHO 1976)
- Van Zyl (1963)
 Van Zyl MC Die Uitbreiding van Britse Gesag oor die Natalse Noordgrensgebiede 1879-1897 (D Phil-proefskrif UP 1963)
- Vorster (1951)
 Vorster JA Die Engelse Administrasie van Transvaal gedurende die Eerste Anneksasie-periode 1877-1881 (MA-verhandeling UP 1951)

4. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis (Kaapstad - verskillende jaarlikse volumes)

Die geraadpleegde werke wat in hierdie reeks gepubliseer is, word ook alfabeties volgens die wyse waarop daarna in die teks en voetnotas verwys word, aangegee, met die volle titel van die werk, die jaartal en volume van die reeks by elkeen in hakies.

De Vaal (1953)

De Vaal JB Die Rol van Joao Albasini in die Geskiedenis van die Transvaal (1953 I)

Du Plessis (1955)

Du Plessis JS Die Ontstaan en Ontwikkeling van die Amp van Staatspresident in die Zuid-Afrikaansche Republiek (1858-1902) (1955 I)

Du Toit (1954)

Du Toit AE The Cape Frontier: A Study of Native Policy with Special Reference to the Years 1847-1866 (1954 I)

Garson (1957)

Garson NG The Swaziland Question and a Road to the Sea 1887-1895 (1957 II)

Grimsehl (1955)

Grimsehl HW Onluste in Modjadjiland 1890-1894 (1955 II)

Grobbelaar (1939)

Grobbelaar JJG Die Vrystaatse Republiek en die Basoethoe-vraagstuk (1939 II)

Krüger (1938)

Krüger DW Die Weg na die See (1938 I)

Lombaard (1952)

Lombaard PJ Die Stigting en Vroeë Geskiedenis van Queens-town (1853-1859) (1952 II)

Mouton (1957)

Mouton JA Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis (1957 I)

Potgieter (1958)

Potgieter FJ Die Vestiging van die Blanke in Transvaal 1837-1886 (1958 II)

Smith (1967)

Smith KW The Campaigns Against the Bapedi of Sekhukhune 1877-1879 (1967 II)

Van Rooyen (1951)

Van Rooyen TS Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882 (1951 I)

Van Zyl (1966)

Van Zyl MC Die Uithreiding van Britse Gesag oor die Natal=se Noordgrensgebiede 1879-1897 (1966 I)

Wichmann (1941)

Wichmann FAF Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860 (1941 II)

5. Gepubliseerde Argiefmateriaal

Bird (1965)

Bird J (red) Annals of Natal 1495-1845 (Kaapstad 1965)

Breytenbach (No 1) en Breytenbach (No 2)

Breytenbach JH in SA Argiefstukke - Transvaal (Kaapstad no's 1 en 2 onderskeidelik)

British Parliamentary Papers Vol ...

British Parliamentary Papers Irish University Press Series Colonies Africa (Shannon) Volumes 16, 33, 35, 36, 38 en 53.

Chase (1843)

Chase JC The Natal Papers (1843 - herdruk Kaapstad 1968) Deel II

Eybers (1918)

Eybers GW Select Constitutional Documents Illustrating South African History 1795-1910 (Londen 1918)

Krynauw en Pretorius (1949)

Krynauw DW en Pretorius HS Transvaalse Argiefstukke (Pretoria 1949)

Preller (1922)

Preller GS Voortrekkermense III (Kaapstad 1922)

Preller (1924)

Preller GS Voortrekker Wetgewing - Notule van die Natalse Volksraad 1839-1845 (Pretoria 1924)

Pretorius en Krüger (1937)

Pretorius HS en Krüger DW Voortrekker Argiefstukke 1829-1849 (Pretoria 1937)

SA Argiefstukke OVS Vol 2

SA Argiefstukke OVS Vol 3

Suid-Afrikaanse Argiefstukke - Oranje-Vrystaat Vol's 2 en 3 (Kaapstad)

SA Argiefstukke - Tvl

Suid-Afrikaanse Argiefstukke - Transvaal (Kaapstad)

6. Staatspublikasies

6.1. Transvaal Kolonie

Commissioner for Native Affairs (1904)

Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the Acquisition and Tenure of Land by Natives in the Transvaal (Pretoria 1904)

Short History (1905)

Transvaal Native Affairs Department Short History of the Native Tribes of the Transvaal (Pretoria 1905)

Transvaal Native Affairs Department Annual Report vir die jaar eindigende op 30 Junie 1906 (Pretoria 1906)

6.2. Oranje-Vrystaat (Republiek)

Volksraadsnotule (OVS) 1878

Notulen der Verrigtingen van den Hoog-Edelen Volksraad van den Oranjevrijstaat 1878 (Bloemfontein 1878)

6.3. Unie en Republiek van Suid-Afrika

Debatte van die Senaat (Hansard) 1976 vol 13

Debatte van die Volksraad (Hansard) Deel 101 (elsiesrivier 1959)

Debatte van die Volksraad (Hansard) 1976 Vol 19

Offisiële Jaarboek 1950, of 1952-53, of 1956-57 of 1960

Offisiële Jaarboek van die Unie en van Basoetoland, Bets=joeanaland-protectoraat en Swaziland (Pretoria 1950, 1953, 1957 en 1960 onderskeidelik)

Sosio-Ekonomiese Verslag

Verslag van die Kommissie vir die Sosio-Ekonomiese Ontwikkeling van die Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika (1954) (d i die sg "Tomlinson-kommissieverslag")

Stambestuur (1959/60)

Bantoe-owerhede en Stambestuur (1959-60) (brosjyre) deur die Inligtingsdiens van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling

Transkeian Territorial Authority Proceedings and Reports of Select Committees at the Session of 1961 (Umtata 1961)

UG 26 - '51

Verslag van die Kommissie van Onderzoek na Onluste in die Witzieshoek Naturelle Reserwaat (UG 26 - '51) (1951)

UG 33 - '13

UG 10 - '13

UG 7 - '19

Departement van Naturellesake - Jaarverslae 1912 (UG 33 - '13)
1913 (UG 10 - '13)
1913 - 1918 (UG 7 - '19)

7. Gewysdes

Bhendili v Attorney-General Transvaal 1961 3 SA 232 (T)

Blackburn v Attorney-General (1971) 2 ALLER 1380

Buthelezi v Minister of Bantu Administration and Development and Another 1961 SA 853 (A)

Calvin v Smith and Another (1608) 7 Co Rep 1a (Calvin's Case)

Campbell v Hall (1774) 1 Cowper 204

Durban Corporation and Another v R 1946 N 109

Harris and Others v Minister of the Interior and Another 1952 2 SA 428 (A)

Kahn v Time Incorporated and Another 1956 2 SA 580 (W)
Krause v CIR 1929 A 286
Mabitle v Secretary for the Interior 1968 1 SA 29 (K)
Marks v Sekretaris van Binnelandse Sake 1969 1 SA 138 (T)
Mcunu v Mcunu 1918 A 323
Minister of Posts and Telegraphs v Rasool 1934 A 167
Minister of the Interior and Another v Harris and Others 1952 4
SA 769 (A)
Moepi v Minister for Bantu Administration and Development 1965
1 SA 533 (T)
Mosii v Motseoakhumo 1954 3 SA 919 (A)
Ndlwana v Hofmeyr NO and Others 1937 A 229
New Modderfontein GM Co v Transvaal Provincial Administration
1919 A 367
Ntuli v Ntuli 1921 A 276
R v Mabi and Others 1935 T 408
R v Maharaj 1950 3 SA 187 (A)
R v Ndobe 1930 A 484
Rex v Nojawuse 1913 A 311
R v Vezi 1947 4 SA 551 (A)
Regering van die Republiek van Suid-Afrika v SANTAM Versekerings-
maatskappy Bpk 1964 1 SA 546 (W)
S v Beyleveld and Others 1964 1 SA 269 (T)
S v Dlanga 1968 1 SA 5 (OK)
S v Heavyside 1975 2 SA 106 (Tk)
S v Heavyside 1976 1 SA 584 (A)
S v Josiah Letlhake (H537/73 - 12 Des 1973 - ongepubliseer)
S v Memke, S v Mavuso and Another 1976 4 SA 817 (OK) 821
S v Moagaesi en 'n Ander 1974 1 SA 137 (NK)
S v Mohloba en Andere 1975 3 SA 66 (t)
S v Ndewanana 1966 3 SA 312 (OK)
S v Papu 1969 1 SA 259 (OK)
S v Piet Ngobeni en 'n Ander (H381/73 - 27 Aug 1973 - ongerapporteer)
S v Quma 1974 3 SA 722 (OK)
S v Sion 1975 2 SA 184 (NK)
S v Tuhadeleni and Others 1967 4 SA 511 (T) 1969 1 SA 153 (A)
S v Xesi 1969 1 SA 1 (OK)
S v Zitudeza 1970 2 SA 773 (OK)
Thompson v Kama, Stilwell v Kama 1917 A 209
Tsewu v Registrar of Deeds 1905 TS 130

8. Wetbundels

Jeppé en Gey van Pittius (1910 Vol II)

Jeppé en Gey van Pittius (1911 Vol III)

Jeppé C en Gey van Pittius JH Statute Law of the Transvaal 1839-1910 Vol II (Pretoria 1910)
Vol III (Pretoria 1911)

Lefebvre en Jackson (1907)

Lefebvre PL en Jackson BBL (red's) The Statute Law of the Orange River Colony 1901-1906 (Bloemfontein 1907)

Locale Wetten (1887)

Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1849-1885
(saamgestel deur Jeppé F en Kotzé JG Pretoria 1887)

Locale Wetten (1893)

Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek 1888-1889
(saamgestel deur Ameshoff Pretoria 1893)

Proclamations Issued in the Orange River Colony from the date of the Annexation to the Promulgation of the Constitution (1902)

Statutes of the Cape of Good Hope Vol ...

Tennant H en Jackson EM (red's) Statutes of the Cape of Good Hope Vol II (Kaapstad 1895)
Vol III (Kaapstad 1895)

The Statute Law of Griqualand West (Kaapstad 1882)

Wetboek van den Oranjevrijstaat 1891 (Bloemfontein 1892)

9. Wetgewing

Onder die gegewe opskrifte word die wetgewing chronologies aangegee.

9.1. Kaapkolonie voor 1910

9.1.1. Proklamasies

23 Des 1847 - Proklamasie van Sir Harry Smith

31 Jul 1850 - Proklamasie van Sir Harry Smith in Cape of Good Hope Government Gazette van 1 Aug 1850

5 Okt 1877 - Proklamasie van Sir Bartle Frere
Prokl 1 BB 1885 in Cape of Good Hope Government Gazette Extra-ordinary van 7 Okt 1885
Prokl 2 BB 1885 in die laasaangehaalde Kaapse Staatskoerant
Prokl 3 BB 1885 in die laasaangehaalde Kaapse Staatskoerant

9.1.2. Wette

Cape of Good Hope Constitution Ordinance 1852/3 (dd 3 Apr 1852)

Cape of Good Hope Punishment Act 1836

Wet 3 van 1865

Wet 12 van 1871

Wet 1 van 1872 The Constitution Ordinance Amendment Act

Wet 36 van 1879

Wet 40 van 1879

Wet 29 van 1881 Villages Management Act

Wet 7 van 1884

Wet 35 van 1884

Wet 37 van 1884 Native Locations Act

Wet 3 van 1885

Wet 14 van 1887 Parliamentary Voters Registration Act

Wet 9 van 1892 Franchise and Ballot Act

Wet 25 van 1894 Glen Grey Act

Wet 29 van 1897

Wet 29 van 1909 Mission Stations and Communal Reserves Act

9.2. Transkei voor 1910

9.2.1. Proklamasies

Prokl 110 van 1879 van 12 Aug 1879

Prokl 112 van 1879 van 1 Okt 1879

Prokl 215 van 1884

Prokl 140 van 1885

Prokl 174 van 1886

Prokl 201 van 1887

Prokl 53 van 1891

Prokl 339 van 1894

Prokl 352 van 1894 van 4 Okt 1894

Prokl 227 van 1898

Prokl 319 van 1898

Prokl 41 van 1902

Prokl 152 van 1903

Prokl 166 van 1903

Prokl 394 van 1903

Prokl 22 van 1904

Prokl 114 van 1904
Prokl 322 van 1906
Prokl 69 van 1907
Prokl 83 van 1909
Prokl 8 van 1910

9.2.2. Wette - Anneksasie van Transkeise Gebiede (Kaap)

Wet 38 van 1877 Transkeian Annexation Act
Wet 35 van 1884 Walfish Bay and St John's River Territories Annexation Act
Wet 3 van 1885 Tembuland Annexation Act
Wet 37 van 1886 Xesibe Country Annexation Act
Wet 45 van 1886 Rhode Valley Annexation Act
Wet 5 van 1894 Pondoland Annexation Act

9.3. Brits-Betsjoeanaland en Griekwaland-Wes

9.3.1. Proklamasies

Prokl 67 en 70 van Sir Henry Barkly
Prokl 1 - 3 BB 1885 van 7 Okt 1885 - vide supra 9.1.1.

9.3.2. Wette (Kaap)

Wet 39 van 1877 Grigualand West Annexation Act
Wet 42 van 1895 British Bechuanaland Annexation Act

9.4. Natal voor 1910

9.4.1. Ordonnansies

Ord 12 van 1845 (Kaap)
Ord 3 van 1849 (Natal)

9.4.2. Proklamasies

Prokl van 2 Des 1841 van Goewerneur Napier
Prokl van 12 Mei 1843 van Goewerneur Napier
Prokl 7 van 1903 van 27 Jan 1903

9.4.3. Ope Briewe, Koninklike Instruksies en Goewermentskennis=
gewings

Ope Brief van 31 Mei 1844
Ope Brief van 30 April 1845
Ope Brief van 2 Mrt 1847
Ope Brief van 15 Jul 1856 (Charter of Natal)
Ope Brief van 27 Apr 1864 (t o v die Natal Native Trust)
Government Notice No 194 van 1878 van 25 Jun 1878
Koninklike Instruksies aan die Natalse Goewerneur van 20 Jul 1893

9.4.4. Wette

- Wet 11 van 1864
Wet 11 van 1865
Wet 28 van 1865
Wet 26 van 1875 Natal Native Administration Law
Wet 21 van 1878
Wet 2 van 1882 Franchise Law
Wet 19 van 1891 (waarvan die bylae die Code of Natal Native Law
1891 bevat het)
Wet 14 van 1893 Constitution Act
Wet 13 van 1894
Wet 8 van 1896 To Amend the Law Relating to the Franchise
Wet 40 van 1896
Wet 8 van 1897
Wet 37 van 1903
Wet 49 van 1903 Natal Mission Reserves Act
Wet 1 van 1909 Native Administration Act 1908

9.5. Zoeloeland (voor 1910)

9.5.1. Goewermentskennisgewings

- Goewermentskennisgewing (Zoeloeland) 32 van 1888 van 9 Des 1888
Goewermentskennisgewing (Zoeloeland) 8 van 1890 van 15 Febr 1890
Koninklike Kommissie van 18 Mei 1895
Goewermentskennisgewing (Zoeloeland) 16 van 1895 van 11 Jun 1895
Goewermentskennisgewing (Zoeloeland) 17 van 1895 van 12 Jun 1895
Goewermentskennisgewing (Zoeloeland) 20 van 1895 van 15 Jul 1895

9.5.2. Proklamasies

- Prokl 33 van 1887 van 17 Mei 1887
Prokl II van 1887 (Zoeloeland) van 21 Jun 1887
Prokl IX van 1895 (Zoeloeland) van 27 Apr 1895
Prokl XII van 1895 (Zoeloeland) van 15 Jul 1895
Prokl 1 van 1896 (Amatongaland) van 17 Sept 1896
Prokl 10 van 1897 (Zoeloeland) van 22 Nov 1897
Prokl XIV van 1897 van 24 Des 1897

9.5.3. Wette

- Wet 37 van 1897 (Natal) Zululand Annexation Act
Wet 17 van 1898 (Natal) Consolidation of Laws (Zululand) Act
Wet 26 van 1898 (Natal) Supreme Court (Zululand) Act
Wet 1 van 1902 (Natal) The Northern Districts Annexation Act
Wet 37 van 1903 (Natal) Zululand Laws Act

9.6. Oranje-Vrystaat tot 1910

9.6.1. Ordonnansies

Ord 3 van 1866

Ord 5 van 1876

Ord 40 van 1884

Ord 6 van 1907 To Provide for the Management of Native Reserves

9.6.2. Proklamasies

Prokl van 12 Jul 1884 (Anneksasie van Morokawyk)

Prokl van 29 Jul 1884 (do)

Prokl van die Staatspresident van 3 Des 1897

Britse Anneksasieproklamasie 24 Mei 1900

Prokl 8 van 1902

Prokl 13 van 1902

9.6.3. Wette

10 Apr 1854 Constitutie van den Oranjevrijstaat

1867 Wet Over het Volk van Paulus Mopeli

Wet 9 van 1898 Over het Volk te Witzieshoek

10 Jun 1907 The Orange River Colony Constitution Letters Patent

9.7 Transvaal tot 1910

9.7.1. Goewermentskennisgewings en Instruksies

1858 Instructie voor Commandanten

1858 Instructie voor de Veldcornetten

4 Mrt 1907 Government Notice

9.7.2. Ordonnansies

Ord 3 van 1902

9.7.3. Proklamasies

Nov 1837 Anneksasieproklamasie van Hendrik Potgieter

29 Apr 1868 Grensproklamasie

Prokl 32 van 1901 van die Britse Administrateur

Prokl 34 van 1901 Declaring certain Laws, Volksraad Resolutions
etc to be no longer of any force or effect

Prokl 15 van 1902 To Interpret and Shorten the Language of
Proclamations, Laws etc in force in the Transvaal

9.7.4. Konvensies

1852 Sandrivierkonvensie

1881 Pretoria Konvensie

1884 Londen Konvensie

9.7.5. Wette

1844 Drie en Dertig Artikelen

1858 Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek

Wet 9 van 1870

Wet 1 van 1876

Wet 3 van 1876

Wet 11 van 1881

Wet 7 van 1882

Wet 2 van 1883

Wet 4 van 1885 Om Voorziening te maken voor het Beter Bestuur en betere Regtspleging onder de Naturellen Bevolking dezer Republiek

1889 Grondwet van de Zuid-Afrikaansche Republiek

Wet 3 van 1897

1906 Transvaal Constitution Letters Patent

Wet 29 van 1907 Native Administration Amendment Act

9.8. Britse Wette

26 en 27 Victoria C35

9 Edward VII (1909) Zuid-Afrika Wet

1870 Naturalization Act

1914 British Nationality and Status of Aliens Act

22 Geo V c 4 (1931) Statute of Westminster

1948 British Nationality Act

9.9. Bophuthatswana (Selfregerend)

6 van 1975 (Bophuthatswana) Wet op Veediefstal

1977 Ontwerp-Grondwet van die Republiek van Bophuthatswana in Bophuthatswana Amptelike Koerant Vol 6 no 35 van 14 Okt 1977

9.10. Transkei (Selfregerend en Onafhanklik)

9.10.1. Goewermentskennisgewing

Goewermentskennisgewing 101 in die Transkeise Amptelike Koerant no 46 van 26 Okt 1976

9.10.2. Wette

Wet 4 van 1965 Wet op Transkeise Owerhede

Wet 7 van 1966 Wysigingswet op Transkeise Owerhede

1976 Ontwerp-Grondwet van die Republiek Transkei in Transkei Amptelike Koerant "Special Gazette" no 1 van 23 Apr 1976

Wet 10 van 1976 Transkeise Wet op Korporasies

Wet 15 van 1976 Grondwet van die Republiek Transkei

Wet 21 van 1976 Powers and Privileges of Parliament Act
Wet 26 van 1976 Citizenship of Transkei Act
Wet 2 van 1977 Constitution Amendment Act

9.11. Unie en Republiek van Suid-Afrika (Gk = Goewermentskennis=
gewing Sk = Staatskoerant)

9.11.1. Goewermentskennisgewings

Goewermentskennisgevingen No 1 en No 8 van 31 Mei 1910 in Union
of South Africa Government Gazette Extraordinary van 7 Jun
1910

Gk 939 van 1953

Gk 1273 van 1953 in Sk 5082 van 19 Jun 1953

Gk 1274 van 1953 in Sk 5082 van 19 Jun 1953

Gk 1275 van 1953 in Sk 5082 van 19 Jun 1953

Gk 1178 van 1957

Gk 581 van 1959

Gk 223 van 1960

Gk R1862 van 1962

Gk 827 van 1963 in Sk 521 van 7 Jun 1963

Gk's 7 en 9 van 1965 in Buitengewone Sk 993 van 2 Jan 1965

Gk 8 van 1965 in Buitengewone Sk 993 van 2 Jan 1965

Gk 527 van 1965

Gk 218 van 1966

Gk R1786 van 1971 in Sk 3285 van 8 Okt 1971

Gk R1787 van 1971 in Sk 3286 van 8 Okt 1971

Gk R1788 van 1971 in Sk 3287 van 8 Okt 1971

Gk R1865 van 1971 in Sk 3292 van 15 Okt 1971

Gk R2273 van 1971 in Sk 3336 van 17 Des 1971

Gk R264 van 1972 in Sk 3396 van 25 Febr 1972

Gk R1024 van 1972 in Sk 3565 van 16 Jun 1972

Gk R853 van 1973 in Sk 3898 van 25 Mei 1973

Gk R854 van 1973 in Sk 3898 van 25 Mei 1973

Gk R855 van 1973 in Sk 3898 van 25 Mei 1973

Gk R856 van 1973 in Sk 3898 van 25 Mei 1973

Gk R1585 van 1974 in Sk 4377 van 6 Sept 1974

Gk R1849 van 1974 in Sk 4447 van 18 Okt 1974

Gk 802 van 1976 in Sk 5113 van 14 Mei 1976

Gk 1976 van 1 Okt 1976 in Sk 5320 van 22 Okt 1976

Gk R2021 van 1977 in Sk 5766 van 7 Okt 1977

Gk R2150 van 1977 in Sk 5779 van 21 Okt 1977

Gk R2151 van 1977 in Sk 5779 van 21 Okt 1977

Gk 2197 van 1977 in Sk 5790 van 28 Okt 1977

Gk R2250 van 1977 in Sk 5796 van 1 Nov 1977

Gk R2496 van 1977 in Sk 5823 van 6 Des 1977

9.11.2. Proklamasies

Prokl 95 van 1911
Prokl 169 van 1911
Prokl 310 van 1924
Prokl 166 van 1927
Prokl 279 van 1930 van 18 Nov 1930
Prokl 168 van 1932 in Sk 2063 van 23 Sept 1932
Prokl 191 van 1932 van 24 Okt 1932
Prokl 164 van 1940
Prokl 263 van 1943
Prokl 372 van 1947
Prokl 259 van 1950
Prokl 65 van 1953 in Sk 5039 van 27 Mrt 1953
Prokl 135 van 1953 in Sk 5082 van 19 Jun 1953
Prokl 136 van 1953 in Sk 5082 van 19 Jun 1953
Prokl 137 van 1953
Prokl 35 van 1954
Prokl 180 van 31 Aug 1956 Proklamasie op Transkeise Owerhede
Prokl 12 van 1959
Prokl 93 van 1959 in Sk 6212 van 1 Mei 1959
Prokl 94 van 1959
Prokl 200 van 1959
Prokl 20 van 1960
Prokl 28 van 1960
Prokl 49 van 1960
Prokl 188 van 1960
Prokl 12 van 1961
Prokl 22 van 1961
Prokl 118 van 1961
Prokl 174 van 1962
Prokl 8 van 1963
Prokl 144 van 1963
Prokl 346 van 1963
Prokl 1 van 1965 in Buitengewone Sk 993 van 2 Jan 1965
Prokl R93 van 1966
Prokl R195 van 1967 in Buitengewone Sk 1840 van 8 Sept 1967
Prokl R140 van 1968 in Buitengewone Sk 2091 van 12 Jun 1968
Prokl R141 van 1968 in Buitengewone Sk 2091 van 12 Jun 1968
Prokl R142 van 1968 in Buitengewone Sk 2092 van 12 Jun 1968
Prokl R143 van 1968 in Buitengewone Sk 2092 van 12 Jun 1968
Prokl R58 van 1969 in Sk 2377 van 28 Mrt 1969
Prokl R59 van 1969 in Sk 2327 van 28 Mrt 1969
Prokl R60 van 1969 in Sk 2327 van 28 Mrt 1969
Prokl R95 van 1969 in Buitengewone Sk 2362 van 25 Apr 1969
Prokl R96 van 1969 in Buitengewone Sk 2362 van 25 Apr 1969
Prokl R97 van 1969 in Buitengewone Sk 2362 van 25 Apr 1969

Prokl 114 van 1969 in Sk 2377 van 2 Mei 1969
Prokl 115 van 1969 in Sk 2377 van 2 Mei 1969
Prokl 116 van 1969 in Sk 2377 van 2 Mei 1969
Prokl R167 van 1969 in Staatskoerant 2440 van 20 Jun 1969
Prokl R168 van 1969 in Sk 2440 van 20 Jun 1969
Prokl R169 van 1969 in Sk 2440 van 20 Jun 1969
Prokl R138 van 1970 in Sk 2713 van 22 Mei 1970
Prokl R139 van 1970 in Sk 2713 van 22 Mei 1970
Prokl R140 van 1970 in Sk 2713 van 22 Mei 1970
Prokl R87 van 1971 in Sk 3083 van 30 Apr 1971
Prokl R118 van 1971 in Sk 3110 van 21 Mei 1971
Prokl R119 van 1971 in Sk 3110 van 21 Mei 1971
Prokl R148 van 1971 in Sk 3163 van 25 Jun 1971
Prokl R156 van 1971 in Sk 3177 van 30 Jun 1971
Prokl R225 van 1971 in Sk 3270 van 1 Okt 1971
Prokl 69 van 1972 in Sk 3436 van 30 Mrt 1972
Prokl R70 van 1972 in Sk 3436 van 30 Mrt 1972
Prokl R72 van 1972 in Sk 3436 van 30 Mrt 1972
Prokl R74 van 1972 van 30 Mrt 1972
Prokl R110 van 1972 in Sk 3484 van 5 Mei 1972
Prokl R130 van 1972 in Sk 3523 van 26 Mei 1972
Prokl R131 van 1972 in Sk 3523 van Mei 1972
Prokl R150 van 1972 in Sk 3567 van Jun 1972
Prokl R187 van 1972 in Sk 3622 van 28 Julie 1972
Prokl R194 van 1972 in Sk 3630 van 11 Aug 1972
Prokl R224 van 1972 in Sk 3666 van 29 Sept 1972
Prokl R225 van 1972 in Sk 3666 van 29 Sept 1972
Prokl R226 van 1972 in Sk 3666 van 29 Sept 1972
Prokl R259 van 1972 in Sk 3677 van Okt 1972
Prokl R286 van 1972 in Sk 3702 van 10 Nov 1972
Prokl R11 van 1973 in Sk 3769 van 26 Jan 1973
Prokl R12 van 1973 in Sk van 26 Jan 1973
Prokl R13 van 1973 in Sk 3769 van 26 Jan 1973
Prokl R14 van 1973 in Sk 3772 van 26 Jan 1973
Prokl R15 van 1973 in Sk 3772 van 26 Jan 1973
Prokl R16 van 1973 in Sk 3772 van 26 Jan 1973
Prokl R84 van 1973 in Sk 3826 van 30 Mrt 1973
Prokl R110 van 1973 in Sk 3875 van 27 Apr 1973
Prokl R149 van 1973 in Sk 3938 van 22 Jun 1973
Prokl R173 van 1973 in Sk 3981 van 20 Jul 1973

Proklamasie op

die Transkeise Hoërhof

Prokl R214 van 1973 in Sk 4027 van 21 Sept 1973
Prokl R252 van 1973 in Sk 4074 van Nov 1973
Prokl R32 van 1974 in Sk 4179 van 1 Mrt 1974
Prokl R38 van 1974 in Sk 4201 van 8 Mrt 1974
Prokl R81 van 1974 in Sk 4260 van 26 Apr 1974

Prokl 135 van 1974 in Sk 4337 van 19 Jul 1974
Prokl R203 van 1974 in Sk 4461 van 25 Okt 1974
Prokl R204 van 1974 in Sk 4461 van 25 Okt 1974
Prokl R24 van 1975 in Sk 4985 van 13 Febr 1976
Prokl R86 van 1975 in Sk 4653 van 11 Apr 1975
Prokl R95 van 1975 in Sk 4682 van 25 Apr 1975
Prokl R125 van 1975 in Sk 4725 van 30 Mei 1975
Prokl R152 van 1975 in Sk 4768 van 27 Jun 1975
Prokl R158 van 1975 in Sk 4776 van 4 Jul 1975
Prokl R162 van 1975 in Sk 4783 van 11 Jul 1975
Prokl R198 van 1975 in Sk 4829 van 29 Aug 1975
Prokl R199 van 1975 in Sk van 29 Aug 1975
Prokl R236 van 1975 in Sk 4868 van 9 Okt 1975
Prokl R245 van 1975 in Sk 4884 van 31 Okt 1975
Prokl R246 van 1975 in Sk 4884 van 31 Okt 1975
Prokl R264 van 1975 in Sk 4913 van 28 Nov 1975
Prokl 267 van 1975 in Sk 4913 van 28 Nov 1975
Prokl R287 van 1975 in Sk 4932 van 19 Des 1975
Prokl 35 van 1976 in Sk 5003 van 12 Mrt 1976
Prokl R49 van 1976 in Sk 5030 van 26 Mrt 1976
Prokl R50 van 1976 in Sk 5030 van 26 Mrt 1976
Prokl R70 van 1976 in Sk 5100 van 30 Apr 1976
Prokl R73 van 1976 in Sk 5108 van 7 Mei 1976
Prokl R116 van 1976 in Sk 5194 van 2 Jul 1976
Prokl R121 van 1976 in Sk 5209 van 9 Jul 1976
Prokl R131 van 1976 in Sk 5215 van 16 Jul 1976
Prokl R134 van 1976 in Sk 5231 van 23 Jul 1976
Prokl R151 van 1976 in Sk 5249 van 13 Aug 1976
Prokl R152 van 1976 in Sk 5249 van 13 Aug 1976
Prokl R175 van 1976 in Sk 5276 van Sept 1976
Prokl R213 van 1976 in Sk 5314 van 15 Okt 1976
Prokl R222 van 1976 in Sk 5317 van 22 Okt 1976
Prokl R229 van 1976 in Sk 5317 van Okt 1976
Prokl R11 van 1977 in Sk 5387 van 28 Jan 1977
Prokl R12 van 1977 in Sk 5387 van 28 Jan 1977
Prokl R13 van 1977 in Sk 5387 van 28 Jan 1977
Prokl R44 van 1977 in Sk 5453 van 18 Mrt 1977
Prokl R46 van 1977 in Sk 5472 van 25 Mrt 1977
Prokl R52 van 1977 in Sk 5486 van 1 Apr 1977
Prokl R59 van 1977 in Sk 5486 van 1 Apr 1977
Prokl R61 van 1977 in Sk 5486 van 1 Apr 1977
Prokl R65 van 1977 in Sk 5486 van 1 Apr 1977
Prokl R76 van 1977 in Sk 5518 van 27 Apr 1977
Prokl R81 van 1977 in Sk 5529 van 29 Apr 1977
Prokl R126 van 1977 in Sk 5607 van 24 Jun 1977
Prokl R129 van 1977 in Sk 5607 van 24 Jun 1977

Prokl R155 van 1977 in Sk 5680 van 22 Jul 1977
 Prokl R162 van 1977 in Sk 5699 van 5 Aug 1977
 Prokl R182 van 1977 in Sk 5721 van 26 Aug 1977
 Prokl R214 van 1977 in Sk 5742 van 16 Sept 1977
 Prokl F215 van 1977 in Sk 5742 van 16 Sept 1977
 Prokl R225 van 1977 in Sk 5746 van 23 Sept 1977
 Prokl R243 van 1977 in Sk 5753 van 30 Sept 1977
 Prokl R253 van 1977 in Sk 5766 van 7 Okt 1977
 Prokl R255 van 1977 in Sk 5766 van 7 Okt 1977
 Prokl R275 van 1977 in Sk 5779 van 21 Okt 1977
 Prokl R278 van 1977 in Sk 5790 van 28 Okt 1977
 Prokl R304 van 1977 in Sk 5790 van 28 Okt 1977
 Prokl R328 van 1977 in Sk 5811 van 25 Nov 1977
 Prokl R329 van 1977 in Sk 5813 van 25 Nov 1977
 Prokl R335 van 1977 in Sk 5811 van 25 Nov 1977
 Prokl R336 van 1977 in Sk 5816 van 25 Nov 1977
 Prokl R347 van 1977 in Sk 5820 van 2 Des 1977
 Prokl R348 van 1977 in Sk 5819 van 2 Des 1977
 Prokl R359 van 1977 in Sk 5835 van 23 Des 1977

9.11.3. Parlementêre Wette

Wet 5 van 1910 Interpretatiewet
 Wet 1 van 1912 Natal Native Trust and Native Administration
Amendment Act
 Wet 12 van 1912 Kroongrond Nederzettinge Wet
 Wet 13 van 1912 Zuid-Afrika Verdedigings Wet
 Wet 22 van 1913 Wet tot Regeling van de Toelating van Personen
tot de Unie
 Wet 27 van 1913 Die Naturellen Grond Wet
 Wet 14 van 1914 Wetten op Krankzinnigheid en Melaatsheid Wijzig=
ings Wet
 Wet 23 van 1920 Naturellezaken Wet
 Wet 13 van 1921 Wet tot Wijziging van de Magistraatshovenwet
 Wet 21 van 1923 Naturellen (Stadsgebieden) Wet
 Wet 7 van 1924 Naturellenhoofde (Transvaal en Brits Bechuana=
land) Rechtsmacht Wet
 Wet 28 van 1924 Maroka Wijk Grond Verlichtings Wet
 Wet 28 van 1925 Naturelle Gronden (Natal en Transvaal) Bevrij=
dings Wet
 Wet 41 van 1925 Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet
 Wet 18 van 1926 Wet op Britse Nasionaliteit in die Unie en
Naturalisasie en Status van Vreemdelinge
 Wet 27 van 1926 Naturellesake Wet 1920 Wysigingswet
 Wet 39 van 1926 Kriminele en Magistraatshoven Procedure (Wijzig=
ings Wet
 Wet 15 van 1927 Naturellesake Wet, 1920, Verdere Wysigings Wet

| | |
|-----------------|--|
| Wet 34 van 1927 | Wet op Verdere Vrystelling en Verkryging van Naturellegrond |
| Wet 38 van 1927 | Naturelle- (Bantoe-) Administrasie Wet |
| Wet 40 van 1927 | Unie Nasionaliteit en Vlae Wet |
| Wet 30 van 1928 | Drankwet |
| Wet 9 van 1929 | Bantoe-administrasie Wet 1927 Wysigingswet |
| Wet 36 van 1931 | Naturellegrond Reëlingswet |
| Wet 45 van 1934 | Wet tot Wysiging van die Suid-Afrika Wet |
| Wet 69 van 1934 | Wet op die Status van die Unie |
| Wet 27 van 1935 | Wet op Verdere Vrystelling en Verkryging van Naturellegrond |
| Wet 12 van 1936 | Naturelle-Verteenwoordigingswet |
| Wet 18 van 1936 | Naturelletrust en -grond Wet |
| Wet 1 van 1937 | Wet op Vreemdelinge |
| Wet 46 van 1937 | Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle |
| Wet 17 van 1939 | Wet tot Wysiging van die Naturelletrust en -grond Wet |
| Wet 17 van 1941 | Handelsmerkewet |
| Wet 32 van 1944 | Wet op Landdroshowe |
| Wet 25 van 1945 | Bantoes (Naturelle) (Stadsgebiede Konsolidasiewet |
| Wet 45 van 1947 | Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle |
| Wet 44 van 1949 | Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap |
| Wet 54 van 1949 | Algemene Regswysigingswet |
| Wet 56 van 1949 | Wet tot Wysiging van die Wette op Naturelle |
| Wet 30 van 1950 | Bevolkingsregistrasiewet |
| Wet 44 van 1950 | Wet op Binnelandse Veiligheid |
| Wet 68 van 1951 | Wet op Bantoe-owerhede |
| Wet 54 van 1952 | Wet tot Wysiging van die Naturellewette |
| Wet 64 van 1952 | Wet op Heffings vir Bantoesdienste |
| Wet 67 van 1952 | Bantoes (Afskaffing van Passe en Koördinering van Dokumente) Wet |
| Wet 13 van 1954 | Wet op die Afskaffing van die Naturellehoërhof |
| Wet 18 van 1954 | Wysigingswet op die Naturelletrust en -grond |
| Wet 34 van 1955 | Wet tot Reëling van Vertrek uit die Unie |
| Wet 56 van 1955 | Strafproseswet |
| Wet 9 van 1956 | Wet tot Wysiging van die Suid-Afrika Wet 1909 |
| Wet 17 van 1956 | Wet op Oproerige Byeenkomste |
| Wet 42 van 1956 | Wysigingswet op Naturelle-administrasie |
| Wet 73 van 1956 | Wysigingswet op Naturelletrust en -grond |
| Wet 20 van 1957 | Wet op Staatsaanspreeklikheid |
| Wet 33 van 1957 | Interpretasiewet |
| Wet 44 van 1957 | Verdedigingswet |
| Wet 79 van 1957 | Verdere Wysigingswet op Naturellewetgewing |
| Wet 41 van 1958 | Wysigingswet op Naturelletrust en -grond |
| Wet 1 van 1959 | Wet op die Korum van die Appèlhof |
| Wet 8 van 1959 | Wet op Gevangnisse |

| | |
|------------------|--|
| Wet 34 van 1959 | Wet op die Bantoebeleggingskorporasie |
| Wet 46 van 1959 | Wet op die Bevordering van Bantoe-selfbestuur |
| Wet 55 van 1959 | Wet op Bantoe= (Naturelle=)sake |
| Wet 57 van 1959 | Wet op Veediefstal |
| Wet 59 van 1959 | Wet op die Hooggeregshof |
| Wet 33 van 1960 | Kinderwet |
| Wet 32 van 1961 | Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika |
| Wet 39 van 1961 | Algemene Regswysigingswet |
| Wet 79 van 1961 | Wet op Stedelike Bantoerade |
| Wet 46 van 1962 | Wysigingswet op Naturelletwetgewing |
| Wet 63 van 1962 | Wet op Bantoebier |
| Wet 67 van 1962 | Wet op Uitlewering |
| Wet 9 van 1963 | Wysigingswet op die Grondwet |
| Wet 48 van 1963 | Die Transkeise Grondwet |
| Wet 51 van 1963 | Wet op die Beter Administrasie van AAngewese Gebiede |
| Wet 87 van 1963 | Wet op Territoriale Waters |
| Wet 91 van 1963 | Wet op die Bevoegdhe en Voorregte van die Parlement |
| Wet 42 van 1964 | Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 67 van 1964 | Wet op Bantoe-arbeid |
| Wet 86 van 1965 | Wet op Ontwikkelingskorporasies vir Bantoe-tuis-lande |
| Wet 96 van 1965 | Strafproseswysigingswet |
| Wet 4 van 1966 | Behuisingswet |
| Wet 39 van 1966 | Wet op Burgerlike Beskerming |
| Wet 63 van 1966 | Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 101 van 1967 | Wysigingswet op die Transkeise Grondwet |
| Wet 41 van 1967 | Wet op Onderwysdienste |
| Wet 36 van 1968 | Wysigingswet op die Transkeise Grondwet |
| Wet 39 van 1968 | Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika |
| Wet 46 van 1968 | Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoe-tuislande |
| Wet 56 van 1968 | Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 71 van 1968 | Wet op Gevaarlike Wapens |
| Wet 2 van 1969 | Wysigingswet op Transkeise Owerhede |
| Wet 22 van 1969 | Wet op Regshulp |
| Wet 19 van 1970 | Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 26 van 1970 | Wet op Burgerskap van Bantoe-tuislande |
| Wet 27 van 1970 | Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 49 van 1970 | Derde Wysigingswet op Bantoewetgewing |
| Wet 21 van 1971 | Grondwet van die Bantoe-tuislande |
| Wet 31 van 1971 | Wysigingswet op die Transkeise Grondwet |
| Wet 41 van 1971 | Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums |
| Wet 45 van 1971 | Wet op die Administrasie van Bantoesake |

- Wet 23 van 1972 Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 59 van 1972 Wet op die Reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek
- Wet 102 van 1972 Algemene Regswysigingswet
- Wet 7 van 1973 Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 62 van 1973 Algemene Regswysigingswet
- Wet 80 van 1973 Wysigingswet op die Misbruik van Aghanklikheidsvormende Stowe en Rehabilitasiesentrums
- Wet 42 van 1974 Wet op Publikasies
- Wet 70 van 1974 Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 71 van 1974 Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 9 van 1975 Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 61 van 1975 Wysigingswet op die Transkeise Grondwet
- Wet 66 van 1975 Skatkis- en Ouditwet
- Wet 3 van 1976 Wysigingswet op die Transkeise Grondwet
- Wet 4 van 1976 Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 62 van 1976 Wet op Appelle vanaf die Hooggeregshof van Transkei
- Wet 100 van 1976 Wet op die Status van die Transkei
- Wet 106 van 1976 Wet op Finansiële Reëlings met die Transkei
- Wet 115 van 1976 Tweede Wysigingswet op Prokureurs
- Wet 51 van 1977 Strafproseswet
- Wet 80 van 1977 Wysigingswet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande
- Wet 86 van 1977 Tweede Wysigingswet op die Hooggeregshof
- Wet 89 van 1977 Wet op die Status van Bophuthatswana
- Wet 93 van 1977 Wet op Finansiële Reëlings met Bophuthatswana
- Wet 98 van 1977 Wysigingswet op Territoriale Waters
- Wet 115 van 1977 Tweede Wysigingswet op Bantoewetgewing
- Wet 125 van 1977 Wet op Gemeenskapsrade